

**DIE IMPAK VAN
SOSIOPOLITIEKE VERANDERING
OP DIE PLEK
VAN VROUESKRYWERS
IN DIE
AFRIKAANSE LITERÊRE KANON**

MARIA JOHANNA HUMAN-NEL

**DIE IMPAK VAN
SOSIOPOLITIEKE VERANDERING
OP DIE PLEK
VAN VROUESKRYWERS
IN DIE
AFRIKAANSE LITERÊRE KANON**

deur

MARIA JOHANNA HUMAN-NEL

B.A.Ed., M.A.

Proefskrif voorgelê vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Departement Afrikaans en Nederlands, Frans en Duits

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof. H.P. van Coller

Medepromotor: Dr. A. van Jaarsveld

Bloemfontein
2009

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad PhD aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit of fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg in die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

.....

Maria Johanna Human-Nel

***Hiermee dra ek die studie op aan my ma, Anna,
en met herinnering aan Hoekplaas***

*Die korhaan skree luid in die bos,
honger en dors, sonder kos.
Die veld is kaal gestroop,
net klip en droë stomp waar jy loop.*

*Droogte, droogte, droogte skree die korhaan,
in sy vlug – op soek – soos hy gaan.
'n Wolkie verskyn aan die hemelruim,
'n tweede, 'n derde ... ag, hul verdwyn!*

*Dier word deur die westewind verwaai,
almal is honger, honderde reeds afgemaai!
Ag, Heer, gee uitkoms, gee reën,
ons smeek om vergifnis, genade en seën!*

*Daar kom 'n wolkie uit die see,
dit vermeerder, twee, twee, twee.
Wolke gooi skadu oor dorre aarde ...
aarde sonder kos, sonder waarde.*

*'n Weerligstraal deurklief die lug,
die gerammel van donder rol verder terug.
Plof, plof plons druppels in stof,
wolke het meteens ontplof!*

*Op kale vlaktes word water meer en meer,
aan strome is daar nou geen keer.
Leegtes vloei saam in die pan,
weldra blink water in elke leë dam.*

*Dankie, dankie, o Heer,
andermaal kom kniel ons weer neer.
Niemand, nie eens een het in droogte vergaan,
oë blink van 'n dankbare traan.
Net U kan nood verlig,
wat geen vuurpyl nog ooit kon verrig!*

DANKBETUIGING

Ek betuig graag my opregte dank en waardering aan die volgende persone wat my tydens die studietydperk bygestaan het:

- Prof. Hennie van Coller, my promotor, vir sy professionele leiding, begrip en geduld
- Dr. Anthea van Jaarsveld, medepromotor, vir haar bydrae tot hierdie studie
- Me. Ida Meiring vir vriendelike administratiewe hulp verleen
- Me. Alte Kuhn vir haar onvermoeide hulp met die naspour van bronne
- Me. Emmerentia Steyn vir die taalkundige en tegniese versorging van die proefskrif
- Baie dankie aan my man, Johan, en my dogters, Anna-Retha en Anna-Mi, vir hulle hulp, geduld en liefde
- 'n Besondere woord van dank aan my pa, Jan, vir sy morele ondersteuning

INHOUD

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Navorsingsfokus en probleemstelling	1
1.2 Die motivering van die navorsing.....	3
1.3 Teoretiese uitgangspunte	5
1.4 Voorafstudie	9
1.5 Metodologie en benadering	11
1.6 Die belangrikheid van die studie	14

HOOFSTUK 2

LITERATUUR EN SAMELEWING

'n Teoretiese analise

2.1 Literêre kultuur.....	17
2.2 Literatuursosiologie	23
2.3 Resepsie-ondersoek.....	38
2.4 Empiriese ondersoek.....	46
2.5 Sosiale sisteemteorie.....	53
2.6 Literêre veldteorie.....	58

HOOFSTUK 3

IN- EN UITSLUITING VAN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE KANON

'n Konseptuele analise

3.1 Sistemiese verandering	65
3.2 Kanonisering.....	73
3.3 Periodisering.....	80
3.4 Literêre prestige.....	89
3.5 Marginalisering	97
3.6 Stereotipering	102

HOOFSTUK 4

SISTEMIESE INTERAKSIE TUSSEN MANLIKE EN VROULIKE SOSIALE GROEPERINGS AS DEELSISTEME BINNE DIE AFRIKAANSE LITERATUURSISTEEM

'n Historiese oorsig

4.1 Die koloniale tydperk	119
4.2 Die tydperk van dekolonisasie	130
4.3 Patriotisme.....	138
4.4 Nasionalisme	161
4.5 Vernuwings.....	191
4.6 Verandering.....	218
4.7 Demokrasiesering	235
4.8 Bevryding.....	253
4.9 Postkolonialisme.....	271

HOOFSTUK 5

LITERÊRE PRESTIGE – DIE GEVAL ELEANOR BAKER

'n Kontekstuele analise

5.1 Biografiese notas oor Eleanor Baker	289
5.2 Aspekte rakende die marginalisering van die skrywer.....	292
5.3 'n Resepsiegeskiedenis van die skrywer	297
5.4 Uitbeelding uit die perspektief van 'n vrou	314
5.5 “Angels can fly because they take themselves lightly”	333

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

6.1 Opsomming	343
6.2 Gevolgtrekking	349
6.3 Uitkoms	354

BIBLIOGRAFIE.....	361
--------------------------	------------

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 NAVORSINGSFOKUS EN PROBLEEMSTELLING

“In die loop van honderd jaar se geskiedenis het die Afrikaanse wêreld onherkenbaar verander; ook die Afrikaanse mens (...).”
(Grové, 1978:3)

Die grootste bestaanskrisis van die Afrikaanse mens vandag is waarskynlik die marginalisering van Afrikaans as nawerking van sosiologiese verandering wat deur die proses van demokratisering teweeggebring is. Enige ingrypende politieke proses, soos die demokratisering in Suid-Afrika na 1994, veronderstel paradigma-verskuiwings binne die sosiopolitieke bestel. Die politieke en ekonomiese transformasie wat hieruit voortvloei, gee aanleiding tot nuwe sosiologiese dimensies van mag.

Ongeveer vyftien jaar gelede is demokratisering ook binne die literêre kringe van Afrikaans as dié kernkwessie beskou. Die siening dat dit wat as die Afrikaanse literêre kanon beskou word, “nie die gevolg is van waardeevrye idees nie, maar ingebed is in ons sosiale lewe” (Coetzee, 1988:68), word in hierdie studie as uitgangspunt geneem.

Alhoewel daar reeds beskuldiging teen die resepsie-estetika as formalistiese benaderingswyse ingebring is, bewerkstellig die resepsie-estetika as literatuurteorie die verbinding tussen literatuur en die samelewing. Dit is veral met behulp van die empiriese literatuurwetenskap as moderne resepsie-onderzoek dat dit moontlik is om betekenisstoekenning enersyds as deel van ’n veranderende sosiaal-historiese konteks en andersyds as deel van die individuele leesproses te bestudeer. Deur resepsie word die leser aktief deel van die kommunikatiewe proses en word sy of haar waardebevestiging ook ’n aanduiding van die wedersydse beïnvloeding wat daar tussen literatuur en die samelewing bestaan.

Literatuur word sodoende ’n “subjektiewe en ideologiese verteenwoordiger van ’n sosiale toestand of historiese moment” (Willemsse, 1999:8). Literatuur is aan tyd en plek gebonde en daarom as sosiale verskynsel histories bepaald. Daar word besef dat literatuur veel ingewikkelder is as die blote navolging van sosiologiese prosesse, maar binne ’n demokratiese bestel waar die geskiedenis van die alledaagse of dié van die gewone mensemasse vir hulself ’n plek op alle vlakke van die maatskappy of

samelewing opeis, kan die bestaan van literatuursosiologie tans nie meer ontken word nie.

Daar bestaan verskeie standpunte en teorieë oor die relasie tussen literatuur en die mate waarin literatuur die lewe weerspieël, of 'n nabootsing van sosiale werklikhede is. Literatuur se sosiokulturele en sosiopolitieke verbintenis met die samelewing waarvan dit 'n produk is, plaas dit nie net in direkte verbinding met 'n sosiologiese bestel nie, maar ook met die geskiedenis daarvan.

“Literatuur en geskiedenis het nie net 'n ingewikkelde en ineen-gestregelde verhouding nie – literatuur is ook geskiedenis.”
(Coetzee, 1992:177)

As deel van 'n resepsie-ondersoek, word daar egter ook veronderstel dat die Afrikaanse literatuur soos dit tans daar uitsien, 'n sosiokulturele of sosiopolitieke produk van verandering is wat teweeggebring word deur prosesse soos kolonialisme, nasionalisme en demokratisering. Sosiopolitieke verandering kan hivolgens dus regstreeks aanleiding gee tot veranderinge rondom benaderings ten opsigte van waardebeoordeling binne die Afrikaanse literatuursisteem.

“Die verhouding tussen literatuur en werklikheid is 'n belangrike topos in die literatuurwetenskap. Dit staan nie alleen sentraal in die diskussie rondom die ontologiese status van die literêre werk nie, maar speel ook 'n belangrike rol in die markering van (opponerende) literêre sisteme.”
(Van Coller, 1992:342)

Die toekenning van waarde aan prosatekste vorm deel van 'n historiese proses waarin voortdurende aanpassings in die sosiale verhoudings tussen die skrywer as produsent, die geskrewe teks, die uitgewer en verspreider, en die leser as ontvanger, resipiënt of verbruiker, gemaak word. Die “aantal tekste in enige literêre tradisie wat tot letterkunde – die kanon – verklaar is”, kan dus nooit die geheel verteenwoordig nie en kan trouens van tyd tot tyd verskil, “na gelang van verskuiwings in literêre mag en smaak” (Willemsse, 1999:3).

Vir 'n groot deel van die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde is die Afrikaanse literêre kanon beskou as 'n wit/blanke manlike magkonstruksie. Binne die Afrikaanse literatuursisteem was daar dus die marginalisering van sekere sosiale groeperinge – mense van kleur, maar ook die vroulike geslag. Vir die doeleindes van dié studie sal daar veral op vroueskrywers as gemarginaliseerde sosiale groepering gefokus word.

Die uitsluiting van tekste ten opsigte van die literêre kanon het waarskynlik voorgekom deurdat skrywers as skeppers van sodanige tekste literêre prestige ontnem is as gevolg van marginalisering. So 'n proses het kritieke gevolge vir die voortbestaan van tekste – in hierdie spesifieke geval vir Afrikaanse prosatekste. In die onderhawige studie sal die volgende hipotetiese veronderstelling dus as uitgangspunt geneem word:

Die miskennis van skrywers hou ernstige gevolge vir die voortbestaan van Afrikaanse prosatekste in.

1.2 DIE MOTIVERING VAN DIE NAVORSING

Hall (in Bennett, 1986:238) vra:

“Why is it that the text, the many texts, the many signifying practices which are present in any social formation have yielded, as the administrated curriculum of literary studies, these ten books on top; then these twenty books with a question mark above them; then those fifty books which we know about but which we only need to read very quickly; and then those hundred and thousands of texts nobody ever reads? That hierarchy itself, which constitutes the selective tradition in literary studies, becomes the first object to be interrogated.”

Die miskennis van sekere skrywers op 'n bepaalde stadium in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis (die ontneming van literêre prestige) of die moontlikheid dat sommige tekste as gevolg van die marginalisering van die skrywer as skepper daarvan nie gekanoniseer was nie, kon veroorsaak het dat vele prosatekste wat in Afrikaans verskyn het, net weer verdwyn het. Die kanon se “verhouding tot sosiale beheer en mag tot kulturele produksie en reproduksie” (Willemsse, 1998:3) sou regstreeks in verband gebring kon word met die in- of uitsluiting van sekere prosatekste/skrywers van wat op 'n sekere tydstip as die literêre kanon beskou is.

Skrywers se prestige, en dan noodwendige in- of uitsluiting by die kanon, is afhanklik van hoe hulle (hy of sy) deur belangrike rolspelers in die literêre veld geag word. Daar bestaan 'n subjektiewe spel van verhoudinge tussen instansies en agente binne die literêre veld waarteenoor skrywers nie onverskillig kan staan nie. Die lotgeval van 'n skrywer word in 'n groot mate bepaal deur sy of haar strategiese posisionering ten opsigte van die meganismes wat op 'n bepaalde tydperk by die samestelling van die literêre kanon aan die werk is.

Van Niekerk (1999) dui aan dat “vroue 'n groot bydrae tot die ontwikkeling en groei van die Afrikaanse letterkunde deur die dekades heen gelewer het en vandag selfs meer produktief as mans is. Wat egter opval, is dat baie van hierdie

vroueskrywers nie in die verlede hul regmatige verteenwoordiging in literatuurgeskiedenis toegestaan is nie”. Verder wil dit voorkom of “die vroueskrywers van formaat (...) uit die literêre geheue” verdwyn “omdat hulle werk nie genoeg voorgeskryf word nie”, maar ook omdat hulle “nie prominent figureer in literêre studies nie” (Van Niekerk, 1999:435).

Gedurende die tagtigerjare het daar skynbaar “tesame met ’n groter politieke bewussyn (...) ook ’n geslagspolitiek” (Van Niekerk, 1999:308) binne die Afrikaanse literatuursisteem ontwikkel. Hierdie geslagspolitiek, veral vanuit die geledere van die vroulike geslag, was egter eie aan ’n postmodernistiese tendens, waar die verskuiwing van grense vooropgestel was. Grense soos daargestel deur die patriargie as “ideologiese veronderstellings” (Van Coller, 1998:vii) wat ook binne die literêre veld bestaan het, is oorskry deurdat “die soort tegnologiese en sosiopolitieke omstandighede waaronder ’n postmodernistiese kultuur posvat” (Roos, 1998:98) gedurende dieselfde tydperk deel van die Suid-Afrikaanse samelewing geword het.

“Eie aan die postmodernistiese kultuur is die omverwerping van hiërargie en konvensie, en hierdie verskynsel kry opmerklik vorm in die tekste wat die afgelope jare deur en oor vroue geskryf word.”
(Roos, 1998:101)

’n Skrywer soos Eleanor Baker wat vanuit ’n vroulike perspektief met ’n gepaardgaande tematiek van afgeslotenheid binne die sleur van ’n benouende huislike kring – die alledaagse bestaan van die vrou – geskryf het, het wel aandag getrek, maar is miskien deurdat haar tekste nóg as populêre nóg as literêre tekste in resensies as resepsieprodukte geklassifiseer is. Sy is ’n tipiese geval of selfs slagoffer van elitisme en snobisme ten opsigte van literêre status, wat self ’n byklank in die kanoniseringsproses kan raak.

Baker toon ’n besondere vermoë om metafiksionele tekste te skryf. Sy belig op vernuftige wyse die verskillende verhoudings tussen die prosaïese werklikheid en die ideaalwêreld van die populêre roman; die humoristiese inslag en sterk populêre trekke in haar romans onder die naam Eleanor Baker lei tot langdurige misverstande met resensente waarin toeganklikheid aan triviaalliteratuur gelyk gestel word. Dat dit wat sy geskep het, volgens resensente eintlik geen “horisonverandering” (kyk Jauss, 1967:5) by lesers vereis nie, maar aan die leser se verwagting voldoen, is deur Baker as degraderend ervaar. Sy was deeglik bewus van die literêre veld van die tyd, maar ook dat “skrywers wat beskou word as ‘legitiem’ en gekanoniseer is, heel

waarskynlik 'n akademiese studie voltooi het, lede is van skrywersgroepe/organisaties, nie in dialek skryf nie, dikwels dien in literêre publikasies, sitting het in panele wat literêre pryse toeken, by bepaalde uitgewers publiseer en dat hulle werk in bepaalde publikasies bespreek word” (Van Coller, 2003:1).

In 'n onderhoud met Scholtz (1999:26) stel Baker die volgende standpunt:

“Ek het nog nooit literêre modes gevolg nie; ek skryf wat ek wil, hoe ek wil en wanneer ek wil.”

Miskenning of selfs die ontneming van literêre prestige het haar waarskynlik geplaas by die “kampvegters teen die esoteriese elitisme in die Afrikaanse letterkunde” (Johl, 1978:7). In hierdie ondersoek word daar gekyk na die wyse waarop sodanige “elitisme” in die literêre kanon uitdrukking vind; die wyse waarop die elitistiese konsepte die reaksie van die leser kan beïnvloed, asook die wyse waarop 'n meer demokratiese keuse van tekste verdere konseptualisering tot gevolg kan hê. Hierdie studie het ook ten doel om die meer toeganklike tekste, soos dié van Eleanor Baker, hul regmatige plek binne die huidige literêre sisteem te gee.

Alhoewel 'n magdom prosatekste deur vroue veral sedert die einde van die neëntiende eeu verskyn het, wil dit voorkom of dié wat as gemarginaliseerd beskou kan word, nie by die standaardisering van die dominante groep in die hiërargie/kanon ingepas het nie. Sodanige tekste is dus nie afgewys omdat dit noodwendig sleg is nie, maar eerder omdat dit “ander waarde-opvattinge” as dié van die agente/hekwagters van die tyd bevat het (kyk Willemse, 1999:12).

1.3 TEORETIESE UITGANGSPUNTE

Die invloed van die Afrikaanse literêre kanon op die ontstaan, bestaan maar veral voortbestaan van die Afrikaanse boek as entiteit en sisteem – die prosateks – word die brandpunt van die ondersoek. Wanneer 'n storie in boekvorm verskyn, vra dit om gelees te word. Deur so betrokke te raak as leser van 'n teks, betree die mens, dikwels onbewustelik, die literatuurkritiek en dus ook die literatuurwetenskap – waar eersgenoemde subjektief en hermeneuties is, terwyl laasgenoemde objektief en beskrywend is.

Die noue verhouding wat daar tussen literatuur en die samelewing bestaan, kom gedurende betekenistoekenning na vore. Vanuit 'n marxisties gefundeerde uitgangspunt, word aangedui hoe literatuur 'n bepaalde visie op die samelewing weerspieël. Literatuurwetenskaplike teorieë wat hieruit voortspruit, sluit aan by dié

van Bachtin (1981), Barthes (1989), Foucault (1980), Ingarden (1960), Iser (1978), Jakobson (1960), Jauss (1970), Lotman (1976), Lukács (1951), Mukarovsky (1934) en Tynjanov (1928). Die teorieë wat geformuleer is, bied antwoorde op vrae rakende literatuur as kulturele verskynsel en die funksionele aard daarvan.

Aan die einde van die twintigste eeu en met die oorgang na 'n nuwe millennium word dit duidelik dat, ook as deel van die Afrikaanse literatuursisteem “die teorieë van sisteemteoretici soos Schmidt, Even-Zohar en die sosioloog Bourdieu, maar ook teorieë op die gebied van feminisme, postkolonialisme en literêre historisme, neerslag vind” in die wyse waarop literatuur benader word. Van Coller (2006:x) dui aan dat “(s)tewige teksanalise ... steeds sentraal” staan, maar dat sodanige benadering vandag “aangevul” word “met die beskrywing van die wyse waarop tekste tot stand kom, binne 'n literêre veld sirkuleer en 'n rol speel in die mededinging van persone en instansies binne so 'n literêre veld” (kyk Van Coller, 2006:x).

Deur gebruikmaking van die teorieë van onder andere Bourdieu (1983), De Geest (1996), Even-Zohar (1979), Luhmann (1973), Piaget (1969), Schmidt (1996) en Van Gorp (1985) sal literêre verskynsels deur middel van 'n funksionalistiese, sistemiese en diskursiewe benadering ondersoek word. Sosiale groepsvorming en sistemiese interaksie speel vandag 'n kardinale rol wanneer die epiteton “literêr” binne 'n literatuursisteem gebruik word.

Jakobson (1964) het reeds alreeds gedurende die sestigerjare met die kommunikasie-/kommunikatiewe model aangedui dat daar 'n spesifieke verhouding tussen die skrywer as sender, die teks as boodskap en die leser as geadresseerde bestaan. As deel van die resepsie-estetika word daar hoë eise aan die leser as ontvanger, maar ook as medeprodusent van die literêre teks, gestel. As sosiale wese sal die leser se waardebeplating op grond van die literariteit van die teks altyd sy aktuele, sosiopolitieke betrokkenheid insluit. Betekenisgewing aan en waardebeplating van tekste word nie net sterk ideologies beïnvloed nie, maar berus ook op die siening dat literatuur as sosiale instelling homself deur verskillende sistematiese prosesse probeer handhaaf.

Op grond van Piaget (1969) se idee van die sisteem as totaliteit word dit moontlik dat literatuur as 'n relatief oop sisteem kan funksioneer. Tekseienskappe alleen is nie bepalend vir die literariteit van die geskrewe teks nie; ook “sosiale prosesse van groepsvorming”, wat die “aktiwiteite van verskillende

evalueringsinstansies of sg. *Gatekeepers*” veronderstel, bepaal of ’n teks tot die “elitêre instelling van die literatuur gaan behoort” of nie (Viljoen, 1992:114).

“The ‘institution’ consists of the aggregate of factors involved with the maintenance of literature as a socio-cultural activity. It is the institution which governs the norms prevailing in this activity, sanctioning some and rejecting others. Empowered by, and being part of, other dominating social institutions, it also remunerates and reprimands producers and agents. As part of official culture, it also determines who, and which products, will be remembered by a community for a longer period of time. In specific terms, the institution includes at least part of the producers, ‘critics’ (in whatever form), publishing houses, periodicals, clubs, groups of writers, government bodies (like ministerial offices and academies), educational institutions (schools of whatever level, including universities), the mass media in all its facets, and more.”

(Even-Zohar, 1990:37)

Schmidt (1996) identifiseer sodanige rolspelers en institusies – entiteite binne die literêre sisteem wat as bemiddelende agente of afwysende hekwagters tydens die kanoniseringsproses optree (kyk Van Coller & Odendaal, 2005:4). Die hekwagters se rol by die bepaling van die literêre word uiteengesit deur onder andere Bourdieu se literêre veldteorie (1993). Parallel met die literêre veld as ’n alles oorkoepelende, alles insluitende konstruksie vir die bestudering en beskrywing van literatuur, staan verskeie opvattinge omtrent die sistemiese werking van tekste. Hiervolgens staan die teks as literêre sisteem alleen deur die skrywer en die leser oop na sy omgewing en literêr betekenisvol deur resepsie en produksie. Instansies soos uitgewers, resensente en kritici as hekwagters word deel van die literêre kommunikatiewe proses. Binne dié literêre veld is daar ’n voortdurende stryd tussen rolspelers as subsysteme om die dominante posisie in ’n literêre hiërargie te beklee; dit gaan dus om kanonisering. Sekere sisteme raak gekanoniseer en ander nie.

Die noodsaak vir ’n sistemiese benadering kom na vore deurdat daar nie net “op literêre werke en teksprodusente” gefokus word nie. ’n Sistemiese of sisteembenadering “impliseer ook ’n analise van die struktuur van die veld” waar daar ook “gekyk word na die posisie wat ingeneem word deur produsente (bv. skrywers) en hekwagters (bv. uitgewers, kritici), asook die plek wat die veld inneem binne ’n groter magsveld” (Van Coller, 2002:70). De Geest (1996) stel ’n sistematiese ondersoek voor waarin daar ook gefokus word op “de wijze waarop de literatuur zichzelf op een gegeven ogenblik situeert en profileert, intern zowel as extern”.

“Daarbij komt het erop aan zowel de waardeoordelen als de selectiemechanismen – op grond waarvan een bepaald domein als ‘literair’ wordt afgebakend en als autonoom cultureel gegeven gelegitimeerd – te beskryf en te verklar. De diverse hiërarchiserende selectie- en uitsluitingstrategieën – die hulle uitdrukking vind in dinamiese spanninge en prosesse as kanoniserig, marginaliserig of sensuur – behore so tot het in kaart bringe literaire sisteem.”
(De Geest, 1996:24)

Die literêre status/prestige wat skrywers as sodanig maar ook as rolspelers in die literêre veld geniet, kan op verskeie maniere bepaal word. Alhoewel “status ’n vae begrip” (Van Coller, 1999:ix) is, kan dit bepaal word “volgens onder andere die literêre prystoekennings aan hulle; die frekwensie van opname in bloemlesings, literatuuroorsigte en studies; die aantal tale waarin hul werk vertaal is en selfs die impak op die nuwe doelsisteem” (Van Coller, 1999:ix).

Volgens Van Coller (1998:ix) kan die bestaan van ’n “duidelik onderskeibare Afrikaanse literatuursisteem” nie betwyfel word nie. In hierdie studie sal daar egter gefokus word op die kanoniserig van Afrikaanse prosatekste as sisteme behorende tot ’n groter “polisisteem” (Even-Zohar, 1979:288), dit wat as die literatuursisteem van Afrikaans beskou word. Op sy beurt vorm die Afrikaanse literatuursisteem met die literêre kanon in die dominante posisie in dié sisteem, deel van ’n groter sisteem, naamlik die Suid-Afrikaanse samelewing as werklikheidskonteks waarin dit voorkom.

Beide die sosiale sisteem- en die literêre veldteorie steun daarop dat literatuur ’n sosiale instelling is wat deur keuringsprosesse tot stand kom. Die grens van die literêre sisteem word daarom sosiaal bepaal, so ook literêre norme en waardes. Die grens van die literariteit van die teks strek veel verder as die teks self. Wanneer ’n geskrewe teks as ’n boek verskyn, moet besef word dat ’n “boek” as verskynsel en entiteit nie geïsoleerd bestaan nie. Dit moet te alle tye as behorende tot ’n groter geheel ontvang en hanteer word. In ’n poging “(o)m literêre werke na behore te begryp, moet hulle geplaas word in die sisteem van sosiale verhoudinge wat hul onderhou” (Van Coller, 2002:70).

“(...) by ‘canonized’ one means those literary norms and works (i.e. both models and texts) which are accepted as legitimate by the dominant circles within a culture and whose conspicuous products are preserved by the community to become part of its historical heritage. On the other hand, ‘non-canonized’ means those norms and texts which are rejected by these circles as illegitimate and whose products are often forgotten in the long run by the community (...).”
(Even-Zohar, 1990:15)

Die bestudering van die Afrikaanse literêre kanon se invloed op die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die Afrikaanse boek as entiteit en sisteem – die prosateks – word dus van kardinale belang én funksioneel vir die doeleindes van hierdie studie. Nie net is dit ’n aanduiding van die literêre op ’n “sekere tyd of plek” nie – dit word ook ’n aanduiding van wat op ’n sekere tyd en plek as nié literêr geag is nie. Fokkema (1986) kom tot die volgende gevolgtrekking:

“In mijn historische beschouwing kom ik tot een overeenkomstige conclusie: de canon biedt modellen voor de oplossing van problemen – problemen die zich zowel binne als buiten de literatuur kunnen voordoen.”

Om wel die uitwerking van marginalisering op die Afrikaanse literatuursisteem te kan bepaal, maar ook om te begryp waarom sekere prosatekste, veral dié wat in hierdie studie ter sprake is – tekste deur vroueskrywers geskryf – as nie-gekanoniseerd, misken of gemarginaliseerd beskou kan word, moet hulle geplaas word in die sisteem van sosiale verhoudinge wat hulle moes onderhou (kyk Van Coller, 2002:70). Hierdie studie word daarom ’n “pleidooi vir die *historiese lees* en ondersoek van die magsverhoudinge rondom die Afrikaanse literêre kanon” (Willemse, 1992:4).

1.4 VOORAFSTUDIE

Met die oog op ’n sinvolle uitgebreide studie ten opsigte van die Afrikaanse literatuursisteem waarin die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon ondersoek word, is ’n hele aantal resente artikels en resensies bestudeer. Om ’n holistiese beeld te vorm, is resensies (soos verskaf deur NALN) as resepsieprodukte van verskeie vroueskrywers bestudeer. ’n Verdere beeld van vroueskrywers se plek in die literêre kanon kom ook na vore in die proefskrifte van Hein Viljoen (1986), Karen de Wet (1994), Andries Visagie (1995), Dorothea van Zyl (1996); Marius Crous (2002), Riana Barnard (2005), sowel as in die navorsingswerk van Van Niekerk (veral sedert 1994) – onder andere in *Perspektief en profiel* (1999), waarin daar gefokus word op vroueskrywers as gemarginaliseerde sosiale groepering en voorstelle by die herwaardering van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis gedoen is.

Seminale tekste deur spesifieke vroueskrywers wat as voorbeelde van bepaalde tydvakke of periodes gebruik word, is bestudeer. Hierdie tekste sluit onder andere in: *Onder bevoorregte mense* (1925) deur Marie Linde; *Sy kom met die*

sekelmaan (1937) deur Hettie Smit; *Fyn en broos* (1937) deur Sophie Roux; *Die vrou op die skuit* (1956) deur Elise Muller; *Griet skryf 'n sprokie* (1992) deur Marita van der Vyver; *Karolina Ferreira* (1993) deur Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach; *Die heidendogters jubel* (1995) deur Riana Scheepers en *'n Stringetjie blou krale* (2000) deur E.K.M. Dido. Elkeen van hierdie tekste het tot polemieke gelei en was omstrede in hul tyd, dikwels as gevolg van die voorstelling van vroue en seksualiteit, of bloot omdat dit buite die ideologiese voorveronderstellings van die tyd geval het. Die bydrae van spesifieke vroueskrywers tot normverskuiwings binne die Afrikaanse literatuursisteem – onder andere die werk van Elsa Joubert, wat vanuit 'n vroulike perspektief vertel word – is ook bestudeer.

Die resepsie van tekste deur Eleanor Baker as 'n tipiese geval waar veral die onderskeid tussen die populêre teks en die meer toeganklike teks nie net teenoor mekaar nie, maar veral teenoor die literêre teks gestel word, word vervat in resensies wat bestudeer is. By Baker gaan dit hoofsaaklik oor 'n sentrale probleem, naamlik vrouetekste en vrouekwessies. *Die ander Marta* (2002), deur Baker, sal as teks vir praktiese toepassings en illustrasies gebruik word.

Olive Schreiner se teks, *The Story of an African Farm* (1885), waarvan die jongste (herdrukte) uitgawe van 2004 gebruik is, is as Engelse kontrole vir die doeleindes van die studie bestudeer. Wat hier opvallend is, is die resepsie van die teks na aanleiding van sosiopolitieke verandering by herdrukte uitgawes. As 'n teks wat teen die einde van die negentiende eeu as 'n feministies teks geklassifiseer is, word dit geplaas teenoor Afrikaanse tekste deur vroueskrywers onder invloed van dieselfde veranderende sosiopolitieke omstandighede, maar as deel van verskillende literatuursisteme (Afrikaans en Engels) binne een sosiologiese bestel: die veranderende Suid-Afrikaanse sosiopolitieke bestel as sosiale sisteem of werklikheidskonteks.

Literatuurgeskiedskrywings wat die afgelope bykans sestig jaar gedoen is, onder andere dié van Dekker (1947 en 1961, sy jongste); Antonissen (1955); Nienaber (1982); Kannemeyer (1988 en 2005) asook dié van Van Coller (red., 1998, 1999 en 2006), bevestig eensyds die bestaan van 'n Afrikaanse literatuursisteem; terwyl dit andersyds as kanoniseringsstrategie van dié sisteem bestudeer is. Gegewens wat hieruit verkry is, dra by tot die resepsie-ondersoek, wat aan die een kant ook kan dien om die stereotipering van die kanon as manlike konstruksie te

bevestig en aan die ander kant, vroueskrywers as gemarginaliseerde sosiale groepering te toets.

1.5 METODOLOGIE EN BENADERING

Die literêre kanon is 'n veranderende abstraksie en kan slegs deur die toetsing en toepassing van abstrakte literatuurteoretiese modelle, soos die komparatisme, binne 'n historiese kommunikatiewe situasie bestudeer word. Die komparatisme bied aan die navorser 'n wetenskaplik gefundeerde raamwerk om weg van die enkelwerk te beweeg na ander tekste binne die Afrikaanse literatuursisteem, maar ook na ander sisteme. Benaderings tot die literatuurwetenskap werk met “the positivistic collection of data, taken *bona fide* on empiricist grounds and analysed on the basis of their material substance”. Daarom maak hierdie studie nie gebruik van positivistiese dataversameling nie, maar word die letterkunde op 'n sistemiese werkwyse benader waar “the positivistic collection of data ... has been replaced by a functional approach based on the analysis of relations” (Even-Zohar, 1979:288).

“In het licht van zo een functionalistisch georiënteerde theorie – die gedetailleerde aandacht schenkt aan de in een systeem werkzame legitimeringstrategieën en aan de dynamische articulatie van begrippen – wint ook het poëtica-onderzoek ontegensprekelijk aan belang. Als discursieve gehelen hangen literaire systemen immers nauw samen met poëticamodellen.”

(De Geest, 1996:194)

Sodanige sistemiese benadering word as 'n meer wetenskaplike ordenings-prinsipe beskou. Dit “moet dit (egter) nie gesien word as ‘standaardteorie’ nie, maar veel eerder as ‘verklaringsteorie’” (kyk Van Coller, 2006:245 en Oversteegen, 1986:27). Deur sisteme en hul funksionaliteit ten opsigte van die samelewing of die sosiologiese groep waarin dit voorkom met mekaar te vergelyk, kom daar 'n sistemies-funksionele benadering vir die doeleindes van dié navorsing tot stand. Sisteme wat teen mekaar opgeweeg sal word, veral dan om die Afrikaanse literêre kanon maksimale relevansie te gee binne 'n (veranderende) demokratiese Suid-Afrikaanse samelewing, sal die volgende insluit:

- om die manlike sosiale groepering te plaas teenoor die vroulike sosiale groepering waar dit deel vorm van dieselfde literatuursisteem; die een gestereotipeer as deel van 'n magskonstruksie (die dominante) en die ander as oorwegend gemarginaliseer geklassifiseer;

- om vroueskrywers wat literêre prestige ontvang het te plaas teenoor dié wat as misken geïdentifiseer is;
- om die Afrikaanse literatuursisteem te plaas teenoor die Engelse literatuursisteem as produkte van dieselfde sosiopolitieke veranderinge binne dieselfde sosiopolitieke bestel/sisteem;
- om populêre, meer toeganklike literatuur te plaas teenoor tekste wat as literêr beskou word.

Met sodanige sistemiese benadering word dit moontlik om die fokus te plaas op die dinamiese, interaktiewe en prosesmatige relasies wat tussen sisteementiteite bestaan. Hiermee word wegbeweeg van die opteken van aspekte oor en van entiteite of 'n konstruktiewe versameling van interpretasies, na 'n werkwyse waar gefokus word op die verhoudinge binne 'n sisteem en die waarneming van kragte wat tussen sisteementiteite bestaan. Wanneer die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers binne die Afrikaanse literêre kanon ondersoek word, word dit sodoende ook moontlik om te fokus op “die kragte wat beslag gee aan daardie voortdurend veranderende sisteem” wat die navorser wil “bestudeer en waarvan (...) histografiese optekeninge” gemaak sal word (kyk De Wet, 1992:40, 41).

Om die uitwerking van hedendaagse sosiale impulse en sosiale mag op die resepsie van die prosateks te verreken, word 'n resepsie-ondersoek as deel van 'n kommunikatiewe benadering tot literatuur in die vooruitsig gestel. Hierdie resepsie-ondersoek streef doelbewus na wetenskaplikheid sowel as kontekstualiteit – ook in die teoretiese gedeeltes. **Daarom sal die navorser deurgaans van sitate gebruik maak. Hiermee lewer die navorser 'n pleidooi vir alle uitsprake as gegrond binne 'n intertekstuele diskoers. Met hierdie werkwyse wil die navorser beklemtoon dat net soos tekste/boeke, of dan enige storie/fiksie, altyd kontekstueel ingebed is, dit ook die geval met posisie-inname is. Die navorser sal dus deurentyd doelbewus uitsprake wat gemaak word, binne intertekstuele verband plaas.**

In die ondersoek na die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon, word dit nodig geag om:

- ▶ in **hoofstuk 2** as deel van 'n teoretiese analise, benaderings met betrekking tot die noue band wat daar tussen literatuur en die samelewing bestaan, te bespreek. Aspekte wat bespreek sal word, sluit in die bestaan van literêre kultuur as konsep;

benaderings ten opsigte van literatuursosiologie as deeldisipliene van literatuurwetenskap en meer spesifiek in die empiriese literatuurwetenskap as moderne resepsie-onderzoekmetode. Om hierdie funksionele verhouding tussen literatuur en die samelewing te verstaan, sluit die teoretiese analise 'n bespreking van sisteemteoretiese sienings omtrent sosiale groepsvorming in. 'n Uiteensetting van die sosiale sisteemteorie en die literêre veldteorie sal as teoretiese basis vir die navorsing dien;

► in **hoofstuk 3** as deel van 'n konseptuele analise aspekte rakende in- en uitsluiting van die Afrikaanse literêre kanon te bestudeer. Aansluitend by die voorafgaande teoretiese analise van sosiale groepsvorming, word die werking van sistemiese verandering as bevestiging van die bestaan van 'n Afrikaanse literatuursisteem bespreek. Dit geskied veral in die lig daarvan dat literatuur in die breë ondergeskik is aan groter sisteme soos sosiokulturele, sosiopolitieke en selfs sosio-ekonomiese aktiwiteite in die samelewing. Aspekte rakende kanonisering en periodisering, veral as deel van 'n proses van die in- en uitsluiting van tekste en skrywers wat op 'n gegewe tyd en plek as die literêre kanon beskou is, word breedvoerig bespreek. As deel van 'n proses van sistemiese interaksie word literêre prestige as die mees dominante posisie in die literêre kanon en marginalisering as die mees miskende posisie – dit wil sê, buite dié kanon – bespreek. Laastens sal die rol van stereotipering op grond van ideologiese vooroordeel en voorveronderstelling ten opsigte van in- en uitsluiting van die literêre kanon ondersoek en bespreek word;

► in **hoofstuk 4** as deel van 'n historiese oorsig en gegrond op voorafgaande identifisering van stereotipering binne die Afrikaanse literatuursisteem, die sistemiese interaksie wat daar tussen die manlike en vroulike sosiale groeperinge as deelsisteme binne die Afrikaanse literatuursisteem bestaan, te ondersoek. Veranderende sosiopolitieke omstandighede, soos kolonialisme, dekolonisasie, patriotisme, nasionalisme, demokratisering en postkolonialisme, sal gebruik word om spesifieke periodes binne die Afrikaanse literatuursisteem af te baken, maar sal ook dien as historiese epog waarbinne spesifieke seminale tekste en vroueskrywers as gevallestudies bespreek sal word. Sodoende sal dit moontlik wees om aan te dui hoe vernuwing, verandering en bevryding deel uitmaak van 'n voortdurend verskuivende weergawe van 'n voortdurend verskuivende historiese, sosiale en literêre diskoers;

► in **hoofstuk 5** as deel van 'n kontekstuele analise die geval Eleanor Baker as tipiese geval van miskenning en die ontneming van literêre prestige te ondersoek en te bespreek. Die produksie en resepsie van tekste wat deur Baker self as haar meer ernstige tekste beskou is, sal empiries benader word. Baker se gebruik van die alledaagse lewe van die vrou as tematiek van hierdie tekste en die aanklank wat dit by haar lesers as verbruikersstelsel vind, is dikwels bevraagteken. Daarom sal hierdie kontekstuele analise poog om aan te dui dat daar in hedendaagse ondersoekmetodes wegbeweeg word van die bestudering van tekste en skrywers alleen en wel na die bestudering van die resepsie van tekste; na die funksionaliteit en kontekstuele doeltreffendheid van tekste binne 'n stelsel. Voortvloeiend hieruit sal die populêre en meer toeganklike teks teenoor die literêre teks geplaas word – veral wanneer die voortbestaan van die prosateks ter sprake is.

Waar hierdie hoofstuk (1) as inleiding tot die studie van die hipotese uitgaan dat uitsluiting van tekste en skrywers ten opsigte van die literêre kanon deurslaggewende gevolge vir die voortbestaan van die prosatekste kan hê, sal daar gepoog word om in **hoofstuk 6** as samevatting van die studie vroeë oor kernkwessies wat in die verloop van die studie voorkom, te beantwoord.

1.6 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE STUDIE

Dit is belangrik dat die literêre kanon as verwysings- en ykingspunt binne elke literêre stelsel en dus ook binne die Afrikaanse literatuurstelsel gerespekteer moet word. Met die bekendstelling van *Perspektief en profiel. 'n Literatuurgeskiedenis 3*, 2006, toon Van Coller die volgende aan:

“Niemand is trots op foute van die verlede nie en ek glo niemand wil ooit weer skuldig wees aan uitsluiting nie.”

Om wel dié kanon maksimale relevansie te gee binne 'n demokratiese Suid-Afrikaanse samelewing en dus wel die fout van uitsluiting van die verlede in die toekoms te vermy, is dit noodsaaklik om:

- die uitsluiting van vroue binne die Afrikaanse literêre kanon as nawerking van sosiale mag te ondersoek;
- die invloed van patriargie as ideologiese voorveronderstelling binne Suid-Afrikaanse literatuurstelsels uit te lig;

- die posisie-inname van vroue in die Afrikaanse literatuursisteem teenoor dié van mans as die dominante orde en die sosiale dimensies van mag, sistematies met mekaar te vergelyk;
- die sosiologiese impak van kolonialisering, nasionalisering en demokratisering as gemeenskaplike sosiale werklikhede van beide groeperinge deur 'n historiese lees van die literêre kanon na te volg, en dus
- hiërargiseringstrategieë en die historiese aard van waardebeoordeling binne die Afrikaanse literatuursisteem as sodanig na te vors.

Met hierdie studie wil daar nie bewys word dat vroue as 'n sosiale groepering binne die Afrikaanse literatuursisteem gemarginaliseer is nie – dit is 'n reeds bevestigde feit en reeds binne die sisteem goed nagevors en geboekstaaf (verwys na Du Plessis 1991; Meyer 1993; Roos 1992a en Roos 1998; Van der Merwe 1994; Van Niekerk 1994, Van Niekerk 1999). Die oorsaak van sodanige uitsluiting moet ondersoek word voordat gevolgtrekkings oor die gevolge daarvan gemaak kan word.

Die waarde van enige teks wat daarop aanspraak maak om as prosateks geag te word – asook die skrywer as skepper daarvan en selfs die lesers daarvan – behoort teen die agtergrond van die veranderde konteks in die demokratiesgesinde Suid-Afrika nie deur enige iemand onder verdenking geplaas te word vir moontlike insluiting in die literêre kanon nie.

Die toeganklikheid en waarde van literatuur vir almal wat by die kommunikatiewe literêre proses betrokke is – skrywers en lesers – asook die ekonomiese volhoubaarheid daarvan, het van kardinale belang geword. Die wêreldwye klem wat op ekonomiese volhoubaarheid van entiteite geplaas word, kan binne die kader van die literatuur ook nie misgekyk word nie. Vrese omtrent die voortbestaan van die Afrikaanse boek kan ook geleë wees in die in- óf uitsluiting van tekste by dit wat vandag as die literêre kanon beskou moet word.

Hierdie studie bepleit slegs 'n metodologiese verskuiwing, waar regstellende aksie in die sin van die wegbeweeg vanaf 'n elitistiese benadering na 'n meer demokratiese benadering tot die Afrikaanse letterkunde in die vooruitsig gestel word. Waar demokratisering onder andere “die najaag van inklusiwiteit” en “die handhawing van diversiteit” (Du Plessis, 2005:17) veronderstel, is dit noodsaaklik om te besef dat Afrikaans eintlik aan almal behoort wat die taal wil praat. Dit is nodig om te besef dat Afrikaans by uitstek 'n inklusiewe eerder as 'n eksklusiewe taal is.

Afrikaans is die eiendom van elkeen wat dit wil praat, lees én skryf en moet deur 'n proses van demokratisering as sodanig erken word.

As sosiale verskynsel maak demokratisering aanspraak op die erkenning van meerstemmigheid, ook in die Afrikaanse literatuursisteem as kultureel-literêre produksie. Sonder dat die kanon as gesagstruktuur ontken word, is dit nou nodig om weg te beweeg van absolutisme en rigiditeit. Ten opsigte van die toeganklikheid van die Afrikaanse literatuursisteem maak demokrasie 'n gebalanseerde grondslag moontlik waar die regte van almal binne die kommunikatiewe literêre situasie opgeweeg kan word. Die moontlikheid dat sosiologiese verandering soos teweeggebring deur demokratisering 'n bydrae kan lewer tot 'n volhoubare, meer toeganklike Afrikaanse literatuursisteem – dus ekonomies én esteties durend – word in die vooruitsig gestel.

HOOFSTUK 2

LITERATUUR EN SAMELEWING

'n Teoretiese analise

2.1 LITERÊRE KULTUUR

“I do not believe that language produces, interprets, governs or creates. It is men who do so, through language and by using it as a privileged instrument ...”
(Goldmann, 1980:149)

Literatuur is 'n skepping van die mens, en vra om as sodanig bestudeer te word. Literatuur word deur die mens gebruik in 'n proses waar mense vir hulleself voorstellings vorm om betekenis aan hulle wêreld, aan hulle omgewing én aan hulleself te gee.

“Als men de kunst niet missen kan, dan is dat kennelijk omdat via de kunst een vorm van zelfinzicht van de mens tot stand komt.”
(Iser, 1991:14)

Die bestudering van menslike gedrag word veronderstel. Menslike gedrag word onder andere gesien “as a coherent (structured) response to problems posed by man’s relation to his fellow men and to his environment” (Boekhoven, 1980:15). Die mens is inherent 'n sosiale wese wat literatuur gebruik om kontak tussen hom en sy medemens sowel as met sy omgewing te bewerkstellig.

“Literature (is) ... an essential part of the social machinery, as much an institution as any other, and to have been so from the very earliest times when human beings were human and in possession of language. For language ... does very greatly extend the possibility of communication and it is thus possible to *tell* something to another without acting it out. This is of course very important in the socialization of infants, and in human society, unlike animal society, they are indoctrinated into the behaviour and norms of their society not only through the exemplary behaviour of their elders but also, and very largely, through language. And not only through language, but especially through narrative fiction.”
(Rockwell, 1977:35, 36)

Kultuur, dit wat die mens as behorende tot beskawing klassifiseer, vind onder andere uitdrukking in literatuur as talige gedrag. Wanneer daar bespiegel word oor

wat literatuur is, word dit onder andere verklaar as 'n besondere vorm van taalgebruik. Dat literatuur taal is, is die mees algemene eienskap daarvan. Verder is dié talige aard van literatuur 'n gemeenskaplike eienskap wat enersyds deur uiteenlopende literatuuropvattinge gedeel word, maar andersyds op verskillende wyses verklaar word. Taal veronderstel 'n gedeelde kode omdat betekenis nie anders tot stand kan kom nie. As deel van literatuur word hierdie talige eienskap onder andere gesien en beskryf as die gebruik van tekens.

“Men gaat steeds duidelijker inzien, dat de grondslag van het individuele bewustzijn door inhouden wordt gevormd die tot het collectieve bewustzijn behoren. Daardoor worden de problemen van teken en betekenis steeds urgenter. Immers, elk gedachteninhoud die de grenzen van het individuen bewustzijn overschrijdt, gaat een rol spelen in de communicatie en krijgt alleen al daarvoor het karakter van een teken.”
(Mukarovský, 2001:72)

Daarom hoort talige kommunikasie ook by dit wat deur die semiotiek ondersoek word – kommunikasie deur tekens. Mukarovský (1934) sien die estetiese waarde van die kunswerk as 'n semiotiese feit. Volgens die semiotiek maak die gebruik van taalttekens betekenisgewing moontlik deurdat kodes en konvensies in die samelewing opgeroep word. Die sosiale begroning van waarde veronderstel 'n buitengewone relasie tussen die teks en die leser. Verder word literêre tekste beskou as tekens wat outonoom maar ook kollektief of sosiaal van aard is. Hierdie oënskynlike dichotisme veronderstel dat die estetiese waarde wat deur die leser aan die teks toegeken word, in die teks as objek geleë is. Estetiese ervaring deur die leser kan slegs plaasvind wanneer die ooreenkomstige kenmerke in die teks voorkom. Daarom is die estetiese funksie “altyd gebonde aan die konteks, die samelewing waarbinne 'n bepaalde teks of objek tuishoort” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:208).

“Laten wij de essentiële kenmerken van het tot nu toe gehouden betoog samenvatten. De objectieve bestudering van de verschijningsvormen van de kunst is gericht op het kunswerk als teken, dat uit een waarneembaar symbol bestaan, gevormd door de kunstenaar; uit een 'betekenis' (estetisch object), die een plaats in het collectieve bewustzijn heft; en uit de relatie tot de aangeduide zaak, een relatie die naar de gehele context van de maatschappelijke fenomenen verwijst.”
(Mukarovský, 2001:75)

Mukarovský se opvatting dat die geskrewe teks as taakteken 'n eenheid van betekenaar en betekenis is en dat dié eenheid 'n sosiale feit is, kan as 'n mylpaal in die geskiedenis van die literatuurwetenskap beskou word. Die estetiese funksie van die kunswerk is nie 'n eienskap van die geskrewe teks nie – die estetiese funksie word in 'n bepaalde sosiale konteks of kultuur geaktualiseer en slegs aan die teks toegeken. Wanneer die estetiese norm in 'n sosiale konteks geplaas word, veronderstel dit ook morele en sosiale norme.

“Beide semiotiese funksie, die kommunikatiewe en die outonome, die saamen in die ‘stof-kunsten’ voorkom, vorme met elkaar een van die fundamentele dialektiese teenstellings in die ontwikkeling van deze kunste; hulle dualiteit doet hulle gelden in die voortdurende pendelbewegings in die relatie tot die realiteit.”
(Mukarovský, 2001:79)

Taal bevat die nodige tekens waarmee voorstellings van die werklikheid geskep kan word. Van Heusden (2001) omskryf die groot vraagstuk van die verhouding tussen representasie en die werklikheid soos volg:

“Fundamenteel is ook hier die vooronderstelling dat die mens weliswaar in een wereld van voorstellingen of representasies leeft, maar dat er meer is onder die zon dan alleen die representasies. Die representasies zijn die hulpmiddelen waarmee wij onze omgeving verkennen en in kaart brengen, maar die omgeving is zelf geen representatie. Het landschap is geen landkaart, geen foto en zelfs geen herinnering. Men onderzoekt dus niet altijd representasies, men onderzoekt wel altijd mét representasies.”
(Van Heusden, 2001:22)

Literatuur het volgens hierdie standpunt 'n semiotiese funksie. Wat noodsaaklik is vir die doel van hierdie navorsing, is die besef dat representasie die funksionele aard van literatuur en literatuurondersoek beklemtoon. Om literatuur te verstaan, is dit nodig om te besef dat “a text’s coherence is not logical, but functional” (Boelhower, 1980:18). Hierdie funksionaliteit word in relasie met die werklikheid bestudeer. 'n Teks verkry funksionaliteit op grond van 'n “situation and from the necessity of a functional reply that one has coherence at the cultural level which is not mathematical” (Goldmann, 1980:114).

Literatuurwetenskap ondersoek nie 'n uitvinding nie, maar bestudeer menslike gedrag. Hiermee word literatuur geplaas in die kader van kulturele wetenskappe waar kultuurnorme gehoorsaam of geïgnoreer word. Kultuur, wat ons opvatting oor

die wêreld, ons gedagtes, ons drome en ons fantasieë omvat, word deur taaltekens in geskrewe tekste vasgevang.

“Het geheel van representasie – dat zijn dus handelingen – waarover iemand beschikt, vormt de *cultuur* van de persoon. Cultuur is van individuen, van groepen mensen en van alle mensen. Cultuur omvat het zelfbeeld, de opvattingen over de wereld om ons heen, onze gedachten, dromen en fantasieën.”
(Van Heusden, 2001:18)

Kultuur is gedrag en word onder andere deur middel van literatuur van een mens na 'n ander oorgedra. As deel van kultuur word literatuur gedeelde kennis van tekens en tekste wat nie logies beredeneerbaar is nie. Die literatuurbenaderings in die Russiese Formalisme, wat lank die rigtingaanwyser in die literatuurwetenskap was, het van die standpunt uitgegaan dat “het wezen van het verschijnsel literatuur (is) te vinden in het literaire werk zelf, in zijn opbouw uit concrete taalmateriaal” (Van Baak, 1985:15). Tynjanov en Roman Jakobson (1928) beskryf egter heelwat gebreke in so 'n benadering. Van Baak (1985) som hierdie tekortkominge soos volg op:

“Anderzijds gaf het formalisme geen, of onvoldoende, antwoord op vragen over de rol van de literatuur in de maatschappij, over de positie van de lezer, of over de samenhang tussen de literatuur en de werkelijkheid.”
(Van Baak, 1985:15)

Jakobson (1960) lewer 'n groot bydrae tot hedendaagse literatuurteorieë wat van die veronderstelling uitgaan dat die literêre werk nie in isolasie bestaan nie, maar deel is van 'n kommunikasieproses waarin vier elemente onderskei kan word: 'n skrywer, 'n teks, 'n leser en 'n samelewing. Jakobson onderskei 'n poëtiese funksie van taal en is van mening dat die bestudering van poëtiese taalgebruik, of “taal in haar poëtische functie” duidelikheid kan gee oor die aard van taal in die algemeen. Hy is van mening dat “de taal moet worden onderzocht in al haar verskillende functies” (Jakobson, 1960:352).

Hiervolgens is ses faktore betrokke by taalkommunikasie as deel van die literêre teks, naamlik 'n boodskap, 'n sender, 'n ontvanger, kontak tussen die sender en die ontvanger, 'n kode en laastens die konteks wat vir beide die sender en die ontvanger bekend is. Hiermee is daar buite die grense van die semiotiek beweeg en word dit duidelik dat die literêre betekenisproses ingebed is in 'n kommunikatiewe situasie wat interaksie tussen mense veronderstel.

“As die letterkunde as ’n vorm van taalkommunikasie beskou word, dan merk ons dat die model van Jakobson ons buite die grense van die teksgerigte benadering neem, en die teks plaas in ’n relasie tot (onder andere) die skrywer (sender), die leser (ontvanger) en die sosiale konteks.”

(Van der Merwe & Viljoen, 1998:115)

Literatuur maak ook deel uit van “de sosiale werklikheid van die ekonomie, die uitgeverij, die publieke voorzienings, het onderwys – (...) Ook dit is literaire kultuur” (Van Heusden, 2001:168). Literêre kultuur is volgens Van Heusden (2001) “een kader ... dat enerzijds breed genoeg is om alle moegelijke verskillende literatuuropvattinge te omvatten, maar dat anderzijds ook weer niet zó breed is dat het nietzeggend wordt” (Van Heusden, 2001:14). Die relevansie van hierdie uitgangspunt by die ondersoek na die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse kanon word deur Van Coller (1993) beklemtoon:

“Te dikwels word die begrip letterkunde egter gesien as ’n term wat slaan op estetiese produkte (tekste) wat bykans vanself uit die hemel val as meesterwerke. Selde word besef dat tekste hierdie status slegs verwerf na ’n ingewikkelde en (soms) selfs bisarre proses. Hierdie proses van kanoniserings is eintlik slegs begrypbaar wanneer besef word dat ook die literatuur in die breë ondergeskik is aan ’n groter kulturele sisteem. Dit impliseer dat enige sosiale of politieke verandering die literêre sisteem direk raak.”

(Van Coller, 1993:16)

Literatuur se verbinding tot ’n groter kulturele sisteem is van kardinale belang vir die doeleindes van hierdie studie, veral wanneer die literêre kanon – met ander woorde, dit wat gesien word as “de verzameling teksten die in een kultuur als waardevol worden beschouwd” (Van Heusden, 2001:14) – ter sprake is. Om deel van die kanon as kulturele instelling te wees, moet ’n teks as literêr gereken word. Onder die vaandel van kultuur, of literêre kultuur, word die literêre teks ook gesien as “a linguistic subsystem of culture ... built on a code that selects the events which will translate into elements of literary texts” (Boelhower, 1980:29).

“Just as semiotics relations require not only a text but also a language, so the artistic work, considered alone, without any cultural context, without a defined system of cultural codes, is like an inscription on a tomb in an unknown language.”

(Lotman, 1972:335)

Die teenwoordigheid van 'n kulturele kode is ook al beskryf as “the nugget of proverbial wisdom” (Scholes, 1976:154). Lotman (1976) bespreek die spesifieke funksie sowel as die struktuur van literêre tekste as sisteme binne die groter sisteem van literatuur en kultuur (kyk 3.1).

“De interne organisasie van literatuur – en hierin onderskeid dit van ander kategorieë tekste, wat relatief homogeen is in die lig van die algemene sisteem van kultuur – is isomorf met die kultuur as sodanig en weerspiegelt die algemene beginsels van haar organisasie.”
(Lotman, 2001:158)

Goldman (1980) se beskrywing van kultuur word vervat in die totaliteitsidee en sluit aan by Lotman (1976) se siening dat die literêre teks as “hogere literatuur inderdaad ideologies verbind is met die hogere lagen van die maatskappij” (Lotman, 1976:352) of samelewing.

“Society is such a whole, and, to understand the literary work, one cannot isolate it as a monadic element outside its context. It, too, is a construction within society, and the need to see its functional relatedness within large structures is the very description of the hypothesis of homology ... a literary work is homologous to the collective consciousness of a class, or classes.”
(Goldmann, 1980:33)

Literêre betekenistoekenning is 'n kollektiewe proses en is funksioneel deel van die mens se sosiale gedrag. As deel van menslike gedrag, maak literatuur dit moontlik “that one can find numerous aspects of language which reflect, express and explain given elements of social life and that language is a particularly important instrument for understanding social behaviour” (Goldmann, 1980:148). Hiermee word beklemtoon dat literatuur veel meer as net taal is – dit is ook al beskryf as “an eminently social creation” (Goldmann, 1980:156).

In die hedendaagse Westerse kultuur vorm literatuur wel “een meer of minder skerp afgebakend terrein” (Van Heusden, 2001:170), maar begrip vir hierdie vorm van menslike gedrag vra dat die groter literêre kultuur, die sosiale konteks of samelewing as totaliteit deel van literêre betekenistoekenning uitmaak.

“Any human act (imaginative, theoretical, practical, emotional) proves to be significant when inserted into a broader totality wherein its functional necessity is illuminated.”
(Boelhower, 1980:15)

Literatuur weerspieël verskeie fasette van menswees. As mensgemaakte produk vorm literatuur “een verschijnsel dat op zoveel verschillende manieren in zozeer verschillende maatschappijen met zozeer verschillende levensgebieden samehangt (...). Het is waar dat de literatuur in een aantal maatschappijen uitgekristalliseerd is tot een cultuurfactor met eigen kenmerken en tradisies (...). Er treden daarin ook veranderingen op, en de betrekkingen met historische achtergronden, met het sociale en economische milieu en met psychologische gegevens (algemeen zowel as individueel) worden er weliswaar door veranderd of zelfs beperkt maar niet opgeheven” (Mooij, 1985:287).

“Wie de sociale dimensie van literaire cultuur bestudeert, onderzoekt hoe literatuuropvattingen opkomen, veranderen, bevestigd en opgelegd worden, hoe ze worden verbeeld, hoe ze in gedrag uitmonden, en hoe ze tot tegenstrijdigheden en problemen leiden, die er uiteindelijk weer toe leiden dat ze veranderen.”
(Van Heusden, 2001:176)

Sonder om die sosiale aspek te verabsoluteer is dit vervolgens nodig om die sosiale dimensie van literêre kultuur te bespreek wanneer die impak van sosio-politieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon ondersoek word.

2.2 LITERATUURSOSIOLOGIE

Vanaf die vroegste tye bestaan daar verskeie literatuuropvattinge en ondersoekbenaderings omtrent die sosiale aspek van literatuur. Gedurende die negentigerjare verklaar Viljoen (1992) dat alhoewel “Suid-Afrika ryk moontlikhede daarvoor bied, (...) daar nog betreklik min literatuursosiologiese navorsing in die land gedoen” is, “veral binne die empiriese tradisie en uit ’n biblioteekkundige of leserkundige hoek” (Viljoen, 1992:279).

Literatuursosiologiese navorsing veronderstel enersyds die gebruikmaking van ’n benadering waar daar van die standpunt uitgegaan word “dat ’n bepaalde visie op die samelewing uit ’n literêre teks afgelei kan word”, en andersyds dat sodanige navorsing sal poog om “hierdie visie te rekonstrueer”. Verder word dit duidelik dat daar dikwels “ingegaan (word) op dit in die visie wat tipies is van die tydperk waarin die werk geskryf is” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:147).

In die Afrikaanse literatuursisteem is daar gedurende die negentigerjare en met die oorgang na die nuwe millennium ’n vloedgolf prosatekste deur vroueskrywers, en

ook met die wese van vrouwees as tema, gepubliseer. Met die lees van onder andere *Die ander Marta*, Eleanor Baker (2003) se laaste roman, *Die uurwerk kantel deur* Marie Heese (1976) (voorgeskrewe teks gedurende die sewentigerjare, herdruk 2006), asook die lees van die jongste druk (2004) van *The Story of an African Farm* deur Olive Schreiner (1883), ontstaan vroe om trent dié prosatekste by die navorser.

Aan die een kant is die storie van Marta, Maria en Lyndall, karakters soos geskep deur dié vroueskrywers, so eenders deurdat duidelike ooreenkomste veral ten opsigte van die vrouekarakters se posisionering in die patriargale verhouding waargeneem word, terwyl daar aan die ander kant vroe oor die skeppers daarvan ontstaan: Wie is Baker, wat het van Heese geword en hoekom gebeur dit dat dié teks van Schreiner 'n sestiende herdruk kan beleef en deur verfilming selfs verdere status verkry? Antwoorde op vroe soos hierdie is moontlik geleë in die siening dat literêre betekenisprosesse in die interaksie tussen mense ingebed is. Dit is ook vroe wat binne die raamwerk van die literatuursosiologie beantwoord kan word.

“Literatuursosiologie is een ruim begrip. Het omvat die richtingen in de literatuurwetenschap, die literatuur bestuderen in relatie tot de maatschappelijke werkelijkheid waarin zijn funksioneert.”
(Van Luxemburg, Bal & Weststeijn, 1983:97)

Alhoewel verskeie formuleringe al gebruik is om literatuursosiologie te definieer, vorm die relasie tussen literatuur en die samelewing, die kernbelang van dié literatuurbeskouing. Van Luxemburg, Bal en Weststeijn (1983:97) onderskei drie rigtings binne die literatuursosiologie, naamlik die empiriese literatuursosiologie, die histories-materialistiese rigting en ideologiekritiek. Op hulle beurt onderskei Van der Merwe en Viljoen (1998:148-171) vier rigtings van literatuurkritiek wat as onderafdelings van literatuursosiologie geag word, naamlik marxisme, feminisme, nuwe historisme en postkolonialisme. Al hierdie rigtings is ingestel op die verhouding wat daar tussen literatuur en die samelewing bestaan. Vroe waarmee hierdie literatuursosioloë hulle besig hou, sluit die volgende in:

“(H)oe verhoudt literatuur zich tot ekonomiese, politieke, godsdienstige, onderwiskundige en andere maatskappelijke betekenisprocessen? Is het moegelijk een systematisch verband aan te wijzen tussen literaire en deze cultureel-maatskappelijke betekenisprocessen? Kunnen eigenschappen van literatuur en van de verandering van literatuur, op systematische wijze in verband worden gebracht met de maatskappelijke context?”
(Van Heusden, 2001:169)

Jakobson en Tynjanov (1928) dui reeds vroeg in die twintigste eeu aan dat die relasie tussen literatuur en die maatskaplike bestel of samelewing gesien word as 'n relasie tussen reekse tekste, die vergelyking van literatuur met ander maatskaplike vorme van representasie en met ander betekenisprosesse.

“Zo bevat ook een tweede bezwaar niet dat specifiek is voor literatuur: het probleem van de relaties tussen het woord en de wereld betreft niet alleen de verbale kunst maar in feite alle soorten van communicatie. De linguïstiek neigt ertoe alle mogelijke problemen aangaande de relatie tussen wat er gezegd wordt en het universum van al hetgeen er gezegd kan worden te onderzoeken: *wat* er van dit universum onder woorde word gebracht middels een bepaalde taaluiting en *hoe* dit onder woorde wordt gebracht. Tocht overschrijden de waarheidswaarden, voorzover zij – om met de logici te spreken – ‘extralinguïstische entiteite’ zijn duidelijk de grenzen van de poëtica en van de linguïstiek in het algemeen.”
(Jakobson, 2001:24)

Asof in voortsetting van dié literatuuropvatting ontwikkel daar gedurende die sestigerjare sterk kritiek teen die strukturalisme. Met die poststrukturalisme verskuif die aandag van die struktuur van die konvensie na die konvensie van die struktuur. Die begrip struktuur veronderstel 'n bepaalde vorm van stabiliteit en objektiwiteit, wat meebring dat dit maklik bestudeer kan word. Betekenisstrukture is egter moeilik om uit te ken. Daarom onderskei die poststrukturalisme tussen teksstruktuur en teksbetekenis.

As deel van die poststrukturalisme is diskussies omtrent die bepaling van die struktuur van betekenis, veral geleë in die dekonstruksiefilosofie, ideologiekritiek en empiriese literatuurwetenskap. Gegrand op die fenomenologiese tradisie, lê die dekonstruksiefilosofie “die nadruk op het ondermijnende verskil dat het vastleggen van een betekenisstruktuur belemmert, ja zelfs onmogelijk maakt. Betekenissen liggen nooit vast, ze zijn altijd op drift, van de ene tekst na de andere. Daar is geen structuur tegen opgewassen” (Van Heusden, 2001:86).

“De doel van de deconstructivisme is inzicht te verkrijgen in de opbouw van afzonderlijke teksten, en aan te tonen dat elementen die door een tekst als secundair worden aangemerkt juist de voorwaarde voor betekenis vormen.”
(Chr. Van Boheemen-Saaf, 1985:231)

Derrida (1966) dui aan dat dekonstruktivisme onder andere gerig word deur die ondersoek van “de conceptuele teenstellings in die retorische opbouw van een tekst, en de wijze waarop de onderbouw – de patrone en onderlinge verhoudings

ervan – de directe eenduidigheid van een tekst ondermijn” (Chr. Van Boheemen-Saaf, 1985:235).

“In plaats van de traditionele lezing die ervan uitgaat dat de tekst betekenis *weergeeft*, beoog deconstructivisme – dat er immers van uitgaat dat tekst betekenis *produceert* – aan te tonen hoe de betekenis, de betekenis die een tekst nadrukkelijk aan de lezer wil ‘verkopen’, berust op een retorische constructie.”

(Chr. Van Boheemen-Saaf, 1985:235)

Belangrike insigte van Barthes (1915-1980) sluit hierby aan wanneer daar onderskei word tussen 'n werk en tekste. Twee soorte tekste word onderskei: 'n leesbare teks en 'n skryfbare teks, wat een werk kan wees. 'n Leesbare teks veronderstel 'n leesproses wat ingestel is op gemak en genot, terwyl by die skryfbare teks die leser die tekst as't ware aktiveer deur dit as konstruksie of betekenisproses te benader. Beide soorte tekste kan egter in een werk opgesluit wees; die soort teks wat geproduseer word, sal afhang van die leeshouding van die leser.

Barthes (2001:280-287) gaan van die standpunt uit dat:

- “1. De Tekst mag niet worden opgevat als een meet- of tastbaar object (...) De Tekst is niet de ontbinding van het werk, het is het werk dat het imaginaire verlengstuk van de Tekst is.
2. Evenzo stopt de Tekst niet bij (goede) literatuur; het is onmogelijk de tekst op te sluiten binnen een hiërarchie en zelfs niet binne een gewone opdeling in genres (...) je kunnen zeggen dat de Tekst altijd *paradoxaal* is.
3. We benaderen en ervaren de Tekst in relatie tot het taalteken (...) De Tekst houdt zich zover moogelijk van het betekenaar, de Tekst schuift het betekende voor zich uit: zijn domein is dat van de betekenaar (*significant*) (...) Aldus wordt de Tekst aan de taal teruggeschonken: net as de taal heeft de Tekst een structuur, maar geen middelpunt, evenmin wordt hij afgesloten.
4. De Tekst is meervoudig (...) Het meervoud van de Tekst hangt niet af van de dubbelzinnigheid van zijn inhoud, maar van wat aangeduid zou kunnen worden als de *stereofonische meervoudigheid* van de betekenaars die de tekst aan elkaar weven.

5. Het werk zit vast in een process van afstamming. De auteur gaat door voor de vader en eigenaar van zijn werk (...) De Tekst daarentegen kan men lezen los van de inscriptie van de Vader.
6. Een werk is iets dat gewoonlijk wordt geconsumeerd (...) De afstand die schrijven en lezen scheidt is historisch bepaald. De Tekst lijkt heel veel op dit nieuwe type partituur: hij eist gerichte medewerking van de lezer.
7. Dit brengt me ertoe een laaste benadering van de Tekst voor te stellen: die van *plezier* (...) Een werk kan (althans sommige werken kunnen) zeker plezier verschaffen; (...) De Tekst daarentegen heeft te maken met *genot* (*jouissance*), met *extase*, oftewel met plezier zonder scheiding. De Tekst is van dezelfde orde als de betekenaar en daarom deelt hij op zijn manier in een sociale utopie.”

Die onderliggende konvensies waarvolgens 'n literêre teks funksioneer, word hierdeur sigbaar, maar Barthes se insigte word in 'n mate ook deur die literatuursosiologie onderskryf. Literatuursosioloë sluit aan by die bevraagtekening van die struktuur van betekenis. Verskillende literatuurbenaderings, naamlik die marxisme, feminisme, nuwe historisme en postkolonialisme, word van mekaar onderskei op grond daarvan dat betekenistoekenning telkens vanuit 'n ander hoek geskied (kyk Van der Merwe & Viljoen, 1998:148-171). As gemeenskaplike uitgangspunte tussen dié verskillende rigtings van literatuurkritiek, dui Verdaasdonk (1985) aan dat die toekenning van betekenis aan tekste, ook as deel van literatuursosiologiese benaderings, sentraal staan.

Hier sou sprake wees van 'n teksgerigte vorm van literatuursosiologie. Daar word gekonsentreer “op de ordening na soort en die naar kwaliteit waaraan instituties die literaire werke beoordeel het literaire aanbod onderwerpen” (Verdaasdonk, 1985:177). Hiervolgens berus literatuursosiologie op 'n bepaalde visie of kyk op die samelewing wat uit die literêre teks afgelei kan word.

“Onder ‘betekenis’ verstaat men daar de kyk op maatschappelijke verskijnselen die uit een literaire tekst zou zijn te extrapoleren. Het toekennen van betekenis aan een literaire tekst is voor de (zeer grote) groep literatuursociologen die ik hier op het oog heb, de reconstructie van deze kyk.”
(Verdaasdonk, 1985:177)

Daar word eerstens van die veronderstelling uitgegaan dat die rekonstruksie wat plaasvind, dié is van 'n kyk of visie op maatskaplike verskynsels wat op 'n spesifieke wyse in die literêre teks aangebied word.

“Geïmpliceerd word dat die wyse kenmerkend is voor de literatuur uit bepaalde periode; vervolgens, dat zij voorkomt uit bepaalde maatschappelijke ontwikkelingen die in deze periode plaatsvonden.”
(Verdaasdonk, 1985:118)

'n Tweede veronderstelling en een wat waarskynlik die belangrikste rol speel by die rekonstruksie van die kyk of visie op maatskaplike verskynsels wat in geskrewe tekste vervat is, is die siening dat hierdie visie as 'n vorm van kennis geïnterpreteer moet word.

“Al naar gelang deze kennis ‘juist’ of ‘onjuist’ wordt geacht, spreekt men binnen de gangbaren literatuursociologie een positief of negatief waardeoordeel over de tekst als vorm van literatuur.”
(Verdaasdonk, 1985:118)

Hiermee word aangesluit by 'n verdere gemeenskaplike uitgangspunt van literatuursosioloë, naamlik dat die begrip ideologie as konsep 'n belangrike rol in literatuursosiologie as benadering speel (kyk 3.5). Die ideologiekritiek word gebaseer op insigte van onder andere Bachtin (1895-1975). Hy sluit by Volosjinov (1928) se marxisties gedrewe taalfilosofie aan, waar taal slegs as sosiaal en ideologies beskou word.

As 'n rigting in die literatuursosiologie het hierdie siening daartoe bydra dat besprekings oor die sosiale aspek van die literatuurwetenskap gewoonlik met marxistiese perspektiewe in verband gebring word, soms positief en soms negatief. Hall (1979) beklemtoon 'n siening wat vandag as 'n algemene kenmerk van die literatuursosiologie aanvaar word:

“Marxism, of various kinds, has dominated sociological discussions of literature.”
(Hall, 1979:2)

Verskeie konsepte word hiermee deel van literatuursosiologie. In die ondersoek oor die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse kanon, sal konsepte soos intertekstualiteit, wedersydse beïnvloeding tussen literatuur en die samelewing as werklikheidskonteks (ook gesien as realisme) en hegemonie (wat verwys na magsverhoudings in die samelewing), aandag geniet.

Alhoewel al hierdie konsepte deel is van uitgebreide sienings wat daar omtrent elkeen bestaan, oorvleuel hulle dikwels en kom hulle juis in die ideologiekritiek as literatuursosiologiese beskouing bymekaar.

Ideologiekritiek, veral in die vorm van feminisme en postkolonialisme, wat gedurende die voorafstudie op die voorgrond getree het, vestig die aandag op die betekenisstruktuur as sosiale feit (kyk 2.1). Daar word veronderstel dat 'n betekenisstruktuur nie 'n gegewe is nie, maar 'n konstruksie wat die een of ander sosiale belang of ideologie dien. Met behulp van betekenisstelsels, wat nie altyd as sodanig uitgekien of as die teenwoordigheid van 'n spesifieke ideologie herken word nie, word magsverhoudings, soos dié tussen mans en vroue, gelegitimeer en in stand gehou (kyk 3.5 en hoofstuk 4).

Verder word aanvaar dat ideologie as 'n saambindende faktor in die samelewing dien – dit kan negatiewe voorveronderstellings, maar ook positiewe voorveronderstellings impliseer. Byvoorbeeld, as deel van die patriargale ideologie hoef dit nie noodwendig die negatiewe, naamlik onderdrukking, te veronderstel nie, maar kan dit ook “teenoor 'n positiewe ideologie van bevryding” geplaas word (Van der Merwe & Viljoen, 1998:148). As ideologiekritiek kan een of ander vorm van feminisme deel uitmaak van tekste en wel in die vorm van ideologiese voorveronderstellings. Patriargale voorveronderstellings word in literêre tekste verskans deur dié tekste met patriargale ideologiese voorveronderstellings van die een of ander aard te laai (kyk 3.5).

As deel van betekenisstoekenning moet daar volgens Bachtin (1895-1975) gefokus word op betekenis as sosiale feit. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die skrywer as spreker aan die woord van sy geskrewe teks “een geweldige invloed op het leven van alledag heeft” (Bachtin, 2001:123).

“Dit is het belang van de spreker en zijn taalgebruik als onderwerp op alle gebieden van het alledaagse, als mede verbal-ideologiese, leven. Op basis van ons betoog zou men kunnen concluderen dat er in de samestelling van bijna elke taaluiting van een sociaal persoon – variërend van een kort antwoord in een terloopse dialoog tot grote verbaal-ideologische werken (literaire, wetenschappelijke en andere) – behoorlijk veel woorden voorkomen waarvan men al dan niet openlijk toegeeft dat ze een ander toebehoren, woorden die bovendien op legio verschillende manieren worden doorgegeven. In de arena van bijna elke taaluiting vindt een krachtige wisselwerking en botsing plaats tussen eigen en andermans woorden, een process waarbij ze tegenover elkaar staan of elkaar wederzijds dialogisch tot leven brengen.”
(Bachtin, 2001:136)

Hiervolgens word veronderstel dat dit wat 'n spreker sê of 'n skrywer skryf, alreeds vantevore op die een of ander wyse en wel op 'n vergelykbare wyse, gesê of geskryf is. Volgens intertekstualiteit reageer skrywers altyd op bestaande tekens en tekste; tree hulle in gesprek met ander deur middel van taal en wel deur mekaar se taal te praat en oor en weer op mekaar se taal te reageer. Dit kan gebeur met die taal van die omgewing, met die taal van die tyd, maar ook met die taal van 'n genre en die taal van ander literêre tekste.

Hierdie taalgebruik kan vervat wees in enige prosateks wat daarop aanspraak maak om op 'n sekere tyd of plek as literêre teks gereken te word, want daar word gereken dat 'n teks “geen literêre werk” is nie, “maar word op 'n sekere tydstip, binne 'n sekere (dikwels vaagomlynde) gebied as sodanig beskou” (Van Coller, 1983:103). Literêre tekste word “een direct, eenstemmig voertuig om iets uit te drukken” (Bachtin, 2001:136).

Bachtin vestig die aandag op literatuur as 'n taalbeeld van 'n maatskaplike werklikheid. Wanneer Bachtin veronderstel dat taal altyd eers sosiaal is, veronderstel dit ook dat die betekenis van literatuur, intertekstueel is. Hiervolgens ontleen literêre tekste hul betekenis nie slegs aan die gebruik van spesifieke kodes nie, maar aan 'n komplekse samespel met ander soortgelyke, ideologies geïnspireerde tekste. Julia Kristeva (1965) sluit aan by Bachtin deur aan te dui hoe intertekstualiteit bestaande konvensies deurbreek en tekste dubbelsinnig maak, en wel om sodoende die hegemonie van die dominante kodes teen te gaan. Hierdie kodes is nooit neutraal nie – dit staan altyd óf in belang van óf as verteenwoordigend van 'n ideologie.

Ook Foucault (1926-1984) dui aan dat taal gebruik word om mag uit te oefen en dat hierdie mag gebruik word om kennis te organiseer en oor te dra. Die feit dat “iets” bespreek word; wie aan die woord is; die institusie wat daardeur verteenwoordig word; die wyse waarvolgens hierdie iets in woorde vervat is, asook die perspektief, speel 'n rol in die vasstelling of bepaling van wat as kennis beskou kan word. Deur middel van kennis word spesifieke ideologiese belange oorgedra en dikwels ook sonder dat die ontvangers daarvan, in dié geval lesers as talige tekengebruikers, dit besef. Die aandag word dus gevestig op maatskaplike verhoudings wat deur literatuur as betekenisstelsel uitgedruk en dikwels ook onderhou word.

Foucault vra nie wie is die skrywer nie, maar “wat is een auteur”. Die begrip skryf “lijk echter de empirische kenmerken van de auteur om te zetten in een transcendentale anonimiteit” (Foucault, 2001:262).

“De auteursnaam dient om een bepaalde versijningsvorm van discours te karakteriseren: het feit dat een discours een auteursnaam heeft, dat men zeggen ‘dit is geschreven door die en die’ of ‘die en die is de auteur van’, toont aan dat dit discours geen gewone, alledaagse spreektaal is die komt en gaat, en onmiddellijk geconsumeerd moet worden.”
(Foucault, 2001:265)

Foucault bepleit ’n vorm van kultuur waarin fiksie nie beperk word deur die “vergestalting” of idee wat daar van die skrywer bestaan nie, maar waar dit eerder gaan oor ’n taaluiting wat op ’n bepaalde wyse vanuit ’n gegewe kultuur benader moet word. ’n Bepaalde status word deel van die “auteursfunctie”, wat op sy beurt weer “redenen die te maken hebben met de ‘ideologiese’ status van de auteur” (Foucault, 2001:267).

“De auteursfunctie is derhalwe kenmerkend voor de versijningsvorm, het circuleren en functioneren van bepaalde discourses binnen een maatschappij.”
(Foucault, 2001:265)

Vir die doeleindes van hierdie studie, is dit nodig om van Foucault se insigte kennis te neem, veral wanneer die posisie-inname van skrywers, in dié geval die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon, ondersoek word. Literêre betekenistoekenning kan ook in die skrywer of outeur as konsep opgesluit lê en wel deur die gebruikmaking van ’n maatskaplike diskoers. Sodoende word dit moontlik om sekere magsverhoudings in stand te hou én om sekere sosiale groepe uit te sluit van die magposisie – in die geval van die literêre kanon as magskonstruksie (kyk hoofstuk 3).

Krupat (1989) omskryf die kanon soos volg:

“(T)he canon is taken simply as the name for the body of texts which best performs in the sphere of culture the work of legitimating the prevailing social order: canonical texts are, as they always have been, the most useful for such a purpose (although the modality of their usefulness, may, of course, alter with time). To understand their contents is largely to accept the world view of the socially dominant class; to apprehend their form is to fail to perceive that acceptance as such. Sympathetic contact with these texts tends mostly – although not always or exclusively – to contribute to that ideological conditioning, the production of that consciousness, necessary to conform one willingly to one’s – usually subordinate – class position in society.”
(Krupat, 2005:155)

Volgens February (1998) het “periodisering en die analise van die Afrikaanse taal en letterkunde (...) altyd geskied vanuit ’n bepaalde ideologiese gesigspunt” (February, 1998:3). Hiermee word veronderstel dat die Afrikaanse taal en letterkunde konseptueel as konstruksie die gevolg is van ’n proses van seleksie en klassifikasie op grond van sekere ideologiese veronderstellings. Daar word aangesluit by die marxistiese literêre kritici se idee van ideologie as ’n “system of ideas and representations which dominate the mind of a man or a social group” (Althusser, 1971:149). Verder is ideologie volgens Althusser “het geheel van voorstellingen dat de mensen hebben over de manier waarop zij in relatie staan tot de werkelijkheid” (kyk ook Van Luxemburg et al., 1983:97).

Binne ’n literatuursisteem word die teenwoordigheid van sekere sosiale groeperinge se siening van die werklikheid as deel van die diskoers veronderstel. ’n Ideologies gerigte diskoers artikuleer “the interests of a particular social group or organization and opposes the interests, classifications, definitions, and narratives of other groups in an historical *socio-linguistic situation*” (Zima, 1999:200).

As deel van die literatuurwetenskap is daar al verskeie pogings aangewend om ideologie as konsep te definieer. Zima (1999) vat verskeie standpunte omtrent ideologie, onder andere dié van Benjamin (1936), Marx (1971), Althusser (1977, 1983), Bachtin (1981) en Foucault (1980) saam in ’n teoretiese abstraksie, naamlik die “sociolect”:

“(I)deologies can be considered as collective languages or *sociolects* which are – at least partly – made up of specific vocabulary or lexical repertoires, specific modes of classification (taxonomies), and specific narrative structures or discourses. It could be argued that *sociolects* do not exist as such but only as discourses spoken in everyday life by individuals, groups or organizations.”
(Zima, 1999:200)

Kultuur word gekonseptualiseer as verweef met alle sosiale praktyke. Dit is onder andere Pierre Bourdieu wat die sosiologie van kultuur beskryf as “a systematic attempt to explain cultural patterns along with aesthetic norms and values as results of economically, socially, and politically sanctioned (institutionalized) power structures” (kyk Zima, 1999:ix, x).

“De literatuurwetenskap dient een beter begrip van de cultuur. Literatuur is immers gedurende lange tijd een belangrijk instrument geweest waarmee cultuur werd overgedragen. Het kan zijn dat de literatuur de dominante ideologie bevestigt, maar het is ook moegelijk dat zij deze juist

ondermijn. Literatuur word tot een vertoog naast, tussen en in andere vertogen, en de literatuurgeschiedenis tot een integrale deel van de kultuurgeschiedenis, waarbij die nadruk kom te liggen op 'liefde en macht', dat wil zeggen, op sosiale verhoudingen soos die vorm krijgen in het literaire taalgebruik."

(Van Heusden, 2001:93,94)

Hieruit spruit 'n siening voort wat as die belangrikste literatuur-sosiologiese beskouing gesien kan word of as die grootste gemene deler tussen die marxisme, feminisme, nuwe historisme en postkolonialisme: naamlik dat die teks 'n reaksie op die maatskaplike konteks is. Lukács (1885-1971) stel dit so:

"De politieke en maatschappelijke bevrijding van die wereld ontvouwt zich steeds krachtiger, maar die nevels van die reaksie vertroebelen nog altyd het denken van groter volksmassas. Deze situasie legt een grote verantwoordelijkheid op aan die literatuur. Een heldere politieke en maatschappelijke visie is voor die skrywer niet voldoende; voor hem is die literair heldere kijk eweneer onmisbaar."

(Lukács, 2001:21)

Lukács word as die bekendste literatuursosioloog van die klassieke marxistiese rigting beskou. Net soos Bachtin sien hy die roman as die verbeelding van die sosiale werklikheid, eerder as wat dit die verbeelding van individuele of persoonlike lewens is. Volgens Lukács is die sosiale aspek van literatuur egter nie in die taal as teken geleë nie, maar in die wese van die mens. Hy ontwikkel die begrip "type", wat hyself eerstens beskou as "(d)e sentrale kategorie en die criterium van die realistiese literatuuropvatting" en dit tweedens verduidelik as: "met betrekking tot karakter en situasie het tipiese romanpersonage een besondere sintese, waarin die algemene en die individuele organiesch isj samengevaten" (Lukács, 2001:13).

"Het type word niet tot type op grond van die feit dat die tot die doorsnee behoort, ook niet door die strik – soos altyd verdiepte – individuele karakter, maar doordat in hem alle menselike en maatschappelike wezenlike, bepalende momente uit een hoofstuk van die gesiedenis saamenkomen en elkaar kruisen, doordat die vormgeven van tipiese karakters die momente toont op die hoogtepunt van die ontwikkeling, in die uiterste ontplooiing van die moegelikheden die in die bergen, in die ekstremste uitbeelding van extremen, die die toppen en grenzen soos van die totale mens als van die tydperk veraanschouwelijkt."

(Lukács, 2001:13)

Lukács plaas druk op die skrywer as skepper van literêre werke en wel op die wyse waarop die sosiale werklikheid of die maatskappy deur skrywers in hul werke of

tekste weergegee word. Realisme veronderstel volgens hom eerstens dat die skrywer meer as die sosiale werklikheid van sy tyd moet weergee; tweedens moet die skrywer as skepper van die literêre teks daartoe in staat wees om hom- of haarself die kragte te verbeel wat op hierdie werklikheid sal inwerk om die nodige verandering mee te bring; en derdens moet literatuur, en spesifiek die literêre teks, in staat wees om sosiale konflikte van die tyd te verenig.

“Als dogmatisch marxistiese criticus was Lukács van mening dat de skrywer zich geëngageerd moest opstellen en zich moest inzetten voor de verbetering van de maatschappij.”
(Van Luxemburg et al., 1983:97)

Vanuit hierdie perspektief wil dit voorkom of literatuur ten doel kan hê om soms ontstellend of selfs destabiliserend op bestaande betekenis in die samelewing in te werk. Volgens Lukács het die skrywer 'n funksionele rol van “realistiese artistieke vormgewing”. Hierdie begrip wys “op die betekenis van het ware realisme: de honger naar werkelijkheid, het werkelijkheidsfanatisme van de grote kunstenaar, en de morele kant daarvan: de literaire eerlijkheid” (Lukács, 2001:17, 18).

“Realisten als Balzac, Stendhal en Tolstoj gaan in hun diepste vraagstelling altijd uit van de grootste actuele problemen van het volksleven, hun literair pathos is steeds doorgloed van het op dat moment pijnlikste leed van het volk; dat bepaalt het onderwerpen de richting van hun liefde en hun haat en daardoorheen: en hoe zij in hun literaire verbeelding waarnemen.”
(Lukács, 2001:19)

As deel van die realisme as literêre stroming in die literatuurwetenskap, bestaan daar ook in die Suid-Afrikaanse literatuursisteem 'n algemene opvatting dat kuns die werklikheid moet weerspieël. Aansluitend by die voorafstudie van die navorsing, dui ook Van der Merwe en Viljoen (1998) daarop dat die “Suid-Afrikaanse Engelse skryfster Olive Schreiner (1855-1920) 'n sterk pleidooi vir hierdie idee gelewer” het (Van der Merwe & Viljoen, 1998:36). In die voorwoord tot die tweede uitgawe van haar roman *The Story of an African Farm* (1883), skryf sy onder 'n skuilnaam (Ralph Iron):

“It has been suggested by a kind critic that he would better have liked the little book if it had been a history of wild adventure; of cattle driven into inaccessible ‘kranzes’ by Bushmen; ‘of encounters with raven lions, and hair-breadth escapes’. This could not be. Such works are better written in Piccadilly or in the Strand: there the gift of the creative imagination

untrammèd by contact with any fact, may spread their wings. But, should one sit down to paint the scenes among which he has grown, he will find that the facts creep in upon him. Those brilliant phase and shapes which the imagination sees in far-off lands are not for him portray. Sadly he must squeeze the colour from his brush, and dip it into the grey pigments around him. He must paint what lies before him.”

Dit is egter nie slegs die barre, grys Karoo wat as ruimte deel uitmaak van haar teks nie. Die realiteit van die onderdrukkende posisie waarin die Suid-Afrikaanse vrou haar bevind, vorm die kern van wat as 'n feministies georiënteerde teks beskou kan word. Schreiner (1883) skroom nie om deur haar kuns die werklikheid te weerspieël nie. Sy doen dit deur die minderwaardige posisie van vroue in die patriargale verhouding as sosiale werklikheid oop te skryf (kyk 3.5).

Zima (1980) bespreek “de verskillende rictingen in de literatuursociologie, om te eindigen met een pleidooi voor een structurele opvatting, waarin de literaire structuren worden gezien als reactie op maatschappelijke structuren” (Van Luxemburg et al., 1983:107, 108). Alreeds gedurende die vyftigerjare gaan Lukács (1951) uit van dié standpunt:

“Nooit tevoren had de wereld een realistische literatuur zo hard nodig als vandag.”
(Lukács, 2001:20)

Volgens Lukács is sodanige realistiese literatuur funksioneel vir die samelewing en word dit gekoppel aan die sosiopolitieke omstandighede van die tyd. Lukács motiveer sy stelling verder deur te sê dat “het grote realisme is geroepen om in de democratische vernieuwing van de naties een ongekende leidende rol te speel” (Lukács, 2001:20). As deel van 'n histories-materialistiese literatuursosiologiese beskouing, “kent men aan literatuur in feite twee uiteenlopende functies toe: literatuur moet waarheidsgetrou weergeven wat zij tegelijkertijd dient te verander” (Van Luxemburg et al., 1983:99).

Sedert die sewentigerjare gebeur dit wêreldwyd dat die demokratiseringsproses “met 'n groot vaart aan die gang kom; professore val en studente staan op. Laasgenoemdes eis 'n groter 'maatskaplike relevansie' van die wetenskap, 'n eis waarop die wetenskap, en seker die literatuurwetenskap, nie voorbereid was nie” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:140). Gedurende die sewentiger- en tagtigerjare begin Afrikaanse vroueskrywers tekste skryf wat tematies gerig word op die leefwêreld van die vrou en haar menswees, en haar strewe na bevryding. Afrikaanse

tekste word sterk feministies gerig. Gedurende die negentigerjare word dit 'n algemene tendens (kyk hoofstuk 4).

Ook binne die Afrikaanse literatuursisteem was die tyd nou ryp vir 'n nuwe benadering tot ondersoek in die literatuurwetenskap. Aan die een kant het die aard van die tekste daarvoor gevra; terwyl aan die ander kant die sosiopolitieke klimaat onderhewig was aan druk vir verandering. Sötemann (1985) dui in sy artikel "Vier poeticas" aan dat literatuurteorieë gelei word deur die wisselende aard van tekste wat as studie-objek ondersoek word. Hierdie opvatting veronderstel dat die literêre teorie nie 'n lukrake verskynsel is nie, maar gevorm en bepaal word deur die literatuur van die tyd.

Dit wil voorkom of veranderinge in die aard van literêre tekste ook verandering vra ten opsigte van die teorieë waarmee dit ondersoek word. Sonder die noodwendige verabsoluttering daarvan, steun die literatuur vandag sterk op die bestudering van die sosiale aspek van die Afrikaanse literatuur soos dit binne die nuwe Suid-Afrikaanse samelewing as deel van wat moontlik demokratiese kultuurvorming genoem kan word, voorkom. Onder invloed van die sosiologiese omstandighede word 'n duidelike paradigmatverandering gesien in die benaderingswyses waarmee Afrikaanse literatuurwetenskaplike ondersoek aangepak word.

Aan die einde van die negentigs verskyn 'n toonaangewende literatuurwetenskapshandleiding (in Afrikaans), *Alkant Olifant – 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap* (1998) deur Van der Merwe en Viljoen. Twee vrae staan sentraal in hierdie boek, naamlik: Wat is die aard van literatuur? en: Wat is die waarde van literatuur? In 'n poging om antwoorde hierop te verkry, word daar na verskillende benaderingswyses tot die bestudering van literatuur gekyk. Uit 'n totaal van ses hoofstukke, word 'n volledige hoofstuk en bespreking afgestaan aan die sosiale aspek van die literatuurwetenskap. Hierdie hoofstuk (5) wat op die "letterkunde en leser, samelewing en psige" fokus, vorm 'n funksionele deel van die boek, terwyl daar ook erkenning gegee word aan 'n benaderingswyse wat tot op hierdie stadium nie werklik deur die Afrikaanse literatuurwetenskap as navorsingsveld gebruik is nie.

"In die vorige hoofstuk het ons vier van die geleerdes van Indostan aan die woord gestel. Die vyfde het hom verwonder aan die oor van die Olifant, lank daaraan gevoel en toe, om heeltemal seker te maak van sy teorie, na die ander kant beweeg en nog 'n oor gevoel. Toe weet hy seker – die literatuur se wesenslike funksie hou verband met sy rol in die samelewing."
(Van der Merwe & Viljoen, 1998:148)

Die afgelope aantal jaar verskyn daar verskeie artikels wat op 'n sistemiese benadering tot die literatuur gebaseer is (kyk ook hoofstuk 3). Enkele voorbeelde van sodanige artikels is die volgende:

- deur Karin Cattel, “Die konstruksie van Afrikaner-nasionalisme, met spesifieke verwysing na N.P. van Wyk Louw” in *Stilet*, Jg. XII:2, September 2000;
- deur Van Coller, “N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder” in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, deel 1 – 41/1 en deel 2 – 41/2, 2001;
- asook “Is Leroux 'n vergete skrywer?” in *Stilet*, XVI:1, Maart 2004;
- en, “Some margin notes to the writing of an Afrikaans literary history” in *Stilet*, Year XIII:2, June 2001;
- deur Van Coller en Odendaal, “S.J. Pretorius: 'n miskende digterskap?” in *Stilet*, Jg. XVII:1, Maart 2005;
- asook “Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme” deel 1 en 2 in *Stilet*, Jg. XVII:3, September 2005.

Al hierdie artikels volg 'n sistemiese werkwyse waar “the positivistic collection of data, taken *bona fide* on empiricist grounds and analysed on the basis of their material substance, has been replaced by a *functional* approach based on the analysis of *relations*” (Even-Zohar, 1979:288). Onderzoek na sosiale verhoudings staan sentraal – die sosiale aspek maak 'n belangrike deel van literatuurwetenskap uit. Tans word ondersoekmetodes gedra deur literatuursosioloë se benadering tot die ondersoek van betekenisprosesse in die literatuurkritiek. Onderzoek na die maatskaplike posisie van skrywers of die literêre prestige waaroor hulle beskik; na die beleid van uitgewers; na literêre kritiek in tydskrifte en resensies; na literatuuronderwys en -beleid; na die toekenning van literêre pryse, maak vandag deel uit van die wyse waarop literatuur binne die samelewing geproduseer word, asook die wyse waarop dit betekenis en waarde verkry.

2.3 RESEPSIE-ONDERSOEK

Mooij (1985) dui aan dat daar “eenheid *en* veelheid” bestaan in die benaderingswyses tot literatuuronderzoek. In die literatuurwetenskap bestaan daar “veelheid” om te aanvaar dat “de literatuur vanuit verskillende gezichtspunten en in verskillende samehangen” (Mooij, 1985:287) bestudeer word. Tans bestaan daar eenheid in die siening dat die sosiale konteks 'n prominente deel uitmaak van “het literaire

communicatieproses”, ’n proses wat “zich afspeelt tussen vier groothede (auteur, tekst, lezer en maatskappij)” (Segers, 1985:8).

Die sosiale konteks as deel van die literêre kommunikasieproses word veral sedert die middel van die twintigste eeu as literatuurbenadering deur die resepsie-estetika ondersoek. Die funksionaliteit van die sosiale konteks as deel van literatuurondersoek tree egter eers daadwerklik teen die einde van die twintigste eeu in werking. Binne die raamwerk van die resepsie-estetika word die aandag gerig op die werking en resepsie van die teks. “Eenheid” bestaan veral in die besef dat die literêre kunswerk as objektiewe gegewe nie bestaan nie.

“The literature work is in terms of structural esthetics conceived of as an esthetic sign directed to the audience. We must thus constantly keep in mind not only its existence but also its reception; we must remember that it is esthetically perceived, interpreted and evaluated by the readership. It is first by being read that the work manifests itself esthetically, that it becomes an esthetic object in the consciousness of the reader.”
(Vodicka, 1942:71)

Hiermee bou Vodicka voort op Mukarovsky (1891-1975) se idee dat die estetiese funksie van die teks voortdurend onderhewig is aan verandering na gelang van die sosiale norme van die lesers. Mukarovsky (1977) onderskei tussen die teks as artefak en die teks as estetiese objek. As materiële artefak beskik die teks oor ’n potensiële estetiese funksie wat as estetiese objektiewe waarde na vore kom. Estetiese objektiwiteit gebeur wanneer interaksie tussen die leser, sy samelewing en die materiële teks as teken plaasvind. Resepsie dui ook op “reproduksie, verwerking, aanpassing, assimilasië en die gestaltegewing of konkretisering daarvan deur die leser” (Rossouw, 1992:427).

“Het werk is meer dan de tekst omdat het pas gaat leven als het geconcretiseerd wordt; bovendien is deze concretisering geenzins onafhankelijk van de gesteldheid van de lezer, hoewel deze laatste slechts in overeenstemming met de voorwaarden van de tekst wordt geactiveerd. Het literaire werk bevindt zich dus daar waar tekst en lezer samenkomen.”
(Iser, 2001:221)

Lees is nie ’n passiewe proses nie. Iser (1926-) ontwikkel ’n model wat in aansluiting by die fenomenologiese benadering van Ingarden (1960) funksioneer. Volgens Ingarden (1960) se fenomenologiese literatuurteorie word daar tydens die analise van die literêre werk nie alleen rekening gehou met die “eigenlijke tekst” nie,

“maar ook, en in gelijke mate, met de handelingen die worden uitgevoerd om de tekst te interpreteren” (Iser, 2001:220):

“Roman Ingarden stelde daarom de gelaagde structuur van de literaire tekst tegenover de manieren waarop ze kan worden geconcretiseerd. De tekst op zich houdt volgens hem slegs enkele ‘geschematiseerde perspectieven’ paraat waardoor het onderwerp van het werk aan het licht komen. Het eigenlijke aan-het-licht-bringen is een daad van concretisering.”
(Iser, 2001:220)

Konkretisering veronderstel volgens Ingarden (1960) ’n “proses van akkommodasie en assimilasie – akkommodasie vind tydens die leesproses plaas wanneer die leser sy verwagtingshorison wysig in die lig van dit wat hy besig is om te lees. Gepaardgaande hiermee vind assimilasie plaas, dit wil sê die leser herorganiseer sy verwagtingshorison as gevolg van sy nuwe leeservaring. Deur die evokering van hierdie twee horisonne kom die estetiese objek in die leser as kommunikasiebasis tot stand en vind aktiewe betekenisgewing deur die leser plaas. Begrip van die teks deur die werklike leser word moontlik deur ’n lesersrol wat in die teks self beslote lê:

“Het is het geheel van tekstuele aanwijzingen bestem voor de werklike lezer, die daarvoor te weten kan komen hoe die tekst gelezen moet worden.”
(Segers, 1980:22)

Iser (1972) dui aan dat die teks steeds die primaat is wat die leesproses stuur, maar die literêre teks word gesien as daardie teks wat oor die vermoë beskik om die leser tot “ware” betekenis-toekenning te dwing. Sodanige teks bevat sekere instruksies wat die leser aktiveer. Die werklike lesers word volgens Iser (1978) ’n lesersrol toegesê, naamlik dié van implisiete leser. Die literêre teks is die estetiese respons van die werklike leser wat deur die toedoen van sy implisiete lesersrol tot stand kom. Hierdie lesersrol maak as deel van die tekstuele struktuur betekenisgewing moontlik. Sodanige gestruktureerde handeling is betekenisvormend.

“De analyse van het leesproces heeft ons tot nu toe doen inzien dat er drie belangrijke aspecten zijn die de verhouding tussen tekst en lezer grondvesten. Het lezer ontvouwt de tekst door anticipatie en terugkoppeling, en krijgt zo het karakter van een gebeurtenis die de indruk wekt gebaseerd te zijn op werkelijke leven.”

(Iser, 2001:239)

As fenomenoloog is Iser veral geïnteresseerd in die leesproses as ervaring. As konkretiseerder (Ingarden 1931) van die teks, kan alleen die werklike leser (Iser 1978), ook beskryf as die werklike historiese leser, uitsluitel gee oor resepsie-estetiese aangeleenthede. Die werklike leser “vormt de toetssteen van receptie-esthetische hypothesen” (Segers, 1980:113).

“De betekenisopbouw die tijdens het lezen van een literaire tekst plaatsvindt, leidt daarom niet alleen – zoals we eerder hebben uitgelegd – tot de ontdekking van het ongeformuleerde, dat vervolgens kan worden opgenomen in de actieve verbeelding van de lezer; de betekenisopbouw laat ook zien dat in het formuleren van het ongeformuleerde de mogelijkheid ligt om onszelf te formuleren, en op deze manier te ontdekken wat tot dan toe aan ons bewustzijn leek te ontsnappen.”
(Iser, 2001:243)

Beide Ingarden en Iser se belangstelling in die leser was beperk tot die leser in die teks. Iser se verklaring van die begrip onbepaaldheid of *unbestimmtheit* vorm egter 'n noodsaaklike bousteen van resepsie-ondersoek omdat dit die onbepaaldheid is wat die leser tot betekenisvorming of betekenistoekenning dwing.

“In die zin biedt literatuur de kans om door het formuleren van het ongeformuleerde onszelf te formuleren.”
(Iser, 2001:243)

'n Lesersreaksie word geaktiveer. Volgens Jauss (1921-1997) word die literêre teks ondersoek “vanuit dien lezersreakties die naar aanleiding van deze tekst gegeven worden” (Segers, 1974:392). Resepsie van die teks word die studie-objek van die resepsie-estetika. Terwyl Iser belangstel in die kognitiewe verbinding tussen die teks en die leser tydens die leesproses as resepsie, is Jauss geïnteresseerd in resepsie van die teks deur historiese lesers. Literatuurgeskiedenis bestaan volgens Jauss nie uit literêre feite nie, want dit “blijft beperkt tot de gesloten cirkel van een productie- en uitbeeldingsethetica” (Jauss, 2001:185).

Volgens Jauss moet literatuurgeskiedenis eerder gesien word as 'n literêre gebeurtenis, waar die ervaring daarvan opgesluit lê in die resepsie én produksie van die leser. Met hierdie uitgangspunt speel Jauss sedert die einde van die sestigerjare 'n leidende rol in resepsie-ondersoek. Jauss (1967) poog om 'n verbinding tussen marxistiese en formalistiese literatuurbenaderings te bewerkstellig. Hy sien dit as 'n

uitdaging om “een brug te slaan over de kloof tussen literatuur en geschiedenis, historische en esthetische kennis”:

“De uitdaging waar de literatuurwetenskap op dit moment voor staat, is mijns inziens het weer oppakken van het probleem van de literatuurgeschiedenis, dat is de strijd tussen de marxistiese en de formalistiese metode is blijven liggen.”
(Jauss, 2001:185)

Jauss is van mening dat dit nodig is om die sosiale funksie van literatuur by literatuurondersoek te betrek. Hy formuleer ’n interpretasiemodel wat veronderstel dat tekens en tekste sosiale konvensies is wat in ’n kommunikasieproses ingebed is. Deur resepsie word die sosiale geskiedenis deel van literatuur, maar ook deel van die resepsieprodukte van literatuur. Skrywers moet volgens dié uitgangspunt ook as lesers gereken word. Literêre tekste funksioneer nie onafhanklik van lesers nie, en lesers maak almal binne ’n sekere sosiale raamwerk deel van die geskiedenis uit.

“De relatie tussen literatuur en publiek behelst meer dan dat ieder werk zijn eigen, historisch en sociologisch af te baken publiek kent, dat ieder schrijver afhankelijk is van het milieu, de voorstellingswereld en de ideologie van zijn publiek, en dat literair success alleen toevalt aan een boek dat tot uitdrukking brengt wat de groep verwachtte, een boek, dat aan de groep zijn eigen spiegelbeeld onthul.”
(Jauss, 2001:195)

Wanneer Jauss aandui dat die teks deur die leser as ’n historiese persoon geïnterpreteer word, word dit duidelik dat historiese betekenis nie onafhanklik van die historiese leser bestudeer kan word nie. Tussen literatuur en die leser bestaan ’n verhouding wat sowel estetiese as historiese van aard is, maar wat ook estetiese sowel as historiese implikasies inhou.

“Het historische leven van het literaire werk is niet denkbaar zonder de actieve bijdrage van zijn geadresseerde. Want pas deur diens bemiddeling word het werk opgenomen in de veranderende ervaringshorison van een kontinuïteit waarin zich de voortdurende transformasie voltrekt van simpelweg lezen naar krities begrip, van passiewe naar actiewe resepsie, van geaccepteerde estetiese norme na nuwe, grensverleggend creëren.”
(Jauss, 2001:187)

Die verwagtingshorison word deur Jauss (1970) gesien as die literêre sowel as die histories-kulturele agtergrond waarmee lesers tekste benader. Twee hoofverwagtingshorisonne word onderskei. Eerstens, die een wat in die teks self vervat

is, en tweedens die verwagtinghorison van die betrokke sosiale konteks of samelewing van die leser wat deur die werk ingedra word. Analise van die leser se ervaring vind plaas deurdat die leser volgens 'n verwagtingspatroon lees. Hierdie verwagtingspatroon waarmee die leser die leesproses aandurf, word opgebou uit drie faktore: eerstens, “dat rond ieder werk op het historiese moment van zijn verschijning wordt opgetrokken uit de bestaande kennis omtrent het genre”; tweedens, “uit de vorm en de tematiek van vooraf bekende literatuur” en derdens “uit de tegenstelling tussen poëtisch en praktisch taalgebruik” (Jauss, 2001:191).

“De estetiese implicatie bestaat erin dat zelfs het primaire savoueren van een literaire werk inhoudt dat de lezer de estetiese waarde toetst aan eerder gelezen teksten. De historische implicatie blijkt hieruit dat de interpretatie van de eerste lezers zich van generatie op generatie in een ketting van recepties kan doorzetten en verrijken, en daarmee ook over de historische betekenis van een werk beslist en zijn estetiese rang zichtbaar maakt.”
(Jauss, 2001:187)

Op grond van vorige leeservarings gaan die leser met dié verwagtingshorison in dialoog met die teks. 'n Gesprek of diskoers kom sodoende tot stand. Volgens Jauss veronderstel die historiese en kommunikatiewe aard van literatuur “een dialogische en tegelijk in de relatie van boodschap en ontvanger, als in de relasies van vraag en antwoord, probleem en oplossing aan de dag treedt” (Jauss, 2001:187). Hiermee word dit moontlik om opeenvolgende veranderende sosiale omstandighede as deel van geskiedskrywing te betrek.

“De gesloten cirkel van een productie- en uitbeeldingsesthetica, waarbinnen zich de methodologie van literatuurwetenschap tot dusverre hoofdsakelijk heeft bewogen, moet daarom worden geopend naar een receptie- en werkingsesthetica, wil er een nieuwe oplossing mogenlijk worden voor het probleem hoe de historische opeenvolging van literaire werken als samenhangende literatuurgeschiedenis begrepen kan worden.”
(Jauss, 2001:187)

Terwyl die geskiedenis gesien word as die opeenvolging van veranderende sosiale omstandighede, word literatuur gesien as die afwisseling van kunsgrepe.

Literatuurgeskiedenis beskryf hierdie verandering, maar dui ook die resepsie van tekste deur lesers in 'n veranderende samelewing of sosiale omstandighede as konteks aan.

Literatuurgeskiedskrywing word 'n weergawe van die dialoog/gesprek of diskoers tussen skrywer en leser. Die relasie teks-leser beteken ook die bestaan van verwagtingshorisonne waar die wisselwerking tussen die teks en die leser beskou word as die punt waar literêre ervaring en lewenservaring nader aan mekaar gebring word. Hierdie estetiese distansie wat tussen die teks en die leser voorkom, is volgens Jauss bepalend vir die estetiese waarde of mate van "literariteit" van die teks. 'n Evaluasiebasis word gevorm wanneer horisonooreenstemming, -opheffing en -omvorming plaasvind.

"De afstand tussen verwagtingshorizon en werk, tussen het reeds vertrouwde van de voorafgaande esthetische ervaring en de 'horizonverschuiving' die het begripen van het nieuwe werk vereist, bepaalt langs receptie-esthetische weg het artistieke karakter van een literair werk (...)." (Jauss, 2001:194)

Alhoewel die verwagtingshorison dit moontlik maak om "die verband tussen die teks en die betekenisgewende gemeenskap waartoe hy behoort" aan te dui, bestaan daar ook fundamentele kritiek daarteen. Eerstens kom dit te staan teenoor "literatuursosiologiese en literatuurpsigologiese modelle" omdat dit "die verhouding tussen literatuur en die werklikheid beskryf sonder dat die teks deur die metodes gereduseer word". Verdere tekortkominge van die verwagtingshorison as deel van 'n evaluasiebasis word soos volg opgesom:

"In die praktyk kry die *verwagtingshorison*, soos ook sy vernaamste toepassing, naamlik die resepsiegeskiedenis, beperkte aandag, omdat resepsiedokumentasie gebrekkig onbetroubaar of inkonsekwent is en omdat die spontane resepsie nóg gedokumenteer nóg bevredigend toetsbaar is. Dit gaan ook mank aan die metodologiese fout wat dit ophef, omdat dit self 'n metode is wat spontane literêre effek reduseer. Dit staan in diens van 'n verestetiserende teksbeskouing wat die wesenlike verskil tussen literatuur en werklikheid en die outonomie van tekste handhaaf." (De Jong, 1992:569)

Volgens Jauss sal die estetiese waarde van die teks egter ook afhang van die mate waarin die werk die leser verras. Daar bestaan geen presiese korrelasie tussen die fenomeen wat in die literêre teks beskryf word en die objekte in die wêreld van die werklike leser se lewe nie. Hierdie verrassingselement sluit aan by Iser se idee van oop plekke of "blanks/gaps", omdat dié verrassingselement *oop plekke* veronderstel. Volgens Iser (1989) dien oop plekke as "a kind of pivot on which the

whole text-reader relationship revolves” (Iser, 1989:34). Oop plekke is funksioneel tydens die leesproses, omdat dit die leser aanmoedig om die teks op sy eie individuele manier te lees, te konfronteer en te konkretiseer. Hoe groter die “verrassing”, hoe waardevoller is die teks.

Resepsie sluit die wyse in waarop die leser die teks lees, die wyse waarop betekenis-toekenning plaasvind, maar ook die wyse waarop ’n sekere waarde daaraan toegeken word. Volgens die resepsie-estetika is kanoniserings deel van resepsie en produksie as lesersreaksie. Die grootte van die verrassingselement dra daarom by tot die toetrede van die teks tot die kanon. Hiervolgens word daar nie gepoog om die bestaande kanon omver te werp nie, maar word daar eerder deur geskiedskrywing voortdurend na kanonvorming gestreef (kyk 3.2).

“Dat de receptiegeskiedenis van individuele werken het uitgangspunt vormt van de geschiedenis van literatuur, zou ertoe moeten leiden dat de historische opeenvolging van werken zó wordt gezien en gepresenteerd dat zij de voor ons relevante samehang van de literatuur als voorgeschiedenis van haar hedendaagse ervaring vaststelt en belicht.” (Jauss, 2001:188)

Dit word duidelik dat die resepsie-estetika poog om op ’n wetenskaplike wyse die kritiek en teorieë van ’n bepaalde periode te bestudeer en wel om die norme en kriteria asook lesersreaksie van die betrokke periode te verwerk. Hiermee word aan die bestudeerder van literatuur “die waarderingsgeskiedenis van ’n bepaalde werk of werke in die verloop van die tyd”, weergegee (Cloete, 1992:266). Gevolglik kan ’n teks se historiese betekenis op ’n bepaalde tydstip vir ’n bepaalde groep lesers redelik presies vasgestel word (kyk 3.3). Literatuurgeskiedskrywing word daarom beskou as ’n kontinue proses van veranderende produksie en resepsie van literatuur. Die resepsie-estetika bou hiermee voort op wat Tynjanov (1894-1943) alreeds vroeg in die twintigste eeu as literêre evolusie identifiseer. Literatuur word beskou as ’n reeks of sisteem wat “gecorreleerd is met en geconditioneerd word deur ander reekse en sisteme” (Tynjanov, 1927:47; kyk 3.1).

Binne die raamwerk van die resepsie-estetika, dui Jauss (1970) egter aan dat die beskrywing van die literêre evolusie “als kontinue stryd van die nuwe met die oue, of as die beurtelinge kanoniseren en automatiseer van vorme”, die historiese karakter van literatuur reduceer “tot die eendimensionale aktualiteit van literaire veranderinge, en beperk die insig in die geskiedenis tot die observeren van sulke veranderinge” (Jauss, 2001:204).

“Gechiedschrijving van de literatuur als ‘literaire evolucie’ vooronderstelt het historiese proses van estetiese reseptie en produksie tot aan het heden van die historikus, als voorwaarde voor die owerdracht (het doorgeven) van alle formele teenstellings of ‘ondersheidende kwaliteite’.”
(Jauss, 2001:204)

Wanneer Jauss van die standpunt uitgaan dat die estetiese waarde ahang van die mate waartoe die teks verras, stel hy dit duidelik dat hierdie verrassing die grootste is wanneer die teks daargestelde norme deurbreek, maar gelyktydig ook ’n antwoord op ’n maatskaplike kwessie kan gee. Die verrassing veroorsaak egter ’n “spanningsverhouding tussen die afwijkende (verniewende) impulsen en die geanoniseerde literaire traditie” (De Geest, 1996:22) wat op normdeurbreking uitloop.

Normdeurbreking is byvoorbeeld deur Anbeek (1990) gebruik in sy bekende Nederlandse literatuurgeskiedenis. Deur op die grotes te fokus en die kleineres te ignoreer, word vernuwing verabsoluteer. Gedurende die sestigerjare word die kwessie van vernuwing ook binne die Afrikaanse prosa deel van ’n debat tussen Opperman en N.P. van Wyk Louw na aanleiding van laasgenoemde se publikasie *Vernuwing in die prosa*. Kritiek deur Opperman was veral dat Louw die “nuwe” vooropstel en nie gehalte nie. Van Coller se kritiek op die werk van Louw sluit aan by Jauss se verwagtingshorison wanneer hy Louw daarvan beskuldig dat hy (Louw) “dit egter onvermeld gelaat (het) dat vernuwing in die prosa ook kan plaasvind deur doelbewuste aansluiting by ander werke (intertekstualiteit) – (...) – doelbewuste deurbreking van die verwagtingshorison van die leser” (kyk Steyn, 1998:948, 949).

“Verniewing is dus niet uitsluitend een *estetiese* kategorie. Faktore as innovasie, verrassing, overtrefen, herordening en vervreemding, waaraan die formalistiese teorie uitsluitend betekenis hechtte, kunnen het niet helemaal verklaren. Verniewing word ook een *historiese* kategorie, wanneer die diachrone analise van die literatuur verder word doorgevoer.”
(Jauss, 2001:203)

Wanneer normdeurbreking egter ook ’n antwoord op maatskaplike kwessies gee, word dit moontlik om, soos Jauss dit sien, ’n brug te slaan tussen die formalistiese en marxistiese benaderings tot literatuurondersoek. Aan die een kant word aangesluit by Tynjanov (1927:47) se idee dat die ondersoek na literêre evolusie gerig moet word “aan die dichtstbijzijnde reeksen en niet aan die verderweg liggende

reeksen". Hiermee word alreeds vroeg in die twintigste eeu aangedui dat "(d)e overheersende betekenis van de belangrijkste maatschappelijke factoren ... daarmee niet ontkend (wordt); integendeel, hun invloed word pas in volle omvang duidelik zodra de problematiek van de literaire evolusie sentraal staat". Aan die ander kant word ook aangesluit by die realisme, "het klassieke principe van de 'imitatio naturae' alleen maar aan de oppervlakte is afgelost door het uitgangspunt dat literatuur de uitbeelding van een voorafgaande werklikheid is". Jauss se konsep van die verwagtingshorison bring literatuurhistoriese en literatuursosiologiese benaderings nader aan mekaar en wel deur die daarstelling van 'n wetenskaplik gefundeerde teorie wat veranker is in "de voorwetenskaplike ervaring van de dageliks leven". Daarom veronderstel literatuurgeskiedskrywing nie slegs die sinchroniese en diachroniese opeenvolging van sisteme nie, maar is dit ook ingebed in die algemene geskiedenis van die samelewing waarin dit voorkom. Hiervolgens verkry literatuur ook 'n "maatschappij-vormende funksie" (Jauss, 2001:211, 212).

"De maatschappelijke funksie van de literatuur word pas daar as autentieke moegelikheid manifest waar de literaire ervaring van de lezer deel uitmaakt van de verwagtingshorison van zijn dageliks leven, vorm geeft aan zijn wereldbeeld, en daardoor ook weer op zijn maatschappelijk gedrag inwerk."
(Jauss, 2001:211)

2.4 EMPIRIESE ONDERSOEK

"Dié ontdekking van die literatuurwetenskap in die twintigste eeu was die ontdekking van die leser. Deur die ondersoekswaartepunt te verskuif van outeur na leser, van teks na leser, en in die jare negentig na die sosiale konteks, het daar daadwerklike verandering gekom in die denke oor literatuur."
(Van der Merwe & Viljoen, 1998:144)

Literatuur word huidig ook algemeen erken as ervaring. As deel van die literêre kommunikasiemodel word die maatskaplike konteks waarbinne die teks funksioneer, as 'n volwaardige invalshoek tot literatuurondersoek beskou. Resepsie-ondersoek soos daargestel deur Jauss (1969) sluit nou ook empiriese ondersoek in, want "(d)e empiriese wetenskappen doen in hun argumententatie een beroep op ervaringsgegevens" (Fokkema, 1985:251). Drie aspekte vorm volgens Jauss die basis waarop resepsie-estetika as literatuurbeskouing funksioneer, naamlik verwagtingshorison, oop plekke en empiriese ondersoek.

Wanneer die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon ondersoek word, is die wedersydse beïnvloeding tussen literêre betekenisprosesse en die sosiokulturele en sosiopolitieke konteks ter sprake. Ondersoek hierna sal ook 'n kyk na die rol wat literatuur binne 'n kultuur speel, insluit. Die ondersoeker vra onder andere of literatuur oor genoegsame selfstandigheid beskik en of dit ondergeskik is aan ander betekenisprosesse, soos politieke strominge, of selfs aan ekonomiese veranderings, met die maatskaplike gevolge wat daaruit mag voorkom.

Steeds as deel van 'n resepsie-ondersoek, maar nou 'n “moderne” resepsie-ondersoek, maak die maatskaplike betrokkenheid van wetenskap dit moontlik om “probleme te bestudeer wat relevant is vir wetenskap en samelewing” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:144, 145). Die empiriese literatuurwetenskap stel 'n alternatiewe ondersoeksituasie binne die literatuurwetenskap voor.

Volgens die empiriese wetenskap is die struktuur van literêre tekste ook die struktuur van die literêre betekenisproses. Dit word gelykgestel aan literêre gedrag, wat as literêre kultuur veronderstel dat maatskaplike strukture neerslag vind in teksstrukture. Literêre tekste steun vandag sterk op maatskaplike verbondenheid, waar die literêre betekenisproses 'n teoretiese benadering tot literatuur veronderstel wat op die maatskaplike ingebedheid daarvan berus. Wat tans deur die empiriese literatuurwetenskap as literêre gedrag beskou word, word nie bestudeer deur die lees van tekste nie, maar deur skrywers en lesers in 'n eksperimentele situasie te ondersoek.

Om dit te kan doen, word van 'n spesiale vorm van resepsie-ondersoek gebruik gemaak. Hiervoor betrek empiriese literatuurondersoek “de maatschappelijke context waarbinne een tekst functioneert. We kunnen in dit geval vragen stellen naar de invloed die een werk op de maatschappelijke context uitoefent, of – omgekeerd – in welke opzicht maatschappelijke structuren in literaire teksten terug te vinden zijn. Een andersoortige vraag betreft het probleem van de manier waarop literaire institusies (bibliotheken, onderwijsinstellingen, uitgeverijen, en dergelijke) het literaire klimaat op een bepaald moment medebepalen” (Segers, 1985:9).

Wanneer daar ondersoek ingestel word na die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon, is dit nodig om empiries te werk te gaan. Dit wil voorkom of prosatekste soos *Die ander Marta* (2003), *Die uurwerk kantel* (herdruk, 2006) en *The Story of an African Farm* –

wat na meer as 'n eeu steeds in aanvraag is – vanuit die samelewing ontstaan. Dit verskyn verder ook in herdrukte vorm in 'n tyd dat literatuurstudie midde-in die samelewing plaasvind. Gedurende die laat negentigerjare vind daar, as deel van demokratisering, 'n duidelike verskuiwing plaas na literatuurwetenskap wat 'n groter maatskaplike betrokkenheid besit.

Empiriese ondersoek maak dit egter steeds moontlik om te bepaal hoe betekenis-toekenning in die individuele leesproses plaasvind, maar ook in veranderende sosiale omstandighede of die geskiedenis van die betrokke samelewing waarin tekste soos hierbo genoem, verskyn, gelees en waarde aan toegeken word. Die toekenning van waarde aan tekste vorm skynbaar deel van 'n historiese proses waarin voortdurend aanpassings gemaak word in die sosiale verhouding tussen die skrywer as produsent, die geskrewe teks, die uitgewer en verspreider, en die leser as ontvanger, resipiënt of verbruiker.

Ondersoek na sodanige benadering tot die literatuurteorie word gedoen “(m)et behulp van die empiriese literatuurwetenskap en die sisteemteorie”, deurdat die “ondersoekobjek verbreed tot alle literêre handeling wat in die literêre kommunikasieproses 'n rol speel” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:144). Kritiek van buite, soos dié van die literatuursosiologie, kom van die empiriese literatuurwetenskap (kyk 2.2). Die “empiriese literatuursosiologie” (Van Luxemburg et al., 1983:97) kan vir die navorser van Afrikaanse literatuur verklaar hoe faktore soos die bemarkingsmoontlikhede/-praktyke van 'n periode en die media waardeur die literatuur bemark word, asook die morele opvattinge, politieke veranderings, religieuse oortuigings, ideologiese stromings en algemeen kulturele aspekte die aard van die literatuur van 'n bepaalde tyd bepaal (kyk 3.3).

“Waar een literatuurgeschiedenis voorheen allereerst een lijst was van essentiële data, namen van auteurs en titels van werken, worden nu ook andere aspecten van het literaire circuit in het onderzoek betrokken. Zo krijgen bijvoorbeeld tijdschriften een grotere rol toebedeeld in de literaire evolutie en wordt eveneens meer aandacht geschonken aan de receptiegeschiedenis van publicities en aan de literaire kritiek; daaruit resulteert een explicietere belangstelling voor de reconstructie van poëtische opvattingen.”
(De Geest, 1996:11)

“Literariteit” is nie slegs in die teks as struktuur opgesluit nie, maar ook die “naam van die skrywer, die uitgewer, die plek waar jy dit koop, die verspreidingskanale, die voorblad, die titel, die subtitels en genre-aanduidings, deur wie en waar

dit geresenseer word” is “aanduiders van literariteit” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:51). Volgens die “empiriese literatuursosiologie” fokus empiriese ondersoek “op de samestelling van het lezerspubliek en de maatschappelijke positie van de skrywer” (Van Luxemburg et al., 1983:98). Hiermee word dit duidelik dat empiriese ondersoek buite die ondersoektradisie van teksgerigte literatuurbeskouings plaasvind. Verder word dit duidelik dat verskillende opvattinge gehuldig word oor die aard van inhoudelike vrae en oor teorievorming.

“In de empiriese literatuurwetenskap wordt de nadruk gelegd op de toetsbaarheid van wetenskaplijke uitspraken.”
(Fokkema, 1985:251)

Om na aanleiding van die impak van sosiopolitieke verandering die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon te bepaal, is dit nodig om sodanige resepsie-ondersoek te loods – ’n resepsie-ondersoek wat empiries aangepak word. Dit veronderstel dat daar met vraelyste en gestruktureerde onderhoude die resepsie van tekste en hul skrywers fisies getel word. Deur die statistiese verwerking van data word geverifieerde feite oor die resepsie van tekste en die skrywers daargestel.

Daar kan dus gebruik gemaak word van resensies as resepsieprodukte om nie net die resepsie van tekste nie, maar ook die literêre prestige van skrywers te monitor. In die kontekstuele analise van die literêre prestige van Eleonor Baker in hierdie studie sal laasgenoemde werkwyse as ondersoekinstrument ingespan word. Uit diskussies wat uit resensies ontstaan, tree opvattinge oor waardebeoordeling na vore. Wanneer die impak van sosiopolitieke verandering, soos by hierdie studie, ter sprake is, is dit nodig om vas te stel hoe literatuuropvattinge ontstaan, hoe dit tot uiting kom en aanvaar word, maar ook hoe dit verandering in kulturele gedrag tot gevolg kan hê. As gevolg van die seleksiefunksie daarvan, is “botsende literatuuropvattinge” ’n “voorvereiste vir waardebeoordeling” (Van Coller, 2003:2).

Verskillende literatuuropvattinge wat in resensies na vore kom, kan ook die in- of uitsluiting van tekste uit die literêre kanon of die miskening van skrywers as skeppers van dié tekste aantoon. Hierdie studie poog om kwalitatief te werk te gaan deurdat ook geskiedskrywings as aanduiders van posisie-inname en resensies as resepsieprodukte gebruik word om die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon aan te dui.

“Ook zij die zich eerder op kwalitatieve methoden baseren en daarmee onderzoek doen naar de invloed van het literaire bedrijf op de receptie van

literaire teksten, kunnen als empirische literatuursociologen worden beschouwd.”

(Van Luxemburg et al., 1983:98)

Om so 'n empiriese ondersoek binne die resepsie-estetiese raamwerk aan te pak “beteken prakties dat die empiriese werklikheid nie maar sommer ter beskikking is om hipoteses aan te toets nie, maar deur ons voorkennis en die vrae wat ons vra, geskep word”. Formeel kan ons sê dat die “empiriese werklikheid teoriegelade is” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:8). Hoe suiwer of hoe wetenskaplik empiriese ondersoek is, word dikwels bevraagteken. Die noue verbintenis tussen literatuur en samelewing – die sosiale ingebedheid van literatuur – is moontlik die grootste struikelblok wanneer suiwer wetenskap ter sprake is. Dit is veral die teenwoordigheid van die sosiale dimensie by benaderings tot literatuurondersoek wat meebring dat twyfel oor die wetenskaplikheid van dié wyse van bestudering van literatuur bestaan.

“Ook wanneer het object van ondersoek ruimer is dan de literatuur en tevens betrekking heeft op de produksie, de receptie en de culturele context van literatuur is het nuttig tussen zuivere en toegepaste wetenschap te onderscheiden.”

(Fokkema, 1985:254)

Wanneer vrae oor die in- of uitsluiting by die literêre kanon ontstaan of wanneer “de toekenning van kwaliteit aan literaire teksten niet berus op specifieke – artistieke – overwegingen die op talige eigenschappen betrekking hebben”, word dikwels gevra hoe dit gebeur dat “de sterke overeenkomst tot stand” kom “tussen de kwaliteitstoekenningen van individuele leden van boekbeoordelende instituties” (Verdaasdonk, 1985:127). Verdaasdonk (1985) dui aan dat die beantwoording van hierdie vrae op empiriese literatuursosiologiese ondersoek aanspraak maak.

“Er dienen hypothesen te worden geformuleerd, en getoets, over de factoren die bepalend zijn voor het opereren van boekbeoordelende instituties. Deze factoren zijn sociaal van aard: om ze te kunnen preciseren, dient men inzicht te hebben in de organisatie en de werkwijze van boekbeoordelende instituties, in de positie die deze instituties ten opzichte van elkaar innemen, in de social – institutioneel – bepaalde overwegingen die ten grondslag liggen aan de beslissingen die binne boekbeoordelende instituties worden genomen, ensovoort.”

(Verdaasdonk, 1985:128)

Sodanige onderskeid tussen wat suiwer wetenskaplik geag word en wat as toegepaste wetenskap beskou word, is slegs moontlik wanneer daar vanuit “de

empiriese literatuurwetenskap (...) dan ook de eis gesteld (wordt) dat bepaalde onderskeidings word gerespekteer, soos die onderskeid tussen wetenskaplik ondersoek en normatiewe bewegings (waardeoordele), tussen analise en interpretasie, tussen ondersoeker en leser” (Fokkema, 1985:251).

Literatuurwetenskap konsentreer op die struktuur van die literêre betekenisproses as deel van die individuele leesproses. Hierteenoor kan betekenisstoekening ook in veranderende sosiopolitieke omstandighede plaasvind, omdat interpretasie en geskiedskrywing waarde as kulturele aktiwiteite het. Enersyds reflekteer literatuureskiedskrywing kultureel en andersyds word literatuur sodoende funksioneel deurdat kultureel oorgedra word.

“Volgens veel empiriese literatuursocioloe word via (onder andere) die onderwys die literatuuroopvattinge van die heersende elite op die jeugd oorgedra, sodat er van die onderwys een konservatiewe werking uitgaat. In sy algemeenheid is die stelling juist, al moet er by word aangekond, dat dit opgaat vir elke vorm van kultuuroverdracht.”
(Van Luxemburg et al., 1983:99)

Aktiwiteite soos literatuureskiedskrywing, literatuurkritiek en literatuurdidaktiek, is in ’n samelewing funksioneel as “kultuuroverdracht – met inbegrip van kultuurkritiek” wat “behoort vanwee haar ten dele normatiewe karakter daarenteen tot die toegepaste ondersoek” (Fokkema, 1985:255). Alhoewel dit veral die invloed van die psigoanalise en sosiologiese benaderings tot literatuurwetenskap en “in zekere zin ook die semiotiek” (Mooij, 1985:278) is wat meebring dat suiwer wetenskapbeoefening onder die vergrootglas geplaas word, reken Fokkema (1985) egter dat die bydrae van hierdie dissiplines as hulpwetenskap tot literatuurondersoek kan dien.

Deur die insluiting van ’n sosiologiese benadering tot die literatuurwetenskap, soos hierdie studie beplan, word literatuurwetenskap aan kritiek van buite onderwerp, maar die literatuurwetenskaplike ondersoekresultate kan ook deur ander dissiplines benut word om ’n bydrae te lewer tot ons kennis van die mens en die samelewing. Daarom word dit nodig geag en behoort “(d)e literatuurwetenskaplike ondersoekresultate (...) sich aan toetsing deur ondersoekers uit ander dissiplines te onderwerp. Wat die literatuurwetenskap over stilistiese procédé zegt, of over die estetiese ervaring, of over groepsvorming onder skrywers en lezers, dient die toets van respectievelijk linguïstiese, psigologiese en sosiologiese kritiek te kunnen doorstaan” (Fokkema, 1985:258).

Wetenskaplike ondersoek na die sosiale prosesse van groepsvorming as deel van betekenis-toekenning, is onder andere deur Schmidt (1989, 1992, 1996), Luhmann (1968 & 1984) en die sosioloog Pierre Bourdieu (1993) – duidelik onder die invloed van die literatuursosiologie as 'n empiriese literatuurwetenskap – daargestel.

“De perspektief van maatskappelijke relevantie van het literatuurwetenschappelijke onderzoek vereist empirische onderzoek naar de produktie en reseptie van teksten, en controleerbare analyse van teksten die door bepaalde publiekengroepen als literair zijn aanvaard.”
(Fokkema, 1985:259)

Hoe literêre betekenisprosesse in 'n samelewing funksioneer, maar veral hoe relevant literatuur vir die samelewing is waarin dit voorkom, is vrae wat beantwoord moet word wanneer die volhoubaarheid, met ander woorde, die estetiese sowel as ekonomiese durendheid van tekste en meer spesifiek die prosateks, ter sprake is. Alhoewel “Afrikaans in sy literatuur, veral wat (...) fiksie en biografieë (betref), merkwaardig baie vir 'n relatief klein taalgemeenskap” bied, stel Giliomee (2004) dit duidelik dat “die uitdaging (...) steeds groot” bly.

“Van Wyk Louw het gewaarsku dat die taal eweseer bedreig word deur 'n gebrek aan dit wat ‘die verstand versadig’ as deur politieke gevare.”
(Giliomee, 2004:634)

Wanneer uitsprake oor die oorlewing van Afrikaans as taal gelewer word, is dit nodig om te kyk na die relevansie van literatuur vir die samelewing; hier dus Afrikaanse literatuur binne of vir die Afrikaanssprekende gemeenskap, maar veral Afrikaanse literatuur binne of vir 'n demokratiese Suid-Afrikaanse samelewing (verwys na doel van studie). Empiriese ondersoek bring literatuur en samelewing nader aan mekaar.

“‘Relevance’ means: in the study of literature, knowledge must meet scientific demands and be useful for practical problems within and outside literary communication.”
(Schmidt, 1983:26)

2.5 DIE SOSIALE SISTEEMTEORIE

“Zoveel lijkt zeker, althans voor (hen) die vanuit een of andere wetenschappelijke (sub)discipline de kunstwereld bestuderen: de moderne kunst verhoudt zich autonoom tegenover ethische, economische, politieke, religieuze of andere externe imperatieven. Ze vormt een zelfstandig social

system (Luhmann) of veld (Bourdieu). Autonomie is in deze uiteraard niet synoniem met isolatie, laat staan met 'insulatie'. Ook het geautonomeerde moderne kunstsysteem blijf aangewezen op politieke beslissingen (subsidies!), op ekonomiese prestasies (zoals de aankoop van kunstwerke deur verzamelaars), op het onderwysbestel (opleidings), op die media (berigting en kritiek) enzovoorts." (Laermans, 1996:436)

Literatuur word ook gesien as 'n betekenisproses wat deur mense gedeel word; daarom ook 'n proses wat in ander sosiale betekenissteme ingebed is. Alhoewel individuele betekenis-toekenning steeds as voorwaarde dien, word betekenis-toekenning as deel van die empiriese literatuurwetenskap 'n betekenisproses waar meer as een leser as ondersoeker of groepe by betrokke is. 'n Sisteem veronderstel nie die mens as enkel individu nie, maar mense wat deel vorm van 'n groep wat dien as basis waarin, waaruit en waardeur 'n sosiale sisteem ontstaan en lewend gehou word:

"Human beings are living systems."
(Schmidt, 1983:21).

Schmidt (1983) beskryf 'n lewende sisteem as "interactional systems that mutually construct consensual domains emerging from the connection of structures. Interaction always precedes communication; communication can only function because living systems as observers interact with other systems, imputing to these other systems that they are observers themselves – an imputation which, due to common biological equipment and in case of comparable socialization, is quite justified" (Schmidt, 1983:22).

Die ontwikkeling van die literatuurwetenskap as behorende tot outonome kulturele gebied, word deur onder andere Schmidt (1983) verklaar as 'n nuwe paradigma van die empiriese literatuurwetenskap, naamlik as 'n literêre sosiale sisteem. Die sosiale sisteemteorie veronderstel 'n geheel van "handelinge" – aksies – wat bydra tot betekenis-toekenning van 'n teks of tekste. Tekste word 'n breë konsep wat kan strek vanaf die geskrewe teks in boekvorm tot die totale proses van publisering en bemarking, koop en verkoop, uitleen deur biblioteke, as deel van leeskringe, moontlike opvoerings of verfilming ensovoorts.

"Literature is represented in a model of literary action (not in a model of literary text!). An individual performs literary action if he produces or interacts with a text which he regards as a literary text on the basis of

poetic creeds. The fundamental empirical hypothesis concerning literary action in general is: In our society there is a system which can be described as a system of literary action. This system is part of the social system ART.”

(Schmidt, 1983:28)

Kommunikasie word as voorwaarde vir die bestaan van 'n sosiale sisteem gestel. Alle sosiale verhoudings berus op kommunikasie. Volgens Schmidt (1983:22) mag kommunikasie nie as die blote oordrag van inligting gesien word nie. Dit moet eerder beskou word as “an attempt to achieve a somewhat parallel or compatible construction of cognitive orientational processes within the cognitive domains of two or more living systems”.

“The system consists of the set of all actions focusing on texts which are regarded and rated as literary texts by acting individuals (=LITERATURE-system).”

(Schmidt, 1983:28)

“Binne het paradigma van het ‘radicale constructivisme’” onderskei Schmidt vier handelingsrolle, naamlik “de literaire producenten (auteurs), de bemiddelaars (de literaire ‘markt’), de recipiënten (lezers) en de verwerkers van literatuur” (De Geest, 1996:80). “Handelinge” verwys daarom meer spesifiek na kommunikatiewe handelinge wat sistematies beskryf word in terme van vaste onderliggende strukture.

“The *structure* of the LITERATURE-system can be described in terms of temporal and causal relations between those types of action which are performed by individuals rating texts as literary texts: i. e. production, mediation, reception, and post-processing of ‘literary texts’(...)”

(Schmidt, 1983:28)

Volgens Schmidt verkry 'n literêre sosiale sisteem bestaansreg as 'n outonome kulturele gebied omdat daar 'n teenstelling bestaan tussen tekste wat as literêr beskou kan word en ander wat nie as literêr beskou word nie.

“Behalve door dat interne structuurprincipe – waarbij de diverse handelingen onderling aan elkaar gerelateerd zijn – wordt het literaire systeem, naar buiten toe, geconstitueerd door een differentie, een binaire begrenzing tussen enerzijds het betreffende systeem en anderzijds de omringende omgeving, de *Umwelt*.”

(De Geest, 1996:80)

Schmidt (1980) omskryf hierdie fundamentele “*leitdifferenz* door middel van de binaire oppositie ‘literair’ versus ‘niet-literaire’” (De Geest, 1996:80). Dit is juis hierdie

onderskeid tussen die literêre en die nie-literêre wat die voortbestaan van 'n literêre sisteem, of ook deur die navorser gesien as die volhoubaarheid daarvan, moontlik maak (kyk 1.6). Hierdie teenstelling word deur twee konvensies gevestig, naamlik 'n estetiese konvensie en 'n polivalensie-konvensie.

Die estetiese konvensie dui daarop dat literêre kommunikasie nie noodwendig gerig is op dit wat as die waarheid beskou word of slegs gaan oor wat waar of vals, bruikbaar of nie bruikbaar is nie. Deelnemers aan die literêre kommunikasie/gesprek moet die literêre volgens esteties-relevante kriteria kategoriseer. Verder word van sodanige kritici verwag dat “they must be willing and able to designate and communicate actions intended as literary with appropriate signals during production, or to follow such signals during reception; and finally, to select as a frame of reference for the referring expressions in the text not primarily (or not exclusively) the socially established model of reality, but other frames of reference as well” (Schmidt, 1983:28).

Die polivalensie-konvensie dui daarop dat literêre tekste meerduidig van aard is. Hierdie gedeelde kennis van lede van die sosiale sisteem kom na vore deur middel van interaksie wat tydens die literêre kommunikasieproses plaasvind. Verder veronderstel dit dat:

- “(a) text producers are not bound by the monovalence convention;
 - (b) text receivers have the freedom to produce different KOMMUNIKATE from the TEXT in different times and situations, and they expect others to do likewise;
 - (c) text receivers rate the realization of aesthetic KOMMUNIKATE as optimal, though the grounds for this rating may differ among participants and situations;
 - (d) text mediators and post-processors should not act in conflict with the aspects of the polyvalence convention in (a) through (c).”
- (Schmidt, 1983:28)

Dit word duidelik dat wanneer literatuur as sosiale betekenissisteem gesien word, dit op die kommunikasie van gedeelte betekenissisteme gebaseer word. 'n Literêre sosiale sisteem se funksionaliteit word deur Schmidt (1983) verklaar as “a simultaneous activation and integration of subject-oriented cognitive, emotional, and

moral processes and states in the assignment of literary KOMMUNIKATE to appropriate TEXTS” (Schmidt, 1983:29).

Luhmann (1995) gebruik ook “kommunikasie” as die basiese handeling van ’n sosiale sisteem, naamlik die kunswerk of die literêre teks as sosiale sisteem. Volgens Luhmann kan die literêre teks as sosiale sisteem van organiese en fisiese sisteme onderskei word op grond daarvan dat dit “wezenlijk zinsystemen zijn”. Hierdie basiese kenmerk van ’n sosiale sisteem, naamlik “zingeving”, het enersyds “betrekking op de semantische of de referentiële relatie als zodanig”; maar andersyds “karakteriseert veeleer een bepaalde manier van omgaan met complexiteit, in handelen en beleving”.

“Aangezien dat proces van zingeving in sosiale systemen bij uitstek verloopt via communicatieve handelingen, krijgen (...) concepten als ‘communicatie’ en ‘informatie’ evenzeer een centrale rol toebedeeld.”
(De Geest, 1996:145, 147)

Terwyl “enkel gecodeerde communicatie resulteert in informatie”, word die begrip kommunikasie as ’n komplekse proses beskou wat “wezenlijk verbonden is met structurele (...) selectiviteit” – wat op sy beurt bydra tot die totstandkoming van kommunikasie – “via de momentane syntheses van drie onderscheiden selecties, met name mededeling, informatie en begripen”. As deel van ’n diskursiewe benadering tot kommunikasie, steun Luhmann (1995) op die talige aard van kommunikasie, maar kommunikasie word nie beperk tot ’n talige invalshoek nie: “(i)ntegendeel, het talige aspect maakt bij hem slechts één niveau uit van de globale communicatieproblematiek ” (De Geest, 1996:154).

“De eigenlijke sturingsmechanismen situeren zich (...) hoofdzakelijk op het niveau van de (verwachtings)verwachtingen, de massamedia (...) en vooral, het niveau van de zogenaamde ‘gegeneraliseerde communicatiemedië’.”
(De Geest, 1996:154)

Luhmann (1995) gaan van die standpunt uit dat dit nie die kunswerk of literêre teks self is wat kommunikeer nie, maar waarnemings oor dié tekste. Hiervolgens vorm literatuuropvatting die basis van ’n sosiale sisteem of die waarneming van ’n teks as literêre werk.

“Zo gezien zou het de functie van kunst zijn iets dat principieel niet gekommuniceerd kan worden, namelijk waarneming, in de communicatieve samehang van de maatschappij te betrekken.”
(Luhmann, 1995:227)

Kunswerke of, in die geval waar die geskrewe teks ter sprake is, literêre tekste, kommunikeer volgens Luhmann “iets”. Dit wat gekommunikeer word, is egter alreeds op die een of ander wyse aan die waarnemer bekend. Daarom dra die teks wat as literêr geag word, gelyktydig ’n element van herkenning en verrassing. Sodanige kommunikasie vind plaas binne funksioneel gedifferensieerde deelsisteme, waar kategorieë soos “‘waarheid’, ‘geld’, ‘wet’, ‘macht’ en ‘liefde’” dien as “een conventioneel en cruciaal kader voor geslaagde communicatie (...)”. Die sukses van kommunikasie word volgens Luhmann nie bepaal deur die mate van konsensus wat bereik word nie, “maar eweneens door het gamma van aansluitingsmogelijkheden voor verdere communicatie dat wordt gecreëerd” (De Geest, 1996:155,156).

Normatiewiteit vorm deel van so ’n diskursiewe benadering. Norme word beskou as “stabiliserende en sturende mechanisme” wat help om die “communicatiewe verwachtinge – op grond van die reflectiwiteit, ook ‘verwachtingsverwachtungen’ en ‘verwachtungen van verwachtingsverwachtungen’ te oriënteer.

“Tegelyk werken normen ook complexiteitsreducerend, doordat ze omzeggens een richtsnoer bieden voor het verwerken (interpreteren, beoordelen) van nieuwe informatie.”
(De Geest, 1996:172)

Luhmann (1968 & 1984) baseer “die artistieke sisteem (...) op die basiese opposisies van ‘mooi’ versus ‘lelik’” (Van Coller & Odendaal, 2005:11). De Geest (1996) dui egter aan dat Luhmann se idee van “zingewing en kommunikasie” vir “nuansering en verbetering” vatbaar is.

“In die kommunikatiewe produktiwiteit onderkent Luhmann die ‘autopoietiese’, autoregulatiewe dimensie van sosiale sisteme, die zich via kommunikatiewe gebeurtenisse blyven articuleren, in stand houden en transformeren.”
(De Geest, 1996:156)

Hierdie sosiale sisteemteorie van Luhmann dui ook, soos dié van Schmidt, aan dat literatuur in ’n sosiale betekenisproses ingebed is wat deur kommunikasie ontstaan en verander word. Verder word dit ook duidelik dat betekenisprosesse wat op kommunikasie berus, die literêre teks as sosiale sisteem veronderstel.

Volgens die sosiale sisteemteorie van beide Schmidt en Luhmann verkry 'n literêre teks sy literêre status na aanleiding van dit wat gekommunikeer word; naamlik “a unit of action which defines the properties and relations of its elements through its organization” (Schmidt, 1983:29). 'n Teks is, volgens Schmidt, vir sy literêre status van “literary elites” afhanklik. Literêre elites word gesien as “instances which play a decisive role in the social construction of reality, in defining specific situations, and in making relevant decisions. Elites introduce, stabilize, and change socially relevant ideas, convictions and orientations as well as those symbolic systems which present the accumulation of subjective and cultural capital which in turn produces and preserves elites” (Schmidt, 1996:5).

Hierdie uitgangspunt toon 'n duidelike ooreenkoms met die marxistiese veronderstelling dat “(a)esthetic value belongs to the social order” (Goldmann, 1980:109). Waardebepaling is hiervolgens by uitstek sosiaal gefundeer.

“The understanding of the social genesis of literature is the understanding of social forces which allow literature to flourish.”
(Hall, 1977:45)

2.6 LITERÊRE VELDTEORIE

“Few areas more clearly demonstrate the heuristic efficacy of relation thinking than that of art and literature. Constructing an object such as the literary field requires and enables us to make a radical break with the substantialist mode of thought (...) which tends to foreground the individual, or the visible interactions between individuals, at the expense of the structural relations – invisible, or visible only through their effect – between social positions that are both occupied and manipulated by social agents, which may be isolated individuals, groups or institutions.”
(Bourdieu, 2005:105)

Bourdieu (1930-2002) gaan nie uit van 'n kommunikatief-rasionele begrip as grondslag van sosiale handeling nie, ook nie van 'n ekonomies-rasionele beslissing nie, maar van die oortuiging dat aangeleerde gewoontes as deel van die mens se sosialiseringproses 'n veel groter rol by waardebeplanning speel.

“Bourdieu (1983) brings the *habitus* to literary history and production, arguing that literature ought to be seen as part of a symbolic field of cultural and political forces.”
(Morrissey, 2005:106)

Alhoewel hier volgens Guillory (2005) eerder sprake is van “Post-Marxist”, word daar van die standpunt uitgegaan dat “(t)he canon debate signifies nothing less than a crisis in the form of cultural capital we call ‘literature’”. Vir Guillory is dit noodsaaklik om “cultural capital” as konsep by debattering oor die kanon by te bring, “not to endorse Bourdieu’s project in totality (...) but to introduce an entirely different theoretical perspective into the present debate” (Guillory, 2005:208).

Die sosiologiese benadering van Pierre Bourdieu (1993) word huidig as ’n toonaangewende benadering tot sosiologiese literatuurondersoek aanvaar. Met hierdie benadering word daar gepoog om ’n empiriese analise van die produksie-omstandighede wat bydra tot die bepaling van die literêre prestige van skrywers, daar te stel (kyk 3.4). Hiermee word die omstandighede waaronder kulturele produkte, soos literêre tekste, geproduseer word, aangedui.

“Bepaalde tekste is weerspieëlings van bepaalde literatuuropvattinge. Volgens Bourdieu se model (...) is enige literêre teks wat ’n bepaalde opvatting van literatuur reflekteer, in konkurrensie met ander, opponerende tekste.”
(Van Coller & Odendaal, 2005:4)

Met pogings om beide die hermeneutiese of teksinterne en die tekseksterne of empiriese benaderingswyses te omseil, hoop Bourdieu dat die empiriese analise van produksie-omstandighede sal bydra tot begrip van die literêre werk sonder om die teks tot sy produksie-omstandighede te reduceer. Om ’n literêre teorie te formuleer, ontwikkel Bourdieu die literêre veldteorie en wel in ’n poging om literêre betekenissisteme as deel van sosiale gedrag op ’n wetenskaplike basis te verklaar.

“In defining the literary and artistic field as, inseparably, a field of position and a field of *prises de position*, we also escape from the usual dilemma of internal (‘taute-gorical’) reading of the work (taken in isolation or within the system of works to which it belongs) and external (or ‘allegorical’) analysis, i.e. analysis of the social conditions of production of the producers and consumers which is based on the – generally tacit – hypothesis of the spontaneous correspondence or deliberate matching of production to demand or commissions.”
(Bourdieu, 2005:107)

As hoekstene van die artistieke en literêre veldteorie, gebruik Bourdieu die begrippe “habitus” en “veld”. Beide habitus en veld is bepalend vir posisie-inname in die literêre veld, wat op sy beurt weer bepalend sal wees van die literêre prestige van skrywers in ’n literatuursisteem (kyk hoofstuk 5). Terwyl habitus gesien word as “a

field of expectations and possibilities that set the conditions for personhood” (Morrissey, 2005:105), is die veld ’n gestruktureerde ruimte wat bestaan uit aanmekaar verbonde sosiale posisies en ’n ruimte, omgewing of gebied waarbinne daar volgens bepaalde reëls gehandel word.

“The position in the literary field is indicated by the relationship the author has with institutions in the field (publishing houses, literary criticism, literary awards). Relevant characteristics (‘dispositions’) of authors are, for instance, age, gender, education, and professional experience. Position-taking refers to artistic choices as well as other professional manifestations in the field.”
(Verboord, 2003:262)

“Posisie-inname” in literatuur as ’n relatief outonome veld, naamlik die literêre veld, veronderstel ’n “stryd” wat tussen gevestigde skrywers en/of rolspelers bestaan. Dit is die sogenaamde herskrywers – “rewriters’ (translators, compilers of anthologies, critics and literary historians)” – wat as “important role players” gesien word, maar ook as kenners, omdat hulle oor die nodige middele beskik om die kriteria te kan bepaal waaraan literatuur behoort te voldoen.

“These rewriters are mediators between earlier texts and contemporary reception. It is mainly the creative person who is the ideal rewriter, when s/he is not only a writer but also a rewriter.”
(Van Coller & Odendaal, 2001:63).

’n Bepaalde struktuur ontstaan in die veld as gevolg van verskillende vaardighede en magsmiddele wat deur elke posisie verteenwoordig word. Hierdie struktuur, wat in ’n mate ooreenkom met die “struktuur” soos beskryf deur Schmidt, word sigbaar in die vorm van ’n netwerk van verskillende gedragsvorme of -patrone. Hierdie gedragsvorme of praktyk vorm ’n simboliese ruimte van posisiebepaling, wat Bourdieu as *prises de position* beskryf.

“This theory differs fundamentally from all ‘systematic’ analyses of works of art based on transposition of the phonological model, since it refuses to consider the field of *prises the position* in itself and for itself, i.e. independently of the field of positions which it manifests. This is understandable when it is seen that it applies relational thinking not only to symbolic systems, whether language (like Saussure) or myth (like Lévi-Strauss), or any set of symbolic objects, e.g. clothing, literary works, etc. (like all so-called ‘structuralist’ analyses), but also to the *social relations* of which these symbolic systems are more or less transformed expression.”
(Bourdieu, 2005:106)

In *La distinction* (1979) gaan Bourdieu van die standpunt uit dat daar 'n sistemiese verband bestaan tussen sosiale posisie of status en “een symbolisch-culturele praktijk en voor aldat sosiale groepeen zich van elkaar onderscheiden door deze symboliese praktijken” (Van Heusden, 2001:179). Die literêre veld kan daarom gesien word as 'n mikrokosmos van maatskaplike gebeure wat verteenwoordigend is van die werklikheidskonteks waarin dit bestaan.

“Volgens Bourdieu is deze strijd tussen orthodoxie en ketterij eigen aan alle sosiale velden, dus ook aan bijvoorbeeld de wetenskap of de politiek.”
(Van Heusden, 2001:181)

Bourdieu (2005) meen dat wanneer daar sprake is van “a field of *prises de position*, we are insisting that what can be constituted as a system for the sake of analysis is not the product of a coherence-seeking intention or an objective consensus (even if it presupposes unconscious agreement on common principles) but the product and prize of a permanent conflict; or, to put it another way, that the generative, unifying principle of this ‘system’ is the struggle, with all the contradictions it engenders” (Bourdieu, 2005:107). Hier is dus sprake van 'n strewe na 'n magsoosisie.

“Within a given literary system there is no harmony between the participants like publishers, magazines and writers’ groups, but a contest for supremacy, or ‘capital’ in the terminology of Bourdieu.”
(Van Coller, 2001:63)

Met die term kapitaal word verwys na diegene binne die veld wat in 'n magsoosisie of magsoosisies is. Drie vorme van kapitaal word onderskei, naamlik ekonomiese, sosiale en kulturele kapitaal. Volgens Bourdieu (1983) veronderstel die konsep “cultural capital (...) a certain negotiation between the domains of the economy and culture” (Guillory, 2005:213).

“The theory of cultural capital implies that the proper social context for analyzing the school and its literary curriculum is *class* The fact of class determines whether and how individuals gain access to the means of literary production, and the system regulating such access is a much more efficient mechanism of social exclusion than acts of judgement. By foregrounding the question of the relation between social groups and the means of literary production, I have thus attempted to resist the easy assumption that whatever one says about race and gender goes without saying for class too (...)”
(Guillory, 2005:209)

Wanneer hierdie studie vroueskrywers as sosiale groepering uitsonder en wel met die doel om hul plek in die Afrikaanse literêre kanon te ondersoek, word dit noodsaaklik geag om aspekte van Bourdieu se sosiologiese insigte in literatuur as outonome kulturele gebied by hierdie studie as deel van die teoretiese analise in te sluit. Daar word van die standpunt uitgegaan dat literatuur 'n teken is wat gebruik kan word om aan te dui tot watter sosiale groep individue behoort of selfs hoop om te behoort. Verder dui Bourdieu (1979) hiermee aan dat literatuur funksioneel aangewend kan word as deel van 'n betekenisstelsel deurdat klas, status, beroepsgroepe of selfs geslag daardeur na vore kom.

'n Ongelyke verdeling van kapitaal bepaal die struktuur van die literêre veld. Die literêre veld word die gebied waar literêre mag in stand gehou word, nie net omdat verdeling van kapitaal hier plaasvind nie, maar ook omdat dit wat as relevant beskou word, hier omskryf word. 'n Vierde, onafhanklike vorm van kapitaal, naamlik simboliese kapitaal, dui egter op die mees dominante vorm van mag wat in die veld aangetref word en waarna daar gestreef word. Simboliese kapitaal word beskou as die verworwe prestige of aansien wat 'n individu in 'n bepaalde veld verwerf het – in dié geval, die skrywer wat literêre prestige in 'n literêre veld verkry het (kyk 3.4).

Wanneer die literêre prestige van 'n skrywer wat as 'n miskende skrywer gereken word, in dié geval Eleanor Baker, as deel van die kontekstuele analise van die studie ondersoek word, verwys simboliese kapitaal dus na die literêre prestige wat 'n skrywer binne die literêre veld om die een of ander rede nié verwerf het nie. Die moontlike oorsake van laasgenoemde of van die miskenning word deur die navorser ondersoek deur te kyk na die impak van sosiopolitieke verandering wat as kulturele kapitaal die plek of *prises de position* van sekere vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon in die verlede beïnvloed het (kyk hoofstuk 4 & 5).

In sy werk *De regels van de kunst. Wording en structuur van het literaire veld* (1994), formuleer Bourdieu die literêre veldteorie, wat gebaseer is op die siening van literatuur as onlosmaaklike deel van menslike optrede en gedrag. Bourdieu betoog nie net teen die sistemiese verband wat daar tussen sosiale posisie en simboliese kultuur bestaan nie, maar maak ook 'n analise van kuns en literatuur as sosiale praktyk. Alhoewel Bourdieu “op het niveau van het empirisch (hermeneutisch!) onderzoek (...) een analyse van de sociale geschiedenis van de kunst en literatuur in Frankrijk in de negentiende en twintigste eeuw” (Van Heusden, 2001:180) lewer, sal sy literêre veldteorie ook as grondslag dien om die impak van sosiopolitieke

verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon te ondersoek.

“I will argue that the concept of cultural capital can provide the basis for a new historical account of both the process of canon formation and the immediate social conditions giving rise to the debate about the canon.”
(Guillory, 2005:208)

Die verhouding tussen literatuur en die samelewing dui vandag daarop dat literatuur ’n “komplekse sosiale instelling” (kyk Van der Merwe & Viljoen, 1998:51) is waarvan die “sentrale tese is dat sosiale prosesse van groepsvorming, konsensusvorming, die strewe na sukses en sosiale erkenning ’n veel belangriker rol in evaluering speel as tekseienskappe” (Viljoen, 1992:114). Wanneer vrae oor die voortbestaan van die Afrikaanse prosateks ontstaan, moet as deel van die navorsing aanvaar word dat “(l)iterary texts are not defined as those of a certain shape or structure, but as those pieces of language used in a certain kind of way by the community” (Ellis, 1974:42).

“Just as semiotics relations require not only a text but also a language, so the artistic work, considered alone, without any cultural context, without a defined system of cultural codes, is like an inscription on a tomb in an unknown language.”
(Lotman, 1972:335)

HOOFSTUK 3

IN- EN UITSLUITING VAN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE KANON

'n Konseptuele analise

3.1 SISTEMIESE VERANDERING

“In de literaire evolucie blykt de belangrikste term die aflossing van systeme te wees. Die vraagstuk van die ‘tradities’ dien daarenteen op een ander niveau behandel te word. Alvorens dieper op dit fundamentele vraagstuk in te gaan, dieneen we die erover eens te wees dat die literaire werk en eweneer die literatuur in haar totaliteit een systeem vormt.”

(Tynjanov, 2001:89)

Daar word tans aanvaar dat 'n duidelik onderskeibare Afrikaanse literatuursisteem wel bestaan. Alhoewel hierdie sisteem in die verlede dikwels kenmerke van 'n geslote sisteem vertoon het – waarskynlik veral weens die vroeëre eksklusiewe aard daarvan – het die voorafstudie getoon “(d)at hierdie literatuursisteem geensins geslote is of was ten opsigte van die omringende wêreld en ander literatuur en taalsisteme nie (...)”. Hierdie feit “staan vas” (Van Coller, 1998:ix).

Piaget (1968) se konseptualisering van 'n sisteem dien as aanknopingspunt tot die dualisme van oop sisteem en geslote sisteem wat saam in 'n sisteem as totaliteit bestaan. Uit De Geest (1996, 102-112) se grondige bespreking van die aard van literêre sisteme, blyk dit dat 'n literêre sisteem as totaliteit gelyktydig oop en geslote kan wees; dus “een strict binaire kwesie”.

“Binne die sisteemteorie is weliswaar sprake van een soort pendelbeweging, waarbij afwisselend die openheid dan wel die geslotenheid van systeme word beklemtoon; die postulaat van een dergelyke operationele geslotenheid sluit echter geensins uit dat een open oriëntering op die omgewing – die zowel gedwongen kan wees as die gevolg van een doelbewuste strategiese optie – voor bepaalde systeme een fundamenteel gegee vormt.”

(De Gees, 1996:109, 110)

Piaget definieer die begrip sisteem aan die hand van drie wesenlike eienskappe: “totaliteit, transformasie en autoregulasie”. Dit dra daartoe by dat “(h)et

begrip 'sisteem' (...) de weg opent voor een dynamisch-functionalistische interpretasie" (De Geest, 1996:103).

Eerstens veronderstel totaliteit "een min of meer autonoom geheel"; "een structuur waarbij – in tegenstelling tot een eenvoudig aggregraat van elemente – de diverse elemente onderling verbonden zijn door middel van samestellingswette" (De Geest, 1996:102, 103). Hierdie elemente, wat "wedersyds geskakel (word) op grond van gemeenskaplike eienskappe", dra daartoe by dat 'n sisteem sigself kan "differensieer van omringende sisteme". Sodoende word "(f)undamentele en wesentlike aspekte (...) ontwikkel (en beskerm) en strategieese verskille met ander sisteme beklemtoon" (Van Coller & Odendaal, 2005:3).

"Transformasie" vloeit hieruit voort wanneer Piaget tweedens die "dynamiese moegelijkheid van een sisteem om te evolueren en te verander" (De Geest, 1996:105) onderskei. 'n Sisteem poeg egter voortdurend om dit van ander sisteme te differensieer – gewoonlik sisteme "waarvan/waaruit het zich heft afgesplitst" – maar transformasie vloeit ook voort uit "bepaalde node binne het sisteem self".

"Het lijk een plausibele aanname dat culturele sisteme doorgaans gekenmerk word deur een sterke, maar veelal produktiewe spanning tussen 'behoudende' en 'vernuwende' tendense, tussen feite die in een vroeger stadium van het sisteem gevestigd waren, die gevestigd zijn geweest en die nog niet gevestigd zijn."
(De Geest, 1996:104,105).

Derdens steun sodanige transformasie en assimilasie op wat Piaget sien as "autoregulatie": "een soort van operationele geslotenheid op grond waarvan die produktie van nuwe elemente en die eventuele integrasie van eksterne gegewe word gestuur". 'n Sisteem is dus nie geslote ten opsigte van eksterne faktore nie, maar "exogene invloede (van ander sisteme) ondergaan prinsipiële een funksionele heroriëntering in het lichte van die eie struktuur van het sisteem".

"Op die manier word het relatiewe ewewicht tussen binne en buite – dat konstitutief is voor die instandhouding en die identiteit van een gegewe sisteem (...) – behoedzaam in stand gehoude."
(De Geest, 1996:108,109)

Sodanige "outoregulering" (De Geest, 1996:108) veronderstel dat 'n sisteem "deur middel van die instellings, rolspelers en instrumente" wat dit "onderhou, eie aktiwiteite organiseer", maar "nie onvoorwaardelik toegang aan vreemde elemente (gee) nie". Indien vreemde elemente wel toegelaat word, word dit verander,

aangepas en herrangskik “op grond van tendense, aspekte en behoeftes van die sisteem self”. Andersyds word dit duidelik dat die “sogenaamde ‘oopheid’ en ‘geslotenheid’ van literêre sisteme vir mekaar” nie gesien behoort te word “as opponerende konsepte nie, maar in terme van graduele verskille” (Van Coller & Odendaal, 2005:6).

“Die dubbele systemiese profilering – intern én naar buiten – is des te belangrijker waar het gaat om de productie van nieuwe elementen binnen het systeem en de introductie van exogene elementen uit ander systemen.”

(De Geest, 1996:104, 105)

Sistemiese interaksie is ’n konsep wat veral na vore kom uit literatuurwetenskaplike benaderings soos daargestel deur onder andere Even-Zohar (1997 & 1997), Van Gorp (1985) en De Geest (1996 & 1997). Dit sluit aan by die sosiale sisteem- en literêre veldteorie (van onder andere Schmidt, Luhmann en Bourdieu) van sosiale groepsvorming. Sistemiese interaksie as benadering tot die bestudering van literatuur, bied aan die navorser ’n raamwerk waardeur aangedui kan word dat aspekte rakende die in- of uitsluiting van die literêre kanon, die bestaan sowel as die voortbestaan van die Afrikaanse literatuursisteem kan beïnvloed.

Hierdie sisteem poog om binne ’n diverse Suid-Afrikaanse samelewing voort te bestaan. As deel van ’n sisteemteoretiese/sistemiese benadering wil hierdie studie onder andere aandui dat in- of uitsluiting by die Afrikaanse literêre kanon as sisteem direk bepaal word deur aktiwiteite binne sowel as buite die literêre sisteem (kyk hoofstuk 4). Dit is egter noodsaaklik om die feit dat ook die Afrikaanse literatuursisteem “funksioneer teen ’n dinamiese ideologies-kulturele agtergrond, waar saambestane sisteme soos die politieke, filosofiese, religieuse en ekonomiese, asook ander literêre sisteme oorvleuel en in wisselwerking tree met die ideologies-kulturele agtergrond en met mekaar” (Van Coller en Odendaal, 2005:6), steeds in ag te neem.

Wat volgens hierdie studie ter sake is, is die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die geskrewe Afrikaanse prosateks binne veranderende sosiopolitieke omstandighede as sosiopolitieke en sosiokulturele sisteem. Dit is waarskynlik juis die voortdurende debat oor die “literariteit” van die Afrikaanse geskrewe teks oor die afgelope honderd jaar wat bevestig dat daar wel ’n “duidelik onderskeibare Afrikaanse literatuursisteem bestaan” (Van Coller, 1998:ix). Voordat ’n geskrewe

teks, dus ook die Afrikaanse prosateks, verskyn, word dit alreeds deel van 'n proses van in- of uitsluiting.

“Het bestaan van literaire teksten impliceert zowel de gelijktijdige aanwezigheid van niet-literaire teksten als de mogelijkheid van de gebruikers om er een onderscheid tussen te maken.”
(Lotman, 2001:153)

Die interafhanklikheid tussen insluiting in die Afrikaanse literêre kanon en uitsluiting uit die Afrikaanse literêre kanon as kanoniserende aktiwiteite van die literatuursisteem op sigself, moet daarom as deel van hierdie studie ondersoek word.

“Als wij literatuur beskouwen als een specifiek corpus van teksten, dan moet allereerst worden opgemerkt dat deze teksten slechts een deel van het gehele culturele systeem uitmaken.”
(Lotman, 2001:153)

Debate hieromtrent begin en eindig waarskynlik by die konkrete boek, maar in- of uitsluiting van die literêre kanon strek veel verder as die geskrewe teks. Hierdie standpunt spruit veral uit die siening dat “(d)e feiten die duidelik maken hoe beweeglijk de grens tussen literaire en niet-literaire teksten is,” so “talrijk” is (Lotman, 2001:153). Om hierdie talrykheid as 'n verskynsel te beskryf, word daar as deel van die bestudering van literatuur ook gebruik gemaak van “benaderingswyse(s) van die werklikheid”; waar “entiteite” gekombineer word en “as ‘sisteem’ beskou” word (Viljoen, 1992:495).

Tynjanov (1926), wat as die grondlegger van die sisteembenadering tot die bestudering van literatuur beskou word, formuleer die basis van literêre sisteemteorieë. Hiervolgens is sisteemteorieë “basically concerned with problems of relationship, of structure, and interdependence rather than with the constant attributes of objects” (Katz & Kahn, 1972:90). Ook Even-Zohar (1990) baseer sy polisisteemteorie op “the very first functionalistic ‘manifesto’” van Tynjanov (1926). Daar word van die standpunt uitgegaan dat “the road leads straight on to the works where the literary ‘product’ is discussed, analyzed, and described in terms of the intricate network of relations that condition it”.

“Therefore, what became most important for him was to find out the kind of relations obtaining between the laws which govern the production of literary texts, as extractable from these texts, and the forces which generate these laws, promote them, or make them disappear. It is in such a way that the notion of ‘literary life’ emerged, not as an ‘environmental’

factor in the sense of 'background' but as part and parcel of the intricate relations which govern the aggregate of activities which make 'literature'.
(Even-Zohar, 1990:30)

Even-Zohar (1979) beskou literatuur as 'n sisteem van sisteme. Hierdie polisisteemteorie veronderstel die gelyktydige bestaan van verskillende literatuursisteme wat gesien word as "nets-of-relations ... in which the members receive their values through their respective oppositions". Kompetisie wat tussen sisteme ontstaan, gee aanleiding tot 'n hiërargie, wat 'n spesifieke rangorde of rangskikking veronderstel. Sisteme verander deur die toedoen van konversies, want "phenomena are driven from the centre to the periphery while, conversely, phenomena may push their way into the centre and occupy it" (Even-Zohar, 1979:293).

Die geskrewe teks funksioneer as 'n sisteem op sigself. Terwyl Tynjanov op die relasie tussen entiteite binne die werk as die "konstruktiewe funksie" dui, dui Vodicka (1976) aan hoe verskillende komponente van die teks, naamlik die klankaspek, die semantiese aspek en die tematiek, beskou word as entiteite van die teks as literêre sisteem. In die polisisteemteorie sal sodanige teks deel uitmaak van 'n groter sisteem waar die literêre die dominante in die sentrum veronderstel en daar verder van die sentrum af uitbeweeg word na die nie-literêre op die periferie. Hierdie sisteme vorm op hul beurt weer deel van 'n groter hiërargie waar die "belletrie" in die sentrum as die dominante geag word en dan uitkring tot triviaalliteratuur en byvoorbeeld populêre literatuur op die periferie. Tynjanov beskryf hierdie relasie van 'n teks as entiteit tot ander werke as die "literêre" funksie.

Lotman (1922-1993) sien hierdie verskynsel as die onderskeid tussen "hoë" en "lae" literatuur, maar dui ook aan hoe verskuiwings in hierdie onderskeid die historiese ontwikkeling of diachroniese gang van 'n literêre sisteem kan bepaal. Lotman (1976) bespreek "the content and structure of the concept of literature" sistematies deur die spesifieke funksie en struktuur van literêre tekste ook te sien as sisteme binne literatuur as 'n groter sisteem. Hierdie sisteem word weer geplaas binne kultuur as 'n nog groter sisteem. Sodoende word aangesluit by die sisteemteoretiese benadering van Tynjanov, Vodicka en Even-Zohar tot literatuur as "oop sisteem".

Die polisisteem veronderstel dus ook 'n "oop" sisteem. Hiervolgens word 'n sisteem as in interaksie met sy omgewing beskou. Deur die eienskappe van

“negentropie en differensiasie” beskik literatuur as oop sisteem oor die vermoë “om informasie uit die omgewing te verwerk en weer uit te voer, sodat reserwes opgebou kan word en die sisteem kan voortbestaan” (Viljoen, 1992:496). Tynjanov dui aan hoe “oestanovka”, wat as die “creatiewe konsep van die outeur” gesien word, die werklikheidsomgewing as deel van “literaire reekse” en “de realiteit” by die teks as sisteem betrek. Die entiteit literatuur wat so in relasie met die alledaagse werklikheid staan, word as die “redefunksie” gesien (Tynjanov, 2001:97).

Van kardinale belang vir die doeleindes van hierdie studie is die vraag wat Tynjanov stel: “*hoe en in hoeverre* staat de realiteit in verband met literatuur?” Hiervolgens voltrek “(d)e correlatie tussen literaire reeks en realiteit (...) zich op het niveau van de *gesproken taal*; ten opsigte van de realiteit bezit de literatuur een *verbale* functie”. Verder word beklemtoon dat “de term ‘oriëntatie van de verbale functie’ heeft niet betrekking op het afzonderlijke literaire werk, maar op de reeks of het literaire systemen” (Tynjanov, 2001:97, 100).

“De literatuur kan zich uiteraard alleen uitbreiden naar de buiten-literaire realiteit, indien aan bepaalde concrete maatschappelijke voorwaarden voldaan is.”
(Tynjanov, 2001:99)

Beïnvloeding en selfs verandering ten opsigte van literêre sisteme is moontlik onder andere as gevolg van die interaksie met sy onmiddellike omgewing. Tynjanov (1927) beskryf die verandering waaraan literêre sisteme blootgestel word, as “literatoernoj ewoljoetsii” of literêre evolusie, wat, volgens hom, slegs bestudeer kan word “wanneer men de literatuur als reeks opvat, als een systeem dat gecorreleerd is met en gecondisioneerd word deur andere reekse en sisteme”. Hierdie verandering in literatuur is nie altyd progressief nie, ook nie noodwendig evolusionêr van aard nie, maar bloot modifikasies.

“Wanneer immers de ‘invloed’ van de belangrijkste factoren rechtstreeks word vastgestel, vormt niet langer de evolusie van de literatuur, maar de *modifikasie* en de deformatie van literaire werke het studieobject.”
(Tynjanov, 2001:102)

Binne die Afrikaanse literatuursisteem word “modifikasie” deur Opperman (1974) as ’n sekere mate van groei gesien, wat hy soos volg verwoord:

“Eintlik is die groei in die kuns ’n geval van aksie en reaksie: Wat vandag die mode is, raak môre verouderd, en wat verouderd is, word weer modern, maar tog altyd met ’n effense verskil, ’n sekere groei.”
(Opperman, 1974:88)

Enersyds word aangesluit by Piaget se idee dat ’n sisteem sigself deur middel van “dinamiese evolusie” kan “stabiliseer, handhaaf en selfs transformeer” (Van Coller & Odendaal, 2005:5), maar andersyds word dit ook duidelik dat, alhoewel literêre sisteme betreklik vinnig van toestand kan verander, die idee van ’n samehangende totaliteit dieselfde bly. Ook die entiteite wat deel uitmaak van die Afrikaanse literatuursisteem, is in die verlede en word nog steeds aan veranderende toestande blootgestel. Dit bly egter deel van die Afrikaanse literatuur as sisteem en funksioneer in relasie met mekaar om sodoende ’n samehangende eenheid te vorm. Ook die Afrikaanse literatuursisteem kan binne ’n sisteembenadering daarop aanspraak maak dat dit “konseptueel en nie onties is nie” (Viljoen, 1992:495, 497).

Die teks as sisteem is egter alleenlik deur middel van die skrywer en leser as deel van ’n kommunikatiewe proses oop na sy omgewing. Dit is slegs moontlik om deur die konseptuele sisteme waarmee die skrywer skryf en die konseptuele sisteme waarmee die leser lees, konvensies binne die sisteem te verander. Deur ’n sisteembenadering vind daar wel ’n klemverkuiwing plaas vanaf die teks na die sisteem wat die produksie en resepsie van die teks beheer. Die teks soos geskep deur die skrywer en gelees deur die leser, bly steeds die middelpunt en inisieerder van dié literêre proses. Waar die teks ook gesien word as ’n sisteem, beklemtoon dit dat die “boek” as geskrewe teks ’n verskynsel is wat bestudeer moet word as behorende tot ’n groter sisteem.

’n Teks wat deel is van die eenheid Afrikaanse literatuursisteem, sal noodwendig Afrikaans as taalmedium gebruik. Die geskrewe teks wat Afrikaans as taalmedium gebruik, stel homself bloot aan bespiegeling dikwels juis omdat die gekose taalmedium Afrikaans is. Dat die omgewing waarin die taal Afrikaans ontstaan, ontwikkel en oorleef het, ’n bepalende rol gespeel het by die aard en wese van die literatuursisteem van Afrikaans soos dit vandag daar uitsien, kan nie betwyfel word nie. Die geskiedenis van die taal Afrikaans in Suid-Afrika is noodwendig ook deel van die geskiedenis van die literatuur van Afrikaans. Stilistiese beoordeling van Afrikaans as skryftaal dra dikwels by wanneer tekste in ’n rangorde geplaas word. Die taalmedium funksioneer dus as ’n sisteem opsigself en het as sodanig deur die jare in interaksie met sy onmiddellike samelewing as werklikheid gebly.

“Een ding dat vanzelfsprekend lijkt, blijkt steenvast van kracht te zijn: *literatuur is een taalconstructie die ook als constructie wordt ervaren; dat wil zeggen, dat de literatuur een dynamische taalconstructie is.*”
(Tynjanov, 2001:86)

Afrikaanse geskrewe tekste wat “estetiese waarde” het, “wat fiksioneel van aard is, en tot die genres poësie, drama of prosa behoort” (Cloete, 1992:256), is veral sedert die negentiende eeu as literatuur beskryf. Afrikaanse geskifte wat as die belletrie of die skone kunste geklassifiseer is, word as die letterkundige literatuur of letterkunde van Afrikaans beskryf. Ook dit dui op ’n sisteem van rangorde wat by die bestudering van literatuur in Afrikaans plaasgevind het. Literatuur as sisteem op sigself staan ook nie apart van die lewe nie, omdat dit in interaksie met sy onmiddellike omgewing of die werklikheid bly. Hierdie werklikheid dui op toestande wat nie net deur die geskiedenis van Suid-Afrika nie, maar ook deur die geskiedenis van die algemene literatuurwetenskap aan verandering onderworpe was.

Sedert sy ontstaan as “ontluikende Afrikaanse literatuursisteem in die neëntiende eeu” (Van Coller, 1998:vii), is die Afrikaanse literêre sisteem ’n oop sisteem. Die eenheid “Afrikaanse literatuur” het onveranderd gebly, maar bestaan as sisteem hoegenaamd nie geïsoleerd van sy omgewing nie – ’n omgewing wat deur die impak van sosiologiese verandering self ook aan voortdurende verandering onderhewig is.

Piaget en Tynjanov se teorieë vind aansluiting bymekaar en wel op grond van konseptualisering van ’n sisteem se vermoë tot verandering. Beide Piaget en Tynjanov beskou verandering as ’n “voorvereiste vir die handhawing van ’n sisteem” (Van Coller & Odendaal, 2005:5). Verder wil dit voorkom of die vermoë van ’n sisteem om te verander en sigself te herorganiseer wanneer nuwe entiteite poog om deel daarvan te word, ook ’n aanduiding kan wees van die sisteem se vermoë om te oorleef (kyk Duvenhage, 1994:41). In- of uitsluiting sal daarom die voortbestaan van ’n sisteem direk beïnvloed.

Deur die bestudering van literatuurgeskiedskrywings wat die afgelope bykans vyftig jaar gedoen is, onder andere deur Dekker 1947; Antonissen 1955; Nienaber 1982; Kannemeyer 1988 en 2005 asook Van Coller 1998, 1999 en 2006, word die bestaan van ’n Afrikaanse literatuursisteem bevestig. Hierdie genoemde literatuurgeskiedskrywings dui ook aan dat wêreldtendense in die beoefening van literatuurwetenskap in die Afrikaanse literatuur weerspieël word – veral ten opsigte van aktiwiteite wat ten doel het om ’n literêre teks te verklaar of te verduidelik.

Desondanks het die voorafstudie getoon dat in- en uitsluiting van die literêre kanon dikwels beïnvloed is deur faktore buite “suiwere wetenskapbeoefening” (kyk 4.1 & Kuhn, 1977:xix, xx).

Daarom is dit vervolgens nodig om te fokus op “die kragte wat beslag gee aan daardie voortdurend veranderende sisteem”, want ’n “(s)isteemteoretiese benadering tot die letterkunde bring mee dat die fokus skerper val op die dinamiese, interaktiewe en prosesmatige relasies wat tussen sisteementiteite bestaan” (De Wet, 1992:41; kyk ook 3.4).

“Het lijkt een plausibele aanname dat culturele systemen doorgaans gekenmerkt worden door een sterke, maar veelal productieve spanning tussen ‘behoudende’ en ‘vernieuwende’ tendensen, tussen feiten die in een vroeger stadium van het systeem gevestigd waren, die gevestigd zijn geweest en die nog niet gevestigd zijn.”
(De Geest, 1996:106)

3.2 KANONISERING

“The Canon, a word religious in its origins, has become a choice among texts struggling with one another for survival, whether you interpret the choice as being made by dominant social groups, institutions of education, traditions of criticism, or, as I do, by late-coming authors who feel themselves chosen by particular ancestral figures.”
(Bloom, 2005:244)

Daar bestaan uiteenlopende sienings omtrent die ware substansie van ’n literêre kanon. As deel van die resepsieteorie word die teks wat op ’n bepaalde tyd en plek as literêr beskou word of bestempel is, deur die resepsie daarvan in ’n literêre hiërargie opgeneem, die literêre kanon.

“Deze hiërarchie vormt het literaire referentiekader van de criticus waaruit hij bij zijn bespreking put en die als *Erwartunghorizont* bij de te bespreken boeken fungeert.”
(Dijkstra, 1987:161)

Hierdie hiërargie van literêre tekste dien as ’n verwysingsraamwerk of selfs standaardstelling waarvolgens toekomstige literêre bepalings omtrent tekste gemaak kan of moet word. Van Coller (2003:2) gebruik in ’n kort samevatting rondom die kanon die beskrywing daarvan as ’n “versameling tekste wat deur ’n gemeenskap op ’n bepaalde tyd en plek as waardevol beskou en daarom bewaar word, en boonop

dien as verwysingspunt vir literêre uitings, oordele en die studie van literatuur” (Mooij 1985; Moerbeek 1992; Fokkema & Ibsch 1992).

Kanonisering vorm deel van ’n uiters streng evalueringsproses binne ’n literatuursisteem, waarvan die primêre funksie volgens Altieri (1942-) basies op twee vlakke lê. Enersyds is die basiese funksie van die kanon “curatorial: literary canons preserve rich, complex contrastive frameworks, which create what I call a cultural grammar for interpreting experience. Given the nature of canonical materials, however, there is no way to treat the curatorial function as simply semantic”. Daarom funksioneer die kanon andersyds ook as ’n norm, omdat kanons ook waardes veronderstel: “both in what they preserve and in the principles of preserving”.

“Canons call attention to examples of what can be done within the literary medium.”
(Altieri, 2005:163)

Alhoewel die literêre kanon as die normatiewe ideaal van ’n literatuursisteem beskou kan word, word paradigmaterskuiwing ook in sienswyses omtrent die kanon weerspieël. Tradisioneel beskou, is “die versameling meesterwerke van die Westerse literatuur” waarskynlik die bondigste beskrywing van die kanon soos dit binne Westerse denke funksioneer. Dit het sy oorsprong in die vroegste tye toe tekste – aanvanklik mondelings en later deur die geskrewe teks vervang – bedoel was om te dien as die ideaal of ’n model vir ’n kulturele en opvoedkundige riglyn, veral op die gebied van die religieuse, die etiese en die estetiese belewenis van die mens.

Tot onlangs was die kanon geskoei op die poëtika van die Klassisisme, wat so ver terug strek as die 4de eeu v.C. Vir eeue lank is die kanon beskou as ’n stabiele, “if not ‘totally coherent’” (Fowler, 1979:98), sterk normatiewe en gesaghebbende “stel reëls en voorskrifte wat oor die algemeen betrekking gehad het op die kunssmaak, maar in die besonder op die literatuur self” (Masselli & Carter, 1992:216). Dit word veral gesien as beïnvloeding op die “beskawing” (kyk Henderson, 1992:207-214). Dié “meesterwerke” wat as maatstaaf vir literêre oordeel en “smaak” gedien het, was gereserveer vir geleletterdes en “fynproewers”. Dié werke het tot die “schatkamer” (Fokkema, 1986:6) van die geskrewene behoort.

“De oude canons warden getoets op esthetische kwaliteiten en gereviseerd.”
(Fokkema, 1986:8)

Die funksie van die literatuur is tradisioneel veral in die Westerse wêreld gereduseer tot die estetiese belewenis daarvan wat in die stilistiese samestelling van die teks geleë was. Ook die kanon van die Afrikaanse literatuur, oftewel die letterkunde van Afrikaans, is al deur geskiedskrywers beskryf in relasie tot spesifieke tekseienskappe en daarvolgens bestudeer. Die rol van N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder, veral ten opsigte van sy pogings “om die denke oor literatuur in Suid-Afrika op ’n meer wetenskaplike basis te plaas” (Kannemeyer, 1994:60), vorm steeds deel van die kritiese herevaluering van die literêre kanon. Behalwe dat Louw gedurende die vyftigerjare in noue kontak met die “opkoms van die stilistiek op linguistiese grondslag” was, propageer sy *Die mens agter die boek* (1957) ’n “formalistiese benadering van literatuur” (kyk Van Coller, 2001: Deel 1 en 2). Hiervolgens moes die teks “los van die persoon van die skrywer beskou word, los van die ander werk van die skrywer (...)” (Botha, 1982:10).

Verskuiwing weg van die idee van die “werk as outonome objek” is binne die Afrikaanse literatuursisteem aangeteken as ’n keerpunt vir die Afrikaanse letterkunde. Volgens Philip John (1994:97) was die simposium, Suid-Afrikaanse letterkundenavorsing aan die begin van die jare tagtig, “een van die eerste tekens (...) van ’n literêr-kritiese oplewing binne meer ‘ortodokse’ kringe” (Van Niekerk, 1997:1), want by hierdie geleentheid word “die formulering van ’n ruimer opvatting van die opdrag van die literatuurgeskiedskrywer as ’n prioriteit vir navorsing aangedui” (Botha, 1988:1). John (1994:97) wys verder ook op “die ontwikkeling van ’n marxistiese literatuurbenadering aan die Universiteit van die Wes-Kaap” gedurende die tagtigs, wat beskou kan word as “moontlik die duidelikste teken van ’n toename in belangstelling in vernuwende literatuurgeskiedkundige kwessies binne die Afrikaanse letterkunde” (Van Niekerk, 1997:1).

In die nuwe millennium dui John (2006) ’n verskuiwing terug na die estetiese aan wanneer hy vra: “n ‘Nuwe’ Afrikaanse literêr-kritiese paradigma?” In dié artikel word die hipotese gestel dat “a new Afrikaans literary theoretical paradigm is emerging, one which utilises the idea of an ‘other’ Afrikaner on the one hand, and on the other, marks a return to the esthetic valuation of literary texts, rather than the subordination of literature to social and political issues”.

“Waar dit die Afrikaanse kultuur en spesifiek die letterkunde aangaan, is die probleem miskien nóg moeiliker omdat (...) kultuur baie intens betrokke was by die oorgang en diep daardeur geraak is – ’n proses wat duidelik nog aan die gang is.” (John, 2006:204, 205)

Alhoewel hierdie uitlating aanleiding gegee het tot 'n redelik omstrede diskussie binne die Afrikaanse literatuursisteem wat nog lank nie verby is nie, is die “proses wat duidelik nog aan die gang is”, 'n proses waar kanoniserings deel is van 'n “verskeidenheid perspektiewe op en benaderings tot kultuur en letterkunde, 'n tendens wat bekend geword het as die ‘post-strukturalisme’ en die ‘postmodernisme’” (John, 2006:205).

“Het ‘literaire feit’ wordt daarbij niet langer opgevat als een vanzelfsprekend, op zich bestaande gegeven, maar integendeel als iets dat zich voordoet in een complexe communicatieve, geografische, historische en culturele context.”
(De Geest, 1996:9)

Binne die sistemiese benadering word die kanon steeds beskou as histories gevormde instellings wat die belange van heersende groepe verskans. Deur die bestudering van die literêre teks as deel van 'n hiërargie binne 'n altyd veranderende sosiale sisteem, word die norm vir “literariteit” histories bepaal. Elke historiese epog of literêre geslag of veld sal dus sy eie kanonmakers of rolspelers in die literêre veld oplewer, wat die bestaande kanon opnuut ooreenkomstig nuwe sosiale of literêre-historiese norme of eise benader.

“De waarde die aan literaire teksten wordt toegekend, word daardoor als contingent beskouwd; deze is daarmee niet als inherente eigenschap in teksten aanwezig, maar afhankelijk van de sociale context.”
(Dijkstra, 1989:160)

Toenemende belangstelling in kontekstuele faktore by die bepaling van literêre waarde het dus die aandag verskuif van “autonomistiese uitgangspunten” na 'n “historisch-normatiewe dimensie”. Hierdie paradigmaverskuiwing is veral gegrond op die siening dat “(w)aarden (...) geen universele, objektief geldende kategorieën” is nie, maar eerder tot stand kom “binne een welbepaalde historiese en culturele konteks”.

“Literaire waarden – de waardering die aan literatuur als zodanig wordt toegekend en de specifieke wijze waarop dergelijke waarde-oordelen gestalte krijgen en worden gelegitimeerd – hangen immers nauw samen met poëtische normering en met ideologiese selectie- en studeringsmechanismen.”
(De Geest, 1996:8, 9)

Hierdie uitgangspunt bevestig die klemverskuiwing vanaf die outonome siening na die uitgangspunt dat die teks, anders as in die outonomiebeweging, nooit as die finale, afgeronde eenheid beskou word nie, maar as 'n proses van kommunikasie wat ook resepsie en produksie veronderstel. Dit dui daarop dat nie net die teks nie, maar ook die skrywer én die lesers afsonderlik, maar ook in samehang met die literatuur as geheel, onderhewig is aan kanoniserings voordat dit op 'n prestige-posisie in die hiërargie binne die literêre sisteem aanspraak kan maak. Hiervolgens word dit duidelik dat ook kanoniserings as deel van die kommunikasieproses ondersoek moet word, omdat die samestelling daarvan in relasie met die skrywer en die lesers as resipiënte geskied (kyk 1.3 & 3.3). Die Resepsie-estetika vorm dus steeds die basis van sistemiese benaderings tot die bestudering van literatuur.

“Die Resepsie-estetika probeer op wetenskaplike wyse die kritiek en teorieë van 'n bepaalde periode bestudeer om die norme en kriteria en lesersreaksie te verwerk, en dit gee vir ons die waarderingsgeskiedenis van 'n bepaalde werk of werke in die verloop van die tyd.”
(Cloete, 1992:266)

As gevolg van die sosiaal-historiese gebondenheid is dit wat as die literêre kanon beskou word, voortdurend onderhewig aan verandering en word dit histories gevorm deur die oordeel van rolspelers in die literêre veld.

“Die aantal tekste in enige literêre tradisie wat tot ‘letterkunde’ – die kanon – verklaar is, verteenwoordig nooit die geheel nie en verskil trouens van tydvak tot tydvak, na gelang van verskuiwings in literêre mag en smaak.”
(Willemsse, 1999:3)

Fowler (1982:213-214) sien hierdie veranderende aard van die kanon as die “elastisiteit van letterkunde”, deur “die potensiële, die toeganklike en die geselekteerde kanon” te onderskei. Hiervolgens sal die potensiële literêre kanon die totale geskrewe en mondelingse rekord, wat om verskeie redes nie in sy geheel ondersoekbaar is nie, veronderstel. 'n Beperkter “toeganklike kanon”, wat onderwerp is aan die praktiese beperkings soos opgelê deur uitgewerspraktyke, versamelbundels, en politieke en literêr-tegniese sensuur, word dan daargestel.

“Binne hierdie toeganklike kanon bestaan die geselekteerde kanon, wat hoofsaaklik die sistematiese voorkeure van onderwysbeplanners en -kurrikula weerspieël. Die geselekteerde kanon word telkens herbevestig in die voorskryf van bepaalde tekste, die herhaaldelike bespreking van

dieselfde skrywers en tekste in tydskrifte en versamelbundels, sowel as die voorrang en hiërargie wat verleen word aan sekere genres.”
(Willemse, 1999:3, 4)

Geweldige druk word op literatuurkritiek geplaas in die praktiese uitvoering daarvan by die bepaling van die “literêre” en die plasing in ’n hiërargie. Die onus wat op kritiek geplaas word, is van kardinale belang by die vorming van die kanon. Volgens Bloom (2005) is literêre kritiek “an ancient art; its inventor, according to Bruno Snell, was Aristophanes, and I tend to agree with Heinrich Heine that ‘There is a God, and his name is Aristophanes’”.

“Cultural criticism is another dismal social science, but literary criticism, as an art, always was and always will be an elitist phenomenon.”
(Bloom, 2005:242)

Alhoewel die bestaansreg van ’n statiese, stabiele idee van die kanon as denkkonstruksie binne ’n literêre sisteem veral onder druk van sosiokulturele benaderings bevraagteken word, word die kanon as ’n prestige-instelling beskou. Die verbintenis van geloofwaardige kritici met ’n spesifieke instelling is in belang van sodanige instelling.

“The institution criticism has the authority to legitimize texts as literary texts of a specific rank.”
(Van Rees, 1983:397)

Om so ’n verantwoordelike funksie in die kanoniseringsproses te verrig, verg ’n “betroubare” kritikus, omdat hulle ’n “bemiddelende rol tussen outeur en leser” speel, maar veral omdat ook hulle ’n “belangrike rol as ‘selekerende sif’ by die proses van kanonvorming” speel. ’n “Betroubare kritikus” word waarskynlik die beste beskryf wanneer Van Coller (2001) N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder bespreek:

“Om verantwoord (‘korrek’) te kan oordeel, verg, naas aanleg, ook deeglikheid, belesenheid, ewewigtigheid en fyn smaak. Dit is deugde wat deur ’n leeftyd se intieme omgang met literatuur verwerf word, en hoewel dit nederigheid veronderstel, lei dit tot geen gemoedelike oordeel nie: dit is die hardste slypsteen wat bydra tot die skerpste werktuig.”
(Van Coller, 2001:65).

Die geloofwaardigheid van literatuurkritici of die gesag waaroor ’n kritikus beskik, “hang af van sy opleiding, die prestige van die blad waarvoor hy werk, sy

sukses in die verlede, die mate waarin hy innoverende keuses kan maak, sy repertoire en die hoeveelheid resensies wat hy skryf” (Viljoen, 1992:115).

“A critic’s legitimizing competence might be provisionally described as his socially accepted qualification to force, by means of his discourse, public recognition of a text as a literary work which has a certain degree of quality, compared with other texts.”
(Van Rees, 1983:399)

Van ’n betroubare kritikus word verder verwag om ’n wyd belese persoon te wees, want betroubare kritiek is ook afhanklik van die “vergelykende beoordeling” (Cloete, 1992:271) van ’n teks ten opsigte van ander literêre tekste uit dieselfde tyd of vroeër. Kritici verkry dus geloofwaardigheid ten opsigte van hulle resepsie-produkte en produseer daardeur geloof in die literêre waarde van ’n bepaalde teks, maar daarmee saam (en indirek ook vir die instelling indien by een betrokke) gesag en prestige, wat weer tot groter geloofwaardigheid kan lei. Hierdie geloofwaardigheid word gesien as legitimititeit, as literêre produksie- of kanoniseringsvermoëns (kyk 3.4).

“The more prestigious a critic’s position within the institution, the stronger his case for valorizing his discourse. It is possible to assess such prestige according to the number of reactions to his discourse, his being invited to contribute to reviews and to act as a member of juries and panels, an editor of anthologies and the like.”
(Van Rees, 1983:415)

Die rol van literatuurkritiek binne die kanoniseringsproses is ook al beskryf as ’n diens aan die leserspubliek, naamlik “(...) to protect the public from the bad and to recommend the good” (Shipley, 1962:83). Hierdeur behou die kanon sy identiteit “als smaakmaker” (Dijkstra, 1989:167), soos daargestel deur Aristophanes van Athene (ca. 450-385 v.C.), wat as die eerste belangrike literêre kritikus beskou word (kyk Cloete, 1992:209), en later die Romeinse digter Horatius (65-8 v.C.). Sedertdien vervul “goeie kritiek” ten opsigte van die kanon ’n funksie as beskermer en wel die beskerming van die tradisie en die daarstelling van ’n standaard as nuwe tradisie.

“The canon achieves its imaginary totality, then, not by embodying itself in a really existing list, but by retroactively constructing its individual texts as a *tradition*, to which works may be added or subtracted without altering the impression of totality or cultural homogeneity. A tradition is ‘real’, of course, but only in the sense in which the imaginary is real.”
(Guillory, 2005:211)

As abstraksie is die literêre kanon nie sonder meer die resultaat van literêre evolusie of sosiale verandering nie, maar 'n komplekse proses waarin estetiese, ideologiese en sosiale faktore 'n rol speel. Die hiërargisering van tekste en die posisie-inname van skrywers as deel van kanoniserings is “bowenal nie 'n reglynige of kontinue proses nie, maar 'n proses wat gate en spronge maak” (Viljoen, 1992:548).

“Kanoniserings is nes byvoorbeeld standaardisering, 'n proses van insluiting en uitsluiting wat gegrondves is in die magspel. Hierdie magspel betrek alle verhoudings: intellektueel, institusioneel, sosiaal en polities.”
(Van Coller, 2001:67)

As deel van 'n sistemiese benadering veronderstel dit, volgens Van Coller (2004:4), dat literêre tekste oor 'n breë front moet funksioneer om werklik gekanoniseer te word. Binne die literatuursisteem en as deel van 'n literêre kanon word tekste wel as't ware voortgeplant deurdat kanonieke tekste voorgeskryf word, daar na hulle verwys word in lesings, en deurdat hulle bestudeer of met ander tekste vergelyk word. As gevolg van die hiërargiese aard van die literêre kanon word daar geïmpliseer dat verskillende sisteme gelyktydig “in verskillende grade van gekanoniseerdheid en van verandering” bestaan (Viljoen, 1992:548).

“Tenslotte blyk die relatie tussen literatuurgeskiedenis en levende kontemporêre literatuur – een voor de wetenskap gunstige en noodzakelike relatie – niet altijd noodzakelijk en gunstig te zijn voor literaire stromingen die nog in ontwikkeling zijn. De verteenwoordigers van dergelijke stromingen zijn geneigd de geschiedenis van de literatuur te interpreteren als een process van canonisering van bepaalde traditionele normen en wetten.”
(Tynjanov, 2001:87)

3.3 PERIODISERING

“The history of a period will consist in the tracing of the changes from one system to another. Thus the survival of a preceding scheme of norms and the anticipation of a following scheme are inevitable (...) we need to discern the decay of one convention and the rise of a new one.”
(Wellek, 1963:50)

Periodisering is die historiese ordening van literêre tekste tydens geskiedskrywing, waarin geskiedskrywing as kanoniseringsaktiwiteit gebruik word, dit wil sê, 'n strategie met die oog op die in- of uitsluiting van die literêre kanon.

“Deur geskiedskrywing word daar gepoog om balans te kry tussen diachronie en sinchronie van die literêre sisteem.”
(Van Coller, 1998:vii)

Literêre tekste kan op sigself deel uitmaak van die klassieke kanon, ook beskryf as die diachroniese kanon, of van ’n aktuele oftewel sinchroniese kanon. Wanneer die Afrikaanse literatuursisteem onder die loep kom, blyk dit egter dat slegs tekste wat as relevant beskou is en werklik geskiedenis gemaak het, in geskiedskrywings opgeneem word. Literatuurgeskiedskrywings as handeling word sodoende ’n “kanoniserende aktiwiteit” (Van Coller, 1999:ix).

Wanneer daar gepoog word om in- en uitsluiting van die literêre kanon as deel van ’n literatuursisteem na te vors, sal dit nodig wees om sinchronies sowel as diachronies te werk te gaan. Die plek wat ’n teks in ’n hiërargie inneem of die posisie-inname van ’n skrywer op grond van die prestige wat hy of sy in die literêre veld geniet, sal enersyds bepaal kan word deur die sinchrone literêre dissiplines van beskrywing, interpretasie en evaluering. Andersyds, veral gesien as deel van ’n oop literatuursisteem, is dit ook nodig om ’n teks of ’n skrywer of selfs die kritici en leserspubliek as ontvangers diachronies te vergelyk soos dit in die ontwikkelingsverloop van die sisteem voorkom.

Die bestudering van verskeie literatuurgeskiedskrywings wat in Afrikaans verskyn het, maak dit vir die navorser moontlik om die pad van hiërargisering ten opsigte van skrywers sowel as tekste te volg (kyk hoofstuk 4). Dit is veral deur die navolg van literatuurgeskiedskrywings waartoe die navorser toegang kon verkry “tot die korpus van ’n literatuur” (kyk Botha, agterblad van *Perspektief en profiel 1* – 1998 en *Perspektief en profiel 2* – 1999). Hierdeur is die bydrae van geskiedskrywing, as hulpdissipline van die literatuurwetenskap, in die kanonvorming en kanoniseringsproses in die Afrikaanse literatuursisteem ondersoek (kyk hoofstuk 4).

Die plasing van geskrewe tekste as behorende tot genres, dra by tot die proses van kanonisering tydens geskiedskrywings. Volgens Fowler (1985:213-234) is ’n beperkte stel genres vir elke periode beskikbaar. Groot bewegings of strominge word deur die literatuurgeskiedenis onderskei, waarvolgens ook die hiërargie van genres verander. Die bestudering van die epiese of vertelling of dit wat bloot as ’n verhaal of storie gesien word, het as genre sekere aanpassings ondergaan. As voorbeeld en in belang van hierdie studie, waar die prosateks ter sprake is, kan verwys word na hoe die roman die epos van vroeër as die dominante genre vervang het.

Die geskiedenis van die roman as genre val min of meer saam met die ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur. Waar die roman in 2005 sy vierhonderdste bestaansjaar vier (kyk Malan, 2005:1), is dit vir die navorser belangrik om deurentyd ook teorieë rakende hierdie genreverskynsel in ag te neem, veral waar daar spesifiek op die hiërargisering van die prosateks gefokus word. Waar daar deesdae aangevoer word dat die roman eintlik 'n epos in prosavorm is, verkry dit 'n mate van status om ook as literêre teks oorweeg te word en sodoende binne die literêre veld in 'n hiërargie opgeneem te kan word.

Fowler (1985) wys daarop dat sodanige herevaluering van tekste uit die verlede waarskynlik eerder aan die druk van verskuiwings in die genresisteem as aan morele of formele waardes toegeskryf moet word. Sinchronie en diachronie kan beskou word as 'n poging om genres met maatskaplike strukture te verbind. Genres word onder andere beskou as vorme van 'n kollektiewe werklikheidsbesef.

Zima (1981:30-33) vervat Luhmann (1973) se siening van 'n sisteem in die idee waar genres gesien word as 'n model van die werklikheid. Dit het 'n modellerende funksie, waardeur die werklikheid begryp en beheersbaar gemaak word deur die volle kompleksiteit daarvan te reduseer. Genres is daarom pogings van groepe om hulle ten opsigte van die werklikheid te oriënteer en om bepaalde handeling en houdings ideologies te regverdig.

“Het middeleeuwse epos, bijvoorbeeld, rechtvaardigt bepaalde normen, waarden, houdingen en verwagtingen van de feodale adel ten aanzien van ander groeperingen in de sameleving, en pogingen om dit epos te redden en het (in het kader van een poëtica) tegen andere genres te verdedigen zijn door de belangen van de groep gemotiveerd.”
(Zima, 1981:30, 31)

Deur die toedoen van die literêre kritici word 'n enkelwerk of teks deel van literatuurgeskiedskrywing. Sodanige opname vind plaas deur die evaluering van 'n teks en die produseer van resepsieprodukte wanneer die kritikus as deel van sy rol in die literêre veld, 'n teks as behorende tot 'n spesifieke genre klassifiseer. Alhoewel kritici eerder geïnteresseerd is in die teks as enkelwerk, word dit as gevolg van die kritiek as resepsie, soos meestal vervat in die vorm van resensies, perspektiewe of profiele, deel van die kollektiewe werklikheidsbesef of 'n spesifieke genre. Insluiting van 'n “literêre” teks by geskiedskrywing en hier ingesluit in perspektiewe of as deel van die profiel van 'n spesifiek gekose skrywer, beklemtoon dat 'n teks nooit geïsoleer van die werklikheid voorkom nie.

Elke teks as sisteem word ontvang, beoordeel of soms selfs veroordeel na gelang van die literatuurgeskiedenis as sisteem van sy tyd. Terselfdertyd word dit ook vergelyk met ander tekste of soortgelyke tekste van sy tyd. Insluiting van 'n teks deur middel van geskiedskrywing beïnvloed nie net die teks self nie, maar ook ander tekste wat reeds deel daarvan is. Hierdie inskrywing van 'n literêre teks om tot die geskiedenis van literatuur toe te tree of om as 'n vermelding of as deel van 'n genrebespreking opgeneem te word, vind as deel van 'n vergelykende studie plaas.

'n Enkelwerk wat in literatuurgeskiedskrywings as vermelding of as deel van 'n bespreking voorkom, moet egter nie net as literêr beskou word nie, maar moet ook relevant genoeg wees om binne die literêre norme van 'n bepaalde tyd te funksioneer. 'n Teks wat dus as literêre werk as literatuurhistories relevant beskou word en deur geskiedskrywing by die literatuursisteem van sy tyd ingesluit word, sal tot 'n spesifieke periode behoort as dit tot die dominante eienskappe van daardie periode bydra. Verskillende literatuuropvattinge en waardeskommelings in 'n periode, maar ook van een periode tot 'n ander, kan deur die toepassing van sinchronie en diachronie opgespoor word.

Literatuurgeskiedskrywing word outomaties deel van kritiek, omdat 'n waardeoordeel slegs teen die agtergrond van 'n spesifieke periode gedoen kan word. Waar literatuurkritiek dus die enkelwerk evalueer deur dit met die literatuur van 'n spesifieke tydperk te vergelyk, hou literatuurgeskiedenis hom besig met die vergelyking van 'n hele korpus werke behorende tot 'n spesifieke tydperk wat met dié van 'n ander of voorafgaande periode vergelyk word. Beide hierdie deeldisiplines van die literatuurwetenskap maak gebruik van die komparatisme om empiriese kennis te verifieer. Navorsingsresultate wat op so 'n vergelykende basis verkry word, maak dit vir die beoefenaar van 'n wetenskap moontlik om teoretiese konsepte te herken en te beskryf – 'n navorsingsmetode wat gebruik gaan word om die plek van vroueskrywers in die literêre kanon as voorheen gestereotipeerde “blanke manlike” konstruksie, te ondersoek (kyk hoofstuk 4).

Die rangskikking en plasing van literêre tekste in 'n rangorde in die kanon van 'n bepaalde tyd verander veral vanweë veranderende toestande soos dit met die verloop van die literatuurgeskiedenis, veral onder die invloed van sosiologiese verandering, voorkom. 'n Sinchroniese snit op 'n bepaalde tydstip sal dus deur verskillende lae en verskillende sisteme in verskillende stadia van verandering gaan, terwyl waardeskommelings en normveranderings diachronies deur geskiedskrywing

bepaal word. Sisteme verander nie gelyktydig nie. Daarom moet 'n diachroniese stratifikasie naas sinchroniese stratifikasie veronderstel word.

“Als we instemmen met het denkbeeld dat de literaire evolutie een verandering in de verhouding tussen verschillende onderdelen van het systeem, dat wil zeggen een verandering van functies en formele elementen impliceert, mogen we concluderen dat evolutie gelijk staat aan de ‘afwisseling’ van systemen.”
(Tanjanov, 2001:102)

Omstandighede, en daarom ook sosiale beskouings rakende die taal Afrikaans en die literatuur in Afrikaans, het deur die jare ontwikkel: sekere aanpassings is gemaak en verandering is ondergaan. In dié proses het elke teks deel van die geskiedenis van die literatuur van Afrikaans geword. Deur die resepsie van 'n teks word die historiese tydperk, die periode of agtergrond van die teks self, dié van die leser(s) en dié van die skepper daarvan, deel van die literatuurgeskiedenis.

“Een taak van de literatuurgeschiedschrijving is het beschrijven van de literaire conventies en hun veranderingen.”
(Van Heusden, 2001:90)

Hiermee word aangesluit by die gedagte van 'n stroming of periode in die literatuurgeskiedenis wat soos volg gesien word:

“a time section dominated by a system of literary norms, standards, and conventions, whose introduction, spread, diversification, integration, and disappearance can be traced. Thus a period is not a type of class but a time section defined by a system of norms embedded in the historical process and irremovable from it. An individual work of art is not an instance in a class, but a part which, together with all the other works, makes up the concept of the period. It thus itself modifies the concept of the whole.”
(Wellek & Warren, 1963:265).

'n Sisteem moet eers bewys dat dit onafhanklik as entiteit kan staan voordat die intersistemiese verhoudings met ander sisteme daarbuite tot stand kan kom. Volgens De Geest (1996) veronderstel 'n sisteem “the existence of a number of elements, which can (at least to a certain extent) be isolated functionally from their environment on the one hand, and which possess sufficient internal coherence to be considered as a relatively closed zone, on the other hand”.

“In this way, systems become more than random accumulations of facts and elements. They usually try to thematize (and, accordingly, to

maximize) their inner coherence by emphasizing both the supposed similarities between their elements and the strategic awareness of intrasystemic relationships.”

(De Geest, 1996:165)

Beide teks en periode is sisteme. 'n Teks wat as 'n literêre werk as literatuurhistories relevant beskou word en deur literatuurgeskiedskrywing by die literatuursisteam van sy tyd ingesluit word, sal tot 'n spesifieke periode behoort as dit bydra tot die dominante eienskappe van daardie periode. 'n Aantal tekste wat dus oor dieselfde dominante eienskappe beskik, sal op grond van gemeenskaplike eienskappe tot 'n periode behoort. 'n Periode is ook in verbinding met ander periodes omdat die literatuurhistoriese altyd op intertekstualiteit sowel as ekstratekstualiteit berus (kyk 3.5). Daarom is 'n periode nie 'n geïsoleerde episode in 'n literatuurgeskiedenis nie. 'n Teks kan in meer as een periode relevant wees, moontlik omdat 'n ander eienskap daarvan meer dominant word en dit op daardie tydstip as die dominante in 'n ander periode funksioneer.

“Tijdens het ‘leven’ van elke historische periode in de ontwikkeling van de literatuur is de confrontatie van beide tendensen de basis van het vermogen van literatuur om de interesses van verschillende sociale krachten en het conflict van de morele, politieke of filosofische opvattingen van de tyd uit te drukken.”

(Lotman, 2001:165)

Met die aanbreek van 'n nuwe historiese epog of periode, “manifesteert de modellerende activiteit van literatuur zich in het bijzonder in het actief creëren van eigen verleden, wat bereik wordt door een keuze te maken uit de veelheid van haar vorige organisaties en die te canoniseren”. Gedurende die proses wat Lotman (1976) beskryf het as “historisch-wetenschappelijke canonisering”, ondergaan die tekste wat deel uitmaak van die nuwe periode volgens hom “zelf een gedaanteverandering: terwijl ze in de literatuur van gisteren bestond als deel van een geheel, als een element van het mechanisme, worden zij nu uitsluitend vertegenwoordigers van een tijdperk” (Lotman, 2001:165).

Juis hierdie aspek sou dit moeilik maak om 'n definitiewe begin- en eindpunt van 'n periode te bepaal. Ook die Afrikaanse literatuurgeskiedenis word gekenmerk deur strominge of bewegings wat deel uitmaak van periodes wat van tyd tot tyd afgewissel word – “(z)o vormt de opeenvolging van bepaalde literaire stromingen steenvast een van de basispatronen van literatuurgeschiedenissen” (De Geest,

1996:22). Ook word die poëtika, met ander woorde, die literatuuroppattings en teorieë oor literatuur as 'n kuns- en selfs as kultuurvorm, deur rolspelers in die literêre veld sinchronies sowel as diachronies geopenbaar.

“Daarby word wel degelyk gewezen op die reaktiewe dimensie van bepaalde literatuuroppattings, zeker wanneer – soos byvoorbeeld by die Tachtigers en die Vijftigers – sprake is van een duidelike groepsvorming en wanneer daarenboven programmatische en nadrukkelik polemische dokumente zijn terug te vinden.”

(De Geest, 1996:22)

As gevolg hiervan gebeur dit dat alle literêre produksie – soms bewustelik, soms onbewustelik – opnuut 'n reproduksie van die literêre kanon word.

“Wanneer die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde bekyk word, val dit op dat die opkoms van nuwe periodes (soos Dertig en Sestig) telkens in verband gebring kan word met die stryd tussen opponerende literatuuroppattings. N.P. van Wyk Louw het sedert 1936 heftige aanvalle begin loods teen die gevestigde kritici soos E.C. Pienaar; later F.E.J. Malherbe. Dit het veral die vorm aangeneem van poëtikale uitsprake wat 'n duidelike aanval was op die heersende poëtika (realiteitsgebode, nasionale literatuur en die 'digterspersoonlikheid').”

(Van Coller, 2001:64)

Hierteenoor staan Van Wyk Louw se poëtikale strewes, wat gerugsteun is deur wat hy as sy “lewenstaak” beskou word; naamlik “die regverdiging vir 'n Afrikaanse geesteslewe” (Van Coller, 2001:142). Van Wyk Louw glo literatuur is funksioneel ten opsigte van die oordrag van geestelike en estetiese waardes; literatuuroppattings wat op “'n metafisiese grondslag en 'n idealistiese verbintenis tussen kuns en volk” berus (Cattell, 2000:147). Verandering in die poëtika ten gunste van die funksionele betekenis, waar dit nie meer dui “op wat die literatuur is nie, maar op wat lesers met hul poëtikale oppattings doen” (Venter, 1992:389), is vanselfsprekend en word as sodanig deur geskiedskrywers in die kanon van die tyd weerspieël. Sodoende word die reeds gevormde literatuur weer ander literatuur en die geskiedenis daarvan dus die aflossing van verskillende literatuursisteme. Wat op 'n sekere tydstep in die literatuurgeskiedenis as die klassieke kanon beskou is, word sodoende deur literatuurgeskiedskrywing as 'n literatuursisteme blootgelê.

Hiermee word aangesluit by Van Gorp (1985) se sistemiese benadering tot geskiedskrywing. In die plek van 'n resepsionele aanslag, is geskiedskrywing binne 'n sistemiese raamwerk funksioneel gedrewe. Deur middel van hierdie

benadering “the relationships and comparisons among the constituents of literary history could be placed and analysed”.

“The advantage claimed by Van Gorp for this scheme is that opinions would be located meaningfully within a comprehensive whole, and not – as in the case with so much discussion – simply on the unstructured level of particulars and texts.”
(Van Coller, 2001:4)

Gegronnd op ’n sosiologiese struktuur van groepsvorming, bied Van Gorp se sistemiese benadering verskeie moontlikhede vir die ondersoeker van die literêre kanon. Enersyds kan dit gebruik word as “scientific assessment” (Van Gorp, 1985:254), omdat “an investigation into the role performed by literary text (discussed, for instance, in journals) may help to distinguish literary periods”. Andersyds dui Van Coller (2001) aan:

“The advantage of Van Gorp’s approach is considerable. The concept of literature is effectively broadened to permit consideration of such matters as the function of ‘literature’ in the context of general reading, the public estimate of literature in any historical period (which is more diverse than was previously thought) and the advent of unexpected ‘litteraire circuits’.”
(Van Coller, 2001:5)

“Litteraire circuits” ’n term wat deur Van den Akker en Dorleijn (1999:201) gebruik word, sowel as deur De Geest (1999:11), bevestig sosiale groepsvorming as ’n tegniek waarvolgens die afbakening van periodes wel kan plaasvind. Desondanks bly ’n “geheel” wel moontlik.

Afrikaans as taal en sy eie geskiedenis het ook deel van die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur geword deurdat dit intertekstueel funksioneer en vanaf die vroegste tyd, ongeag die aanvanklike vorm en gehalte daarvan, in die daaropvolgende periodes as die taalmedium van die Afrikaanse literatuursisteem gedien het en steeds dien. Die gebruik van Afrikaans as die gemeenskaplike taal in die opeenvolgende periodes wat deel is van die historiese van die Afrikaanse literatuur, veronderstel ook gemeenskaplike eienskappe teenwoordig in die verskillende periodes. Hierdeur is ’n verbondenheid van tekste in ’n periode, maar ook met tekste in ander periodes, met mekaar bewerkstellig. Dié intertekstualiteit het ’n basis geskep vir die sosiokulturele konteks van tekste wat op grond hiervan as die “literêre” beskou is soos dit deur die geskiedskrywing van Afrikaanse literatuur loop.

Beide Afrikaans as taal en Afrikaanse literatuur is 'n sisteem. Afrikaanse literatuur en die Suid-Afrikaanse geskiedenis is beide ook 'n sisteem, maar die geskiedenis van die Afrikaanse literatuursisteem word gekenmerk én beskryf deur periodes waar die onderskeiding van een periode van 'n ander beïnvloed is deur die beoordeling van die “werklikheid” van daardie periode.

“Poëtica-onderzoek met betrekking tot erg uiteenlopende periodes en locaties heeft op overtuigende wijze aangetoond hoezeer ook zogenaamd ‘extra-literaire’ factoren werkzaam zijn in een zogenaamde ‘literaire’ poëtica, al dan nie onderhuids.”
(De Geest, 1999:136)

Die Suid-Afrikaanse “werklikheidskonteks” word wel gesien as 'n “buite-literêre sisteem”, maar word telkens ook in die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing gebruik as 'n noodsaaklike “algemeen-historiese oriëntering” (Kannemeyer, 2005) om die Afrikaanse literêre sisteem te beskryf. Enersyds dien dit as afbakening van literêre periodes, maar andersyds dui dit ook aan dat alhoewel die Afrikaanse literêre sisteem 'n totaliteit is en poog om sigself te “differensieer van omringende sisteme”, dit vandag duidelik gesien word as 'n “heterogene” literêre sisteem (kyk Van Coller & Odendaal, 2005:3).

“Die contaminatie van functie – die zich, afhankelijk van de specifieke context, in een wisselende verhouding kan voordoen – hangt trouwens samen met de ambivalente positie van het literaire (deel)systeem, dat tegelijk functioneert als een relatief autonoom systeem én als een component van ruimere culturele en uiteindelijke maatschappelijke gehelen.”
(De Geest, 1999:136)

Enige teks in Afrikaans wat as literatuur beskou kan word, is tyd- en plekgebonde en sal dus op grond van sy historiese gebondenheid vanuit die hermeneutiese verstaan word. Daarom kan aanvaar word dat “die geskiedenis en die werklikheidskonteks waarin die literêre werk funksioneer, sisteem” is (Venter, 1992:511). Periodisering bevestig dus die werklikheidskonteks as sisteem. Vanuit 'n sistemiese benadering sou 'n periode waarskynlik ook “die institusionele en intellektuele konteks” (Viljoen, 1992:275) van 'n literêre teks as deel van die literatuursisteem genoem kon word. Hier is sprake van “various contact points, interactions, ‘circuits’” (Van der Akker & Dorleijn, 1999:201) of “sub-fields” – literêre groepsvorming – omdat dit gestruktureerde sistemiese interaksie tussen “numerous

participants” is (kyk Van Coller, 2001:9,10). Daar is egter ook sprake van sosiale groepsvorming, wat dui op die bestaan van ’n literêre veld waar daar ’n stryd om posisie-inname of literêre prestige bestaan (kyk 3.4).

Binne ’n sistemiese raamwerk bly die bestudering van literatuurgeskiedskrywings steeds ’n doeltreffende ondersoekmetode. Die geskiedenis van literêr geagte tekste én die skrywers as skeppers daarvan, vertel sy eie storie. Daar kan dus steeds aanvaar word dat:

“A literary history differs from ‘ordinary’ history in that literature is never ‘past’. A work of literature is always present and can always be re-read.”
(Van Coller, 2001:2)

Periodisering maak dit vir die navorser van die literatuurhistoriese moontlik om te bepaal watter geskrewe tekste op ’n sekere plek of tydstop as literêr beskou is (kyk hoofstuk 4 en 5). Alhoewel “een literatuurgeschiedenis voorheen allereerst een lijst was van essentiële data, namen van auteurs en titels van werken” (De Geest, 1996:11), vind sodanige saamgroepering van tekste tans as deel van ’n sistemiese diskoers plaas en volgens ’n heersende sisteem van norme soos gebruik deur “instansies en agente” wat verantwoordelik is vir ’n “beoordeling van die werklikheid van die situasie van daardie periode” en wel om “relevante karakteristieke en strategiese posisionering” van tekste en skrywers in die literêre veld van ’n bepaalde tyd, te bepaal” (Van Coller, 2003:1).

3.4 LITERÊRE PRESTIGE

“Gewoonlijk worden de plaats van de tekst en zijn maker (er is immers een specifieke activiteit die correspondeert met elke tekstvorm) in de algemene hiërarchie van de cultuur in één adem genoemd: de gewijde teks en de monnik kunnen worden vereerd of veracht, maar niet tegeljkertijd vereerd en veracht.”
(Lotman, 2001:157)

Literêre prestige veronderstel erkenning van die skrywer en sy teks. Kanonisering van “tekste alleen” beskik egter volgens die literêre veldteorie van Bourdieu (1983) nie oor duidelik genoeg teoretiese en empiriese bewyse om ’n grondige wetenskaplik gefundeerde waardebeplating te kan maak nie.

“This implies that a classification by ‘literary prestige’ is preferable to classification by ‘literary quality’. Using the term ‘quality’ suggests that it is possible to establish the intrinsic literary value of texts, while using the

term 'prestige' implies that the classification of authors in the literary field is a socially determined process."
(Verboord, 2003:262)

Konseptualisering van die begrip literêre prestige verkry binne 'n sistemiese benadering funksionalistiese, sistemiese en diskursiewe eienskappe. Sodanige konseptualisering maak dit moontlik om te bepaal watter uitsprake en/of resepsie-produkte in 'n gegewe konteks as "literêr" beskou kan word en watter nie, in watter omstandighede en deur wie. Waar insluiting in die verlede gebaseer is op sienings van die literêre kanon as 'n vasstaande konstruksie en begrip, veronderstel insluiting by die literêre kanon waar literêre prestige sodanige insluiting aandui, 'n ondersoekwyse waar dit binne 'n kultureel-maatskaplike sisteem moontlik word om literatuur as outonome begrip af te baken en te legitimeer.

"Daar komt evenwel bij dat het literaire systeem eveneens probeert te functioneren binnen een ruimer, maatschappelijke geheel. Die rationale oriëntering hangt onder meer samen met de strategische waarde van een meer gecanoniseerde prestigieuze positie; met de oog daarop interfereren bepaalde literaire segmenten onder meer met andere belangrijke systemen, of probeert de literatuur een specifieke, erkende eigenheid af te baken binnen de omvattende omgeving."
(De Geest, 1999:137)

Literêre prestige dra by tot die vorming van "koherensie en handhawing van 'n dinamiese, maar self-verwysende en self-regulerende polissisteem" (Van Coller & Odendaal, 2005:4). Teoretiese sluiting tussen die teorieë van Tynjanov, Schmidt, Luhmann, Bourdieu en dié van Even-Zohar, De Geest, Van Gorp, Van der Akker en Dorleijn, met ander woorde, teorieë wat poog om die literatuur vanuit 'n sistemiese benadering te verklaar, maak dit vir die navorser moontlik om literêre prestige as 'n analitiese konsep te beskou "waarmee de onderzoeker een aantal sterk normatief geladen aspecten van het literaire systeem poogt te analyseren" (De Geest, 1999:68).

"Enerzijds zijn immers alle sociale systemen, met het oog op hun interne en externe structurering, aangewezen op bepaalde selectie-, sturings- en legitimeringsmechanismen; anders zou het onmogelijk zijn om een radicale contingentie tegen te gaan, waarbij de meest heterogene uitspraken elkaar zouden opvolgen in een volstreekte ordeloosheid. Anderzijds komt daar, in het geval van culturele systemen, nog bij dat dergelijke fenomenen per definitie functioneel zijn ingebed in een complexe socio-historische, artistieke en ideologische context, waarin normen en waarden een cruciale rol vervullen."
(De Geest, 1999:170)

Aansluitend by Schmidt se opvatting van “literêre elite”, Bourdieu se “literêre veld” en Luhmann se idee van die “Umwelt”, vind De Geest (1999) dit funksioneel om insigte uit die sisteemteorie te verbind met diskoersanalise, want “(d)oor middel van zijn eigen, komplekse discursiewe structurering onttrek een literair systeem zich als ware aan zijn omgeving, en wordt het door (segmenten binnen) die omgeving als een apart discursief geheel ervaren” (De Geest, 1999:169). Hiervolgens word beklemtoon dat discursiviteit nauw verbonden word met normativiteit” (De Geest, 1999:170).

Waar Bourdieu verwys na die literêre veld wat gestruktureer word “deur die verspreiding van beskikbare posisies”, word hier verwys na entiteite wat in die literêre sisteem nie gelykwaardig opereer nie, maar deur kragte of sisteemrelasies verbind is. Alhoewel hier sprake is van ’n diskursief-normatiewe raamwerk, impliseer beide die literêre veldteorie en die sisteemteorie ’n “voortdurende stryd” (Van Coller, 2002:70) om posisie-inname, status of mag; met ander woorde, daar word gestreef na ’n dominante posisie in die totaliteit van literêre prestige. Literêre prestige sal afhang van die “kragte of sisteemrelasies” (De Wet, 1997:1) wat daar tussen interaktiewe entiteite bestaan. Sistemiese interaksie tussen entiteite gee aanleiding tot ’n literêre gesprek. Van Coller en Odendaal (2005:4, 5) gee ’n bondige opsomming van hierdie entiteite. Drie hoofgroepe entiteite word geïdentifiseer: rolspelers, institusies en instrumente. Rolspelers wat by institusies betrokke is, maak gebruik van instrumente om met mekaar in gesprek te tree:

- rolspelers soos kurrikuleerders, voorskryfkomitees, individuele onderwysers of dosente is betrokke by onderwysinstellings (skole, kolleges, universiteite) en maak gebruik van kurrikula, voorgeskrewe boeke/bloemlesings, studiegidse;
- rolspelers soos prysborge en -beoordelaars is betrokke by prystoekenningsinstansies en maak gebruik van beoordelaarsverslae en literêre toekennings;
- rolspelers soos boekeredakteurs en -keurders en vertalers is betrokke by literêre uitgewers en maak gebruik van keurdersverslae, boeke, advertensies, bloemlesings, literatuurgeskiedenis en vertalings;
- rolspelers soos mediarredakteurs, resensente, joernaliste en kritici is betrokke in die media, met ander woorde, by tydskrifte, koerante, pamflette, die radio en televisie, en maak gebruik van artikels, resensies, onderhoude en voorlesings. (kyk Van Coller & Odendaal, 2005:4, 5).

Instrumente wat rolspelers gebruik of waarmee gekommunikeer word, kan vanuit 'n resepsie-ondersoek as resepsieprodukte beskou word – terwyl Schmidt (1996) die sisteemteorie kombineer met 'n operasionele teorie waar entiteite in vier operasionele rolle gegroepeer word, naamlik literêre produksie, literêre distribusie, literêre resepsie en literêre verwerking (kyk Barnard, 1998:58 en Van Coller & Odendaal, 2005:5). Hieruit ontwikkel gewoonlik resepsieprodukte deur byvoorbeeld die skryf van resensies, deelname aan boekbesprekings en ook as medewerkers in geskiedskrywings. Resepsieprodukte, soos onder meer resensies, bloemlesings en geskiedskrywings, en tans ook fisiese deelname in die openbare media, soos insluiting in nasionale televisieprogramme (wat selfs optrede in sepies insluit), funksioneer as “daad” (Van Coller, 2002:70) aan die kant van rolspelers om skrywers toegang tot die kanon of literêre prestige te gee.

Instrumente of operasionele handelingte kan ook as “kanoniserende aktiwiteite” beskou word. Volgens Van Coller (2001:67) staan die volgende aktiwiteite sentraal in kanoniseringsproses:

“Die keuring van manuskripte, die skryf van blakerskrifte (*blurbs*) vir tekste, formele boekaankondigings en -besprekings (byvoorbeeld in die vorm van resensies of ander eksegetiese studies), informele boekaankondigings en -besprekings (soos in voorlesings en briewe aan die pers). Ook die deelname aan literêre prystoekennings, die saamstel van ‘formele’ bloemlesings (soos 'n keur van gedigte) én van ‘informele’ bloemlesings (soos byvoorbeeld 'n seleksie gedigte vir ad hoc-doel), ontlening of vertaling uit 'n ander historiese tyd of taal en die skryf van literatuurgeskiedenis of -oorsigte is kanoniserende aktiwiteite. So ook betrokkenheid by didaktiese kanons soos die opstel van lyste voorgeskrewe boeke en enige ander evaluerende optrede soos die skryf van inleidings by boeke en advies by bloemlesingsamestelling en selfs die skryf van kantaantekeninge.”

Rolspelers, veral “die sogenaamde intellektueel, die skrywer self en die kritikus”, lewer 'n funksionele bydrae tydens die kanoniseringsproses, omdat hulle as bemiddelende agente of as afwysende hekwagters optree. Terwyl bemiddelende agente bydra tot insluiting, word ('n) hekwagter(s) gesien “as enige agent, persoon of instansie wat in die proses van kanonisering skrywers of werke uit die kanon (wil) weer” (Van Coller & Odendaal, 2005:18). Na aanleiding van die literêre veldteorie is 'n skrywer se prestige “afhanklik van hoe hy of sy deur belangrike rolspelers binne die literêre veld aangeslaan word” (Van Coller, 2004:1).

“Literary prestige is the outcome not just of value assignments in the literary field, but also of the beliefs expressed in these value assignments. This is the reason why attributed value is referred to as a symbolic value: it follows not so much from the feature of the literary work itself as from the belief behind the judgement made by the agents involved.”
(Verboord, 2003:263)

Die “literêre gesprek” word gerig deur literatuuropvattinge wat opgesluit is in die poëtika van rolspelers. Verder word dit duidelik dat “(p)oëtikale uitsprake (...) dikwels direk verband (hou) met die strewe om ’n reputasie te vestig” (Van Coller, 2001:64). Strydende literatuuropvattinge gee aanleiding tot ’n “provokatiewe debat”. Op grond hiervan word ’n literêre sisteem “uiteindelik gekarakteriseer (en selfs gedefinieer) deur middel van een aantal min of meer gecodifiseerde uitsprake die, zowel topologies (in terme van een zekere discursiewe ‘plaats’) als funksioneel (deur middel van bepaalde funksies en effekte), een soort van systemiese zone afbakenen” (De Geest, 1999:169).

“In die Afrikaanse letterkundige bedryf was daar in elke tydperk literatoure wat met pontifikale status beklee was. P.C. Schoonees, E.C. Pienaar, F.E.J. Malherbe, G. Dekker, Rob Antonissen, A.P. Grové, André P. Brink en talle kardinale in ons tyd. Van hierdie persone was ook herskrywers en het op ’n bepaalde tydstip ’n belangrike rol gespeel as kanoniseerders.”
(Van Coller, 2001:67)

Rolspelers wat as skrywer en kanoniseerder binne die literêre veld of sisteem optree en as herskrywer ook resepsieprodukte skep, kan as ’n “generende entiteit in die literêre sisteem” beskou word. Enersyds word dié “skeppende figuur” wat “nie slegs skrywer is nie, maar ook herskrywer” (Van Coller, 2001:67) is, as die “ideale kanoniseerder” gesien; andersyds word skrywers se status daardeur geweldig verhoog. Die feit dat hulle nie net as skrywers bekend is nie, maar ook as aktiewe rolspelers in die literêre veld optree, verseker literêre prestige.

Sisteementiteite en sisteemkrigte wat by een en dieselfde literêre gesprek betrokke is, bring mee dat “entiteite inisiërend en genererend optree”. Verder word sodanige “sisteementiteite as spilfigure geïdentifiseer” en wel “op grond van hul werking en uitwerking binne die sisteem (De Wet, 1997:41). Hier is dus sprake van dubbele kanonisering, omdat (’n) skrywer(s) persoonlik of as “individue (agent) teen die agtergrond van bepaalde opvattinge handelend optree” om waarskynlik doelbewus (of onbewustelik) self sy of haar “reputasie te vestig” (Van Coller, 2002:70).

“Wat veral die bestendinging van die kanon bevorder, is natuurlik die optrede van bepaalde agente in die literêre veld, bv. uitgewers, literêre historici en literêre kritici. Hulle is almal besig met normale wetenskapsbeoefening en hulle glo dikwels met ’n passie aan die belang van ’n kanon as ‘tradisie’, ‘verwysingspunt’ en ‘geheue’. Tog tree hulle almal dikwels op uit eie belang.”

(Van Coller, 2003:4)

Binne die Afrikaanse literatuursisteem kan N.P. van Wyk Louw en Opperman waarskynlik as sprekende voorbeelde van “dubbele kanonisering” en “genererende spilfigure” beskou word. Die Afrikaanse literatuursisteem is veral sedert die dertigerjare en nog ’n paar dekades later, waarskynlik die produk van die uitwerking van “strydende literaturoopvattinge” tussen dié twee spilfigure; en andersyds ook produk van elkeen se individuele rol in die sisteem. Verder wil dit voorkom of beide nog tot onlangs en waarskynlik steeds deel van die literêre gesprek uitmaak. As voorbeeld dien onder andere ’n diepgaande studie deur De Wet (1992) oor Opperman as spilfiguur. Sy invloed en bydrae tot die sisteem word onder andere soos volg onthou:

“Voordat ek dié stokperdjie ontwikkel het, was my idee van die ontwikkeling van Afrikaanse letterkunde baie liniêr en stereotiep. Dit was soos die N1 – ’n mensgemaakte highway, ’n reguit streep van punt A na punt B, met sekere bordjies en etikette langs die pad. *Taalbeweging 1 en 11. Dertigers. Sestigters. Boeddhiste en Anargiste*. Ek het sekere name van ouer literêre reuse onthou, soos rugbyspelers uit die ou tyd, maar hulle was omring deur vae auras en losse assosiasies. Opperman: die Groot Groot Gees.”

(Koos Kombuis, 2002:14)

As skrywer én as agent was Opperman ’n rolspeler in die literêre veld oor alle grense heen – nie net verbind tot ’n genre of ’n periode nie, maar “onder andere as keurder, dosent, bloemleser, kritikus en literatuurhistorikus vir dekades”. Optrede soos hierdie “is nie net ’n illustrasie” of gebruik van ’n rolspeler as spilfiguur se “eie literaturoopvatting nie”, maar “in feite is dit ook legitimering van hul eie interne poëtika” (Van Coller, 2003:5). Optrede soos hierdie kan verder gesien word as ’n “bewaringsaksie waardeur reputasies nie net gevestig word nie, maar ook op durende wyse in stand gehou word” (Van Coller, 2002:68).

Die vernaamste kriterium vir posisie-inname, of literêre prestige, bly egter vernuwing: “vernuwing’ in die een of ander vorm (...) is ’n vereiste van so ’n strewe na erkenning”. In sy tweedelige artikel, “N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder” dui

Van Coller (2001) aan dat daar min Afrikaanse skrywers is wie se werk aan so 'n uitvoerige en deeglike analise onderwerp is as juis dié van Van Wyk Louw. Sy aandeel in die vestiging van die twee belangrikste skrywersgroeperinge in die Afrikaanse letterkunde, die Dertigers en die Sestigters, is alombekend. Van Wyk Louw se optrede in die literatuursisteem van Afrikaans dui daarop dat hy op die talle terreine waarop die kanoniseringsproses voltrek kan word, betrokke was. Enersyds slaag Louw daarin om as skeppende figuur van statuur in die literêre werk self kanoniserend op te tree; andersyds omdat hy uiters geslaag binne die Afrikaanse letterkundige sisteem in die kanoniseringspraktyk optree. Daarom word Van Wyk Louw vandag steeds beskou as “een van die Afrikaanse skrywersfigure met die stewigste vastrapplek in die letterkunde-kanon” (kyk Van Coller, 2001:65, 68, 69).

As gevolg van die veranderende aard van 'n sisteem, is dit egter noodsaaklik om te beseft dat geen gekanoniseerde figuur met verloop van tyd presies dieselfde plek binne die kanon beklee nie. In 'n poging om hierdie verandering ten opsigte van posisie-inname in die sisteem/literêre prestige vas te stel, maak Van Coller (2004) gebruik van “a model (...) to measure the literary prestige of a deceased author – in this case the well-known Afrikaans author, Etienne Leroux”. Van Coller (2004:1-31) poog om “prestige of vergetelheid” as “teenhanger van prestige” te bepaal en wel deur sinchronies sowel as diachronies te werk te gaan.

“Verboord’s approach is synchronic, establishing the literary prestige of selected authors at a specific time. In this article the aim is to establish whether Etienne Leroux is still regarded as an important author. The approach is therefore also to present a diachronic overview of positions within the Afrikaans literary field.”
(Van Coller, 2004:1)

Verboord (2003) se model, die “Institutional Literary Prestige classification system”, skakel in by 'n sisteembenadering omdat daar van die volgende standpunt uitgegaan word:

“(S)ocial features offer an opportunity to construct a valid and reliable operationalisation of literary prestige. Authors were weighted at various locations (journalism, literary magazines, universities) by various means (reviews, essays, academic studies, literary prizes, entries in encyclopedias). The multi-dimensional nature of the concept of literary prestige was accounted for, by using multiple observations of various types of institutional indicators”
(Verboord, 2003:264).

Hierdie model, wat uitsluitlik ontwerp is om literêre prestige te meet, is ook gebaseer op empiriese ondersoekmetodes, wat kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe ondersoek insluit. Dijkstra (1989) beskryf 'n kwantitatiewe ondersoek soos ontwikkel deur Rosengren (1968). Hiervolgens word die aantal keer wat 'n skrywer of gebeure rondom 'n spesifieke skrywer vermeld word, as “mentions” (Dijkstra, 1989:163), beskryf. Die aantal vermeldings van skrywers word fisies getel. Van Coller sien die genoemde ondersoekmodelle, veral dié van Verboord, as “te staties”. Verder kan dit onbetroubaar wees, omdat dit “geen beeld van verskuiwings ten opsigte van prestige” gee nie en dit “boonop nie omvattend genoeg (is) nie” (Van Coller, 2003:5). Daarom word die model aangepas sodat dit 'n “heuristiese hulpmiddel wat 'n raamwerk bied vir kontroleerbare uitsprake en derhalwe die moontlikheid van intersubjektiviteit verhoog” (Van Coller, 2001:67), kan wees. Van Coller (2003) se model, wat ook kwalitatiewe eienskappe vertoon, word vervolgens bondig opgesom.

Op 'n diachroniese vlak kan literatuurgeskiedenis chronologies vergelyk word om te bepaal of daar verskuiwings plaasgevind het ten aansien van die literêre reputasie van 'n bepaalde skrywer en, indien wel, in welke rigting. Op sinchroniese vlak word gekyk na, eerstens, distribusie, waar onder andere gekyk word of tekste van 'n skrywer nog in druk is en of van sy of haar werk nog in kontemporêre bloemlesings voorkom; tweedens, werklike bestaan, waar onder andere gekyk word of die skrywer nog deel vorm van die literêre gesprek, veral op akademiese vlak, of tekste veral by universiteite voorgeskryf word, of daar in die media en koerante na die skrywer verwys word, ook in algemene publikasies benewens literêre publikasies, en selfs of die skrywer se teks deel uitmaak van die een of ander vorm van musiek of teks in die vermaaklikheidswêreld; en derdens, die skrywer se produktiewe bestaan, met ander woorde, word daar onderhoude met hom of haar gevoer, word poëtikale uitsprake gelewer, word die betrokke skrywer se werk verwerk of vertaal. Laastens en waarskynlik die moeilikste roete om te volg, “kan daar gekyk word na duidelike (eksplisiete) voorbeelde” van intertekstualiteit en sitate “soos aanhalings, intertekstualiteit wat betref naamgewing, karakters, ruimte en tyd, maar ook na implisiete relasies ten aansien van plotooreenkomste, simboliek, ensovoorts” (kyk Van Coller, 2014:7-26). Sodanige ondersoek word dan 'n praktiese toepassing van “sisteemteoretiese insigte”.

“Nie net omdat diachronie en sinchronie gelyktydig aan die orde gestel kan word nie, maar veral omdat vaste, gekarteerde en problematiese

waarde-oordele en kanoniserende beskouings ter syde gestel kan word ter wille van 'n verskuiwende en verplasende benadering waarin dit die kragte in die sisteem self is wat die opteken van die literêre gesprek, en die manifestering daarvan, beteken.”
(De Wet, 137:46)

3.5 MARGINALISERING

“Dit moet liefers anders gestel word: dit is nie die kanon wat selekteer nie; daar is altyd agente, figure in die ‘literaire circuit’, wat deel het aan die siftingsproses: skrywers, tydskrifredaksies, uitgewers en kritici. Hierdie prosesse van seleksie, klassifikasie, hiërargisering en kanonisering bepaal beeldvorming.”
(Van Coller, 2002:69)

Beeldvorming van dit wat by die literêre kanon ingesluit is, gee ook 'n beeld van dit wat uitgesluit is. Kanonisering is onlosmaaklik verbonde met “het omgekeerde proses, dat van decanonisering (via marginalisering, sensuur, het instellen van taboes ...)”. Even-Zohar beskryf hierdie verband tussen gekanoniseerde en nie-gekanoniseerde as “de basistegenstelling tussen gecanoniseerde en niet-gekanoniseerde strata”. Dit kom daarop neer dat in “één en hetzelfde systeem op elk synchroon moment tegelykertyd diachronisch diverse stadia terug te vinden, zij het dat die topologisch en/of functioneel in diverse strata van het globale systeem gesitueerd kunnen zijn” (De Geest, 1996:107).

Op grond van die diskursiewe-normatiewe raamwerk van sistemiese interaksie, ontwikkel De Geest (1996) “het semiotische vierkant van normativiteit” wat moet dien as “een schema dat een meer genuanceerde en dynamische analyse van sociale systemen mogelijk maakt”. Enersyds word die “binêre kodebegrip” van Luhmann (“mooi” versus “lelik”) en dié van Schmidt (“literêr” versus “nie-literêr”) uitgebrei; andersyds vind verruiming van die begrip van normatiewiteit plaas – dit wat in die sisteem aanvaar word teenoor dit wat verwerp word.

“Tot dusver zijn normen nagenoeg steeds bestudeerd in hun meest categorische dimensie, als de uitdrukking van wat met nadruk voorgeschreven is (geboden) én van wat daarentegen explisiet verboden is (verboden).”
(De Geest, 1996:175, 176)

Die polariteit “aanvaar versus verwerp” is nie dichotomies van aard nie, maar eerder “een meer nauwkeurige analyse van de normen en de spanningsvelden die

gelden as konstitutief voor een bepaald systeem". De Geest (1997:168) gaan van die volgende standpunt uit:

(a)Although these two categories of norms indeed provide the most outspoken information regarding normative aspects of discourse, a functionalist and dynamic theoretical model should definitely take into consideration (and accordingly, try to account for) the less stringent instances of normativity as well; everything which is not explicitly prescribed (non-obligation) and everything which is not explicitly forbidden (non-prohibition)."

Hieruit ontwikkel die "vierhoekige meganisme van intersistemiese diskoers", wat uit vier komponente bestaan wat onderskeidelik op 'n boonste en 'n onderste normatiewe sone funksioneer. Die boonste sone veronderstel "wat gesê moet word", (verpligting)/gekanoniseerde literatuur, en "wat nie gesê moet word nie", (verbod)/verbode, onaanvaarbare literatuur. Die onderste sone veronderstel "wat gesê mag word", (nie-verbode)/nie-kanonieke literatuur, en "wat nie gesê mag word nie", (nie-verpligting)/buite-kanonieke literatuur. Verder word na die boonste sone verwys as eksplisiet-normatief, terwyl die onderste gedeelte implisiet-normatief voorkom. Terwyl die boonste sone rigied-normatief en op 'n binêre wyse funksioneer, laat die onderste vlak meer ruimte vir individuele kreatiwiteit en artistieke eksperimentering – 'n "bevoorregte area van relatiewe vryheid binne die sisteem" (kyk De Geest, 1996:175-179 & 1997:171).

Hierdie vier geïdentifiseerde diverse komponente, naamlik gekanoniseerde literatuur, nie-kanonieke literatuur, verbode onaanvaarbare literatuur en buite-kanonieke literatuur (soos Van Coller en Odendaal daarna verwys), veronderstel vier deelsisteme van die groter literatuursisteem wat nie in isolasie van mekaar bestaan nie. Verder kan hulle as oop deelsisteme beskou word. Dit gee aanleiding tot interferensie binne die literatuursisteem waarvan almal deel is. Daarom is dit moontlik vir "exogene elemente" om "endogene elemente" te word en vir "endogene elemente" om "exogene elemente" te word. Enersyds kan dit dus gebeur dat "periferie elemente na verloop van tyd – op grond van ermee geassosieerde funksies en via bepaalde strategieën – binne het literaire sisteem een meer sentrale en prestigieuse posisie verwerwen". Andersyds is dit egter ook moontlik dat "oorspronklik endogene elemente verdwynen (...) uit het literaire funksiesisteme". Binne die groter literatuursisteem is daar dan sprake van 'n proses van marginalisering.

“In dat geval verliest een bepaalde element geleidelijk aan zijn strategische en zelfs zijn functionele waarde; het wordt overbodig, en uiteindelijk wordt het misschien zelfs als hinderlijk gebannen uit het systeem (of op zijn minst uit het prestigieuze centrum daarvan).
(De Geest, 1996:182)

Daar word ook 'n onderskeid getref tussen negatiewe en positiewe poëtika. Negatief-georiënteerde poëtika (wat nie gesê moet/mag word nie) fokus op die beperkende mag van bestaande norme in die sisteem. Volgens De Geest (1996:179) veronderstel dit “een erg marginale, zelfs illegitieme plaats; ze worden zoveel mogelijk uit het literaire systeem gebannen”; terwyl positief-georiënteerde poëtika (wat gesê moet/mag word) fokus op norme wat kreatiewe eksperimentering binne die sisteem toelaat en dus ruimte bied vir groei (kyk Van Coller & Odendaal, 2005:12-15).

“Het semiotische vierkant van normativiteit blijkt met name een uiterst nuttig instrument bij de studie van veranderingen en evoluties in een literair systeem.”
(De Geest, 1996:179, 180)

Daarom kan hierdie model van De Geest suksesvol gebruik word om die verskille tussen literêre en nie-literêre sisteme te beskryf. Dit kan voorts, volgens Van Coller en Odendaal (2005), “ook aangepas word om die relasies duidelik te maak tussen een sisteem (...) en 'n ander wat gesien sou kon word as deel van die eerste se *Umwelt*”. Funksioneel kan dit dus gebruik word as sistemiese ondersoekmodel. As deel van 'n tweedelige artikel, poog Van Coller en Odendaal (2005) om op dié wyse die “verhouding tussen die Afrikaanse en die Nederlandse literêre sisteme” aan te dui. Waar hierdie studie poog om die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon te ondersoek, sal verskillende sisteme ook in relasie met mekaar geplaas word – deelsisteme waarvan die een voorkom as die gekanoniseerde literatuur en die ander as gemarginaliseer.

“Die praktiese toepasbaarheid van sisteemteoretiese insigte binne 'n literêre sisteem waarvan daar 'n diskoers van literêre gesprek wat tussen sisteementiteite bestaan en ontstaan, opgeteken kan word, blyk dus uitdagende ondersoekmoontlikhede te stel aan die navorser wat wil herwaardeer.”
(De Wet, 1992:46)

'n Sistemiese benadering kan rigtinggewend funksioneer binne 'n sisteem, veral onder druk van verandering ten opsigte van die sisteem waarvan dit 'n deelsisteem

is. Binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem word die moontlikheid van 'n Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis waarvan die Afrikaanse literatuursisteem 'n deelsisteem sal wees, as noodsaaklik en haalbaar gesien (kyk van Coller, 2008). 'n Herwaardering van die Afrikaanse literatuursisteem vind veral sedert die oorgaan na 'n demokratiese bestel plaas. Tot die negentigerjare was die situasie anders:

“Alhoewel die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing alreeds sedert die vroeë 1900's 'n unieke pad begin trap het, was dit tot dusver meestal gemonopoliseer deur enkele individue (wit en manlik), gefokus op die daarstel van 'n meeserteks en geskei van 'n breër kulturele narratief.”
(Van Niekerk, 1997:32)

Deur die insluiting van 'n prominente hoofstuk soos *'n Inleiding tot die buite-kanonieke Afrikaanse praktyk* (Willemse, 1999:3-20) as deel van die perspektief op die Afrikaanse literatuursisteem in *Perspektief en profiel 2* (Van Coller, 1999), word bevestig dat die literêre kanon lankal nie meer as slegs 'n “stel of korpus boeke” of 'n “katalogus van skrywers” beskou kan word nie. Tekens van dekonstruering as deel van 'n demokratiese proses, waarskynlik in die vorm van “regstellende aksie” binne die Afrikaanse literatuur, kan uit die literatuur-geskiedskrywings *Perspektief en profiel. 'n Literatuurgeskiedskrywing 1, 2 en 3* (Van Coller, 1998, 1999, 2006) afgelees word.

“'n Soortgelyke strategiese posisie-inname is die besluit om ook 'n perspektief te wy aan buite-kanonieke literatuur.”
(Van Coller, 1999:ix)

Hiermee word 'n poging aangewend “om gemarginaliseerde literatuur (o.a. dié van vroueskrywers) die kanon binne te haal” (Van Coller, 1999:ix). Die feit dat daar wel ander Afrikaanse literatuur bestaan of bestaan het as dié wat nie in geskiedskrywings genoem is nie, en “die bewuswording (...) dat ons bestaande tradisionele literatuurgeskiedenis nie 'n ‘korrekte’ weergawe van die sogenaamde ‘ware’ geskiedenis van ons letterkunde is nie, omdat dit sekere dele van die geskiedenis weglaat, marginaliseer, afskeep of oorsien” (Van Niekerk, 1997:34), word hierdeur bevestig. Daarmee word erkenning gegee aan die “meerstemmigheid van Afrikaanse kultureel-literêre produksie” (Willemse, 1999:3), maar word daar ook erken dat ander kultuur- of etniese groepe wat ook Afrikaans as taalmedium gebruik, op 'n stadium in die geskiedenis van die literatuur van Afrikaans veral as skrywers nie hul regmatige plek in die sisteem kon kry nie. Die doelbewuste invoeging van 'n

“uitgebreide perspektief” op vroueskrywers, *Die Afrikaanse vroueskrywer – van egoteks tot postmodernisme (18e eeu – 1996)* (Van Niekerk, 1999:305-443), is in wese ’n erkenning van die bestaan van ’n “magspel” in die verlede wat sodanige uitsluiting uit die literêre kanon veroorsaak het.

Die ontneming van die prestige wat sekere skrywers op ’n stadium van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis moontlik moes toekom, het waarskynlik ook veroorsaak dat vele prosatekste wat in Afrikaans verskyn het, net weer van die toneel verdwyn het. Die oorsaak was nie noodwendig strydende literaturopvattinge daaromtrent nie, maar dat sodanige teks of tekste op die een of ander tyd en die een of ander plek nie voldoen het aan die vereiste om op daardie tydstip en plek as “literêr” beskou te kon word nie. Volgens ’n literatuursosiologiese benadering sou dit dus veronderstel dat sodanige uitsluiting nie noodwendig as gevolg van die strukturele samestelling van ’n spesifieke teks was nie, maar dat sosiologiese aspekte rondom ’n spesifieke teks (wat binne die kommunikasie-model die skrywer asook die lesers insluit) nie aangesluit het by die ideologiese voorveronderstellings van die dominante orde as sosiologiese groepering nie.

Die doelbewuste insluiting van perspektiewe op “buite-kanonieke Afrikaanse kulturele verskynsels” (Willemse, 1999:3-20) in ’n geskiedskrywing, word as ’n paradoks gesien, omdat slegs relevante literêre tekste wat werklik geskiedenis gemaak het, gewoonlik in geskiedskrywings opgeneem word. Opname in vroeëre geskiedskrywings het waarskynlik ook slegs plaasgevind omdat dit as lesersgeskiedenis aangesluit het by die onderliggende sosiale en politieke magsverhoudinge van die era waarin die geskiedskrywings plaasgevind het.

Die insluiting van sodanige paradoks by *Perspektief en profiel* (1998, 1999) word soos volg gemotiveer:

“Die paradoks groei uit die aandrang dat die samestelling van die kanon aan kritiese ondersoek onderwerp word, uit die toenemende aanspraak van ’n verskeidenheid belangegroepes, sowel as die toeloop van ’n veelheid genres, stemme en invalshoeke wat nie in die Afrikaanse kanon verteenwoordig is nie.”
(Willemse, 1999:3)

Die insluiting van perspektiewe wat ook op “die kulturele verskynsels in die marge konsentreer” (Willemse, 1999:3), staan lynreg met dit wat in die verlede as “die sentrum van die Afrikaanse letterkunde” (Willemse, 1999:3) beskou is, naamlik die literêre kanon. Sodanige insluiting sluit duidelik aan by sosiologiese verandering

in die samelewing onder druk van 'n demokratiese bestel en dui op 'n poging vanuit die literêre veld van die tyd tot “die erkenning van die meerstemmigheid van Afrikaanse kultureel-literêre produksie” (Willemse, 1999:3).

“Die kulturele mag van uitgewers, tydskrif- en koerantredakteurs, resensente, bloemlesers, universiteitsdosente en literêre geskiedskrywers en hulle dominante posisie in kulturele verhoudinge, het tot gevolg dat die kanon die institusionalisering van die dominante orde is (...). Die kanon kan dus nie beskou word as 'n waardevrye seleksie van die ‘beste werke’ in 'n bepaalde literatuur nie.”
(Willemse, 1999:8, 9)

Wanneer daar van die standpunt uitgegaan word dat kanoniseringsregstreeks in verhouding tot sosiale beheer en die mag tot kulturele produksie en reproduksie staan, kan daar ook aanvaar word dat marginalisering regstreeks in verhouding tot sosiale beheer en die mag tot kulturele produksie en reproduksie staan.

“De theorie van de literaire waarde leed aan het euvel dat de belangrijkste verschijnselen geïsoleerd worden bestudeerd, zodat de geschiedenis van de literatuur werd gereduseerd tot een geschiedenis van ‘generaals’ (...). De literatuurgeschiedenis staat, in tegenstelling met andere culturele disciplines, nog steeds onder koloniaal gezag.”
(Tynjanov, 2001:87)

3.6 STEREOTIPERING

“A word in passing about Afrikaans literature. One cannot say much more because Afrikaans literature is restricted to two million Whites, if not less, in South Africa, and it is part of a defensive mechanism. The Afrikaners have put up barricades around themselves and the writer has to screw up his face and squint in order to see the outside landscape. They have been justifying themselves ever since S.J. du Toit (...)”
(Ezekiel Mphahlele in die vyftigerjare soos aangehaal deur Gerwel, 1985:47)

Hiermee word aangesluit by die siening “dat Afrikaanse literatuur ontstaan het uit die Afrikaanse taal as nasionale ikoon en reeds sedert 1862 eksklusief tot nou onlangs nog beskou is as 'n ‘gebedsaak’, 'n ‘volksaak’, 'n ‘blanke saak’” (February, 1998:14), waar laasgenoemde drie “sake” die ondersteuning van 'n ideologie, naamlik Afrikaner-nasionalisme, veronderstel. Stereotipering van “Afrikaans as nasionale ikoon” dui op die funksionering van die taal Afrikaans in die Afrikaanse literatuur wat op stadiums in die geskiedenis daarvan moes dien as 'n “medium vir politieke en sosiale mobilisering, en as 'n strategie op sigself” (Malan, 1992:243).

Huidig kan daar aanvaar word dat in- of uitsluiting van die literêre kanon “nie bloot op estetiese gronde berus nie, maar dat literatuuropvattinge en ideologieë sentraal daarin staan” (Van Coller, 2001:146). Die navorser vind dit vervolgens noodsaaklik om die verband tussen ideologiese voorveronderstellings en stereotipering aan te dui.

“An ideology is like a building, giving protection against the outside dangers; whereas stereotypes are the ‘bricks’ used to erect the building.”
(Van der Merwe, 1994:3)

Dié bespreking moet gesien word as sluitingstuk van die studie tot dusver. Dit dien egter ook as basis waarop die intersistemiese interaksie tussen die manlike sosiale groepering en die vroulike sosiale groepering as deelsisteme binne die Afrikaanse literatuursisteme volgens De Geest (1997) se meganisme van intersistemiese diskoers ondersoek sal word.

“First and foremost, literature is a kind of *discourse*, a language structure within a social structure (...). To regard it as a social discourse is to stress its interpersonal and institutional dimensions, concentrating on those parts of textual structure which reflect and which influence relations within society.”
(Fowler, 1981:7)

As deel van die meganisme van intersistemiese diskoers, speel die wedersydse beïnvloeding en die verhouding tussen stereotipering en ideologiese veronderstelling ’n funksionele rol by bepaling van die literêre.

“What art makes us *see*, and therefore gives to us in the form of ‘*seeing*’, ‘*perceiving*’ and ‘*feeling*’ (which is not the form of knowing), is the *ideology* from which it is born, in which it bathes, from which it detaches it as art, and to which it *alludes*.”
(Althusser, 1977:204)

Hiermee word aangesluit by die noue verband wat daar tussen letterkunde en die samelewing bestaan (soos tot dusver deur die studie na vore gebring). Verder kom die twee hoofstroomteorieë oor literatuursosiologie hieruit duidelik na vore, naamlik, eerstens, die sosiale beheerteorie (of die beïnvloedingsteorie), wat aan letterkunde die inisiërende en primêr-aktiewe status in die verhouding tussen letterkunde en die samelewing gee en tweedens, die dominante teorie, wat daarop dui dat die letterkunde deur sosiale faktore gekondisioneer word. Hier kan

byvoorbeeld verwys word na die Marxiste, wat die letterkunde verbind met die wêreldbeskouing of kollektiewe bewussyn van die sosiale groep (kyk hoofstuk 2).

“(D)ie literêre werk is dan een van die belangrikste bestanddele van die groepsbewussyn wat die lede van die groep juis help in die bewuswording van wat hulle gevoel, gedink en gedoen het sonder dat hulle noodwendig die objektiewe betekenis daarvan ingesien het.”
(Gerwel, 1985:46,47)

Hierdie noue verband tussen literatuur en die samelewing sluit verder aan by teorieë wat rondom literatuur as vorm van “representasie” bestaan (kyk 2.1). As deel van opvattinge rondom *creatio* (nuutskeppings) en *mimesis* (blote herskeppings), word dit duidelik dat “alle representasie (...) ideologies gekleurd” is en “sou ’n mens wou verder gaan, alle diskoerse tewens ook, vanweë die feit dat so ’n diskoers ’n bepaalde (sistemiese of ideologiese) samehang vertoon” (Van Coller, 1995:22, 23). Die bestaan van ’n spesifieke relasie tussen die literêre skeppingsproses en die wêreldbeskouing van die mens is ter sprake.

Volgens Lippmann (1922) word die mens se uitkyk op die lewe en die wêreld deur vooroordeel en voorveronderstellings beïnvloed. Vooroordeel en voorveronderstellings vorm noodwendig deel van die literêre diskoers. Ideologiese voorveronderstellings soos oorgedra deur die literêre teks veronderstel ’n konstellasielike van idees wat uit ’n skrywer se werk na vore kan kom, hetsy as bewuste of onbewuste intensie.

“It is a simplistic view, shared by members of a social group, transmitted from generation to generation and propagated by the mass media; it contains a simplistic distinction between ‘right’ and ‘wrong’, reflecting and confirming the cultural and ideological expectations of the group; it is the expectations of love-hate feelings towards the self and the other.”
(Van der Merwe, 1994:2)

Stereotipes is ideologies gefundeer en het ideologiese implikasies tot gevolg. Persepsies word opgesluit in stereotipering – ’n sosiale proses wat deur die werking van ideologiese voorveronderstellings ondersteun word.

“Stereotypes define the cultural and moral expectations of a social group; they reflect and confirm ideological views held by the members of a society.”
(Van der Merwe, 1994:1)

Wanneer daar van die standpunt uitgegaan word dat “literatuur as diskoers by uitstek deel vorm van die diskursiewe magsverhoudinge binne die maatskappy”

(Rossouw, 1990:65), veronderstel dit ook dat die literêre kanon 'n weerspieëling is van die sosiale dimensie van mag soos dit in die samelewing tot uiting kom. Literatuur word 'n medium waardeur hegemoniese waardes oorgedra word en dra waarskynlik ook dikwels daartoe by dat 'n bepaalde ideologiese uitgangspunt as die norm en as vanselfsprekend aanvaar word. Hegemoniese waardes, dit wil sê, die intellektuele en morele leierskap in die gemeenskap, vind sodoende “vatplek” in die literêre kanon en word 'n ideale geleidingsmedium waardeur die “intellektuele” 'n organiese rol in die gemeenskap kan speel.

“Die gevestigde kanon is 'n duidelike voorbeeld van die dominansie van die hegemoniese waardes.”
(Willemse, 1999:16)

Stereotipering binne die Afrikaanse literatuur en van die Afrikaanse literatuursisteem op sigself is vir 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis veral geassosieer met die tipe waardes wat gewoonlik in 'n moderne Westerse samelewing 'n bevoorregte posisie het en as “vanselfsprekend” voorgestel word as “blanke, manlike, Westerse, heteroseksuele waardes” (Malan, 1992:242). In- of uitsluiting van sekere sosiale groeperinge vind sodoende plaas, wat verder ook in- of uitsluiting van die literêre kanon en wel op grond van stereotipering veronderstel. Hierdie uitgangspunt dien as hipotese tydens die ondersoek na die impak van sosio-politieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon.

“Traditional gender roles are connected to Afrikaner nationalism and Afrikaner religion, the two other foundations of Afrikaner ideology. The gender role is necessary for the survival of the (white) Afrikaner; and it is defended by references to the Bible, especially to the letters of Paul. So we have three closely linked elements in the dominant tradition of Afrikaner thinking, namely group identity (Nationalism), traditional gender roles and Christian religion. We could call this ideological combination: nationalistic patriarchal Christianity; and perhaps put the ‘christianity’ in inverted commas.”
(Van der Merwe, 1994:52)

As deel van die Suid-Afrikaanse samelewing is die Afrikanerman tradisioneel gesien as boer en die Afrikanervrou as volksmoeder. Hierdie geslagsrolle word in die Afrikaanse literatuur as kultuurprodukt van die Afrikaner weerspieël. Binne die raamwerk van die “volkskonsep” kom geslagsrolle na vore in die “patriargale ruimte, waarin erfopvolging oorheers, patriargale waardes domineer en die vaderfigure dikwels dominerend is”. 'n Gestereotipeerde beeld van die man word geplaas

teenoor 'n gestereotipeerde beeld van die vrou. Van Coller (1995) dui aan hoe die “Afrikaanse plaasroman” as “ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika” gelees kan word. Hierin word die boere uitgebeeld as die “forse, primitiewe figure (...) met sterk aardse drifte, gestrenge godsdienstigheid, gebondenheid aan die seisoene en aan die aarde, liefde vir die grond, ensovoorts” (kyk Van Coller, 1995:23, 24, 26).

“Haas onafwendbaar staan vrouefigure dikwels in die teken van voortplanting en word hulle gereduseer tot enersyds die dienende Martas en andersyds die sterk pioniersvrou.”
(Van Coller, 1987:29)

Binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem – so wil dit vir die navorser voorkom – word dié gestereotipeerde rolle binne die patriargale bestel vir die eerste keer weerspieël in *The Story of an African Farm* (1883) deur Olive Schreiner (1855-1920). Alhoewel daar verskeie standpunte oor die realisme en die rol van die verbeelding daarin bestaan, word die karakters deur haar in *The Story of an African Farm* (1883) geskep as betreklik outobiografies beskou. Schoeman (1989) wys onder andere daarop dat die karakter Lyndall by uitstek 'n “outobiografiese figuur” is. Enersyds word aangedui dat Schreiner se voorkoms en haar beskrywings van Lyndall se voorkoms sodanig ooreenkom dat dit “geen moeite kos om Lyndall te sien in die gedaante wat op die foto's en in die beskrywings van Olive gedurende die sewentigerjare vasgelê” is nie. Andersyds is karaktereienskappe, soos “volslae onbedagsaamheid en egoïsme”, deel van beide Olive as skryfster en haar karakter Lyndall. Uit navorsingwerk oor die persoon Olive en haar skryfwerk word veral *The Story of an African Farm* uitgesonder as 'n outobiografiese werk – ten opsigte van die ruimte, maar veral ten opsigte van haar karakters – “in dié sin dat Olive haar diepste oortuigings in hulle beliggaam het” (Schoeman, 1989:422).

Die rol van die man in die Suid-Afrikaanse (Boere-) samelewing aan die einde van die 19e eeu word kort en kragtig in *The Story of an African Farm* uiteengesit :

“I don't believe in a man who can't make a woman obey him.”
(Schreiner, 2004:193)

Hierteenoor word die rol van die “volksmoeders”, wat die idee van moederskap met die behoeftes van die volk kombineer, deur Schreiner se volksmoeder-karakter, Tant' Sannie, weergegee:

“I am very glad you are going to be married, my child,” said Tant’ Sannie... ‘marriage is the finest thing in the world. I’ve been at it three times, and if it pleased God to take this husband from me I should have another. There’s nothing like it, my child; nothing.’

‘Perhaps it might not suit all people, at all time, as well as it suits you, Tant’ Sannie,’ said Em. There was a little shade of weariness in the voice.

‘Not suit every one! said Tant’ Sannie. ‘If the beloved Redeemer didn’t mean men to have wives what did He make women for? That’s what I say. If a woman’s old enough to marry, and doesn’t, she’s sinning against the Lord – it’s a wanting to know better than Him. What, does she think the Lord took all that trouble in making her for nothing? It’s evident He wants babies, otherwise why does He send them? Not that I’ve done much in that way myself,’ said Tant’ Sannie sorrowfully; ‘but I’ve done my best.’...

‘There’s nothing like being married,’ said Tant’ Sannie, as she puffed towards the door. ‘If a woman’s got a baby and a husband she’s got the best things the Lord can give her; if only the baby doesn’t have convulsions. As for a husband, it’s very much the same who one has. Some men are fat, and some men are thin; some men drink brandy, and some men drink gin; but it all comes to the same thing in the end; it’s all one. A man’s a man, you know.’

(Schreiner, 2004:274)

Stereotipering van die Afrikanerman sowel as die Afrikanervrou kan hieruit afgelees word. Aan die een kant dui M.E.R. (1958) aan dat daar miskien nog “óú mense” is wat Olive Schreiner nie vir haar *The Story of an African Farm* kan vergewe nie:

“Die boek gaan oor die Karooplaas van ’n ‘Boer woman’, tannie Sannie, ’n growwe walglike karikatuur van ’n mens. Die paar Afrikaners in die boek is ook grof, dom, onbeskaaf. Die boek het baie aandag getrek in Engeland en die VSA, en so het ’n nare beeld van wat aangeneem word as die tipiese Afrikaner die Engelssprekende wêreld ingegaan. Ek dink sy uitwerking is steeds nog van krag. ’n Skrywer weet nooit wie en hoe hy gaan tref nie. Wat vir ons in hierdie boek so onvergeetlik was en so pynlik getref het, was dat die Afrikaner, wat as individu beskryf is, hier en oorsee aangeneem is as tipe. Die afstootlike halfgeskoolde ‘tant Sannie’ word herhaaldelik beskryf as ‘the Boer woman’. ’n Kwaai fout: ’n misdaad eintlik.”

(Steyn, 2004:497, 498)

Aan die ander kant, alhoewel moontlik kras gestel, word die gesagsposisie van mans soos verwoord deur ‘Tant Sannie’, tog bevestig in ondersoekes soos onder andere dié van Britz en Pienaar, (2002), Van Coller (1995 & 2007) en Van der Merwe (1994). Aan die einde van die neëntiende eeu het die Afrikanerman binne die Suid-Afrikaanse samelewing voor ’n krisis te staan gekom (kyk 4.2). Binne die Suid-Afrikaanse samelewing, sowel as binne die Afrikaanse literatuursisteem, sou sodanige stereotipering daartoe bydra dat dit vir die Afrikanerman moontlik was om

mag te verkry. Met die oorgang tot die twintigste eeu was dit vir die Afrikanerman noodsaaklik om hierdie mag te behou, want die “patriargale opset moes bewaar word indien die ontwikkeling van Afrikaans tot handhawing en versterking van ’n onafhanklike, Christelik-Afrikaanse volkskultuur moes lei” (Britz & Pienaar, 2002:223; kyk 4.3).

Die verwoording van vroue se ondergeskikte posisie in hierdie patriargale opset in *The Story of an African Farm*, plaas Olive Schreiner (1855-1920) in ’n leidende rol ten opsigte van die emansipasie van die Suid-Afrikaanse vrou. Deur haar bydrae tot die realisme, toon sy ’n “‘democratic’ concern with and interest in the lives of ordinary people” (Hall, 1977:67), want “het grote realisme is geroepen om in de democratische vernieuwing van de naties een ongekende leidende rol te spelen” (kyk Lukács, 1952:5-18).

“She had a passion for the cause of women, which gives immortal value to her *Story of an African Farm*.”
(Generaal J.C. Smuts oor Olive Schreiner in Friedlander, 1967:19)

Met verdere inagneming van die volgende aanhalings uit *The Story of an African Farm*, wil dit tog voorkom of die Afrikanervrou nie altyd haar rol maar net aanvaar het nie. Daar is ook bitterheid in Tant’ Sannie se woorde te bespeur. Dit is egter veral deur die karakter Lyndall wat feministiese oortuigings verwoord word wanneer sy onder andere sê:

“It is delightful to be a woman; but every man thanks the Lord devoutly that he isn’t one.”

“What would knowledge help me? The less a woman has in her head the lighter she is for climbing. I once heard an old man say, that he never saw intellect help a woman so much as a pretty ankle; and it was the truth.”

“Men are like the earth and we (women) are the moon; we turn always one side to them, and they think there is no other, because they don’t see it – but there is.”
(Schreiner, 2004:175, 176, 186)

Wanneer Lyndall sê: “*We are only the wood, the knife that carves on us is the circumstance*” (Schreiner, 2004:240), word aangesluit by die klassieke beeld van die vrou wat in ’n burgerlike samelewing geïdeologiseer word om haarself die reg op individualiteit en selfverantwoordelikheid te ontsê en die patriargalistiese dominerende van alle aspekte van ’n sosiokulturele en sosiopolitieke bestaan te aanvaar. Dit word

saamgevat in die bekende stelling van De Beauvoir (1972): “One is not born a woman, one becomes one”; ’n siening wat deur die gebruikmaking van die karakter Lyndall alreeds deur Schreiner daargestel is:

“– if I might but be one of those born in the future; then, perhaps, to be born a woman will not to be born branded ... But we are cursed ... born cursed from the time our mothers bring us into the world till the shrouds are put on us. Everything has two sides – the outside that is ridiculous, and the inside that is solemn.”

(Schreiner, 2004:176)

Clayton (2004:7) toon aan dat “Schreiner’s story and Lyndall’s story are the same story, linked by (the) awareness that any preordained fate removes an element of free will, individual choice, and liberty of movement”. Die moontlikheid bestaan dus dat die Afrikanervrou nie noodwendig altyd haar rol as volksmoeder gedwee aanvaar het nie. Feministiese gevoelens het toe alreeds voorgekom, want “(s)oos Olive Schreiner geskryf het, was die Boerevroue feministe lank voordat dit in Europa mode geword het” (Giliomee, 2004:631).

“Die grootste waarde van feminisme (...) is inderdaad nie om vroue se onmiddellike omstandighede te verbeter (...) nie. Dit is eerder om die kultuur se boustene (die diskoers) te verander sodat die hele struktuur daarvan verbrokkel.”

(Van der Merwe & Viljoen, 1998:158)

Ondanks die siening dat “(l)iterature cannot be the business of a woman’s life, and it ought not to be” (Southey, 1837), slaag Olive Schreiner daarin om aan die einde van die negentiende eeu ’n “onkonvensionele lewensfilosofie (te) ontwikkel en dit (te) verkondig met ’n vrymoedigheid wat vir daardie era ongebruiklik was. Toe haar eerste boek verskyn, het haar stem ’n ongebruiklike klank besit wat dadelik die aandag getrek het” (Schoeman, 1989:431).

“In 1883 the English-speaking world was startled by the appearance of a brilliant new literary star. A young South African woman had produced a first novel that made her famous almost overnight. It was *The Story of an Africa Farm*. *The Story of an African Farm* was published under the pen-name of Ralph Iron: in those days women authors were still fighting for acceptance. The book was a protest against society’s hypocrisy and its attitude to women – but it was also about the Karoo, its people and its natural beauty which she had learned to love.”

(*Reader’s Digest*, 1981:218)

Met hierdie teks verkry Olive Schreiner (1855-1920) oornag literêre prestige. Wat egter van belang is – ook vir die doeleindes van hierdie studie – is die plek wat Schreiner met haar romans in die Suid-Afrikaanse letterkunde van haar tyd ingeneem het en die bydrae wat sy gelewer het.

“(S)pesifiek met *The Story of an African Farm*, wat in 1883 in druk verskyn het, het Olive Schreiner naamlik die grondlegger of in elk geval die inisieerder geword van ’n letterkunde wat nie net in Suid-Afrika of deur Suid-Afrikaners geskryf is of Suid-Afrikaanse karakters, tonele of temas bevat nie, maar waarin Suid-Afrika self tot wesenlike element verwerk is.” (Schoeman, 1989:434)

Schreiner het geskryf in ’n tyd toe Afrikaans as skryftaal as minderwaardig beskou is. Dit is veral die sosiopolitieke omstandighede rondom 1883 wat daartoe bygedra het dat daar volgens Kannemeyer (1990:27) feitlik geen sprake van “belangstelling in die taal” was nie. Schoeman meen egter dat die Hollandse boerebevolking die nodige kennis besit het om ’n letterkunde van hierdie aard, met ander woorde, *The Story of an African Farm*, tot stand te bring. Volgens Schoeman het die boerebevolking nie die “middele of begeerte” daartoe gehad nie, eerstens, omdat hulle feitlik ongeletterd was en, tweedens, omdat “boeke en geskrifte, afgesien van die Bybel, geen noemenswaardige rol” in hul kultuur gespeel het nie (Schoeman, 1989:434). ’n Moontlike derde rede kon wees dat die “volksmoeders” waarskynlik deur sodanige optrede in opstand sou kom “teen ‘die Vader’, teen die ban van die ou-Testamentiese godsdiens, die geskiedenis, die tradisie, kortom die patriargale waardestelsel wat so belangrik in die Afrikaner se geskiedenis” was (Snyders, 1995:30).

Ook Schreiner tree aanvanklik versigtig op. Dit wil voorkom of die gebruik van Ralph Iron, ’n manlike/mansnaam, doelbewus as skuilnaam deur Schreiner gebruik is ter wille van die meer sosiale aanvaarbaarheid daarvan op daardie stadium in die Suid-Afrikaanse sowel as die Europese literêre veld. Foucault (1969) dui onder andere aan dat ook die eienaam van die skrywer “nu eenmaal meer betekenis-aanduidingen heeft” (Foucault, 1969:77).

“When Ralph Iron’s *Story of an African Farm* first appeared in January 1883 it was welcomed for its bold address to contemporary issues: the status of religious belief and the status of women. Schreiner’s novel, with its sensitivity to all forms of oppression – sensitivity central to South African fiction – rightly linked the oppression of childish consciousness by

an authoritarian patriarchal dogma to the social curtailment of female consciousness.”
(Clayton, 2004:7)

Hierdie teks is gelaai met dit wat op daardie stadium van die geskiedenis van Suid-Afrika, sowel as binne die Suid-Afrikaanse literêre sisteem, sosiaal onaanvaarbaar was. Sosiale druk het Olive Schreiner as vroulike skrywer dus genoodsaak om haar agter 'n manlike naam te verskuil.

“The strength of *African Farm* lies in the honesty with which two young people fight to maintain their human integrity against the distortions of widely accepted dogmas about the way to grow as a young woman, or as free spirit. The story of Schreiner’s own mother, Rebecca Lyndall Schreiner, brought out to Africa as the wife of a missionary and a social adjunct (a grand piano locked up and used as a dining table, Schreiner said), but in reality both mother and teacher to the surviving eight of her twelve children, stripped of any frivolities, and vulnerable to her husband’s financial disasters, drives home the intimate connection between the structures of conventional Christianity and those of the family and the broader social relations of woman.”
(Clayton, 2004:7)

Sou dit dus wees dat die sosiopolitieke omstandighede daartoe bygedra het dat hierdie Afrikagerigte, veel meer Suid-Afrikaansgerigte, teks gelaai met kulturele werklikhede rondom die lewe van die Afrikaner van daardie tyd, aanvanklik nie in Suid-Afrika nie, maar in Brittanje gepubliseer is? Dit is hiér waar 'n literêr-kritiese storm rondom nie net die teks as sodanig nie, maar veral rondom die skrywer, losgebars het.

“Victorian England was interested in what the novel said. The fact that it was set in the distant Karoo instead of Piccadilly gave it an added charm, as did the soon discovered fact that the literary armour of Ralph Iron concealed a vulnerable and ardent colonial girl.”
(Clayton, 2004:8)

Die aanvanklike resepsie van die teks was gerig op die betekenisstruktuur – waaroor en waarin die vertelling afspeel en plaasvind. Dit was die kriteria waarvolgens literêre waarde aan die teks toegevoeg is en waarvolgens dit in 'n hiërargie van literêre tekse binne 'n nie-Afrikagerigte literêre veld geplaas is. Die openbaring dat die skrywer van die teks 'n vrou is en nie 'n man soos aanvanklik voorgegee is nie, veroorsaak 'n totaal ander resepsie van dieselfde teks.

“A certain glamour was added to judicious morality and literary talent. As soon as there was glamour and femininity there was also patronage: the novel became ‘more remarkable’ for being the work of a young woman, but it also betrayed the faults of a beginner; there were ‘faults of proportion and perspective’, or the story was too vague, the characters were ‘minds rather than bodies’. These criticisms persisted until recently.”
(Clayton, 2004:8)

Aanvanklik was dit moeilik om te glo dat ’n teks van sodanige literêre gehalte die werk van ’n vrou kon wees. ’n Veranderde benadering deur kritici tot dieselfde teks tree in werking wanneer daar besef word dat dit eintlik ’n “vroueteks” is. Die “glamour” wat nou daaraan toegevoeg word, is eintlik ’n degradering of veralgemening van die teks (of waarskynlik ’n popularisering, wat op hierdie stadium nie ’n kriterium vir die bepaling van die “literêre” was nie) en ontnem dit sy “uniekheid” en in ’n mate ook “literariteit”. Verder word daar selfs op tegniese vlak fout gevind wat met die aanvanklike beoordeling van die “mannetekst” nie bygedra het tot die plasing daarvan in ’n hiërargie van literêre werke nie. Resepsieprodukte rondom die resepsie van die teks én die skepper van die teks self vind vandag steeds plaas.

“The history of the novel’s criticism provides a wonderful illustration of the maxim that we should trust the tale and not the teller.”
(Clayton, 2004:10)

Is dit wat werklik in ’n literêre veld gebeur of, anders gestel, is dit werklik wat in ’n literêre veld as deel van die hiërargisering van tekste én skrywers gebeur? Met inagneming van die werking van ideologiese voorveronderstellings se bydrae tot die in- of uitsluiting van die literêre kanon, is dit noodsaaklik om te besef dat stereotipering binne die literatuursisteem op twee vlakke kan plaasvind: eerstens, as deel van die tematiese/inhoudelike of betekenisstruktuur van die teks self en, tweedens, as deel van die intersistemiese diskoers, met ander woorde, by die plasing van die teks in ’n hiërargie of dan die posisie-inname van die skrywer van sodanige teks volgens die meganisme van intersistemiese diskoers.

Nie net het die lees van die teks *The Story of an African Farm* in samehang met Afrikaanse tekste soos *Die uurwerk kantel* deur Marie Heese (1976) en *Die Ander Marta* deur Eleanor Baker (2003), tekste deur vroue en oor vroue in soortgelyke omstandighede, die navorser se nuuskierigheid geprikkel nie, maar is dit ook noodsaaklik om dié teks van Schreiner by die studie te betrek wanneer die posisie-

inname van vroue in die Afrikaanse literêre sisteem ondersoek word. Hierdeur word nie net tekste wat op grond van hulle estetiese funksie op die een of ander tyd as literêr geag is, met mekaar vergelyk nie, maar ook literêre velde en sisteme.

Bykans honderd jaar na die eerste publikasie van *The Story of an African Farm* (1883), beskryf Heese (1976) nie net die “taalstryd” van die Afrikaner nie, maar word ook aangedui in watter mate die “vrou se mond gesnoer moet bly” omtrent sake wat as buite haar belang beskou word en wel deur die ervaring van Maria, die hoofkarakter in *Die uurwerk kantel* (1976). Marie Heese gebruik twee tegnieke om die verwarring wat daar in die jong meisie se gemoed rondom haar “posisie” in die samelewing bestaan, aan te dui. Eerstens is die geskrewe teks tipografies afwykend, veral as gevolg van die vreemde gebruik van puntuasie. Tweedens word die afwisseling tussen eerstepersoonsvertelling en derdepersoonsvertelling funksioneel omdat die verskuiwing tussen dit wat direk deur die eerstepersoon gesê word en die denke van die karakter in die derdepersoonsvertelling ’n aanduiding word van die stryd tussen dit wat tradisioneel van haar as meisie verwag word en dit wat sy omtrent die patriargiese verhouding of die verwagting rondom “vrouwees” en die plek van die vrou in dié patriargale verhouding bevraagteken. Vervolgens volg dié aanhaling presies soos dit in die 1976-tekst voorkom:

*“Dan lees hy wat Maria vir hom gewys het.
maar hoe lees hy dan so lank dis mos maar min om te lees dit gaan mos
gou
Uiteindelik sit Vader die koerant op die vensterbank neer en vee sy bril baie
deeglik met sy sakdoek af, asof hy nie behoorlik daardeur kon gesien het nie.
Maar hy sê niks.
‘Vader,’ sê Maria in ’n kleinstemmetjie. ‘Dit is mooi – is dit nie?’
Vader gee die koerant vir Dominees aan en kom langs Maria op die sofa sit.
Dominees bekijk die koerant. ‘Ag ja! Natuurlik! Ons het dit al gesien. Dis
daardie versie. In Afrikaans.
‘Versie?’ vra Mevrouw.
‘O koud is die windjie en skraal,’ lees Dominees, ‘en blink in die doflig en
kaal...’ O ja ! Oor hoe dit so koud is. Ja, ek onthou dit nou.’
‘Maria,’ sê Vader, en sit sy hand op haar arm, ‘dit is natuurlik heeltemal ’n
mooi versie. Vader kan goed verstaan dat jy daarvan gehou het. Maar dit is
’n deel van iets ... ’n baie belangrike ding, eintlik ... wat Vader gerus met jou
kan bespreek. Dit is goed dat Dominees ook hier is, want dit is ’n saak
waaroor ons al baie geredeneer het. Jy is ook al oud genoeg om hierdie
dinge te begryp.’
maar hoe nou so verskriklik ernstig word oor een ou versie
‘Kyk my kind, dis nie net ’n kwessie van die versie nie. Dis ook die koerant –
en die hele probleem wat daar agter sit. Sien, hierdie versie is geskryf in
Afrikaans.’*

'Ja, Vader. Dis net soos ons praat. Dis hoekom.'
'Dis juis hoekom dit so onaanvaarbaar is. Afrikaans is wel soos ons praat, maar dit is nié hoe ons skryf nie; dis nie kanseltaal en Bybeltaal nie. Dis nie die draer van ons kultuurgoedere nie.'
'Kultuurgoedere?'
wat se goed is dit dit klink soos iets wat met die trein moet ry
'Letterkunde, Maria. Poësie. Drama. Verhale. Afrikaans het geen letterkunde nie.'
'Dit is 'n taal,' sê Dominees in sy draende kanselstem, 'sonder 'n verlede en sonder 'n toekoms.'
'n Patois,' sê Vader, 'n dialek. Dit kan nie verheerlik word deur dit tot skryftaal te probeer verhef nie. Daar is mense wat dit wil doen, maar hulle verloën hulle erfenis – Nederlands is ons erfenis, Maria, ons moet dit behou, ons durf dit nie laat verlore gaan nie. Engels is nie ons taal nie. Dit is nie ie taal van ons voorouers nie.'
'Is't ons ernst?' sê Dominees gewigtig. 'So het Onze Jan nog net verlede maand gevra. Nederlands, Maria – Nederlands is ons moedertaal en ons mag dit nie vergeet nie.'
my moeder het nie Nederlands gepraat nie en as sy geleef het sou sy dit nou nog nie gepraat het nie behalwe in die kerk en kan niemand hom verstaan nie wat vir 'n ding is 'n dialek
'Waar kry jy hierdie koerant, Maria?' vra Vader.
'Reinette se ma het dit van die Transvaal af gekry,' dwing Maria die woorde verby die knop in haar keel.
'Dis 'n Trojaanse perd,' sê Dominees.
'Dis 'Land en Volk', sê Maria.
Vader loop na die kaggel toe en laat die koerant op die gloeiende kole val.
'In hierdie huis hou ons ons nie op met petterjots nie,' sê hy. 'Maria, ek het gepraat.' Dit gaan bitter swaar om te antwoord.
'Ja, Vader.'
ons het dan altyd sulke dinge saam gelees Vader het my dan self geleer hoe om te lees en hoe om te hoor
en nou wil hy nie hoor nie nou gooi hy dit op die vuur
hy kan die koerant brand maar die versie kan hy nie brand nie
ek sal dit onthou
(Heese, 1976:40-42)

Marie Heese se teks *Die uurwerk kantel* skets die "werklikheid" wat Schreiner as "werklikheidskonteks" geken het. Heese se gebruikmaking van goed nagevorste geskiedkundige gebeure en sosiale omstandighede aan die begin van die twintigste eeu en Schreiner se skrywe vanuit die laat negentiende eeu, lei tot 'n gedeelde sosiale werklikheidskonteks. Gemeenskaplike sosiale ervaringe het intertekstualiteit tot gevolg. Intertekstualiteit ontstaan hier veral gegrond op gedeelde sosiale omstandighede en strek tussen skrywers uit verskillende periodes en selfs tussen verskillende tale, maar binne 'n gedeelde Suid-Afrikaanse samelewing. Dit wil egter voorkom of die sosiopolitieke omstandighede waaronder Schreiner publiseer, ruimte

laat vir haar “feministies” geïnspireerde teks, terwyl sodanige teks binne die Afrikaanse literatuursisteem veel later erkenning geniet (kyk hoofstuk 4).

Homogene ervarings word die diskoers van hierdie “vrouetekste” en veroorsaak verbondenheid met ander tekste, wat sodoende die sosiaal-kulturele konteks van die tekste bewerkstellig. Die vrou se “strewende na vryheid” binne ’n patriargale samelewing word ’n leitmotief in literatuur geskep deur vroue.

“Patriargalistiese houdings en die patriargaat beskryf die ideologie van manlike meerderwaardigheid as die gelykstelling van die man met God, met die vaderlike of die heerser of die skepper, en die vrou as onderdanig daaraan. Kenmerkend van die patriargalistiese samelewing is onbevrage tekende vanselfsprekendhede soos gratis vrouehuiswerk in diens van die familie, asook die paternalisme wat behels dat die vrou positief maar in terme van ondergeskiktheid, bv. as deugsam of moederlik, gedefinieer word.”
(De Jong, 1992:124)

Die vrou se posisie in die huwelik as onderdanig aan die man, word vervat deur Schreiner in haar teks en wel in die verhouding tussen Em en Gregory:

*“I will do everything you tell me,” she said.
What else could she say? Her idea of love was only service.”*
(Schreiner, 2004:168)

Soortgelyke diskoers vorm die basis van Maria se opvoeding in *Die uurwerk kantel* (Heese, 1976):

*“en ek onthou so ’n stukkie van die hoof se toespraak ...
‘And if we had taught you nothing else, my dear girls, I do hope that we have imparted to you a tradition of service: that the greatest satisfaction in life is to be derived from service to others. Perhaps some of you, now that you have completed your schooling, have ambition towards further study. May you each and every one have this ambition above all: to be of service’.
toe het ek nog nie vir Willem ontmoet nie toe het ek nog nie geweet wat ek nog alles sou moet leer nie
to be of service.”*
(Heese, 1976:61-62)

Hiermee word nie net eenderse sosiale ervarings in die tekste van Schreiner en Heese weerspieël nie, maar ook in Suid-Afrika in die verskillende literatuursisteme. In die Suid-Afrikaanse konteks, wat gekenmerk word deur sy diversiteit, maak dit sin om selfs vanuit een sisteem na ’n ander uit te reik en oor die taal- en tydgrense heen te werk, omdat daar ook gemeenskaplike belange is wat tussen sisteme gedeel word.

Hieruit wil dit voorkom of daar binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem “a unifying voice in women’s literature” (Showalter, 2005:89) tussen die Afrikaanse literatuursisteem en die Engelse literatuursisteem as deelsisteme bestaan. Verbondenheid wat so deur intertekstualiteit bewerkstellig word, dui op die bestaan van ’n ideologiese voorveronderstelling en wel in die vorm van patriargie. Die funksionering van patriargie as ideologie, veronderstel ’n stel “opvattinge” oor die manier waarop die mens – as man of as vrou – die wêreld verstaan en is onderliggend in alle fasette van die menslike bestaan.

Wanneer Viljoen (1992:279) van die standpunt uitgaan dat “(e)en van die interessantste moontlike ondersoekterreine (...) die neerslag van eenderse sosiale ervarings (...) in die verskillende letterkundes” is, is dit waarskynlik eweneens interessant om uit te vind hoe dieselfde sosiologiese gebeurtenisse die lewe van verskillende individue of groeperinge, soos mans of vroue as sosiale groepering, verskillend beïnvloed, veral omdat daar verskillende persepsies om elkeen as groepering bestaan.

Patriargie is nie net beperk tot slegs mans of slegs vroue as sosiale groeperinge nie. Uit plaaslike studies, onder andere dié van Visagie (1995) en Crous (2002), word dit duidelik dat beide groepe deur patriargale voorveronderstellings beïnvloed word. Spesifieke verwagtings bestaan rakende die verhouding tussen dié sosiale groeperinge – en wel dat mans ’n meerderwaardige en vroue ’n minderwaardige posisie in sodanige verhouding beklee. Deur die toedoen van patriargale ideologisering verkry sodanige meerderwaardige posisie van die man of manlike oorheersing oor die vrou ’n “dualistiese aard” binne die verhouding. Terwyl die vrou afhanklik is van die man, dien haar minderwaardige posisie in die verhouding of “ondergeskiktheid en insiklikheid” tot opbou van die man se selfbeeld as “openbare en geestelike heersersfiguur” in die samelewing. Ook hierdie verhouding sal op sy beurt weer deur beide geslagte met ’n ander stel “opvattinge” verstaan word en dit word op alle lewensterreine van beide groeperinge gemanifesteer. Die mate van die meerdere tot die mindere in sodanige verhouding is dus ook in die sosiale aspek as lewensmodaliteit geleë (kyk ook De Jong, 1992:125).

Wanneer daar van die standpunt uitgegaan word dat “alle literatuur mimeties van aard is”, veronderstel dit dat die patriargale verhouding, dus die rol van beide geslagte as sosiale groeperinge, terselfdertyd binne die literatuur weerspieël word. Sodanige weerspieëling vind egter ook op twee vlakke binne die sisteem plaas:

eerstens “in diskussies rondom die ontologiese status van die literêre werk” en tweedens “in die markering van literêre sisteme”. Net soos Van Coller (1995:22) oortuigend aantoon dat die plaasroman inderwaarheid ’n soort “subgenre” in Afrikaans is, bestaan die moontlikheid van ’n subgenre onder vroueskrywers: “the female tradition, a literature of their own” (kyk Showalter, 1977). Vanuit ’n ander hoek word dit waarskynlik ook moontlik dat tekste deur vroue dikwels ’n “ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid van die Suid-Afrikaanse samelewing” weergee. Binne die Afrikaanse literatuursisteem “bestaan die *ideologiese* grondslag van die vroulike blik en belewenis in die literatuur teen dié tyd bo alle twyfel” (Brink, *De Kat*, Nov. 1989). Dit is noodsaaklik dat daar te alle tye besef word:

“Behind every book is a certain person with a certain history.”
(Paglia, 1990:34)

Die in- of uitsluiting van die een geslag as sosiale groepering veronderstel nie noodwendig die in- of uitsluiting van die ander groepering nie. Wat wel mag voorkom, is ’n “beeld” van in- of uitsluiting omdat die sosiopolitieke omstandighede as “buiteliteraire normen” sodanige stereotipering kon veroorsaak (kyk De Geest, 1996:195).

“Barbara Hernstein-Smith (1984:33) toon tereg aan dat die sogenaamde ‘toets van die tyd’ nie ’n neutrale kriterium is nie, maar ten diepste terug te voer is na die uitoefening van sosiale en kulturele mag.”
(Willemse, 1998:9)

Die sosioloog Lippmann (1922) wys veral op twee prominente kenmerke van stereotipering en ideologieë. Dit is (eerstens) dat ’n ideologie gewoonlik uit ’n krisissituasie ontstaan en (tweedens) dat stereotipering altyd weerstand bied teen verandering. Die gestereotipeerde beeld van die Afrikanerman as boer en die Afrikanervrou as volksmoeder, die weerspieëling daarvan in die literatuur, maar ook die weerspieëling daarvan in die literatuursisteem waar die literêre kanon op ’n stadium gestereotipeer was as ’n wit/blanke manlike konstruksie, bevestig Lippmann se stelling (kyk hoofstuk 4). Vandag kan daar egter aanvaar word dat:

“The story of Afrikaans literature is one of changing values. The combination of religion, patriarchy and nationalism, so boldly proclaimed in the earliest Afrikaans writings, was tested, nuanced and adapted through the years; and ultimately discarded.”
(Van der Merwe, 1994:8)

Hiermee word dus aangesluit by Tynjanov (1926) se beskrywing van die literêre sisteem en die voortdurende de-automatisering van elemente; dus die veranderende aard van 'n sisteem (kyk 3.1).

“Wanneer men een afgeronde literaire reeks construeert en de innerlijke evolutie van deze reeks geïsoleerd analyseert, wordt men voortdurend geconfronteerd met aanverwante culturele en – in de breedste zin van het woord – sociale reeksen.”
(Tynjanov, 2001:87)

Daarom vind die navorser dit nodig dat die vroulike en die manlike geslag as sosiale groeperinge “in gesprek tree”, want deur 'n “diskursiewe benadering van (literatuur)systemen in terme van normatiwiteit lijk daarenboven uit te monden in een ‘meerdimensionaal’ perspektief”. Sodoende is dit waarskynlik ook moontlik om 'n ruimer perspektief op die Afrikaanse literatuursisteem te verkry. By die ondersoek na die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon, vind die navorser dit vervolgens nodig om die verhouding tussen die manlike en vroulike geslag as sosiale groeperinge volgens die “meganisme van intersistemiese diskoers” te ondersoek, en dit vervolgens as deelsisteme binne 'n groter Suid-Afrikaanse samelewing as sisteem te plaas.

“Dat een dergelijk onderzoekdomein nieuwe en interessante perspectieven kan bieden op de wijze waarop literatuur (en algemener, cultuur) functioneert in een veelzijdige samelewing en een onherleidbare historische context, valt al evenmin te betwijfelen. En uiteindelijk is het de literatuurwetenschap toch (ook) daarom te doen.”
(De Geest, 1996:195, 196)

HOOFSTUK 4

SISTEMIESE INTERAKSIE TUSSEN MANLIKE EN VROULIKE SOSIALE GROEPERINGS AS DEELSISTEME BINNE DIE AFRIKAANSE LITERATUURSISTEEM

'n Historiese oorsig

4.1 DIE KOLONIALE TYDPERK

Vanaf 1652 tot ongeveer 1875

Om begrip vir en 'n oordeel oor die Afrikaanse literatuursistiem te vorm, is dit nodig om die oorsprong van sodanige sistiem te bepaal.

“Elizabeth Conradie (1903-1939) did groundbreaking work as a literary historian. In her Amsterdam doctoral thesis, *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika* (1934), she disregarded the viewpoint of the time that Afrikaans literature started in 1875, the year when the first serious efforts were made to standardize the language. Instead, she claimed all Dutch texts written on South African soil as the origins of Afrikaans literature and therefore considered the diary of Jan van Riebeeck (1652-1662) as the starting point of Afrikaans literature.”

(Jansen en Veltkamp-Visser, 2003:1)

Volgens Jansen en Veltkamp-Visser (2003, 1-5) asook Huigen (2006:5), het die baanbrekerswerk van hierdie vrou, Elizabeth Conradie (1934), en haar “standpunt oor die beginpunt van die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing (...) gemeengoed geword”. Alreeds in die eerste geskrifte van Jan van Riebeeck gedurende 1652 aan die Kaap, het die taal wat as die voorloper van wat as 'n nuwe Afrikataal beskou kon word, dit wat vir jare die kernkriteria van die literatuur van Afrikaans sou vorm, weerspieël. Dagboekinskrywings as deel van die *Daghregister* van Jan van Riebeeck (1619-1677) word deur “sommige kenners beskou as die begin van 'n letterkundige genre binne Suid-Afrika” (February, 1998:4).

“Die dagboek van Jan van Riebeeck met die ‘toon van egtheid en waarheid wat daaruit opklink’, was vir Conradie daarom die begin van die Afrikaanse letterkunde. Dit het sy soos volg gemotiveer: ‘Vir my loop daar 'n onafgebroke Dietse draad van die *Dagboek* (...) af tot by die jongste Afrikaanse geskrif.’” (Jansen & Veltkamp-Visser, 2003:4)

Ondanks die gebruik van Nederlands vanaf Jan van Riebeeck se administrasie tot 1925, toe Afrikaans Nederlands vervang het as een van die twee amptelike tale van die Unie van Suid-Afrika, en die gebruik van Engels sedert 1806, toe die koloniale heerskappy van die Kaapkolonie deur Brittanje oorgeneem is, was die ontstaan van 'n nuwe Afrikagerigte taal onafwendbaar. Dagboekinskrywings wat as eerste geskrifte aan die suidpunt van Afrika gedoen is, het aanleiding gegee tot 'n nuwe literatuur eie aan Afrika.

“Intussen het wat soms proto-Afrikaans genoem word (die Nederlands-getinte/-geïnflekteerde voorloper van Afrikaans, soos uitgewys deur Ponelis, 1993, en Van Rensburg, 1997) langsaam aan ontwikkel as algemene omgangstaal naas die amptelike Nederlands en Engels. Hierdie ontwikkelende taal het sowel elemente van die Europese tale wat dikwels in die Kaap gepraat is (soos Duits, Frans en Portugees) as elemente van die inheemse tale geassimileer.”
(Van Coller & Odendaal, 2005:19)

Ook in ander dele van Afrika het kolonialisme plaasgevind, maar Suid-Afrika sou die enigste deel van Afrika wees waar 'n nuwe taal met sy eie literatuur tot stand gekom het deur die gedeeltelike behoud van tale anders as dié wat op daardie stadium aan die suidpunt van Afrika gepraat is, en die gedeeltelike behoud van dié wat wel op daardie stadium aan die suidpunt van Afrika gepraat is, en natuurlik die unieke vermenging van die twee. Dié ontstaansgeskiedenis van die taal Afrikaans word dus die oorsprong van die literatuur wat die taal as skryftaal in die toekoms sou gebruik.

Alhoewel relatief min geskrewe voorbeelde van dié ontwikkelende taal voor 1875 bestaan, verwys Kannemeyer (1990:17) na die amptelike dagregisters van Jan van Riebeeck (1651-1662), wat die eerste boeiende beskrywings van die landelike omgewing aan die Kaap ingesluit het. Hierdie “gedenkskrif” het dus reeds 'n “Afrikagerigheid” vertoon (February, 1998:4). Alhoewel dit in Nederlands geskryf is hoegenaamd nie literêr is nie, is dit nie net die voorloper van 'n “Afrika-literatuur” nie, maar gee dit veral vanaf die agtiende eeu aanleiding tot 'n “dagboekliteratuur aan die Kaap wat veel sterker as die amptelike geskrifte” is. Verder het dit 'n “Afrikaanse gees en inslag openbaar wat van die offisiële joernale verskil (het) deurdadig die gerigtheid (nou) veel meer op die nuwe vaderland is, (en) nie meer op Nederland (was) nie” (Kannemeyer, 1990:17).

“Die verskil tussen die Nederlands wat Van Riebeeck se mense gepraat en dié wat hulle afstammeling gepraat het, het al groter geword.

Sommige taalgeleerdes beweer dat 'n nuwe taal reeds teen 1750 aan die Kaap die algemene spreektaal was. Hierdie nuwe taal was Afrikaans, maar is destyds *Kaapsch-Hollands*, *Cape Dutch* of *Kaapsch* genoem.” (Meyer et al., 1983:173)

Die mate van letterkundige beoefening was dus geskoei op die Hollandse/Nederlandse taal, maar dié Nederlands het alreeds “afwykings van die oorspronklike Nederlands begin toon” (Meyer et al., 1983:173). In die jongste navorsing van Huigen (2006), wil dit voorkom of die oorsprong van die Afrikaanse literatuursisteem en die nuwe taal wat daarmee saam ontwikkel het, eerder beskou word as 'n “Nederlands-talige Suid-Afrikaanse letterkunde”.

“Deur baie Afrikaanstaliges word dit soms verkeerd verstaan as 'n eienaardige soort Afrikaans.” (Huigen, 2006:4)

Twee vrae ontstaan by die navorser: eerstens, is hier sprake van 'n “Afrikaanse” literêre sisteem en, tweedens, is daar hoegenaamd sprake van 'n sisteem met enige hiërargiserende aktiwiteite? Die eerste vorm van letterkundige waarde word veral gekoppel aan die geskrifte/dagboeke van Adam Tas (1668-1722) en dagboek-inskrywings van die Voortrekker Louis Tregart (1783-1838), wat gestrek het vanaf 1836 tot 1838. Sodanige waardetoevoeging vind egter deur 'n terugblik op die geskiedenis plaas.

Die aanvanklike doel van die geskrifte was uitsluitlik om as dagboekinskrywings te dien. Dit is nie noodwendig geskryf om gepubliseer te word nie. Ironies genoeg wil dit voorkom of die dagboek as teks wat nie eintlik veronderstel is om gelees te word nie, as resepsieprodukt en bron van inligting dien vir die bepaling van “moontlike literêre aktiwiteite” ten opsigte van 'n literatuur in “moontlike Afrikaans” tydens die koloniale periode. Daarom is dit noodsaaklik om in gedagte te hou dat dié geskrifte nie met letterkundige voorwendsels geskryf is nie. Dit is egter deur 'n agterna-perspektief op hierdie periode dat literêre uitsprake daaromtrent gemaak word. Dit wil voorkom of geskrifte, en spesifiek dagboekinskrywings, toegevoegde letterkundige waarde verkry het sodra dit 'n Calvinistiese strekking getoon het. Sodanige gedenkskrifte het 'n basiese platform van die literatuur van die nuwe Afrikanervolk se toekomstige kultuur gevorm.

Leesstof (en leerstof) wat in hierdie tyd beskikbaar was, veral vroeg in die geskiedenis van die “nuwe volk” in Afrika, was uitsluitlik Hollands/Nederlands en godsdienstig van aard. Behalwe dat die enigste literêre leesstof, naamlik die

digbundel “*Nederlantsche gedenck-clanck* deur Adriaen Valerius”, Hollands was, het dit ook ’n “gevoel van Hollandse patriotisme” (Benade, 2005:24) by lesers versterk en omdat dit ook as onderrigmateriaal gebruik is, is hierdie Hollandse patriotisme by jong leerders (in Afrika) wakker gemaak en verseker. Verder was dit uitsluitlik tydens die waarskynlik primitiewe vorme van skoling wat plaasgevind het “dat ’n bepaalde soort kennis – die kennis van *hoe* en *wat* om te lees en te skryf – oorgedra en gevestig” is. Dit is nog altyd so dat “die skool (...) nie net ’n kuratoriese funksie vervul nie, maar filtreer ook die produksie en verwerwing van kennis (en gevolglik ook hegemoniese sosiale en kulturele waardes)” (Willemse, 1999:16). Ander literatuur was beperk tot die Bybel en was godsdienstig georiënteer.

Die historiese konteks soos beskryf deur Benade (2005), gebaseer op historiese gegewens van die lewe van *Anna, dogter van Engela van Bengale*, die slavin van Jan van Riebeeck, bevestig dit wat as basis gedien het vir geskifte daarna wat op Afrikabodem sou verskyn.

“Volgens oortuiging en herkoms, verkies (ons) onderwysers die Bybel en kategismus as hoofbron van leesmateriaal.”
(Benade, 2005:24)

Volgens die navorser het hierdie “eerste doelbewuste poging tot literatuur in Suid-Afrika (wat) ’n godsdienstig-moraliserende inslag” (Kannemeyer, 1988:19) gehad het, duidelik ’n sistemiese funksie vir ’n opkomende Afrikaanse literatuursisteem gehad. Kultuurhistoriese waarde en letterkundige waarde word alreeds hier aan mekaar gelyk gestel, veral aangesien die geskifte as waardevol beskou is omdat dit sterk onder die invloed van ’n Calvinistiese lewensbeskouing of in ’n “Bybelse styl” (Kannemeyer, 1990:18) gestaan het. Dit was die fondament waarop die Afrikaner se (Afrikaanse) Christelik-nasionale ideologie met die tyd opgebou is. As gevolg van dié ideologiese grondslag sou daar alreeds op hierdie stadium sprake van ’n sisteem kon wees.

“Sommige van die eerste Nederlandse geskifte in Suid-Afrika openbaar ’n duidelike Afrikaanse karakter, en die vraag ontstaan of hulle almal as deel van die Afrikaanse letterkunde beskou moet word.”
(Kannemeyer, 1990:19)

Of dit ’n Nederlandse of ’n Afrikaanse (literêre) sisteem was, word onder andere ook beredeneer deur Kannemeyer (1978), Huigen (2004) en Komrij (1998). Dit word duidelik dat daar selfs vandag “geen eenstemmigheid oor die juiste sistemiese

posisie van hierdie literêre werke” is nie. Kannemeyer (1978:24) onderskei tussen die taal wat die vryburgers (en later die Voortrekkers) gebruik het en die taal wat deur die koloniale amptenare gebruik is. Dit wil voorkom of die Suid-Afrikaanse gerigtheid van tekste deur die vryburgers na Afrikaans neig, terwyl die geskifte van die amptenare as gevolg van die amptelike status daarvan as Nederlands gesien is. Huigen (2004) bestempel hierdie literêre erfenis as “Nederlands-Suid-Afrikaanse literatuur” en plaas dit onder die invloed van “die heersende ideologie van eenheid en inklusiwiteit in Suid-Afrika (die reënboognasie-ideaal)” eerder as “behorende tot ’n groter Suid-Afrikaanse literêre sisteem, en nie tot die Afrikaanse deelsisteem nie”. Alhoewel Kromrij (1998:6) eerder fokus op poësie en hierdie navorsing op die prosateks fokus, wil dit voorkom of hier eerder net sprake van koloniale geskifte is; en verder dat wat Kromrij as gedigte uit Suid-Afrika se koloniale verlede sien, eerder as “die ‘roots’ van die Afrikaanse poësie” gesien moet word (Van Coller & Odendaal, 2005:20, 21).

Daar sou volstaan kon word met die siening dat “die geskiedenis van die Nederlandse letterkunde tot by die twintigste eeu (...) uiteraard ook die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde” is (Malan & Viviers, 1978:11), maar netsowel kan daar ook aanvaar word dat die geskiedenis van die ontwikkelende Afrikaanse letterkunde tot by die twintigste eeu uiteraard ook die geskiedenis van die Nederlandse letterkunde binne die Suid-Afrikaanse konteks was. Dat daar ’n nou verbintenis tussen Afrikaans en Nederlands is as deel van die ontstaan van Afrikaans, word nie betwyfel nie, want van 1652 tot 1925 was Nederlands in suidelike Afrika as skryftaal in gebruik en het dit hier die een of ander vorm van amptelike erkenning geniet (kyk Huigen, 2006:3-43).

Die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans as taal kan as deel van sy verbondenheid met die literatuursisteem egter nie sonder meer geïgnoreer word nie. Nie net is ’n grondslag gelê vir die wetenskapsbeoefening van die geskrewe teks nie – al was dit aanvanklik geskoei op ’n taal wat nog nie as Afrikaans bekend gestaan het nie – maar dit was ook die begin van ’n klank- en taalstruktuur wat ontwikkel het om later as taalmedium vir die Afrikaanse literatuursisteem te dien soos dit vandag daar uitsien. Daar kan dus van die standpunt uitgegaan word dat die ontstaansgeskiedenis van die taal Afrikaans ook die ontstaan van die literatuursisteem in Afrikaans was. Gedurende die vroeë dertigerjare van die twintigste eeu kom Dekker (1934, 1947), as openingsparagraaf van sy *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, tot dié gevolgtrekking:

“Dit lê voor die hand dat ons as beginpunt van ons letterkunde vasstel die jaar 1652, toe Jan van Riebeeck die Hollandse nedersetting aan die Kaap gestig het waaruit in die loop van ’n paar eeue ’n nuwe volk gegroei het.” (Dekker, 1947:1)

Wat verder hiermee bevestig word, is dat 1652 die beginpunt van ’n sosio-kulturele band is wat Afrikaans as taal deur die eeue binne die sisteem bewerkstellig het. Afrikaans as taal en sy eie geskiedenis het ook deel van die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur geword deurdat dit intertekstueel funksioneer en vanaf die vroegste tyd, ongeag die aanvanklike vorm en gehalte daarvan, in die daaropvolgende periodes as die taalmedium gedien het. Die gebruik van Afrikaans as die gemeenskaplike taal in die opeenvolgende periodes van die historiese ontwikkeling van die Afrikaanse literatuur, veronderstel ook dat gemeenskaplike eienskappe in die verskillende periodes teenwoordig is. Hierdeur is ’n verbondenheid van tekste in ’n periode, maar ook met tekste in ander periodes bewerkstellig. Sodanige ideologiese intertekstualiteit het ’n basis geskep vir “die sosiaalkulturele konteks van die literêre teks” soos dit deur die geskiedskrywing van Afrikaanse literatuur loop (Malan, 1992:187).

Besinning omtrent geskifte van die koloniale periode – onder andere ook deur middel van die bestudering van Afrikaanse literatuurgeskiedskrywings wat die afgelope bykans vyftig jaar gedoen is (onder andere vanaf Dekker 1947; Antonissen 1955; Nienaber 1982; Kannemeyer 1988 & 2005, Van Coller 1998, 1999 & 2006) bevestig eensyds die bestaan van ’n literatuursisteem, maar die bepaling van die aard van die eerste geskifte wat moontlik literêre waarde kon hê, is uitsluitlik gegrond deur ’n agterna-perspektief daarop. Daarom is dit noodsaaklik om in ag te neem dat literatuurgeskiedskrywings ook geskryf is vanuit ’n spesifieke ideologiese perspektief/voorveronderstelling. ’n Geskiedskrywing as resepsieprodukt het ook plaasgevind binne die literêre veld waarin dit as geskiedskrywing ontvang moes word en moes funksioneer. Sodanige voorveronderstellings moes geëwenaar word om as funksioneel en waardevol geag te kon word. ’n Waarde-oordeel oor die koloniale tydperk is dus eerder gesetel in die periode waarin literatuur-geskiedskrywings daaromtrent verskyn het, as in die historiese van die tydperk self (kyk Van Coller, 2008).

Verwysings na geskifte wat gedurende dié ontwikkelingsfase deur vroue geskryf is, veral in die literatuurgeskiedenis wat tot in die laat tagtigerjare verskyn het, is so min dat dit selfs wou voorkom of die koloniale vrou haar nie met skryfwerk

besig gehou het nie. 'n Herwaardering van die literêre sisteem, veral sedert die vroeë negentigerjare, toon egter dat daar wel vroue was wat dagboekinskrywings gemaak het.

“Die heel vroegste literatuur deur vroue is die optekening van persoonlike ervarings ter herinnering vir die familie en nageslag en sonder die bedoeling om gepubliseer te word. Die aksent val in hierdie geskrifte – hoofsaaklik dagboeke, reisjoernale en briewe – veral op die familiegeskiedenis en -ervarings en die daarstel van 'n groeidentiteit.”
(Van Niekerk, 1999:309)

Die swye hieromtrent, veral in geskiedskrywings tot feitlik aan die einde van die twintigste eeu, word bevraagteken. Roos (1998:102) merk op dat dit opvallend is “(v)eral ten opsigte van die ouer prosa (...), die baie groot korpus werk geskryf deur vroue-outeurs,” wat “meestal verswyg of slegs terloops as van mindere rang vermeld” word.

Die rede vir die uitsluiting van vroue se bydrae tot die letterkundige kultuur en die oorsprong van die Afrikaanse literatuursisteem is ook geleë in die literêre veld waarin dié geskiedskrywings plaasgevind en verskyn het. Manlike literatuurgeskiedskrywers van Afrikaanse literatuur, in die voorafgaande paragraaf slegs as voorbeelde genoem, het deur die resepsieprodukte wat uit hulle navorsing verskyn het, vir bykans 'n anderhalf eeu spesifieke inligting omtrent dié vroegste periode van die Afrikaanse literatuursisteem deurgegee en kan sekerlik ook nie vrygespreek word daarvan dat hulle ook “besig (was) met normale wetenskapsbeoefening” nie. Thomas Kuhn (1977) gaan uit van die standpunt dat “‘consensus’ rather than ‘paradigma’ remains the primary term used when discussing normal science”.

“Traditional discussions of scientific method have sought a set of rules that would permit any *individual* who followed them to produce sound knowledge. I have tried to insist, instead, that, though science is practiced by individuals, scientific knowledge is intrinsically a *group* product and that neither its peculiar efficacy nor the manner in which it develops will be understood without reference to the special nature of the group that produce it. In this sense my work has been deeply sociological, but not in a way that permits that subject to be separated from epistemology.”
(Kuhn, 1977:xix, xx)

Ook literatuurgeskiedskrywers is besig met “normale wetenskapsbeoefening”. As rolspelers in die bepaling van 'n literêre veld deur 'n agterna-perspektief, kon dit gebeur dat hulle ook opgetree het “uit eie belang” (kyk Van Coller, 2003:4). Die feit

dat monologiese geskiedskrywings ook 'n lesersgeskiedenis weergee, kom tydens herwaardering na vore en word daar onder andere gekyk na die insluiting van vroue se bydrae tot die literatuursisteem soos dit vandag daar uitsien. Van Niekerk (1999) gaan van die standpunt uit “dat die vrou as skrywer dikwels gemarginaliseer of onbevredigend gekanoniseer is in die meeste geskrewe letterkundes en opgetekende literêre geskiedenis” (Van Niekerk, 1999:305).

Of die uitsluiting van verwysings na geskryfte deur vroue in literatuur-geskiedskrywings plaasgevind het omdat dit as histories minder relevant beskou is en of dit doelbewus nie deel uitgemaak het van navorsing deur genoemde manlike geskiedskrywers nie, kan beredeneer word. Dit is dan eers gedurende die laaste twintig jaar van die vorige eeu, en spesifiek in *Perspektief en profiel* (1998 & 1999), dat daar bewustelik ingegaan word op die buite-kanonieke aktiwiteit en funksionering van “die meganisme van intersistemiese diskoers” ten opsigte van die koloniale periode. Dit is gegrond op die bekendmaking of waar meer pertinent melding gemaak word van “nuwe” inligting wat ook tot hierdie periode van literatuur in “moontlike”/pronto-Afrikaans behoort.

Sodanige nuwe inligting dui aan dat die aard van dié geskryfte ook 'n soeke na 'n eie kultuur bevat wat aansluit by die aard van geskryfte van mans wat wel in vroeë geskiedskrywings ingesluit is. Hierdie geskryfte deur vroue sou op grond hiervan gereken kon word as 'n bydrae tot die letterkundige waarde van geskryfte in die ontwikkelende nuwe taal en volk. Dit was ook nie slegs tot dagboekinskrywings as gedenkdocumente beperk nie. Hoewel geskryfte deur vroue ook 'n soeke na 'n eie kultuur of groepsidentiteit bevat, is dit vir die navorser opvallend dat die fragmente uit die dagboekinskrywings van Johanna Duminy (1757-1807), wat volgens navorsing duidelik epies van aard is, slegs asof in die verbygaan in geskiedskrywings deur manlike geskiedskrywers vermeld word. Sodanige vermeldings was egter nie gemik op die moontlike letterkundige waarde van die tekste nie, maar eerder omdat dit duidelike tekens van Afrikaans as taalmedium bevat het.

By verdere ondersoek blyk dit egter dat dié vrou se werk van onskatbare waarde ten opsigte van 'n nuwe opkomende kultuur was – veral omdat min dagboeke wat deur vroue geskryf is, deur die eeue heen in Suid-Afrika behoue gebly het. Juis daarom word 'n “(f)ragment van die dagboek van Johanna Duminy (1757-1807) wat opgespoor is,” as 'n “kultuurhistoriese skat” beskou (Pretorius, 1998:44). As dagboekinskrywing is dit ook nie noodwendig geskryf om later gelees te word nie;

daarom sou dit ongegrond wees om te vra of dit literatuur in die sin van letterkunde was – of dit enige letterkundige waarde gehad het.

Johanna Duminy se dagboeke is gekenmerk deur 'n duidelike Afrikagerigheid. Met “geestige beskrywings” word daar “in 'n vrolike trant die daaglikse ervarings op 'n boereplaas in een van die buitelandse distrikte naby Caledon” beskryf. Hiermee verkry veral die historiese leser insig in die lewe van die vrou op hierdie nuwe vasteland (Van Niekerk, 1999:309).

“Dit was merkwaardig dat Johanna Duminy die drang gevoel het om 'n dagboek te skryf. Dit is ook moontlik dat sy uit eensaamheid begin skryf het, hoe dit ook al sy, as Johanna vandag geleef het, sou sy waarskynlik 'n bekende skryfster gewees het. Haar taal toon duidelike spore van gesproke Afrikaans.”
(Pretorius, 1998:47)

Nie net was dit 'n vrou se dagboekinskrywings wat die eerste tekens van gesproke Afrikaans, dus 'n soort Afrikaans in geskrewe vorm toon nie, maar hierdie beskrywings en vertellings sou ook gesien kon word as 'n eerste of 'n voorloper van plaasstories wat onder andere deur Van Coller (1995a) as 'n “sub-genre” in Afrikaans gesien word. Dat dit ook as uiting van 'n vroeë Afrikaans-nasionalistiese bewussyn beskou kon word, word nie uitgesluit nie. Hierdie dagboekinskrywing weerspieël in 'n groot mate ook die tradisionele rol van die vrou soos dit vir 'n groot deel van die Afrikanervrou van die toekoms moes/veronderstel was om te wees.

Eensaamheid terwyl haar man op een van sy vele jagtogte was, is volgens Pretorius (1998:47) een van die redes waarom Johanna Duminy gereelde dagboekinskrywings gemaak het. Nie net dui plaasstories oorwegend aan dat die verafgeleë ruimtes wat daarin uitgebeeld word, dikwels in eensaamheid vergestalt word nie, maar was skryf dikwels ook 'n manier om hierdie eensaamheid te verwerk. Vandag verskyn hierdie aspek ook in die kortverhaalbundel van “nuwe” plaasstories soos *Die melkweg het 'n ster laat val* (saamgestel deur Riana Scheepers & Nicci Thabo, 2005). Eensaamheid soos in plaasstories vergestalt, word egter ook 'n gemeenskaplike of intertekstuele verbandlegger wat in die skryfwerk van vroue aangetref word.

Die dagboekinskrywings deur Johanna Duminy kan ook gesien word as 'n grondlegger van “volkskuns in konteks” – sy word beskou as een van baie Afrikanervroue “wat in eie reg bekendheid verwerf het in jare toe vroue nie 'n opvallende rol in die openbare lewe gespeel het nie” (Pretorius, 1977). Alhoewel

Pretorius, 'n historikus, nie as rolspeler in die literêre veld gereken kan word nie, wil dit tog voorkom of daar deur die selektiewe wyse waarop literatuurhistorici te werk gegaan het en waarskynlik ook as gevolg van verskanste ideologiese voorveronderstellings, geskiedkundige gebeurtenisse rondom Afrikaanse literatuur óf as randverskynsels hanteer is óf bloot weggelaat is. Dit is veral Franken (1938), ook 'n minder bekende (vrou) in literêre kringe, wat die kultuur- en taalhistoriese waarde van fragmente uit Johanna Duminy se dagboek beklemtoon het.

Ten opsigte van die dagboekinskrywings van Johanna Duminy, wat hier as slegs 'n enkele voorbeeld gebruik word, kan die volgende moontlik as redes vir uitsluiting aangevoer word: dat haar dagboekinskrywings nie gelaai was met geloofsoortuigings, wat 'n dominante kriterium vir insluiting in die literêre veld van daardie tydperk was, nie; dat haar beskrywings oor die gesleur van elke dag se gebeure (in die vrou se lewe) gegaan het, wat ook nie as behorende tot literêr gekanoniseerde literatuur beskou is nie, of dat dit slegs maar gesproke Afrikaans bevat het en daarom nie 'n prominente plek in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis kon kry nie. Of is haar tekste doodeenvoudig nie as letterkundig waardevol geag nie, omdat sy as vrou gedwing was om haar pligte tot die huis en haar kinders te beperk? (Kyk 3.5)

Verdere navorsingwerk oor vroueskrywers en literatuur wat gedurende dié periode deur vroue geskep is, toon egter dat veel meer vroue aktief besig was met skryf as wat aanvanklik in literatuurgeskiedenis opgeneem is. Ironies genoeg is dit oorwegend vroue wat as rolspelers veral gedurende die laat tagtigs en vroeë negentigs by die herwaardering van die Afrikaanse literêre kanon betrokke raak en dit as hul plig beskou om geskifte soos dagboekinskrywings, reisjoernale en briewe van dié koloniale periode na vore te bring of selfs vorms daarvan en daaroor te publiseer. Intensiewe navorsingswerk soos onder andere dié van Van Niekerk (1994): *Vrouevertellers 1843-1993*; Van Niekerk (1999): *'n Voorstel vir die geskiedskrywing van die Afrikaanse vrouevertelling – 'n feministiese perspektief*, is vandag algemeen bekend binne die literatuursisteem.

Sedert die laaste dekade van die twintigste eeu is dit opvallend hoeveel navorsingswerk oor die vrou se plek in die literatuursisteem gedoen word. Om oor vroue te skryf wat gedurende die vroegste tye aan die Kaap geleef het, met ander woorde, die vrou as hoofkarakter van die historiese roman, word 'n algemene tendens. Hierdie prosatekste wat op historiese feite gebaseer word, vorm deel van

die navorsingswerk. Binne die model van intersistemiese diskoers lewer dit die nodige bewyse dat die vrou wat hulle sedert 1652 aan die Kaap gevestig het, op opvoedkundige sowel as kulturele vlak nie heeltemal onaktief was nie. Tekste wat genoem kan word, is onder andere *Pieterella van die Kaap* (2000) deur Dalene Mathee en *Anna, dogter van Engela van Bengale* (2005) deur Therese Benade.

Pieterella van die Kaap (2000) deur Dalene Mathee (kyk 4.8) is die merkwaardige verhaal van twee vroue van die Kaap: Eva-Krotoa en Pieterella van Meerhoff, haar dogter by 'n Deense sjiurgyn. Franklin Sonn (2000) wys daarop dat die aangrypende van die roman “die sensitiewe wyse (is) waarop *nuwe historiese werklikhede* met die eg menslike bestaanstryd verweef word”. Die teks word gesien as “die storie van Suid-Afrika van toe en van nou”. Die vrou se strewe na erkenning, ook op 'n meer intellektuele vlak, in hierdie tydperk word vertel in *Anna, dogter van Engela van Bengale* (2005) deur Therese Benade. Daar word aangedui dat dié tekstuurryke verhaal deurdring tot in die brandpunt van Anna de Koning se bestaan. Haar ma, die bekende Engela van Bengale, was 'n slaaf in die huishouding van Jan van Riebeeck aan die Kaap. Al twee vroue onderskei hulle deur hulle innerlike vuur, intelligensie en die smagting na méér. Verder word deur middel van die teks aangedui dat “die bloudruk vir die gees van die vrou (...) die afgelope 350 jaar nog g'n jota of titel verander het nie” (agterbladteks deur uitgewer).

Dat vroue dus meer betrokke was by kulturele aktiwiteite, veral dan soos skryf, is moontlik. Alhoewel die begin van die drukkersbedryf in die Kaap teen 1800 vir meer amptelike gebruik eerder tot voordeel van Nederlands was, maar tegelykertyd ook die angliseringsproses tot voordeel van die ontwikkelende Afrikaans teëgewerk het, dui Van Niekerk (1999) aan dat navorsingswerk rondom die “joernalistiek” nie kon help om geskrewe bydraes deur vroue te bepaal nie:

“Op 18 Augustus verskyn die eerste uitgawe van *The Cape Town Gazette and African Advertiser – Kaapsche Stads Courant en Afrikaanche Berigter* (...). Die meeste berigte verskyn onder mansname, pseudonieme of anoniem, sodat die geslag van die skrywer nie altyd bepaalbaar is nie.”
(Van Niekerk, 1999:310)

Die gebruik van skuilname en veral mansname by die publikasie van geskrewe tekste deur vroueskrywers, beklemtoon die feit dat daar nie plek vir vroue was in hierdie literêre veld, wat die oorsprong van die Afrikaanse literatuursisteem is nie. Alhoewel daar nie sprake van werklik geskrewe Afrikaans was nie, en die tydperk vanaf die vroegste tye aan die Kaap tot die draai van die neëntiende eeu nie

hiërargiserende/kanoniserende aktiwiteite in die periode self vertoon nie, het duidelik ideologies-gerigte motiewe wat later tot voordeel van die Afrikaner as sosiale groep en gebruikers van die taal Afrikaans sou strek, wel voorgekom. Dit sou dien as basis vir 'n "ontluikende Afrikaanse literatuursisteem in die neëntiende eeu" wat in die volgende jare – voor die einde van die neëntiende eeu – tot stand sou kom (Van Coller, 1998:vii). Dat daar wel sprake was van 'n sisteem, waarskynlik nog 'n relatief oop sisteem, word soos volg deur Van der Merwe (1994) verwoord :

“Initially the future of Afrikaans literature was ‘open’, and many choices had to be made. Two of the pioneering figures in the history of Afrikaans, a protestant and a Muslim, saw Afrikaans as a practical means of communicating with Afrikaans-speaking people, to spread a religious faith. The primary concern of Arnoldus Pannevis, one of the first to advocate the use of Afrikaans as a written language, was the translation of the Bible into Afrikaans, and his target reader group included the coloureds. A Muslim parallel to Pannevis is Abu Bakr, who wrote a ritual guide for Muslims in Afrikaans, published in 1869. These two men, acting before the founding of the ‘Genootskap van Regte Afrikaners’ (...) in 1875, looked at Afrikaans as a practical vehicle for the propagation of faith and morals, used by whites and ‘non-whites’, by Christians and Muslims.”
(Van der Merwe, 1994:3, 4)

4.2 DIE TYDPERK VAN DEKOLONISASIE

Rondom 1875 tot ongeveer 1905

“Die opbloeï van Afrikanernasionalisme in die tweede helfte van die negentiende eeu was die eintlike aansporing tot die ontwikkeling van 'n gestandaardiseerde, skriftelike weergawe van die taal.”
(Van Coller & Odendaal, 2005:19)

In 'n poging “om begrip van die Bybel te verbeter deur dit in Afrikaans te vertaal, maar ook om die algemene kennis van blanke en gekleurde mense uit te brei”, is daar sedert 1872 pogings aangewend om gesproke Afrikaans tot skryftaal te verhef. Dit is veral “die Eerste Taalbeweging (1875-1900) en met die stigting van die G.R.A. op 14 Augustus 1875 in die Paarl” dat definitiewe struktuur aan Afrikaans as taalmedium gegee word (Van Coller & Odendaal, 2005:19).

“Maar daar is daarom drie soorte Afrikaners. Dit moet ons in die oog hou. Daar is Afrikaners met Engelse harte. En daar is Afrikaners met Hollandse harte. En daar is Afrikaners met Afrikaanse harte. Die laaste noem ons Regte Afrikaners, en die roep ons op om aan ons kant te staan.”
(Meyer et al., 1983:174)

Sodoende kom 'n magdom geskiedenis, politiek en kultuur rondom Afrikaans tot stand – 'n magstruktuur wat deur die “G.R.A.-manne” besiel is en wel met die slagspreuk:

“Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.”
(Nienaber, 1983:24).

Afrikaans word 'n saak slegs vir die Afrikaner – 'n eksklusiwiteit, ontoeganklik vir diegene wat nie blank is nie, maar dié opkomende magstruktuur sluit ook die deur vir veel meer as wat ooit op daardie stadium van hulle geveg besef is. Dit was duidelik dat “(d)ie voorstanders van die Afrikaanse beweging (...) die vorming van 'n eie nasionale identiteit in gedagte gehad” het (Van Coller & Odendaal, 2005:22).

*“Die taalsaak is sinoniem met die behoud van die blanke beskawing!
Die taalsaak 'n gebedsaak!
Afrikaans 'n Godsgawe!”*
(Nienaber, 1983:23-24)

Alhoewel *Die Afrikaanse Patriot* as spreekbuis vir Afrikaans gebruik is, is dit hierin dat die G.R.A.-manne “hulle strewe om Afrikaans tot sy reg te laat kom” bevorder. Die aanvanklike motivering was “dat in Afrikaans geskryf behoort te word” en was die G.R.A. daarop uit om die spreektaal tot skryftaal te ontwikkel, veral omdat die “brabbeltaal” nie geskik was om vir toekomstige vertalings van die Bybel te dien nie (Meyer et al., 1983:172, 173).

Skryfwerk word deur die redaksie van *Die Patriot* aangemoedig wanneer hulle “prysvrae (uitskryf) vir Afrikaanse stukke om belangstelling vir Afrikaans aan te wakker” (Meyer et al., 1983:174). 'n Uitnodiging deur die “G.R.A.-manne” aan die “kêrels” word soos volg aangehaal:

“Afrikaanse gedigte. ‘Julle kan nou rym en dig dat dit nie maklik is nie... Jong Afrikaanders! Julle kan mos fluks rym! Stuur julle gedigte, kêrels! Stuur mar! En die wat fout maak, dis niks nie, ons sal hom reg help.’ So spoor die redaksie die lesers aan – so ontstaan nie ware poësie nie, maar wel skryf-leeslus, en daar was dit vir hulle om te doen!”
(Dekker, 1947:17)

Die geskrewe werk wat in hierdie beginfase voorkom en anders daar begin uitsien as bloot dagboekinskrywings, was beperk tot die korter teks. Poësie is as “verse” gesien; dit was beperk tot dié wat in *Die Patriot* verkyn het en “was nie veel

meer as rympies nie". Prosatekste was skaars; dit was duidelik dat die poësie as genre gedurende hierdie periode voorkeur geniet het.

"Die eerste Afrikaanse teks wat selfs by benadering 'n roman genoem sou kan word, *Die koningin fan Skeba* van S.J. du Toit, sou pas in 1898 verskyn, en hierna sou dit nog meer as 'n halfeeu duur voordat daar so iets soos 'n volwasse romankuns in Afrikaans merkbaar begin word."
(Schoeman, 1989:434)

Prosawerk het ook geen groot letterkundige waarde gehad nie, maar as eerste skeppinge in Afrikaans het hulle wel 'n besondere kultuurhistoriese betekenis. Dié "letterkundige" gevolgtrekkings word egter deur 'n agterna-perspektief op hierdie periode gemaak en word "letterkunde" oor die algemeen beskryf as nie van hoogstaande gehalte nie.

"Ons moet hierdie geskifte dus nie gaan toets aan die norme van die ryk Europese letterkundes nie. Ons moet hulle beskou in die lig van die tyd, ons moet beseef dat hulle waarde hoofsaaklik literêre- en kultuurhistories is. Ontroerende skoonheid moet ons hier nie soek nie. Die suiwer letterkundige waarde is gering."
(Dekker, 1947:33)

Die gebruik van 'n ouer monologiese literatuurgeskiedenis soos hierdie is volgens die navorser nodig om te beseef dat hiërargisering nie noodwendig op tekste wat verskyn het van toepassing was nie, maar dat daar ook deur sodanige literatuurgeskiedskrywers gepoog word om die Afrikaanse literatuur vir ideologiese doeleindes te approprieer. Tekste wat in hierdie tyd verskyn het, het in lyn met die strewe van die "Afrikaanse Afrikaner" gestaan én dit was tekste wat geskryf is deur rolspelers in die literêre veld van die tyd self. Ds. S.J. du Toit (1847 -1911) is as die "siel van die beweging" beskou. Binne die literêre veld van die tyd het Du Toit enersyds 'n leidende rol gespeel, maar andersyds ook 'n baie dominante plek ingeneem, as skrywer én rolspeler.

Du Toit se rol as skrywer word soos volg verwoord:

"In tal van die Genootskap se publikasies het hy die vernaamste bydrae gehad. Die nuwe maandblad is *Ons Klyntje* genoem en sy hoofdoelstelling was om die Afrikaanse skryftaal te ontwikkel. *Die Patriot* het honderde mense leer skryf. *Ons Klyntje* moes mense leer om goed te skryf. Die redakteur was ds. S.J. du Toit en tussen 1896 en 1905 het verskeie boeke in vervolgvorm in *Ons Klyntje* verskyn. Sommige van dié wat herdruk is, het die volgende titels gehad: *Die koningin fan Skeba* ('n roman

deur S.J. du Toit), *Margrita Prinsloo* ('n historiese toneelstuk deur S.J. du Toit).”
(Dekker, 1947:28)

As rolspeler in die gemeenskap, maar ook in die literêre veld, word sy impak soos volg verwoord:

“In 1875 word hy predikant van die gemeente Noorder-Paarl. Vanaf die oprigting was hy in die redaksie van *Die Patriot*, vanaf 1890 hoofredakteur; ook was hy redakteur van *Ons Klyntje* (1896-1905) en van *Ons Taal* (1907-1909). Hy is die stigter van die Afrikanerbond (1879). Van 1882-89 was hy Superintendent van Onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Ook het hy gedurende hierdie jare sy gawes op ander gebiede in diens van die Republiek gestel.”
(Dekker, 1947:28)

Hierdie dominante posisie-inname in die jong Afrikaanse letterkunde kan as 'n baken of beginpunt in die Afrikaanse taal- en literatuurgeskiedenis beskou word, maar veral op grond van Du Toit se bydrae tot die begin van 'n Afrikaner-ideologie. Die “prestige” wat hy ontvang het, was nie in die struktuur van sy tekste en spesifiek die teks *Die koningin van Skeba* as prosateks, opgesluit nie, maar eerder gegrond op sy posisie in die literêre veld van die tyd. Optrede soos onder andere dié van Du Toit toon die “eerste aanduidings van 'n proses van Afrikaanse literêre kanonisering” (Van Coller & Odendaal, 2005:22).

“Ten spyte van ds. S.J. du Toit se politieke sienswyse en die smart, lyding en ontwrigting wat die oorlog meegebring het, het die taalliefde wat die G.R.A. opgewek het, nie heeltemal verdwyn nie. Daarom moet die betekenis van hierdie taalstryders nie onderskat word nie. Die G.R.A.-manne, met ds. S.J. du Toit aan die spits, was die *eerste helde van ons Moedertaal*.”
(Meyer et al., 1983:178)

Die struktuur wat aan die begin van 'n nuwe literatuursisteem vir Afrikaans daargestel is, was egter ontoeganklik vir vroue. Ook hier is dit S.J. du Toit (1885) wat die leiding neem en van dié standpunt uitgaan:

“Verleiding en afval sluipen gewoonlijk binne deur middel van de vrouw. Haast elke ketterij telt de vrouwen onder hare eerste aanhangers en vurigste verbreiders.”

Britz en Pienaar (2002) gebruik hierdie aanhaling by 'n ondersoek na “(d)ie representasie van die vrou in die verse van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging”. Die stereotipering van die vrou van die tyd sou veroorsaak dat vroue nie deel van die

literêre gesprek kon uitmaak nie. Vyf moontlike redes word aangevoer vir die uitsluiting van vroue uit dié literêre gesprek:

“Firstly, the school system in the Cape Colony produced virtually no well-educated Afrikaans-speaking woman who could, or would support their cause (...) Secondly, the G.R.A. did not trust women (...) Thirdly, an educated woman engaged in political, journalistic or artistic activities contradicted the ideal held by the G.R.A. for Afrikaans women (...) Fourthly, women had no voting rights at the time and Afrikaans women were not known to participate in cultural or semi-political organizations such as the G.R.A. (...) Fifthly, the leaders of the G.R.A. derived their literary sensibility from conservative, Protestant Dutch literature from the nineteenth and seventeenth centuries, characterized by old-fashioned, Biblical misogyny.”
(Britz & Pienaar, 2002:217, 218)

Deurdadig vroue nie toegelaat is tot die G.R.A. of om sitting in hierdie taalstruktuur – of eerder magstruktuur – in te neem nie, was daar op dié stadium as deel van die intersistemiese diskoers sprake van ’n eenmangsgesprek.

“Vroue is aanvanklik nie as lede toegelaat nie wat ook beteken dat *Die Afrikaanse Patriot* (die G.R.A. se maandblad wat die eerste lig sien op 16 Januarie 1876) nie skryfwerk deur vroue verwelkom het nie. Die debattering van hierdie kwessie is aangeteken in die G.R.A. se notules. Hiervolgens stel Oom Lokomotief op die vergadering van 26 Februarie 1876 voor dat vroue wel in die tydskrif mag publiseer. Sy voorstel is egter suksesvol teengestaan deur G.J. Malherbe en dr. Pannevis. Op die April-vergadering word ’n amendement hierop aanvaar. Daar word besluit dat dit aan die redaksie oorgelaat word om te besluit watter stukke vir publikasie aanvaar word.”
(Van Niekerk, 1999:311)

Aan die einde van die neëntiende eeu was die werklikheidskonteks van Afrikaanse vroue uitgespel – hulle was volksmoeders en Afrikanermoeders, “’n rol wat deur mans in ’n mansgedomineerde samelewing geëis is”.

“In die vroegste werk van die Afrikanervrou is dit duidelik dat sy haarself primêr as gesinsmoeder en volksmoeder identifiseer en sodoende haar skryfwerk nie as iets esteties sien nie, maar dit funksioneel in diens van haar moederskap en volksideale stel.”
(Van Niekerk, 1999:307, 310)

Hieruit wil dit voorkom of dit eerder die posisie van die vrou in ’n patriargale bestel en dus in die samelewing was wat as kriterium gedien het by die bepaling van die literêre aard van hul geskryfte al dan nie. Geskrewe werk deur vroue is nie as

letterkundig beskou nie. Dit is as 'n skande vir die Afrikanervolk beskou as vroue wel hul mening ten opsigte van sake sou uitspreek, veral ook in die geskrewe vorm.

“Volgens die volksmoederkonsep word haar geskifte geensins deur haarself beskou as kuns nie, maar staan dit eerder in diens van familie-volk-en-vaderland.”
(Van Niekerk, 1999:310)

Om te skryf met die idee om dié vorm van “kuns” te beoefen, was nie die vroue van hierdie periode beskore nie. Behalwe dat weinig vroue juis as gevolg van hul posisie in die patriargale bestel, ongeskoold, en dus ongeletterd, was en dikwels nie kón skryf nie, was daar wel vroue wat kon skryf en dus vroue wat wel geskryf het. Hulle moes hulle egter beperk tot dit wat aan hulle bekend was. Verdere blootstelling as die huis en kerk was ongeoorloof en het buite hulle rol as volksmoeders geval.

Volgens Van der Merwe (1994:68, 70) was die vroueskrywer gedurende hierdie fase “an unheard voice” en word verklaar dat “the female author (was) not silent, but rather unheard and ignored”. Daarom ontstaan die vraag: Watter moontlikheid was daar vir die Afrikanervrou om hoegenaamd tot die taalstryd toe te betree, wat nog te sê tot die literêre? Die uitsluiting van vroue was vir mans as rolspelers in die literêre veld van die tyd vanselfsprekend. Haar rol as volksmoeder was nie net 'n rol wat deur mans in 'n mansgedomineerde samelewing geëis is nie, maar was dit ook 'n rol wat deur Afrikanervroue uit beide die middel- en die werkersklas aanvaar is (kyk ook Van Niekerk, 1999:310).

“Die groep predikante, onderwysers en boere wat die G.R.A. in 1875 in die Paarl opgerig het, was toegewikkel in oortuigings, waardes en gebruike wat diep gevestig was en wat hulle besluite byna onvermydelik, en vir hulle tydgenote ook aanvaarbaar, gemaak het. Daar was in die volgende vyf-en-twintig jaar na hul wete byvoorbeeld geen protes van die kant van vroue nie, wat die mag van die tydgewrig en die werking van die besondere omstandighede duidelik illustreer.”
(Britz & Pienaar, 2002:219, 220)

Tog ontstaan die vraag: Het vroue werklik hierdie rol so vanselfsprekend aanvaar? Indien die beoefening van skryfery onder vroue (wat ook as opvoedkundiges opgetree het) gedurende hierdie tyd meer gestruktureerd kon plaasvind en geletterdheid van vroue nie onder druk geplaas is nie, wat is die moontlikheid dat Afrikaans alreeds voor die aanvang van die twintigste eeu 'n literêre teks of “ster” soos Olive Schreiner sou kon oplewer?

Soos reeds aangedui, verskaf Schoeman (1989:434) moontlike antwoorde op dié vraag, maar dit word hier verder uitgebrei en beklemtoon. Eerstens word van die standpunt uitgegaan, dat alhoewel “(d)ie Hollandse boerevolk die nodige kennis besit het om ’n letterkunde van die aard tot stand te bring” – wat waarskynlik veral verwys na hul belewing van die Kaapse “Afrika”-kolonie – hulle “nie die middele of die begeerte” gehad het nie. Dit is veral op grond van die feit dat hulle “vir die grootste gedeelte (...) feitlik ongeletterd (was), en in hul kultuur het boeke en geskrifte, afgesien van die Bybel, geen noemenswaardige rol gespeel nie”. Tweedens word aangedui dat hulle bowendien in Nederlands moes skryf, “wat vir hulle lankal reeds ’n vreemde taal geword het; en terwyl daar juis in die tyd dat Olive aan haar romans gewerk het met ’n letterkunde in die algemene spreektaal, Afrikaans, begin is”. ’n Derde moontlike antwoord sluit aan by wat as werking van die intersistemiese diskoers van die tyd beskou kan word. Dit is Schoeman se siening dat Afrikaans ’n geslotenheid begin toon het, omdat Afrikaans “in ’n vakuum ontstaan (het), en moes daar nog deur middel van eenvoudige volksversies en prosastukkies ’n literêre tradisie geskep word”. Hiernaas wys Schoeman op ’n meer gevestigde Britse skrywerskultuur op hierdie stadium binne die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Waarskynlik kon dit in ’n groot mate bydra tot die sukses van *The Story of an African Farm* op hierdie stadium van Schreiner se skrywersloopbaan (kyk Schoeman, 1989:434-437; kyk ook 3.5).

Benewens die beeld wat bestaan dat “(e)en en almal (...) die Genootskappers sterk (was) in hulle geloof dat daar ’n toekoms vir ’n Afrikaanse letterkunde is” en dat hulle “in daardie geloof (...) na hulle vermoë gearbei” het (Nienaber, 1983:34), het die G.R.A.-manne ook te staan gekom voor die bedreiging wat ander tale vir die taal ingehou het wat toe alreeds as Afrikaans geag is. Nie net is Duits en Frans nou ook as gevolg van kolonialisme oral in die kolonie onder die Hollanders aangetref nie, dit was veral die invloed van verengelsing op die platteland wat daartoe bygedra het dat dit “(t)een 1875 (...) gelyk (het) of die jong taal wat na 1652 aan die Kaap ontwikkel het, besig was om te verdwyn” (Meyer et al., 1983:174).

Alhoewel daar dus tydens dié periode eerder op Afrikaans as taalmedium self gefokus is met die uitsluitlike doel om dit ’n skryftaal te maak, het dit alles, moontlik onbewustelik, om politieke magsgewin gegaan. Die bedreiging van Engels is voorgehou om die Britte af te weer.

“Alhoewel die Genootskappers voorstanders van Afrikaans was, het hulle hulle beywer vir die erkenning van Hollands in die Parlement naas Engels. ‘Die Afrikaanse boompie is nog jonk,’ het *Die Patriot* geskryf. ‘Hy het Hollands vir eers nodig as ’n stut totdat hy sterk genoeg is om alleen te staan.’”

(Meyer et al., 1983:175)

Hierdeur is daar nie net lig gewerp op die ontwikkelingsgeskiedenis van Nederlands in Suid-Afrika nie, maar het dit ook onbewustelik gebeur dat die toelating van veral Hollands die struktuur vir wetenskapsbeoefening rondom die geskrewe, verder gevestig en verstewig het. Dit was egter veral “die behoefte om aan die Britse oorheersing te ontsnap, of om ’n teenvoeter vir die Britse koloniale onderdrukking te vind” wat “die belangrikste dryfveer agter die politieke asook literêr-sistemiese ontwikkeling in die tydperk tussen die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875 en die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899” was (Van Coller & Odendaal, 2005:21).

“The common concern was a rejection of Britain’s imperialism. But they needed more common ground, and that was provided by Afrikaans.”

(Van der Merwe, 1994:4)

Onder die vaandel van die bevordering van Afrikaans vanaf spreektaal tot skryftaal, het die Afrikaner-“manne” eintlik hul visier op Afrikaans as ampstaal gestel. Hierdie beweegrede word as ’n “betekenisvolle ontwikkeling” beskou, want dit “was die appropriasie van Afrikaans deur die blanke, nie-Engelstalige sprekers in hul strewe van politieke en kulturele selfbeskikking” (Van Coller, 2005:21). Afrikaans het begin funksioneer as ’n band tussen wit sprekers wat nou vanaf die Kaap tot by die Limpopo versprei was, en het ook begin dien “as a weapon in the struggle of Afrikaner nationalism” (Van der Merwe, 1994:5). Daardeur kon nie net die G.R.A.-manne nie, maar ook die sprekers wat hulle verteenwoordig het, hulself in ’n magposisie plaas nie, net teenoor die Engelse nie, maar ook teenoor anderskleuriges en, soos dit dan wil voorkom, teenoor vroue.

“Deelname aan die taalpolitiek, intellektuele, joernalistieke en artistieke aktiwiteite van die G.R.A. was strydig met die ideaal wat die G.R.A. vir die Afrikaanse vrou gekoester het.”

(Britz & Pienaar, 2002:222)

Dit was vir die G.R.A. belangrik dat Afrikaanssprekende vroue eerder “aangemoedig (word) om die rol wat hulle binne die familie-opset moes speel, nie te

versaak ten gunste van intellektuele, artistieke of politieke werk of ten gunste van hulle emansipasie as vroue” (Britz & Pienaar, 2002:223). Die eksklusiewe aard van die Afrikaanse literatuursisteem waaraan dit lank geken is, is by uitstek geleë in hierdie periode. Verder wil dit voorkom of die stereotipering van Afrikaanse literatuur as ’n blanke (manlike) konstruksie sy oorsprong juis in dié dekolonisasietydperk van die literatuursisteem gehad het. Dit is veral op grond van die besef dat die taal en sy literatuur nog relatief jonk en in ’n ontwikkelende stadium tot amptelike status was, dat Van Coller & Odendaal (2005:23) van die volgende standpunt uitgaan:

“In terme van die meganisme van intersistemiese diskoers moet die Afrikaanse literêre sisteem van hierdie tyd beskou word as ’n redelike oop sisteem (tipies vir die eerste fase van literêre dekolonisasie), ten spyte daarvan dat ’n klem op lokale agtergrond en lewenswyse verpligtend geag is.”

(Van Coller & Odendaal, 2005:23)

4.3 PATRIOTISME

Vanaf 1905 tot ongeveer 1930

Aan die begin van die twintigste eeu word die eksklusiewe aard van Afrikaans versterk, want tekste wat as gekanoniseer geklassifiseer is, is aangevuur deur onder meer die sosiaal-politieke nagevolge van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Afrikaans as taal het die draer van Afrikaner-nasionalisme geword. Die Afrikaanssprekende blanke het hom in ’n krisissituasie bevind, ’n krisis wat as die oorsprong van dié opkomende ideologie sou dien. Baradat (1979) sien die wrywing wat op hierdie stadium tussen Boer en Brit voorgekom het, as ’n tipiese krisis wat tot die vorming van ’n ideologie aanleiding gee. Dit was konflik tussen ’n landelike en ’n industriële leefwyse wat verskillende lewenswaardes veronderstel het.

“After the Second Anglo-Boer War of 1899-1902, and the defeat of the two Boer republics by Britain, Afrikaner nationalism and the Afrikaans language seemed to have been crushed after only a very limited life span. However, the unexpected happened. The war was the stimulus for a new and much stronger upsurge of Afrikaner nationalism, supported by a flowering of the Afrikaans language and literature.”

(Van der Merwe, 1994:5)

Met die verskyning van “Winternag” (5 Julie 1905) word verskeie deurbrake vir ’n literatuursisteem in Afrikaans gemaak, op sowel die gebied van literêre kanoniserings sowel as linguistiese standaardisering. Nie net word daar tot die

gevolgtrekking gekom dat die taal Afrikaans nou sodanig ontwikkel het dat dit volwaardig as skryftaal gebruik kan word nie, maar word daar 'n verdieping in die gebruik daarvan waargeneem. “Winternag” word die ikoon’ van Afrikaans, nie net as skryftaal nie, maar ook as literêre taal wanneer die taalmedium daarvan – Afrikaans – deur Preller (1875-1943) beskryf word as 'n “taal wat hom net so goed leen aan die fijnste uitdrukkinge van ons gedagtes, as enige taal onder die zon” (Antonissen, 1983:42).

“Hoewel in die eerste plek bedoel as natuurvers wat troostelose eensaamheid suggereer, is dit gou geïnterpreteer as beeldspraak vir die verlatenheid ervaar deur die Afrikaners na die Anglo-Boereoorlog (...).”
(Van Coller & Odendaal, 2005:25)

Dit vestig egter ook 'n “bewuste literêre tradisie in Afrikaans” (Kannemeyer, 1988:51). Afrikaans as taal is nou in 'n ontwikkelende fase as skryftaal. Nie net word daar gepoog om 'n suiwer en goeie standaard van geskrewe taalgebruik te bevorder nie, maar bied Afrikaans ook geleentheid vir skrywers om diepte in hul lewenservarings (gevoel) daarmee te skep:

Winternag

*O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-
lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade (...)*
– Eugène N. Marais

Hierdie skepping en soortgelyke skeppings wat in die toekoms sou verskyn, word as 'n vorm van “hoër kuns” beskou. Alhoewel aanvanklik gerig op die poësie, is geskrewe tekste wat na 1905 verskyn hoofsaaklik geklassifiseer as óf leesstof óf kunswerke. Vir beide was taalsuiwerheid 'n voorvereiste. Vir die daarstelling van 'n taalstandaard ten opsigte van Afrikaans het hierdie sterk fokus op die stilistiese 'n positiewe invloed vir die toekomstige ontwikkeling van Afrikaans ingehou. Taalsuiwerheid word as 'n uiters noodsaaklike kriterium vir die literêre geag, soveel so dat daar selfs verwys word na “taalkunswerk(e)” (Antonissen, 1983:66). Ook prosatekste wat verskyn, poog om in “goeie Afrikaans” te wees. Tekste wat slegs as leesstof geklassifiseer is, se funksie was veral om “die Afrikaner se leeslus op (te)

wek” en is “nie geskryf uit kunstenaarsdrang nie, maar om leesstof te verskaf” (Dekker, 1947:168).

Dit is veral die prosawerke wat as spieëlbeeld van die volksgees of die Afrikaanse werklikheid dien wat ook as “kunswerke” beskou word. Alhoewel die prosateks “aanvanklik yl naas die poësie” vertoon, was prosatekste produkte wat die naoorlogse politieke geïnspireerde werklikheidskonteks op die een of ander wyse vervat het, maar wat ook op grond daarvan as literêre produkte geag is.

“Die aktuele sosio-ekonomiese posisie van die Afrikaner vorm die agtergrondmateriaal vir van die bekendste prosawerke uit die periode na 1902 tot 1930.”
(Roos, 1998:25)

“Na die oorlog het die toekoms maar donker gelyk” (Dekker, 1947:38) – dit was die werklikheid. Die ervaring hiervan en “onderdrukkende kolonialisme” (Van Niekerk, 1998:21) is op uiteenlopende wyses in die bekendste werke wat in hierdie tyd verskyn het, weerspieël.

“Die Afrikaanse letterkunde was dus na 1900 haas uitsluitlik in die hande van ’n aantal jonger skrywers wat deur hul werk onder meer die ‘natuurlike’ taak gehad het om Afrikaans tot kultuurtaal te ontwikkel, om daarvan ’n fyngevoelige instrument te maak waardeur die diepste emosies van die volk en die individu weergegee kan word en om op dié wyse mee te help tot die amptelike erkenning van Afrikaans as landstaal. In hierdie opsig is daar ’n duidelike verband tussen die letterkunde en die Tweede Taalbeweging en hang heelparty produkte in die eerste ongeveer vyftien jaar van die twintigste eeu dan ook direk saam met die taalstryd en die geskiedenis van die Afrikaner.”
(Kannemeyer, 2005:72)

Die noue band tussen die sosiopolitieke en die sosiokulturele het na vore gekom in feitlik elke teks wat as letterkunde beskou is. Afrikaans is en word die politiek of, anders gestel, die politiek van Suid-Afrika was Afrikaans en het “die strewes van die Afrikaner-nasionalisme en die bedrywighede op Afrikaanse kulturele gebied” gedurende hierdie periode “in ’n groot mate saamgeval” (Roos, 1998:22).

“Die wisselwerking tussen die letterkundige, die politieke en die taalstrewes, tot wedersydse afhanklikheid en diensbaarheid toe, blyk verder die duidelikste uit die oorheersende tematiek: die geskiedenis, en dikwels die heel resente verlede; en uit die meeste geskryfte se volkse karakter en peil.”
(Antonissen, 1983:39)

Letterkunde was “vasgeveg in die weefsel van die volksbestaan” (Schoonees, 1927:19-21). Van Coller en Odendaal (2005) dui aan dat die “nasionale sentimente so allesomvattend” was dat selfs skrywers wat nie werklik by die ideale beeld ingepas het nie, tot volksdigters getransformeer is – selfs “C. Louis Leipoldt, met sy breë humanistiese houding en internasionale belangstelling; die alkohol-misbruikende C.J. Langenhoven; en die kluisenaar, Eugène Marais” is ondanks hierdie “afwykings oorgesien of vergewe” en gekanoniseer (kyk Van Coller & Odendaal, 2005:25).

Roos (1998) onderskei die letterkunde van dié periode as “koloniale literatuur”, waarin volkse romantiek, folklore en avontuurverhale, asook diere- en veldverhale, voorkom, maar ook hierin is dit “by uitstek patriargale wêreld waarin rasse, generasies en geslagte volgens tradisionele hiërargieë optree” (Roos, 1998:25).

“Ons skrywers is almal Boereseuns en wil ’n Afrikaanse skrywer ’n tipiese Boerebeskawing uitbeeld.”
(Nienaber, 1938:243)

Sodanige tekste het ingepas in die blanke mans-gestruktureerde én dus mans- (of manlik) gedomineerde literêre veld wat deur die toedoen van onder andere die Tweede Taalbeweging as voortsetting van die Eerste Taalbeweging toegesien het dat sekere ideologiese voorveronderstellings ook in die opkomende institusionele instansies onderliggend of teenwoordig sou wees. Die periode na 1900 (en veral na 1910 met Uniewording) tot ongeveer 1925, met die offisiële erkenning van Afrikaans as landstaal vir Suid-Afrika, word veral gekenmerk aan die ontwikkeling van ’n hiërargiserende, allesoorkoepelende, alles-insluitende konstruksie wat oor institusionele mag binne die Afrikaanse literatuursisteem in die toekoms sou beskik.

“Thus, very soon the future of Afrikaans was not so open any more. Various choices were made, and Afrikaans language and literature moved in a specific direction. It was no more a means of communication for all mother tongue speakers, but a language used by white Afrikaners to propagate Afrikaner nationalistic ideology in opposition to English domination.”
(Van der Merwe, 1994:5)

Die polities-sosiokulturele norm- en waardesisteem van die Afrikaner word die institusionele waardesisteem van literatuur in Afrikaans. Die basis vir die literêre, die bepaling van literariteit en die plasing van tekste in ’n hiërargie, met ander woorde, die besluit of ’n geskrewe teks tot die literêre kanon behoort of nie, het vroeg reeds in

die geskiedenis van die Afrikaanse literatuursisteem in die hande van instansies en sosiopolities geïnspireerde agente gelê. Dit alles vind plaas met die aanwesigheid of ondertone van Afrikaner-nasionalisme. Die taalstryd – lees, praat en skryf met Afrikaans as hoofmedium, ook op regeringsvlak – “word algaande meer doelgerig namate die Afrikaner aktief aan die politiek meedoen” (Kannemeyer, 1988:43).

Afrikaans se vinnige ontwikkeling as ’n kultuurtaal en ’n taal met hoër funksies het hand aan hand geloop met verskeie vorme van institusionalisering wat so vroeg as Desember 1905 met die stigting van die Afrikaanse Taalbond as ’n bewustelike poging om “Afrikaners te oortuig van hulle taal”, in beweging gebring is.

“Intussen word die stryd vir Afrikaans veral deur die ATG gevoer en staan die Taalbond al hoe meer in diens van die Afrikaanse Beweging.”
(Kannemeyer, 2005:69)

Afrikaans het op hierdie stadium ook in stryd met Hollands/Nederlands om amptelike erkenning gestaan, want “(m)et die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 word Hollands naas Engels as amptelike taal erken” (Kannemeyer, 2005:69). Die verkryging van kulturele mag word in die literêre aktiwiteite van instansies veranker met die stigting van “die Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (later: die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns)”, in Julie 1909.

Volgens Kannemeyer (2005:69) was die aanvanklike doelstelling van die Suid-Afrikaanse Akademie “die handhawing en bevordering van die Hollandse taal en letterkunde”, waaronder aanvanklik albei taalvorms verstaan is. In die aanvangsjare gee die Akademie leiding omtrent taalonderrig op skool en universiteit en later stimuleer hy die ontwikkelende literatuur deur die jaarlikse toekenning van die Hertzogprys. In die besonder lewer die Akademie ’n bydrae tot die vasstelling van die Afrikaanse spelling deur die publikasie van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (vanaf 1917). Hiermee word ’n standaard vir “literêre prestige” gestel, want in 1915 word die Hertzogprys vir letterkunde die eerste keer toegeken – “’n prys wat vandag steeds as die mees prestigieuse Afrikaanse literêre toekenning beskou word” (Van Coller & Odendaal, 2005:24). Verder word ook ’n struktuur geskep waardeur en waarin Afrikaans nie net as taalsisteem nie, maar ook as literatuursisteem en vir lank as kultuursisteem van die blanke Afrikaner kon funksioneer.

Dit is egter uit die bestudering van buite-kanonieke aktiwiteite in veel latere periodes dat dit duidelik word hoe sterk institusionalisering gedurende hierdie periode

in die Afrikaanse literatuursisteem bygedra het tot die vestiging van die literêre kanon as 'n manlike konstruksie. Waar dit die G.R.A-manne van die Eerste Taalbeweging is wat “die plattelandsbevolking met bewonderenswaardige psigologiese insig en takt en met verrassende resultate bewerk” (Dekker, 1947:60), is dit gedurende hierdie periode, wat strek vanaf 1905 tot ongeveer 1930, weereens die manne wat die leiding neem, maar “nou neem die intellektuele die voortou, die manne van die pers” (Dekker, 1947:61).

'n Doeltreffende medium vir hierdie institusionele mag was die opkomende media – die koerantbedryf en plaaslike uitgewers vir produkte in Afrikaans; veral by name die magtige Nasionale Pers, wat sy ontstaan in hierdie periode gehad het.

Huigen (2004) en Van Coller en Odendaal (2005:24) dui aan hoe “die bestaande Nederlandse kulturele infrastruktuur in Suid-Afrika” plek maak vir die “toenemende behoefte aan Afrikaanse publikasies”.

“In dieselfde periode kom verskillende koerante tot stand, soos *Ons* (later *Die Vaderland* (1915-1988), aanvanklik in Pretoria, later Johannesburg, *Die Burger* (1915 in Kaapstad), *Die Volksblad* (1916 in Bloemfontein), terwyl die weekblaaie *Die Brandwag* (1910-1922 in Pretoria), *Die Huisgenoot* (1916 in Kaapstad; oorspronklik *Ons Moedertaal*) en *Die Boervrou(w)* (1919-1931 in Pretoria) vir goeie lektuur in Afrikaans sorg en publiseer ook werk van die belangrikste skrywers. Ten nouste hiermee verbonde is die totstandkoming van 'n aantal uitgewerye, waarvan J.L. van Schaik (Pretoria, 1914) en die Nasionale Pers (Kaapstad, 1915) die grootste is wat die belangrikste Afrikaanse literêre publikasies in die eerste dertig jaar van die twintigste eeu die lig laat sien.”
(Kannemeyer, 2005:62, 63)

Na die stigting van die Nasionale Party in 1914 word die “energieke Afrikaner-identiteitsvorming en nasionale bewussyn (...) duidelik in die literêre sfeer weerspieël” (Van Coller & Odendaal, 2005:24). Hierdie ondersteunende basis word deur wedersydse verteenwoordiging tussen die sosiopolitieke sfeer en die literêre sfeer verdiep met die stigting van 'n geheime organisasie waardeur verskeie kulturele aktiwiteite van die Afrikaner in die toekoms geloods sou word.

“The two-pronged battle of the ideological preservation and economic upliftment of the Afrikaner was fought on many fronts. In 1918 the Afrikaner Broederbond was formed, a secret of Afrikaner elite, with membership by invitation only.”
(Van der Merwe, 2005:6, 7)

Verteenwoordiging van aktiwiteite van dié manlik gedrewe organisasie het deurgesypel na feitlik elke faset van die samelewing. Die hoofsaak vir dié Afrikaners was die kerk – die beoefening van hulle Christenskap met Afrikaans as die doeltaal vir die Bybel en die kerk – en die “kerk was mans” (Marieta Kemp, in Van Eeden, 2004). Alhoewel Afrikaans in die kerk, die Bybelvertaling en die vertaling van die psalmberyming en gesange in die drie Afrikaanse susterskerke ’n geskiedenis opsigself is, het dit alles bygedra tot die versterking van institusionele optrede, gesag en mag binne die Afrikaanse literatuursisteem (kyk Kannemeyer, 2005:70, 71).

Verdere strukture wat tot die werking van dié intersistemiese diskoers van die toekoms sou bydra, was die stigting van Christelike Nasionale Onderwys (1917) en Afrikaanse universiteite (1912), waar Afrikaans ook sedert 1918 vir die eerste keer tot universiteitsvak verhef is. Hierdie institute sou in die toekoms toesien dat die literêre kanon lewend bly, want betrokke by hierdie instellings was ook die eerste literêre kritici en literatuurgeskiedskrywers wat as kanoniseerders gedurende dié periode, maar ook nog geruime tyd daarna, binne die sisteem sou optree.

Dit is veral deur die toedoen van Preller (1875-1943), onder andere redakteur van *De Volkstem*, *Ons Volkstem*, asook eienaar van *Land en Volk* – dus joernalis, historiograaf, maar veral literêre kritikus – dat institusionele kritiek binne ’n Afrikaanse literêre veld dimensie kry. Hy word as die “eerste ware letterkundige kritikus” beskou, en sy kritiek val saam met die sosiokulturele en politieke voorkeure van die Tweede Taalbeweging, wat volksmaak sou voorskryf. Hy word ook gereken as uitmuntende taalkundige vir die bevordering van Afrikaans as skryftaal. Hierdie twee eienskappe maak hom die mees bevoegde institusionele agent en kritikus gedurende hierdie periode.

“So is Preller ons eerste, en gedurende dié jare ons enigste, opregte en bevoegde kritikus, die eerste Afrikaner wat hom besin het oor die aard en taal van die literatuur en kritiek, soos hy, met sy *Historiese opstelle* (1925), ook die eerste Afrikaanse historikus sal wees wat hom deeglik rekenskap probeer gee van ‘die grondslae van die wetenskap – hoe aanvegbaar en skraal ook al’”.

(Antonissen, 1983:41, 42)

’n Norm- en waardestelsel of beoordelingstelsel vir die literatuurkritiek van Afrikaans word onder andere deur Preller daargestel. Die drama as genre sou hier ook vir prosa die voorbeeld stel met die beklemtoning van die “essensiële waarde van die *woord*” – as “literêre kuns” (Antonissen, 1983:41).

“As literator is Preller die eerste persoon wat sterk krities staan teenoor Afrikaanse publikasies en wat onder invloed van die Nederlandse Tagtigers die kunswerk met suiwer estetiese maatstawwe wil meet en veral die belangrikheid van die woord beklemtoon.”
(Kannemeyer, 2005:89)

Dekker (1935) was die eerste kritikus wat histories en oorsigtelik oor die Afrikaanse literatuur skryf: *'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (1935; daarna telkens herdruk). Hiermee word hy die “die eerste globale literatuurbeoordelaar wat samevattend oor die hele Afrikaanse literatuur vanaf 1652 skryf” (Wiehahn, 1965:58). Met hierdie literatuurgeskiedenis word beskryf hoe sodanige estetiese maatstawwe toegepas moet word en word onder andere aangedui wat die kunswerk veronderstel te wees:

“Elke kunswerk moet beoordeel word volgens die norme wat voortvloei uit sy eie diepste wese. Die besef kom nou op dat die kunswerk 'n lewende organisme is met 'n eie siel, waarmee die kritikus hom in kontak moet stel, 'n eie stem, wat hy moet luister.”
(Dekker, 1947:283)

Dekker strewe “na inlewing in die lewensgevoel van sy ‘digterpersoonlikhede’” wat waarskynlik ook op sy beoordeling van prosawerk van toepassing was. Wiehahn (1965:58-62) toon aan dat kritiek deur Dekker nie met Nederlandse of Duitse literatuur verband hou nie, maar dat sy kritiek “veel eerder verwant (was) aan dié van die 19de-eeuse Franse literatuurhistorikus en skepper van geskrewe portrette, naamlik Sainte-Beuve”. Verder het Dekker se Calvinistiese kunsbeskouing groot aanklank by die Christelike ideologie van die Afrikanerlesers gevind. Sy bydrae tot literatuurkritiek word soos volg opgesom:

“Dekker is 'n gevoelige, ewewigtige kritikus en 'n konsekwente beoefenaar van 'n beskrywende, sintetiese kritiese metode, naamlik die opbou van ‘digterpersoonlikhede’ aan die hand van hul werk. As gevolg van sy kritiese ‘metode’ is skerp vormanalise van afsonderlike gedigte nie sy doel nie, en die klem word geplaas op die beskrywende eerder as die normatiewe sy van kritiek.”
(Wiehahn, 1965:61)

Dekker se kritiek van hierdie periode word as nasionaal-maatskaplike kritiek beskryf. Kritiek word as in diens aan die leserspubliek beskou. Dit verkry dus 'n sosiale waarde, veral wanneer aangedui word dat letterkundige kritiek deur

enkelpersone soos Preller hoofsaaklik aangewend is “om die werke onder die aandag te bring, om die volk tot lees en geniet aan te spoor”.

“Dat die pioniers op die gebied nie ’n besonder dankbare taak gehad het nie, is begryplik. Ter wille van ’n gesonde letterkundige smaak en insig en om die regte perspektief te herstel, moes hulle die volk, wat eintlik gretig begin lees het, die dierbare illusie ontnem en duidelik maak dat die werk van so vereerde skrywers letterkundig allesbehalwe onberispelik was, soms glad geen kuns nie – en dit in ’n land waar nog nooit van te vore letterkundige kritiek uitgeoefen was nie.”
(Dekker, 1947:283)

Dit wil dus voorkom of letterkundige kritiek eerder volksbelange of nasionale sentimente in plaas van estetiese maatstawwe as standaard gestel het. Rolspelers soos P.C. Schoonees en E.C. Pienaar, wat dominante seggingskap by die bepaling van die literêre kanon van daardie periode gehad het, “het individuele tekste (en selfs groter literêre kontekste) onbeskroomd vanuit nasionalistiese perspektief benader, met ’n verwagting (...) dat letterkunde ’n weerspieëling van die Afrikaanse realiteit en lewensbeskouing moes wees” (Van Coller & Odendaal, 2005:25).

Nie net was die institusionele kritiek wat so tot stand gekom het, deurspek met ’n “chauvinistiese ideologiese perspektief” nie, maar met hierdie uitspraak word ook ’n basis vir literatuurkritiek vir Afrikaans gelê. Dit het ’n geweldige invloed op die diachroniese kanon van nie net die periode self nie, maar ook die opeenvolgende periodes van die Afrikaanse literêre sisteem gehad. Deur die toedoen van literatuurkritiek en literatuurgeskiedskrywing, wat gedurende hierdie periode ’n aanvang neem, gebeur dit dat literatuurhistorici ’n spesifieke poëtika vir die toepassing van literatuurkritiek, onder andere as evalueringskriteria en norm, daarstel (kyk ook Roos, 1998:24).

Deur die werking van die meganisme van intersistemiese diskoers word dit duidelik dat die Afrikaanse literêre sisteem gedurende hierdie tyd redelik sterk insulêre tendense vertoon, in navolging van wat Jurie Lotman (1977) die “Estetika van identifikasie” genoem het.

“Dramatiese transformasie van die sisteem en die loodsing van aanvalle daarop was op hierdie tydstip bykans onmoontlik, en die sensurering van sulke pogings is gesanksioneer.”
(Van Coller & Odendaal, 2005:25)

Hierdie optrede het duidelike kenmerke van 'n geslote sisteem vertoon. Verder het dié mate van institusionalisering nie net die eksklusiwiteit van Afrikaans as taal en letterkunde verseker nie, maar het 'n manlik gekonstruksieerde literêre veld vir die doelstellings van die periode self, asook vir die toekomstige gebruik van die Afrikaanse literatuursisteem, tot stand gekom. Veral omdat mans tot op hierdie stadium betrokke was by kanoniserings, is sodanige geïnstusionaliseerde manlike struktuur as (blanke) manlike konstruksie gestereotipeer. Hierteenoor het dit noodwendig 'n beeld van uitsluiting oorgedra – uitsluiting van sekere tekste, sekere skrywers en sekere rolspelers, met ander woorde, van sekere sosiale groeperinge. Sosiopolitieke omstandighede rondom die vorming van hierdie struktuur het alreeds vroeg in die geskiedenis van die Afrikaanse taal en sy literatuur aanleiding gegee tot die stereotipering van die literêre kanon as 'n blanke, manlike konstruksie – 'n relatief geslote sisteem. Stereotipering van die struktuur as 'n manlike konstruksie word op sy beurt weer deur institusionalisering versterk en veroorsaak 'n oënskynlike idee of beeld van marginalisering van vroulike rolspelers en skrywers gedurende hierdie tydperk.

In die tydperk self is dit egter die werklikheidsituasie geïnspireer deur die sosiopolitieke posisie van die vrou in die samelewing van die tydperk, wat haar buite die literêre toneel plaas. As gevolg van die algemene verwagting of verpligting tot buite-kanonieke aktiwiteite, was dié vroue betrokke by ander aktiwiteite as die taalstryd. Steeds onder die patriargale bestel en as “volksmoeders” het Afrikaanssprekende vroue dit tog buite die huishouding gewaag en eie aan hul “volksmoederverpligtinge” hulle eerder beywer vir maatskaplike sake. Hulle was steeds nie aktief by die politiek en taalstryd betrokke nie.

“Honderd jaar gelede is die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie gestig vir Christenvroue bo sestien jaar en het jare lank die beeld van die behoudende sedebewakers en hardwerkende dienende Marthas gehad wat hoofsaaklik na wit Afrikaners omgesien het. Die SAVF is op 19 Oktober 1904 in Pretoria gestig. In die haglike omstandighede wat geheers het na die oorlog het 'n groepie vroue opgestaan, moue opgerol en begin werk. ‘Elke keer as 'n vrou 'n behoefte gesien het, het sy werk daarvan gemaak. Boervroue van daardie tyd was nie geleerd nie, maar hulle was nie *stupid* nie,’ sê mev. Irma Hartzenberg, president van die SAVF. ‘Die baanbrekevroue van destyds het hulle op dié manier in die gemeenskap uitgeleef.’”
(Van Eeden, 2004)

Hierdie vroue het dus volgens die rol wat van hulle verwag is, steeds onder patriargale beïnvloeding, opgetree. Al hulle aktiwiteite – in “dienende liefde” of as “dienende Marthas”, is gedoen onder die duidelike boodskap: ’n vrou se plek is by die huis. Die stigting van die Vrouelandbouvereniging gedurende hierdie periode (1929) asook die alombekende ACVV, wat toe alreeds aktief was, dui daarop dat Afrikaanse vroue wel besig was met gekoördineerde aktiwiteite buite die huis. Erkenning vir die “boerevrouens” was egter nie in die akademie of die politiek geleë nie. Marginalisering, die idee van uitsluiting van vroueskrywers of die feit dat posisie-inname in die literêre veld deur mans oorheers is, het moontlik onbewustelik plaasgevind, maar was uitsluitlik die gevolg van die chauvinistiese en patriargale bestel van die tyd. Dit is juis die ontstaan en bestaan van hierdie aktiewe Afrikaner-vroue-aksies dat polarisering – die manlike geslag versus die vroulike geslag – ook in die literêre na vore gekom het.

’n Algemene tendens wat gedurende hierdie tyd goed onder die vroulike skrywers gevestig was en bewys dat hulle wel deel van die relatief jong literatuursistiem was, was die gebruik van skuilname, wat dikwels ook mansname was. Aansluitend hierby, waarskynlik ook as ’n kanoniseringsstrategie wat gedurende hierdie tydperk na vore kom, is dat ’n vroueskrywer “nie as selfstandige individu voorgestel word nie, maar telkens gekoppel word aan die identiteit van haar man”. ’n Voorbeeld wat genoem kan word, is die skryfster van *Mag ons vergeet?* (1938), waar die “die outeur geïdentifiseer (word) as ‘Mev. E. Neethling (Weduwee van wyle ds. H.L. Neethling)’. Verskeie sulke gevalle kom voor” (Van Niekerk, 1998:314). Die sukses wat met hierdie kanoniseringsstrategie in hierdie periode behaal is, kan bevraagteken word.

Marie Koopmans-De Wet (geboorte- en sterfdatum onbekend) kan beskou word as een van die eerste vroue wat “prosa” in Afrikaans geskep het én ook positiewe resepsieprodukte as reaksie daarop ontvang het. Dit was omdat haar werk in die daargestelde Afrikaner-ideologiese raamwerk gepas het; as ’n stuk kultuurgeskiedenis van die volk beskou is, maar ook omdat haar skryfvermoë en van haar geskrewe tekste beskryf word as kunswerk van besondere waarde en syself as ’n “digteres in prosa”. Resensies wat hierdie vrou se werk so besing, verskyn alreeds in 1919, maar haar prestige was van korte duur, omdat sy daarna nie veel meer aandag, veral in literatuurgeskiedskrywings, ontvang nie. Sowat tagtig jaar later is dit Van Niekerk (1999:312-313) wat vanuit ’n latere periode eers weer perspektief op

haar aandeel in die Afrikaanse literatuursisteem gee. In die lig van die werklikheidskonteks van die tyd, is dit opvallend dat Marie Koopmans-De Wet haar nooiensvan behou. Die motivering hiervoor kon wees dat sy nie skaam of bang was om haar man te staan nie; of die feit dat haar volkskuns so hoog aangeslaan is, kan moontlik verklaar waarom sy onafhanklik met haar man se naam as skryf(st)er opgetree het.

As rolspeler in die literêre veld en nie noodwendig as (vroulike) skrywer nie, kom die naam Lydia van Niekerk (geboortedatum onbekend-1930) na vore as navorser op die vakgebied van die Afrikaanse letterkunde. In haar studie *De Afrikaanse Taalbeweging en zijn letterkundige voortbrengselen* (1916), word 'n poging aangewend om “naas die kultuurhistoriese waarde, ook die artistieke waarde en die onwaarde van *De Afrikaanse Taalbeweging en zijn letterkundige voortbrengselen* (1916)”, te bepaal (Antonissen, 1983:51). Waar daar gedurende hierdie periode in samehang met die stigting van Afrikaanse universiteite 'n oorfloed studies in die Afrikaanse vakgebied gedoen word en mans die studieveld en intellektuele bedrywighede oorheers, is dit 'n sonderlinge verskynsel dat 'n vrou haar wel hier sou waag.

“Die tydperk rondom die 1920's word ook gekenmerk deur akademiese impulse met die terugkeer van die eerste akademici wat in Nederland met dissertasies oor die eerste Afrikaanse literatuur promoveer en universiteitsdosente word. Van Niekerk is prominent in die vroeë Afrikaanse literatuurkritiek en die enigste vrou wat aan die eerste ernstige polemiekie oor 'n literêre aangeleentheid in Afrikaans in 1924 deelneem.”
(Van Niekerk, 1999:347)

Die feit dat vroue uitgesluit was uit die proses van “hegemonisering” sluit ook aan by hul verpligtinge ten opsigte van hul man, huis en gesin en het daar dus sekere opvattinge oor die intellektuele vermoëns van vroue bestaan wat veroorsaak het dat vroue nie maklik tot die akademie toegelaat is nie. Ongeletterdheid veral by die vrou was algemeen aanvaar. Dit was 'n seldsame verskynsel vir vroue om die akademie te betree; daarom was die publisering van Lydia van Niekerk se doktorsale proefskrif, *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en Letterkundige Voortbrengselen* in 1920 inderdaad 'n prestasie waarvan daar kennis geneem moes word.

In verhouding met die magdom mans, is dit getalsgewys slegs 'n handjievol vroue wat in die vroeëre literatuurgeskiedskrywings voorkom – en dan meestal slegs as “verwysings”. Gevalle van marginalisering gedurende die periode (ongeveer 1905-

1930) sal vervolgens, sommige kortliks en ander meer breedvoerig, as “gevallestudies” bespreek word:

“Die Suid-Afrikaanse Akademie self het tussen 1914 en 1918 bekronings gemaak op grond van ‘prysvrae’ en ingestuurde manuskripte. Die eerste insending was gedurende 1913, en *Twee susters* van Chris Euvrard het die prys verower. Finansiële gewin was seker nie ter sprake nie, want die (vroulike) wenner moes kies tussen £10 of ’n goue medalje. En desnieteenstaande die eerbiedwaardige beoordelaars se besluit dat hierdie boek groot historiese waarde gehad het (...), het *Twee susters* in die vergetelheid verdwyn.”
(Roos, 1992:41)

Hierdie aanhaling vorm deel van die artikel “Drie ‘dames’-romans” waarin Roos (1992) gedurende ’n periode van herwaardering van die Afrikaanse literêre kanon, aandui dat drie vroueskrywers – Marie Linde (mej. Elise Bosman), Eva Walters (mej. Hubrechtse) en Megg Ross (mej. M.E. Grosskopf) alreeds vroeg in die twintigste eeu ’n mate van erkenning geniet het deur pryse wat aan hulle toegeken is, maar daarna deur Afrikaanse kritici opgeskuif word.

“In 1923 the publisher J.L. van Schaik organized another contest to ‘find the best novel in Afrikaans’. The first three prizes were awarded to women writers: the first prize to Marie Linde for *Onder bevoorregte mense*; the second was shared by Megg Ross with *Oogklappe* and Eva Walters with *Eensaamheid*. These three novels were widely read, and *Onder bevoorregte mense* was (initially) well received by the critics. However, from the fifties onwards they were more or less completely ignored by Afrikaans literary historians. Why would that be?”
(Van der Merwe, 1994:69)

Volgens Roos (1992:51) is die antwoord op marginalisering in latere geskiedskrywings geleë en wel in die “beeld” wat deur die tekste aan die leser oorgedra word. Die gesketste “wêreld” wat deur die tekste na vore kom, het “glad nie ingepas (...) in ’n geïdealiseerde Volk en Vaderlandvisie nie” en het totaal verskil van dit wat op daardie stadium gekanoniseer was.

“Authoritative research on the Afrikaner and aspects of Afrikaner history (...) shows not only the Afrikaner’s agricultural origins and his persisting affinity with rural life, but also that the Afrikaner has always had an ambivalent, even skeptical, attitude towards the city.”
(Van Coller, 2008:27)

Dit wil dus voorkom of die gestereotipeerde beeld soos oorgedra in Marie Linde se *Onder bevoorregte mense*, Megg Ross se *Oogklappe* en Eva Walters se

Eensaamheid en soos weerspieël deur die vroulike hoofkarakters in dié tekste sowel as die stadsmilieu, in kontras gestaan het met die ideologiese strewe van die Afrikanerboer en die Afrikaanse literêre kanon.

"In these books the milieu is the city, not the farm; the characters are neither farmers nor Boers; and they have a strong link with the culture and history of Europe. The main characters are female, and men play a completely subordinate role. The females have an interest in their careers – marriage or having children is not of prime importance to them. Friction in the marriage often occurs, and also separation and divorce."
(Van der Merwe, 1994:69)

Teen die agtergrond van die sosio-ekonomiese omstandighede van die tyd, moet besef word dat haglike ekonomiese omstandighede voorgekom het en dat verstedeliking vir groot getalle Afrikaners die moontlikheid van 'n beter lewe gebied het. Gedurende hierdie periode verskyn veral twee tekste: *Die boervrouw, moeder van haar volk* (1914) deur W. Postma en *Die vrou in die geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse volk* (1921) deur Erik Stockenström, wat 'n beroep op die Afrikanervrou ter bewaring van haar sedes doen. Dit is veral *Die boervrouw, moeder van haar volk* wat gemik was op die jong Afrikanermeisies in die stede waar tradisionele waardes besig was om te verander. Hierdie waarskuwing teen die "bose invloed" van die stad was ook in Calvinistiese geloofsoortuigings gesetel: "Calvinistic thinkers are generally fiercely critical of the city and its dehumanizing effects." Dié metropool is onder ander beskryf as "the meeting-place of evils and of those in pursuit of evil" (kyk Potgieter, 1977 & Van Coller, 2008).

"Expressed concisely, the underlying assumption is that Afrikaans literature has never freed itself completely from the conviction that the city is a threatening space fostering undesirable attitudes and behaviour."
(Van Coller, 2008:28)

Die plaas en die tradisionele beeld van die Afrikanerboer is tot op hierdie stadium as die ideologiese aanvaarde norm beskou. Dit wat as sodanig in die literatuur verbeeld is, is dit wat as "goed" en "reg" beskou is. Volgens die vierkant van intersistemiese diskoers/interaksie sal dit – die tradisionele stereotipering van die wit Afrikanerboer en sy plaas – as aanvaarbaar beskou word en dus ook as sodanig in gekanoniseerde literatuur teenwoordig moes wees.

"(...) in the traditional plaasroman the farm is portrayed by an omniscient narrator as a space providing its inhabitants with identity and meaning, a

conduit connecting them with the earth and creation, an idyllic sanctuary, a feudal realm structured hierarchically on class and race, a mythical sphere in which heroic figures combat destiny and evil, an inalienable space where son succeeds father, a patriarchal space in which masculine values dominate, a historic space giving recognition and stature to cultural traditions; and a religious, often pantheistic, space.”

(Van Coller, 2008:32)

Hierteenoor skep die sosiologies kontrasterende drie “damesromans” – *Onder bevoorregte mense*, *Oogklappe* en *Eensaamheid* – ’n beeld van “nuwe, beter omstandighede” in die stad, wat (veral vir die vroulike leser) as ’n ontvlugting uit die “patriargale omstandighede” kon dien. Die verbeelding van “vroulike karakters in die stad as ruimte” kon moontlik volgens die vierkant van intersistemiese diskoers/interaksie as die onaanvaarbare beskou word en daarom dus as nie-gekanoniseerde literatuur gekategoriseer word (kyk 4.5). Nogtans word dit duidelik dat die algemene leserspubliek, wat uitsluitlik uit vroue bestaan het, graag daarvoor wou lees. Roos (1992) se uiteensetting van die goeie verkoopsyfers gedurende die periode self dui hierop (kyk Roos, 1992:45, 46).

Van die drie damesromans is dit egter *Onder bevoorregte mense* van Marie Linde wat binne die kommunikatiewe raamwerk die langste die aandag van die leser behou:

“*Onder bevoorregte mense* se eerste uitgawe is, soos die ander twee, in Nederland gedruk en toe na Suid-Afrika ingevoer. In 1925 het dié roman van Marie Linde twee drukke beleef, in totaal is 9 000 eksemplare teen 7/6 elk verkoop. Tot en met 1943, met die toe vyfde en tot dusver laaste druk, is 15 500 eksemplare verkoop. Dis in enige taal ’n goeie verkoopsyfer.”

(Roos, 1992:45)

Marie Linde behou dus vir ’n geruime tyd na die periode van publikasie steeds aansien in die lesersmark, want *Onder bevoorregte mense* verkoop net so goed tot in die vroeë veertigerjare. Tot op daardie stadium kom besprekings oor haar en haar werk in verskeie resepsieprodukte voor, byvoorbeeld ’n breedvoerige boekbespreking in *Die Kristelike Skoolblad* en ’n “radiopraatjie oor *Onder bevoorregte mense* van Marie Linde deur dr. P.C. Schoonees”. Veral met die inagneming van literatuurhistoriese kritiek van onder andere Malherbe (1940), Antonissen (1946) en Schoonees (1924, 1939 & 1950), ontstaan ’n verwarrende situasie as gevolg van die “kategorieë onderskeid tussen belletrie (wat beskou word as die werk onder andere

van Van Bruggen en Malherbe) en verstrooiingslektuur/gewilde prosa (waaronder aanvanklik ook die kortverhale van Marais en Leipoldt gereken is)” (Roos, 1992:44).

“Die ontkenning van ’n Europees-gesentreerde kunsinstelling as ’n opsie vir die (Suid)-Afrikaanse kunstenaar in *Onder bevoorregte mense* lê in hierdie opsig ’n groot struikelblok in die weg van die Afrikaanse literêre kritikus wat vir ’n onafhanklike Afrikaanse estetiese gestreef het. Hierdie ontkenning ontnem die Afrikaanse estetiese uitdrukking die moontlikheid om op universaliteit aanspraak te maak, aangesien dit ’n groepsgebondenheid pertinent aandui as ’n voorvereiste vir ’n gangbare Suid-Afrikaanse estetiese.”
(John, 1994:20)

Alhoewel die aanvanklike motivering van die wedstryd se “prysvraag geformuleer (was) as die soeke na leesbare oorspronklike werke in Afrikaans”, merk Schoonees (1924), een van die drie (manlike) beoordelaars, onder andere op dat al drie tekste “baie belowende prosa is”. In ’n “radiopraatjie oor *Onder bevoorregte mense* van Marie Linde deur dr. P.C. Schoonees”, word van die standpunt uitgegaan dat “Marie Linde se verhaal sonder enige twyfel uitstekende eienskappe” het en met verwysing na Linde word beweer dat “(h)oe meer boeke ’n mens van ’n skrywer lees, hoe beter leer jy sy goeie kwaliteite waardeer” (Schoonees, 1934). In 1939 beskou Schoonees al drie werke as ’n “te groot stoot vorentoe vir prosakuns”. Alhoewel die genoemde kritici “redelik uitgebreid in hulle werk na die drie damesromans verwys het, sy dit dan met verskuiwende reaksies, word *Onder bevoorregte mense*, *Eensaamheid* en *Oogklappe* na 1950 feitlik deur al die bekende literêre geskiedskrywers geïgnoreer. Dekker (1966), Antonissen in sy latere boeke (1965) én Kannemeyer verwys nog kursories na *Onder bevoorregte mense*, maar almal van hulle laat *Eensaamheid* en *Oogklappe* onvermeld en noem dit slegs as literêre-historiese kuriosa in ’n enkele sin” (Roos, 1994:45).

In die jongste uitgawe van Kannemeyer (2005) se *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*, is dit interessant om te sien dat Marie Linde die eerste vroulike skrywer is wat in die inhoudsopgawe voorkom en dus die eerste vrou wat volgens die monologiese literatuurgeskiedenis ’n mate van posisie-inname in die vroeë Afrikaanse literatuursisteem geniet. Wanneer die bladsyverwysing egter opgevolg word, is dit teleurstellend dat slegs ’n kort paragraaf aan haar afgestaan word:

“’n Ander beoefenaar van die plaasroman is MARIE LINDE (skuilnaam van Elisabeth Johanna Bosman, 1894-1963). In *Onder bevoorregte mense* (1925), wat ook ’n weeskind as hoofkarakter het, word die

verskillende motiewe geleidelik ontwikkel en die milieu van die deftige Kaapse familie, waarin die blanke diensmeisie haar bevind, getipeer.” (Kannemeyer, 2005:99)

John (1994) verduidelik die “kanoniseringslot” van Linde en haar teks *Onder bevoorregte mense* deur die gebruikmaking van Greimas (1987:49) se semiotiese vierkant. Hiervolgens is die “basiese uitgangspunt dat enige betekeniseenheid (s) altyd tegelykertyd die afwesigheid van hierdie betekenis (s) impliseer” – kuns sal dus nie-kuns én nie-kuns kuns impliseer. Vergelykbaar met die intersistemiese vierkant van De Geest (1997) is so ’n benadering “waardevol by die analise van konsepte soos ‘kuns’ waar kulturele evalueringsprosesse ’n groot rol speel by die betekenis wat aan die konsep gegee word”, met ander woorde, gekanoniseer sal nie-gekanoniseer én nie-gekanoniseer sal gekanoniseer impliseer.

Linde skep ’n tipe “metateks” in *Onder bevoorregte mense* deurdat “verskillende soorte kuns (...) ’n betekenisvolle of beduidenswaardige rol in die roman speel”. ’n Teenstelling tussen “skone kuns” en “volkskuns” ontstaan. Uit die tematiese konteks wat so geskep word, word dit duidelik “dat die roman gelees word as ’n meditasie oor die waarde van die verskillende karakters se oriëntasies of strategieë ten opsigte van die begrip ‘kuns’”. Ook op hierdie vlak gebeur dit dat die teenstelling wat ontstaan, ook die manlike en vroulike karakters teenoor mekaar plaas. Die beeld wat so aan die leser en spesifiek aan die kritici (as “volksdigters”) oorgedra word, is onaanvaarbaar. Deur dié sosiale werklikheid deel van die betekenisstruktuur van die teks te maak, wil dit voorkom of die “roman worstel (...) met die vraag wat dit beteken om ’n kunstenaar in Suid-Afrika gedurende die twintigerjare” van die twintigste eeu binne die Afrikaanse literatuursisteem te wees (kyk John, 1994:14, 15).

“(O)p die vraag hoe ’n tematiese aspek van ’n roman, in dié geval die kunsbegrip, ’n rol kon gespeel het by die vorming van die literêr-kritiese kanon, word duidelik wanneer sekere afleidings wat uit die analise gemaak kan word, in verband gebring word met ’n belangrike faset van die kulturele konteks waarbinne die roman verskyn het en geëvalueer is, naamlik die heersende kuns- of, in dié geval (...), literaturoopvatting.” (John, 1994:20)

Dit wil vir die navorser voorkom of die funksionering van die intersistemiese diskoers gedurende hierdie periode rondom *Onder bevoorregte mense* na vore kom – en wel in die “samespel tussen teks, literêr-kritiese horison en literêr-kulturele behoefte”. Bevestiging hiervan kom na vore in navorsingwerk deur Van Coller (2008),

wat in sy artikel, “The peregrination of Afrikaans prose fiction from farm to city”, breedvoerig bespreek word. Binne die Afrikaanse literatuursisteem was die teenstand van kritici veral later ten opsigte van hierdie teks – *Onder bevoorregte mense* – waarskynlik ’n eerste poging om die “estetiese” van die kultuur-historiese ontstaansgeskiedenis van “volkskuns” los te maak. Dit het “sterk teenstand ontketen en ’n uitgerekte stryd tot gevolg gehad” (kyk John, 1994:20, 21).

’n Vrou wat egter eiehandig alreeds vroeg in die twintigste eeu duidelik haar stempel op die Afrikaanse literatuursisteem afdruk, is Maria Elizabeth Rothmann (1875-1975) of, soos sy alombekend staan, M.E.R. Erkenning vir, en erkenning van die bydrae van hierdie vrou as rolspeler in die Suid-Afrikaanse samelewing en as skrywer in die Afrikaanse literatuursisteem, word vervat in die biografie, *Die 100 jaar van M.E.R.* deur J.C. Steyn (2004).

“Die letterkundige prof. Elize Botha noem twee opsigte waarin M.E.R. so merkwaardig was. Sy was een ‘van die grootste pioniers van georganiseerde welsynswerk en gemeenskapsdiens in die algemeen in Suid-Afrika’ en tegelykertyd een van die grootste Afrikaanse skryfsters.” (Steyn, 2004:9)

Uit die bestudering van vroeëre literatuurgeskiedskrywings word dit duidelik dat die erkenning van dié vrou se bydrae tot die literêre nie werklik in hierdie periode self geleë is nie en is haar werk “tot in die vyftigerjare nooit bekroon deur die Akademie nie” (Van Niekerk, 1999:347).

“M.E.R. se bydrae tot die Afrikaanse letterkunde dagteken (...) uit die laaste vyftig jaar van haar lewe, en dit is veral sedert die verskyning van haar bundel *Drie vertellings* in 1947 dat haar werk die belangstelling getrek het van die literêre bewuste jonger geslag in Suid-Afrika. Dieselfde jongeres wat soms met skerp kritiese insig ’n herwaardering onderneem het van die aanvanklik oorskatte werk van sommige van M.E.R. se tydgenote en selfs heelwat jonger skrywers as sy, vind gewoonlik slegs woorde van bewondering en waardering sodra hulle praat en skryf oor die sketse en verhale van hierdie skryfster.” (Nienaber-Luitingh, 1998:685)

In hierdie tyd word *Onweershoogte en ander verhale* (1927) gepubliseer. Dit wil voorkom of sy as skryfster gedurende die periode self nie as rolspeler in die literêre veld erken word nie. Marginalisering tydens dié periode was waarskynlik as gevolg van haar optrede as vrou in die samelewing van die tyd.

“Rothmann’s pioneering work into the poor white conditions made her a guardian of her nation. Her stories were commended for their detail and

descriptive power, the character studies and dialogue, but the male literary guardian still complained of a limited vision and lack of dramatic power in her art.”

(Conradie, 1996:70)

Steyn (2004:186) dui onder andere aan dat M.E.R. “een van ’n groep geëmansipeerde ‘nuwe vroue’” was wat gedurende 1925 die inisiatief geneem het om ’n vereniging, Handhawers van die Afrikaanse Taal, te stig. Verder het haar privaat lewe gewys dat sy nie altyd binne die grense van die tradisionele verwagting van die patriargale bestel gebly het nie. Nie net is sy geskei van haar man toe die huwelik haar nie meer geval het nie; sy was een van die eerste Suid-Afrikaanse (Afrikaner) vroue wat ’n universiteitsgraad (1896) verwerf het; sy was in ’n tradisioneel vir mans beskore posisie, naamlik die redaktrise van ’n koerant; en sy het ook in haar bydrae tot die maatskaplike lewe bo die normale vrou uitgestyg deur ’n sleutelrol by die ACVV, asook die Carnegie-kommissie van 1929-1932 se ondersoek na armlankes, te speel. Sy huiwer ook nie om by die politiek betrokke te raak nie. Daar kan met reg van die standpunt uitgegaan word dat sy “geen swygsame toeskouer van die Afrikaanse geskiedenis (was) nie”.

“As vroeë Afrikaanse feminis huiwer sy nie om haar uit te spreek vir die gelyke beregtiging van vroue nie en baan sy saam met ander vroue die weg vir verkryging van vrouestemreg in 1930 (iets wat vreemd genoeg nie daartoe lei dat Afrikaanse vroue ’n beduidende politieke rol begin speel nie). Wanneer die gerespekteerde C.J. Langenhoven, met wie sy goed bevriend was, neerbuigend skryf oor vroue, verskil sy ferm maar vriendelik van hom in haar koerantrubriek. Sy verset haar teen die kerk wanneer hulle die ACVV onder die gesag van die sinode wil plaas en som hul mening oor die gelykheid tussen mans en vrouens soos volg op: ‘Ek en jy is een, maar daardie een is ek.’”

(Viljoen, 2004:17)

M.E.R. se optrede het in kontras gestaan met dit wat van die “volksmoeders” verwag is. Met inagneming van die noue verwantskap tussen die sosiopolitieke omstandighede en die kulturele stryd wat op hierdie stadium alles rondom die magposisie van Afrikaans en die Afrikaner (veral dan vir mans) bestaan het, kan haar optrede gesien word as ’n teenreaksie teen die bestaande institusionele struktuur of literêre veld van die tyd. In vroeë literatuurgeskiedskrywings, byvoorbeeld dié van Dekker (1947:202), word M.E.R. net genoem as ’n “verwysing”. Haar posisie-inname in die Afrikaanse literatuursisteem dui egter ’n interessante verloop aan, want soos geskiedskrywings daarna verskyn, word al hoe meer aandag aan haar bydrae

tot die Afrikaanse literatuursisteem gegee en word daar in die meeste literatuurgeskiedenis 'n profiel aan haar afgestaan. Alhoewel nie gedurende hierdie periode self nie, bevestig verdere ondersoek dat literêre prestige haar wel later te beurt val (kyk 4.4).

“Miskien die beste aanduiding van haar erkenning is die mooi waardering oor haar werk in G. Dekker se vyfde bygewerkte druk (1960) van sy literatuurgeskiedenis. Waar hy haar in 1935, 1937 en 1941 in twee sinne kon afhandel, wy hy in 1960 twee bladsye aan haar werk. Hy sê (...) '(i)n toenemende mate word besef dat haar beskeie kuns 'n blywende bydrae tot ons prosakuns is, dat sy 'n vormende krag in ons letterkunde en in ons geesteslewe is.’”
(Steyn, 2004:499)

Dit word duidelik dat M.E.R. se posisie-inname in die Afrikaanse literatuursisteem al deur verskeie navorsers gebruik is om tendense rondom kanonisering uit te wys, maar ook die miskennis van sekere skrywers by die toekenning van prestige tydens die kanoniseringsproses. Gedurende “1994 doen Elsa Nolte 'n interessante stuk navorsing oor M.E.R. (en Alba Bouwer) se kanoniseringsgeskiedenis in die Afrikaanse letterkunde. Dit word gepubliseer as ‘M.E.R. en Alba Bouwer: Kanonisering en herkanonisering’ in *Tydskrif vir Letterkunde*” (Van Niekerk, 1999:347).

M.E.R. se vertellings is gebaseer op die “gewone daaglikse werklikheid”, maar “met woorde” het sy daarin geslaag om die “gewone tot 'n boeiende avontuur om te tower” (Nienaber-Luitingh, 1998:685). Wat is dit anders as kunswerk?

“M. Nienaber-Luitingh sê tereg dat die werk van M.E.R. een van die seldsame voorbeelde van literêre kuns lewer, wat geïnspireer is deur norme wat deur 'n moderne skrywersgeslag as verouder verwerp is en wat desondanks deur die bestes van die jonger generasie aanvaar en bewonder word as 'n waardevolle bydrae tot die letterkunde.”
(Steyn, 2004:524)

Dit wil egter voorkom of haar skeppende werk gedurende dié periode self nog in 'n ontwikkelende fase was, en dat haar maatskaplike betrokkenheid gedurende die latere periode 'n “sleutel tot die kultuurhistoriese inslag van haar skeppende werk” sou word (kyk 4.4). Dat M.E.R. wel vanuit die staanspoor gerig was op die leser, word vroeg reeds in haar loopbaan aangedui. Sy tree op as adviseur aan voornemende skryfsters deur van die standpunt uit te gaan dat “(j)ong skrywers (...)

dikwels te veel waarde (heg) aan HOE iets gesê word, en nie genoeg aan WAT gesê word nie”:

“Sorg dat jy iets te sê het – nommer een; sê dit sonder veel omslag – nommer twee. En sê dit duidelik; dit is nommer drie. Om duidelik te wees, het ek uitgevind wat vir my help; miskien help dit ook vir andere. Ek het altyd voor my ’n soort gedagte van wie die ding lees wat ek skryf, en ek probeer my in haar plek te stel. Veral as ek my werk oorlees, dan maak ek baie veranderings daarin want dan is ek nog meer die leser, en sien hoe onduidelik ek geskryf het in baie plekke. Skrywers kan dan gerus oplet na hierdie sake, maar hulle moet probeer om ’n kyk as van buite op hulle werk te gee, in die lig van die drie vereistes (...).”
(M.E.R. aangehaal in Steyn, 2004:224)

Sodanige motivering vir ander skrywers (skryfsters) wat dié “mark” wou betree, was van ontskatbare waarde vir die “leesmark van Afrikaans”. M.E.R. se bydrae tot die leeskultuur was onteenseglik groot. Dit was dikwels juis as gevolg van die miskien van die literêre waarde van die dokumente/geskryfte van vroue gedurende dié periode self en wel deur die sterk opkomende institusionele mag van die Tweede Taalbeweging, wat aanleiding gegee het tot die ontwikkeling van ’n verbruikersmark vir die algemene leserspubliek gedurende hierdie tydperk self, maar ook vir die toekoms. Onder leiding van onder andere M.E.R. is dit uitsluitlik vroulike skrywers/skryfsters wat die voortou neem om die volk aan die lees te kry.

“Dit is in hierdie post-oorlogsera wat leeskringe onder veral vroue begin posvat – ’n fenomeen wat ingrypende gevolge (gehad) het vir die Afrikaanse vrou se leesgewoontes en literatuurinstelling.”
(Van Niekerk, 1999:314)

Navorsingswerk deur onder ander Audrey Blignault (1916-2008) wat as “Beskermvrou van die boek” opgetree het en wat ook vir ’n menigte “Afrikaanse vroue (...) ’n inspirasie (was) om te lees en te skryf” (Hugo, *Die Burger*, 3 Oktober 2008), dui daarop dat “die leeskringbeweging letterlik gebore is uit die ontreding van die Afrikaner in die Anglo-Boereoorlog”. Blignault (“Beskermvrou van die boek”, 1990:93) toon aan dat “(d)ie eerste Afrikaans-Hollandse leesunie (...) in 1912 al onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in Pretoria gestig (is), onder die voorsitterskap van mev. Mabel Malherbe. Die digter Jan Cilliers se vrou was ’n stigterslid, en onder die lede was vroue soos Tillie Faure en die eggenote van generaal C. F. Beyers en C. H. Muller”. Hierin vermeld Blignault ook “dat dié vroue sterk onder die indruk daarvan was dat hulle ’n nuwe taal moes help ontwikkel.

Hiermee lewer hulle 'n waardevolle bydrae tot die groei van Afrikaans, die lees van Afrikaanse boeke en die ontwikkeling van die Afrikaanse boekemark" (kyk Van Niekerk, 1999:314).

Alhoewel dit veral die vroue van prominente rolspelers in die literêre veld is wat 'n aandeel hierin het, word dit ook duidelik dat dié vroue weereens optree in 'n hoedanigheid eie aan hul rol as "volksmoeders" en dat hulle nie selfstandig aanspraak maak op prestige of erkenning daarvoor nie. 'n Vrou wat volgens Giliomee (2004) 'n waardevolle bydrae tot die "transformasie van die Afrikanervrou in die eerste paar dekades van die twintigste eeu" gelewer het, was Mabel Malherbe.

"In 1918 het die eerste Afrikaanse vrouetydskrif in Pretoria verskyn. Dit was *Die Boerevrou*, met Mabel Malherbe, 'n merkwaardige vrou, as redakteur. Sy was 'n Engelssprekende wat in die stoere republikeinse familie ingetrou het. Sy het selde Afrikaans gepraat, min kerk toe gegaan en haar eie familie het verengels. Nogtans het sy bewustelik besluit om haar as Afrikaner te identifiseer. As 'n jong vrou het sy dikwels op Transvaalse plase gekom waar vroue haar raad gevra het oor gesondheid, huishoudelike sake en kindersorg. Sy het *Die Boerevrou* begin omdat sy al die daaglikse probleme van hierdie vroue wou behandel in 'n taal wat hulle verstaan."

(Giliomee, 2004:327-328)

Haar verdere bydrae tot die ontwikkeling van die Afrikanervrou word veral moontlik gemaak deur die gebruikmaking van dié tydskrif. Hierdie aandeel in die literatuur van Afrikaans, wat eintlik nie 'n legitieme aksie is nie, maar 'n gemarginaliseerde teenhanger van die literêre, sou die toon aangee vir vroue se positionering volgens die meganisme van intersistemiese diskoers van die Afrikaanse literatuursisteem in die toekoms. Vir 'n groot deel van die geskiedenis van literatuur in Afrikaans, so wil dit voorkom, is geskrewe werk deur vroue gestereotipeer as lektuur, dit wil sê, ontspanningsleesstof (kyk 4.4, 4.5). Dit wil voorkom of die neerskryf van oorlogs- en konsentrasiekampervarings na die Anglo-Boereoorlog gedurende hierdie periode, later in lektuur ontwikkel het.

Van Niekerk (1998:308) wys daarop dat die vrou gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu "haar oënskynlik 'private' skryfwerk tot 'n mate as kompensasie vir haar grootlikse afwesigheid uit openbare politiek (gebruik). Hierdie tekste bied ook insig in die 'vroulike' ervarings van die Afrikanerstryd en die vrou se betrokkenheid en rol daarin" – ook dit het van Afrikaans 'n "publieke leestaal" gemaak. Lektuur wat op hierdie wyse en sedert hierdie periode as 'n leeskuil binne die Afrikaanse literatuur gevestig is, word vandag erken:

“(...) gelukkig weet ons dat vroue die kopers is van boeke en tydskrifte waarvan mans die stilswyende medelesers word.”
(Hugo in *Die Burger*, 3 Oktober 2008)

Gedurende die periode self is sodanige leesstof egter misken en duidelik ook die skeppers (skepsters) daarvan. Met die identifisering van ’n definitiewe literêre veld sedert 1905, waarin duidelike hiërargiserende aktiwiteite plaasvind, is dit “egter die kunstenaars wat die bewuste leiers van die taalstryd (is wat) die oorwinning help behaal” (Dekker, 1947:61).

“In die Tweede Beweging was die volk ryp, die kunstenaars en die leiers was slegs die meer bewuste tolke wat die volksiel nodig gehad het om bewus te word. Let op dat die Tweede Beweging veel meer is as ’n taalbeweging. Die doelbewuste en snelle verowering van die taalregte is slegs een openbaring van die mondigwording van die Afrikaanse volk op elke gebied.”
(Dekker, 1947:61)

By die bestudering van vroue se posisie-inname in die periode na die oorlog tot en ongeveer 1930, ontstaan die aanvanklike idee dat vroue feitlik geen rol of bydrae tot die literêre kanon gelewer het of kon lewer nie. Dit blyk egter duidelik uit hierdie ondersoek dat vroue betrokke was by die ontwikkeling van die Afrikaanse literatuursisteme en dat die werking van die meganisme van intersistemiese diskoers plaasvind, veral ten opsigte van wat gesê/geskryf mag word en wat nie; wat gekanoniseer mag word en wat nie. Vir Afrikaans en die literatuur wat dit nou as taalmedium gebruik, is ’n literêre veld geskep wat bepalend was vir die ontstaan, bestaan asook voortbestaan van talle tekste wat in die toekoms in die taal geskep, gepubliseer, verban, gekanoniseer of slegs maar hoop om gelees te word.

Alhoewel Afrikaans as taal gedurende hierdie tydperk – 1925 – amptelike status verkry, word die “gebrek aan ’n aansienlike Afrikaanse letterkunde en kultuur” op hierdie stadium van die Afrikaner se geskiedenis as ’n “struikelblok in die weg van kulturele nasionalisme” beskou. Giliomee (2004) wys verder ook daarop dat daar in die geleedere van die “digters” onsekerheid rondom die vroeë amptelike status van Afrikaans bestaan het.

“C. Louis Leipoldt was een van die sterkste kritici van die vervanging van Hollands deur Afrikaans as amptelike taal (...). Hy het kritiek uitgespreek op die wyse waarop Afrikaans met die Nasionaliste se politieke stryd verweef geraak het. Hy het vas geglo dat as ’n taal te gou as amptelike

taal erken word, dit al hoe meer sou steun op politieke inmenging eerder as op die waarde van die werk wat in die taal gelewer word.”
(Giliomee, 2004:380)

En dalk was Leipoldt reg, en herinner sy standpunt moontlik aan diegene wat in 1994 gepleit het dat Afrikaans nie amptelike status moes kry nie – juis omdat Afrikaans daardeur ’n politieke speelbal geword het.

4.4 NASIONALISME

Rondom 1930 tot ongeveer 1960

“Die amptelike status wat Afrikaans sedert 1925 verkry, tesame met die ontstaan van verskeie uitgewerye en tydskrifte, lei onvermydelik tot verdere ontwikkeling van die taal en letterkunde vanaf die dertigerjare. Sedert die stigting van die Afrikaanse Skrywerskring in 1934 is Afrikaanse skrywers ook minder afgesonder en is daar meer geleentheid om idees oor die letterkunde te formuleer en uit te ruil.”
(Van Niekerk, 1999:349)

Die invloed van die vestiging van “onverbiddelike institusionalisering” (Coetzee, 1990:19) kenmerk hierdie periode in die geskiedenis van die Afrikaanse literatuursisteem. Nie net gee dit aanleiding tot die verstewiging van die band tussen sosiale gebeure of die maatskappy, die kulturele, die politieke en die literêre lewensterreine van die Afrikaner nie, maar help ook mee dat hierdie aspekte as gevolg van hul ineenverstrengeling en hul interafhanklikheid met mekaar, elkeen afsonderlik ook tot volwaardige fenomene – die kultuursisteem van die Afrikaner en die Afrikaanse literatuursisteem – sou ontwikkel. Die situasie waarbinne die Afrikaanse letterkunde na 1925 vorm sou kry, is gekenmerk deur ’n “strydlustige gees”, wat die volgende dertig jaar die verhouding tussen die letterkunde, kultuur en politiek sou bepaal. Van Coller en Odendaal (2005:26) beskryf dié volgende drie dekades as ’n “tydperk van kulturele konsolidasie”.

Gedurende hierdie tydperk word “(v)erskillende organisasies gestig met die uitdruklike doel om die Afrikaner binne ’n ekonomiese en kultuurpolitieke samehang tot eenheid te monster. Van Wyk (1991:57-61) meen dat “tussen 1933-1948 kulturele aksies (*en ook literêre tekste*) direk daarop gerig was om politieke steun vir die Gesuiwerde Nasionale Party onder (Afrikaanse) werkers te werf. Die Afrikaner-Broederbond (...) het in 1924 ’n geheime organisasie geword, maar het deur openbare vertakkings soos die FAK (1929), die ATKV (1931) en die Rapportryerskorps (1950) kulturele leiding geneem” (Roos, 1998:37). Teen hierdie

tyd was dit duidelik dat “die ontwikkeling en bevordering van Afrikaans in ’n groot mate oorgeneem is deur die sogenaamde ‘organisasiemense’, veral die FAK en die Broederbond” (Giliomee, 2004:382).

Dit is veral die inwerkingstelling van die Afrikaner se kulturele doelstellings met die stigting van die FAK, Desember 1929, waardeur gepoog word om ’n “eie nasionale kultuur” te “handhaaf en op te bou”; die ATKV wat “opgerig word vir die bevordering van Afrikaans en die kulturele belange van die Afrikaners” asook die voltooiing van die Afrikaanse Bybelvertaling (1933) wat tot ’n “Derde Beweging” aanleiding gee.

“Die ‘Derde Beweging’ is dan ’n poging om die Afrikaner se agterstand (by die eise en behoeftes van ’n snel veranderende wêreld) uit te wis deur op alle gebiede van die geesteslewe na volwassenheid en gelykwaardigheid te strewe.”

(Kannemeyer, 1988:103)

Om hierdie strewe na gelykwaardigheid en volwassenheid te verwesenlik, het skrywers en letterkundiges van “Dertig” – met die aanvang van dié periode – besef dat hulle nie meer “verdedigend en beskermend ten opsigte van hulle voorgangers staan nie”, dat die tyd aangebreek het om “die ouer literatuur krities” te evalueer en dat dit nodig is om vas te stel “watter gebied van die werklikheid nog deur die woord gestalte moet vind” (Kannemeyer, 1988:104).

“Volgens Louw moes die Afrikaanse literêre beweging hom losmaak van ’n koloniale mentaliteit wat altyd leiding ontvang uit Europa of Brittanje as die kern van die Statebond. Hy het daarop aangedring dat weggebreek word van die gemoedelike plaaslike (“lokale”) realisme en die ophemeling van die landelike lewe. Die helfte van die Afrikaners was verstedelik en al hoe skerper klasseverdeling het in die gemeenskap ontstaan. Die lewe het harder, vinniger en naakter geword. Afrikaanse skrywers en digters het nou met dieselfde sake as hul eweknieë in Europa geworstel. Louw wou hê dat hulle hul eie vertolking en verwerking van intellektuele en kulturele strydvrae moes vind.”

(Giliomee, 2004:381)

Ter versterking van “die idee van ’n Afrikaanse nasionale letterkunde” wat sou aansluit by die algemene kulturele strewe van die Afrikaner tot verkryging van nasionalisme en eksklusiwiteit, het rolspelers en spesifiek C.M. van den Heever, W.E.G. Louw en N.P. van Wyk Louw (almal manlike rolspelers) in die literêre veld “hulself (ge)oriënteer ten opsigte van die werk voor hulle, berekend met die tradisie om(ge)gaan, hulself as vakmanne bekwaam deur tegnies en histories op die hoogte

met die letterkunde te kom en ernstig besin oor die taak van die skrywer en van die Afrikaanse skrywer in die besonder” (Kannemeyer, 1988:104). Ontwikkeling ten opsigte van die algemene wetenskap soos van toepassing op literatuur in Afrikaans, het hiermee in beweging gekom.

“Die Afrikaanse literatuuropvatting is in die eerste paar dekades van hierdie eeu hoofsaaklik bepaal deur twee faktore. In die eerste plek het die Europese estetiese tradisie leiding gegee aan intellektuele deur ‘kuns’ te verbind aan die vooropstelling en isolasie van die estetiese dimensie. Vir Afrikaanse kritici het dit beteken dat die estetiese ideale van die Nederlandse Tagtigers vooropgestaan het. In die tweede plek het daar ’n kulturele behoefte by Afrikaanse (nasionalistiese) kritici bestaan om, grootliks in navolging van die Europese model, ’n selfstandige Afrikaanse estetiese te vestig.”
(John, 1994:20)

Gedurende dié periode word vele uitgebreide studies gedoen; vind vooruitgang in literêre geskiedskrywing plaas en kom die invloedrykste outonomistiese skool in Afrikaans – die “Stilistiek op linguistiese grondslag” – tot stand. In noue samewerking met en (soms) onder leiding van W. Gs. Hellinga studeer verskeie literatore in Amsterdam. Hierdie “unieke soort teks-georiënteerde kritiek” wat met die samewerking tussen die Afrikaanse en Nederlandse literatuursisteme tot stand kom, “word steeds beskou as ’n hoogtepunt in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse literêre kritiek (Antonissen, 1979:123; Johl, 1986:37-38)” (Van Coller en Odendaal, 2005:27).

Letterkundiges van hierdie periode sluit aan by ’n tendens van wetenskapsbeoefening waar die poësie as genre voorkeur geniet. Ook in die letterkunde van Afrikaans het daar ’n geweldige opbloeï in die poësie plaasgevind. Kannemeyer (1988:104-107, 2005:122-125) wys onder andere daarop dat “(t)erwyl die periode 1930-1960 gewoonlik as ’n dinamiese bloeityd vir die poësie beskryf word, en gesien die byna oorbelaaië indruk van die kultuurpolitieke konteks laat, (...) dit des te meer opvallend (is) dat die Afrikaanse prosa wat gedurende dié drie dekades geskryf is, weinig impak gelaat het”. Die moontlikheid bestaan dat daar hier na “literêre prosa” verwys word, want gedurende hierdie tydperk was ontspanningslektuur, soos dié van Sangiro, P.J. Schoeman en Mikro, almal topverkoppe (kyk onder andere Roos, 1998:37-47 hieroor).

Wanneer daar dus verwys word na die stagnering van die prosa gedurende die dertigerperiode, word aangeneem dat dit wat ter sprake is, verwys as behorende tot

die literêre kanon. Met die aanvang van hierdie periode was die letterkunde van die dertigs by uitstek 'n "digtergenerasie" (Cloete, 1992:264). Die sogenaamde dertigerestetika bou voort op 'n outonome benadering wat alreeds in die vorige periode ontstaan het. Wanneer N.P. van Wyk Louw met sy lesing (1939) oor "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde" aandui dat "(a)lles, maar ook *alles* wat die moderne mens roer, wat sy vreugde of smart raak, moet ook in ons literatuur sy neerslag kry", dui dit daarop dat daar met die aanhang van "persoonlike belydenispoësie" in 'n mate weg beweeg word van "volksverheerliking". Gedurende die tydperk "1934 en 1937 het W.E.G. Louw, N.P. van Wyk Louw, Elisabeth Eybers en Uys Krige hul eerste digbundels gepubliseer. Dit verteenwoordig 'n nuwe hoogtepunt in die Afrikaanse digkuns" (Giliomee, 2004:381).

Hierdie digters, bekend as die Dertigers, het by die aanvang van 'n poging tot voortbeweging, weg van die taalstryd beweeg. Dit gee onder andere aanleiding tot die ontstaan van 'n nuwe literêre periode met rolspelers wat nuwe kritiese norme gebruik om die literêre vas te pen. In hierdie periode tree N.P. van Wyk Louw en Opperman (soos bespreek onder 3.4) as spilfigure binne die Afrikaanse literêre kanon na vore. Wat verder opvallend van dié Dertigers is, is dat dié nuwe kritiese norm by die skrywers sêlf ontstaan het en dat dit ook aanleiding gee tot die ontstaan van 'n algemene tendens van hierdie periode. Skrywers wat ook as rolspelers in die literêre veld optree, sien self toe dat die institusionele struktuur waarin en waardeur hulle hul literêre aktiwiteite loods, deur hul eie toedoen gedurende hierdie periode dramatiese ontwikkeling ondergaan. Veral na 1933 verskyn 'n hele reeks (ander) datums as bakens in die ontwikkelingsgang van 'n uitgebreide Afrikaanse kultuur as deel van die Afrikaanse literatuursistiem.

"In 1936 word die Afrikaanse skrywerskring gestig, die Langenhovengedig 'Die Stem van Suid-Afrika' word in 1938 as nasionale volkslied ingestel, nuwe Afrikaanse uitgewersmaatskappye kom tot stand. In 1945 word *Standpunte* gepubliseer, wat langer as veertig jaar die toonaangewende akademies-literêre tydskrif sou wees. *Tydskrif vir Letterkunde* word in 1951 opgerig (...)"
(Roos, 1998:37)

So is D.J. Opperman (1914-1985), byvoorbeeld, nie alleen digter nie, maar het hy "veel bygedra tot die kweek van gekultiveerde smaak". Opperman onderskei homself as akademikus; hy spesialiseer onder andere in die literatuurkritiek, trouens,

“met sy kritiek en letterkundige beskouings, het hy die denke oor die literatuur in ('n) belangrike mate beïnvloed” (Grové, 1982:491).

“Opperman (was) ook aktief werksaam as samesteller van bloemlesings van die Afrikaanse poësie, veral in die voortdurende bygewerkte uitgawes van *Groot verseboek*. Hiermee, sowel as deur die voortdurende betrokkenheid by die tydskrif *Standpunte*, en deur sy sleutelrol as manuskripkeurder vir Nasionale Pers en later Human & Rousseau en Tafelberg, het daar van die veertiger- tot die sewentigerjare besondere invloed van Opperman uitgegaan as kanoniseerder van die Afrikaanse poësie.”
(Van Vuuren, 1999:447)

Sodoende is daar sprake van “dubbele kanonisering”, waar skrywers persoonlik of as “individu (agent) teen die agtergrond van bepaalde opvattinge handelend optree” om, met ander woorde, doelbewus of onbewustelik self sy of haar “reputasie te vestig” (Van Coller, 2002:70). Sodanige optrede is kenmerkend van hierdie periode en juis dit dra daartoe by dat die Afrikaanse literatuursisteem “veral sedert die dertigerjare” ’n “hoë vlak van elitisme en intellektualisme” openbaar. Dit gee daartoe aanleiding dat ’n “relatief klein getal mense” se smaak, waardering en opvattinge, ’n “sterk vormende rol in die ontplooiing van kulturele kanons” soos die Afrikaanse literêre kanon gespeel het. Hegemoniese waardes, dit wil sê, die intellektuele en morele leierskap in die literêre veld, verkry ’n dominante posisie in die literêre kanon, wat op sy beurt weer ’n ideale geleidingsmedium was waardeur die “intellektuele” ’n organiese rol in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse gemeenskap kon speel (kyk Willemse, 1999:16).

“Die uitnodiging wat Louw in 1938 tot Afrikaners gerig het om kulturele nasionaliste te bly selfs wanneer hulle politieke nasionalisme verwerplik vind, het baie Afrikaners tot aan die einde van die eeu aangetrek.”
(Giliomee, 2004:383)

Sodoende gebeur dit dat letterkundiges nie net op akademiese vlak of as spesialiste in hul studieveld nie, maar ook deur hul betrokkenheid by polemieke in die openbaar, uitstyg. Beide Van Wyk Louw en Opperman se “poëtikas” was “deurspek met nasionalistiese neigings en motiewe” (Van Coller & Odendaal, 2005:29). Hieruit word dit duidelik dat skrywers van hierdie periode ook deur hul geskifte direk aansluit by die politiek-kulturele ideale van die Afrikaner vir wie verskillende organisasies en instansies gestig is met die uitsluitlike doel om die Afrikaner binne ’n ekonomiese en kultuurpolitieke samehang tot eenheid te dwing.

“Op sekere plekke beklemtoon Louw die geestelike en amper mistieke karakter van die volk. In sy vroeë jare het hy gedig dat nasionalisme dieselfde absolute eise as godsdiens stel. Mettertyd het hy die kuns en kultuur wat deur die volk tot stand gebring word, die hoogste gestel. Wat in die literatuur geskep word, is van deurslaggewende belang.”
(Giliomee, 2004:381)

Waar die “gesuiwerde Nasionaliste” se doelwit gerig was op “etniese eksklusiwiteit”, het die Nasionale Party se ondersteuners ook in wisselende mate en vorme die nasionaal-sosialistiese ideologie ondersteun. Die opkoms van die Afrikanermag is deur “nasionaal(isties)e letterkunde” (Roos, 1998:35) ondersteun. Die verhouding tussen letterkunde, kultuur en die politiek het tydens hierdie periode verstewig. Dit word duidelik dat veranderende tendense in die literatuursistiem gekenmerk is aan die sosiopolitieke omstandighede wat strek vanaf 1929, toe die Nasionale Party die algemene verkiesing gewen het, tot ongeveer 1960, toe dié party ’n mandaat verkry het om ’n republiek uit te roep. Verandering in die literêre veld het gepaardgegaan met gebeure wat die Suid-Afrikaanse samelewing ingrypend sou verander.

“Hierdie transformasie wat op alle sosiopolitieke vlakke voltrek is, kan veral deur drie met mekaar verstrengelde verskynsels gekarakteriseer word. Die eerste was die konsolidasie en vergroting van die Afrikanermag; die tweede die intensivering en verbreding van swart weerstand teen ’n verslegtende posisie; en in die derde plek was daar grootskaalse ontwikkeling op ekonomiese gebied.”
(Roos, 1998:35)

Vanaf 1925 tot 1948 is daadwerklik op alle vlakke van die samelewing gepoog om hierdie veranderinge oral teweeg te bring. Hierdie ideale is verwesenlik met die Nasionale Party se verkiesingsoorwinning in 1948. Daarmee is die verkryging van politieke en ekonomiese mag eksklusief vir die blanke Afrikaner verseker. Hierdie magposisie sou in die volgende dekades dien as ’n sekuriteitsmeganisme vir die behoud van die Afrikanerkultuur, waarvan die Afrikaanse letterkunde ook eksklusiewe besit was.

“Up to 1948, Afrikaans fiction and drama, generally speaking, support the Church and the schools in their attempt to preserve traditional Afrikaner values. In his book *Literatuur en apartheid. Konsepsies van die ‘gekleurdes’ in die Afrikaanse roman tot 1948*, Gerwel (1983) indicates that the policy of apartheid was foreshadowed by the racism of the Afrikaans prose that preceded it. Up to 1948 Afrikaans prose stayed true

to its function of propagating Afrikaner nationalism, or at least of staying within the boundaries of the dominant Afrikaner ideology.”
(Van der Merwe, 1994:7)

Na 1948 en met die verkryging van politieke en ekonomiese mag, is daar 'n duidelike verslapping te bemark in die vroeëre literatuur se “volksobsessie”. Nou het 'n nuwe elite binne die literatuursisteem begin opereer. Louw (1936:35) en Malherbe (1945:1-31) dui aan hoe daar ook op die intellektuele gebied – binne die konteks van 'n halfeeu van Christelik-nasionale onderwys – oproepe gedoen is om nader aan 'n geïdealiseerde Dietse wêreld te beweeg. Dat die Afrikaner bestem was om 'n heroïese, aristokratiese elite in Afrika te vorm, is in talryke debatte en essays beweer. Volgens Antonissen (1946:256) onderskryf Van Wyk Louw se essaybundels *Berigte te velde* en *Lojale verset*, wat in 1939 gepubliseer is, hierdie perspektief. Die verskillende literêre reekse waarin tekste uit die Stamland uitgegee is, is letterlike bydraes vir hierdie toenadering tot 'n Westerse beskawingsideaal.

“After 1948 the road of Afrikaner writer and Afrikaner government gradually parted.”
(Van der Merwe, 1994:7)

Benewens die feit dat nasionalisering eintlik niks anders as 'n “volksobsessie” was nie, wil dit voorkom of die gebeurlikhede waarmee dit gepaardgegaan het, op die een of ander wyse in die Afrikaanse literatuursisteem weerspieël word. Die sosiologiese impak van nasionalisme het op alle gebiede van die samelewing deurgesypel. N.P. van Wyk Louw – as rolspeler in die politieke sowel as die literêre sfeer – het 'n groot aandeel gehad in die wegdraai van die volksobsessie na 1948. Louw self het in 1934 “lid van die Broederbond geword. Hy was aanvanklik aangetrokke tot die Nasionaal-sosialisme, maar het dit (...) laat vaar” (Giliomee, 2004:381).

“Afrikaans literature after 1948 increasingly questions and undermines the stereotypes created previously – it points prophetically to the dismantling of the apartheid laws in the early nineties.”
(Van der Merwe, 1994:120)

Na 1948 was hiërgiseringspatrone in die literatuursisteem van Afrikaans dus van sodanige aard dat daar “(b)inne die literêre sfeer (...) 'n konsolidasieproses bespeur (kon) word”. N.P. van Wyk Louw het 'n groot rol as kanoniseerder in hierdie proses gespeel (kyk 3.4).

“Hoewel hy krities gestaan het jeens verskeie aspekte van die Afrikaanse kultuur (...), het hy steeds met empatie en respek geskryf oor die ouer sleutelfigure (vernaam digters) van die Afrikaanse literatuur, en sy skryfwerk was getint met wat hy liberale nasionalisering genoem het. Nadat hy sy *bona fides* op hierdie wyse gevestig het, het hy meer sentrale aspekte van die literêre sisteem aangeval. Hy het die afsonderlike Afrika-identiteit van Afrikaans beklemtoon, maar tog die Europese tradisie as oorsprong van Afrikaans benadruk, dus gestel dat Afrikaans sowel die ‘groot, helder Weste’ as ‘magiese Afrika’ in hom bevat.”
(Van Coller en Odendaal, 2005:28; kyk Louw, 1961:155)

Dit wil voorkom dat dit indirek ook daartoe bygedra het dat die ontwikkeling van prosa as genre totaal en al deur die aanhang van die poëtiese oorheers is. Dié oorheersing van die poëtiese het aanleiding gegee tot ’n poëtiese benadering tot waardebeplanning wat geskoei is op linguistiese stilistisi, en die navolgers van die outonomistiese benadering tot poësie-onderzoek. Sodanige waardebeplanning was egter nie beperk tot die poësie as genre nie, maar is ook toegepas by die evaluering van prosa. Hierdie transhistoriese evalueringstechniek is gedurende dié periode so sterk binne die literatuurkritiek van die Afrikaanse literatuursisteem gevestig, dat dit dekades daarna nog die “kern en inslag van literêre skoling” sou vorm.

“Sedert die vyftigerjare is ’n hoë mate van konsensus bereik ten opsigte van literêre waardebeplanning in Afrikaans.”
(Willemsse, 1998:7)

Hiermee, maar ook deur “die hoë mate van eenstemmigheid wat tydens die vyftigerjare en die daaropvolgende dekades op literêr-teoretiese terrein bereik is”, is die toepassing van spesifieke kriteria ten opsigte van waardebeplanning ook verseker. Die hoë mate van konsensus wat bereik is ten opsigte van literêre waardebeplanning in Afrikaans, het inderwaarheid ’n groot bydrae gelewer tot institusionalisering binne die Afrikaanse literatuursisteem. Alhoewel poëtiese tekste die mees prominente posisie in die hiërargie van literêre tekste ingeneem het, is dit eerder die toepassing van poëtiese waardebeplannings ten opsigte van lang geskrewe tekste wat privilegering van die poësie as genre veroorsaak het – of was dit werklik soveel meer literêr of “beter” as ander tekste? Was die prosatekste oor die algemeen so “swak” dat daar sprake kon wees van stagnering?

“In die vyftigerjare bereik die Afrikaanse prosa inderdaad ’n soort ‘stilstand’, al word daar van tyd tot tyd op beskeie vlak verdienstelike werk gelewer.”
(Kannemeyer, 1988:111)

Die vraag ontstaan of Kannemeyer met uitlatings soos hierdie wel in die kol was. Waarskynlik kan selfs kriteria soos dié van Van Wyk Louw bevraagteken word. Dalk is hul kriteria tipies manlik-chauvinisties, want daar het tog 'n geweldige hoeveelheid tekste verskyn wat as prosatekste erken kon word. Wat egter opvallend van hierdie werke was, was dat daar 'n neiging bestaan het om terug te keer (soos in voorafgaande periodes) na die oorlogsgebeure deur die verskyning van meer verhale wat uit dagboekinskrywings rondom historiese gebeure verkry is, sowel as tekste wat as “klein-realisme” beskryf is (kyk Roos, 1998:37-39).

“In vergelyking met die eerste dertig jaar van die twintigste eeu is daar in die prosa van 1930-1955 wel sprake van 'n verdieping en verdere uitbouing van stylrigtings, maar geen duidelike deurbraak op pad na iets nuuts nie. Die prosa word steeds bedreig deur 'n te versierde, liriese of 'n te bewustelik gestroopte styl.”
(Kannemeyer, 1988:111)

Volgens kritici is daar nie genoeg “verdieping” nie en skiet die tekste tekort aan “literariteit”. “Vernuwing” is die kern hier. Wat egter weereens na vore kom, is dat dit lyk of daar 'n handjievol “goeie” digters was, maar baie prosaskrywers. Verder wil dit voorkom of die tekste deur dié prosaskrywers slegs 'n baie beperkte streek of besondere situasie binne die Suid-Afrikaanse werklikheid weergegee het; dat dit in die meeste gevalle slegs die konvensionele perspektiewe van Afrikaner-nasionalisme verwoord het en dus daarom buite rekening gelaat is, veral ten opsigte van kanonieke besluite of resepsie. Waarskynlik is daar volgens rolspelers in die literêre veld van dié tyd nie ver genoeg wegbeweeg van die verouderde manier van volksverheerliking nie, of – so wil dit voorkom – daar is ook nie “genoeg” aangesluit by die “nasionalistiese Westerse beskawingsideale” sodat dié prosatekste as literêr geag kon word nie.

Volgens Van der Merwe (1994:68) betree vroueskrywers gedurende hierdie periode 'n tweede fase van ontwikkeling, naamlik “female writing within the patriarchal system”. Dit wil voorkom asof die gesprek rondom die literêre deur vroueskrywers ook op grond van hierdie stelling plaasgevind het. Enersyds het die diskoers van die teks en andersyds die sosiopolitieke belange van die kritici as agente 'n rol gespeel by die posisie wat verskeie vroulike skrywers binne die meganisme van intersistemiese diskoers kon inneem. 'n Aantal gevalle word vervolgens bespreek.

Elizabeth Conradie (1903-1939) lewer vroeg in hierdie periode 'n kultuur-historiese bydrae. Daar word egter eers dekades later ingegaan op haar groot akademiese bydrae tot die Afrikaanse literatuursisteem gedurende die dertigerjare van die vorige eeu. In wat ook as prosa beskou moes word, het sy as nasionalistiese Afrikaner 'n "volledige vaderlandsgeskiedenis uit Afrikaner-standpunt" weergegee, geskryf deur 'n "Afrikaner wat deur geboorte en opleiding ons hele verlede van die eerste dag van die Volksplanting af, intuïtief aanvoel".

"Sy was daarvan oortuig dat sy self so 'n intuïtiewe en dus ware Afrikaner was."
(Jansen & Veltkamp-Visser, 2003:4)

In volledige studies, onder andere dié van Liebenberg (1998), "Dr. Bettie Conradie se erflating" en dié van Jansen en Veltkamp-Visser (2003), "'n Terugblik op haar lewenswerk", word haar rol in die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika aangedui (kyk Jansen & Veltkamp-Visser, 2003:5-8). Verder word haar standpunt ten opsigte van Jan van Riebeeck se dagboek, wat as die begin van die Afrikaanse letterkunde beskou is, vandag as waardevol geag omdat dit vir die "(m)oderne ondersoeker (...) sekerlik steeds profyt (kan) hê" (kyk 4.1).

"In haar bespreking van die dagboek hanteer sy wel literêre maatstawwe, maar veral *mores* klink deur in haar analise van 17de-eeuse geskrifte."
(Jansen & Veltkamp-Visser, 2003:4)

Vir die navorser wil dit voorkom of hierdie "*mores*" duidelik deel uitmaak van die sosiopolitieke standpunt van manlike monologiese geskiedskrywers van die Afrikaanse literatuursisteem. Die vraag ontstaan dus waarom haar vroeë bydrae tot die Afrikaner-nasionalistiese literatuurgeskiedenis nie vroeër alreeds bekend was nie. Dit is vir die navorser interessant dat haar bydrae nie werklik na vore kom in monologiese literatuurgeskiedskrywings wat veral sedert die dertigerjare geskryf word nie. Alhoewel haar omvattende studie oor die Kaaps-Hollandse situasie 'n veel vroeër periode dek, word dit in dié tydperk in twee dele uitgegee: in 1939 verskyn *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika 1 (1652-1875)* en in 1949 verskyn die tweede deel postuum, wat die tydperk 1875-1905 dek. Die tweede deel word uitgegee deur Anna Johanna Dorothea de Villiers (1900-1979), skryfster van *Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika* (1936). Dit is interessant dat slegs haar vriendin Anna de Villiers (1949 en 1960) werklik moeite doen en erkenning gee aan haar en haar

rol “om te werk vir ‘die nouer samesnoering van die kulturele bande tussen haar vaderland, Suid-Afrika, en die stamland, Nederland” (Jansen & Veltkamp-Visser, 2003:6). Erkenning vir die “vrou wat ’n belangrike akademiese bydrae (ge)lewer” het deur rolspelers in die tyd self, was daar egter nie. Dit is eers ’n anderhalf eeu later dat werke “soos hierdie vir die eerste keer oorsig en kritiese beskouings van die Afrikaanse letterkunde deur vroue” bied (Van Niekerk, 1999:348).

Vroeg gedurende die periode van die Dertigers neem **Hettie Smit** (1908-1973) met haar teks *Sy kom met die sekelmaan* ’n prominente rol onder vroulike skrywers in. Daar word van die standpunt uitgegaan dat dit met “die belangrike uitgawe van die Vereniging van die Vrye Boek, (is) waarmee mej. Smit meteens alle Afrikaanse skryfsters agter haar laat en in die voorste ry van ons prosaïste tree” (Malherbe, 1937:25). Hettie Smit is die enigste vrou wat ’n aktiewe rol in die Vereniging van die Vrye Boek gespeel het. Hierdie vereniging het ’n groot invloed op die literatuur in hierdie jare gehad, en het sedert sy stigting in 1936 gepoog om “die Afrikaanse letterkunde uit die greep van die voorskryfmark te bevry, weg te kom van die gemoedelike lokale realisme, en om te ontsnap aan die eensydige kommersiële instelling van die boekhandel” (Van Niekerk, 1999:349-350). In ’n resensie deur I.D. du Plessis in *Die Huisgenoot* van 14 Julie 1937, word aangedui dat dié teks van Smit deel is van ’n nuwe era wat binne die Afrikaanse literatuursisteem moes aanbreek.

“Ek glo dat die tyd van letterkundige popspelery in Afrikaans verbygaan: dat die skrywer nou sy mees intieme gewaarwordinge in onomwonde taal moet openbaar: en dat die bloedarmoede waaraan ons letterkunde ly, dan eers genees sal word wanneer ons gespierde, volbloedige behandeling van lewenswerklikhede soos godsdiens, geslagsdrif en die geskiedenis kry.”

(I.D. du Plessis, 1937)

Dis opvallend dat haar (enigste) teks – ’n prosateks – gedurende hierdie tydperk in poëtiese terminologie waardeur word, waarskynlik omdat die kanoniseerders, meer spesifiek Van Wyk Louw en Opperman, digters was. Dis waarskynlik ook daarom dat die resepsieprodukte aandui dat:

“Sterk verwant aan die kuns van Van Wyk Louw en ander van die jongste digters is die belangrike werk *Sy kom met die Sekelmaan* van Hettie Smit (1937) (...).”

(Dekker, 1947:217)

Die vernuwende aard daarvan word gesien “as welkome prosa-aanvulling (...) by die individualisme van gebrokenheid in ons jongste poësie”. Dit sluit egter ook aan by vernuwing soos daargestel deur W.E.G. Louw met sy teks *Die ryke dwaas* – ’n “sielkundige en artistieke mylpaal in ons literatuur” wat bydra tot die besef dat ’n “nuwe styl van ekspressie gekom het en nuwe kragte sou toon” (Malherbe, 1937:25). *Sy kom met die sekelmaan* van Hettie Smit (1937) is egter die enigste teks deur ’n vrou wat gedurende hierdie tydperk van sodanige literêre waarde geag is dat dit vroeg na sy verskyning in literatuurgeskiedskrywings as ’n relevante teks opgeneem word en daarna steeds ingesluit bly.

“Toe al is *Sy kom met die sekelmaan* raakgesien as die literêre vonds wat dit vandag nog – dekades later - ’n ereplek in die Afrikaanse kanon gee.”
(Botha, 2001:66)

By nadere ondersoek word blyk dit egter dat hierdie opname nie sonder struweling plaasgevind het nie. Omstredenheid in die literêre veld oor die literêre verdienste van haar “Sekelmaanteks”, begin alreeds met die uitgee van dié teks: die navorser bevraagteken of dit steeds “haar” teks was nadat die “mans” dit beetgekry het, want “sowat ’n kwart van die briewe asook die oorspronklike slot (al wat aanstoot kon gee) is op die end weggelaat en die boek is in 1937 deur die Vereniging van die Vrye Boek gepubliseer” (Buys, 2005:59). Voor in die boekie staan heel ironies: *‘Sheer expression is the only mode of life – we live by utterance only’ (Oscar Wilde)*.

In 2001 word die oorspronklike slot, wat nooit as deel van die teks gepubliseer was nie, in *Insig*, (November, 2001) gepubliseer. Dit is waar dat dit selde gebeur “dat ’n skrywer na die publikasie van slegs een boek soveel bekendheid en aanhang geniet soos Hettie Smit met haar Sekelmaandagboek” (Buys:2005:60). Het dit in haar guns getel om die uitgewers as bemiddelende agente persoonlik te ken? Dat haar teks van hoogstaande literêre gehalte is, word nie hier betwyfel nie, maar wat onder verdenking kom, is objektiwiteit ten opsigte van die oordeel van rolspelers se persoonlike verhoudings in die literêre veld.

“Boonop het die publikasie daarvan die jakkals in die hoenderhok gegooi met die vermaarde letterkundige prof. Fransie Malherbe wat weens sy vete teen die boek gedwing is om uit die Vereniging van die Vrye boek te bedank.”
(Botha, 2001:66)

Later gaan Malherbe uit van die standpunt dat “(d)eur die redaksie drasties besnoei ten opsigte van jeugdige dweepsug en sentimentaliteit – ’n suiwering wat met ander nie-literêre oorwegings aanleiding gegee het tot misverstand en onenigheid binne die geleedere van die vereniging – is hierdie boek, met uitsondering van slap dinge wat ook bes agterweë kon gebly het” tien jaar later, “een van die belangrikste prosawerke tot op datum” (Malherbe, 1948:153). In die vyftigerjare word aangedui dat “(w)at agtien jare gelede ’n ‘nuwe geluid’ in die Afrikaanse prosa genoem is, vandag steeds nog nuut” is en dat dit “waarskynlik nie gou oud (sal) word nie” (Schoonees, 1955). Hierdie teks word in die negentigerjare steeds as een van “Afrikaans se waardevolste klassieke werke” beskryf. Van Rensburg (1996) reken egter dat alhoewel *Sy kom met die sekelmaan* van 1937 “sy tyd ver vooruit” was, “dit (...) een van die fynsinnigste romans in Afrikaans” is én die teks ’n “pionierswerk” was. Maar dat dit tog “in sy tyd misken” is.

“In 1939 moes *Sy kom met die sekelmaan* die Hertzogprys vir prosa gekry het. Dis nie ’n geval van dat sy die prys ‘verdien’ het nie. Dit het aanspraak daarop gehad. Die Akademie se letterkundige kommissie het dit naamlik vir bekroning by die Akademiesraad aanbeveel. Die Raad het egter bedenkinge gehad en wal gegooi, sonder dat die presiese besware ooit amptelik bekendgemaak is.”
(Van Rensburg, 1996:4)

Was die besware in hierdie tyd self dalk juis gegrond op die seksuele openhartigheid wat die teks vertoon het? Verdere moontlikhede waarom daar beswaar teen die teks gemaak is, word aangevoer as redes hiervoor: dat dit maar haar eerste teks was; dat die roman in die dagboekinskrywings misgekyk is; dat sy teen gerespekteerde ouer skrywers te staan gekom het én dat “mens immers rekening (moet) hou met die volksgevoel” (Van Rensburg, 1996:4). Het Smit te ver wegbeweeg van die “nasionaal-maatskaplike roeping” wat die “literêre” moes vervul? (Dekker, 1937) Sou die sentrale tema waar twee aspekte van vrouwees, naamlik Maria die intellektuele en Marie die begeerlike wat die identiteitskrisis van een/die vrou vergestalt, op hierdie stadium onaanvaarbaar wees binne die patriargale bestel? Die ontneming van dié prys word gesien as “waarskynlik die swartste bladsy in die Akademie se bekroningsgeskiedenis”. Wat van die miskennis van die skrywer daarvan? Deur die miskennis van die teks “is ’n eersterangse skryfster (...) se literêre moed waarskynlik ’n onherstelbare knou toegedien” (Van Rensburg, 1996:4).

Sou dit die rede wees waarom haar “ganse versameling werke uit een enkele boek bestaan” het? (Smit sêlf soos aangehaal deur Buys:2005:60)

Sophia Roux se teks *Fyn en broos* verskyn ook in 1937, maar die skryfster en haar teks staan “fyn en broos” teenoor die oorweldigende aandag wat Smit en haar teks ontvang. Resensies as resepsieprodukte kategoriseer dié teks van Roux as deel van wat as ’n sub-genre geklassifiseer word.

“Dis opmerklik dat daar in die afgelope paar jaar etlike nuwe dienaresses van die geskrewe woord ons letterkunde met interessante werke verryk het. Dit is al betreklik lank gelede dat Marie Linde met *Onder bevoorregte mense*, Eva Walters met *Eensaamheid* en Megg Ross met *Oogklappe* in ons land getoon het dat literêre arbeid ook ’n wye veld vir die talente van ons skryfsters bied.”
(*Oor Boeke en Kuns*, 1937)

Die nuwe klanke waarna verwys word, sou ook gesien kan word as ’n nuwe tendens – ’n tipe “vroulike tradisie” – die voorheen genoemde “unifying voice in women’s literature” (Showalter, 2005:88) nou ook binne die Afrikaanse literatuursisteem (kyk 3.5). Die intersistemiese diskoers wat uitsluitlik tussen vroulike skrywers as skryfsters/dienaresse van die geskrewe woord en manlike resensente ontstaan het, het gedraai om posisie-inname in die literêre kanon. Daar kan wel aangevoer word dat van die vroue se werk “swak” was, maar dit wil tog voorkom of “die werk van onder andere (...), Walter, Roux en T.C. Pienaar ’n beeld van die vrou uitgedra het wat vir die manlik-gedomineerde Afrikaanse maatskappy onaanvaarbaar was. Hulle en vele ander publikasies is nooit in die kanon opgeneem nie en daarom ook nie as letterkunde beskou nie” (Roos, 1998:102). Ander vroue wie se prosawerk nie byval vind by manlike rolspelers nie, omdat hulle hulle “minder toespits op ’n kultuurideaal”, en met die aksent meestal op ’n vrou se belewenis van ’n “bepaalde historiese moment”, is Anna J. de Villiers, Miemie Louw-Theron en Elizabeth Vermeulen. Literatuurgeskiedenis dui aan dat die beeld van die vrou soos dit voorgekom het in die tekste deur hierdie vroueskrywers nóg gestereotipeerde beeld was deur manlike skrywers van vroue as “blote seksuele voorwerp”, nóg dié van die “dienende Martha of emosionele slagoffer” soos dié van die vroueskrywers wat wel ’n mate van erkenning ervaar het.

“Wanneer outeurs soos Hettie Smit en M.E.R. wel op die voorgrond begin tree en deur geskiedskrywers erken word, is dit opmerklik dat hul verhale die siening van die vrou as ondergeskikte, ’n dienende Martha of as emosionele slagoffer oorheers, of dat hulle vroulike karakters die basiese

konvensies van die Afrikaner-establishment van die tyd steeds onderskryf.”
(Roos, 1998:102)

Met die herverskyning van **M.E.R.** in die veertigs, wat as die “verrassendste ontwikkeling”, veral in die rigting van die “literêre deur vroueskrywers”, beskryf word, is dit weereens M.E.R. wat die voortou neem – ondanks ander vroue se optrede wat hulle tot die sosiale literatuur of ontspanningslektuur wend, wat “nog steeds nie hul literêre produksie as deel van die estetiese proses sien nie” en “nog vasgevang (bly) in apologetiese redes waaroor hulle die pen opneem – redes wat meestal verband hou met ’n meer aanvaarbare ‘vroulike’ rol, naamlik dié van leerder en opvoeder” en aan die ander kant die streng afgebakende kategorisering deur mans (Van Niekerk, 1999:348).

Nie direk nie, maar deur die agterna-perspektief, word dit duidelik dat haar vreeslose optrede vir dit wat sy geglo het goed is, maak dat sy nie maar ’n ander uitweg kies of tevrede is met ’n degradering van haar literatuur nie. Sy gaan doodluiters voort, en dit is asof sy die literêre versigtig benader, aanvanklik met ’n korter prosateks (*Drie vertellings* 1944), wat ontwikkel tot die uitgee van twee romans (*Na vaste gange* 1944 en *Die eindelose waagstuk* 1948) as prosatekste later in hierdie tydperk. Weereens word haar bydrae tot die literêre eers veel later besef en erken. Gedurende dié periode self word sy steeds sterk gekritiseer oor haar realistiese beskrywings en dat haar sosiologiese betrokkenheid by maatskaplike sake “M.E.R. die kunstenaars” verdring (Kannemeyer, 1988:173). As deel van die Afrikaanse kultuurstryd het sy ’n aktiewe rol gespeel as pleitbesorger vir die Afrikaanse armblanke en het sy “gebrand van begeerte om (...) land en volk op verskillende terreine van die lewe te gaan dien”.

“M.E.R. het ’n duideliker begrip as baie ander gehad van wat hierdie diens inhou. Sy het uit haar verslagwerk oor armoede geweet wat verkeerd was en wou haar kragte gebruik vir ‘volk aankant maak’. Dié metafoor het sy graag gebruik. Sy en ander het besef dat die ‘volk se huishouding’ deurmekaar was en wou die saak nagaan en die oorsprong daarvan probeer vasstel.”
(Steyn, 2004:234)

Hierdie intense deelname aan dit wat in die samelewing van die tyd gebeur, word ook die werklikheidskonteks in haar geskrewe tekste. In beide is sy aktief besig; in die sosiaal-maatskaplike werklike lewe neem sy selfs politieke standpunt in deur

onder andere nie aan die 1948-verkieping deel te neem nie. Alhoewel sy tog as 'n vurige Afrikaner-nasionalis beskou word, slaan daar by verskillende geleenthede 'n onrustigheid deur oor die vraag of Afrikaners “met eer” deur kritieke tye in die geskiedenis sal kom. Ook in haar geskrewe werk word haar sosiologiese en kultuurhistoriese belangstellings, wat ook die maatskaplik-ekonomiese situasie van die Afrikaner op hierdie stadium in die geskiedenis teken, weerspieël.

Hiermee sluit haar politieke waagmoed nie net aan by baie ander Suid-Afrikaners en spesifiek ook die werkerklasvroue nie, maar ook by Afrikaanse vroueskrywers wat ongeag literêre erkenning of nie, skryf oor “werklikhede” wat hulle raak. Alhoewel M.E.R. nie direk betrokke is by die Werkersunie, 'n militante anti-kapitalistiese vakbond nie, kry sy eintlik meer erkenning as dié vroue ongeag die feit dat 'n latere perspektief op hierdie vroue se skrywe (wat ook gedurende hiedie periode plaasgevind het) wat soos Brink (1989:124) dit stel: “baie literêre bevat”. Dit waaroor hiedie vroue van die werkersklas geskryf het, was ook deel van gebeure wat die Suid-Afrikaanse samelewing ingrypend sou verander, veral dan op die grootskaalse ontwikkeling op ekonomiese gebied. Hierdie vroue het gevoel dat hulle as die arbeidersklas 'n bydrae daartoe gelewer het, maar nie die erkenning daarvoor gekry het nie – ook dan nie wat hulle literêre bydrae betref het nie.

“Vroeg reeds, maar veral sedert die dertigerjare, word die konstruksie van Afrikaanse letterkunde deur 'n hoë vlak van elitisme en intellektualisme gekenmerk, waardeur die bestudering van populêre uiting beperk is. Kulturele uitings wat om 'n verskeidenheid redes nie die dominante waardes deel nie, word geïgnoreer, doodgeswyg of uitgestoot na die randgebied.”
(Willemse, 1999:9)

De Jong (1992) dui aan dat dit wat as feministiese optrede gesien word, gewoonlik 'n verskynsel is wat onder die akademies gerigte vroue voorkom om “haar regte op alle ekonomiese, politiese en kulturele terreine” te herstel. Die optrede van die Afrikaanse Klerewerkersunie sou as die eerste feministiese neigings binne die Suid-Afrikaanse konteks beskou kon word “deurdat die vrou(e) as vrou teen onderdrukking van (...) vroue binne 'n spesifieke politiese situasie protesteer” deur daarvoor te skryf (De Jong, 1992:127).

Kulturele produksie wat uit hierdie “onderdrukkende situasie” voortspruit, word in die tydskrif *Garment Worker/Klerewerker* (wat veral sedert 1938 gereeld verskyn) gepubliseer en word hul amptelike mondstuk as protesuiting. “Omdat bestaande

literatuurgeskiedenis alle Afrikaners monolities gekonstrueer het” en die feit dat daar van alle wit Afrikaanssprekendes – mans en vroue – verwag is om binne ’n sekere verwagte raamwerk te handel”, is die volgende uitspraak van Anna Scheepers (1939) verhelderend (Willemse, 1999:17) :

“’n Ware Nasionalis sal die nasionale tradisies en gewoontes van andere waardeer en op prys stel en hulle gevoelens respekteer. Maar daar is ’n ander soort van nasionalisme waarteen die Vakunie gekant is; dit is die sogenaamde nasionalisme wat net sy volk en tradisie ophef en met minagting op al die ander nasies neerkyk. Alleenlik hulle tradisies en kultuur word beskou as heilig en dié van ander ondermyn, beledig en onderdruk. Dit is nie nasionalisme nie. Dit is selfsug en chauvinisme – die moderne uitdrukking daarvoor is Fascisme. Dit lei na rassehaat en verdeling onder die werkers. Die werkende klas kan nie bekostig om verdeel te wees nie. Ons is almal in dieselfde boot en behoort verenig te wees soos die ou Vakunie-motto lui: ‘Een vir almal en almal vir een!’”
(Anna Scheepers, 1939:3)

Hiermee saam kom M.E.R. ook teenoor die Afrikanerman(s) te staan wat van dié standpunt uitgaan: “Ek en jy is een, maar daardie een is ek” (Viljoen, 2004:17). Beide M.E.R. en vroue van die klerewerkersunie neem standpunt in teen die tradisionele nasionalistiese Afrikaner. Latere navorsing dui aan dat die klerewerkers se werk ongeag die literêre waarde daarvan tog uit die kanon gelaat is, maar word daar ook bevestig dat M.E.R. se werk in hierdie stadium steeds in ’n “groot mate gemarginaliseer is deur die Afrikaanse literatuurkanonisering”. Vir die Afrikaanse literêre kritikus wat vir ’n onafhanklike Afrikaanse estetiek gestreef het, was sodanige optrede en tekste nie aanvaarbaar nie en kon dit nie aanspraak maak op “literariteit” nie. Met die uitsondering van een verhaal, word “die meeste verhale uit hierdie vakbondpublikasie nooit weer herdruk of in versamelbundels opgeneem nie en verdwyn so in die vergetelheid” (Van Niekerk, 1999:350, 353, 396).

Dit wil voorkom of vroue in hierdie tyd binne die Afrikaanse literatuursisteem teen die patriargale bestel “skryf” en dat sodanige skryfwerk ideologies onaanvaarbaar was. Soortgelyke optrede gebeur veel vroeër binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem. Ook Schreiner se betoog vir die vrou as deel van die werkersklas word verwoord in haar steeds alombekende *Woman and Labour* (1911).

“Instead of becoming a parasite, the woman should be absorbed, as an equal, into the labour market. Olive Schreiner was equally critical of male and female attitudes.”
(*Reader’s Digest*, 1981:218)

Alhoewel Schreiner die patriargale bestel aanval met *The Story of an African Farm* (1883) en *Woman and Labour* (1911), word nie sy of haar tekste binne die Engelse literatuursisteem misken nie. Ook Steyn (2004:498) sien ooreenkomste tussen Schreiner en M.E.R.:

“M.E.R. was altyd gesteld daarop om ’n saak in sy volle waarheid te stel; eintlik byna net soos Schreiner. ‘Sy het tog die Waarheid aanbid met haar hele oorlaaide hart’, skryf sy in 1955 aan Hennie Aucamp oor Olive Schreiner. Nie net in 1958 nie, maar in die jare twintig het M.E.R. vir Olive Schreiner in die bresse getree. Dit was in ’n artikel oor *Thoughts on South Africa – The life of Olive Schreiner* van S.C. Cronwright-Schreiner. Sy wys daarop dat Schreiner ná tant Sannie anders oor die Afrikaner geskryf het. In 1899 het Schreiner ‘weer die Boervrou geneem as tipe van wat die hoogste en die edelste in die vrou is en het dit voorgestel op ’n manier wat myn insiens enige beskrywing in *The Story of an African Farm* oortref’. As verdere verdediging van Schreiner se roman vertel M.E.R. in 1923 in haar bespreking van *Stories, dreams and allegories* van ’n Britse fabriekswerkster wat haar spaargeld, uit ’n karige weekloon gespaar, na ’n pro-Boer-familie gebring het om dit na die vroue in die konsentrasiekampe te stuur. Die betrokke dame het haar gevra wat haar beweeg het om die geld te gee, en die antwoord was: ‘Nou, ek het Olive Schreiner se *Story of an African Farm* gelees en ek wil graag iets doen vir haar mense.’”

Beide skryfsters maak in hul werk gebruik van realiteitsbeskrywing. Dit wil voorkom of hierdie skryfwerk as “kunswerk” van M.E.R. (soms) in die Afrikaanse literatuursisteem onaanvaarbaar was binne die literêre veld van die tyd. Sou dit moontlik die rede wees waarom “M.E.R. byna vergete in die Afrikaanse literêre kringe” (Steyn, 2004:9) was? Beide Schreiner en M.E.R. neem dikwels standpunt in teen die magsposisie waarin mans hulle bevind. M.E.R. se “sentiment met vroue se posisie is so sterk” dat Steyn (2004) meermale verwys na haar “geslagspartydigheid” en “vroue-chauvinisme” wanneer hy “uitwys dat sy in sommige gevalle die vrou prinsipiëel hoër en meer bekwaam ag as die man” (Viljoen, 2004:17).

“Sy was daarby ’n stryder vir die bemagtiging van die vrou – miskien was sy selfs die moeder van Afrikaanse feminisme. Die beperkings wat aan haar opgelê is deur armoede, Engelse imperialisme, mannechauvinisme en ’n mislukte huwelik kon sy oorkom. As vegter teen dié beperkings was sy taalaktivis, navorser, sosiale hervormer, joernalis en fiksieskrywer.” (Steyn, 2004: 523)

Gedurende die sestigerjare verskyn *Vroue wat Jesus geken het* (1965). Hierin dui M.E.R. aan dat “Christ regarded women as the equal of men and expected just as much of them as of their male counterparts – to him there was no such thing as

‘the weaker sex’” (Van der Merwe, 1994:71). Alhoewel hierdie teks nie gedurende die periode hier onder bespreking verskyn nie, wil dit tog voorkom of haar “sosiale navorsing en haar geslagspartydigheid wat haar vir die vrou in die bresse laat tree” (Steyn, 2004:354) in die Afrikaanse literêre veld van die tyd onaanvaarbaar was. Daarom het dit moontlik aanleiding gegee tot die ideologiese onverteerbaarheid van haar as persoon of maatskaplike werker, sowel as van haar geskrewe tekste gedurende die tydperk self – waar Schreiner nie sodanige uitsluiting binne die Engelse literatuursisteem ervaar het nie en dit in ’n veel vroeër periode waar daar nog feitlik geen sprake van vroue binne die gehomogeniseerde omgewing was nie.

Sedert 1948 betree vroueskrywers die intersistemiese diskoers ook op ’n ander vlak, veral dan ten opsigte van wat as gekanoniseer en wat as nie-gekanoniseer beskou word. Dit wil voorkom of vroue hulle eerder by lektuur vir die gewone leser begin skaar.

“Die verskyning van die ‘sosiale’ roman, en die begin van die konvensie om dit as ’n mindere tendens te beskryf vanweë die populariteit daarvan, is eiesoortig aan die Afrikaanse prosa van die periode na 1930. In die Engelstalige letterkunde sou hierdie soort normatiewe kategorisering selde toegepas word.”
(Roos, 1998:51)

Van Niekerk (1999) gaan van die standpunt uit dat vroue na 1948 “meer tyd gehad het om te skryf en te lees”:

“Literatuur begin meer en meer vir die vrou die funksie van tydverdryf en ontspanning aanneem. Die sterk behoefte aan die wegdraai van ’n morbiede stryd-, oorlogs- en armoede-letterkunde na letterkunde vir ontspanning en ontvlugting lei tot die ontstaan van ’n groot hoeveelheid liefdes- en avontuurverhale.”
(Van Niekerk, 1999:308)

Die sosiopolitieke klimaat binne die Suid-Afrikaanse samelewing het waarskynlik nou meer geleentheid vir die vrou gebied om “ook te skryf”. Dus word daar veel meer tekste – langer stories – gepubliseer, maar word dit deur rolspelers in die literêre veld sodanig gedegradeer dat hier eerder sprake is van lektuur en nie noodwendig letterkunde nie. Buitendien het hierdie ondersoek tot dusver ook bewys dat vroue lankal reeds hulself besig gehou het met skryf. Daarvan is die groot aantal dagboekskrywings, wat later in die geskiedenis van die Afrikaanse literatuursisteem as historiese romans of as fiksie teen ’n historiese agtergrond gepubliseer word, ’n

bewys. Wat egter met hierdie standpunt van Van Niekerk (1999) na vore kom, is die feit dat “relevante karakteristieke”, soos geslag en intellektuele klas of professionele ondervinding, dikwels ’n rol gespeel het by die bepaling van ’n teks se literariteit, asook die posisie-inname van die skrywer as skepper daarvan binne die literêre sisteem.

Sistemiese verandering – of literêre evolusie, soos aanvanklik daargestel deur Tynjanov (1924) – met ander woorde, die aflos van deelsisteme binne ’n sisteem as totaliteit, kom egter sedert die 1950’s binne die Afrikaanse literatuursisteem (kyk 3.1) duidelik na vore. Van Coller (2008) toon aan hoe hierdie verandering weerspieël word in die ontwikkeling wat daar plaasvind ten opsigte van die plaasroman van die eerste gedeelte van die twintigste eeu teenoor die “moderne plaasroman”, wat sedert die 1950’s na vore tree.

“Critics agree that the conventional Afrikaans plaasroman was discontinued from the 1950s. After the 1950s the plaasroman received a second breath, but as parody. (...) The initial plaasroman gave form and substance to Afrikaner nationalism. The new plaasroman recognizes and highlight this role (...) and through exposing its ideological base sets about subverting it.”

(Van Coller, 2008:32)

Verandering ten opsigte van die vierkant van sistemiese interaksie, ook ten opsigte van die gesprek/diskoers tussen die resepsie van tekste wat in ’n mate steeds onder druk van patriargale ideologiese beïnvloeding was, sou egter steeds hieruit kon voortspruit. ’n Duidelike wegbeweeg van die plaas as ideologiese ruimte was nou te bespeur. Vroueskrywers wat sedertdien ook hierby sou aansluit, sou daartoe aanleiding gee dat verskeie vroueskrywers nou ’n prominente deel van die intersistemiese diskoers uitmaak. Dit wil voorkom of resepsieprodukte na aanleiding van veral tekste deur vroue, dikwels nog ’n beeld van ideologiese dualisme tussen die “ou” tradisionele siening van die plaasroman en die “moderne” siening van die plaasroman in verhouding met die weerspieëling daarvan in die dorpsroman, tot gevolg gehad het.

In 1950 beskryf Schoonees in *Tien jaar prosa* die skryfster wat haar met sodanige skryfwerk besig hou “as dames wat op ongeërgde dons-maar-op-manier sentimentele toneeltjies aanmekaar ryg”. Hierdie uitlating sou vir lank deel uitmaak van diskussies rondom die literêre waarde al dan nie van baie vroueskrywers se werk; ook gedurende ’n periode van herwaardering is daar terugverwys na die

“onreg” wat dié uitlating die posisie van vroue in die literêre kanon kon aandoen. Alhoewel hierdie uitlating met reg as ’n “indirekte snedige opmerking” beskou kon/moes word, bestaan daar aan die ander kant ook die moontlikheid dat die groot aantal tekste veral dan “vir vroue deur vroue”, bloot net “swak” was. ’n Verdere moontlikheid bestaan ook dat kritiek soos dié van Schoonees eerder ’n norm daargestel het om wel literatuur as ontspanningsliteratuur te kan onderskei van die literêre (kyk John, 1994:44).

Dat daar wel vroue was wie se werk gedurende die vyftigerjare onderskat is, word deur latere navorsing bevestig. Hierdie skryfsters/vroueskrywers het aan die een kant ’n mate van gewildheid veral onder vroulike lesers geniet, maar aan die ander kant het hulle werk tog duidelike tekens van vernuwing getoon (kyk 4.5). Of daar werklik stagnering in die prosa in die vyftigerjare plaasgevind het, word dus bevraagteken. Dit wil tog voorkom of daar veel meer tekste verskyn het wat wel meer as bloot ontspanningsleesstof was en wat moontlik alreeds literêre waarde, veral ten opsigte van vernuwing, gehad het. Desondanks is van hierdie werk selfs deur N.P. van Wyk Louw onderskat.

Van Coller (2001:135) toon aan dat sy herlees van die werk wat **Elise Muller** in die jare vyftig gelewer het, by hom “die gevoel (wek) dat Van Wyk Louw die vernuwende aard van hul prosa (en selfs die vroeë beginpunt van die sestigs hierin) nie genoeg verreken het nie”. Ook in Van Coller se N.P. van Wyk Louw-gedenklesing van 2006 kom hierdie aspek na vore. Waarskynlik dus eerder met erkenning aan Van Coller (2001 & 2006), sluit ook Van der Merwe en Lewis (2001) hierby aan. Van der Merwe en Lewis (2001) beklemtoon in hul artikel: “Verrassende in die skynbaar doodgewone” dat Muller as skrywer veral deur die toedoen van N.P. van Wyk Louw onderskat is. *Die vrou op die skuit en ander verhale* (1956) van Elise Muller word gedurende die laat vyftigerjare deur Louw beskryf as “a text typical of traditional Afrikaans writing – realistic, local and homely”. Van der Merwe en Lewis (2001) dui egter heelwat later, gedurende die periode van herwaardering van onder andere die werk van vroulike skrywers, aan dat Muller “could be regarded as a forerunner, or even member, of the revolutionary Movement of the Sixties” (Van der Merwe & Lewis, 2001:221).

“Elise Muller, outeur van ’n hele aantal romans, nouvelles, jeugverhale en essays, het bekendheid verwerf met haar kortverhaalbundel *Die vrou op die skuit en ander verhale* (1956), waarvoor die Hertzogprys in 1957 aan haar toegeken is.”

(Van der Merwe & Lewis, 2001:222)

Bykans vyftig jaar na die verskyning van veral die genoemde kortverhaalbundel, word daar die volgende standpunt gestel:

“Dit word miskien tyd dat Muller, deur haar kritiese omgang met ideologiese tradisie, in die Afrikaanse prosa gesien word as die belangrikste voorloper tot Sestig, óf die eerste en enigste vroulike Sestiger.”

(Van der Merwe & Lewis, 2001:229)

Hierdie stelling word veral gegrond op, enersyds De Vries (1986:99) se siening dat Muller se kortverhale “(juis in die skeidingsjaar 1956) baie elemente van die Nuwe Prosa bevat”, en andersyds op N.P. van Wyk Louw se siening van dié teks van Muller as ’n “bewys (...) dat ons letterkunde vasgeloop sit in die rustige, lokale realisme van vyf-en-twintig jaar gelede”. Op ’n baie teenstrydige wyse word in *Vernuwing in die prosa* aangedui dat dié bundel ’n “mooi nuwe werkie van die ou soort” is waarvan “(d)ie krag van die boek (...) in die liefdevolle siening van klein realisme” lê, volgens Van Wyk Louw (1963:68).

Deur veral drie verhale uit te sonder, waarvan twee nie in die bundel opgeneem was nie, dui (Van der Merwe & Lewis, 2001:222-229) aan dat “die ander Elise Muller’ hier na vore kom, wat nie rustig is nie, maar ontstellend; nie lokaal nie, maar universeel-menslik; nie bloot die ideologiese tradisie aanvaar nie, maar daarmee worstel”.

“The short story “*Die vrou op die skuit* (...) in a book with the same title (1956) by Elise Muller appears to remain completely within the traditional framework, yet under the surface there are many signs of the questioning of patriarchy.”

(Van der Merwe, 1994:73)

Hiervolgens is die verhaal van Bessie soos vertel in die titelverhaal van die bundel *Die Vrou op die skuit en ander verhale* nie so onskuldig soos wat dit lyk nie, en gaan dit teen meer as een sosiale konvensie in; word die tema “Bessie se bevryding uit die konvensionele geslagsrol” en word daar openlik met die tipiese patriargale opset met die pa as hoof van die huis gespot. Dit word duidelik dat hierdie werk van Muller alreeds in die vyftigerjare ’n nuwe kyk op die werklikheid openbaar en dat dit van haar ’n voorloper van die Sestigers kon maak (kyk 4.5). Verder is daar duidelik ’n “vernuwende bydrae” in die twee kortverhale wat nie by die bundel

ingesluit was nie, terwyl beide alreeds gepubliseer was in *Die Huisgenoot* (1948) en *Sarie Marais* (1952) onderskeidelik. Terwyl die 'plaa' tradisioneel altyd gesien is "as die ruimte waarin kosbare tradisionele waardes gehandhaaf" word, word die plaas in die verhaal "Hiram Josef, die soveelste" deur Muller uitgebeeld "as 'n benouende milieu, gekenmerk deur rassisme en patriargale oorheersing".

"In 'Die dood van Francina Cecilia' word die fokus gerig op 'n hoeksteen van tradisionele Afrikaner-denke: die Christelike siening van God as Versorger en Behoeder, en Verhoorder van die gebed."
(Van der Merwe & Lewis, 2001:227)

Daar word van die standpunt uitgegaan dat daar in laasgenoemde teks geen sprake van die rustige gemoedelikheid is wat Van Wyk Louw by die ouer Afrikaanse prosa gehinder het nie. Die vraag ontstaan waarom juis laasgenoemde twee verhale nie by die bundel ingesluit was nie. Dit vorm wel later deel van Aucamp (1989) se bloemlesing: *Elise Muller. Verhale en essays 1942-1981* en van Van Niekerk se *Vrouevertellers* (1994). Sou die onderskatting van Muller en haar werk gepaard-gegaan het met die ideologiese onverteerbaarheid van haar verhale? Daar kan tog geargumenteer word dat Muller se prosa wel realisties is, maar dikwels nie lokaal óf rustig nie; die uitbeelding is moontlik wel "liefdevol" maar selde "klein". Dat hierdie werk, *Die vrou op die skuit en ander verhale* (1956), van Elise Muller vandag geken word aan 'n geskiedenis van verwarring ten opsigte van die plasing daarvan in die literêre kanon wat op daardie stadium as 'n manlike, nog relatief geslote sisteem/konstruksie bekend was, kan nie betwyfel word nie.

Vervolgens word die "geringskatting" rondom die periode self in 'n kort resepsie-ondersoek bespreek.

"Die skryfster van hierdie verhale het alreeds bekendheid verwerf met haar roman *Ek, die Samaritaanse Vrou* waarmee sy in 1941 'n landwye romanwedstryd gewen het. Vanjaar het daar nog 'n roman *Van Eensame Mense*, van haar hand by die uitgewer Balkema verskyn. Daarbenewens het sy gereeld bydraes aan Afrikaanse tydskrifte gelewer, veral aan *Die Huisgenoot* en *Sarie Marais* (...)."
(Hattingh, 1956:21)

Hieruit word dit duidelik dat Muller alreeds in die algemene lesersmark bekend was en selfs pryse vir haar werk ontvang het. Wanneer gekyk word na die eerste resensies van die teks wat in 1956 die teks aan die lesers bekendgestel het, word dit duidelik dat die bundel ook vir die oop lesersmark bemark word. Dié voorafgaande

resensie word afgesluit met 'n paragraaf wat werklik as “patroniserend” beskou kan word:

“Die verhale word deurgaans boeiend vertel en hulle sal seker deur 'n wye leserskring geniet word. Dit is gesonde en opbouende leesstof wat in elke skoolbiblioteek tuishoort.”
(Hattingh, 1956:22)

In dieselfde jaar verskyn 'n resensie deur Schoonees (1956) in *Die Huisgenoot*. Hierin word verwys na 'n “mooi bundel wat baie lesers groot genoeë sal verskaf”. Asof vanuit die hoogte is die enigste vorm van literêre kritiek wanneer die skryfster geprys word vir haar vermoë “om te weet wat om te verswyg”. Volgens Schoonees (1956) is dit – om sekere dinge te verswyg – “dikwels vir 'n skrywer van meer belang as om te weet wat om te vermeld”. In Februarie 1957 word haar skryfwerk in *Die Kerkbode* (deur F.J.B.M.) as 'n “soort” van “letterkundige waarde” geloof.

“Ons kan maar net vra dat sy nog meer van sulke pragtige verhaalsketse vir ons kan gee. Dit is bepaald verryking van ons Afrikaanse letterkunde en kan baie goedsikks direk onder die aandag van die leerlinge op skool gebring word. Die skryfster het met haar oë oop deur die lewe geloop en geleer om baie dieper as die oppervlakte te kyk. Sy het my laat dink aan Ina Boudier-Bakker met haar fyn aanvoeling en gepaste woordskildering. Hier het ons suiwere kuns.”
(F.J.B.M, 1957:285)

Hieruit word dit duidelik dat Muller deur ander kritici as Van Wyk Louw “beter” beoordeel word. Gedurende die laaste kwartaal van 1957 word die Hertzogprys vir verhalende prosa aan Muller toegeken: “insonderheid vir haar bundel kortverhale *Die vrou op die skuit*, wat in Oktober 1956 verskyn het”. 'n Artikel hieroor dui aan dat “dit die vierde keer is dat die prys na 'n vrou toe kom. Chris Euvrard (die eerste Hertzogprys ‘winner’), Elisabeth Eybers en M.E.R. was die drie ander aan wie dit toegeken is. Hierdie prys vir 'n waardige bydrae op die gebied van die Afrikaanse prosa is vir Elise Muller die kroon op 'n lang en toegewyde loopbaan as skryfster”. Die betroubaarheid van die inhoud van die artikel is veral twyfelagtig, omdat navorsingswerk deur Van Niekerk (1999:437) later daarop dui dat Euvrard nie die eerste “vroulike” Hertzogpryswenner was nie. Die prys wat Euvrard in 1913 ontvang het, is wel deur die Akademie toegeken vir prosawerk, maar die digter(es) Elisabeth Eybers was “die eerste vroulike Hertzogpryswenner vir haar poësie in 1943”. In die

artikel word baie kortliks verwys na die konteks van die kortverhale en word dit afgesluit met 'n kort paragraaf wat na die literêre waarde daarvan verwys:

“Deur haar aan die skryfkuns te wy, het Elise Muller nie net haar eie lewe verruim en verryk nie, maar het sy ook 'n heel besondere bydrae tot die Afrikaanse letterkunde gemaak.”
(A.B.B., 1957)

Twee aspekte staan dus uit in die artikel wat in *Die Burger* van 7 Oktober 1957 verskyn: eerstens, dat die teks die werk van 'n “vrou” is en dat dit sý is wat die gesogte prys ontvang, en tweedens ontstaan die vraag of die “besondere bydrae tot die letterkunde” dui op “vernuwing”, wat nou die kriterium vir die bepaling van literariteit was. Die eerste “resensie” hierna verskyn op 2 April 1958, weer in *Die Burger*, waar W.E.G.L. (W.E.G. Louw) die Hertzogpryswenner Muller se *Die vrou op die skuit* en Venter se *Man van Ciréne* (1957) met mekaar vergelyk as “haas en skilpad wat besluit het om resies te ja (en toe ...)” – wat ook die opskrif van die artikel/resensie is. “Literêre kriteria” wat teenoor mekaar geplaas word, is verkoopsyfers en die blywende indruk wat 'n teks by die leser laat. Waar Venter met sy teks veel hoër verkoopsyfers behaal as Muller, dui Louw aan die begin van Muller se kort teksbespreking aan dat “die swak boek, selfs al tref dit jou met die eerste lees, verbasend vinnig vervaag; die goeie boek bly jou by, maande selfs jare nadat jy dit die eerste keer gelees het”. “Goed” en “swak” word die kriteria waarvolgens die “beoordeling” plaasvind, maar veroorsaak verwarring in die verloop van die resensie/artikel omdat die resensent hom dikwels “verspreek”. Louw herinner die lesers van die resensie daaraan dat hy seker is hulle onthou die stories van die kortverhale net so goed soos hy terwyl hy dit in die artikel aan hulle noem en bespreek, maar direk daarna stel hy dit dat “*Man van Ciréne* (...) reeds orals so uitvoerig bespreek (is) dat ek (Louw) nie lank daarvoor hoef uit te wei nie”. Skynbaar teenstrydig met hierdie vorige paragraaf gaan Louw voort en sê: “'n Swak boek, 'n growwe onverantwoordelike boek is dit sekerlik nie, maar 'n werklik gedeë, literêre kunswerk is dit ook nie”. Alhoewel dit dus eintlik veronderstel is om 'n resensie van Muller se teks te wees, word daar in die res van die artikel slegs uitgewei oor Venter se teks en hoe “goed” dit is. Direk hierna word die artikel soos volg afgesluit:

“Mag ek eindig met verwysing na die bekende fabel van die haas en die skilpad: die haas het vroeg weggespring, vinnig gehardloop, maar toe aan die slaap geraak, terwyl die skilpad met 'n stadige, seker pas vorentoe

gebeur het. Ek glo dan ook dat die *Vrou op die Skuit* uiteindelik die wenpaal vóór *Simon (sic)/(Man) van Ciréne* sal haal.”
(Louw, 1958)

Geringskatting kom ongelukkig alreeds voor wanneer die artikel met die volgende paragraaf begin:

“*Die Vrou op die Skuit* het nou wel aan die einde van verlede jaar die Hertzogprys vir prosa ontvang; dit is orals redelik gunstig bespreek; maar dit het nog nie ’n boek geword waaroor die mense ‘praat’ nie.”
(Louw, 1957)

Hierna en eers weer gedurende die sestigerjare kom uitgebreide besprekings van die teks voor, maar nou eerder as “oordeel” wat uitgespreek word en oordeel wat van sodanige aard is dat daar twyfel bestaan of die werk ooit ’n prys moes ontvang het. Dít is veral na aanleiding van N.P. van Wyk Louw se standpunt soos reeds hierbo bespreek. Wat egter interessant is, is dat die twee artikels nie die “ideologiese strekking” van *Die vrou op die skuit* uitlig nie, maar dat daar eerder met Van Wyk Louw saamgestem word.

“Die verskyning van dié werk was miskien intertyd ook die sterkste en duidelikste teken dat daar besig was om ’n opbloei in die Afrikaanse prosa te kom. ’n Opbloei en nie ’n vernuwing nie, want ’n werk soos hierdie en die meeste ander wat dit gevolg het, bring nie ’n koersverandering in die Suid-Afrikaanse prosa nie, maar eerder ’n verfyning van wat reeds bereik is.”
(Smuts, 1962:543)

Ook Raidt (1964:40-46) stem saam met Van Wyk Louw se radiopraatjie van 12 Februarie 1958) wanneer sy in ’n “veel gedempter waardering” te kenne gee dat dit ’n “goeie boek is, in sommige opsigte ’n verrassende knap boek; die styl is gaaf, direk, onversierd ... En tog: hierdie boek is vir my ’n bewys van die stelling dat ons letterkunde vasgeloop sit in die rustige, lokale realisme van vyf-en-twintig jaar gelede”.

“Elise Muller se mense in *Die Vrou op die Skuit* lewe in ’n taamlik ‘normale’ en beskermende wêreldjie ver van die martelende spannings en die ontworteling van die maatskappy ‘op de kentering der tye’. In die opsig het Elise Muller geen vernuwing gebring nie, die temas is dié van vroeër geslagte. Hier moet ons dus Van Wyk Louw gelyk gee.”
(Raidt, 1964:46)

Dus, na verloop van meer as 'n dekade nadat die gesogte Hertzogprys aan Muller toegeken is, word die werk negatief en waarskynlik “werklik volgens literêre kriteria” beoordeel of selfs veroordeel. Hierna het die teks vir lank asof in die vergetelheid verdwyn. Aan die begin van 1964 verskyn daar wel 'n volledige bespreking, maar duidelik oppervlakkig, kontekstueel van aard en gerig op 'n voorgeskrewe teks vir skoolkinders. Hierdie “klasbespreking” verskyn in die *Patrys* van Januarie 1964. Hierna word die teks eers weer in September 1971 bespreek en nou as deel van die gewone (vroue-) lesersmark en wel in *Die Huisvrou*. Asof in 'n lesing op “die vlak van die huisvrou”, word elke kortverhaal slegs kontekstueel baie kortliks en ook as deel van 'n verduideliking van wat 'n “kortverhaal” is verduidelik. Hierdie twee artikels kan as 'n degradering ten opsigte van die aanvanklike kanonieke waarde of prystoekening beskou word. Verder is die enigste literêre verwysing na die teks in die kort laaste paragraaf van laasgenoemde artikel geleë.

“In hierdie werk, *wat óók met die Hertzogprys bekroon is*, het ons wéér in Afrikaans 'n voorbeeld van die ‘oersuiwer kleinkuns’ (soos Prof. Antonissen voorheen M.E.R. se werk beskryf het).”
(Heese, 1971:9)

Dit is interessant dat W.E.G. Louw (1958) in sy artikel soos hierbo bespreek, ook 'n kort vergelyking tref tussen die werk van Muller en M.E.R. Hierin plaas Louw Muller se werk bo dié van M.E.R. – 'n vrou wat voor Muller dit kon regkry om met die Hertzogprys bekroon te word.

“By haar (Muller) beste verhale dink 'n mens onwillekeurig aan die vertelling van M.E.R., maar dié verhale (van Muller) is tog reeds ryper, selfs gawer, veral van vorm, en strakker van bou. Sy verwyf nie soos M.E.R. so lief is om te doen, by die besonderheid óm die besonderheid nie. As dit aanwesig is, is daar, sover ek kon uitmaak, byna altyd 'n goeie rede voor.”
(Louw, 1958)

'n Vraag wat by die navorser ontstaan, is: Sou dit moontlik wees dat die vinnig ontwikkelende Afrikaanse boekemark verwarring kon veroorsaak ten opsigte van die plasing van 'n teks en sy skrywer volgens die meganisme van intersistemiese diskoers? Met die ontwikkeling van die Afrikaanse boekemark, het dit veral gedurende hierdie periode duidelik geraak dat daar aanvaar is dat vroue eerder betrokke is by leesstof as by kunswerke – met die skryf sowel as met die lees daarvan. Hierdeur is ook 'n algemene aanvaarding geskep, moontlik selfs 'n

stereotipering dat vroue hulle eerder skaar by ontspanningslektuur as by intellektuele of literêre leesstof. Wanneer Chapman (1996) in sy *Southern African literature* poog om die Afrikaanse literatuursisteem as deelsisteem van die Suid-Afrikaanse literatuursisteem in te sluit, word die betrokkenheid van die (Afrikaanse) vrou – in dié geval met spesifieke verwysing na Elisabeth Eybers, wat gesien word as “one of the most influential Afrikaans poets” – by literatuur en/of literêre aktiwiteite soos volg geïnterpreteer:

“(I)n this country we find several white middle-class women poets, for whom culture means the holiday cruise to the art museums of the Mediterranean and nature means the family household.”
(Chapman, 1996:202)

Van Coller (2008:7) wys daarop dat sodanige uitlating ’n aanduiding is van “an extraordinarily chauvinist arrogance that belittles the experiences of many women and the value of these experiences as matter for poetry” – en dus Afrikaanse literatuur. Daarby word dit duidelik dat alhoewel die geloofwaardigheid van hierdie monologiese literatuurgeskiedenis van Chapman (1996) dikwels binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem in twyfel getrek is, die gestereotipeerde beeld van die (Afrikaanse) vrou en haar betrokkenheid by literatuur en/of literêre aktiwiteite – as skrywers én as lesers – veel wyer as die Afrikaanse literatuursisteem self strek.

Alhoewel vroue alreeds vroeg gedurende die periode toenemend skryf, word dit gedurende die vyftigerjare ’n algemene verskynsel dat geskrewe tekste deur vroue geskryf, nie net beskryf word as “mooskrywery deur dames” nie, maar ook dat veral vroue die leserspubliek daarvan sou word. Dit is veral die behoefte van lesers – wat, soos dit wil voorkom, ook ’n vroulike leserspubliek was – wat aangespreek word. Hierdeur is aanleiding gegee tot die ontwikkeling van ’n “sosiale prosa”. Ook hierin merk die navorser die vorming van ’n hiërargie wat strek vanaf ligte literêre prosa tot populêre leesstof soos die tydskrifmark. In die dertigerjare word hierdie skryfwerk van vroue bevorder in *Die Moderne Vrou*. Met die verskyning van *Rooi Rose* in 1946 en *Sarie Marais* in 1949 word egter ook ’n ideale platform vir vroueskrywers geskep om hul skryfwerk te publiseer. Die rol van die vroueskrywers is dikwels as ondergeskik gesien en het dikwels ook vir die skryfsters gefunksioneer as ’n manier “om van hul huislike pligte te ontsnap”. Die skryfster Sita verduidelik:

“In my spaartydjies, wat maar min is, probeer ek eenvoudige stukkies skryf.”

(kyk *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring* 1936:181-188).

Tydskrifte was egter 'n "groot stukrag vir vroueskryfwerk en spesifiek (vir die kortkuns" (Van Niekerk, 1999:350).

"Die ontspanningsleesstof uit daardie tyd word dikwels gekritiseer as van swak literêre waarde. Hierdie literatuur speel tog 'n belangrike rol in die oorgang van 'n funksioneel-dokumentêre literatuur na 'n kreatiewe literatuur van Afrikaanse vroueskrywers, en bowendien aktiveer dit 'n groter leserspubliek, wat 'n stimulerende invloed op die Afrikaanse letterkunde het."

(Van Niekerk 1994:14)

Dit is asof die vrouetydskrifte 'n teenpool teenoor die akademiese tydskrifte van die onverbiddelike institusionalisering van die literêre elite en intellektuele vorm, want "in dieselfde tydperk (1945) kom die literêre tydskrif *Standpunte* tot stand, wat werke van hoër literêre gehalte publiseer. In 1951 volg *Tydskrif vir Letterkunde* die Skrywerskringpublikasie *Jaarboek op*" (Van Niekerk, 1999:349).

Op grond hiervan kon dit ook gebeur dat dit wat vroue in dié periode skryf, as populêre literatuur geklassifiseer word, want "dit (is) opmerklik dat al die geskiedskrywers daarna neig om dié tendens primêr te verbind met die werke van dames wat op ongeërgde, dons-maar-op-manier sentimentele toneeltjies aanmekaar ryg (en) 'n staanplek verower in die groot skryffabriek waar masjiene lustig aan die draai gebly het om aan duisende vaste intekenaars elke maand 'n boek te lewer" (Schoonees, 1950:1 aangehaal deur Van Niekerk, 1999:49). Dit is waar dat daar van die ander kant van die onverbiddelike institusionalisering "op die gebied van die meer populêre lektuur, en van vroueskrywers veral, 'n stortvloed van nuwe publikasies gekom (het); verhale waarin die konvensionele perspektief op moraal en ideologie dikwels verruim en soms selfs verwerp is" (Roos, 1998:38).

Alhoewel dit gedurende hierdie periode voorkom of daar binne die literêre sfeer 'n "hoë mate van eenstemmigheid" (Willemse, 1998:7) bereik is, was daar duidelike tekens van verdeeldheid in die politieke sfeer waarby rolspelers in die literêre veld met die oorgang na die sestigerjare indringend betrokke geraak het. Terwyl daar egter aan die een kant 'n "laat, ietwat oordrewe (op)bloei van die Afrikaner-nasionalistiese paradigma" was, word dit nou egter duidelik dat die nuwe/moderne plaasroman die bestaan van vernuwing binne die Afrikaanse literatuursisteem aankondig (kyk Van Coller & Odendaal, 2005:31).

“In the modern South African plaasroman, important identifying characteristics of the traditional plaasroman are subverted and reconstituted in parody form. Typical targets are father-son successions, patriarchal authority, and the farm as idyllic space. Although the plaasroman retains its central position in Afrikaans literature, it does so in a radically ideological and psycho-philosophical perspective. The plaasroman sub-genre has now become a weapon for writers to attack both aspects of the literary tradition and the social-political reality of history, particularly the practice of apartheid.”
(Van Coller, 2008:33)

Aan die ander kant gebeur dit dus dat daar veral sedert 1955 ’n “aantal tekste op die boekrakke verskyn wat klaarblyklik ’n nuwe era in die Afrikaanse literatuur aangekondig het”.

“Die vernuwing was nie beperk tot die literêre sfeer nie, maar het die hele sosiale bedeling in Suid-Afrika geraak waar dit in die skaduwee gestaan het van ’n wêreldwye veroordeling van apartheid.”
(Van Coller & Odendaal, 2005:31)

Terwyl N.P. van Wyk Louw “as die vernaamste intellektueel (...) aangedring het op oorlewing in geregtigheid en ’n verbintenis tot die oop gesprek waarin gesoek word na ’n etiese oplossing vir Afrikaner-oorlewing”, was die Verwoerdregering besig met die aanpassing van die sensuurwet van 1931. Met die opkoms van “die geelpers word die Cronjé-kommissie in 1954 benoem om ‘die euwel van onweloweglike, aanstootlike of skadelike leesstof’ te ondersoek, maar die verreikende voorstelle van dié kommissie word uiteindelik nie deur die regering aanvaar nie”. Met “verdere erkenning wat van 1955 af aan die Afrikaanse taal en letterkunde van owerheidweë verleen” is, stel die owerheid hom dit ten doel om ook Afrikaans as ‘kultuurprodukt’ van die Afrikaner te bewaar (kyk Giliomee, 2004:505 & Kannemeyer, 2005:268).

Aksies wat hieruit voortvloei, was duidelik ’n poging “om bepaalde ontwikkeling teë te werk of ten minste te neutraliseer. Daarom skuil die hele mentaliteit van afkamping van die Afrikaanse wêreld, begrensing – let wel, nie ter wille van Afrikaans nie, maar ter beveiliging van die ideologies-nasionalistiese Afrikaner en sy stoflike besit” (Miles, 1985:102).

“Ons het maar te goed besef die stryd was nie bloot teen sensuur nie, want apartheid met sy gewelddadigheid was die mag wat dit beheer en gebruik het”.
(Malan, 2005:1)

4.5 VERNUWING

Rondom 1960 tot ongeveer 1980

“In 1963 was Louw woedend toe ’n NP-regering sensuurwetgewing indien. Soos hy dit gestel het, was dit te betwyfel of selfs lord Milner ’n meer doeltreffende middel kon bedink om Afrikaans te kniehalter en aan Engels in Suid-Afrika vrye teuels te gee. Afrikaanse werke wat verbied word, sal nooit in ’n ander land uitgegee word nie. Vir Louw het dit geklink of die regering se boodskap vir die jong aspirantskrywer in Afrikaans is: ‘Boeta. As jy jou sê wil sê, skryf in Engels! En as jy nie Engels goed genoeg ken nie, leer dit soos Joseph Conrad, maar skryf in Engels en behou jou siel!’” (Giliomee, 2004:382)

Hernieuwe vrese het ontstaan, enersyds omdat Afrikaans deur die inperking van sensuur die taal in ’n situasie van bedreiging kon plaas, en andersyds omdat dit daartoe kon bydra dat die taal se skrywers van hom vervreem kon word. Die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner sowel as die Afrikaanse skrywer het op hierdie stadium van sy geskiedenis voor ’n krisis gestaan wat meegebring het dat verandering feitlik onafwendbaar was (kyk 3.1).

“In die tyd van die Patriotters het die Afrikaanse beweging van S.J. du Toit van sy sterkste teenkating gekry uit die konserwatiewe oord: die puriste wat Hollands nie wou laat verwater en verbaster met kombuistaalelemente nie. Nou, ’n honderd jaar later, word Afrikaans weer eens bedreig deur ’n konserwatiewe onwerklik-puristiese en rassistiese mentaliteit.” (kyk Miles, 1979, 1985:100-102).

Apartheid as politieke strategie om die wit rassegroep in ’n magsgroep te hou, strek veel verder as die instelling van wette “designed to separate the races and ensure white supremacy”.

“The period between 1963 and 1985 in South Africa first saw the attempt at consolidation of the policy of apartheid and then witnessed its unraveling. During this period the white Afrikaner minority was in power.” (De Lange, 1992:7)

Alhoewel daar tot op ’n stadium in die Afrikanergeskiedenis ’n algemeen aanvaarde opvatting of konsep bestaan het dat almal wat wit is en Afrikaans praat, skryf en selfs lees, Afrikaners is, en dat sodanige Afrikanerskap sekere kulturele en morele norme en standaarde veronderstel, het “(b)āie van die stemme in die Afrikaanse gemeenskap (...) nou buite die party en die Broederbond, en die debat binne die Afrikanergemeenskap (...) uiteenlopend geword” (Giliomee, 2004:505).

“Kenmerkend van die literêre ontwikkeling in dié tydperk was ’n proses van polarisasie ten opsigte van skrywers en owerheid, en ook skrywers en ‘volk’: ’n proses wat vroeg in Sestig al sy verskyning gemaak het en gedefinieer is in die berugte botsing tussen Verwoerd en Van Wyk Louw oor die opvoering van *Die pluimsaad waai ver* in 1966.”
(Brink, 1982:166)

Dit is waarskynlik ’n uitvloeisel van ’n nuwe tydperk binne die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat verder gekenmerk word aan die geweldige druk wat op die maatskappy geplaas was, want die harmonieuse beeld van Afrikaners as ’n wit eenheid was bedrieglik en oppervlakkig. In Suid-Afrika word die dreigende “klimaatsverandering” ’n werklikheid, omdat die burgers van die land ’n nuwe kyk op die werklikheid geopenbaar het (kyk Roos, 1998:52; Kannemeyer, 2005:275).

“Veel meer as vroeër ontwikkel ’n kritiese ingesteldheid wat, met die emansipasie van Afrika en die ontwikkeling van die Wes-Europese welsynstate met hul vrysinnige samelewing, hulle op ’n ander wyse laat kyk na die Afrikaner se waardestelsel en nasionalistiese oortuigings. Dié ingesteldheid lei tot die selfondersoek, ’n reaksie op die verstarde denke van die behoudendes en voortdurende pogings om deur gesprekke ’n beter mense- en volkereverhouding in Suid-Afrika te kry.”
(Kannemeyer, 2005:266)

Ook binne die literêre sfeer van die “vroeë sestigerjare het die lede van ’n nuwe literêre beweging bekend as die Sestigters werke vol van die nuwe tydgees die lig laat sien. Hulle het moderne tegnieke gebruik om moderniteit, sekularisasie en seksuele vryheid te ondersoek en te beskryf. Naas hierdie werk, wat dikwels eksperimenteel van aard was, was daar ook hoofstroomromans wat ’n nuwe gemoedstoestand weerspieël het.” Onder andere was die veranderende beeld van die man as die dominante figuur in die gesin en gemeenskap nou besig om op die agtergrond te skuif en het dit plek gemaak vir “dikwels passiewe randfigure wat moeilik met die gemeenskap meng”; wat “worstel om hulleself te ontdek” en om “die kompleksiteit van die maatskaplike werklikheid te begryp” (Giliomee, 2004:504, 505).

“In die sestigerjare kom daar ’n wegswaai van die tradisionele Afrikaanse motiewe in die rigting van ’n groter ‘internasionalisme’ en ’n eksperimentele verkenning van nuwe strukturele, temporele, tipografiese en verstegniese moontlikhede.”
(Kannemeyer, 2005:275)

Afrikaanse literatuur het nou ’n “nuwe soort aarselende Afrikaner en ’n komplekse geskiedenis beskryf”. Sienings wat onder andere hieruit in tekste na vore

gekom het, was binne die geledere van die Nasionale regering onaanvaarbaar. Met dié tekste, wat nou 'n duidelik vernuwende samelewing weerspieël het, het skrywers soos Rabie, Leroux, Brink, Van Niekerk, Barnard; asook Breytenbach, Schoeman, Venter, Miles, Stockenström, Joubert en Matthee, daartoe bygedra “om die politieke bewussyn van die Afrikaanse leserspubliek op 'n subtiele manier te verander”. Ideologiese oorwegings wat hieruit na vore gekom het, het verskil van “die politici se voorstelling van” die Afrikaner as “doelgerigte mense, vasbeslote om alle bedreigings van hul oorlewing die hoof te bied” (Giliomee, 2004:505).

Die Afrikanerowerheid het dit as hul plig beskou om die “gesuiwerde” norme en sedes wat deel van sy Afrikanerskap was, te bewaar, waarskynlik juis as gevolg van 'n groot bedreiging omdat almal wat wit was en Afrikaans gepraat het, nie noodwendig soos die “konserwatiewe-isolasionistiese Afrikanerdom” gedink het nie. Dit het dus duidelik geword dat die vernuwing wat met die vroeë sestigerjare aanbreek, nie net tot die Afrikaanse letterkunde beperk was nie, maar sy invloed op die hele maatskaplike bestel in Suid-Afrika laat geld het. Hierdeur is baie van die taboes en vooroordele van die samelewing afgebreek en is die tradisionele literêre, morele, godsdienstige en politieke konvensies van die Afrikaner gewysig (kyk Kannemeyer, 2005:266-268).

“In the eyes of the Afrikaners, the necessity for strict control resided in their perception that South Africa was a state in transition (...). Literature was therefore called upon to comply in large measure with the vision of Afrikaner utopian society.”
(De Jager, 1995:29)

Met die ondersteuning van die Afrikaanse kerk(e) as “sedebewakers” en deur apartheidswetgewing wat later as 'n “skrikbewind” (Malan, 2005:1) beskou is, het die Afrikanerowerhede op alle moontlike gebiede van die samelewing gepoog om vashouplek te kry en te behou – ook dié rakende die geskrewe woord:

“A law to curb the freedom of expression, a necessary element of a repressive system, was one of the last to be adopted. Under the Publication and Entertainment Act, all publications and objects could be put up for review and banned if found harmful or offensive to the interests of the state and its citizens.”
(De Lange, 1992:7-8)

Binne die Afrikaanse literatuursisteem het dit gebeur dat sodanige optrede van die owerhede dié marxistiese siening dat “sensuur die voorgeskrewe vrees (is) vir

die moontlikhede wat in die verbeelding lê” tot realiteit gebring het (kyk Degenaar, 1985:128). Die ontstaan, bestaan en voortbestaan van alle tekste, ook die geskrewe teks, is hiermee op die spel geplaas – veral aangesien daar in dié wetgewing hoegenaamd nie sprake van literariteit was nie. Nêrens in die wetgewing of wet is “die besondere aard van die literêre kunswerk ingebou” nie en “estetiese oorwegings” was “vir die wetgewer irrelevant” (Kannemeyer, 2005:270 en 271). Afrikaans en die beoefenaars van die Afrikaanse letterkunde het hiermee voor ’n totaal nuwe situasie of krisis, te staan gekom.

“The censor is in several respects a special kind of reader. He is also a reader who often does not honor the aesthetic conventions for the interpretation of literature. He reads a literary text as a statement about the world, as a message with only a referential function, ignoring its poetic function.”
(Coetzee, 1997:1)

Volgens Miles (1979) was sensuur as wetgewing ’n owerheidsbesluit wat neerkom “op sosiale manipulasie” wat “voortgevloei het uit ’n beleid van imperialisme, intertyd in die Westerse politieke denke die natuurlikste, eerbaarste en mees wettige houding denkbaar” (Miles, 1985:95).

“Because the standards, as applied, were so clearly ideologically biased, censorship affected each group (...) depending on its relation with the ruling elite (...) the structures of censorship affected Afrikaans literature.”
(De Jager, 1995:29)

Verdere vrese het ontstaan ten opsigte van die verlamme inwerking van sensuur op die skrywer, en daarom ook op die sisteem. De Geest (1996:173) dui aan dat “de meest extreme uiting van dit marginaliseringsmechanisme is uiteraard de sensuur”. Alhoewel die Hertzogprys wel aan Leroux vir *Sewe dae by die Silbersteins* toegeken word, vind ingryping van kulturele en morele Afrikanerleiers gedurende 1964 plaas omdat dié teks aanvanklik as moreel onaanvaarbaar beskou is. Hiermee het ’n polemiese stryd binne die literêre sfeer ontstaan, wat ’n weerspieëling was van die sosiopolitieke stryd wat ook nou in die Suid-Afrikaanse samelewing werklikheid was.

“This battle pitched one group of Afrikaners against another, writers versus politicians.”
(De Jager, 1995:28)

Die breuk wat nou al geruime tyd bestaan het, word soos 'n “groot kloof tussen die beste skrywers en die politieke leiers” wat deur die Afrikaanse literatuursisteem binne die Suid-Afrikaanse konteks in en weer terug vanuit die Afrikanerkonteks terug in die Afrikaanse literatuursisteem loop. Aan die een kant was die leiers van die politieke sfeer en aan die ander kant dié binne die literatuursisteem of literêre sfeer. Eerstens kom Van Wyk Louw en Verwoerd (soos reeds aangedui) teen mekaar te staan na aanleiding van Louw se drama *Die pluimsaad waai ver*, tweedens vind 'n botsing tussen Opperman en P.W. Botha plaas na aanleiding van 'n “politiees” geïnspireerde gedig van Opperman waarin hy geskryf het dat hy “gedroom het van 'n republiek”, en derdens het John Voster en Breytenbach teenpole gevorm veral op grond daarvan dat beide hulself as Afrikaners beskou het, maar as twee uiteenlopende “vorms van Afrikanerskap”. Hierdie botsing was so intens dat dit uitgeloop het op die uiterste vorm van sensuur, naamlik verbanning (kyk Giliomee, 2004:506, 507; kyk ook Brink, 1982:165-169).

Verder kom dit voor dat “hoe ideologieser die wetgewing geword het, hoe radikaler was die wegbreek van die Afrikaanse skrywer” (Miles, 1985:101). Vanuit letterkundige geleedere word daar opgetree deur 'n (nou) goed gevestigde literêre medianetwerk en nie net deur middel van “hulle skeppende werk” nie. Ook verskyn van hierdie skrywers, wat onder meer oor hul gesamentlike poging teen sensuur as die Sestigters bekend gestaan het, betogende stukke in die vorm van dagbladartikels, verklarings aan die nuusmedia, briewe in die meningskolomme van koerante, persoonlike onderhoude met verslaggewers en geleentheidstoesprake. Dit was nou duidelik dat “die heftigste kritiek op die wet gerig was teen die kriterium wat by 'n verbod aangelê word, onder meer dat 'n publikasie ongewens is indien dit of 'n deel daarvan onbetaamlik of onweloweglik is of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is; godlasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is” (kyk Kannemeyer, 2005:268, 269; De Lange, 1992:8; Van Coller & Odendaal, 2005:32).

Sodoende het die stryd rondom literêre sensuur tussen die twee opponerende pole van die staat as toepasser van sensuur versus die skeppers en gebruikers van literatuur “(k)enmerkend van die literêre ontwikkeling sedert die sestigerjare” geword en selfs verder versprei – dus nie net as 'n “proses van polarisering ten opsigte van skrywers en owerheid nie, maar ook skrywers en ‘volk’” (Brink, 1982:166). Die “politiees-ideologiese verdeling” onder almal wat as Afrikaners gereken is, is

oopgevelek – dié tussen konserwatief denkende Afrikaners, wat as “verkramp” beskryf is, en die “verligte” liberaal denkende Suid-Afrikaners. Dit is veral die “verstedelike Afrikaners” wat hul “ontuis voel binne die grense wat die volksleiers”, met ander woorde, die Afrikanerowerheid, “politiees, religieus en kultureel vir hulle afgebaken het” (Kannemeyer, 2005:266).

Opvallend is dat dié “verligte” denkers hulle by die literatuur skaar – wat ook die Engelse en Afrikatalige literatuursisteme ingesluit het (kyk Coetzee, 1991: Introduction & De Lange, 1992). Liberaal denkende politieke leiers het openlik aangesluit by Afrikaanse letterkundiges, ’n verhouding wat later politiees georiënteerd sou raak. Die skrywer Jan Rabie het onder andere as voorloper van die Sestigters “sedert die vyftigerjare al probeer om die oorlewing van Afrikaans te verseker (...) en hom terselfdertyd vir die vereniging van alle Afrikaners – bruin, swart en wit – beywer” (Du Preez, 2005:125).

“Jan Rabie het, soos Louw, nooit werklik anderkant die opvatting van swart volke as die boustene van ’n oplossing vir die wit-swart-probleem beweeg nie, maar was net so passievol as hy oor die noodsaak dat wit en bruin Afrikaanssprekendes as een gemeenskap beskou moet word. Daar was ’n feller afwysing van ’n bestel wie se (sic) fundamente nie kultuur, taal of godsdienst is nie, maar ‘die dorre ellende van mag via velkleur’, wat die gevaar skep dat Afrikaans ‘n knorrige amptenaarstaaltjie word wat moet sterf”.

(Giliomee, 2004:507; kyk ook 537)

Optredes vanuit letterkundige en skrywerskringe soos hier aangedui, kon gesien word as die daadwerklike begin van ’n demokratiese proses as teenpool vir apartheid, veral aangesien sensuur as uitvloeisel daarvan, die gebruiker van die woord – ook die Afrikaanse woord – sy demokratiese reg om vryheid van spraak, ontnem het.

“Sensuur het natuurlik wyer gestrek as bloot die verbod op publikasies. Dit het vele vorme aangeneem, waarvan intimidasie nie die minste was nie.”

(Malan, 2005:1)

Die apartheidsregering het waarskynlik besef dat skrywers, wat op ’n stadium eintlik verkeerdelik as ’n eenheid gesien is, nie meer hulle ideologiese ideale gedeeltes het nie, veral aangesien intellektuele soos skrywers in die verlede daartoe bygedra het om ’n stel ideologiese aannames in diskoerse gevestig te kry en verseker het dat die nasionalistiese “Afrikaner van die verlede” se ideologiese uitgangspunt deur die

“volk” aanvaar is. Hulle het beseft dat ’n samesnoering tussen skrywers wat hulle taal as kultuurdraer in hul tekste gebruik, versus die “verligtes” wat nou in die literêre veld aanwesig was, ’n totaal nuwe dimensie in die Suid-Afrikaanse politieke milieu kon veroorsaak. Deur sensuur, intimidasie en selfs verbanning – nie net van sommige geskrewe tekste nie, maar ook van die skrywers as skeppers daarvan – het hulle gehoop om dit te stuit. Teen 1965 is politieke mag uitgeoefen deur onder andere ’n visum vir Breytenbach vir Suid-Afrika te weier. Volgens Vorster was die rede hiervoor nie Yolanda, Breytenbach se vrou, wat deur die apartheidstelsel as ’n nie-blanke geklassifiseer was nie, maar sy “radikale politiek”.

“Vir Vorster was Breytenbach bo en behalwe sy politieke bedrywighede ook ’n vyand van die volk wie se poësie moreel verderflik en polities aanstootlik is.”
(Giliomee, 2004:506; kyk ook Brink, 1982:167)

Onder die Afrikaanse letterkundiges het daar egter ook ’n “verdelende stryd” bestaan, veral ten opsigte van aspekte rondom die toepassing van sensuur kragtens die Wet op Publikasies. Kannemeyer (1983) verleen verdere nuanse aan die polariserende aard van dié periode wanneer hy daarop wys dat die literêre establishment hulle by die owerheid en die kerk as die sedebewakers geskaar het. Polarisasie in die literêre veld van die tyd veronderstel dus die skrywers wat as die establishment hulle by die owerheid as sensuurwetgewers aansluit versus die skrywers wat hulle daarteen verset. Ook binne die sisteem “was verset, konflik en stryd deel van die literêre vernuwing” (kyk Kannemeyer, 1983:229; Roos, 1998:55).

Op dié stadium het sensuur met “verset, konflik en stryd” as teenreaksie daarop, uitsluitlik binne die literêre veld van die tyd ’n uitwerking gehad. Die verbrokkeling van die “onverbiddelike (manlike) institusionalisering” in die literêre veld was onafwendbaar. Rolspelers soos Van Wyk Louw (met die verskyning van sy *Vernuwing in die prosa* – 1961) en Opperman (nou as literêre adviseur by Human & Rousseau) van die vorige bedeling of literêre veld se “enigste verweer” is nou ook “literêre gehalte” (Brink, 1982:166).

“’n Nuwe era van destruktiewe puritanisme, meermale ’n simptome van politieke absolutisme, word hiermee aangekondig en selfs literatore wat vroeër beheer voorgestaan het, is hiermee vervreem.”
(Brink, 1982:167)

Hulle word deel van 'n nuwe literêre veld deur as bemiddelaars op te tree tussen die owerheid en die skrywers – ter wille van “die vryheid van kunsbeoefening”. Dit kan gesien word as 'n eerste stap in 'n rigting waar Afrikaanse literatuurbeoefening hom wou losmaak van taal as kultuurontwikkelaar van 'n uitgesoekte etniese groep. Die eksklusiewe moes plek begin maak vir die inklusiewe. 'n Totaal nuwe verligte literêre veld sou hiermee in die vooruitsig gestel word – een waar ook vroue as akademici 'n geleentheid tot posisie-inname kon verkry.

Met die voorsprong wat mans tot nou toe in die literêre veld gehad het, was dit steeds oorwegend mans wat as rolspelers optree. Gedurende hierdie tydperk vind geweldig baie veranderinge en ontwikkeling op tersiêre vlak in Suid-Afrika plaas. Nuwe universiteite kom tot stand. Navorsingsentrums, soos die dokumentasiesentrum vir taal en lettere, word in 1970 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gestig. Waarskynlik met die oog op die bewaring van die “literêre kanon”, verskaf die Universiteit van Stellenbosch ruimte in die universiteitsbiblioteek (aanvanklik die Carnegie, later die J.S. Gericke) beskikbaar vir “N.P. van Wyk Louw, W.E.G. Louw en D.J. Opperman se manuskripte, korrespondensie en ander dokumente” en word M.E.R. se versameling later saam met dié van die grotes geberg. Instansies soos hierdie bied nie slegs net geleenthede vir die beoefening van literatuurwetenskap nie, maar ook geleenthede vir vroue in die akademiese arbeidsmark (kyk Kannemeyer, 2005:226, 267).

Vroue word ook deel van groot verskuiwings wat in die media rondom die literêre toneel plaasvind. Elize Botha se rol in dié literêre veld word as “nuwe lewe” en inspirerend beskryf en Edith Raidt word as uiters “bekwaam” in die redaksie van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* geag (Brink, 1982:167). Vroue kry dus nie net geleentheid om hierdie arbeidsmark te bekleed nie, maar verkry ook status deur die toekenning van prestige-posisies. Saam met dié “verligte” klimaatsverandering in die literêre veld, kom ook “groot vernuwing in die literatuur voor, maar dit word hoofsaaklik deur manlike skrywers geleid” (Van Niekerk, 1999:308).

“In die wydste sin van die woord sou die begrip ‘Sestiger’ dui op die skrywer wie se werk behoort tot die beduidendste wat in die huidige dekade in Afrikaans voortgebring word. In 'n enger sin (...) dui dit op skrywers wat verbonde was aan die kwartaalblad van die literêre avantgarde, *Sestiger* – d.w.s. Aucamp, Barnard, Brink, De Vries, Leroux, Rabie en Dolf van Niekerk. Hierby sou gevoeg word die belangrike figuur Breyten Breytenbach; en ander wat meer op die periferie beweeg: Pieter Venter, Coenie Rudolph, Anton Prinsloo.”

(Brink, 1967:15; kyk ook Coetzee & Polley, 1990 en Kannemeyer, 2005:268, 289)

Die groep is daarna beskryf as 'n "hoogs begaafde groep skrywers" (Van Rensburg, 2004:7) wat die "'Sestig-merk' ten opsigte van die nuwe prosa" gedra het deurdat vernuwing ook op verskeie teksvlakke waargeneem is. Brink (1967) som die karakteristieke aard van dié vernuwing alreeds vroeg in die periode self op as 'n "wyse wat sterk assosiasies oproep met Van Wyk Louw se programmatiese pleidooi" (Roos, 1998:56), naamlik 'n "uitgaan van die relatiewe – en nie die absolute nie – as romangegewe, 'n inborende ontginning van alle aspekte van die romantekstuur; en, spesifiek, die hantering van *tyd* as aktiewe struktuurfaktor" (Brink, 1967:13).

Alhoewel die Sestigers wat hierbo deur Brink (1967) genoem word, almal mans is, word dit tog duidelik dat vroue – waar spesifiek Joubert en Jonker genoem moes word – "(s)edert die sestiger- en sewentigerjare (...) meer en meer toetree tot die kultureel-invloedyke elite en word sy toenemend betrokke in die ernstiger estetika van modernisme, soos in Afrikaans gemanifesteer" (Van Niekerk, 1999:308). Dit wil egter voorkom of slegs dié vroueskrywers(-sters) wat by die "karakteristieke aard van die vernuwende prosa" kon aansluit, daarin kon slaag om gedurende hierdie tydperk self 'n mate van erkenning as skrywers te kry.

Die verwarring tussen die tradisionele en vernuwing speel oënskynlik 'n rol by die plasing van vroue wie se werk gedurende hierdie tydperk verskyn volgens die intersistemiese diskoers. Aan die een kant kan Muller se moontlike bydrae tot die Sestigers (soos reeds bespreek) nie buite rekening gelaat word nie (kyk 4.4). Aan die ander kant gebeur dit dat Anna M. Louw (1913-2003), Elsa Joubert (1922-) en Henriëtte Grové (1922-) se tekste wat gedurende hierdie periode verskyn, in Kannemeyer (2005) se jongste literatuurgeskiedenis van die Afrikaanse letterkunde óók hanteer word as "prosa tussen tradisie en vernuwing". Sou hulle dan eerder as randfigure van dié manlike skrywers – die genoemde Sestigers – beskou word of eerder as deel van ander (manlike) skrywers wat ook in dié tydperk prosatekste publiseer, maar nie as Sestigers gereken is nie?

"Afgesien van die groep wat as die Sestigers bekend staan, is daar vanaf die sestigerjare heelparty ander skrywers wat buite die vernuwing tog hulle eie bydrae tot die Afrikaanse letterkunde lewer of wat struktureel by die Sestigers aansluit en die tegniese winste benut, sonder dat hulle regstreeks met die 'Beweging' van Sestig in die enger sin van die woord te make het of deurgaans in die nuwe idioom skryf."
(Kannemeyer, 2005:276 & 292-309)

Van der Merwe (1994) dui nou 'n laaste fase ten opsigte van die ontwikkeling van skryfwerk deur vroue aan: “female writing against the patriarchal system”. Interessant word Muller (soos bespreek) in Van der Merwe se werk *Breaking barriers* (1994) in hierdie kategorie geplaas. 'n Teks wat egter gedurende die sestigerjare verskyn en in die “nuwe idioom” of fase geskryf is, is *Die bok* (1964) van Ingrid Jonker. Die grense wat die huwelik aan die vrou stel, word die tema van hierdie teks. Net soos die man en vrou in die huwelik se bok hulle rose opvreet, wat veroorsaak dat die roosbome nie weer sal blom nie, vernietig die dominerende rol van die man binne die huwelik die skoonheid' en hoop vir sy vrou.

“The stereotyped role of the woman, that of wife and mother, is portrayed as a prison. The woman wants to escape, but is unable to.”
(Van der Merwe, 1994:74)

Wat verder in die bespreking van Van der Merwe (1994:73-77) na vore kom, is die aanduiding van vroueskrywers se groter wordende aktiewe deelname aan die intersistemiese diskoers. Daar word aangedui dat dit nou ook duidelik word dat nie net die vroulike karakters soos beskryf deur sekere vroueskrywers daarin slaag om buite die ideologiese grense van hul voorgeskrewe geslagsrol of die patriargale bestel van kolonialisme te beweeg nie, maar dat die vroueskrywers van die tekste sêlf ook besig was om in die literêre veld van die tyd die grense van haar gemarginaliseerde posisie te deurbreek. Die beweging van 'n moderne nuwe “plaas” as “ideologiese ruimte”, soos aangedui deur Van Coller (2008), veronderstel vir die vrou nou ook 'n nuwe bedeling wat dit vir haar moontlik maak om vanaf die periferie na die dominante sentrum in die literêre veld te beweeg. Op hierdie stadium van die literatuurgeskiedenis sou dit moontlik Anna M. Louw (1913-2003) en Elsa Joubert (1922-) insluit.

“With their literary contributions the female writers move to the foreground in Afrikaans literature. Initially their views on gender roles are conventional – especially those of Anna M. Louw.”
(Van der Merwe, 1994:72)

Anna M. Louw slaag nie net daarin om in *Kroniek van Perdepoort* (1975) “met die achronologiese struktuur (...) die roman weg van die tradisionele Afrikaanse prosakuns” te swaai nie, maar sluit ook aan by die Sestigters se “hantering van *tyd* as aktiewe struktuurfaktor” (kyk Kannemeyer, 2005:297; Brink, 1967:13). Wanneer *Kroniek van Perdepoort* deur Van der Merwe (1988:121) beskryf word as 'n

“hoogtepunt in Louw se oeuure” en as “een van die hoogtepunte in die Afrikaanse literatuur”, word daar ook verwys na die mate van vernuwing ten opsigte van die tradisionele plaasroman. In hierdie teks is dit teen die agtergrond van die veranderende sosiopolitieke omstandighede egter opvallend dat die dominante manlike karakter – “Koos Lotriet, bygenaamd Koos Nek” – amper oordrewe as patriarg na vore kom. Juis as gevolg daarvan word die “stoflike degenerasie van die Lotriets” en die gepaardgaande “morele degenerasie” van drie “Afrikanerboere geslagte” – wat ook “ongehoorde” bloed- en rasvermenging insluit, binne die raamwerk van die moderne “plaasroman” nie-chronologies geskets. Dié boek, wat deur Van der Merwe (1988:116-121) as ’n “speurtog na die waarheid” gesien word, word dus eerder ’n fel aanval op die tradisionele plaasroman, wat daartoe bydra dat Louw eie aan dié periode van vernuwing “na vore tree”:

“So with Louw, (...), the female author comes to the fore, but not the female character.”
(Van der Merwe, 1994:72)

In die geval van **Elsa Joubert** blyk die situasie anders te wees. In die artikel, “Elsa Joubert as postkoloniale skrywer: ’n herwaardering” (Van der Spuy & Van Vuuren, 2007), word dit duidelik dat die “subversiewe” aard van haar tekste dui op die gesketste geslagsrol van haar vroulike hoofkarakters wat in terme van “die dualiteit koloniaal/postkoloniaal” in haar oeuure gereflekteer word. Daar word verder aangedui dat “resensente Joubert eers as ’n sogenaamde ‘ernstige’ skrywer beskou het ná die verskyning van *Ons wag op die kaptein* in 1963 en *Die Wahlerbrug* in 1969”. In beide *Ons wag op die kaptein* (1963) en *Bonga* (1971) kom die rol van die vrou pertinent na vore. In *Ons wag op die kaptein* (1963) moet Ana Paula “wel ’n vroulike rol gaan vervul, naamlik om kinders te kry, maar sy moet dit onder buitengewone omstandighede doen”, terwyl Inacia Maria (*Bonga*, 1971) trou, “anders as wat van haar verwag is, met ’n gekoloniseerde swartman”. Volgens Van der Spuy en Van Vuuren, 2007 word die subversiewe aard van Joubert se vroeë werk soos hierbo genoem, gedurende die sestigerjare self nie raakgelees nie. Daar word aangeneem dat dit moontlik is dat die subtile aard van die ondermynende elemente, asook die skynbare opbou van die *status quo*, daartoe bygedra het dat hierdie elemente nie opgemerk is nie.

“Dit is ook moontlik dat die historiese konteks waarin Joubert se boeke verskyn het, bygedra het tot kritici se onvermoë om die politieke bydrae

van haar oeuvre te erken, aangesien dit lyk asof hulle versigtig was om stelling in te neem wat betref kontensieuse temas in haar werk.”
(Van der Spuy & Van Vuuren, 2007:116)

In hierdie artikel word “binne die konteks van ’n nuwe politieke bestel en die soeke na ’n nuwe Suid-Afrikaanse identiteit” die “subtiele aard” van hierdie elemente bespreek en word aangedui hoe “hierdie spesifieke subtiliteit daartoe kon bygedra het dat die belangrike tematiese ondermyning van die *status quo* soos wat dit in die romans uitgebeeld word, dikwels nie deur (manlike) kritici en resensente raakgelees is nie” (Van der Spuy & Van Vuuren, 2007:115).

As deel van ’n kommunikatiewe benadering tot die werk van Elsa Joubert, wys Van der Berg (1993) op ’n deurlopende “obsessiwiteit” wat beskryf word as ’n “living together pattern” soos dit reeds vanuit die staanspoor in haar skrywersloopbaan voorkom. In Van der Berg (1993:85, 86) toon Aucamp aan dat “haar ‘magnificent obsession’ – die roeping van almal in Afrika ‘om almal as ewemense te aanvaar’” alreeds in *Suid van die wind* (1967) na vore kom. Teenoor Dieter Welz verklaar Joubert dat dit juis hierdie “saamleef van mense van verskillende rasse” is wat haar ten opsigte van haar skryfwerk gemotiveer het (Van Coller, 1998:59): “living-together pattern – (t)hat has been the primary moving object in all my writing”. Nieteenstaande die prestige wat Joubert wel later ontvang, was hierdie beweegrede tot skryf – veral so vroeg in die sestigerjare, nog “ideologies onverteerbaar”, want dit skyn tog of onderskatting van haar werk wel gedurende die sestigerjare voorgekom het:

“In 1968 loof *Die Burger* se resensent (P.G., 1968) Elsa Joubert as ’n ‘volwasse, skerpsinnige, wêreldwyse’ skrywer en voeg dan hierdie lof daaraan toe: ‘(E)k wil byna sê, manlik ingestemde skrywer’. Sy word ook, deur dieselfde resensent, van raad bedien: sy moet ‘liewer (...) tuisbly’ en ’n ‘kort roman’ skryf. Dit is duidelik uit hierdie raad dat die resensent reisverhale as minderwaardig in vergelyking met romans beskou het.”
(Van der Spuy & Van Vuuren, 2007:115)

Die vraag ontstaan verder of “raad” soos hierdie nie daarop sinspeel dat dié tipe werk van Joubert as net “nog ’n damesroman” geklassifiseer word nie, met ander woorde, moontlik as ontspanningsleesstof nie. Het dié algemene stereotipering rondom “skryfwerk deur vroue” dan nog steeds bestaan? Nogtans lyk dit of beide vroulike karakters soos geskep deur Joubert, as Joubert as skrywer self dit regkry om grense te deurbreek en buite die tradisioneel gestereotipeerde rol as vrou te beweeg.

Vroeg in haar loopbaan slaag Joubert daarin om aan te sluit by die “literêre merkers” van die tyd. Dit gebeur alreeds gedurende die sestigerjare dat haar werk ’n “verwantskap met die allegories-simboliese inslag van Leroux se romans toon”. Moes sy nie eerder geëerd gevoel het om met dié Sestiger geassosieer te word nie? Dat rolspelers in die literêre veld sodanige hiërargiseringstrategie ten opsigte van Joubert gebruik, verleen nie net aan Leroux die mees dominante posisie in die hiërargie van literêre aktiwiteite nie, maar verskaf ook aan Joubert self literêre prestige (kyk Kannemeyer, 2005:301).

Die feit dat beide Anna M. Louw en Joubert daarin slaag om letterlik soos die genoemde mans van die sestigers te skryf, sou gesien kon word as ’n motivering waarom beide in literatuurgeskiedskrywings ingesluit word deur uitgebreide profiele aan hulle af te staan – veral met inagneming daarvan dat hulle voorkeur geniet het bo ander vroue wat ook in dié tydperk gepubliseer het. Wat egter belangrik is, is om te besef dat beide vroue daarin slaag om deur middel van hulle prosatekste aan te sluit by dit wat op daardie stadium noodsaaklik is vir insluiting vir ’n dominante posisie in die hiërargie van literêre werke. Veral Elsa Joubert verdien hoë agting in dié verband. Soms wil dit voorkom of ware prestige haar eerder in die sewentigerjare of selfs aan die einde van die twintigste eeu werklik te beurt val (kyk 4.9).

“Hoewel sy nooit as ’n Sestiger geëtiketteer is nie, het haar prosa toe reeds deur die eksperimentering met die vertellersaspek, die relativisering van tyd en ruimte en die gerelativeerde werklikhede uiters effektief die modernistiese idioom ontgin.”
(Roos, 1998:81)

Dit is veral die fokus op verhaalontwikkeling deur die Sestigers wat ’n paradigma-verandering ten opsigte van literêre benaderings in die Afrikaanse literatuursisteem teweegbring. Hierdie benaderingswyse was egter ’n “spesifieke literêre stroming wat so min of meer in 1910 en 1930 (alreeds) ’n bloeitydperk beleef het”. Die gebruikmaking van die modernisme vind dus heelwat later in die Afrikaanse literatuursisteem plaas, veral as daar in ag geneem word dat dit teen hierdie tyd in ander wêrelddele en literatuursisteme alreeds uitgedien was (kyk Liebenberg, 1993:317-320). Die hoofrede hiervoor was waarskynlik dat die Sestigers – oor die algemeen as “verligte denkers” beskou – die eerste skrywers in die geskiedenis van die Afrikaanse literatuursisteem tot op hierdie stadium was wat daarin kon slaag om aansien in die literêre veld van die tyd te verkry sonder om noodwendig ’n “party-politieke wapen” te gebruik.

Ondanks die streng sensuurmaatreëls, dui onder andere Van der Spuy en Van Vuuren (2007:116) aan dat “enige sweem van kritiek teenoor die bestaande bestel”, (...) “meestal geïgnoreer” is, dit veral na aanleiding van *Bonga* (1971). Ook Roos (1998) gaan van die standpunt uit dat “(b)inne die groter, aktuele Suid-Afrikaanse samelewing (...) die outeurs weinig betrokkenheid by die politieke, rasgefundeerde konflik getoon” het. Dit is juis hierdie aspek wat meebring dat dié stroming van die Afrikaanse literatuursisteem ook al beskryf is as “Sestig: Afrikaans se Modernisme”, maar ook ’n beweging was wat daartoe bygedra het dat die Sestigters gedurende die sestigerjare oënskynlik almal wit mans was. Dit kon aanleiding gee tot die versterking van die stereotipering van die kanon as ’n (blanke) manlike konstruksie tot op hierdie stadium. Ten spyte van die meer demokratiese of verligte aard van die Sestigters, was dié gestereotipeerde beeld steeds daar (kyk Roos, 1999:54-72). Verder dui Brink (1980) aan dat “(g)ewone literêre integerheid sonder bymotiewe (...) ’n skaars artikel geword” het (Brink, 1980:14).

Versetoptrede vanuit die Afrikaanse skrywersgeledere loop in 1975 uit op die stigting van die Afrikaanse Skrywersgilde. Dis opvallend dat slegs één vrou, Elsa Joubert, direk daarby betrokke was, en dit ook eers heelwat later.

“In die teken van dié polarisasie moet gesien word die stigting van Afrikaanse Skrywersgilde in 1975, as bolwerk van ’n vrye en verantwoordelike literatuur in ’n bedreigende situasie; en simptome daarvan was ook die bedanking van sewe skrywers (Leroux, Barnard, Rabie, De Vries, F.A. Venter, Elsa Joubert en Leon Rousseau) uit die S.A. Akademie in 1977.”
(Brink, 1982:166)

Volgens die Sestigters is dit dus veral “die groeiende polarisasie” binne die literêre veld self wat sodanige “stigting van verantwoordelike literatuur in ’n bedreigende situasie” noodsaaklik maak (Brink, 1982:166). Nie net ervaar die Sestigters ondersteuning vanuit die verstedelike, meer welvarende wit gemeenskap, wat waarskynlik ook Engelssprekendes ingesluit het nie, maar het hulle werk ook “op lewensbeskoulike wyse ’n spesifieke Wes-Europese visie gereflekteer”. Conradie (1996) dui onder andere aan “dat die Afrikaner-volkskapitalisme in die tweede helfte van die eeu geleidelik vervang word deur kapitalisme van ’n wit elite en dat die gebruikswaarde van Afrikanerkultuur en literatuur as ’n party-politieke wapen minder belangrik word. Hierdeur word dit vir vroue moontlik om meer individualisties te skryf

en selfs hul skryfwerk in te span teen die tradisionele Afrikaner-kultuur” (Van Niekerk, 1999:308).

Volgens die meganisme van intersistemiese diskoers binne die Afrikaanse literatuursisteem, wil dit voorkom of veral die sosiokulturele en/of sosiopolitieke verwagtings rondom die Afrikaner as die gebruikers van Afrikaans tot by die aanvang van hierdie periode, dié beperkende faktor ten opsigte van die vrou as individu binne ’n patriargale bestel was. Deur ’n vernuwende uitkyk op gebeure in die samelewing waar openlike verset teen die establishment nou feitlik ’n alledaagse verskynsel word, kry ook vroue die geleentheid om hulle te waag op gebiede wat vantevore taboe was. Kritici vanuit die literêre veld as deel van die ‘establishment’ – ook gesien as literatore wie se politiek-ideologiese verbintenisse hulle oordele en optrede sou bepaal – beskryf die Sestigters “as ’n ‘kliek’ en ‘inkterroriste’ en “as skrywers wat nie meer die ‘draers van die Afrikaanse gedagte’ was nie; dié wat die grens tussen geslagte en rasse verwerp het en wat Afrikaner-nasionalisme vyandig was” (Roos, 1999:64).

Vernuwing binne die literatuursisteem van Afrikaans deur die Sestigters, kan volgens die navorser as die begin van ’n demokratiese bestel in die klein beskou word. Nie net is daar gepoog om weg te doen met eksklusiwiteit ten opsigte van ’n taal vir slegs ’n uitgesoekte kultuurgroep nie, maar veral omdat die literêre sfeer hom kon losmaak van die politieke sfeer en die kuns hom sodoende daarvan wou onderskei om nie net kuns te skep ter bevordering van ’n taal of ’n kultuur nie. Daar moet besef/aanvaar word dat dié “literêre denke die volk of nasie se denke ’n ent vooruit (kon) wees en sy ontwikkeling selfs (kon) lei” (Cloete, 1992:335).

Alhoewel die Sestigters later deur Roodt (1988:38-47) beskryf is as “naïewe en mislukte na-apers van ’n Westerse Modernisme” veral omdat hulle in wese steeds verbind was met konserwatiewe Afrikaanse sosiale en literêre tradisies, het die Beweging van die Sestigters tog daarin geslaag om as voorgangers te dien vir ’n demokratiese bestel binne die Afrikaanse literatuursisteem. In die geledere van Afrikaanse skrywers self het twyfel oor die ideale van die Sestigters bestaan en is ’n terugkeer na die betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse aktualiteit bepleit.

“Brink het egter in sy nuwe roman *Kennis van die aand* klaarblyklik self reeds die pad van die politieke roman gekies. Toe die roman in 1974 verban is, het die konflik tussen die skrywers en die Afrikaner-establishment verdiep, maar was die era van Sestig ook afgeloop.”
(Roos, 1998:60)

Vrese vir die gevolge van die voortdurende ingryping kragtens die Publikasiewet was gegrond op die besef dat 'n "volk 'n nasionale skrywer (kan) misken deurdat hy sy eie gestalte in sy 'eie' literatuur op 'n bepaalde tydstip en in 'n bepaalde geval nie herken nie" (Cloete, 1992:335). Binne die literatuur word optrede hierteen weerspieël, want wat hieruit voortvloei, was die "Afrikafokus", wat gou geskakel het met 'n "verhewigde weerstand teen die apartheidsstelsel en sy sosiopolitieke beperkings" (Van Coller & Odendaal, 2005:32). Vroeg in die sewentigerjare betree die Afrikaanse literatuurstelsel dus as gevolg van sosiopolitieke omstandighede hierdie "nuwe" fase van vernuwing, waar aan die een kant 'n "minder opvallende eksperimentering in die prosa" plaasvind en die skrywer aan die ander kant nou "bewuster (was) van Afrika as tematiese ontginningsmoontlikheid" (Kannemeyer, 2005:275).

Terwyl N.P. van Wyk Louw gedurende die sestigerjare deur middel van sy boek *Vernuwing in die prosa* (1961) die "verligte skrywers" ondersteun het in hul stryd teen die Nasionale regering se beleid van literêre sensuur, deurdat hy aanvanklik 'n belangrike rol gespeel het om hul binnedringing van die Afrikaanse letterkunde-kanon te bemiddel, neem André P. Brink dié dominante posisie in die literêre veld oor. As kanoniseerder neem hy alreeds gedurende die sestigerjare posisie naas Louw in, maar neem later oor na Louw se dood in 1970. Tot vandag word aanvaar dat N.P. van Wyk Louw en André P. Brink beskou moet word as "van die vernaamste vestigers van die Afrikaanse kanon" (Van Coller & Odendaal, 2005:32).

"Die Sestiger wat die ideale van dié geslag die duidelikste formuleer en as polemikus belangrike werk lewer, is André P. Brink, wat sy en sy tydgenote se werk teen aanvalle verdedig en die vryheid van die kunstenaar bepleit. Naas studies oor die prosa en drama – *Aspekte van die nuwe prosa* (1967) en *Aspekte van die nuwe drama* (1974) – is hy fenomenaal bedrywig as resensent vir *Rapport*, met resensies waarin die raak formulering, verrassende verbandleggings en meestal trefseker oordeel opval al is hy soms te toegeeflik teenoor betrokke of eksperimentele werk."
(Kannemeyer, 2005:274)

Dit was nou ook duidelik dat die verruimende denke en aksies wat reeds in die sestiger periode begin het, klaarblyklik nie verlore gegaan het nie. Dit is ook Brink (1982:178) wat wys op 'n "besondere kenmerk van die dekade Sewentig, anders as enige voorafgaande periode, (naamlik) die aantal vroue wat prominent in prosa" na vore kom. Resensie-opskrifte soos byvoorbeeld: "Eersteling-roman, 'n storie van

‘elke vrou’” (Louw, 1976:19) wat met die verskyning van *Die uurwerk kantel* (1976) van Marie Heese gebruik word, word gedurende die sewentigerjare ’n algemene verskynsel. Dit wil voorkom of vroue ’n bewustelike veldtog loods tot posisie-inname in ’n voorheen ontoeganklike terrein. Tekste deur vroue waar die rol van die vrou in die samelewing bevraagteken word, word ’n algemene verskynsel.

“In die sewentigerjare is daar egter ’n geweldige toename van vroueskywers in Afrikaans wat hul toenemende bewustheid van ras-, geslags-, en klaskonflikte esteties in hul werk invleg.”
(Van Niekerk, 1999:308)

Navorsing deur Van Niekerk (1999) toon dat vroue se posisie-inname ten opsigte van die literêre in verhouding met wat dit in die voorafgaande periodes was, veel vinniger plaasgevind het as wat gedurende dié periode self besef is. Waar vroue in die verlede ook “ras-, geslags- en klaskonflikte” as werklikheids-konteks in hul tekste gebruik het, word hul werk nou esteties geëvalueer en nie meer transhistories soos voorheen nie. Verder word dit duidelik dat vroue nou ook begin aansluit by ’n “toenemende registrering van die land se politieke spanning en oorlogsklimaat in die literatuur deur vroue” (Van Niekerk, 1999:308).

Skrywers se “toenemende” belangstelling om onder andere “die land se politieke spanning en oorlogsklimaat” by hul tekste in te sluit, is in pas met vooruitsigte van rolspelers in die literêre veld soos onder andere Brink, wat ’n “terugkeer na die betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse aktualiteit” bepleit. Verskeie vroueskywers sluit hierby aan en raak deur die beoefening van betrokke literatuur, betrokke by die literêre toneel van die tyd (kyk Roos, 1998:60, 77-82 en Van Niekerk, 1999:308, 406-429).

“Twee van die belangrikste skrywers in Afrikaans, John Miles en Elsa Joubert, word dikwels gekarakteriseer as by uitstek betrokke prosaïste. In hul uitbeelding van sosiopolitieke realiteite, die bykans uitsluitlike fokus op die swart/wit-verhouding in ’n Afrika-konteks, die afwysing van ’n eksklusiewe Afrikaner-nasionalisme en die ontginning van bestaande dokumentêre materiaal, is hulle werk beslis aktuele letterkunde.”
(Roos, 1998:80)

As skrywer neem Elsa Joubert hiermee ’n prominente plek in die Afrikaanse literatuursisteem in – nie net as ’n vrou onder ander vroueskywers of as deelsisteem nie, maar veral omdat sy ’n leidende rol speel in die totale sfeer van Suid-Afrikaanse

skrywers wat die “hier en nou” van die sosiopolitieke konteks in hulle skryfwerk vergestalt.

“Die verskyning van Elsa Joubert se roman *Die swerfjare van Poppie Nongena* aan die einde van 1978 was een van die opspraakwekkendste gebeurtenisse in die moderne Afrikaanse prosa.”
(Roos; 1998:80)

Elsa Joubert slaag nie net daarin om ’n dominante posisie in die literatuursisteem van Afrikaans in te neem nie, maar lewer ’n bydrae tot ’n totaal nuwe dimensies binne die sisteem. Haar invloed kring sodanig uit dat sy daarin slaag om in die volgende dekades binne die sisteem te bly (kyk 4.9). Die teks *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) slaag daarin om in sowel die literêre sfeer as onder die Suid-Afrikaanse leserspubliek soveel aandag te trek dat rekordverkoopsyfers bereik word. Dit word een van die grootste verkopers in die geskiedenis van die Afrikaanse roman. Verder word dit duidelik dat kriteria rondom die “waarskynlike leser” onderhewig is aan sosiale veranderinge en dat dit in die Afrikaanse literatuursisteem alreeds besig was om te gebeur.

“Uit die besonder hoë verkoopsyfers en die intense mediakommetaar (dit is ook in verskeie tale vertaal en as toneelstuk verwerk) het dit geblyk dat die boek ’n opmerklike impak op die gewone Afrikaanse leser gehad het, en in ’n groot mate die toenemende konflik tussen staatsbeleid en die visie uitgedra deur die letterkunde, verwoord het.”
(Roos, 1998:81; kyk ook Van Niekerk, 1999:407)

Waar daar gedurende die sestigerjare nog aanduidings was dat Joubert “se baanbrekende prosa so skromelik onderskat is” as gevolg van “die oral teenwoordige paternalisme” (Brink, 1973:8), slaag Joubert met *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) daarin om met die Hertzogprys, twee eredoktrate en talle ander pryse bekroon te word. Hieruit wil dit dus voorkom of die literêre prestige wat sy daardeur verwerf, ’n inleidende fase tot vernuwing ten opsigte van die vrou se posisie in die Afrikaanse literatuursisteem is.

“In die sestigerjare tree ’n betekenisvolle verandering in. Elsa Joubert se prosa word gewoonlik met die modernistiese aard van die Sestiger-skrywers verbind en gevolglik is sy in die eerste plek beskou as ’n (vroulike) navolger van die heersende tendens. Dit is egter juis in haar besondere hantering van die Afrika-aktualiteit en van die tydgenootlike politieke kwessies, reeds sedert haar debuut in 1948, waardeur Joubert

die verwagtingspatroon deurbreek het en in werklikheid een van die eerste betrokke outeurs in Afrikaans word.”
(Roos, 1998:102)

Binne die Suid-Afrikaanse samelewing word die Afrika-aktualiteit van die tyd as 'n “ideologiese skaakmat” beskryf. Volgens Giliomee (2004) was 'n “kombinasie van politieke arrogansie en kulturele onsekerheid (...) die aanleidende oorsaak van die Soweto-opstand” op 16 Junie 1976, “wat 'n keerpunt in apartheid was. Vir die Afrikaanse kulturele establishment was dit belangrik dat Afrikaans sy “regmatige” plek ook in swart hoërskole inneem.

“Die kwessie van Afrikaans was die direkte aanleiding tot die proteste van die Soweto-leerlinge (...). Dit was duidelik dat ideologie eerder as opvoedkundige oorwegings die deurslag gegee het.”
(Giliomee, 2004:530, 531)

Waarskynlik veral as gevolg van sensuur wat gedurende die sewentiger- en vroeë tagtigerjare geweldig streng toegepas was, is die prosateks as betrokke literatuur veral deur die verligte skrywer gebruik om in diens van die gemeenskap te staan deurdat dit eintlik die mees direkte pogings word om die werklike sosiopolitieke situasie aan 'n oningeligte publiek bekend te stel (kyk Weideman, 1982:1-8).

“Twee jaar nadat ek begin werk het, het die Soweto-opstande uitgebreek en dit het versprei na Kaapstad. Weer het dieselfde ang om die keel wat my ná Sharpeville gepak het, my beetgekry. Dit was die Voorsienigheid wat die vrou wat Poppie sou word, op die oggend van die tweede Kersdag 1976 na die bloedige opstande by Nyanga-Oos na my laat kom het om vir my te sê: Ek wil vir jou vertel.

“Nou het dit vir my nie meer gegaan om literatuur nie.

“Vriende wat gedeeltes van die Poppie-verhaal gelees het, het vir my gevra: wat skryf jy, 'n roman, 'n feiteverslag, 'n joernalistieke stuk, 'n sage? In watter taal skryf jy dit, want Afrikaans soos ons literatuur dit ken, is dit sekerlik nie. Ek het nie omgee nie. Die begrip Literatuur was weggespoel in die dwingendheid van die waarheid wat moes vertel word.

“Vir die eerste keer in my skrywende lewe het ek werklik nie omgee oor literatuur nie, ek wou nou net die lewe van die een swart vrou probeer werklikheid maak.”

(Joubert, 1985:205)

Betrokke literatuur was dus eintlik die enigste manier om die ware werklikheid aan die publiek oor te dra. Afrikaanse literatuur verkry hier 'n duidelik joernalistieke funksie en is dit waarskynlik die rede dat die Afrikaanse leserspubliek (asook

anderstalige lesers, aangesien haar werk vertaal is) gedurende hierdie tydperk eintlik meer betrokke by die literêre was as wat ooit besef is.

“Ek dink die groot basis van kommunikasie tussen leser en skrywer is nie net daarin gesetel hoe hy skryf of wat hy skryf nie, maar in wat hom so erg pla dat hy daarvoor moet skryf en of hy so skryf dat die geldigheid van die ding wat hom pla, oorgedra word aan die leser, hom saamvat, (dat) dit hom ook kan pla.”
(Joubert, 1985:138)

Binne 'n kommunikatiewe benadering (kyk 1.3) is dit dus asof vroue se toenemende toetrede tot die literêre aansluit by 'n spesifieke aanvraag of behoefte wat by die lesers as gebruikers of selfs verbruikers, maar ook as 'n (nuwe) leserspubliek, bestaan. Dit is veral gedurende hierdie tydperk dat die resepsie-estetika (kyk 2.3) ook in die Afrikaanse literatuur as wetenskapsbenadering begin posvat (Du Plooy & Viljoen, 1992:27-35). Interessant is egter dat sodanige paradigmawisseling toe alreeds 'n wêreldtendens was, maar eers sowat tien jaar later in die Afrikaanse literatuursisteem weerspieël word. Dit sou toegeskryf kon word aan die kultuurboikot van buitelandse instansies, waar ook akademici wêreldwyd veral in die middel van die sewentigerjare geweier het om met Suid-Afrika kontak te maak. Wanneer Van Coller en Odendaal (2005) die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse sisteme beskryf, word onder andere na die “*de facto* kulturele boikot” verwys. Daarom lyk dit byna vanselfsprekend “(d)at al hierdie verskynsels 'n impak moes laat op die Afrikaner se kulturele bewussyn en daarom ook op die Afrikaanse letterkunde” (Roos, 1998:74).

Gedurende hierdie periode word dit egter duidelik dat die sosiopolitieke omstandighede van die tyd dit egter vir vroue moontlik maak om aan te sluit by normale wetenskapsbeoefening (kyk 3.1 & 4.1). Dat vroueskrywers nou doelbewus aansluit by die *littérature engagée* is dus enersyds die heersende paradigma, maar andersyds kan dit ook dui op die behoefte wat vroue het om aanspraak te maak, nie net op menswaardigheid nie, maar veral dat ook sy sosiaal relevant kan wees en is. Vroueskrywers se toenemende belangstelling om die politieke spanning van die tydperk by hul tekste in te sluit, en dat hulle dit goed kan doen – waar Elsa Joubert as vrou die voortou neem – dui daarop dat die intellektuele gaping wat daar tussen mans en vroue, veral onder druk van patriargie bestaan het, besig was om te verklein (kyk 4.1), want na Joubert sou verskeie vroue “kontesterend, ondersoekend en innoverend die politieke strydgebied beskryf” (Roos, 1998:102).

Vernuwing in die werk van vroueskrywers kom na vore deurdat vroue nou nie meer slegs die ideologiese skaakmat van die patriargale bestel beskryf nie, maar buite die huis begin beweeg en deel word van die sosiopolitieke ideologiese skaakmat – net soos wat Poppie 'n pion van die ideologiese sosiopolitieke skaakmat van die tyd en sosiopolitieke omstandighede word: “In *Die swerfjare van Poppie Nongena* bly Poppie reisend. Sy is nêrens tuis nie: nie in Mdantsane nie en ook nie in die Kaap nie”. Sosiopolitieke omstandighede van die tyd word die ‘Afrika-aktualiteit’ soos beskryf deur Joubert (kyk Van der Spuy & Van Vuuren, 2007:120).

“Nou is daar nie meer tyd om buite ons land te kyk nie. Nou’s dit op die been af, na binne. Nou’s dit hier vlak by ons, dis die hier en die nou.

“Dit was vir my die oomblik van waarheid.

“Vier jaar later het ek *Die Swerfjare na Poppie Nongena* gepubliseer en dit was my stelling oor hoe ek dinge in ons land sien, oplaas.

“My werk het altyd gereageer op direkte konflik van buite.”
(Joubert, 1985:204)

Elsa Joubert (as mens en as vrou) skroom nie om politieke standpunt in te neem nie, veral nie in die afwysing van ’n eksklusiewe Afrikaner-nasionalisme nie. Sodanige optrede van Joubert verteenwoordig nie net die gevoel van rolspelers in die literêre veld nie, maar ook dié van ’n groot gedeelte van die leserspubliek. Syself dui aan:

“Ek dink die tyd was ryp vir die boek, daar was geen teenstand nie, geen haatbriewe of haatproepe nie, ek dink die lesers het ook besef dis die waarheid wat sy lees, want sy of hy ken dit uit hulle eie agterplaas”
(Joubert, 1985:205).

Die “living-together pattern” – “(t)hat has been the primary moving object in all my writing”, soos dit deur Van der Berg (1993) beklemtoon word, word in die Suid-Afrikaanse politieke klimaat sedert die middel sewentigerjare nou duidelik as ’n “magnificent obsession” ook binne die Afrikaanse literatuursisteem ervaar. Alhoewel Joubert reeds in 1948 haar debuut maak en sedertdien al besig was om “betrokke literatuur” te beoefen deur “haar besondere hantering van die Afrika-aktualiteit en van tydgenootlike politieke kwessies”, is dit egter nou, in hierdie periode spesifiek waar dit wat sy skryf, saamval met die kriteria van die literêre veld van die tyd – soos beïnvloed deur die sosiopolitieke werklikheid van die sosiologiese maatskappy. Dit maak dit vir haar moontlik om “die verwagtingspatroon te deurbreek” en word sy “in werklikheid een van die eerste betrokke outeurs in Afrikaans” (Roos, 1998:102) – en,

soos dit wil voorkom, ook een van die “beste” beoefenaars daarvan. Sy verdien dus literêre prestige veral omdat haar werk inpas by die literatuuropvatting van rolspelers in die literêre veld van die tyd.

Nie net kry vroue veral sedert die sewentigerjare die geleentheid om vanuit ’n vroueperspektief die werklikheid soos deur hulle gesien as die “waarheid” aan ander voor te stel nie, maar maak die insluiting van hulle werk by wat binne die Afrikaanse literatuursisteem as literêr geag word, dit moontlik om ’n holistiese beeld van die literatuursisteem as kommunikatiewe sisteem te verkry (kyk ook 4.6). Die bepaling van wat nou die literêre is of wat bepalend is ten opsigte van literariteit in die Afrikaanse literatuursisteem – ook vir die toekoms van die sisteem – kom hiermee by ’n situasie waar ’n nuwe weg vir nuwe denke daaromtrent in werking gestel word, want “die ‘politieke’ roman, wat op ’n aktuele situasie wil inspeel” bring ’n belangrike verandering in die aard van die literêre werk mee en dit is dat die fiksionele weer deel van waardebepaling word (kyk ook Degenaar, 1992:172; Roos, 1998:75).

Deur die toedoen van Joubert word dit ook nou binne die Afrikaanse literatuursisteem bevestig dat “(d)e verschillende mimetische theorieën (...) een ding gemeenschappelijk (hebben): de aandacht is gericht op de relatie tussen het uitgebeelde en de uitbeelding. Het primaire estetiese criterium is de vraag of datgene wat is afgebeeld conform de werkelijkheid is” (Van Luxemburg et al., 1983:36). Dat persoonlike (konkrete) ervarings (van skrywers) neerslag vind deur die werking van *imitatio* en *aemulatio* word vandag as ’n algemene feit aanvaar.

“Men mag (...) het begrip mimesis, dat vaak onzuiwer vertaald is met ‘imitatie,’ niet verwarren met de imitatie van literaire voorbeelden. De nabootsing en wedijverende verbetering (*imitatio* en *aemulatio*) van kunstwerken uit de traditie is een vast onderdeel van de theoretische beschouwingen (de *poetic’s*) en de literaire praktijk (...).”
(Van Luxemburg et al., 1983:36)

Volgens die beginsel van *imitatio* word daar dus van die standpunt uitgegaan dat die kunstenaar deur seleksie in sy kunswerk ’n “gerekonstrueerde werklikheid binne ’n artistieke struktuur” (Van der Elst, 1992:417) skep wat nie die volle werklikheid is nie. Die estetiese objek soos geskep deur die werklike leser is opnuut weer ’n produk van die gegewe artefak; naamlik die hergekonstrueerde weergawe van die fiktiewe of die fiktiewe werklikheid. Alhoewel die literatuur seker nie altyd ’n betroubare getuigenis is van hoe die mens en die wêreld is of was nie, is daar steeds

'n verband tussen die (literêre) teks, die skrywer en die tyd (en plek) waarin dit ontstaan het (kyk Venter, 1992:459).

Deur *imitatio* en *aemulatio* skep die skrywer uit vrye keuse 'n "gerekonstrueerde werklikheid binne 'n artistieke struktuur" en word die leser as ontvanger daarvan die skepper van die estetiese objek; dus 'n hergekonstrueerde weergawe van die fiktiewe werklikheid. Die feit dat vroue nou deel van die hegemoniese elite word deur hulle toenemende bewustheid van ras-, geslags-, en klaskonflikte esteties in hul werk in te vleg en deur die registrering van die land se politieke spanning en oorlogsklimaat in literatuur geskep deur hulle, word ook aan vroue as skrywers 'n geleentheid gebied om 'n "positiewe rol in die samelewing" te speel (Van der Elst, 1992:417; Henderson, 1992:213). Met haar "magnificent obsession" en haar "roeping om almal as ewemense te aanvaar" lewer Joubert wel 'n bydrae ten opsigte van *imitatio* en *aemulatio* binne die Afrikaanse literatuursisteem. Alhoewel dit "lyk asof Joubert aanvanklik nie bereid is om te waag met betrekking tot kritiek teenoor die apartheidsbeleid nie", doen sy dit tog in implisiet haar reisverhale en word dit veral duidelik sedert *Ons wag op die kaptein* (1963).

"Die kritiek wat sy wel uitspreek, is 'n subtiele kritiek wat implisiet deur die romantemas aan bod kom. Sy volg op die oog af die sosiale konvensies en lewer nie direk kommentaar op die Suid-Afrikaanse samelewing nie. *Die swerfjare van Poppie Nongena* kan hier as waterskeiding gesien word, want dit is met hierdie roman dat die kritiek op die apartheidsisteem openlik word en waar die minderwaardige behandeling van die meerderheid Suid-Afrikaners op grond van hul velkleur ontbloot word. Waar sy haar romans buite Suid-Afrika geplaas het, is sy hierna bereid om haar romans in Suid-Afrika te laat afspeel."
(Van der Spuy & Van Vuuren, 2007:127)

Beide Joubert (1978) en Olive Schreiner (1883) tree op as ideologiese baanbrekers binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem – onderskeidelik gedurende die einde sewentiger-, vroeë tagtigerjare van die eeu waarin hulle leef, en ook binne die konteks van die samelewing van die tyd waarin hulle skryf. Met dié resepsie-ondersoek kom verskeie parallele of ooreenkomste tussen die twee tekste, *The Story of an African Farm* en *Die swerfjare van Poppie Nongena*, volgens die navorser na vore.

Aanvanklik kry beide vroue dieselfde soort reaksie wanneer besef word dat hul werk die werk van 'n vrou is. Enersyds is daar ten opsigte van *African Farm* "an added charm, as did the soon discovered fact that the literary armour of Ralph Iron

consealed a vulnerable and ardent colonial girl” en andersyds word aangedui dat “een van die redes waarom daar so ’n ophef rondom *die swerfjare van Poppie Nongena* (gemaak word), was omdat dit juis ’n vrou was wat dit waag om die spesifieke roman te skryf en op hierdie manier kritiek te lewer”. Wat egter verder uit beide vroue se tekste na vore kom, is dat die sosiopolitieke omstandighede van die tyd en die verbreking van ideologiese grense wat op daardie stadium vir hulle as vrou en mens gestel was, in ’n groot mate verantwoordelik is vir die erkenning wat hulle ontvang. ’n Verdere parallel wat hierby aansluit, is die impak van die veranderende sosiopolitieke omstandighede; ook hoe die omstandighede waarin Schreiner skryf en dié waarin Joubert skryf, bymekaar inpas. Schreiner word die eerste Suid-Afrikaner/Suid-Afrikaanse vrou wat die plaas as ideologiese domein van die blanke Afrikanerman beskryf en kritiek daarop lewer deur teen die patriargale ideologie in te skryf. Honderd jaar later word Joubert die eerste Afrikanervrou wat Suid-Afrika as ideologiese domein van die blanke Afrikanerman beskryf en kritiek daarop lewer deur teen sowel die patriargale norme as die apartheidsideologie in te skryf. Hier word ook ’n mate van ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse vrou waargeneem. Net soos Schreiner haar hoofkarakter Lyndall gebruik om die skade wat die manlike bestel aan vroue doen, bloot te stel, doen Joubert dit met Poppie enersyds; en andersyds kom hieruit ook voor die minderwaardigheid/verlaging en vernedering wat die twee verskillende karakters of die vrou as mens in hul onderskeie gemeenskappe ervaar het. Na aanleiding van Joubert se posisie- inname/opname in die literêre veld van die tyd word dit duidelik dat daar “(o)nderliggend aan die subtiele kritiek waarskynlik die dualistiese posisie van die blanke vrou (is): aan die een kant behoort sy tot ’n sisteem wat veronderstel is om haar te bevoordeel, maar aan die ander kant is dit die patriargale sisteem wat nie aan die vrou die stem gee nie”. Beide Joubert en Schreiner het egter op daardie stadium in elkeen se onderskeie samelewing “mag” gehad om te kon doen/skryf wat hulle wel gedoen het: Joubert as wit Afrikaanssprekende vrou kon so ’n teks aanpak en bo ander vroue binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap op daardie stadium van die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitstyg; ook bevind Schreiner as Engelssprekende vrou haar in ’n meer bevoorregte posisie teenoor ander vroue van die Suid-Afrikaanse samelewing op daardie stadium van die geskiedenis – veral in die lig daarvan dat sy wel as vrou aan die einde van die neëntiende eeu oor ’n redelike mate van geletterdheid beskik het, en ook dat Engels op daardie stadium van die geskiedenis aansien bo Afrikaans gehad het. In

terme van die politiek van die onderskeie periodes egter, het beide vroue in werklikheid min mag gehad (kyk Clayton 2004:8-10 asook Van der Spuy & Van Vuuren, 2007:128-130).

Wat verder na vore kom, is dat beide vroue 'n mate van bevryding ervaar deur te skryf. Ten opsigte van Schreiner dui Schoeman (1989) aan: “Waarom die Karoolandskap van Suid-Afrika so sterk tot Olive Schreiner gespreek het, is natuurlik 'n komplekse persoonlike saak, maar wanneer dit kom by die gebruik wat sy veral in *African Farm* daarvan gemaak het, lyk dit duidelik dat sy dit gesien het as simbool van 'n liggaamlike sowel as geestelike vryheid en ongebondenheid wat nóg sy in die werklikheid van Suid-Afrika in die sewentiger jare (van die neëntiende eeu) nóg Lyndall in die konteks van die roman ooit kon geniet” (Schoeman, 1989:462, 463). Ook Joubert se stem vind uiting in haar skryfwerk, en daardeur ervaar sy bevryding. Joubert sê:

“Die skryf daarvan het vir my 'n groot rus of bevryding gebring.”
(Joubert, 1985:205)

Gedurende die laat sewentigerjare van die twintigste eeu word dit duidelik dat vroueskrywers se betrokkenheid soos weerspieël onder andere in hul betrokke tekste, aan hulle emansipasie verleen. Weideman (1982) toon aan dat sodanige betrokkenheid in die eerste plek verband hou met die individu se verantwoordelikheid vir die aard van die gegewe situasie; 'n verantwoordelikheid wat meebring dat die skrywer aantastings van die waardigheid van die mens aan die lig bring en bewustelik daarteen rebelleer om so deur sy solidariteit met die onderdrukte, die waarheid en die vryheid te dien (kyk Weideman, 1982:3). Ook hier word dit duidelik dat beide skrywers “die waarheid en die vryheid” deur hul tekste in hulle verskillende sosiale omstandighede wil dien. Woolf (1925) wys daarop dat “(q)uestions affecting women, in particular the relations between sexes, obsessed her (...) But there were compensation; the cause itself – the emancipation of women – was of the highest importance (...)” terwyl ook Gordimer (1980) aandui dat Olive Schreiner “(raised) the consciousness of the oppressed from out the colonial nightmare, and that of the oppressor from out the colonial dream, and telling the world what she, uniquely, knew about the quality of human life deformed by those experiences”. Gelykluidend hiermee dui Van der Merwe (1994) ten opsigte van Joubert aan: “(t)he author is politically aware, and highlights the suffering which the pass laws brought to black people in South Africa”, terwyl Joubert self aandui: “Die gevoel het al hoe sterker by

my toegeneem: die swart woonbuurte langs ons stede is die onkenbare wat roep om geken te word, wat dwingend geken moet word” (Joubert, 1985:204).

Verder wil dit voorkom of beide vroue met hul tekste daarin slaag om in die onderskeidelike literatuursisteme waarvan hulle deel is, by te dra tot die emansipasie van die vrou as ’n dimensie van die sosiale sisteem. Na *The Story of an African Farm* sluit Schreiner in ’n mate aan by vroue soos Barrett Browning en George Eliot deur meer moed vir ander vroue, wêreldwyd en binne die Suid-Afrikaanse konteks, te gee om tot skryfwerk toe te tree. Schoeman (1989) wys daarop dat “(h)iernaas het enkele geeste met meer moed, meer toewyding en groter begaafdheid egter ten spyte van alle belemmering en ontmoediging daarna bly strewe om nie net die onverkende rykdomme van ‘love and hope and disappointment’ as eerstes te ontgin nie, maar die wêreld van ‘intellect and action’ eweneens vir die vrou te verower en in vroulike terme te interpreteer”. Na *Die swerfjare van Poppie Nongena* kry vroue ook moed om só te skryf (kyk 4.6 – 4.9). Binne die Afrikaanse literatuursisteem word dit nou ’n algemene tendens en kry vroueskrywers die geleentheid, enersyds omdat die beoefening van die literêre aandui dat sy “essensieel met betrekking tot die wêreld is” en andersyds omdat sy daardeur ongekenende vryheid, nie net vir haarself nie, maar ook vir die vroulike geslag en die “menslike spesie in totaliteit” moontlik maak (Sartre, 1948:90; kyk Schoeman, 1989:429, 430; Nethersole, 1992:162).

Emansipasie, vryheid, word sodoende deel van die literêre kommunikatiewe situasie van almal daarby betrokke; die skrywer se vrye keuse om betrokke te raak by byvoorbeeld die politiek van die dag deur dit wat hy of sy skryf/vertel; die teks wat ’n kode van strewe na vryheid deur spesifieke karakterisering oordra, maar ook die leser as ontvanger, verkry vryheid. Die leser word nou ook deur sy leesaksie betrek, nie as “passiewe verbruiker nie, maar as medeskepper, medeproduksie, afronding van ’n sosiale konteks” (Brink, 1982:39).

“Die literêre verandering wat gedurende die periode 1976 tot 1989 waargeneem kan word, het op ’n dikwels parallelle wyse verband gehou met bepaalde sosiopolitieke gebeurtenisse.”
(Roos, 1998:76)

Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuursisteem sedert die vroegste jare al het gewys dat uitbeelding van aktuele en problematiese sosio-ekonomiese realiteite, in die Afrikaanse prosa, teenwoordig was; veral in die vorm van koloniale literatuur (kyk 4.1). Waar die werklikheidsituasie bykans honderd jaar gelede ook die sosiale

realiteit beskryf het, was dit ten gunste van 'n opkomende Afrikanerdom waar kolonialisering die sosiopolitieke werklikheid veral rondom die Anglo-Boereoorlog weerspieël het (kyk 4.2). Literêre betrokkenheid sedert die einde van die sewentigerjare het egter in 'n opponerende posisie ten opsigte van Afrikanerpolitiek en establishment gestaan. Ook hierdie vernuwing is duidelik 'n nawerking van gebeure op die sosiopolitieke vlak van die Suid-Afrikaanse samelewing, omdat dit saamval, histories gesien, met 'n aanslag op die sosiale magstruktuur van die tyd.

“Die Suid(er)-Afrikaanse geskiedenis na 1975 vertel die verhaal van 'n onstuitbare verbrokkeling van koloniale magstrukture en van die konflik tussen gesaghebbers en teenstanders wat op die spits gedryf word.”
(Roos, 1998:72)

Wanneer Afrikaans as taal in 1975 op versoek van die FAK as amptelike onderrigtaal soos reeds hierbo genoem, op ander kultuurgroepe afgedwing word, is Afrikaans as sodanig die direkte oorsaak van gewelddadige optrede teen Afrikanerbeheer. Tot op hierdie stadium is Afrikaans deur ander kultuurgroepe beskou as die taal van onderdrukking en apartheid en was dit uitsluitlik die Afrikaner as onderdrukker wat deur ander kultuurgroepe verafsku is. Die konsep van Afrikaans as taal van die onderdrukker plaas die taal as kultuurdraer in 'n bedreigende situasie, want dit was direkte verafskuwing vir die taal Afrikaans en alles wat dit vir ander kultuurgroepe as buitelanders ingehou het, wat aanleiding gegee het tot die gewelddadige politieke opstand teen die Afrikanermag en sodoende ook direk teen die taal Afrikaans (kyk Kannemeyer, 2005:540).

Kannemeyer (2005) gaan van die standpunt uit dat daar “in die dekades voor 1994”, “nooit 'n fase” was “dat die Afrikaanse literatuur apartheid gepropageer of geakkommodeer het nie”. Wat hier buite rekening gelaat is, is die feit dat Afrikaanse literatuur deel is van 'n relatiewe oop sisteem en dus ook 'n produk is van 'n groter sisteem; naamlik die Suid-Afrikaanse samelewing en sy geskiedenis in totaliteit, waar die politieke gebeure veral van die verlede, nie daarvan gedistansieer kan word nie. Tot dusver bewys hierdie navorsing dat dit nie net deur die toedoen van kolonialisering en nasionalisering moontlik was om apartheid in werking te stel nie, maar dat Afrikaans ook daardeur eksklusiwiteit verkry het. Die sosiologiese impak van kolonialisering en nasionalisering op die bepaling van die literêre kanon as historiese institusies wat op sy beurt as die dominante magstruktuur in Afrikaanse literatuur funksioneer, het dit wel vir sosiopolitieke magstrukture buite die literatuur

moontlik gemaak om die Afrikaanse literatuur binne te dring (kyk ook Kannemeyer, 2005:560).

Die verbrokkeling van die sosiale dimensie van mag soos dit in die samelewing van die tyd (na 1975) voorkom, word nou ook direk die oorsaak vir paradigma-verskuiwinge in die literatuur van Afrikaans. Die feit dat hierdie verdeelde politieke situasie alreeds in die sisteem tussen die verligte rolspelers en die establishment voorgekom het, het dit soveel makliker vir die politiek gemaak om 'n prominente kanoniseringsstrategie in die literatuursisteem te word. "Verligte rolspelers" se teenwoordigheid in hierdie literêre veld maak dit soveel makliker vir 'n "betrokke" teks soos *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978) om dié dominante posisie in die hiërargie van literêre tekste – die literêre kanon – van die tyd te verkry. Sodoende word dit moontlik dat 'n teks soos *Die swerfjare van Poppie Nongena* bydra tot vernuwing in die Afrikaanse literatuursisteem en ook ten opsigte van verandering in die literêre sisteem sowel as in die politieke sfeer en die Suid-Afrikaanse samelewing.

"The literary writer does not merely point to the future, but often strives to realize the future predicted. He/she does not operate from a neutral stance, but has to choose a point of view and, consciously or unconsciously, influences or tries to influence the reader to accept the implied stance of the book. Danie van Niekerk, formerly editor of Tafelberg Publishers, expressed the view that Elsa Joubert's *Poppie Nongena*, so widely read and generally appreciated, more than any other Afrikaans book made the Afrikaner turn away from apartheid. Predicting the future, preparing the way – there may be quite some truth in the confident statement by Shelley, that the poets are the true legislators of the world." (Van der Merwe, 1994:120; Beukes, 1992:302)

4.6 VERANDERING

Gedurende die tagtigerjare

"Not only did the values *in* Afrikaans literature change; in the political crises of the seventies and the eighties, Afrikaans literature was used as a *means* of changing the values prevalent in society. Afrikaans literature not only reflected some of the changes in Afrikaner ideological thinking, it also helped to effect the changes desired." (Van der Merwe, 1994:8,9)

Johl (1986) wys daarop dat die kontekstuele verskuiwing na die Afrika-gerigte teks aanleiding gegee het tot 'n toenemende belangstelling in die "pragmatiese funksie van literatuur". Afrikaanse literatuur se funksionele bydrae tot die

transformasie binne die samelewing het die wedersydse beïnvloeding tussen die literêre en die politieke sfeer beklemtoon. Dat dit wat as literêr beskou word, dikwels ten nouste betrokke is by gebeure in die werklikheidskonteks van die dag, is waarskynlik so, maar dit word gedurende dié periode duidelik dat veranderinge binne die literatuursisteem dikwels terug te voer is na gebeure in die sosiopolitieke omgewing (kyk Van Coller & Odendaal, 2005:32).

“Binne Afrikanergeledere het die tagtigerjare inderwaarheid ’n tydperk van verdeeldheid en verandering geword.”
(Roos, 1998:74)

Die verbrokkeling van en verandering in die Suid-Afrikaanse sosiale magstruktuur voorspel dus soortgelyke verandering in die literatuur as kulturele produk daarvan, veral wanneer daar aanvaar word dat “(l)etterkunde (...) nie die gevolg van waardeevrye idees (is) nie, maar in ons sosiale lewe” ingebed is (Coetzee et al., 1988:68; kyk 1.1).

Wanneer verskillende deelsisteme van dieselfde groter sisteem – hier ter sprake die Afrikaanse literatuursisteem en Engelse literatuursisteem – as produkte van die Suid-Afrikaanse samelewing met mekaar vergelyk word, wil dit voorkom of soortgelyke verandering ten opsigte van waardebepalings deur soortgelyke sosiale impulse veroorsaak word. Deur die gebruikmaking van die komparatisme “as ’n toetsing en toepassing van abstrakte literatuurteoretiese modelle binne ’n historiese kommunikasiesituasie” (Van Vuuren, 1992:229) kan veranderinge ten opsigte van waardebepaling binne ’n literatuursisteem direk in verband gebring word met die veranderende politieke motiewe van die regering van die tyd as sosiale magstruktuur. So kan onder andere ook aangedui word hoe dieselfde teks in verskillende periodes verskillend ontvang word. Uit die bestudering van die insiggewende voorwoord tot die herdrukte uitgawe (2004) van *The Story of an African Farm* (1883) (Clapton, 2004:7-20) word dit duidelik dat:

“Political judgements have their rights – in South Africa literary judgements are political judgement – but they tell us more about the tightening of a political climate than they do about Schreiner’s novel.

The process is well illustrated in two different judgements of Schreiner’s position within South African fiction, offered in 1973 and 1980, by Nadine Gordimer. In 1973 Gordimer praised *African Farm*’s movement beyond the question: ‘What does a man make of life in South Africa?’ to the eternal question: ‘What is the life of man?’

The novel's intellectual curiosity, its 'glorious irrelevancies', its feminism, are seen as strengths stretching the novel beyond the simply parochial, reminding us that though we live within a particular set of social laws and ideals we 'have not contracted out of wider human condition'.

But in 1980 Gordimer sees Schreiner's feminism as irrelevant to the actual problem of the country, argues that 'her wronged sense of self, as a woman' was secondary within her historical situation, and judges her far more firmly for abandoning the quest to find a form of fiction adequate to contain 'the South African experience' (as if this experience were monolithic and unchanging). Gordimer concludes that Schreiner's failure to develop her 'synthesis of life and work' meant that she could not succeed in 'raising the consciousness of the oppressed from out of the colonial nightmare, and that of the oppressor from out of the colonial dream.' If anyone has the right to this judgement it is Gordimer, with her own politically sensitive and finely honed fictional oeuvre, but such judgement forgets that the very freedom with which gives a modern woman writer the right to education and self-expression had to be earned in its time, and that people like Schreiner helped to earn it for others. Their circumstances were deeply crippled; *African Farm* is precisely about the desire for self-fulfilment and the forces which made it almost impossible.

The point to be made here is that in the years between Gordimer's first and second judgement neither Schreiner nor her novel changed; political pressures on and within South Africa did."
(Clayton, 2004:13)

Hiermee word bewys dat literêre verandering op 'n parallele wyse in verband met bepaalde sosiopolitieke gebeurtenisse gebring kan word; word aangedui "hoe evaluering met verloop van sosiale en literêre omstandighede verander" én word bevestig watter invloed "eietydse sosiale impulse" op literatuur kan hê. Verder word dit veral duidelik dat dieselfde sosiale impulse soortgelyke verskuiwinge binne verskillende Suid-Afrikaanse literatuursisteme tot gevolg kan hê, omdat dieselfde sosiale magstruktuur binne 'n Suid-Afrikaanse konteks op beide ingewerk het (kyk Willemse, 1999:4).

Afrikaanse literatuur wat veral sedert 1978 die mees direkte poging was om die werklike sosiopolitieke situasie aan 'n oningeligte publiek bekend te stel, word nou gekenmerk deur die "politieke roman" as deel van Afrikaanse prosa. Politieke bewussyn in die tagtigerjare veronderstel grensliteratuur – en dit was oorwegend die veld van (steeds) blanke (Afrikaner-) mans; ook aangesien blanke mans deur die owerheid verplig was tot diensplig (en vroue outomaties uitgesluit was van grensdiens), en grensdiens 'n laaste poging van 'n blanke manlike Afrikanerowerheid was om hul magsposisie in die Suid-Afrikaanse samelewing te verdedig (kyk Olivier, 1979:12).

Alhoewel daar opmerklike uitsonderings voorkom, was dit tog moontlik “dat die literêre rapportering van die grensoorlog waarby die hele Suid-Afrikaanse bevolking op die een of ander wyse betrokke was” op ’n stadium gesien is as “geskryf (...) vanuit ’n oorheersende wit, manlike en Afrikaanse perspektief” (Roos, 1998:90). Enersyds word dit duidelik dat die tagtigerjare gekenmerk word deur grensliteratuur; andersyds wil dit voorkom of grensliteratuur in werklikheid die grensoplegging van Afrikanerskap deur Afrikaners (self) en alles wat dit wou veronderstel, onthul. Waar literatuur nou nie noodwendig ter ondersteuning van die politieke magstruktuur plaasvind nie, sou grensliteratuur as ontbloting van die abnormaliteit in die Suid-Afrikaanse samelewing veroorsaak deur Afrikaners gesien kon word.

Binne die sisteemteorie word die tagtigs so prominent gekenmerk deur grensliteratuur dat daar selfs sprake is van ’n subsisteem. Hierdie tekste ontwikkel vanuit ’n bepaalde kulturele konteks as ’n diskoers waardeur ander sisteme, soos die sosiopolitieke opset waarin elke individu van die tyd hom- of haarself bevind, eintlik blootgelê word. Verder word bevestig dat die geskrewe teks, literatuur, die lewe – die werklikheid – weerspieël. Opvallend nou is die onmiddellike aard daarvan, die geweldige realiteit (van gewelddadigheid) wat elke mens as individu, as burger van die Suid-Afrikaanse samelewing, as mens raak (en dit terwyl so min dit tydens die gebeure self werklik besef het).

“Die diskursiewe sisteemteorie plaas bepaalde tekssoorte binne die ruimer konteks van semiose; van menswees as sodanig. Binne die Suider-Afrikaanse werklikheid word menswees vir die afgelope jare (terugwysend eintlik op die tagtigs, begin negentigs) direk of indirek bepaal deur die gewapende konflik – of hierdie konflik gesien word as oorsaak of as gevolg; hetsy jy wit of swart (man of vrou) is; selfs ongeag van jou eie ideologiese stellinginname. Hierdie gewapende konflik staan van meet af vir die Suid-Afrikaner in die teken van die grens. Die ‘grens’ het dus nie alleen ’n sentrale plek ingeneem in die idiolek van opeenvolgende regerings en in die hele gevarieerde diskoers in die Suider-Afrikaanse konteks nie, die totale Suid-Afrikaanse werklikheid is deur hierdie konsep bepaal.”

(Van Coller, 1992:153)

Die literêre van hierdie periode het gewentel om “grense”, letterlik en figuurlik. Waar fisiese landsgrense die uitgesonderde leefwêreld in die vorm van grensdiens, van mans, was, kom die oorlogsklimaat ook in prosatekste deur vroue na vore. Die fisiese weghou van vroue van die landsgrense as oorlogsfront weerhou vroue nie van grensbeleving nie. Vroue se deelname aan grensliteratuur is nie slegs beperk tot

'n vroulike perspektief op die grensoorlog en politieke onrus nie, maar vind juis plaas as gevolg van 'n begrening waarin sy haar bevind weens die grenssituasie. Eensaamheid en dikwels afsondering ook van wat op hierdie stadium die front van “ware” gebeurlikhede is, word ook deur vroue gedurende die tagtigerjare van die twintigste eeu verwoord.

“Buite skop ek die tuinhok eers van binne af oop, dat hy ver verby sy normale swaai swaai, en toe skop ek hom van die ander kant af terug, dat sy skarniere ingee. (Dis 'n ou hek.)

Minstens vier paar oë hou my dop. Ek stamp my kind die kar in. Ek slaan die deur toe. Ek rev die kar. Hier begin my relaas.”
(Viljoen, 1984:1)

Weereens, want *Klaaglied vir Koos* (1984) is nie die eerste teks wat vertel van 'n vrou wat deur haar man verlaat of agtergelaat word om veral die een of ander oorlog te gaan veg nie, is dit onder andere navorsingswerk deur Van Niekerk (1999) wat bevestig dat vroue toe (in die tagtigs) alreeds vir eeu(e) aktief in Afrikaans skryf en word dit ook uit die navorsing duidelik dat vroue nog altyd uit die een of ander “begrening” moes optree. Ook hierdie navorsing toon aan dat vroue hul eensaamheid, hul “afgeslotenheid”, in dagboekinskrywings verwoord. Dagboekinskrywings waarvan eers heelwat later kennis geneem word vanweë marginalisering binne die sisteem, beskryf onder andere hoe vroue gedurende die Anglo-Boereoorlog óf net tot die huis ingeperk was, óf fisies afgesonder (begrens) was in konsentrasiekampe.

Schreiner (1883) se *The Story of an African Farm* beskryf hoe vroue vanaf die vroegste tye, en spesifiek aan die einde van die neëntiende eeu, sodanige begrening ervaar het: vroue leef afgesonder op 'n spesifieke *African Farm*; vroue word van die hegemoniese verbod deurdat boeke, kennis en geleerdheid van hulle weerhou word. Ook die patriargale minderwaardige posisie waarin vroue hulle gedurende hierdie tydperk bevind, gee aanleiding tot 'n vorm van afgeslotenheid. Vrouwees word afgesonder van menswees, en menswees van vrouwees. Hiervolgens wil dit voorkom of 'n vrou nie vryheid binne haar menslikheid mag of kan ervaar nie. Vir Lyndall, die hoofkarakter in *The Story of an African Farm*, word die erkenning van haar menslikheid binne die patriargale bestel, haar lewenstryd en soos reeds aangedui, ook die lewenstryd van Olive Schreiner, skepper van dié teks. Enersyds kan die minderwaardige posisie van die vrou aan die einde van die

neëntiende eeu uit die volgende aanhaling afgelees word, maar andersyds ook die weerstand daarteen:

“I’m sorry you don’t care for the position of women.”
(Schreiner, 2004:175; kyk ook Schreiner, 2004:176, 186, 240, 255)

Sowat ’n honderd jaar later wil dit voorkom of die minderwaardige situasie van die vrou binne die sosiale omstandighede van die tyd nie véél verander het nie, maar dat die sosiale verandering dit vir Lettie Viljoen (nou) moontlik maak om met *Klaaglied vir Koos* (1984) te reageer op Schreiner se “versugting” en standpunt dat “(t)he difficulty is not to speak; the difficulty is to keep silence (...)” (Schreiner, 2004:183). Wanneer **Ingrid Winterbach**, wat, soos Schreiner, aanvanklik onder ’n skuilnaam, naamlik Lettie Viljoen, publiseer, haar klaaglied begin, pak sy egter dié begrensing met ’n aggressiewe benadering aan. Dit is asof die verteller, as vrou en ook die ouktoriële verteller as skrywer, die situasie op die “man af” benader: die hek word deur die personifikasie “hom”, die man self val sy fisies aan deur “dit” te skop.

Tot op hede het Afrikaanse vroueskrywers wel geskryf oor hul begrensing, vanuit die “fisiese ingeperktheid” van die huis, wat op sy beurt “korreleer met die geestelike afsluiting wat sy beleef”. Binne die Afrikaanse literatuursisteem word Viljoen se teks goed ontvang en beskou as “van die beste prosa in jare”. Vir die skryfster, die vrou as skepper van die teks (Ingrid Winterbach/Scholtz/Gouws/Viljoen) word literêre prestige in die vooruitsig gestel deurdat sy enersyds “die literêre wêreld” gedurende die tagtigerjare “laat regop sit”; en haar debuut andersyds beskryf word as “goed begin en baie gewin” (Prinsloo, 1991:94; Du Plooy, 2000:88; Brink, 1985:14; Le Roux, 1985:9).

Winterbach slaag dus daarin om posisie-inname in die literêre veld van nie net die tagtigs te verkry nie, maar verseker ook erkenning vir haarself as skryfster binne die Afrikaanse literatuursisteem – ’n veranderende sisteem binne ’n veranderende Suid-Afrikaanse samelewing. Sosiologiese veranderinge tussen 1880 en 1980 maak dit nou vir vroue moontlik om so driftig te kan skryf én erkenning daarvoor te verkry. Die verskil tussen toe en nou is egter nie geleë in die beskrywing van begrensing of die huisomstandighede nie.

Verandering in die literatuursisteem van Afrikaans maak dit nou vir vroue moontlik om daadwerklik deel van die intersistemiese diskoers te word. Dit is eerder die literêre veld (kyk 2.5) in samehang met sosiologiese verandering ten opsigte van magstrukture buite die literatuursisteem, waarin sodanige tekste nou ontvang word,

wat verandering ondergaan het. Vroue gebruik nou ook die nodige hiërargiseringstrategieë wat verlang word om aan te pas by die kriteria van die tyd om haar as vroulike skrywer in die literêre veld te vestig. Deur die inkorporering van grensliteratuur as die politieke bestel van die tyd (en wel ook op 'n goed ingeligte wyse) word dit onder andere vir Winterbach moontlik om toegang tot die literêre te verkry.

Brink (1993:40) wys daarop dat daar alreeds “in die loop van die jare sewentig” met die aanvang van betrokke literatuur, onsekerheid ontstaan het rondom die literêre waarde van betrokkenheid. Die verbintenis van 'n spesifieke situasie bring mee dat daar na grensliteratuur as 'n tendens verwys word. Dit is waarskynlik weens die situasiegebondenheid of onmiddellike aard daarvan dat dit nie eintlik as “hoë kuns” erken word nie en eerder dui “op 'n soort kuns en 'n soort kunservering”. Aansluiting by grensgebeure as konteks is nie noodwendig 'n maatstaf vir literêre gehalte nie.

Die wyse waarop Winterbach as skryfster met hierdie tema debuteer, is egter vernuwend veral ten opsigte van vroueskryfwerk as deelsisteem van die Afrikaanse literatuursisteem. Sodoende plaas sy haarself in 'n gunstige posisie vir verdere publikasies. Dit is egter die prosateks *Klaaglied vir Koos* (1984) as grensliteratuur wat toegang tot die literêre veld aan haar bied, waarskynlik omdat dit so goed aansluit by die tendens van die tyd en (waarskynlik) nie noodwendig omdat haar teks “so goed” (wat eintlik 'n relatiewe begrip is) is nie. Hiermee is dit eintlik die prosateks wat aandag trek, maar terselfdertyd bied dit aan die skryfster as vrou ook 'n geleentheid om aan te sluit by die kwessie van begrensing van die menswees van die vrou as sosiale groepering binne die maatskappy.

Die posisie waarin wit Afrikaanssprekende vroue hulle tot op hierdie stadium, dus ook binne die politieke omstandighede van die tyd in die veranderende Suid-Afrikaanse samelewing, bevind het, word nou bevraagteken. *Klaaglied vir Koos* (1984) gee aanleiding tot resensies as resepsie-produkte wat prontuit verklaar :

“White Africa seen in wife’s trauma”
(*The Star*, 1986).

Ook hiermee tréf Winterbach en verdubbel sy die versekering van literêre prestige vir haarself. Patriargie word al 'n geruime tyd ook in die Suid-Afrikaanse samelewing bevraagteken, maar verkeer gedurende hierdie periode tesame met die verbrokkeling van die magstrukture van die wit Afrikanerman weens die veranderende sosiologiese posisionering van vroue teenoor mans, onder geweldige

druk. Druk word nie soseer direk toegepas nie, maar vind eerder indirek plaas. Moontlikhede wat kan aanleiding gee tot verandering ten opsigte van vroue se minderheidsposisie binne die patriargiese verhouding, ontstaan weens die verbrokkeling van die manlike gesagstruktuur. Binne die Suid-Afrikaanse samelewing toon groot getalle mans nou openlik aan dat nie elke man wat blank en Afrikaans is noodwendig 'n nasionalistiese Afrikaner is nie en dat hulle bereid is om teen sodanige magstrukture op te staan. Hierdie aspek neem ook beslag in Winterbach se teks. In *Klaaglied vir Koos* is die leser bewus van ('n) "man-karakter" wat die leser slegs deur "sy vrou" leer ken, en ook hierdie "man" sluit by die liberale "troepe" aan.

Alhoewel die literêre veld van die tyd nog steeds deur oorwegend mans "beman" word, is dit asof die verligte of selfs liberale benadering wat deur die Sestigers binne die Afrikaanse literatuur ingebring is, ook dié hekwagters toeganklik ten opsigte van vroulike tekste maak. Die invloed van bepaalde hekwagters wat as agente optree by die ontvangs van tekste word deur Winterbach/Gouws/Viljoen in 'n onderhoud met Theuns Engelbrecht (1994:5) na die publikasie van haar vierde prosateks, self uitgewys:

"Klaaglied vir Koos is goed ontvang. Danksy 'n baie positiewe resensie deur André P. Brink, wat 'n invloedryke kritikus is, was dit vir my en die boek 'n baie positiewe afskop en lansering."

Die vrou se bemagtiging van haarself op hegemoniese gebied speel ook nou 'n rol in haar sukses, want dit was nou ook vir vroue moontlik om op 'n intellektuele wyse aan hekwagters te bewys dat hulle (deur die suksesvolle inkorporering van politiek as 'n voorheen ontoeganklike gebied vir vroue) daartoe in staat is om hul "man te staan".

"In my opinion (says Christo Leach), it is the most important book yet written by a woman in Afrikaans. Professor André Brink described it as 'one of the best prose works which has appeared in our language for many years'. It is the first book to deal with the psyche of an Afrikaans woman in this way. Our women have always been behind in the wave of liberation because of our rigid, Calvinist, paternalistic society. They have always been the ones who baked beskuit and packed the saddlebags for the men. The South African political war and the assault that will be made on Afrikaners is the biggest they have yet faced. What we've had in the Afrikaans literature in the past three years is 'grensliteratuur', written by men like Koos Prinsloo, Alexander Strachan, Deon Opperman and Etienne van Heerden, to mention just a few. They're all men, that's what is fascinating. Now for the first time a woman has written the other side of the story."

(Venables, 1986:17)

Hierdie, 'n aanhaling uit 'n resensie na aanleiding van die toneelstuk *Klaaglied vir Koos* soos verwerk deur Christo Leach en Barney Simon as 'n resepsie-produk van die prosateks *Klaaglied vir Koos*, is 'n bevestiging van literêre prestige wat Winterbach as werklike skepper daarvan toekom. Deur dié teks word ook die grensoplegging van Afrikanerskap, wat outomaties die beperkinge vir vroue binne 'n patriargale bestel ingesluit het, ook vir vroue opgehef.

“The work concerns the agony – and subsequent growth – of a hitherto protected Afrikaner woman whose husband has gone off to join a liberal group. As her tale unfolds she becomes the embodiment of white Africa, traumatically adjusting to the inevitability of change, feeling vaguely menaced by it, yet recognizing the justness of the struggle while unable to become involved.”

(Venables, 1986:17)

Binne die Afrikaanse literatuursisteem kan *Klaaglied vir Koos* as 'n duidelik feministies geïnspireerde aanslag gesien word. Winterbach/Viljoen erken later self: “Ek probeer teen patriargale konvensies inskryf. Al wat ek kan doen, is skryf en hoop dat ek enigsins gehoor word” (kyk Viljoen, 1994:5). In vergelyking met ander wêreld- en Suid-Afrikaanse literatuursisteme, was dit egter 'n laat aanslag, maar 'n eerste en 'n definitiewe begin van feminisme binne die Afrikaanse literatuursisteem. Alreeds gedurende die sewentigerjare word “het feminisme (...) een krachtige beweging”, dit veral na aanleiding van “uiterst leesbare kritiese teksten over vrouwen en over schrijven, zoals in *A room of one's own* (1929) van Virginia Woolf (1882-1941)”:

“Als literair critica is Woolf bewust modern. Zij beoordeelt literair werk op originaliteit en op het vermogen de eigentijdse werkelijkheid uit te drukken (...) doorslaggevend voor Woolf is uiteindelijk het vermogen van de schrijver héél de mens te omvatten (‘to enclose the human heart’). Literatuur moet over mensen, over relaties tussen mensen gaan en mag zich niet beperken tot het bewustzijn van één personage (...) De afwezigheid van vrouwen in de (kunst) geschiedenis is een groot gemis: vrouwen hadden een bijzondere eigen bijdrage kunnen leveren. Overigens heeft Woolf grote aandacht voor de vrouwen die er ondanks alle tegenslagen wél in zijn geslaagd literair werk te schrijven. Zo slaat zij een eerste bres in de vesting van de canon”.

(Van Heusden, 2001:244)

Dié basiese siening van “een belangrijke pionier” rondom “het feminisme”, was waarskynlik deur die toedoen van Viljoen met *Klaaglied vir Koos*, nou besig om ook deel van die Afrikaanse literatuursisteem te word. De Jong (1992:127) wys ook daarop dat in vergelyking met ander Suid-Afrikaanse literatuursisteme dit egter

voorkom of feministiese denke versigtig benader word en dat dit eintlik laat eers deel van die Afrikaanse literatuursisteem raak. Daar word aangedui dat “(g)elyktydig met di(é) Europees-Westerse feministiese oplewing vanaf Sewentig” ook “in Suid-Afrika ’n feministiese bewussyn” ontwikkel het. Hierdie bewussyn het “aanvanklik veral in die Engelstalige kultuurgebied in kreatief-literêre werk, geesteswetenskaplike navorsing en publikasies en enkele versamelbundels van vroueskryfwerk neerslag (ge-)vind”. Met hierdie studie word egter aangedui dat die feministiese inslag binne die Suid-Afrikaanse konteks veel verder terug strek – sover terug as aan die einde van die neëntiende eeu, toe Schreiner (1883) alreeds vir alle vroue binne die Suid-Afrikaanse konteks ’n feministiese platform daargestel het.

“Although Schreiner was cognisant of the power of the speculator and capitalist to triumph because of their access to power, she nonetheless continued to harbour a tenuous optimism that justice, equality, and the rightness of the liberal democracy would come to triumph via the operation of the ‘enlightened’ liberal remnant of the English community. Of course, it did not, and the bourgeois democracy that Schreiner had hoped for soon developed into a repressive colonial state.”
(Hofmeyer, aangehaal deur Gordimer, 1980:96)

Alhoewel Schreiner (1883) alreeds in ’n vorige eeu prestige deur haar teks *The Story of an African Farm* verkry, gebeur dit aanvanklik nie binne die Suid-Afrikaanse konteks nie. Dit wil egter voorkom of haar bydrae tot die Engelstalige literatuursisteem tog ook tot voordeel van vroue binne die Suid-Afrikaanse Engelse literatuursisteem gestrek het.

“We see Olive Schreiner’s life and writing as a product of a specific social history. We are not only looking at what she experienced but at how she, and others, perceived that experience; at the concept with which her contemporaries understood their world, and, again, at the consciousness that was possible for her time – after Darwin, before Freud, and during the period when Marx’s *Capital* was written.”
(First & Scott, aangehaal deur Gordimer, 1980:95)

Wanneer De Jong (1992) gedurende die vroeë negentigs van die standpunt uitgaan dat “in vergelyking met ’n blyke van feministiese aksie” in die Suid-Afrikaanse Engelstalige wêreld, “daar geen Afrikaanse feministiese beweging ten opsigte van die literatuur (was) nie en bestaan daar geen Afrikaanse feministiese literêre tradisie nie, waarteenoor figure soos Emily Hobhouse en Olive Schreiner vir Engels die begin van ’n tradisie kan verteenwoordig”, wil dit voorkom of Winterbach ’n soortgelyke rol

as Schreiner (alhoewel bykans 'n eeu later) binne die Afrikaanse literatuursisteem kon speel (De Jong, 1992:127).

“(...) judgement forgets that the very freedom which gives a modern woman writer the right to education and self-expression had to be earned in its time, and that people like Schreiner helped to earn it for others. Their circumstances were deeply crippled; *African Farm* is precisely about the desire for self-fulfilment and the forces which made it almost impossible.”
(Clayton, 2004:13)

By die verskyning van 'n latere teks van Winterbach, beskryf syself tydens 'n onderhoud haar teks *Klaaglied vir Koos* as die “noodkreet” van 'n “ontwrigte vrou op die grens van ons nuwe era”. Dié teks word gedurende die tagtigerjare 'n noodkreet van die ontwrigte individu/mens of burger op die grens van 'n nuwe Suid-Afrikaanse era. Verder word dit ook die noodkreet van 'n ontwrigte skrywer/skryfster op die grens van 'n Afrikaanse literatuursisteem waar herwaardering van die sisteem 'n nuwe era in die vooruitsig stel. Vir die navorser wil dit voorkom of Winterbach deur haar vroulike perspektief binne grensliteratuur, dit ook vir ander vroue moontlik maak om die patriargale grense binne die Afrikaanse literatuursisteem te deurbreek (kyk Britz, 1990:27).

Die teks *Die heidendogters jubel* (1995) van **Riana Scheepers** verskyn nie gedurende die tagtigerjare nie, maar word deur haar uitgewer, Tafelberg, in die negentigerjare gesien as 'n “boeiende antwoord op die versameling manlike oorlogsliteratuur wat reeds in Afrikaans bestaan”. Hiervolgens wil dit voorkom of die literêre gesprek wat in die tagtigerjare deur mans oorheers is, eers in die negentigerjare vir die vrou die nodige geleentheid bied om aktief betrokke te raak by die interaktiewe diskoers/gesprek (kyk 4.8). Terwyl grensliteratuur normaalweg sou draai rondom die militêre stryd waar die “oorloggegewe as sodanig telkens meer of minder in die sentrum” staan, gebeur dit wel dat “die oorlog” in die teks figureer, maar as “perifiale gegewe waardeur 'n ander ‘stryd’ aan die orde gestel word” (Erasmus, 1995:8).

“Nee, hierdie verhaal is nóg gewoon grensliteratuur, nóg 'n roman in enige sin van die woord. Wat Riana Scheepers hier aanpak, is 'n ambisieuse poging tot 'n soort vroulike bevrydingsverhaal.”
(Pakendorf, 1995:6)

Dit wil egter voorkom of militêre diensplig, met ander woorde, die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke realiteit van die tyd, gebruik word as 'n medium waardeur dit moontlik gemaak word om die gestereotipeerde beelde van wat manwees behels

én wat vrouwees behels, af te breek. In die teks word weggedoen met die tradisionele boerebeeld van die Afrikanerman en die volksmoederidee van die Afrikanervrou. Beide man en vrou bevind hul in die grenskonteks as produk van 'n magsgeoriënteerde samelewing. 'n Ander, alternatiewe of selfs nuwe gestereo-tipeerde beeld van beide geslagte kom in die teks na vore. Hierdie nuwe beeld gee aanleiding “tot die bevraagtekening van 'n hele sosiale orde beginnende by die weermagkamp, die politieke sisteem wat dit in stand hou, die geloofstruktuur waardeur dit gelegitimeer word en die gesinstrukture waarby dit oënskynlik aansluit totdat dit uiteindelik uitkom by die geslagsgebaseerde sisteem van waardes wat dit onderlê” (Viljoen, 1995:87).

Dat hierdie teks nie in die tagtigerjare nie, maar eers in die middel negentigs verskyn, is egter funksioneel vir die Afrikaanse literatuursisteem. Alhoewel dit moontlik is dat die “laat” verskyning van dié grensliteratuur 'n gedateerde indruk by sommige lesers kon laat, word hier aangedui dat ware bevryding van die individu eers in die negentigerjare deur die sosiopolitieke situasie van die tyd, werklik moontlik is (kyk 4.8). Scheepers poog om ware bevryding onder andere te verbeeld deur die lesbiese verhouding van die vroulike karakter as afloop van die roman aan te wend. As deel van die Afrikaanse literatuur word sodanige verwoording van “hoe mense (veral vroue) met die ongerymdhede van hul bestaan worstel”, selfs in die negentigerjare steeds as 'n skok ervaar. Tog wil dit voorkom of sodanige beskrywing dui op 'n nuwe wyse om patriargale grense te deurbreek, maar ook om wel in die negentigs te wil aansluit by beskrywings van die bevryding van die Afrikanervrou. Daar bestaan egter uiteenlopende gevoelens hieromtrent by resensente gedurende die negentigerjare. Aan die een kant is daar twyfel of die roman wel daarin slaag om die “konflik van rolverskuiwing (...) bevredigend” op te los en word van die standpunt uitgegaan dat die teks “(a)s eietydse ‘geskiedskrywing’ of feministiese stelling (...) maar 'n bedenklike bydrae” lewer (Erasmus, 1995:8). Aan die ander kant meen Viljoen (1995) dat *Die heidendogters jubel* 'n teks is “wat toeganklik sal wees vir 'n breë leserspubliek sonder dat dit enigsins aan literêre gehalte inboet”.

“As dig-gekonstrueerde teks wat 'n veelseggende reaksie op die hoofsaaklik manlike tradisie van Afrikaanse oorlogs- of grensliteratuur inhou, is dit ook 'n bevrydende moment in die Afrikaanse letterkunde.”
(Viljoen, 1995:90)

Sodanige bevryding is egter eers moontlik gedurende die negentigerjare (kyk 4.8), omdat die sosiopolitieke omstandighede dit toe eers moontlik gemaak het. Vir die navorser wil dit voorkom of die teks *Die heidendogters jubel* (1995) dus eerder binne die grense van bevrydende literatuur deur vroueskrywers/die periode van die negentigs val, en verkeerdelik “begrens” is as grensliteratuur. Scheepers slaag wel daarin om in die negentigerjare aan te dui hoe die sosiopolitieke omstandighede dit moontlik maak om daargestelde grense af te breek. Deur wel hierdie bespreking as deel van dié periode van grensliteratuur in te sluit, wil die navorser dit beklemtoon dat elke periode gekenmerk word deur spesifieke literêre merkers, wat in ’n groot mate deur die sosiopolitieke omstandighede van die periode self bepaal word (kyk 4.8).

Daarom, terug by die periode van die tagtigers self. Aan die einde van die tagtigerjare is die veranderende posisie van die vrou in die samelewing deel van die Afrikaanse literatuur. Met die prosateks *Louoond* (1987) van **Jeanne Goosen** word geslagspolitiek duidelik deel ook van die literêre sisteem (Van Niekerk, 1999:308).

“Nóg ’n boek deur ’n vrou. Luister vriende, die wêreld van die kombuis is van God en mens verlate. Dit is ’n toestand – een van beheerde histerie.”
(Goosen, 1987: motto, *Louoond*)

Alhoewel dié teks as “maar net” nog ’n “poging om ’n hele stuk eietydse vroulike, Suid-Afrikaanse bestaanskrisis te beheer” gesien word, word “bemoeienis met die onderdrukkende posisie waarin die vrou in die algemeen en veral die skryfster of akademies-gerigte vrou haar bevind het vir die grootste gedeelte van die geskiedenis tot op hede” en veral binne die Afrikanergeskiedenis, deel daarvan (Marais, *Die Transvaler*, 25.8.87; Du Plooy & Viljoen, 1992:34).

“Tesame met ’n groter politieke bewussyn ontwikkel daar ook ’n geslagspolitiek in meer skryfsters se werk.”
(Van Niekerk, 1999:308)

Geslagspolitiek word op verskeie wyses deel van die konteks van tekste deur vroue geskryf. Dit varieer van ’n vroulike perspektief na ’n tekstuele vroulikheid; na ’n feministiese inslag, feministiese denke/die feministiese aard van tekste tot verwysings na prosatekste deur vroue as ’n feministiese tendens wat veral dan sedert die tagtigerjare binne die Afrikaanse literatuursisteem voorkom.

“The stereotyped role of the woman, that of wife and mother, is portrayed as a prison. The woman wants to escape, but is unable to. The escape from male domination is realized in (...) Wilma Stockenström’s *Die*

kremetartekspedisie (...). Here the third stage in Afrikaans woman writing is truly entered: the rejection of patriarchy and the search for radically new female identity.”

(Van der Merwe, 1994:74)

Met *Die kremetartekspedisie* (1981) van **Wilma Stockenström** se resepsie word 'n “nuwe rigting in die Afrikaanse letterkunde” aangedui waar daar geweier word “om slegs 'n enkele betekenis aan ‘vrou’ te heg”, waar na kodes of tekens van feministiese optrede verwys word slegs as “tekstuele vroulikheid” en lê die prestige wat die skrywer ontvang eerder daarin dat sy met die teks “een van die hoogtepunte in die Afrikaanse prosa sedert die man-gedomineerde vernouing van Sestig” lewer. Dit is eers veel later dat Du Plessis (1991) in navorsingswerk wat 'n geruime tyd na die verskyning van die teks *Die kremetartekspedisie* (1981) gedoen is, verwys na die eksplisiete gebruik van feministiese kodes in dié teks en dat die “verhaal 'n allegorie is, weergegee in 'n kreatiewe, vroulike taalvorm, van die vrou se bedenklike lot binne 'n stagnante, heteroseksuele samelewingsorde” (Van Niekerk, 1999:422, 423; kyk ook Du Plessis, 1991:118-128; Roos, 1998:103).

Sedert die verskyning van *Louoond* (1987) van Jeanne Goosen kom die term feminisme in resepsieprodukte deurgaans voor, iets wat met onder andere *Klaaglied vir Koos* eers gebeur na die verskyning van Winterbach se volgende prosatekste na 1986. Marais (1987) verwys by die verskyning van die teks *Louoond* (1987) “op die feministiese aard” daarvan en dui aan dat dit “soos Goosen se vorige werk, nougesette aandag” verdien. Ook word dit saam met prosatekste wat voor *Louoond* (1987) verskyn het, onder andere *Klaaglied vir Koos* (1984) en *Erf* (1986) van Viljoen, asook die poësie van Krog, *Otters in bronslaai* (1981) en *Jerusalemgangsters* (1985), gegroepeer/geklassifiseer as “feministiese novelle/roman” in Afrikaans. Marais (1987) wys daarop dat dit 'n “rigting” is “wat net soveel aandag verdien as wat aan die sogenaamde grensliteratuur bestee word” (Van Niekerk, 1999:421; Marais in *Die Transvaler*, 25.8.87).

Dat Goosen as skrywer(-ster) met *Louoond* (1987) 'n nuwe tendens of “opwindende rigting” in die Afrikaanse literatuursisteem vestig, hou veel meer vir die sisteem in as wat met die verskyning daarvan beseft is. Aanvanklik word na die feministiese aard van die teks verwys, wat 'n versagting is van die verwoording van die vroulike ervaringswêreld; terwyl latere studies soos dié van Du Plessis (1991) die sogenaamde feministiese aard van die teks direk aanspreek as 'n “besonder opmerkbare ondermyning van die patriargale konvensies”. Laasgenoemde opmerking

word gegrond op die lesbiese verhoudings as 'n "ongewone motief in die Afrikaanse roman" (Roos, 1998, 103). Aanvanklik wil dit voorkom of Goosen die literêre veld van die tyd skok met *Louoond* (1987), maar sy slaag tog daarin om die aandag op die vrou as skrywer van formaat te plaas.

Alhoewel Brink (1986: *Rapport*, 2.3.86) Goosen se prosateks *Om 'n mens na te boots* (1975) "as 'n sleutelwerk binne die Afrikaanse prosa" beskou, word Goosen se waarde as prosaïs binne die Afrikaanse literatuursisteem in werklikheid eers na die verskyning van *Louoond* in 1987 besef. 'n Geruime tyd na die verskyning van die teks dui Gerrit Olivier (*Vrye Weekblad*, 20.4.90) aan dat *Om 'n mens na te boots* 'n "beduidende werk is wat in die literatuurgeskiedenis afgeskeep word" en slegs "min of meer in die verbygaan" vermeld word (Van Niekerk, 1999:420). Brink (1986) beskou dié teks, *Om 'n mens na te boots* as 'n "model van die postmodernisme in Afrikaans". Feminisme of die moontlikheid daarvan binne die Afrikaanse literatuursisteem plaas wel met *Louoond* die aandag op die vrou se prominente posisie-inname in die literêre veld van die tyd, maar dit wil voorkom of die beoefening van 'n spesifieke literatuurteorie en wel postmodernisme, in dié teks eerder verantwoordelik is vir die prestige wat die skrywer as skepper daarvan ontvang. Nie net dui die motto van *Louoond* (1987) alreeds 'n "veranderlikheid" aan nie, maar word ook "verstrengeling van surreële en 'n aktuele geweldsfeer" deur Goosen gebruik. Dit pas dus aan by die kriteria waardeur 'n teks literariteit verkry, want dit word duidelik dat "(a)s daar een sodanige noemer is wat die literatuur van tagtig die sterkste bepaal, (...) dit waarskynlik die postmodernisme" is (Smuts, 1991:23; kyk ook Müller, 1992:398; Roos, 1998:83)

Deur die gebruikmaking van die postmodernisme, slaag Goosen daarin om 'n nuwe beeld ten opsigte van die tradisionele rol van die vrou in die samelewing daar te stel. Uit 'n perspektief van tydsberekening wil dit amper voorkom of Goosen as die "vader" (of moeder) van postmodernisme binne die Afrikaanse literatuursisteem gesien, genoem of selfs beskou kan word, maar word daar egter aangesluit by 'n alreeds bestaande besef veral onder verligte mans, soos Letoit en Prinsloo.

"In 1982 alreeds verklaar hy (André Letoit) (later bekend as Koos Kombuis) implisiet sy aansluiting by die postmodernisme wanneer hy variasie, vervreemding en verandering as gemeenskaplike ervarings van sy generasie benoem."
(Roos, 1998:99)

Die genoemde generasie sluit vanselfsprekend vroue in, want dit word 'n algemene tendens onder vroueskrywers om uiting aan hul feministiese denke binne 'n postmodernistiese struktuur te gee, of anders gestel, om deur middel van postmodernistiese tekste feministiese uitsprake te maak. Dit wil voorkom of feministiese optrede in 'n mate deur die postmodernisme regverdig word deurdat hulle (die sogenaamde “rebellious women”) elke faset van hul “tydgenootlike sosiokulturele spektrum op aantoonbaar *anderse* manier beskou en verwoord” (Roos, 1998:102, 104).

Botha (1992a) beskou die tagtigerjare ook as die “era van literêre pryse” veral omdat verskeie nuwe prestige-toekennings gekoppel aan media-instellings, soos die M-Net Boekprys en die *De Kat*-wedstrydprys, asook die Rapportprys deel word van die Afrikaanse literatuursisteem. Opvallend is dat ook vroue vanaf die middel tagtigs en met die oorgang na die negentigs en daarna, van hierdie prestige-toekennings ontvang – onder andere ook Winterbach en Stockenström – en word die toekenning van pryse aan vroue 'n algemene verskynsel. Sodanige erkenning was hoofsaaklik gekoppel aan “postmodernistiese trekke” wat veral sedert die negentigerjare in “die belangrikste Afrikaanse prosatekste” (Van Coller, 1995:271) teenwoordig is.

“Eie aan die postmodernistiese kultuur is die omverwerping van hiërargie en konvensie, en hierdie verskynsel kry opmerklik vorm in die tekste wat die afgelope jare deur en oor vroue geskryf word.”
(Roos, 1998:76 & 101)

Waardebepaling veral gegrond op transhistoriese metodes wat wel nog in die sisteem teenwoordig was, is nou onder geweldige druk geplaas. Die bepaling of eintlik die afbakening van literariteit in die Afrikaanse literatuursisteem, word gesien as 'n “polemiese kwessie”. Ook die “tradisionele konsep van die literêre kunswerk” word nou onderwerp aan “variasie, vervreemding en verandering” (kyk Roodt, 1988:58; Brink, 1993:40).

“Die *Postmodernisme* se verwerping van legitimasie het dus sy wortels in die Modernisme se kritiek teen totaliserende sisteme. Hierdie legitimasie lei daartoe dat die *Postmodernisme* 'n topologiese aard vertoon. Teenoor die mimetiese aard van die tradisioneel-realistiese fiksie en die relatiwiteitsbewussyn van die Modernisme, vertoon die *Postmodernisme* op sy beurt 'n topologiese verandering. Daar is dus veel meer moontlikhede as sisteme wat basies óf waar óf vals is. Die *Postmodernisme* weier om aan enige enkele sisteem 'n beheerende posisie toe te ken. Totaliserende sisteme word hier nie toegelaat nie, en meestersvertellings oorheers nie meer nie.”

(Müller, 1992:397)

“Ondermyning van die estetiese ideaal” sou as die mees ekstreme beskrywing van postmodernisme beskryf kan word, maar dit is hoofsaaklik geleë in die postmodernisme se “eksplisiete oorskryding van grense op verskillende maniere, ook tussen fiksie en realiteit” (Roos, 1998:101).

“Die onsekerheidsbeginsel is dus ’n baie belangrike bestanddeel van nie net die literêre teks nie, en veral die nuwe teks nie, maar ook van die hele kontemporêre literêre terrein.”

(Müller, 1992:145)

Alhoewel hierdie “nuwe denkklimaat van die tyd” aanvanklik binne die Afrikaanse literatuur sodanige weerstand ontvang het, het dit nie net aangesluit by die sosiologiese realiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing nie, maar ook rigtinggewend gefunksioneer.

“In Suid-Afrika het die soort tegnologiese en sosiopolitieke omstandighede waaronder ’n postmodernistiese kultuur posvat eers sedert die middel tagtigerjare werklik op die voorgrond getree.”

(Roos, 1998:98)

February (1998) dui 1986 aan as die begin van “drastiese radikale verandering”:

“In daardie jaar het ballinge wat hulle nog steeds buite die landsgrense bevind en blykens die geldende definisie nie tot die ‘volk’ behoort nie, begin praat van ‘bevryde Afrikaans’.”

February (1998:3)

Vanuit die sosiologiese bestel van die Suid-Afrikaanse samelewing gebeur dit dat geweldige druk op bestaande magstrukture toegepas begin word. Dit is veral vanaf 1986 met die totstandkoming van die vakbondbeweging Cosatu, dat die stemlose werkers nou en in die jare daarna al hoe meer invloedryk en magtig kon word. Waar die stem van die massa nou daarop aandring om gehoor te word, word dit feitlik onmoontlik om demokratisering as sosiale realiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing stop te sit. ’n Paradigmaverandering was nou onafwendbaar.

4.7 DEMOKRATISERING

Einde tagtig, begin negentig

In die tiende D.F. Malherbe-gedenklesing, 15 Mei te Bloemfontien, stel Brink (1991) in “Afrikaans: Op pad na 2000”, ’n fase van bevryding in die vooruitsig – ’n “fase in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis as verteenwoordigend van die ware emansipasie van die sisteem”.

“Opvallende kenmerke van hierdie emansipasie is volgens hom die tematiese fokus op Afrika, weg van die koloniale (Europese) sentrum, asook ’n groter, meer demokratiese toeganklikheid en ’n herbesoek aan die geskiedenis en aan ‘historiese terreine’ in die postmodernistiese en postkoloniale sin van die woord.”
(Van Coller & Odendaal, 2005:33)

Verandering en bevryding sou egter nie oornag kon gebeur nie. Malan (1991:88) dui aan dat “(a)s daar een veralgemening oor die mitiese dier ‘die Afrikaner’ is, is dit dat hy (altdy hy) behep is met grense en trekke”. Begrensing, afsondering, uitsondering, uitverkorenheid, eksklusiwiteit – hierdie selfgeskepte “lewensfaset” van baie gebruikers van “Afrikaans”, het ’n kokon om mense gevorm wat nou besig was om oop te kraak. Baie wat ook hierby (noodgedwonge) ingesluit was, het uitgereik en het die moontlikheid van ’n nuwe bestel veral sedert die einde van die tagtigerjare ernstig ondersoek.

Teen hierdie tyd was dit ook duidelik dat die Afrikaner-regering nie meer spesiale aandag aan die Afrikaanse skrywers kon of wou gee nie. Waar die Sestigters alreeds hul rug op die establishment gedraai het, raak Afrikaanse skrywers nou openlik betrokke by die politieke situasie self en sluit hulle in aan by “die uittog van onder andere bekende wit Afrikaners na Dakar in 1987 om daar leiers van die ANC te ontmoet”. In Julie 1989 word dit werklik ’n uitgemaakte saak dat “Afrikaner-skrywers ... klaarblyklik besluit (het) om te kies vir ’n ander Suid-Afrika” (Coetzee, 1990:56; Roos, 1998:74).

Alhoewel alreeds vanaf die begin tagtigs “baie (onlangse) Suid-Afrikaanse werke met ervarings van die stryd om bevryding of dekolonisering (worstel)”, kom hierdie proses van “dekolonisering” in werklikheid binne die Suid-Afrikaanse samelewing as werklikheidskonteks eers in die begin negentigs in beweging. Binne die Afrikaanse literatuur was hierdie proses alreeds aan die gang. Hierdie oorgang

na 'n demokratiese bestel is deur verskeie skrywers deur middel van skryf, ondersoek en selfs deurbreek – veral omdat verskeie paradigmatverandering(e) binne die literatuursisteem alreeds plaasgevind het (Viljoen, 1992:279).

“Paradoksale en soms selfs direkte teenstrydige verskynsels op die gebied van die Afrikaanse letterkunde en kultuur in hierdie laaste dekade reflekteer waarskynlik die omringde sfeer van onsekerheid en omwenteling.”
(Roos, 1998:97)

Onderhandelinge tussen feitlik almal wat na alternatiewe buite die “Afrikanerdom” gesoek het – op 'n stadium genoem die alternatiewe Afrikaner, later Afrikaner-anargie, wat ook skrywers se betrokkenheid by dié werklikheidskonteks insluit – word onder andere in Winterbach se teks *Belemmering* (1990) vervat as 'n “(a)angrypende worsteling met aktuele probleme” (De Villiers, 1991:8).

“En dit is presies die uitdaging wat die skrywer aanvaar om in die tydperk van enorme sosiale en politieke omwentelinge juis nie op die grootse daade en die ‘heroïese’ van die oomblik te fokus nie, maar op die talle belemmeringe wat mense van 'n algehele identifisering met die ‘historiese’ van die oorgangstyd weerhou.”
(Malan, 1991:88)

Dit wil voorkom of die mans op die berg (almal aktiviste wat die verskillende Suid-Afrikaanse etniese groeperinge verteenwoordig) aan die een kant intens besig is met kaartwerk: “*Ons ondersoek tog die tussenterrein*” (Viljoen/Gouws/ Winterbach, 1990:51) en die vrou Hanna aan die ander kant besig is met haar alledaagse lewe, maar tog ook om haarself te bemagtig deur inligting omtrent “die volk” se geskiedenis te verken of te ondersoek – dus as die “voorheen benadeeldes” wat besig is om hulself voor te berei vir veranderinge asof strategieë uitgewerk word om demokratisering in werking te bring.

“Verandering, oorgang, verwarring, demokratisering – hierdie onsekere situasie word in 'n ekstreme graad in die Suid-Afrika van die vroeë negentigerjare ervaar.”
(Roos, 1998:93)

Hierdie teks, wat as “belemmerende leesstof” veral as gevolg van “die digte liriese aard daarvan”, beskryf word, word 'n simbool van die werklikheidskonteks van dié tyd – 'n tyd van onsekerheid, ondersoek, aanpassing, oorgang en oopmaak (wat deel uitmaak van latere waarheid en versoening). Dus ook ironies, is dit 'n (blanke)

vrou wat met die “skryf” van hierdie onsekere situasie eintlik poog om deur te breek tot die Afrikaanse literêre veld van die tyd. Hierdie poging is nie net vir haarself, of die sisteem nie, maar ook vir die vrou as gemarginaliseerde groepering binne die Afrikaanse literatuursisteem (Stander, 1994:6).

“Viljoen skiet ons literêre landskap oop (maar nie vir Boere-Calviniste nie).”
(Swanepoel, 1991:23)

Resepsieprodukte dui egter ook op die belemmerende situasie waarin Viljoen/Gouws/Winterbach as vrou en skryfster verkeer – as ma en huweliksmaat. In vroulike terme lig sy die situasie aan ’n vroulike resensent, Rachelle Greeff (1994), uit.

“Die *Belemmering*-manuskrip (...) ek het dit persklaar gemaak toe Liesbeth ’n baba was. Die melkhormoon belemmer jou kop. Maar dan leer jy om vir ’n kwartier te werk as die kind vir ’n kwartier slaap. Werk met voortdurende onderbrekings is onvermydelik met jong kinders.”
(Greeff, 1994:83)

Winterbach stel dit duidelik in ’n onderhoud met ’n manlike resensent wel dat “die beoefening van ’n loopbaan soos kreatiewe skryfwerk (...) ’n bietjie teenstrydig (is) met die eise wat die huwelik stel” (Britz, 1990:27).

“’n Romanskrywer moet die wêreld verken, maar die wêreld behoort aan die man; hy is vry om die wêreld te gaan opteken,’ sê Ingrid Gouws en skink nog tee in. ‘Die vrou se plek is op haar erf’, by die huis, en by haar kind. Die huwelik sluit haar van die groter sosiale ruimte af ... dit gee haar ’n beperkter, meer introverte stem as skrywer.”
(Britz, 1990:27)

Nie net in die teks *Belemmering* nie, maar ook in resepsieprodukte word die belemmerende patriargale verhouding tussen mans en vroue weerspieël; steeds die groepering van mans eenkant en die vrou aan die ander kant.

“Viljoen se derde werk, ’n uitgebreide roman getitel *Belemmering*, is ’n baie enigmatiese vertelling wat blykbaar die meeste (manlike) resensente steeds verwar.”
(Roos, 1998:69)

Oral dui resensente hierdie “grens” aan en is dit “minder toeganklik vir die gewone leser, en veral vir die deursnee manlike resensent” wat nog sukkel om

Viljoen die grens oor te laat – vir haar as vroueskrywer is daar dus steeds ’n “belemmering” wat haar toegang tot die literêre veld en dus die “sisteem” belemmer. Die teks word ook vir haar as skryfster ’n oorgangstyd binne die sisteem (kyk Roos, 1998:104).

“LETTIE VILJOEN herinner ’n mens ’n bietjie aan John Miles: ’n intelligente en onafhanklike skrywer wat haar eie ding doen en ietwat eenkant staan van die literêre establishment en sy organe. Sy het in die middel-tagtigerjare stillerig op die literêre toneel verskyn met twee treffende korter tekste, *Erf* en *Klaaglied vir Koos*. Met *Belemmering* het sy nou getoon dat daar voortaan met haar as een van die belangrikste jonger Afrikaanse skrywers rekening gehou kan word.”
(Pakendorf, 1991:7)

Met die eerste demokratiese verkiesing in 1994, vorm Nelson Mandela ’n regering van nasionale eenheid, maar dit is eers vanaf die middel van die negentigerjare dat ’n totaal nuwe staatkundige opset wat tot die strukturering van ’n totaal nuwe maatskaplike opset lei, tot stand kom. Elke individu wat homself as ’n burger van die land Suid-Afrika op hierdie stadium beskou het, het hom- of haarself op die een of ander wyse op verskeie vlakke en binne elke lewensfaset van sy bestaan, in ’n situasie van paradigmatverandering bevind. Terwyl die denkpatrone van individue nie so ’n maklik veranderlike faktor is nie, is strategieë bekend as “regstellende aksie” op alle gebiede en vlakke van die samelewing in werking gestel om daadwerklike veranderinge, meer bekend as “transformasie”, in die sosiologiese maatskappy te verseker.

“In die tyd van apartheid het baie Afrikaners hulle gedra asof die staat aan hulle behoort. Nou was daar by hulle ’n sterk gevoel dat die bordjies verhang is. In ’n meningsopname in 1992 het slegs 4% van die Afrikaners saamgestem met die stelling ‘Suid-Afrika is vandag die land van die swart mense; blankes moet aanvaar dat hulle tweede plek moet inneem’. Teen 1998 het die Afrikaners wat met die stelling saamstem tot 43% gestyg vergeleke met slegs ’n kwart van die Engelse Suid-Afrikaners en kleurlinge. Die Afrikaners was dus nou die mense wat hulleself die meeste as tweedeklasburgers beskou het.”
(Giliomee, 2004:622)

Suid-Afrikaners, veral dié wat hulself as behorende tot die kulturele groepering Afrikaners geag het, het veranderinge of transformasie en waarskynlik uit vrees vir veranderinge wat nog gaan kom, as ’n radikale politieke ommeswaai in Suid-Afrika ervaar. Die verbrokkeling van Afrikaner-eenheid, wat alreeds voorgekom het, het nou uitgeloop op ’n “finale versplintering van die Afrikanerdom” – onsekerheid rondom

Afrikanerskap, Suid-Afrikanerskap of selfs Afrikaanskap het deel van menige burger van Suid-Afrika geword. Dit was die begin van 'n “etniese stryd” – ook ten opsigte van taal as eksklusiewe besit of taal van minderheidsgroeperinge. Nie net Afrikaans nie, maar “alle minderheids- en inheemse taalgroepe in die land” is onder druk geplaas deurdat die gebruik van Engels voorkeur geniet het (en waarskynlik steeds geniet), omdat dit “transformasie van die staatsdiens en die ekonomie” sou “bespoedig”. Afrikaans as deel van die eenheid van die Afrikaanse literatuursisteem word sedertdien voor uitdagings gestel, want die toekoms van Afrikaans as openbare taal vir al die sprekers daarvan het voor 'n “kruispad” te staan gekom (Giliomee & Schlemmer, 2001; Roos, 1998:92, 96).

“Daar was 'n stryd onder die Afrikaners oor hoe Afrikaans die beste bevorder kan word, met die ouer en jonger geslag dikwels aan verskillende kante. Die regering en die sakesektor se dramatiese afskakeling van Afrikaans in die negentigerjare is deur 'n groot aantal Afrikaners beleef as 'n aanslag op sowel die taal as op hul gevoel van eiewaarde, waarvan Afrikaans lank die simbool was.”
(Giliomee, 2004:622)

Alhoewel die “totstandkoming en bestaan van 'n nasionale letterkunde oor taal- en kleurgrense heen bepleit, bemerk en bevraagteken” is en dit in 'n mate tog 'n aanduiding was dat “die Afrikaanse prosa 'n nuwe en groter ruimte betree het”, was die oorgang na 'n demokratiese bestel veral binne die maatskappy en veral vir gebruikers van Afrikaans, “skielik en radikaal”. Afrikaans en alles en almal wat dit omarm, het hiermee 'n tyd van “verkenning en ontvoogding” binnegegaan (Roos, 1998:93, 98).

“Sommige van die jonger geslag Afrikaners het die stryd vir Afrikaans as openbare taal verwerp as deel van hul opstand teen patriargale of manlike oorheersing. 'n Deelnemer aan 'n televisieprogram oor jong Afrikaners het gesê: ‘Die ouer mense is geneig om van elke ding 'n *issue* te maak. Die taal-*issue*, (...) alles is *issues*. Die jong mense moet oorleef, dit is ons *issue*.’”
(Giliomee, 2004:623)

Dit wil egter voorkom of die Afrikaanse literatuur as lewensfaset van die Suid-Afrikaanse samelewing vroeg reeds gereed maak vir 'n *Wêreld sonder grense* (Strachan, 1984), want waar daar in die toekoms “geen rigtinggewende ankerpunte meer is nie, verval die duidelike afbakening van grense, en neem die *postmodernisme* sy posisie op die oorskryding van grense in”. Postmodernisme

funksioneer ook as 'n vloeibare fenomeen en bring die teenwoordigheid van die “postmodernisme as literêre fenomeen” alreeds demokratisering van die Afrikaanse literatuursisteem mee. Hiermee word enersyds die oopmaak van die Afrikaanse literêre kanon verseker, en andersyds ook 'n diskursiewe gesprek/diskoers (Müller, 1992:397; Roos, 1998:98, 101).

Winterbach, of Lettie Viljoen, soos sy in dié tydperk nog bekend was, sluit dus aan by die literêre tendens deur weereens daarin te slaag om die toekoms en die verlede met mekaar te verbind deurdat 'n soort tydloosheid ervaar word, met reg 'n soort tussentyd of oorgangstyd waar dit “lyk of beide die toekoms en die verlede nie te ver buite die onmiddellike bestek van die roman lê nie”. Met die verskyning van *Belemmering* (1990) sien Nel (1991) die teks as 'n “roman wat 'n allegorie raak vir 'n toekomstige geskiedenis van die land, 'n land van '(s)taatsteregstellings, militêre teregstellings, militêre maneuvres (sic), polisieklompjagte, sluipmoorde' (27)”, terwyl resepsieprodukte wat na aanleiding van dié teks verskyn, paradigmatverskuiwinge binne die Afrikaanse literatuur in die vooruitsig stel (Nel, 1991:6).

“Want die kaart van die Afrikaanse prosa moet na die verskyning van die seminale teks opgegradeer word. Lettie Viljoen het waaragtig die kontoere van 'n literêre landskap oopgeskiet: so eindloos het die teken en be-teken betekenis nog nooit voorheen in ons prosa ontwyk nie: so eindloos moes lesers hul leesstrategie nog selde, indien ooit, bevraagteken.”
(Swanepoel, 1991:23)

Nie net was postmodernisme nou alreeds in die tekste van verskeie Afrikaanse skrywers sigbaar nie, maar is dit dikwels as ondermyning binne die Afrikaanse patriargale maatskappy geïnterpreteer. Dit wil egter voorkom of die Afrikaanse literatuur met die oorgang na 'n nuwe dekade op weg na 'n nuwe bedeling, een van die min lewensfasette was wat ondanks teenkanting dikwels van binne die sisteem self en vanuit die samelewing ook as nawerking van die sosiale magstruktuur waaraan baie nog wou vasklou, alreeds aanpassings gemaak het om deel van 'n demokratiese bestel te word.

“Daar mag die verwagting wees dat die Afrikaanse literatuur na die verkiesing van 27 April 1994 daar anders uitsien as die literatuur daarvóór en dat dit hierdie datum is wat 'n vernuwing inlui. Hoewel politiek en literatuur soms 'n duidelike verband het, loop die literatuur egter meermale sy eie koers, laat skrywers hulle meestal nie intimideer en indoktrineer deur politici nie en wys hulle dikwels profeties vooruit na dinge wat politici eers veel later in die praktyk verwesenlik.”
(Kannemeyer, 2005:560)

Alhoewel werklik regstellende aksie in die sosio-ekonomiese en sosiopolitieke omstandighede/maatskappy eers 'n geruime tyd na 1994 realiteit word, dui die beplanning van 'n nuwe literatuurgeskiedskrywing op 'n allesinsluitende literatuursisteem van Afrikaans in die vooruitsig. Volgens Van Coller (1998) word die jaartal 1993 alreeds gesien as die begin van 'n demokratiese perspektief op literatuur in Afrikaans.

“Omdat 'n literatuurgeskiedenis een van die belangrikste agente is in 'n kanoniseringsproses, moes die proses uit die staanspoor demokraties verloop.”
(Van Coller, 1998:viii)

Dit is juis die nou alomteenwoordige postmodernisme wat aan die literêre veld van die tyd 'n bron van “variasie, vervreemding en verandering” verleen – waar erkenning aan ander, en dus ook vroue alreeds gegee word en posisie-inname plaasgevind het; waar “*vervreemding* onder meer die dinamiese aard van literatuur as 'n voortdurende veranderende sisteem beskryf” en laasgenoemde meebring dat “die literêre werk in alle opsigte in reliëf nie net met die werklikheid nie maar ook teenoor die literêre tradisie” geplaas word. Druk ook op die literêre kanon van Afrikaans kan dus as vanselfsprekend aanvaar word en het dit nou noodsaaklik geword dat die literêre kanon van Afrikaans in terme van 'n nuwe sosiale of literêre-historiese paradigma aangevul moet of moes word (Du Plooy, 1992:567; kyk ook na “Voorstelle by die herwaardering van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis”: Van Niekerk, 1997 & Van Coller, 2008).

“'n Bewustheid bestaan reeds vir 'n geruime tyd internasionaal, maar ook toenemend plaaslik, dat die vrou as skrywer dikwels gemarginaliseer of onbevredigend gekanoniseer is in die meeste geskrewe letterkundes en opgetekende literêre geskiedenis.”
(Van Niekerk, 1999:305)

Posisie-inname van vroue ook op die gebied van navorsing in hierdie verband kom veral sedert die begin negentigs na vore. Roos (1998) verwys veral na studies van Du Plessis 1991; Meyer 1993; Roos 1992a; Van der Merwe 1994 en Van Niekerk 1994, waarin hierdie bewustheid van “vooroordeel omtrent, verswyging van en ongemotiveerde uitsprake in resensies, prystoekennings, bloemlesings en literatuurgeskiedenis oor werk deur vroue onlangs in uiteenlopende studies geboekstaaf (is)”.

“Dat hierdie geringskattende houding omtrent die vrou – en haar spesifieke belangstellings – as literêre onderwerp en as outeur gedurende die afgelope dekade radikaal gewysig is, kan ook op verskillende vlakke opgemerk word.”
(Roos, 1998:102)

Deur die insluiting van die perspektief op *Die Afrikaanse vroueskrywer – van egoteks tot postmodernisme* vanaf die agtiende eeu tot 1996, word daar nie net erken dat die vrou ’n veel laer profiel in die Afrikaanse literatuursisteem gehandhaaf het nie, maar word veral daarin geslaag om uiteindelik ’n goed verteenwoordigende en gebalanseerde literatuurgeskiedenis van die Afrikaanse literatuursisteem daar te stel – waar dit as ’n (bewustelik beplande) regstellende aksie gesien kan word (kyk Van Niekerk, 1999:305-443).

“Terselfdertyd moet die kanon voortdurend aangeval en onder die loep geneem word. Hierdie uitgawe van *Perspektief en profiel* probeer daarom doelbewus om gemarginaliseerde literatuur (o.a. dié van vroueskrywers) die kanon binne te haal. ’n Soortgelyke strategiese posisie-inname is die besluit om ook ’n perspektief te wy aan buite-kanonieke literatuur.”
(Van Coller, 1999:ix)

Alhoewel die “ginokritiek” reeds sedert die sewentigerjare deel uitmaak van ’n wêreldtendens in wetenskapbenaderings tot literatuursisteme, wil dit voorkom of die Afrikaanse literatuursisteem eers in die negentigerjare in samehang met die sosiologiese veranderinge in die maatskappy, gereed is om wel gemarginaliseerde literatuur (o.a. dié van vroueskrywers) “die kanon binne te haal” (kyk Van der Merwe & Viljoen, 1998:152-158; De Jong, 1993:123-128).

”Hierdie program hou in dat literêre begrippe en standarde herondersoek, die literatuurgeskiedenis herskryf, die verlore kanon herontdek en die heersende kanon grondig hersien word.”
(Du Plooy & Viljoen, 1992:34)

Daar word dikwels (nog steeds) weggeskram om sodanige optrede as feministies te klassifiseer. Van Niekerk (1999:306) dui spesifiek aan dat ’n “feministiese analise van die rol en werk van die vroueskrywer en die ‘vroulike blik en belewenis in die literatuur’” nie nagestreef word nie. Tog wil dit voorkom of dit juis spesifiek gerigte studies soos dié van Du Plessis 1991; Meyer 1993; Roos 1992a; Van der Merwe 1994; Van Niekerk 1994 & 1997 is wat aanleiding daartoe gee om die nodige “regstelling” in die literatuurgeskiedenis van Afrikaans te maak. Deur ’n

agterna-perspektief wil dit egter voorkom of hierdie studies wel as feministies gerigte aksies beskou kon word. Homogene sosiale belange het waarskynlik gedien as motivering dat dit uitsluitlik vroue as navorsers is wat poog om bewyse te lewer van diskriminasie teen vroue as sosiale groepering ook binne die Afrikaanse literatuursisteem.

“Die oordeel oor wat goed of belangrik in die letterkunde is, word klaarblyklik weer en weer in die loop van die tyd deur lesers en kritici gewysig. Dalk sal die oordeel of sekere vrouewerk inderdaad belangrik is of nie, beter verantwoord word wanneer dit ook vroue is wat al hoe meer die pryse toeken én die literatuurgeskiedenis skryf.”
(Roos, 1992:51)

Studies van Conradie (1958), Visagie (1995) en Crous (2002) sluit ook aan by die siening dat “(t)he reflection on women’s and men’s place in society has also benefited from the semiotic turn” (Brouwer, 1995:149). Sosiopolitieke verandering sal dus ook weerspieël word in die verhouding wat daar tussen mans en vroue bestaan, maar sal noodwendig ook aanspraak maak op ’n paradigmaverskuiwing of selfs verandering/transformasie, ten opsigte van konseptualisering en selfs ideologisering rondom patriargale konvensies wat direk deur sodanige verandering geraak word. “Geslag” – manlikheid en vroulikheid – en konsepte wat daarom bestaan, is dus ook nie staties nie.

Geslag sou dus gesien kon word as ’n veranderende sosiopolitieke konstruksie wat uitdrukking vind in die taal (as kode) wat deur ’n spesifieke geslag skrywers in hul skryfwerk gebruik word. Waar verandering na ’n demokratiese samelewing nou ter sprake is, kan aanvaar word dat sosiopolitieke verandering in die maatskappy ook verandering binne die literatuursisteem as deelsisteem daarvan kan meebring.

“Ginogenese is (’n) sosiale toestand, en soos alle veranderende sosiale bewussyninhoudes vind dit die merkbaarste neerslag in die literatuur.”
(Beukes & Gouws, 1999:88)

Die ginokritiek/ginogenese as feministiese studierigting gee dus eintlik direk aanleiding tot die herondersoek en herontdekking van die vrou as voorheen benadeelde’sosiologiese groepering of geslag en wel om die nodige herwaardering van monolitiese literatuurgeskiedskrywings van die verlede te kan maak. Ook binne die Afrikaanse literatuursisteem en die intersistemiese diskoers, word die invloed van ginogenese nou merkbaar. Ginogenese impliseer transformasie. Studies wat reeds

gedoen is vanaf die einde van die tagtiger- en vroeg in die negentigerjare, loop dus uit op die verskyning van *Perspektief en profiel 1, 2 en 3* onder redaksie van Van Coller (1998, 1999 & 2006). Verandering in die Afrikaanse literatuursisteem word hiermee uitsluitlik ook die resultaat van demokratisering as sosiale verskynsel wat aanspraak maak op die erkenning van meerstemmigheid – en wel ook in die Afrikaanse literatuursisteem as kultureel-literêre produk.

Deur die bewustelike demokratisering van die sisteem word ook duidelike verandering ten opsigte van waardebeplanning deur die toepassing van hiërargiseringstrategieë binne die sisteem dus aanvaar. Of hierdie uitbalansering van die kanon as manlike konstruksie soos dit binne die Afrikaanse literatuurgeskiedenis gestereotipeer word, sal bydra tot 'n literatuurgeskiedenis waarin “beide mans en vroue bevredigend figureer” en of dit werklik die “illusie” of die idee van die kanon as 'n manlike konstruksie sal verwyder, word dikwels steeds bevraagteken.

“Over de jaren negentig wordt met betrekking tot de Zuid-Afrikaanse letterkunde gesproken als het decennium van de vrouwelijke stem. Het is inderdaad opmerkelijk hoe groot het aantal vrouwenschijvers binne de huidige Zuid-Afrikaanse literatuur is. Uiteraard is het geslacht van de schrijver niet van doorslaggevend belang voor de inhoud van wat zij/hij schrijft, maar het kan bij de lezer wel als teken fungeren waardoor de lezer zijn/haar oren spitst en ontvankelijk is voor inhoud en vormen die binnen de tot voor kort heersende literaire conventies nieuw zijn (of het opnieuw zijn geworden).”
(HE, 1996:196)

Wanneer Van Niekerk (1999:308) van die standpunt uitgaan dat “die tagtigerjare hoofsaaklik deur mans en grensliteratuur oorskadu word” en dat die “negentigerjare weer aan die vrou” behoort (en die navorsing ook aandui dat dit in werklikheid so is; kyk 4.8 & 4.9), is dit noodsaaklik om te besef dat mans as skrywers en lesers, maar veral as rolspelers in die literêre veld, nie verdwyn het nie – dat hulle steeds nog aktief aan die skryf is of was; steeds opgetree het as hekwagters ensovoorts; met ander woorde, steeds 'n aktiewe bydrae tot die sisteem gelewer het. Hoewel die gevestigde Taurus-uitgewery sluit en die tydskrif *Stet* ophou publiseer, word 'n opbloei oor die algemeen in die Afrikaanse literatuursisteem alreeds in die laat tagtigs en veral vanaf die aanvang van die negentigs ervaar – dit ondanks vrese oor die voortbestaan van verskeie aspekte rondom die taal Afrikaans.

“Die blote feit dat Afrikaners protesteer, is beskou as 'n simptoom van ongevoeligheid teenoor die leed en lyding van mense tydens apartheid.

Sommige het die houding aangeneem dat besware teen die afskakeling van Afrikaans net die 'spookpyne' is van mense wat eintlik oor die Afrikaner se magsverlies gegrief is."

(Giliomee, 2004:623)

Sekuriteit en sekerheid was tot onlangs nog vir die Afrikaner opgesluit in sy Afrikanerskap en ideologiese veronderstellings van nasionalisme, patriargisme en Christenskap – beginselvastheid, die basis waarop sy sedes, norme, moraliteit en al sy lewensmodaliteite gegrond was. Sedert die einde van die tagtigerjare en (nou) aan die begin van die negentigerjare, word die Afrikaner se totale bestaan as gevolg van die aandrang op demokratisering in onsekerheid gedompel. Die Afrikaner het besef dat hy magsverlies in die gesig staar. Hierdie staat van onsekerheid en moontlike magsverlies kom volgens Barthes (1975) dikwels na vore in die "jouissance", 'n soort "geluksalige" teks" (Muller, 1993:150; kyk ook 2.2):

"(J)ouissance (...) a text that imposes a state of loss, the text that discomforts (perhaps to the point of a certain boredom), unsettles the reader's historical, cultural, psychological assumptions, the consistency of his tastes, values, memories, brings to a crisis his relations with language." (Barthes, 1975:14)

Die resepsie van, en daarom dus resepsie-produkte na aanleiding van die teks *Griet skryf 'n sprokie* (1992) deur **Marita van der Vyver**, weerspieël die sosio-politieke dualiteit waarin die Afrikaner hom/haar (nie meer net "hom" nie), nou bevind. Aan die een kant is daar diegene wat vasklou aan die oue, terwyl daar aan die ander kant diegene is wat streef na die nuwe. Marita van der Vyver en haar teks *Griet skryf 'n sprokie* word 'n "middelpuntvliedende moment" binne die Afrikaanse literatuurgeskiedenis, die Afrikanergeskiedenis en die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis aan die vooraand van die demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Gou word Marita van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* (1992) in omstredenheid gedompel. Binne enkele dae na publikasie is die woord versprei:

"Nie sedert die dae van *Sewe dae by die Silbersteins, Kennis van die aand* en *Magersfontein, O Magersfontein!* het 'n boek soveel opspraak in Suid-Afrika verwek as Marita van der Vyver met *Griet skryf 'n sprokie* (1992) nie. Dié boek het mense behoorlik aan die praat en die drukkers kan nie voorbly om in die boekwinkels se voorraad te voorsien nie. Die skrywer (...) sê sy is self verstom oor die reaksie op haar boek.

‘Dit is verstommend wat lesers alles in die boek raaksien, maar dit is nou maar eenmaal die ding van sprokies. Dis nie iets wat intellektueel benader word nie – jy kan mos nie sommige van daardie dinge so met die kop benader as dit ook oor verskriklike goeters gaan nie.’

Willem Pretorius het met haar gesels.”
(*Volksblad*, 22 Mei 1992:6)

Heftige teenkating kom egter voor vanuit Afrikanerkringe of die establishment, soos ook Van der Vyver hulle noem – teenkating wat duidelik die gevolg is van ’n bewustheid van magsverlies en wat veral as verzet teen verandering gesien moes word. Daar word neerhalend na Marita van der Vyver verwys “as ’n onseker ou Afrikaner(?) -meisietjie wat skaam is vir haar verlede (‘kinders van Verwoerd’); dink sy sy het ‘groot geword’? (...)”:

“Ek wil namens myself en duisende Afrikaners wat nog ‘klein’ is en nog trots is om Afrikaners te wees, die onsinnighede wat sy kwytraak, ontmasker, al is ons glo onverdraagsaam. Die Afrikaner was al die jare so ‘onverdraagsaam’ dat hy steeds tweede viool speel in sy eie land. Hy moet toesien hoe sy taal geminag word, sy tradisies vertrap word en hy steeds moet sukkel om Christelike waardes te handhaaf teenoor wêreldmagte wie se onverdraagsaamheid juis ten doel het om die Afrikaner ondergeskik te hou. Hierdie dinge begryp (sic) ‘grootgeworde’ meisietjie natuurlik, want sy sweef op die breë weg van wêreldverheerliking en besmet haar taal met riool-‘letterkunde’.”
(Loubser, Briewe in *Beeld*, 1993:2)

Van der Vyver (1993) dui self aan dat “die *hype* wat rondom die seks in die boek ontstaan” en ook die *hype* wat ontstaan omdat die boek moontlik as gevolg daarvan rekordverkoopsyfers behaal, ook ’n resepsieprodukt van die teks is. Haar gevoel ten opsigte van vooroordeel wat uit dié geleedere ontstaan, beskryf sy soos volg:

“Ek het deur verskillende stadiums gegaan. Baie daarvan was rou stadiums – verslaentheid, skok, ontkenning, woede. Nou het ek, ek dink, ’n soort gelatenheid daaroor, want ek het besluit op die ou end sê die reaksie op die boek meer van ons samelewing en onderdrukte Afrikaners as enigiets wat ek geskryf het.”
(Van der Vyver in Terreblanche, 1993:18)

Waarskynlik juis as gevolg van teenkating teen veral wat gereken word as afkraking van moraliteit – moraliteit, soos deur die eeue heen daargestel deur die “beginselvaste Afrikaner” – word Marita van der Vyver deur die toedoen van haar *jouissance*, *Griet skryf ’n sprokie* (1992) in ’n wenposisie teenoor die Afrikaner-

establishment se posisie van magsverlies binne die Afrikaanse literatuursisteem geplaas. Dat sy uit die staanspoor egter literêre prestige na aanleiding van hierdie debuutroman geniet, word op verskeie vlakke binne die Afrikaanse literatuursisteem en selfs die Suid-Afrikaanse literatuursisteem, gereflekteer. Dit ondanks talle aspekte wat teen haar sou/kon tel:

“Marita knows the real trouble is that firstly she is a woman, secondly a South African, and thirdly – worst of all from the viewpoint of those who condemn her and the book – an Afrikaner.”
(Shafto, 1992:8)

Desondanks en ongeag die omstredenheid, getuig verskeie vorme van resepsieprodukte bowenal van (feitlik onmiddellike) literêre prestige vir Van der Vyver en ontvang sy etlike pryse vir die werk, onder andere die ATKV-prys. Syself beskou dié toekenning as ’n “bemoedigende teken” veral omdat die “establishment so iets bekroon” (kyk Engelbrecht, 1993:4). “So iets” verwys waarskynlik hier veral na die hantering van seksualiteit as deel van die betekenisstruktuur van die teks. Hierdie seksualiteit word as deel van die tekstualiteit as vernuwend binne die literêre veld van die tyd ervaar. Daarom word dit duidelik dat die literêre prestige wat Van der Vyver onder andere ook smaak op grond van die rekordverkoopsyfers wat die boek behaal, nie net ’n aanduiding van gewildheid was nie, maar in dié geval duidelik ook van literariteit (kyk 4.9). Alhoewel die seksualiteit as deel van ’n suksesresep beskou is en wel daartoe kon bydra dat “10 000 boeke van ’n wesenlik nuwe skrywer (...) binne die bestek van ’n maand (na publikasie daarvan), verkoop”, word die “literêre aanslag” van die teks alreeds met die eerste resensies wat verskyn, aangetoon (Botha, 1992:4).

“Marita van der Vyver is een van die suksesverhale van die Afrikaanse boekewêreld. Tot 1992 was sy skaars bekend: knap joernalis, paar goeie jeugboeke, ‘skrywer met belofte’. En toe verskyn *Griet skryf ’n sprokie* in April 1992 in ’n oplaag van 6 000 eksemplare. Die volgende vyf maande is dit elke maand herdruk – tot ’n totaal van byna 50 000. Vertaalregte is aan ses oorsese uitgewers verkoop. Die Engelse uitgawe (*Entertaining angels*) is reeds deur Michael Joseph uitgegee, terwyl dit sowat ’n maand gelede by die Arbeiderspers in Nederland verskyn het. (Titel: *Ik zoek een domme man*). Kontrakte is ook gesluit met Goldman (Duitsland), Dutton (VSA), Longanesi (Italië) en W&K (China).”
(Le Roux, *Boekewêreld*, 17 November 1994:1)

Binne die Afrikaanse literatuursisteem word hiermee nou duidelik aangedui dat teksstruktuur alleen of die outonomie van die teks opsigself nie meer bepalend vir/van literariteit is nie. Verder word Marita van der Vyver en haar teks *Griet skryf 'n sprokie* (1992) op 'n komparatiewe wyse vergelyk met “groot name en tekste” binne die Afrikaanse literatuursisteem: dié van Joubert en *Die swerfjare van Poppie Nongena*; Matthee met haar bosromans; Goosen met *Ons is nie almal so nie*. Verder dui Roodt (1992:6) aan dat “(s)edert die debatte rondom *Sewe dae* (1962), *Kennis van die aand* (1973) en *Magersfontein* (1976) (...) *Poppie* (1976)” en nou met *Grietjie* (1992), “het ons 'n hele ent gevorder”. Van der Vyver betree die intersistemiese diskoers – gesien as die “semiotiese vierkant van normativiteit”, maar slaag net soos hierdie voorgangers daarin om dit wat in die verlede as verbode geag is, op so 'n wyse te sê/te vertel dat sy 'n dominante posisie in die Afrikaanse literatuursisteem inneem (kyk 3.4).

“Die rede vir die boek se goeie verkope is seker ten dele die openlike uitbeelding van erotiek, wat deur die verspreiders (oor-)beklemtoon word. Maar diegene wat slegs seksualiteit in die boek soek, gaan verras word, want daar is veel meer daarin. Dit is 'n ryp, eerlike boek, waarmee die outeur na vore tree as een van die beduidendste Afrikaanse prosaïste van ons tyd (...). Op 'n vindingryke wyse word die onderdele van die verhaal met verskillende sprokies verbind; maar die sprokies word telkens in 'n banale konteks geplaas en humoristies vervorm.”
(Van der Merwe, 1992:10)

Humor is 'n belangrike element wat daartoe bydra dat Marita van der Vyver met *Griet skryf 'n sprokie* 'n “intelligente plesierboek wat uitstyg bo die ander” skep (Roodt, 1992:6). Ook binne die kommunikatiewe model kry dié skrywer dit reg om haar boodskap aan 'n wye spektrum van lesers te rig. Nie net word sy met haar sprokie die middelpunt van belangstelling binne die literêre veld – waar die “*ingeligte leser* (...) die seksualiteit in die boek in lyn met die kreatiwiteit” lees nie, maar ook die gewone leser van die leserspubliek word bereik, want dit is “(d)ie *gewone leser* wat veral die humor in die boek” geniet (Muller, 1993:148).

Binne die Afrikaanse literatuursisteem het die konsep “gewone leser” tot op hierdie stadium 'n verbruikersleesmark veronderstel waar “(h)et lezen van literatuur (...) een tipisch vrouwelike bezigheid in Zuid-Afrika” was (Scheepers, 1996:26). Van der Vyver slaag nou daarin om ook mans – nie net in die literêre veld nie, maar selfs “die gewone man op straat”, by die kommunikatiewe proses te betrek. Sy dui aan dat “(d)ie feit dat daar soveel mans is wat die boek koop” vir haar “baie interessant” is en

dat “sy hoop mans koop die boek (nie net) bloot omdat sy so eerlik en reguit oor seksualiteit geskryf het nie (...)”, maar ook dat hulle dit lees “oor die ‘bevryding’ van die hedendaagse vrou”. Van der Merwe (1992:10) beskou dit egter juis as ’n “sterk morele basis” van dié boek – “die moraliteit van eerlikheid”. Eerlikheid en seksualiteit word deel van die tekstualiteit deur die gebruikmaking van humor as belangrike element van die betekenisstruktuur van die teks.

“En miskien is dit ’n groot rede hoekom mans ook die boek geniet. ‘Ek dink dit gee mans ’n beter idee van hoe ’n vrou aanmekaargesit is. Een van die mans wat die boek gelees het, het agterna vir my (Van der Vyver) gesê dis die eerste Afrikaanse boek vir vroue wat hom nie laat voel het daar word ’n vinger na hom gewys nie. Griet spot immers nie net met mans nie. Sy spot ook met haarself’.”
(Niewoudt, 1992:8)

Op hierdie wyse tree sy nie net in gesprek met mans as lesers nie, maar ook met ander manlike skrywers binne die literatuursisteem. Aan die een kant word aangedui dat die teks “gelees (kan) word as ’n vroulike pendant tot Etienne van Heerden se *Casspirs en campari’s*: beide tekste vang die tagtigerjare se *ambiance* vas; beide tekste kyk agter die klatergoud, en van hul onderskeie wêrelde (by Van Heerden die reklamewêreld as primêre metafoor; en hier die sprokies (leuens) van ons samelewing)” (Hambidge, 1992:11). Aan die ander kant ontstaan daar ook ’n “manlike” reaksie op Griet en wel in die vorm van “Mot-op-Griet” (kyk Terreblanche, 1993:18). Sodoende ontstaan ’n direkte en duidelik gerigte gesprek/diskoers tussen die vroulike en manlike geslag.

Met die teks *Griet skryf ’n sprokie* (1992) sluit Marita van der Vyver egter ook aan by ’n onvoltooide gesprek, ’n gesprek wat moontlik binne die Afrikaanse literatuursisteem deur Hettie Smit met *Sy kom met die sekelmaan* (1934) begin is:

“The central theme in *Sy kom met die sekelmaan* is an inner conflict which is fundamental in the female search for identity. The main character has two sides to her personality, she has a ‘Maria’ and a ‘Marie’ inside her. Maria is an intellectual, well-read and interested in literature; she has created her own world, independent of the man; but when the sickle-moon rises, Marie comes to the fore. The latter is totally unintellectual and cares for nothing but her beloved and her need to be loved by him. He is the master and she is the slave, with no other desire than to serve him. In Afrikaans literature in general, the ‘Marie’ initially dominates; later on, in reaction to her, ‘Maria’ gains the upper hand; but the conflict still remains unresolved. In Hettie Smit’s novel, the attempts to unite the two opposite stereotypes into a more complex and balanced whole, remain

unsuccessful. However, Smit manages to define some essential elements of the female conflict and search for a new identity.”
(Van der Merwe, 1994:70, 71; kyk ook 3.5 & 4. 4)

Met *Griet skryf 'n sprokie* (1992), slaag Marita van der Vyver nou daarin om hierdie stereotipering uit die weg te neem:

“Maar gisteraand, op die sitkamervloer, het sy gegil. Gisteraand het sy wraak geneem vir elke vrou wie se mond ooit deur 'n man gesnoer is. Vir Munch se arme model en al die vroue wat verbrand en verdrink is, omdat hulle van hekserij verdink is, en vir al haar sprokiesvriendinne wat hulself nie kon red nie, en vir al die stiefma's wat altyd die wrede rolle kry, en vir sewe jaar van ordentlike, beskaafde, stil seks.” (103). Dít skryf Griet na 'n spontane seksuele ervaring met 'n jong man.”
(La Vita, 1992:6)

Gedwonge stilswye van meer as 'n eeu – dit waarna Schreiner alreeds verwys het in *African Farm*: ‘*The difficulty is not to speak; the difficulty is to keep silence*’ (Schreiner, 2004:183 uit die herdrukte uitgawe) word nou 'n “bevrydingskreet”. Alreeds in die laat tagtigerjare dui Degenaar (1988) aan dat sprokies 'n bevrydende rol speel “juis omdat dit altyd 'n spanning impliseer tussen opponerende magte, of dit nou tussen die boerestand en die aristokrasie is, tussen vryheid en konvensie, of tussen onderdrukker en onderdrukte” (Gilfillan, 1994:104).

“Die projeksie van 'n gelukkige einde is geen romantiese wens nie, maar 'n illustrasie van hoe die lewe daar anders kan uitsien. Dit verteenwoordig 'n doel waarna gestrewe word, in die psige van die individu, maar ook in die struktuur van die samelewing.”
(Degenaar, 1988:101)

Onder invloed van die sosiaal-demokraties groeiende omstandighede van die tyd word dit duidelik dat dit nie slegs erotiek alleen is wat, soos Botha (1992) dit beskryf, al 'n “lang pad aan onder deur die sekelmaan” kom nie. 'n Totale aanslag teen die patriargale bestel wat deur die literatuursisteem loop, maak dit nou vir Griet onder die omstandighede van die tyd moontlik om “wraak te neem” “*vir elke vrou wie se mond ooit deur 'n man gesnoer is*”, (*Griet skryf 'n sprokie*, 1992:103). Alhoewel beide Smit (1937) en Van der Vyver (1992) van 'n “slim verwysingsraamwerk” (Hambidge, 1992:3), gebruik maak en alhoewel beide tekste ook as belydenisromans beskou kan word, word dit egter ook duidelik dat die twee tekste eintlik grootliks verskil. Enersyds bestaan hierdie verskil omdat Marita van der Vyver met *Griet skryf 'n sprokie* (1992) “seks demistifiseer”.

“Hoewel *Griet skryf 'n sprokie* 'n belydenisroman is, verskil dit baie van bv. *Sy kom met die sekelmaan*, veral deur die bevrydende werking van humor. Selfs wat selfspot en relativering betref, gaan dit ook al 'n stuk verder as *Louoond* en *Klaaglied vir Koos*.”
(Van Coller, 1992:6)

Andersyds bestaan hierdie verskil omdat die sosiopolitieke omstandighede tussen toe (1937) en nou (1992) verskil. Met *Griet skryf 'n sprokie* (1992) slaag Marita van der Vyver daarin om aan te dui hoe bevryding – demokratisering – moontlik gemaak kan word. In vergelyk met die feministiese aanslag in *Sekelmaan* doen Van der Vyver dit nie net vir vroue nie, maar vir die literatuursisteem in sy totaliteit. Deur die gebruikmaking van erotiek/seksualiteit en humor as deel van die tekstualiteit van haar teks, bewerkstellig Van der Vyver op verskeie vlakke 'n oorgang tot 'n nuwe bedeling – 'n moontlikheid tot bevryding. Net soos “Grietjie vir Hansie red”, is dit waarskynlik Van der Vyver wat Afrikaans as leestaal en daarmee ook die Afrikaanse literatuursisteem red, want met hierdie “(u)itdagend(e) erotiese roman kafoefel” Van der Vyver “lekker met Afrikaans” (Pretorius, 1992:2).

“Die boek is 'n bevestiging van *egte* romankuns (...). Ons as Afrikaansgebruikers word herbore in sulke boeke: Ons kom in rat met ons selwe omdat die taal wat ons lees – om liefdeswil en uiteindelik – ook die taal is wat ons praat.”
(Muller, 1992:3; kyk ook 4.8)

Maar op wat waarskynlik 'n sistemiese vlak genoem kan word, bewerkstellig Marita van der Vyver met *Griet skryf 'n sprokie* (1992) 'n oopstelling van die Afrikaanse literatuursisteem in sy totaliteit. 'n “Totale” normverskuiwing vind plaas. Dat dit juis 'n vrou is wat die inisiatief neem, word as ironies gesien. Pretorius (1992) wys daarop dat “(d)ie NABA waarin Van der Vyver skryf, (...) ook die emansipasie van die Afrikaanse vrou” verwoord:

“Dit gaan hier egter nie slegs oor die emansipasie van die Afrikaanse vrou nie, maar betree ook 'n nuwe dimensie waarin die vrou haarself in die geselskap van mans handhaaf én die inisiatief neem.”
(Pretorius, 1992:2)

Van der Merwe (1992) gaan egter verder deur ook aan te dui dat dit nou 'n vrou is wat die inisiatief neem “om buite die gebaande weë van die samelewing (te) gaan” en wel met die uitsluitlike doel van 'n soeke na 'n nuwe identiteit (kyk 4.9). Die teks was/is nie bedoel om 'n politieke betoog te wees nie, maar deur die intersistemiese

diskoers wat daar nou tussen die manlike en vroulike geslag voorkom, word dit 'n funksionele aspek van die betekenisstruktuur van die teks.

“Die boek is in Februarie 1990 voltooi, by die tyd van die ontbanning van die ANC en die PAC, en daar is 'n aantal verwysings na die politieke bevrydingstryd van die jare tagtig. Maar die politiek is hier nie die kern nie; intendeel. Dit is asof die werk 'n 'vroulike perspektief' op die tydperk wil gee, waarin die politiek nie sentraal staan nie, maar die bestaanstryd van die vrou en haar soeke na identiteit.”
(Van der Merwe, 1992:21)

Alhoewel die integrering van die Suid-Afrikaanse werklikheid volgens resensente nie altyd “oortuig” nie, word die “werklikheid” van die realiteit in werklikheid deur die aard van die resepsie van die teks weerspieël. Die teks word egter ook duidelik 'n weerspieëling van die onsekerheidstaat van die sosiopolitieke omstandighede waarin dit geplaas is. Dat die duidelike vermenging tussen seksualiteit en tekstualiteit funksioneel aangewend word, is nie te betwyfel nie, want “(s)ex happens in unromantic situations, like the scene with Griet and Adam on the floor with *Die Stem* playing in the background ...” (Isaacson, 1992:3).

Hierdie teks verskyn in 'n tydvak wat elke Afrikaner en Suid-Afrikaanse burger begelei word na 'n postkoloniale periode binne die Suid-Afrikaanse bestel – uit die politieke bevrydingstryd van die tagtigs en met die oorgang na die demokratisering (kyk 4.9). Britz (1992:13) sien *Griet skryf 'n sprokie* as 'n “boek wat die voortou neem in die emansipasie van die Afrikaanse mentaliteit, maar terselfdertyd dien om 'n kompleks van vroulike smarte aan ons op te bieë”. Teenoor Nieuwoudt (1992:8) dui Van der Vyver in 'n onderhoud aan dat net soos “die Grietjie van *Hansie en Grietjie* die heks in die oond gestamp het, (...) Griet ook besef (het) dat haar redding by haarself berus. Dis vir my belangrik dat Griet in die hele proses geleer het om van haarself te hou.” Iets wat Maria van *Sekelmaan* nie kon regkry nie.

“Griet maak uiteindelik vrede met die feit dat sy nie in die vorm van die konvensionele Afrikaanse vrou gegiet is nie.”
(Nieuwoudt, 1992:8)

Waar Sy kom met die sekelmaan (1937) beskryf word as 'n “pionierswerk” (Van Rensburg, 1996:4) – juis omdat dit op daardie stadium van die Afrikaanse geskiedenis die werk van 'n vrou was – word Marita van der Vyver en haar Griet van *Griet skryf 'n sprokie* (1992) gesien as 'n “vryheidsvegter” (Terreblanche, 1992:18). Binne 'n maatskappy waar 'n nuwe demokratiese samelewing in die vooruitsig gestel

word, gee die teks *Griet skryf 'n sprokie* (1992) vir Marita van der Vyver – nou ook gereken as volwaardige skrywer én mens – die geleentheid om binne 'n oop Afrikaanse literatuursisteem op 'n positief aanvaarde wyse vir mans én vroue in die bresse te tree.

“Binne 'n konteks wat veral gekenmerk word deur politieke verandering, by name demokratisering, is die stem van die vrou nie te verontagsaam nie. Dit is opmerklik dat die vrou se relatiewe stilswye op die gebied ook van die Afrikaanse literatuur so daverend verbreek is juis in hierdie tyd waarin patriargale magstrukture tuimel.”
(Gilfillan, 1994:79)

4.8 BEVRYDING

Rondom 1994

“Waarskynlik is dit geen oordrywing om te beweer dat die Afrikaanse literêre toneel die afgelope vyf jaar oorheers is deur vroue nie. Afgesien van gevestigde figure soos Elsa Joubert, Anna M. Louw, Petra Müller en Elisabeth Eybers, laat ook nuwe skryfsters hulle stemme hoor. Om 'n paar te noem: Rachelle Greeff, Riana Scheepers, Reza de Wet, Emma Huisman, Corlia Fourie en Ronel de Goede. Dit wil dus voorkom asof groter politieke vryheid ook aan vroue meer ruimte bied om hul sê te sê.”
(Gilfillan, 1994:97)

Ginogenese word 'n “magsobjek waarmee 'n nuwe diskoers geskryf word”. Tekste soos geskep deur onder andere hierdie vroue “(dus, ‘Grietjies van die Wêreld’) kan gesien word “as *vehicle* vir bevryding én (om) vernuwing van die vrou se rol in die Afrikaanse letterkunde te beskryf” (Beukes & Gouws, 1999:90). Wat nou duidelik na vore kom, is die feit dat ook vroue posisie inneem, nie net as skrywers nie, maar ook as rolspelers in die literêre veld van die sisteem en dus ook betrokke is by instansies wat as hekwagters optree. Vroue as skrywers is nou ook as akademici by instellings en instansies betrokke, en beklee prestige-posisies of poste by koerante, tydskrifte en uitgewers. Vroueskrifsters kon nou ook as aktiewe rolspelers in die literêre veld hulleself sodanig posisioneer om (bewustelik of onbewustelik) self hulle of haar “reputasie te vestig” (Van Coller, 2002:70).

Vroue se aandeel in die opbloei van die Afrikaanse literatuursisteem sou as één van die uiteenlopende tendense beskou kon word, maar die moontlikheid bestaan ook dat die Afrikaanse literatuursisteem as 'n demokratiese bestel opsigself (nou) bevestig kon word.

“Op die gebied van die skeppende prosa het ’n merkwaardige stortvloed van nuwe publikasies in die negentigerjare verskyn. Prosa van nuwe en bekende skrywers, ’n veelheid van aksente, uiteenlopende maar ook oorvleuelende tendense en die omverwerping van konvensionele hiërargieë verskyn.”
(Roos, 1998:98)

Waar die postmodernisme veral sedert die middel tagtigs ’n fundamentele deel uitmaak van die Afrikaanse literatuursisteem, wil dit egter voorkom of die bepaling van literariteit gedurende die negentigerjare, soveel moeiliker word; dat daar “nie meer ’n waterdigte skeiding” bestaan nie (Müller, 1992:397).

“Na die ontstaan van die demokrasie is die Afrikaanse letterkunde minder obsessief ingestel op politieke kwessies en is daar veral in vrouewerk ’n terugkeer na die populêre mark se behoefte aan erotiese liefdesliteratuur, wat deur die sogenaamde hygromantendens aangespreek word. Ontspanningsliteratuur word nie meer vlymskerp geskei van sogenaamde hoër literatuur nie, maar word eerder beskou as ’n literêre genre wat bloot ander soort tegnieke en vaardighede vereis en op ’n ander soort mark ingestel is. Hierdie houdingverandering gee daartoe aanleiding dat ook ernstiger skrywers die genre van die ontspanningsroman betree.”
(Van Niekerk, 1999:309)

Waarskynlik is dit dus juis die “vloeibare aard” – die oorskryding van grense, van die postmodernisme wat die kategorisering van tekste as behorende tot die literêre kanon, of tot middelmootliteratuur of as behorende tot ontspanningsliteratuur, moontlik maak, maar terselfdertyd ook moeiliker “vaspenbaar” maak.

“Dit is egter eie aan ’n postmodernistiese kultuur dat die grenslyn tussen wat as die letterkunde en wat as lektuur omskryf moet word al hoe meer vervaag, en die blote bestaan van sulke kategoriserende terme bevraagteken word.”
(Roos, 1998:106)

Verder word nou bevestig dat die literêre kanon nie meer slegs na aanleiding van geskiedskrywings alleen uitgeken kan word nie. Aan die een kant is dit omdat Afrikaanse literatuur nou deel van ’n vinnig veranderende sisteem was, terwyl die postmodernistiese tendens aan die ander kant die bepaling van literariteit ’n “onseker”-realiteit maak. Postmodernisme se verwerping van legitimasie veroorsaak dat opvattinge van wat nou éintlik as prestige beskou moet word, ook kan varieer. Sedert die negentigerjare, so wil dit voorkom, is dit (onder andere of waarskynlik veral) die prestige van die prys wat toegeken word, wat die literariteit van die teks

bepaal, wat op sy beurt weer bepalend is ten opsigte van die literêre prestige (al dan nie) van die skrywer as die skepper daarvan (die literêre teks) en dus die ontvanger van dié prestigeprys. Gedurende die negentigerjare is dit “meestal vroue wat die belangwekkende tekste produseer en literêre pryse verower” (Van Niekerk, 1999:308).

“Eie aan die postmodernistiese kultuur is die omverwerping van hiërargie en konvensie, en hierdie verskynsel kry opmerklieke vorm in tekste wat die afgelope jare deur en oor vroue geskryf word.”
(Roos, 1998:101)

Pakendorf (1991:7) voorspel alreeds vroeg in die negentigs dat daar “van Lettie Viljoen (...) groot dinge verwag (kan) word”, dit terwyl vroulike resensente van mening was dat sy (Winterbach) “nog altyd in die skaduwee gestaan het, buite die literêre establishment” (Greeff, 1994:83). Wanneer Winterbach (toe nog bekend as Lettie Viljoen) met haar teks *Karolina Ferreira* (1993) by die ontvangs van die M-Net-boekprys in 1994 (waaraan ook ’n geldwaarde van vyftigduisend rand gekoppel is) ontvang, word haar bekroning soos volg in ’n onderhoud met haar bespreek :

“Engelbrecht: “n Mens het nog altyd die indruk gekry dat jy nie veel erg het aan die gekanoniseerde Afrikaanse literatuurbedryf of enige literêre establishment nie. Wat beteken die bekroning van *Karolina Ferreira* vir jou in dié konteks?”

Winterbach: ‘Ek is baie bly oor die prys. Ek voel onambivalent bly daarvoor. Dit kom op ’n goeie tyd. Ek het die geld nodig. Ek dink ook ek het die erkenning nodig. Dit voel of almal al ’n prys gekry het, net ek nie.’”
(*Beeld*, 1994:5)

Hieruit kan verskeie menings oor die bestaan van literêre prestige in die algemeen maar ook ten opsigte van Winterbach as skryfster voortspruit. Dat haar posisionering in die literêre veld wel vir haar saak maak, kom duidelik na vore en is dit asof sy haarself en veral dan haar werk klassifiseer as “goed genoeg” om wel deel te wees van dit wat as literêr geag word, veral aangesien ander (“almal”) al pryse gekry het en “net” sy nie. Sy dui in ’n latere onderhoud met Greeff aan dat sodanige erkenning ’n aanduiding is van openbare aanvaarding.

“Saam met die tydelike finansiële verligting wat die M-Net-prys bring, kom ook erkenning. ‘En dit het ek nodig gehad. Mens begin dink daar’s iets met jou verkeerd as jy nie ’n prys kry nie. Dis tog maar daardie amptelike stempel van goedkeuring.’”
(*De Kat*, Augustus 1994)

Deur haar toekenning te vergelyk met skrywers wat as rolmodelle, of die elite tot op hierdie stadium, in die literêre veld gereken word, word die literariteit van *Karolina Ferreira* (1993) erken.

“Sy het die tjek gaan bank voor die oë van boekmenere Karel Schoeman, André P. Brink en Etienne van Heerden.”
(Greeff, 1994:82)

Binne 'n postmodernisties georiënteerde literêre veld wil dit dus voorkom of prestigetoekennings as 'n aanduiding kan dien van die literariteit waaroor 'n teks beskik omdat dit bepalend is vir die prestige wat die skrywers as skeppers daarvoor ontvang. Winterbach slaag daarin om in 'n tydperk van tien jaar drie prestige- (literêre) pryse te ontvang. Verder slaag dié skrywer daarin om twee prestigepryse na aanleiding van dieselfde teks, *Karolina Ferreira*, te ontvang, naamlik die M-Net-boekprys in 1994 en die Ou Mutual-prys 1997, wat eintlik die literêre waarde van dié teks bevestig. Winterbach self, so wil dit soms voorkom, reken haarself eers “ware kunstenaar” (van die geskrewe teks of as skrywer, aangesien sy heeltyds skilder en beeldende kunstenaar is), toe sy in 2004 die Hertzogprys vir *Niggie* (2004) ontvang, omdat laasgenoemde prys steeds beskou word as die “mees gesogte prestigeprys vir Afrikaanse letterkunde” (Vosloo, 2004:11).

“Omdat sy haar kuns onder die naam Winterbach beoefen, het sy gevoel die tyd is ryp om ‘Lettie Viljoen’ te groet, sê die nuwe Hertzogprys-wenner.”
(Vosloo, 2004:11)

Alhoewel Winterbach nie hierdie prys gedurende die negentigs ontvang nie, is dit tog 'n aanduiding van die waarde of bydrae van haar werk in die Afrikaanse literatuursisteem, omdat haar voorafgaande literêre bydrae hiertoe ontwikkel. Winterbach speel in die negentigerjare (toe nog bekend as Lettie Viljoen) 'n dinamiese rol speel in die Afrikaanse literatuursisteem deur die fokus te plaas op wat moontlik as literêr geag kan word, en ook op verskeie ander vlakke in die sisteem waargeneem te word.

Uit die navorsing word dit duidelik dat Winterbach binne die Afrikaanse literatuursisteem 'n belangrike bydrae lewer in die vestiging van 'n “nuwe perspektief op (wat) die aard en sin van kultuur in die algemeen en van letterkunde” in die besonder gedurende hierdie tydperk is. Op tekstuele sowel as strukturele vlak vind Winterbach se teks *Karolina Ferreira* (1993) aansluiting by die uitstaande tendense

van die negentigs wat veral opgesluit is in die stem van die vrou, naamlik, eerstens, 'n verbintenis tot die meer toeganklike teks, en tweedens, die bevryding van die vrou uit patriargale konvensies, waar ideologiese voorveronderstellings ten opsigte van feminisme uitgesorteer word (en as 'n algemene tendens aanvaar word). Verder word dit duidelik (en word dit vervolgens kortliks bespreek) dat hierdie twee aspekte (of tendense) gedurende die negentigerjare 'n bydrae lewer tot die geweldige opbloeï in die Afrikaanse prosa (Roos, 1998:98, 101).

“Ek sê oor en oor vir mense, ek kan dit nie glo watter opbloeï ons die laaste twee of drie jaar in die Afrikaanse prosa beleef nie. So 'n opbloeï het ons miskien een keer in die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur gehad – ek praat nou van die sestigers. Maar die huidige opbloeï is anders; dit raak nie net 'n klein groepie elite-lesers soos met die sestigers nie. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde word daar nou op groot skaal Afrikaanse romans en kortverhale geskryf waarvoor gewone en ongewone lesers opgewonde kan raak. (...) (D)is *Karolina Ferreira* deur Lettie Viljoen. Want hier het ons 'n boek wat beslis deel vorm van die opbloeï van die Afrikaanse prosa in die jongste tyd; dis 'n boek deur 'n vrou en oor 'n vrou; en dis 'n boek met 'n sterk hoopvolle einde.”

(Van der Merwe, 1994: *Vrouefokus*, Boekerubriek)

Wanneer Roos (1998) verskeie prestasie(s) van vroue binne die Afrikaanse literatuursisteem aandui as deel van 'n perspektief op die geskiedenis van Afrikaanse prosa, word Winterbach egter nie genoem as deel van dié sogenaamde stortvloed nie. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat haar prestige nie om hoë verkoopsyfers gebou was nie.

“'n Stortvloed van nuwe vroulike debutante begin publiseer; die grootste verkoopsyfers vir Afrikaanse letterkundige werke is met publikasies van Jeanne Goosen, Elsa Joubert, Dalene Matthee en Marita van der Vyver bereik; vernuwende tendense is in die werk van vroue bekendgestel; die belangrikste literêre pryse in al drie genres is deur hierdie nuwe generasie vroue verower.”

(Roos, 1998:102; kyk ook Roos, 1998:21-117)

Wat egter uit die navorsing na vore kom, is dat Winterbach veral deur die teks *Karolina Ferreira* (1993) op tekstuele sowel as strukturele vlak aansluiting vind by ander skrywers wat óók op die een of ander wyse erkenning gedurende die negentigs (of periode) ontvang. Bostaande aanhaling of sodanige standpunt word eers gedurende 1998 gemaak, terwyl die genoemde vrou almal alreeds vroeër debuteer het en sederdien alreeds pryse ontvang het. Daar ontstaan 'n mate van

onsekerheid ten opsigte van die verbinding van literêre (pryse) met hierdie genoemde vroueskrywers in bogaande aanhaling. Waarskynlik met die uitsondering van Joubert en Goosen, word die werk van die ander skryfsters dikwels gekategoriseer as GG-prosa of goeie gewilde prosa. Sodanige literatuur word dikwels onderskei op grond van die maklik(er) leesbaarheid daarvan; 'n teenwoordigheid van vermaak wat dit verbind met ontspanningslektuur en die fokus op menslike verhoudinge as deel van die tekstualiteit van dié tekste. Verder word GG-prosa gesien as nie noodwendig suiwer literêr of “diep” genoeg om as “kuns” – *l'art pour l'art* – geklassifiseer te word nie.

Kenmerkend egter van die bekroonde teks *Karolina Ferreira* is juis die feit dat dié teks van Viljoen/Winterbach, in vergelyking met al haar vorige tekste, in resensies as resepsieprodukte as 'n toeganklike teks of selfs 'n “lekkerleesboek” beskryf of geklassifiseer word. Daar word van die standpunt uitgegaan dat “*Karolina Ferreira* die belangrikste teks in die Viljoen-oeuvre is, omdat dit die skrywer se toetrede tot 'n groter leserpubliek inlei”. Hiervolgens wil dit voorkom of die toeganklikheid van tekste (nou) tog 'n teken van literariteit word en dat konkretisering in werklikheid nou vinniger en makliker kan/mag plaasvind. Die behoeftes van die algemene leserpubliek as waarskynlike lesers en nie net die kriteria van die hekwagters nie, word deel van die resepsie van die teks. Deur aan die behoeftes van die massa te voldoen – veral nou ook onder die invloed van demokratisering – kom daar 'n “pluralistiese diskoers” (Müller, 1992:399) deur die teks tot stand. Literêre prestige kan nou ook afgelei word van die mate van dit wat Winterbach openbare aanvaarding noem, wat op sy beurt waarskynlik ook kan dui op gewildheid (kyk Van Zyl, 1993:10; Stander, 1994:3).

Verwarring rondom literariteit as gevolg van die strewe na toeganklikheid bestaan dus veral daarin dat literariteit se verbintenis met gewildheid nou al hoe nouer word, aangesien die term gewildheid (van nou) en die term populêre (van die verlede) in werklikheid sinoniem is met mekaar, en dat populêre in die verlede nie 'n elite eienskap was nie. Populariteit is gemarginaliseer en dui op minderwaardigheid wanneer literariteit ter sprake is, terwyl gewildheid nou ook aan sukses gekoppel kan word. Status is nie net 'n vae begrip nie, dit is nou onderhewig aan “(v)erandering, oorgang, verwarring, demokratisering” en dus deel van 'n “onsekere situasie” soos wat “in 'n ekstreme graad in die Suid-Afrika van die vroeë negentigerjare ervaar” is (Roos, 1998:93; kyk 6.1).

Alhoewel daar alreeds “(s)edert die sestigerjare doelbewus in die kunste gepoog” word “om die ‘gaping’ tussen ernstige en populêre kultuur uit te wis” (Malan, 1992:242), word dit gedurende die negentigs duidelik dat, eie aan die postmodernisme, dié verwarring veel verder kan uitkring. Nie net word literariteit teen gewildheid opgeweeg nie, maar ook prestige teen sukses. Sodanige verwarring kan in ’n mate opgeklar word deur die literêre prestige wat Winterbach as resepsieprodukt van haar mees literêre teks *Karolina Ferreira* maar ook as haar mees toeganklike teks, te vergelyk met die “suksesstorie” (Roos, 1998:85) van ’n skrywer wat in die negentigs alreeds gevestig is as GG-prosaïst, naamlik Dalene Matthee – en wel met haar roman *Susters van Eva* (1995), wat ook in die negentigerjare verskyn.

“Die groei in Dalene Matthee se statuur as Afrikaanse skrywer kan van die stofomslae van *Kringe in ’n bos* (1984) en *Susters van Eva* (1995) afgelees word. Op eersgenoemde verskyn die titel van die roman groter en duideliker as die outeur se naam. Die stofomslag van *Susters van Eva* spel die outeur se naam met letters wat drie maal groter is as die titel van die roman. Die outeur se naam beloof kennelik meer as die titel.”
(Jooste, 1998:678)

Sodanige groei sou kon verwys na die sukses met haar vorige bostekste (romans), veral aangesien hierdie tekste al vir jare in skole voorgeskryf word en dit ’n algemeen aanvaarde konsep was dat voorgeskrewe tekste veronderstel is om die literêre kanon te verteenwoordig. Deur die insluiting van Matthee as skrywer van statuur/status of sukses, word erkenning aan haar gegee deurdat daar ’n profiel van haar ingesluit word by *Perspektief en profiel* (1998) (Jooste, 1998:672-682). Wat egter noodsaaklik is, is om te besef dat dié literatuurgeskiedenis juis daarop ingestel was om as ’n regstellende aksie te dien deur ook gemarginaliseerdes’ (vroueskrywers sowel as populêre literatuur) in te sluit en hierdie profiel op grond hiervan ingesluit kon word.

Alhoewel Matthee alreeds verskeie ander romans tot 1995 die lig laat sien en ook verskeie pryse ontvang (almal vir die goeie gewilde-prosa as kategorie van Afrikaanse prosa), word vyftig persent van die profiel afgestaan aan ’n bespreking van *Susters van Eva*, wat ’n aanduiding is dat hierdie teks die grootste bydrae lewer tot die prestige wat sy op die stadium geniet. Wanneer daar egter van die standpunt uitgegaan word dat *Susters van Eva* “seker Matthee se ‘diepste’ roman tot dusver” is, word ’n mate van literariteit daaraan geheg en is dit ’n verdere aanduiding dat hierdie teks as die mees literêre teks in haar oeuvre (tot op hierdie stadium) beskou kon

word. By die bestudering van resensies as resepsieprodukte van hierdie teks, word ook die verwarring wat by resensente as hekwagters binne die literêre veld van die tyd bestaan, waargeneem (kyk Jooste, 1998:678).

“Die naam van Dalene Matthee se nuutste roman, *Susters van Eva*, is waarskynlik geen onbekende meer vir die meeste letterkundeliefhebbers nie. Die verkoopsyfers by van die bekendste uitgewers en boekhandelaars wys ook dié roman uit as ’n topverkoper, saam met *Vatmaar* deur A.H.M. Scholtz. Die ATKV se prosaprys is – vir die vierde keer – aan haar toegeken vir *Susters van Eva*. Sy het dit ook ontvang vir *Kringe in ’n bos* in 1984, vir *Fiela se kind* in 1985 en vir *Moerbeibos* in 1987. Daar is al in die verlede dikwels geredeneer oor wat die Dalene Matthee-faktor presies behels en inhou. Wat laat haar werk so goed ingang vind by die leserspubliek?”
(Van Zyl, 1997:42)

Bisschoff (1992) dui aan dat daar wel ’n verskil bestaan tussen ’n blitsverkoper of dan ’n topverkoper en ’n literêre blitsverkoper en “dat die hantering van spanning die hoof faktor is waarom ’n roman goed verkoop”. Betrokkenheid word onder andere gesien as ’n aspek wat ’n groter leserspubliek trek, met ander woorde die ondersteuning van ’n tendens. Daar word onder andere aangedui dat “(w)anneer ’n roman bv. die maatskaplike toestand van ’n land of groep mense weerspieël, sal dit ’n groot leserskring hê omdat die sake wat in die literêre werk aangeraak word, aktueel is” (Bisschoff, 1992:47). Beide Winterbach en Matthee sluit met hul tekste *Karolina Ferreira* en *Susters van Eva* onderskeidelik hierby aan, waar Matthee die gebeure – “groeïende opstandigheid onder die plaaswerkers wat op Mandela wag” – as deel van die tekstuele insluit, terwyl Winterbach die politieke gebeure – die *struggle*, van die tyd – op ’n postmodernistiese wyse as deel van die strukturele spanning insluit en sou dit eerder inval by dit wat binne die beskrywing van die literêre van dié tyd as literêre gehalte geld (Van Zyl, 1997:43; Kannemeyer, 1993:30; kyk Bisschoff, 1992:45).

“Maar selfs hierdie sake moet op ’n boeiende wyse gebeeld word en kan daarom weer na die emosionele spanning (dus ’n strukturele aspek) teruggevoer word. Die emosionele spanningstruktuur – ’n literêre struktuur-aspek – staan in direkte verhouding tot die boeikrag – ’n nie-strukturele van die roman. Op hierdie wyse ondersteun die strukturele en die nie-strukturele mekaar tot die skep van ’n literêre blitsverkoper.”
(Bisschoff, 1992:47)

Dit is egter noodsaaklik om te besef dat Winterbach se teks *Karolina Ferreira* (1993) nooit blitsverkoperstatus bereik nie, maar dat die emosionele spanningstruktuur van die teks *Karolina Ferreira* (1993) hoofsaaklik die toekenning van prestige aan Winterbach moontlik maak.

“Daar is egter genoeg aanduidings in die roman wat die leser waarsku dat hy nie hier te make het met ’n populêre spannings- of selfs liefdesverhaal nie, al sy dit dan ’n meer verfynde vorm hiervan. Daarvoor is die teks, by al sy leesbaarheid op eerste vlak, heeltemal te kompleks en is die verskeidenheid stylregisters in die roman te groot. Die verhaal benut wel die tydskrifcliché, maar oorwegend bestaan dit uit hoogs geraffineerde en subtiel georganiseerde taal.”
(Smuts, 1994:6)

Prestigepryse is dus ’n aanduiding van literariteit. Waar die M-Net-prys toegeken word aan tekste wat op ’n sekere tyd en plek of binne ’n spesifieke periode of op ’n spesifieke tyd (binne die literêre veld van die tyd) as literêr geag is, maak die ATKV-prys spesiaal voorsiening vir die kategorie goeie gewilde prosa. Nogtans kom verwarring steeds na vore wanneer na hierdie prys (laasgenoemde) verwys word as “die belangrikste literêre prys(e)” (Roos, 1998:102). Waar Winterbach se teks nié blitsverkoperstatus bereik het nie, maar later by die meer klassieke reeks ingesluit word, terwyl Matthee ook bekend staan as skrywer van blitsverkopers, wil dit voorkom of die finansiële aspek, met ander woorde die géld wat die skrywer maak of verdien (as beoefenaar van skrywerskap as beroep) en wel deur die toedoen van ’n spesifieke teks, tog ook ’n aanduiding van of sukses of dan prestige kan wees.

“(D)ie aand van die aanwys van die wenner, was traumaties. ‘Dit hang so af van die tipe boek en wie die beoordelaars is. Dis eintlik erg dat net een persoon dit kan kry. En dis ’n prys wat geldelik ’n aansienlike verskil kan maak.’ Maar noudat sy die erkenning het, die amptelike tjap van goedkeuring, voel sy nou suksesvol?”
(Greeff, 1994:84)

As resepsieprodukte van *Karolina Ferreira* (1994), dui Winterbach gedurende die onderhoud aan dat min van “ons geslag (met ander woorde vroue en/of waarskynlik ook mans van die tyd) dit kan bekostig om heeltyds, of selfs net tydelik heeltyds, te kan sit en fiksie maak”. Winterbach maak in alle onderhoude na die ontvangs van die prysgeld dit duidelik dat sy die geld “regtig nodig gehad het” (Greeff, 1994:83), terwyl dit duidelik word dat Matthee haar skryfwerk haar besigheid maak en ondanks die pryse, veral staatmaak op massaverkope en dus op die leser

as verbruiker. Matthee se finansiële sukses word na haar dood as volg in *Huisgenoot* (Februarie 2005) bespreek :

“Toe sy die eerste van vier ATKV-pryse vir goeie gewilde prosa verower het, het Dalene reguit gesê sy is vreeslik bly oor die geld. Sy was een van enkele Suid-Afrikaanse skrywers wat ook finansiëel goed gevaar het, sê Frederik. ‘Sy het in Hartenbos ’n mooi huis gekoop en die laaste keer dat ek haar gesien het, het sy ’n Mercedes gery’. Maar sy het ook haar geld gebruik vir navorsing. Vir *Pieterella van die Kaap* is sy Nederland toe om daar navorsing te doen. ‘Baie mense skryf vir ’n tydverdryf, maar sy was ’n rêrige skrywer,’ sê Frederik.”
(Louw, 2005:19)

Om sukses binne die verbruikersmark te hê, dui waarskynlik eerder op populariteit en veronderstel nie noodwendig literêre prestige nie. Waar die voortbestaan van Afrikaans veral na 1994 die brandpunt van die tyd word, veral binne ’n veeltalige demokratiese samelewing, word die volhoubaarheid van die literêre teenoor die gewilde nou bevraagteken. Die meer toeganklike teks word ’n bedreiging vir die minder toeganklike teks wat in die verlede óf as kuns – *l’art pour l’art* – beskou is óf binne die literêre veld as die literêre teks geklassifiseer is (kyk Giliomee, 2004:622, 623; hoofstuk 6).

Beide Winterbach en Matthee se aansluiting by sekerlik die mees opvallende tendens van die negentigs, naamlik die “stem van die vrou” en die vrou se posisie binne die patriargale bestel, wat nou gekenmerk word aan ’n nuwe sosiologiese omgewing van demokrasie, maak dit vir die navorser moontlik om verdere onsekerhede rondom die literariteit van hulle bekroonde tekste in ’n mate uit te klaar. ’n Duidelike vroulike diskoers kom na vore, maar die tekste word nie op dieselfde vlak beoordeel, geklassifiseer en gekategoriseer nie.

Alhoewel Matthee se suksesvolle bydrae tot die GG-prosa in *Perspektief en profiel* (1998) besing word, word haar aansluiting by die tendens van die tyd beklemtoon, omdat *Susters van Eva* “verskyn in ’n era gekenmerk deur vroueromans”. Verder is dit noodsaaklik om in ag te neem dat die status (en mate van literêre prestige) wat sy hierdeur verkry, moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat dié geskiedskrywing juis as ’n demokraties-geïnspireerde geskiedskrywing as herwaardering sou dien en dus ook ’n lesergeskiedskrywing kan weergee omdat die aktuele tendens tot feministiese geskiedskrywing gereflekteer moes word. Sodanige opname van Matthee en veral die feit dat soveel ruimte in die profiel aan dié teks afgestaan word, kan as regstellende aksie/herwaardering, dien om “die vrou as

skrywer (wat) dikwels gemarginaliseer of onbevredigend gekanoniseer (...) in die meeste geskrewe letterkundes en opgetekende literêre geskiedenis” voorgekom het (kyk Jooste, 1998:678; Van Niekerk, 1999:305).

Ook die aansluiting by die erkenning van die populêre as voorheen gemarginaliseerde kulturele produk word deur insluiting in hierdie geskiedskrywing reggestel.

“*Susters van Eva* mik met hierdie populêre tematiek moontlik op ’n bepaalde segment van die boekemark, naamlik die leeskring, wat meestal uit vroue bestaan. Die roman word oorwegend gunstig ontvang, waarskynlik vanweë Matthee se onbetwisbare statuur, maar stellig ook omdat die openhartige aanbieding van die vroulike seksualiteit as ’n klinkende bevryding van ’n tradisionele beskroomdheid verwelkom word.” (Jooste, 1998:678)

Alhoewel vroulike seksualiteit en selfs duidelike feminisme eintlik ’n algemene verskynsel was in die Viljoen-oeuvre, of dan van al Winterbach se werk wat tot nou toe verskyn het, maak Matthee tot met *Susters van Eva* (1995) nie van hierdie tendens gebruik nie.

“In die uitgewers se persverklaring word Dalene Matthee as volg aangehaal: ‘*Susters van Eva* was jare lank in my. Omdat ek egter so onkundig was oor vrouwees, kon ek nie waag om daaraan te raak nie. Feminisme was ’n woord, yl van betekenis en dikwels iets mensloos. Gevolglik is ek Londen toe waar ’n psigoloog my gewys het hoe om te begin. Hoe diep om te graaf.’” (Matthee in Van Biljon, 1996:86)

Alhoewel Matthee volgens haarself dan doelbewus menslikheid by ’n feministiese uitgangspunt wou inbring, wil dit voorkom of hierdie poging volgens die meerderheid resensente as hekwagters, nie slaag nie. Daar bestaan egter verskeie standpunte omtrent die feministiese aard van Matthee se *Susters van Eva* (onder andere in resensies as resepsieprodukte daarvan) as vroulike seksualiteit en ’n klinkende bevryding.

“Matthee en die uitgewers rig *Susters van Eva* waarskynlik nie as ‘hoge literatuur’ op die leesmark nie. Tog stuur die tematiek die leser om *Susters van Eva* as ’n feministiese teks te lees. Die simpatie met die lot van die vrou kom baie sterk na vore.” (Jooste, 1998:679)

Ondanks die feit dat Matthee self daarteen keer: “Feminis is sy nie’ keer Matthee vinnig. ‘Vrouis’, ja, wat wil sien dat die vrou sterk is, dat sy soos Souf aandring op haar vyftigsentjie – ‘die man moet betaal, hy moet verstaan heuning is ’n voorreg, nie (’n) reg nie’”, wil dit oorwegend voorkom of dié teks wel as suiwer feministies geklassifiseer word (Van Manen, 1995:2).

“Kom ons laat vrouwees buite rekening en kyk na feminisme. Van Pankhurst tot Paglia *kleine blasse Ahnung?* Nooit Betty Friedan of Germaine Greer gelees nie, nooit gehoor van Hobhouse of Schreiner nie? Sjeesj. Die boek het alles om die lyf om as ’n Boere *Falcon Crest* beskryf te word behalwe dis skaapwêreld en nie wingerd nie (...) ek het gestruikel oor haar begrip van vrouwees.”
(Van Biljon, 1996:86)

Eintlik weerspreek Matthee haarself wanneer sy haar aansluiting by feminisme ontken tydens ’n onderhoud met Mariëtte van Manen vir *Beeld* (1995).

“Die grootste oorlog is die oorlog tussen man en vrou. Die man is so bang dat die vrou sy krag sal wegvat, dat hy haar misbruik en onderdruk. Vrouwees is ’n veertigjaarwoestyn. Met die implikasie dat die man die manna opeis wat die vrou versamel.”
(Van Manen, 1995:2)

Wanneer Van Biljon (1996) vra waar Matthee was “toe ons almal so betrokke was by die ‘struggle’ vir gelykheid in die sestigs”, word die aansluiting by ’n tendens op die regte tyd ter wille van die literariteit van die teks verklaar. In die negentigs word dit duidelik dat “die psige van die vrou” steeds “sentraal” staan, maar dat vrouwees ’n nuwe nuanse van feminisme word wanneer “baie van die tekste geskryf deur die huidige generasie vroue” eerder geskied in ’n “gees van onafhanklikheid en die vanselfsprekende afwysing van dominansie van enige aard, eerder as ’n suiwer vorm van feminisme”, en Matthee op ’n tendensvlak nie (meer of selfs weereens) literêr tref nie – omdat daar reeds in die sestigs-sewentigs na die emansipasie van die vrou deur Joubert gestreef is; en Goosen en Stockenström reeds in die tagtigs daarin slaag om binne die bepaling van die literêre (van daardie tyd) “suiwer” feminisme binne die Afrikaanse literatuursistiem teweeg te bring (kyk Van Zyl, 1996:104; Roos, 1998:104).

Dit wil voorkom of hierdie teks van Matthee “(nie) soseer ’n feministiese pleidooi” is nie, maar eerder word die manlike geslag direk aangeval.

“Eva se susters verdien dit – verdien mans dit?”

(Gouws, 1996:12)

Soos dit reeds sedert die vyftigerjare binne die maatskappy plaasvind, word die “vader wat sy status verloor in die proses van verstedeliking” in verskillende tekste bespeur. Veral in die sewentigerjare dui tekste deur vroue binne die Afrikaanse literatuursisteem mans se veranderende posisie in die samelewing en dus ook mans se veranderende posisie in die patriargale bestel (indirek) aan. Terselfdertyd word deur “herkenbare kodes” aangedui wat “omskryf word as ideologies, kultureel, psigologies, simbolies, stilisties en ruimtelik van aard” en waardeur nie net aspekte eie aan die feministiese lewenshouding afgelees word nie, maar ook die veranderende posisie van mans op alle vlakke van die samelewing (kyk Roos, 1998:103).

“Bevryding van die vrou” soos teweeggebring deur Winterbach se gebruik van die “tendens” sluit gedurende die negentigerjare eerder aan by ’n nuwe demokratiese mening rondom feminisme wat “eerder” gesien moet word as “pro-vrou as pro-feministies”, terwyl Matthee se “tendens” en aansluiting by feminisme nog ’n tagtiger “oorlog tussen man en vrou” veronderstel. Waar Winterbach met die skryf van *Klaaglied vir Koos, Erf* en *Belemmering* duidelik teen patriargale konvensies inskryf, slaag sy met *Karolina Ferreira* daarin om bevryding uit patriargale konvensies aan te dui; waarskynlik ook om haarself (as vrou en as vroueskrywer) deur die skryfsaksie te bevry van die ideologiese voorveronderstellings soos opgesluit in patriargie deurdat sy ook daarin slaag om feminisme uit te sorteer (kyk De Jong, 1992:127).

In die verlede is Winterbach se werk “geringgeskat (...) vanweë die sterk klem daarvan op vroulike seksualiteit” en dat sodanige tekste – met spesifieke verwysing na *Erf* (1986) – deur die gebruik van feminisme “op struktuurvlak die patriargale Afrikaanse literêre kanon uitdaag”. Met *Karolina Ferreira* (1993) word daar ’n “afstandelike blik” gewerp op “menslikheid” en kan daar deur werklike “emansipasie” sprake wees van ware bevryding, nou ook as deel van ’n bevryde demokratiese samelewing waar vroueregte ook voorkeur geniet (kyk Stander, 1994:6).

“Die teks is daarom geïnformeer deur ’n ongewone beskouing van menslikheid. Veel van die waarde van Viljoen se teks is opgesluit in die wyse waarop manlike seksualiteit vanuit ’n vroulike perspektief aan die bod kom. Die Oedipale verhouding tussen pa en dogter kom veral hier ter sprake. In terme van die fallosentriese ideaal van wetenskaplike objektiwiteit, is Karolina se vroulikheid die belangrikste struikelblok wat haar verhoed om in haar pa se voetspore te volg. Karolina se vervreemding van haar pa, haar onvermoë as vrou, om hom tevrede te

stel, beskryf terselfdertyd die vrou se vervreemding van die groter historiese geheel wat die konteks is vir menslikheid. Haar posisie as *objek* van manlike begeerte, weerhou haar daarvan om self as handelende *subjek* tot die geskiedenis toe te tree. Deur die insigte oor vroulike seksualiteit word daar enersyds kritiek gelewer op die beperkings wat daar aan vroue gestel word binne 'n patriargale samelewing. Andersyds word die waarde van die tekstuele uitings van vroue ook gerelativeer.” (Stander, 1994:7)

Karolina Ferreira dra ook by tot die “bewussyn dat die vrou en alles wat verband hou met vroulike seksualiteit altyd gemarginaliseer bly binne die patriargale historiese domein”. Met die verloop van die vertelling kom *Karolina* (wat as hoofkarakter die verteenwoordiger van die vroulike geslag en seksualiteit word) tot “die verbysterende besef van haar eie onmag, as vrou, binne die groter politieke geheel” (Stander, 1994:7).

“Maar vroue is nie maklik helde nie. Jy kan nie 'n heroïese portret van 'n vrou op dieselfde manier skilder soos jy dit van 'n man kan nie. 'n Man se ervaring – hoe afsydig ook al – word onmiddellik as 'n verruiming van menslike ervaring gesien; die ervaring van vroue bly afwykend, eksentriek, idiosinkraties.” (Viljoen, 1993:122)

Nogtans neem die verhaal 'n wending teen feminisme in wanneer daar “in *Karolina Ferreira* 'n aanvaarding van hierdie minderwaardigheid voltrek word” (Stander, 1994:7). Dit is asof besef word dat bevryding binne die vrou as mens (in haar menslikheid) opgesluit is, versoening met haar seksualiteit wat van haar 'n vrou maak – 'n paradigmaverandering wat gemaak kan word – versoening met wat die werklikheid omtrent die self is: “daarom is die slot geensins ondermyning van die vrou se status nie” (Van Coller, 1995:277).

Nie net word na die teks *Karolina Ferreira* (1993) verwys as “(h)alfwegstasie op pad na ons transformasie” nie, maar wil dit vir die navorser voorkom of die skrywer met hierdie teks daarin slaag om inderwaarheid binne die Afrikaanse literatuursisteem (soos dit nou reeds daar uitsien), 'n “stasie” aandui van waar nuwe rigtings – waarvan die meeste spore alreeds gelê is – uit te wys en vrylik gevolg kan word.

“In bittermin eietydse romans word ons en ons toekoms so seer delikaat geskryf soos in hierdie manjifieke teks van Lettie Viljoen.” (Gouws, 1993:10)

Alreeds met die lees van die motto uit Lindrum: “(where) every person ought to be very attentive and listen for the stroke before he opens the door”, word die leser deel van die vertelling en word hy gedwing om deel te word van beweging deurdat die “stroke” die “kollektiewe resultaat (is) van dit wat slaan, toedien, afdruk op, skep, aanraak, aandag probeer trek, verwyder, staak, penetreer, ’n nuwe rigting inslaan, gelykmaak, veronderstel”. Net soos Karolina deur dans deel word van die mansgedomineerde ruimte (maar steeds vrou bly), word tot die insig gekom dat elkeen “deel aan hierdie geskiedenis” is en dwing “die roman (...) die leser ten slotte tot dieselfde insig”. Ook Weideman (1995-01-26: *Skrywers en boeke*) sien die dans as die sentrale metafoor van die teks en sluit hierby aan deur die “kragpunt van die boek” aan te dui as “(d)ie erkenning dat nie alles te verklaar is nie” (kyk Gouws, 1993:10; Smuts, 1994:6).

Karolina, ’n entomoloog, besoek die plattelandse dorpie Voorspoed om die navorsingswerk van haar pa oor die metamorfose van motte (verwys ook na *The wonderful transformation and singular-food of caterpillars* deur Sibylla Merian, 1679:47-48, vertaal deur Natalie Zemon Davis, 1995) voort te sit. Sodoende word “wedergeboorte”, “inisië”, “transformasie”, “regstelling”, “versoening”, “aanvaarding”, “bevryding”, almal menslike geestestoestande wat dien as “oorlewingstrategieë” ter wille van menswees. Hierdie strategieë soos vervat in dié teks gee aanleiding tot ’n vloeibare situasie: “op die grens van die vertroude wêreld – hier begin ’n ander wêreld” (Gouws, 1993:10).

“In reaksie op Stander toon Louise Viljoen (1994b) aan hoe Lettie Viljoen vernuwing bewerkstellig deur vorme van patriargale konvensies te appropriëer en dan op transformerende wyses te deurbreek.”
(Jansen, 1999:742)

Op die sosiopolitieke gebied word ’n nuwe Suid-Afrika deur demokratisering in die vooruitsig gestel; binne die literatuursisteem van Afrikaans (ook as deel van ’n moontlike Suid-Afrikaanse literatuursisteem) word herstrukturering deur onder andere herwaardering ten opsigte van die ou “ondemokratiese” literatuurgeskiedenis gemaak, waar ook vroulike skrywers soos Winterbach én Matthee binne die sisteem erkenning kan geniet. ’n Nuwe bestel waar daar “wel die een of ander vorm van psigologiese bevryding gevind kan word”, word deur dié teks in die vooruitsig gestel. Voorspoed die dorp word nie net ’n “mikrokosmos ... van die Suid-Afrikaanse samelewing” nie; hiermee saam word die naam van die dorpie ook ’n boodskap van

bemoediging vir dié samelewing en vir die proses van “gedaanteverwisseling” waarvan elkeen deel is en die posisie waarin elke individu na 1994 hom- of haarself bevind (Van Coller, 1995:275; Roos, 1998:74).

Met hierdie teks *Karolina Ferreira* (verskyn einde 1993) word “in die nuwe Afrikaanse prosa (...) duidelike tekens van hoop” (Van der Merwe, 1994) aangedui. Ook bevestig Winterbach hiermee dat ’n “wesentliche nuwe perspektief ontstaan op wat die aard en sin van kultuur in die algemeen en van letterkunde in die besonder is” (Roos, 1998:98).

“Ek wil die slotgegewe, waarin gestel word dat Karolina (saam met Jess, of met Jess en Willie) gereeld, een of twee maal per jaar na die dorpie terugkeer, as ’n konserwatiewe element lees, omdat dit die uitgebreide insigte van hierdie roman relatiewe tot ’n bepaalde fase in die ontwikkeling van die subjek Karolina se lewe, eerder as die integrale proses waardeur vroue (en mans) se lewens gedurig in patriargie bedwing word. Dit laat my verder met die vraag of die gedwongenheid van die slot nie daarmee verband hou dat Viljoen met hierdie teks juis ’n gelukkige verhouding met die resensente wil aanknoop deur (uiteindelik) aan hulle eise te probeer voldoen nie. Of sy nie met *Karolina Ferreira* ’n poging aanwend om haar Oedipale ontwikkeling as (vroulike) skrywer binne die patriargale literêre kanon *dwangmatig* te probeer voltrek deur repressie van die semiotiese in haar werk nie. En in die proses word afstand gedoen van die mees radikaal feministiese elemente in haar oeuvre, nie inhoudelik nie, maar op struktuurvlak.”
(Stander, 1993:8)

By die bestudering van resensies as resepsieprodukte van verskeie vroulike skrywers wat gedurende hierdie periode publiseer, onder andere Ingrid Winterbach, Rachelle Greef, Regina Kemp, Marita van der Vyver, Riana Scheepers, Dalene Matthee, Eleanor Baker (kyk hoofstuk 5), word steeds “herkenbare kodes” van “aspekte eie aan die feministiese lewenshouding” of ’n vroulike diskoers, afgelees.

“Die tradisionele marginalisering van die vrou word beskryf, maar terselfdertyd ook deur die verteltoon en vertelwyse teengewerk en ondermyn.”
(Roos, 1998:105; kyk ook Roos, 1998:102)

Veral dus vanaf die begin van die negentigs word ’n diskoersverandering rondom die rol van die vrou in die samelewing en dus ook in die patriargale bestel soos dit in hedendaagse tekste geskep is deur die beskrywing van die hedendaagse vrou, waargeneem.

“In die ou dae was die vrou ingeperk tot die ‘drie k’s’: kinders, kombuis en kerk. Maar die sogenaamde emansipasie van die moderne vrou het in die meeste gevalle net nog meer druk bygevoeg: die ‘totale vrou’ van vandag moet boonop sexy, en liefies en intelligent wees; sy moet in die beroepslewe haar man kan staan, maar nogtans haar heer en meester se dienswillige dienares en minnares wees.”

(Pakendorf, 1990:9)

Tekens van die tradisionele rol van die vrou binne die patriargale bestel is steeds sigbaar, maar word in “verhale wat oor vroue handel; binne familie- en liefdesverhoudings, huwelike en egskeidings; as werkende en alleenlopende vroue, enkelouers; verhale waarin die verhouding met mans dikwels sentraal staan” aangebied. In ’n onderhoud met Marita van der Vyver vra Rachelle Greeff (in *Sash*, 1993:42): “What does feminism mean to the average Afrikaner?” Met ’n antwoord wat sterk herinner aan Schreiner se siening van feminisme (kyk 3.5), antwoord Van der Vyver:

“Om lesbies te wees en nie jou beenhare te skeer nie. (*More giggles.*) For me personally I suspect it implies trying to improve the destiny of women.’ (*She chooses every word very carefully, but immediately fears sounding self-important – something we boervroue seem to have in common.*)

Dit wil voorkom of hierdie mate van feminisme nou ’n relatief algemene verskynsel en deel van die diskoers binne die Afrikaanse literatuursistiem word. Wanneer Roos (1998:102) van die standpunt uitgaan dat “feministiese werke of verhale waarin die feministiese denke eksplisiet uitgedra word, (...) nie ’n algemene verskynsel in Afrikaans (is) nie”, word waarskynlik spesifiek na “die stem van die vrou” – nou ’n relatief bevryde vrou – in die negentigerjare verwys. Om vanuit so ’n bevryde posisie te kan skryf, veronderstel onder andere om “traumatiese lewensondervindinge deur die skryfproses te besweer”. Dit gaan oor “die menslikheid daarvan. Oor die erkenning van weerloosheid, én die oorwinning van die menslike psige” (Scheepers, 1992:13).

“In het werk van Scheepers en Van der Vyver staat de menselijkheid voorop. ‘Ik schrijf over thema’s die me bang maken’, zegt Riana. ‘Ik kan kwaad worden over de besnijdenis van vrouwen, die een gruwelijke verminking en een ontkenning van het vrouwelijke individu inhoudt. Daartegen kom ik in verzet. (...) Het gaat mij om de menselijkheid en niet om partijpolitiek. Ik ben ook absoluut geen moralist.’”

(Van Beek, 1996:26)

Op grond hiervan moet 'n teks soos Riana Scheepers se *Die heidendogters jubel* (1995) dus eerder as behorende tot die negentigs as periode van bevryding beskou word, en nie tot die grensliteratuur van die tagtigs nie (kyk 4.7). Beide Scheepers en Van der Vyver se bydrae tot die feit dat daar "(n)og nooit (...) in Zuid-Afrika zoveel Afrikaanstalige literatuur verkocht (is) als de afgelopen twee jaar" (Van Beek, 1996:26), word onder andere toegeskryf aan die totale opheffing van sensuur asook die gebruikmaking van Afrikaans as "omgangstaal". In 'n onderhoud met Van Beek (1996) verklaar Scheepers soos volg:

"Ik debuteerde in 1990, vlak na de verslapping van het uitgebreide censuurstelsel", zegt Riana Scheepers, 'waardoor onder meer expliciete erotiek en anti-apartheidsdenken werden verboden. Het was zo heerlijk om niet te hoeven nadenken of mijn verhalen de toets van de censuur zouden kunnen weerstaan. Overigens is pas in 1995 de censuur helemaal afgeschaft."
(Van Beek, 1996:26)

In dieselfde onderhoud neem Van der Vyver die gesprek met Van Beek (1996) verder:

"In Zuid-Afrika was de kloof tussen literatuur en lectuur heel groot," zegt Van der Vyver. 'Er was verheven, moeilijke literatuur en er bestond ontspanningslectuur. Daartussen was er niets. Riana en ik hebben die leemte een beetje opgevuld door in onze boeken omgangstaal te gebruiken. Dat vind ik een principiële en eerlijke keuze. Als personages met elkaar praten, moet dat in de omgangstaal beschreven worden, want zo is het in werkelijkheid ook."
(Van Beek, 1996:26)

Hiervolgens wil dit dus voorkom of die sosiopolitieke omstandighede van die tyd ook Afrikaans as taalmedium van die Afrikaanse literatuursisteem nou in 'n "bevryde posisie" plaas. Deur verdere bevryding van partypolitiek en bevryding van moraliteit, wat duidelik ook bevryding van die tradisioneel patriargale waardesisteem veronderstel, word dit moontlik dat (enersyds) die "Afrikaanse literatuur (...) in de laaste jaren volwassen worden", maar (andersyds) ook dat 'n nuwe intersistemiese diskoers tot stand kom waar die vrou van haar gemarginaliseerde posisie bevry word. So word Riana Scheepers in 'n onderhoud met Van Beek na aanleiding van Nederlandse vertalings van *Griet skryf 'n sprokie* (1992) en *Die heidendogters jubel* (1995) aangehaal en is Marita van der Vyver dit met Scheepers eens:

“Er is al te veel gemoraliseerd in Zuid-Afrika. Die tijd is voorbij. Ik ben zo dankbaar dat de politieke situasie is veranderd, waardoor ook die kunst bevrijd is. Eindelijk hoeven we geen *struggleroman* meer te schrijven, we hoeven niet meer per se de zwart emancipatie aan de orde te stellen. Eindelijk kunnen we vrijen en vloeken in onze boeke. En dat is bevrijdend.”

(Van Beek, 1996:26)

4.9 POSTKOLONIALISME

Op pad na 'n nuwe millennium

Bevryding maak “die aanbreek van 'n nuwe ‘dag’ en die ‘geboorte’ van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika” moontlik. Om sodanige bevryding werklik te kan ervaar en ook te vier, word dit nodig om terug te reis deur 'n “eeu van onreg” (Van Coller, 1998:62). Op hierdie wyse ontstaan “(d)ie reisverslag van 'n post-kolonialistiese reisiger” – *Die reise van Isobelle* (1995) deur Elsa Joubert:

“Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle* stel in die titel reeds die reisgegewe sentraal. Dat dit nie slegs gaan om die reise van karakters nie, word spoedig duidelik: Joubert onderneem in hierdie kroniek van “'n eeu van onreg’ haar eiesoortige ‘post-koloniale’ reis deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die afgelope honderd jaar. Deur die sinkretisering van verskeie genologiese tradisies (onder andere die reisjoernaal, dokumentêre realisme, visioenêre romantiek en betrokke literatuur) word dit ook bykans 'n ‘reisverslag’ van die Afrikaanse literêre tradisie.”

(Van Coller, 1998:54)

Resepsieprodukte soos hierdie – 'n artikel Van Coller (1998) wat ook 'n “overview of an extensive and impressive oeuvre” van Joubert is, sou gesien kon word as deel van 'n nuwe paradigma wat die Afrikaanse literatuursisteem aan die einde van die twintigste eeu betree. Sowat 'n dekade later sluit Van der Spuy en Van Vuuren (2007) hierby aan in die reeds genoemde artikel: “Elsa Joubert as postkoloniale skrywer: 'n herwaardering” (kyk 4.5). Hier word aangedui dat die dualiteit kolonialisme/postkolonialisme alreeds sedert haar teks *Die verste reis* (1959) na vore kom:

“Joubert onderskryf wel die koloniale idê van Europa as die hartland, maar dit word subtiel ondermyn deur die idê dat Afrika die werklike tuiste is (...) hier is die dualiteit kolonialisme/postkolonialisme teenwoordig, aangesien die siening dat Europa die werklike tuiste is, as koloniaal geles kan word, maar die idê van Afrika as tuiste ondermynend is op die idê.”

(Van der Spuy & Van Vuuren, 2007:116)

Dit wil egter voorkom of hierdie dualiteit met *Die reise van Isobelle* (1995) uit die weg geruim word en dat hier sprake van 'n suiwer postkolonialistiese teks is. Gedurende die negentigerjare is daar volgens Viljoen (1996:158) “al ietwat sinies opgemerk dat die postkolonialisme vinnig besig is om dieselfde akademiese bemerkbaarheid te verwerf as die postmodernisme”. Beide die postmodernisme en postkolonialisme bevraagteken die kanon – “die meestersverhale van die Weste” – met ander woorde, kennis wat gerig is op wat as “die imperiale kanon” beskou kan word. Dit veronderstel die ontstaan en toepassing van 'n “teorie van en kritiek op die imperiale sentrum vanuit die gewese kolonies, kritiek op die hegemonie van die (gewese) imperiale moondhede, die imperiale kanon en wat deur die imperium as kennis beskou word, die vanselfsprekende aanvaarding van die Westerse siening van wat betroubare en relevante kennis is” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:168).

Verder word veral vanaf die begin van die negentigerjare gedebatteer oor “tekens dat die teoretisering oor die postkolonialisme 'n invloed” in die Afrikaanse letterkunde begin uitoefen (kyk ook McClintock, 1993:299; Brink, 1991; John, 1994 & Van Heerden, 1994). Binne die Afrikaanse literatuursistiem gebeur dit dat postkolonialisme “gebruik word as benaming vir kulture wat ingrypend beïnvloed is deur Westerse kolonialisering. Dit dui dan op 'n nuwe soort kruis-kulturele kritiek wat in die afgelope jare ontwikkel het en vir die diskoers wat daardeur tot stand gebring word” (Van der Merwe & Viljoen, 1998:167, kyk ook 167-160).

Viljoen (1996:158-175) bespreek hierdie verskynsel in die artikel: “Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: 'n verkenning van die rol van enkele gemarginaliseerde diskoerse” en oorweeg “possibilities of applying postcolonial theory to Afrikaans literature”. Sodanige teoretisering of ontstaan van 'n teorie moet gesien word as uitvloeisel van spesifieke tekste wat nou/gedurende die tydperk verskyn (kyk Sötemann, 1985 & 2.2).

“It is argued that the heterogeneous nature of the Afrikaans language as well as Afrikaans literature necessitates the construction of several small narratives which take into account the local historical context in order to avoid obscuring generalizations and ever-new forms of imperialism, whether on the terrains of language, race, gender, sexuality, or theory.”
(Viljoen, 1996:158)

Die identifisering van 'n nuwe fase of periode binne die Afrikaanse literatuursistiem word hiermee duidelik ook 'n weerspieëling van die werklikheidskonteks van die tyd, die nuwe Suid-Afrikaanse demokratiese bestel.

“Die aanvaarding van die Suid-Afrikaanse grondwet in Mei 1996 was die duidelikste demonstrasie dat individuele regte, die beskerming van minderhede en die verwerping van stereotipiese diskriminasie in die nuwe bestel sentraal sou staan.”

(Roos, 2006:46)

Gedurende die negentigerjare word die vroulike perspektief soos deur vroulike skrywers daargestel in prosatekste, duidelik ’n veranderende perspektief op feminisme. Alhoewel steeds ’n dominante kenmerk of tendens van die periode, val die fokus nou op ’n ander/nuwe vrou en ’n ander tendens, omdat daar nie meer slegs ’n “enkele betekenis” aan vrouwees geheg word nie (Van Niekerk, 1999:422; kyk ook Du Plessis, 1988:118-128).

“Die Nuwe Vrou se menswees word ervaar in terme van haar *vrouwees*, want ’n voltooidheid bestaan sonder die noodwendige aanwesigheid van die man. Ginogenese behels nie verabsoluttering van seksualiteit as eenheidsvormer nie, maar ’n integrasie daarvan met alle fasette van menswees.”

(Beukes & Gouws, 1999:91)

Versoening met haar nuwe rol binne die sosiale bestel waar na kodes of tekens van feministiese optrede verwys word as “tekstuele vroulikheid” en dit as deel van haar menswees gesien word, word ’n algemene verskynsel. Gedurende die laaste helfte van die negentigerjare word die vrou se bevryding onder die invloed van die sosiologiese omstandighede van die tyd ’n versoening tussen haar vrouwees en haar menswees. Vanuit hierdie bevryde posisie vorm prosatekste soos geskep deur vroue nou deel van die Afrikaanse literatuursisteem, wat na 1996 duidelik meerstemmig van aard is.

“Op vanselfsprekende manier word die vrou se besondere belangstelling as geldige literêre materiaal aanvaar, haar integrale rol in die maatskappy opgeëis, ’n eiesoortige idioom ontgin.”

(Roos, 1998:105)

Die uitwissing van dominansie op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing en binne die sosiologiese maatskappy vorm deel van demokratiese regte wat sedert die middel negentigs vir almal in die vooruitsig gestel word. “(D)ruk op tradisionele hiërargieë” asook op “menseverhoudinge” vind veral plaas as gevolg van die invloed wat globalisering op die maatskaplike welsyn van die Suid-Afrikaanse samelewing het (Roos, 2006:45). Binne ’n patriargale verband, veronderstel dit die

verandering van die vrou se minderwaardige posisie binne die patriargale bestel tot 'n verhouding van geslagsgelykheid wat oral weerspieël moes word. Vanselfsprekend bring dit ook verandering mee ten opsigte van die dominante posisie van die man in die patriargale verhouding, wat op sy beurt ook op die een of ander wyse in die sosiologiese bestel tot uiting sou kom.

Ontnugterend aan die een kant maar ook funksioneel aan die ander kant, word besef dat sosiologiese verandering ongeag die radikale magsverandering wat plaasgevind het, nóg oornag nóg seepglad sal of kan geskied. Ongeag sekere paradigmaterskuiwinge wat toe alreeds besig was om plaas te vind (onder andere binne die Afrikaanse literatuursisteem), het Mandela as staatshoof van 1994 tot 1999 binne Suid-Afrika gefokus op versoening en 'n vreedsame oorgang van die apartheidsbewind na 'n demokratiese bestel.

“In hierdie tydperk is die Waarheid-en-versoeningskommissie saamgestel, 'n liggaam wat landswyd openbare sittings sou hou waartydens sowel slagoffers as uitvoerders van Apartheids- en struggle-gruwels hulle ervarings kon bekend maak om sodoende moontlike katarsis en versoening te bereik.”

(Roos, 2006:46)

Van Coller (1997) dui die “ontbloting van die waarheid” en die versoenende effek daarvan aan as 'n tendens binne die Afrikaanse prosa van die negentigerjare. Dit wil voorkom of “werke waarin die verlede gedissekteer word, ‘waarheid’ aan die man gebring word, skuld uitgedeel word, waar soms vrygespreek word en (dalk té selde) vergewe word” dui op 'n “(w)aarheidskommissie in die klein” binne die letterkunde. Die “sosiopolitieke werklikheid” van die tyd maak nou duidelik deel uit van ontwikkeling op kulturele aktiwiteite binne 'n nuwe Suid-Afrikaanse samelewing (Van Coller, 1997:13).

Alhoewel slegs een prosateks en wel Antje Krog (as welbekende Afrikaanse digter) se *Country of my Skull* (1998) die onmiddellike gebeure of feite wat na vore kom, en dus die “Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) se werksaamhede” weerspieël, word die uitwerking hiervan in verskeie “kulturele aktiwiteite” wat veral sedert 1997 geproduseer word, waargeneem. Ook gebeure en aktiwiteite binne die literatuursisteem van Afrikaans word 'n direkte uitvloeisel van “postkolonialisme in die (Suid-)Afrikaanse konteks” waar “die diskoers rondom die Afrikaanse boek, en die prosa in die algemeen, oorwegend binne hierdie besondere ruimte gevoer” word.

“Postkolonialisme in die (Suid-)Afrikaanse konteks is egter ’n verwikkelde en meervoudige konsep soos dit op sowel historiese as (literêr) teoretiese vlak gehanteer word. Die Afrikaner, Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde het tydens die verskillende eras gelyktydig en beurtelings die rol van koloniseerder, gekoloniseerde en gedekoloniseerde vervul.”
(Roos, 2006:56)

As deel van ’n nuwe Suid-Afrika, en binne die Suid-Afrikaanse geskiedenis, dui 1999 “die definitiewe einde van ’n koloniale era” aan met Mbeki se oornam by Mandela, maar “ontvoogding” van die tradisionele, kom alreeds sedert die middel van die negentigerjare in Afrikaanse prosatekste na vore.

“Die dinamiese aard van die ontvoogding is duidelik gereflekteer in tekste waar met ’n persoonlike stem en individuele perspektief (...) die geskiedenis, probleme en posisies van die land en sy mense al vertellend verken is.”
(Roos, 1998:98)

Conradie (1996:72) beskryf vroue se posisie-inname in die negentigs as ’n “tydperk waarin die werk van vroue die ruimte van Afrika en Suid-Afrika verken”. Hiermee word ’n “postkoloniale ruimte” (Roos, 2006:55-56) ook deur vroue binne die Afrikaanse literatuursisteem betree en vind dit neerslag in wat bekend staan as ’n “saamgesmelte postkolonialisme” en wat volgens Viljoen (1996) ’n “ambivalente aard” verkry as gevolg van die meersydigheid daarvan.

“Presies hoe die post(-)kolonialisme sigself in die toekoms gaan manifesteer in die Afrikaanse letterkunde is moeilik om te voorspel. Dit lyk egter of die Afrikaanse letterkunde nog geruime tyd gelees sal kan word in terme van die ‘fused postcolonial’ waarin vorme van medepligtigheid (die subtiele ondermyning en steeds nuwe vorme van imperialisering) en opposisie (die openlike stryd in belang van marginale groepe soos byvoorbeeld vroue en gays) naas mekaar gaan staan.”
(Viljoen, 1996:164)

Binne die literêre veld van die tyd kom die postkoloniale diskoers veral na vore in prosatekste ook deur vroue en wel waar die soeke na en krisis rondom identiteit as literêre tema oorheers. Ook hier word ontbloting van die waarheid en versoening met die werklikheid deel van die postkoloniale diskoers van prosatekste deur vroue waargeneem. Ontdekking van menswees binne ’n patriargale bestel in ’n poging om dominansie te elimineer, maar ook versoening met haar vrouwees kom binne hierdie komplekse en hibriede postkoloniale diskoers sowel as deur die posisie-inname van vroue binne die sisteem na vore.

Onder invloed van die veranderende sosiologiese omstandighede van die tyd, maar ook omdat die veranderde sosiologiese bestel dit (nou) toelaat, gebeur ook 'n eerste vir die Afrikaanse (maar ook vir die Suid-Afrikaanse) literatuursisteem. Met die verskyning van die prosateks: *Die storie van Monica Peters* deur E.K.M. Dido ('n "swart" vrou) in 1996, word alle bestaande gestereotipeerde grense oorgesteek – soos Crous (1996) dit stel:

“Stem van swart vrou steek grens in Afrikaans oor.”
(Crous, 1996:14)

Alhoewel verwarring rondom die etniese groepering van die skrywer aanvanklik as behorende tot bruin of swart uit resensies as resepsieprodukte na vore kom, word meer inligting omtrent haar as persoon bekend namate meer prosatekste van haar verskyn.

“Ek wonder nog hoe gaan ek my mense help om oor daai identiteit-ding te kom, maar ek weet nie, want sodra jy daardie kwessie aanraak, dan vlam hulle. Baie van hulle het reeds my kop afgebyt oor ek die woorde 'bruin' en 'Kleurling' gebruik. Maar ek is bruin. Ek is Kleurling.”
(Loots, 2003b)

E.K.M. Dido (1951-) word as 'n “pionier” beskou omdat sy “(a)s teenhegemoniese stem” die eerste nie-wit vroueskrywer word “wat die stilswye rondom apartheid, en in 'n sekere mate ook rondom die patriargie, soos beleef deur die nie-wit vrou, in Afrikaans verbreek”, maar sy word ook as 'n fenomeen van die negentigerjare beskryf (De Villiers, 2006:289, 290).

“Dido is 'n besondere fenomeen op die Afrikaanse boekemark. As voorheen benadeelde vrou bevind sy haar vanself reeds in die posisie van 'n postkoloniale skrywer.”
(Van Zyl, 2003:9)

Waarskynlik sou daar sprake van dubbele marginalisering in die geval van Dido (sy is “anderskleurig” sowel as van die vroulike geslag) kon wees, maar omdat daar nog geen ander “anderskleurige” vrou voor Dido in Afrikaans gepubliseer het nie, sou dit onregverdig wees om sodanige beskuldiging tot die literatuursisteem van Afrikaans toe te voeg (en benodig waarskynlik verdere ondersoek).

“Net soos in die werk van ander Afrika-vroue speel tradisie en die rol van die vrou binne 'n tradisionele opset 'n belangrike rol (...) Dit is nie verkeerd dat mans mag rondslaap om ervaring op te doen, terwyl vroue nie mag nie

(...) verklaar ook hoekom van swart vroue as die 'dubbele onderdrukte' gepraat word. Nie net word hulle deur wit koloniste en hul wette onderdruk nie, maar word hulle verder onderdruk deur die mangesentreerde kulturele tradisie waarbinne hulle grootword.”
(Crous, 1996:14)

Wat wel na vore kom by die bestudering van haar (Dido se) prosatekste, wat onder andere ook insluit *Rugdraai en stilbly* (1998); *'n Stringetjie blou krale* (2000) en *Die onsigbares* (2003), is dat ondanks kulturele verskille wat daar binne die Suid-Afrikaanse konteks tussen vroue mag bestaan, vroue oor kultuurgrense heen as gevolg van die teenwoordigheid van patriargie, homogene ervarings deel (kyk 3.5). Ongeag die kulturele grense wat mag bestaan, hou vrouwees vir die vroulike geslag sekere konsekwensies rondom hul menswaardigheid in. Onder vroue oor kultuurgrense heen, word twee gemeenskaplike aspekte gedeel: dit is dat patriargie 'n ideologiese voorveronderstelling is en as sodanig 'n spesifieke posisie-inname deur vroue in enige struktuur of verhouding veronderstel, maar óók dat die sosiologiese magstruktuur van die tyd sodanige posisie kan beïnvloed.

Ook binne die Suid-Afrikaanse en binne die Afrikaanse literatuursisteem van dié tyd is daar sprake van intertekstualiteit op grond van hegemoniese aspekte rondom die vrou van die negentigerjare. Onderwerpe wat voorheen as taboe beskou is, word nou aangeraak en ontbloot as deel van die waarheid rondom vrouwees.

“*Rugdraai en stilbly* sou as 'n stilisties oorvereenvoudigde vertelling bestempel kon word, tog doen dit nie afbreuk aan die inhoudelike gegewe nie en glo ek dat die skrywer hier 'n ander soort betrokkenheid tot uitdrukking wou laat kom, naamlik sosiale betrokkenheid, meer spesifiek by die lotgevalle van vroue vanuit alle rasse- en kultuurgroepe wat gebuk gaan onder die skeldnaam 'vrouemishandeling' en (sic) wie daar geen dramatiese verandering in hul omstandighede in die vooruitsig gestel kan word nie!”
(Scheepers, 1998:45)

“Deurdat sy (Dido) tekortkominge in verskillende soorte verhoudings uitlig (man teenoor vrou, ouer teenoor kind, medemense onderling) en alternatiewe belig, byvoorbeeld van huwelike en vriendskappe oor kleur-, geslags-, klasse- en kultuurgrense heen”, slaag Dido daarin om “heling en versoening” te bewerkstellig. Verder sluit sy ook met haar sosiale betrokkenheid by die stem van die nuwe vrou aan en word dit selfs in literêre kringe waargeneem, ook omdat die sosiopolitieke omstandighede gereed is daarvoor (kyk Scheepers, 1998:45).

Toepaslik binne 'n atmosfeer van waarheid en versoening, gebeur dit ook dat daar in die diskoers van vroueskrywers ander waarhede rondom vrouwees ontbloom word. Maatskaplike aspekte of “selfs wandade; fisiese mishandeling, leed en lyding wat met vroulike ervaring saamgaan” (Roos, 2006:61) wat vantevore algemeen aanvaar is as deel van die minderwaardige posisie van die vrou binne die patriargie, word nou deur vroulike skrywers oopgeskryf. Alhoewel dit wil voorkom of 'n “nuwe intertekstuele of ander verbandlegger” in die diskoers of skryfwerk onder Afrikaanse vroueskrywers hieruit wil voortvloei, word die alomteenwoordige strewe na vryheid as leitmotief van die vrou binne die patriargie weereens waargeneem. In die postkoloniale diskoers vind die vertelling deur 'n vroulike perspektief nou (veral na 1996) oorwegend vanuit 'n “bevryde” posisie (deur vroulike vertellers) plaas (kyk 3.5).

“As often in the postapartheid narrative, the individual story of the protagonist in Rachelle Greeff’s novel *Hanna* – an alcoholic – is in some ways linked to the collective story of our country. The sessions in the rehabilitation centre are reminiscent of the hearings of the Truth and Reconciliation Commission in 1996, focusing on related matters. On the one the idiomatic expression ‘Fluit-fluit my storie is uit’ is applied in its literal meaning that the story must be uttered – the silence must be broken – for hearing to occur. On the other hand the figurative meaning is applied by which the end of a story – usually a children’s story – is announced. In the latter instance Hanna’s story comes to a victorious conclusion as she enters a rebirth at the beginning of the new millennium. However doubt is expressed whether the political story of our country has experienced a similar closure in its dealings with the past.”
(De Villiers, 2005:150)

De Villiers (2005:150-163) dui aan hoe die verhaal van *Hanna* (2002) deur die diskoers in dié prosateks van Greeff “ge-‘uit’(of vertel) moet word as 'n proses van terapie om vrede met die verlede te kan maak” en sluit sodoende aan by 'n “groot korpus” prosatekste “waarin daar oor die terapeutiese waardes van stories (narratiewe) besin word” (Human, 2006:312).

“Op boeiende wyse word die donker geheimenisse van een vrou se persoonlike en familiegeskiedenis dus met die kollektiewe geskiedenis van 'n gekwelde land verweef.”
(Human, 2006:311)

Op strukturele en tekstuele vlak word aangesluit by 'n tendens (onder vroulike skrywers) waar voorheen verswygde onderwerpe soos byvoorbeeld drankverslawing van 'n vrou, “grotendeels te wyte aan versweë traumatiese ervaringe van die

verlede”, nou algemeen voorkom enersyds, maar andersyds ook by ’n tendens “(o)m die storie van ’n individu, ’n groep, ’n geslag of ras te vertel” terwyl dit “in die vroeër Afrikaanse literatuur en geskiedskrywing die voorreg van die wit, manlike, heteroseksuele (dikwels chauvinistiese) Afrikaner waardeur ’n “eensydige, gefragmenteerde en gestereotipeerde uitbeelding (...) van die vrou” gegee is (De Villiers, 2005:150, 151).

Beide Dido en Greeff sluit op die een of ander wyse aan by die “verskeidenheid van saamgesmelte (‘fused’) vorme van postkoloniale tekste: tekste waarin namens die ‘ander’, die voorheen gemarginaliseerde, gepraat word; tekste waar die opposisie teen die koloniale sisteem steeds deur sterk, binêre teenoormekaarstelling van magtelose en maghebbende verwoord word; en dan daardie tekste waarin die inmekaarvloei en oorvleueling van koloniale en gekoloniseerde kulture in die proses ’n nuwe identiteitskepping verbeeld word” (Roos, 2006:56).

“By die lees en interpretasie van sodanige tekste val die fokus ook sterk op die terapeutiese waarde van hierdie soort literatuur: in die konteks van die postkoloniale Suid-Afrika beteken dit om historiese vyande te versoen, om persoonlike en kollektiewe identiteitskonflikte op te los deur met die verlede af te reken en om, veral met betrekking tot ’n sosiopolitieke toekoms, opnuut te begin.”
(Roos, 2006:74)

Betrokkenheid van die werklikheidskonteks as die diskoers van tekste – hier ter sprake gebeure rondom die Waarheid-en-versoeningskommissie – word dus afgelees in verskeie prosatekste wat gedurende hierdie tyd gepubliseer word – die tendens waarna Van Coller (1997:13) verwys as ’n “Waarheidskommissie in die klein”, wat saamval met gebeurlikhede binne die Suid-Afrikaanse konteks waar die ontbloting van die waarheid en die versoenende effek daarvan ook op verskeie ander vlakke in die maatskappy waargeneem word.

“Ondersoek word dus gedoen na vervloë gebeure en eras, wat lei tot die onthulling en ontdekking van nuwe feite of versweë boosheid, tot die belydenis van aandadigheid en skuld, en tot soeke na persoonlike en kollektiewe kwytskelding.”
(Roos, 2006:74)

Hierdie werklikheidskonteks word ook die diskoers van prosatekste – veral opvallend geskep deur vroue en prosatekste wat na 1997 verskyn. Veranderde sosiale omstandighede, oftewel ’n gedemokratiseerde sosiale bestel, maak dit nou

vir vroue moontlik om vanuit 'n veranderde nuwe rol (nie meer 'n veranderende een nie en duidelik nie slegs beperk tot die “kinders, kombuis en kerk” nie) binne die gesin en samelewing, literêr aktief deel te neem. “Onthulling en ontdekking van nuwe feite of versweë boosheid” selfs 'n “soeke na persoonlike en kollektiewe kwytskelding” ten opsigte van vroue in die voorheen minderwaardige posisie binne die patriargale verhouding, word dus ook deel van die diskoers in prosatekste geskep deur vroue.

Hiermee word aangesluit by die beeld van die resente Afrikaanse prosa soos vervat in die jongste geskiedskrywing, *Perspektief en profiel* (Van Coller, 2006) waar Henriëtte Roos (2006:43-104) perspektief bied op *Die Afrikaanse prosa 1997 tot 2002* en met spesifieke verwysing na die teenwoordigheid van postkolonialisme as uitvloeisel van die sosiopolitieke verandering binne die nuwe Suid-Afrika. Verskeie vroueskrywers – sommige bekend, ander minder bekend – en waarskynlik nie deur sodanige literêre tekste geklassifiseer nie, ontbloom nuwe waarhede deur die gebruikmaking van die historiese roman of ook gesien as fiksie teen 'n historiese agtergrond (kyk 4.1).

Enkele voorbeelde van sodanige vertellings of verhale wat tydens dié navorsing na vore kom, is *Pieterella van die Kaap* (2000) van Dalene Matthee, wat deur 'n subtitel kortliks beskryf word as die “merkwaardige verhaal van twee vroue”, Pieterella en Eva-Krotoa “wat in twee wêreldes leef” (kyk Burger, 2000:1); *Anna dogter van Engela van Bengale* (2004), die “tekstuurryke verhaal” wat “dring tot in die brandpunt van Anna de Koning se bestaan” deur Therese Benade; *Martha: 'n verhaal oor Martha Solomons, Countess of Stamford* deur Winnie Rust (2004), eintlik 'n “eenvoudige vrou” en die dogter van 'n vrygestelde slaaf. Hierby kan die onlangse roman *Kroes* (2005) van Pat Stamatélo gevoeg word, waar “hierdie storie 'n aangrypende beeld van die apartheidsjare” (Pakendorf, 2006:4) vertel, maar veral die verhaal van 'n vrou wat nóg wit nóg bruin is.

Deur die toedoen van hierdie tekste word intertekstualiteit enersyds geskep deurdat vroue van die verlede en/of hul historiese werklikheidskonteks en narratiewe vertelling vanuit 'n hedendaagse perspektief vertel word, asof “die herbesoek aan gebeure van die verlede intens verweef is met die belewenis van die hede” (Roos, 2006:78). Deur die “narratiewe vertelling” as diskoers vind nie net “fiksionalisering van die geskiedenis” (Van Coller, 1995:198) plaas nie, maar ook 'n soeke na kulturele identiteit, wat genoemde tekste as postkoloniale tekste met mekaar in

verband bring. Dat hierdie slegs 'n verbygaande tendens is, is onwaarskynlik, veral aangesien daar moontlik nóg meer as eeue se onvertelde stories of onvertelde “soeke na kulturele identiteit” – veral dan binne 'n demokratiese, diverse samelewing – is wat wag om vertel te word.

“My ma sê elke mens het iets om te vertel.”
(Joubert, 2002:10)

Ironies genoeg verskyn die herdrukke uitgawe van *The Story of an African Farm* (2004) tesame met die rolprentweergawe hiervan gedurende Oktober 2004 – “based on the acclaimed novel by Olive Schreiner”. Alhoewel 'n “Afrikaner”-verhaal (kyk 3.5) deur die medium van Engels vertel, word hierdie herdrukke uitgawe van *The Story of an African Farm* (Schreiner: 2004) “fiksie teen 'n historiese agtergrond”. Opvallend, kom die navorser tot die gevolgtrekking dat hierdie tekste (spesifiek bogenoemdes) nie net verhale rondom die verlede van vroue van die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nie; word dit nie slegs vanuit die perspektief van 'n vrou wat ook (moontlik) deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis was of kon wees, vertel nie; maar kom die impak van die sosiologiese omstandighede van die tyd waarin die vrou geleef het, op die lewe van die vrou, haar vrouwees (binne die patriargale bestel van daardie periode) na vore – die feit dat daar soveel is om te vertel, maar dat die sosiologiese omstandighede van dié tyd dit nie toelaat nie of veral dan in 'n koloniale tydperk toegelaat het nie.

Schreiner (1983) se versugting: “*The difficulty is not to speak; the difficulty is to keep silence*”, wás feitlik die versugting van die totale vroulike geslag skrywers as deelsisteen' van die (Suid-) Afrikaanse literatuursisteen, tot op hede. Intertekstualiteit hoofsaaklik as gevolg van die homogeniteit van vrouwees en haar menswees in totaliteit (en ook hoe beperkend of inperkend dit veral binne 'n patriargale verhouding was), is nou ontbloot. Die “waarheid” kom na vore, 'n nuwe waarheid wat eintlik tussen vroue van die hede en selfs met vroue van die verlede dus gedeel is.

Waar daar tans binne 'n demokratiese samelewing deur vroue gestreef word na die erkenning van almal se menswaardigheid, en waar dit gaan om menseregte (en nie noodwendig om vroueregte nie), verkry tekste soos die bogenoemdes 'n terapeutiese waarde by die lees en interpretasie daarvan. Aspekte rakende die vrouwees van vroue uit vroeëre eras van die Suid-Afrikaanse geskiedenis (kyk 4.1) word dus ge-“uit” deur “die postkoloniale diskoers (wat) 'n aanduiding gee van hoe

aktueel die verwikkelde en problematiese verhouding tussen die verlede en die hede steeds binne die Afrikaanse prosa is” (Roos, 2006:57). By die herlees van hierdie teks van Schreiner is dit asof die teks wat meer as honderd jaar gelede as ’n koloniale teks beskryf kon word, nou postkoloniale waarde verkry.

Roos (1998) gaan van die standpunt uit dat feministiese uitsprake “eerder deur ’n manier van lees en interpretasie van, as deur uitsprake in die teks” (Roos, 1998:102) na vore kom. Schreiner (1883) “uit” deur die hoofkarakter Lyndall in *The Story of an African Farm*:

“It is not what is done to us, but what is made of us.”
(Schreiner, 2004:17, die herdrukte uitgawe)

Dido (1997) “uit” die storie van (baie Suid-Afrikaanse vroue) deur Bernie, die hoofkarakter in *Rugdraai en stilbly*, wat na vele vorms van fisiese aanranding binne die huwelik, magteloos en minderwaardig as mens voel. Die mens en vrae rondom sy menswees, sy “identiteitskrisis” vorm volgens Renders (1994) veral gedurende die negentigerjare die grootste gedeelte van die hedendaagse Afrikaanse prosa en word hoofsaaklik bepaal deur die sosiologiese of sosiopolitieke omstandighede van die tyd. Hierteenoor is die postkoloniale diskoers soos dit voorkom in die genoemde prosateks *Rugdraai en stilbly* (en selfs *Hanna*) waarskynlik nie suiwer polities van aard nie, maar toon dit duidelike kenmerke van ’n spesifieke sosiologiese bestel (Roos, 2006:59).

“Desnieteenstaande is hierdie werk nie minder polities nie – feministe glo immers al dekades lank die private (persoonlike) is net so ’n integrale deel van die politiek as die openbare sfeer!”
(Scheepers, 1998:44)

Antwoorde op “(v)rae rondom identiteit” is nie altyd in die politiek te vind nie en is dit so dat “vrae rondom identiteit inderdaad veel verder en breër as slegs politieke kwessies reik” (Roos, 2006:59). Dat die sosiologiese omstandighede van die tyd bepalend is vir die diskoers (kolonialisties óf postkolonialisties) rondom die posisie van die vrou binne die patriargie, kan duidelik afgelees word van die sosiologiese omstandighede geldend by die ontvangs van sodanige teks. Wanneer Lyndall se woorde (verwys na bogenoemde aanhaling uit *The Story of an African Farm*) vergelyk word met dit wat deur Frieda, die hoofkarakter van *Facials op ’n vliegtuig* (2003) deur Regina Kemp ge-“uit” word, kom ondanks die verskillende sosiologiese

omstandighede, intertekstualiteit tot stand soos meegebring deur dieselfde ideologiese voorveronderstellings wat daarin vervat is (kyk 3.5).

“Ek haat mans. Nie omdat ek verkrag is of iets dergeliks nie. Ek gee maar gewoon oor. Nee, ek is ’n feminis om ’n veel eenvoudiger rede. Ek het nie van beter geweet nie.

“Toe word ek ’n vrou. Maar dit is die einde van die storie. So om dit enigins oor te vertel, sal ek moet verduidelik wat ek was.

“En dit het ek ook geweet.

“Al wat ek geweet het, is hoe ek moet lyk en wat ek moet hê. Maar dit het ek ook nie self uitgedink nie. Nee, daarvoor is ek te Afrikaans. Die dinkwerk het ek oorgelaat aan Huisgenoot, Hollywood en die Calviniste.”
(Kemp, 2003:7)

Alhoewel hierdie “speelse boek” (*Facials op ’n vliegtuig* (2003) deur Regina Kemp) gesien word as “ligter as spookasem”, word tog besef dat dit ’n “swaarwigtige tema” dra (Parker, 2003:196). Waar daar met hierdie resepsie-onderzoek gepoog is om die posisie-inname van vroueskrywers in die literatuursisteem van Afrikaans te bepaal, word dit duidelik dat vroue nou binne ’n demokratiese samelewing geleentheid kry om deur middel van “postkoloniale tekste” uiting te gee aan waarhede wat vir meer as ’n eeu lank nie noodwendig verswyg was nie, maar “gesmeek het om gehoor te word”. Deur die proses is versoening met hul vrouwees as deel van hul menswees moontlik gemaak. Ook binne die Afrikaanse literatuursisteem is sodanige bevryding vir vroue nou moontlik.

Die sosiologiese impak van sosiopolitieke gebeure, veral as gevolg van die verandering van magstrukture, word op die voorgrond geplaas, ook by die bestudering of tydens wetenskapbeoefening van literatuur en dit opsigself – die toepassing van literatuursosiologie – word aan die einde van die twintigste eeu en met die oorgang na die nuwe millennium kenmerkend van die literatuursisteem van Afrikaans. Hierdie studie: “die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon”, sou as direkte uitvloeisel van dié tendens gesien kon word, want “letterkunde se dinamiese verhouding met die werklikheid” word as die “één faset (wat) tog baie duidelik opval” veral na 1997, aangedui (Roos, 2006:44).

Alhoewel Van Coller (1995) die postmodernisme as die steeds teenwoordige literêre merker met die tweedelige artikel “Tussen nostalgie en parodie” gedurende die negentigerjare aandui, word dit duidelik dat “die huidige literatuurwetenskaplike

benadering ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde 'n sterk kontekstuele en komparatistiese gerigtheid het" (Van Coller, 2006:x). Ook die teoretisering binne die Afrikaanse sisteem pas hierby aan, want "(i)n geval van die Afrikaanse letterkunde lyk dit inderdaad asof die postkolonialisme 'n heterogene kategorie is, voortdurend in die proses van verandering en steeds besig om sy eie definisie te herskryf" (Viljoen, 1996:164). Hiërargiseringpatrone vertoon 'n dualiteit met die postmodernisme aan die een kant en die postkoloniale tendens aan die ander kant. Albei konsepte vertoon 'n oopheid of ontvanklikheid vir verskillende opvattinge en wil dit inderwaarheid voorkom of die literariteit van tekste of die literêre van dié periode polifonies van aard word. Ook vanuit die literêre veld as sodanig, word pogings aangewend om voorheen benadeeldes/gemarginaliseerdes (wat vroue insluit) by die intersistemiese diskoers te akkommodeer. Nie net dien dit as 'n verdere regstellende aksie nie, maar ook as die ontbloting van waarheid ter wille van versoening. Die gebruikmaking van én die erkenning van postkoloniale tekste veronderstel wel ook tekste deur, van en oor die gemarginaliseerdes van die verlede, wat (enersyds) nie voorveronderstel dat dié tekste van literêre waarde is nie, terwyl dit (andersyds) ook van literêre waarde geag kan word.

Wanneer Scheepers (1998) van die standpunt uitgaan dat Dido se tekste "sosiaal van veel groter betekenis (is) as wat in hoge literêre kringe erken sal word", word die hantering van evaluering of selfs die toepassing van literatuurkritiek gedurende hierdie periode goed geïllustreer deurdat Dido se werk 'n tipiese voorbeeld daarvan word (Scheepers, 1998:45).

"In die evaluering van Dido en ander nie-wit Afrikaanse skrywers wat die prosa-arena betree, sal daar moontlik ander maatstawwe moet dien as dié wat op die gekanoniseerde werke van toepassing is, bloot reeds omdat hulle met hulle werk dikwels poog om 'n ander lesersgroep te bereik – 'n feit wat bepalend is betreffende die aard van die werk, die inhoud daarvan, die taal, stilering en strukturering."
(De Villiers, 2006:291)

Gedurende die negentigerjare word daar deur middel van 'n sosiologiese benadering gekyk na die sosiopolitieke situasie waar "die huidige omstandighede van konflik en onsekerheid" en die individu se twyfel oor wie en wat hy of sy is, deel word van elke mens se daaglikse bestaan. Om 'n identiteitskrisis te ervaar word die "gewone" vir die "gewone mens". Roos (2006) identifiseer die "krisis rondom identiteit (wat) as literêre tema" en sien dat dit "oorheers". Die "gewone mens" word nie net

deel van dit waaroor geskryf word deurdat die “fokus op die gewone mens binne die besondere ervaring van wat ‘gewoon’ is in ’n postkoloniale Suid-Afrikaanse samelewing” in prosatekste voorkom nie, maar die gewone mens word by die onmiddellike aktiwiteite van literatuurkritiek betrek (kyk 3.2 & 6.1). Deur aandeel te kan hê in die “kuberruimte” word dit vir die ‘gewone mens moontlik om ook hekwagters te wees wanneer hulle met die toegang tot internet deel word van “vrae rondom literêre gehalte en hiërargieë”. Sodoende word “die privaatwêreld van die letterkunde” deel van die globale dorp en dus ons huidige samelewing (kyk Roos, 2006:56-81).

“Terwyl die vitaliteit van die postmodernisme as dominante tendens in die letterkunde debatteerbaar is, word dit klaarblyklik deur gewone mense in hulle persepsies van ’n gefragmenteerde werklikheid en ’n polifonie van menings, aldag intens beleef.”

(Roos, 2006:45; kyk ook Foster, 2002; Van Vuuren, 1999:250-255)

Vanuit akademiese kringe word ook pogings aangewend om erkenning te gee aan die behoeftes van die lesers as verbruikers waar Elize Botha (2001:74) die “programmatiese uitbou van ’n leeskuiluur” aanmoedig. Wanneer Van Coller (2006:x) in die voorwoord tot die jongste *Perspektief en profiel* (3) van die standpunt uitgaan dat “(d)ie polifoniese aard van hierdie literatuurgeskiedenis (...) derhalwe (inhou) dat selfs verskillende interpretasies en waardeskattings oor ’n teks of skrywer naas mekaar mag voorkom”, word bevestig dat geskiedskrywings vandag wel meerstemmig van aard is (kyk 3.4).

Die “stortvloed” prosatekste deur vroue wat sedert die laat tagtigs voorkom, word nou aanvaar as ’n normale tendens (en nie meer slegs ’n verskynsel nie) binne die Afrikaanse literatuursisteem. So ook die feit dat vroueskrywers met die aanvang van die een-en-twintigste eeu debuteer en nuwe prosatekste publiseer sonder om bedreig te voel binne die literatuursisteem (kyk Roos, 2006:62). Wat egter hieruit mag voortvloei, is die sogenaamde “groot en klein letterkunde”. Volgens Coetzee (2002:162) kan dit tot gevolg hê “dat die toepassing van binêre opposisies wat lei tot ’n hiërargiese verhouding in die evaluering van literêre werke, verbreek sal moet word in ’n dinamiese en verrykende heen-en-weer beweging – ’n hibridisering – tussen byvoorbeeld literatuur en lektuur; die ‘hoëre’ en die ‘laere’; die Westerse en die inheemse”.

“Die huidige poging om opnuut ’n Suid-Afrikaanse nasionale literatuur te definieer as versiering vir die nuwe Suid-Afrikaanse nasie, toon duidelik aan watter beherende rol die idee van ’n nasie speel, terwyl tendense van globalisering, multikulturaliteit en moderne informasietegnologie die grense van ’n nasie andersyds al hoe meer problematies maak.”
(Van der Merwe & Viljoen, 1998:170)

As gevolg van globalisering het “sosiale verskuiwings soms bliksemsnel” plaasgevind. Globalisering en die invloed daarvan op die Suid-Afrikaanse samelewing het veral sedert 1999 met Mbeki se oorname by Mandela duidelike afmetings begin toon. As deel van ’n “globale situasie van transformasie en onsekerheid” word druk geplaas op tradisionele hiërargieë, ook die binne die patriargale verhouding, dat geslagsdominansie vervang moet word met geslagsgelykheid. Binne die sosiale bestel word hierdie magsverandering ook as “dié oomblik van waarheid” ervaar en kenmerk dit die sosiopolitieke werklikheid. Asof in ’n teenreaksie (waarskynlik teen die stortvloed vrouetekste) word ’n groot aantal prosatekste gedurende die negentigerjare deur mans geproduseer, maar spesifiek tekste met ’n “identiteit geskoei op die besit van mag en die vermoë tot dominansie” (Roos, 2006:63; kyk ook 4.4).

Binne die literatuursisteem van Afrikaans kan hierdie verskynsel gesien word as ’n direkte gevolg van magsverandering soos meegebring deur die veranderende sosiopolitieke gebeure na 1996. Visagie (2001) dui aan dat daar nou “ook in die nuwe postkoloniale era rondom manlikheid egter identiteitsvraagstukke na vore gekom (het) wat waarskynlik meer direk uit ’n veranderende sosiopolitieke aktualiteit spruit. Magsverlies in terme van sowel politieke as geslagsrolle en die vraag na die persoonlike en kollektiewe skuld aan die vergrype van die apartheidsera ondermyn die stereotipiese persepsies van manlikheid en kompliseer die geykte aannames omtrent wie slagoffer en wie gewelddenaar is.”

Renders (2003) beskryf hierdie verskynsel as ’n “manlike teenoffensief” om ’n nuwe vorm van marginalisering hok te slaan. Wanneer meerstemmigheid ook deel word van die bepaling van die literariteit van ’n teks, gebeur dit dat met “(d)ie uitbreiding van literêre grense (...) die ondermyning van tradisionele kategorieë en dominansie”, maar ook “nuwe gebiede van marginalisering openbaar” word.

“Die uitbreiding van literêre grense betrek vandag dus sowel die ondermyning van tradisionele kategorieë van dominansie as wat dit nuwe gebiede van marginalisering openbaar.”
(Roos, 2006:63)

Of die verskyning van “manlike prosatekste” of prosatekste met ’n manlike diskoers en spesifiek dié gegrond op die grensoorloë van die tagtigerjare wat gedurende die laat negentigerjare verskyn, deel van sodanige teenoffensief vorm of nie, vind dit binne ’n postkoloniale benadering plaas deurdat die “onderliggende boodskap” van hierdie grensliteratuur “nou een is van heling deur herinnering” (kyk Van Coller, 1999b:28-29):

“Die oorlog is beëindig, maar die naweë daarvan duur voort.”
(Roos, 2006:79)

Alhoewel 1999 as jaartal die beëindiging van die koloniale era aandui en daar algemeen aanvaar word dat kolonialisme vir die Suid-Afrikaanse samelewing iets van die verlede is, toon hierdie resepsie-onderzoek dat die “naweë daarvan voortduur” in die postkoloniale teks. Wanneer daar ’n verband gelê word tussen tekste wat die leser as die sfeer van die manlike ervarings kan interpreteer en die hedendaagse ondermyning van die patriargale stelsel, met ander woorde, die ondermyning van die gesag van die man as die dominante geslag in die huis, die huwelik, die werkplek en selfs die staat, kan soveel so aanvaar word dat die tekste wat die leser as die sfeer van die vroulike ervarings kan interpreteer, soos die ondersoek bewys die afgelope honderd jaar en meer voorgekom het, wel die gevolg van die vrou se minderwaardige posisie binne die patriargale stelsel was (kyk Visagie, 2001:154).

Dit is dus wel met “(v)erkenning, innovasie, ontvoogding, bevryding – in die proses van die losmaak van ou bande” dat die Afrikaanse literatuursisteem en spesifiek “die Afrikaanse prosa aan die einde van die twintigste eeu in Suid-Afrika ’n letterkundige area (...) waarvan die verwysingsveld, die grens en die verwagtings uitdagend nuut en oop vorentoe lê”, betree (Roos, 1998:112). Waar vroue feitlik ’n eeu lank hulle tradisioneel op die rand van die Afrikaanse kanon bevind het, word die prominente posisie-inname van vroue in die Afrikaanse literatuursisteem met die versoening van die “waarheid” bevestig. Ironies genoeg, is dit juis dié vrou wat reeds sedert die einde van die sestigs maar veral gedurende die sewentigerjare daadwerklike emansipasie van die vrou binne die literêre sisteem in werking bring, wat ook die demokratiese posisie van die vrou in die Afrikaanse literatuursisteem vir die toekoms ook deur hierdie resepsie-onderzoek as deel van dié navorsing bevestig.

Van Coller (1998) dui aan hoe Joubert met *Die reise van Isobelle* (1995) in gesprek tree met manlike skrywers uit ’n vroeëre periode wat die tradisionele Afrikaner-ideologie voorgestaan het. Daar word aangedui dat Joubert hiermee eintlik

'n "(post-kolonialistiese) antwoord op haar eie werk (bied) eerder as net op die manlike chauvinisme van Sangiro". Sodoende word die beskrywing van 'n "ou sterwende man" in die teks die "versinnebeeld(ing) (van) die sterwe van die ou blanke, manlik-chauvinistiese orde".

"In *Die reise van Isobelle* word ook gepraat van 'ons' land, maar dan veel eerder as inklusiewe begrip (nie meer net die blanke s'n alleen nie); ook verdwyn die patriargale ('neefs en ooms', p. 126) en vroue staan nou voorop (p. 616)."
(Van Coller, 1998:61)

Hierdie verskynsel word vandag in die literatuursisteem van Afrikaans weerspieël. Daar is bewys dat "(d)ie skrywersgroep wat hulle tradisioneel op die rand van die Afrikaanse kanon bevind het", vroue was. Van Niekerk (1999) kom "tot die slotsom dat vroue lank reeds 'n groot bydrae tot die ontwikkeling en groei van die Afrikaanse letterkunde gelewer het en selfs meer produktief as mans is. Maar "(b)aië vroueskrywers van formaat verdwyn uit die literêre geheue omdat hulle (...) nie prominent figureer in literêre studies nie". Aan die einde van die twintigste eeu en met die oorgang na die nuwe millennium, word dit duidelik dat die posisie van die vroulike geslag as deel van die intersistemiese diskoers, radikaal verander het:

"Met die toekenning van die Hertzogprys vir prosa aan Elsa Joubert in 1998 word waarskynlik nie slegs die oeuvre van hierdie doyenne eksplisiet gekanoniseer nie, maar kan die prys ook gesien word as erkenning van die innoverende, verruimende en prominente rol van vroueskrywers vandag." (Roos, 2006:60)

"(A)angedryf deur 'n sosiologiese belangstelling" bereik Elsa Joubert dus die hoogste mate van erkenning en literêre prestige binne die Afrikaanse literatuursisteem (kyk Van der Berg, 1993 & Van Coller, 1998). Hiermee verteenwoordig sy ook die vroulike geslag as deelsisteem van die Afrikaanse literatuursisteem en kan haar postkolonialistiese aanslag gesien word as teenvoeter van kolonialisme. Verder kan dit gesien word as 'n skuldbelydenis aan die een kant, maar terselfdertyd ook 'n ontbloting van die waarheid aan die ander kant.

Deur hierdie ondersoek word bevestig dat marginalisering binne die Afrikaanse literatuursisteem die direkte gevolg van sosiopolitieke gebeure in die verlede was. Daar moet dus tot die gevolgtrekking gekom word dat:

"The canons of criticism that bear upon the one cut cruelly upon the other."
(Iron, 2004:23)

HOOFSTUK 5

LITERÊRE PRESTIGE:

DIE GEVAL ELEANOR BAKER

'n Kontekstuele analise

5.1 BIOGRAFIESE NOTAS OOR ELEANOR BAKER

“Eleanor Elizabeth Liebenberg is op 21 Augustus 1944 gebore. Saam met drie susters en 'n broer word sy groot op 'n kleinhoewe buite Pretoria. Sy matrikuleer in 1961 aan die Hoërskool F.H. Odendaal. Nadat sy aanvanklik musiek studeer het, verwerf sy in 1968 aan die Universiteit van Pretoria 'n MA-graad in Afrikaans *cum laude*.

“Sy trou in 1969 met Walter Baker, 'n beroepsdiplomaat, en die gesin woon sewentien jaar lank oorsee – in stede soos Teheran, Den Haag, Montreal en Brussel.

“Haar interessantste en opwindendste verblyf in die buiteland was die net meer as drie jaar in Teheran (Iran) van 1975 tot 1979. Oor hierdie tydperk verskyn haar *As 'n pou kon vlieg, 'n verblyfboek oor Teheran* in 1980. Dit was net vóór die revolusie, Teheran het verander in 'n opstandige stad, 'n hele leefwyse is bedreig en alles het opgeraak: melk, vleis, petrol, gas. Baker het egter verknog geraak aan die stad en het selfs die inheemse taal, Farsi, vlot leer praat. Sy het uiteindelik die laaste vliegtuig gehaal voordat die lughawe gesluit is en haar tweede kind, Christine, is kort na haar terugkoms in Pretoria gebore.

“In 2000 keer Baker saam met haar man en twee kinders finaal terug na Suid-Afrika. Hulle vestig hulle op Klein-Brakrivier aan die Kaapse suidkus, en sy wy haar voltyds aan skryfwerk. In 2002 sterf Eleanor Baker op die ouderdom van 57 aan kanker.

“*Weerkaatsings* (1984) is haar bekendste roman en is bekroon met die Kaaplandse Helpmekaar-FAK-prys. Dit is in Engels (*Reflections*) vertaal, asook in Sweeds, Fins, Deens en Hebreeus. Haar ander boeke sluit in: *Wêreld sonder einde* (1972), *Splinterspel* (1973), *Mørketiden* (1975), *Monica* (1978), *As 'n pou kon vlieg* (1980), *'n Geslote boek* (1981),

Dossier van 'n gyseling (1985), *Die kwart-voor-sewe-lelie* (1988), *In die middel van die Karoo* (1991), *Die nes* (1993), *Verbeelde werklikheid* (1996), *Groot duiwels dood* (1998), *'n Ou begin* (2001) en *Die ander Marta* (2002).

“In 1992 het sy die Scheepersprys vir jeuglektuur gewen vir *Daar is spore op die maan*. Sy het ook twee TV-dramas geskryf: *En toe kom Wynand* en *Dooiehout*. Onder die skuilnaam Christine le Roux het sy 'n hele aantal ligte liefdesverhale geskryf, en onder die naam Alex Muller het sy vyf speurromans gepubliseer.

“Alhoewel Baker nie sogenaamde ‘betrokke’ romans geskryf het nie en selde uitsprake in die openbaar gemaak het oor politieke kwessies, getuig haar werk wel van sosiaal-politieke bewustheid. *Die kwart-voor-sewe-lelie* (1988) lewer indirek kommentaar op rassevooroordel.

“Tydens 'n 1986-onderhoud met Louis Krüger blyk haar siening omtrent apartheidstrukture en die posisie van die vrou duidelik: ‘Apartheid is 'n masjien wat verander moet word – jy hoor hom eintlik al kraak. In die toekoms sien ek 'n Suid-Afrika met regverdigheid en gelykwaardigheid vir alle mense. Die land hoef nie afgebrand te word om dit reg te kry nie. Dis nie nodig dat ons op wette en regulasies moet wag nie; ons moet leer lief raak vir mekaar. As skrywer oor menseverhoudinge is dit vir my belangrik dat mense hulle met mekaar moet versoen. Dis op dié vlak dat die eintlike stryd gevoer word.’ Baker het ook geglo dat die vrou se mindere posisie in Suid-Afrika dikwels haar eie skuld is: ‘... sy klou aan haar tradisionele rol en kan nie verby haar grense kyk nie.’”

(Uit leesgids in Baker, 2008:253-254).

Hieruit word dit duidelik dat Baker 'n spesifieke standpunt ten opsigte van die sosiopolitieke aspekte van die mens en meer spesifiek die Suid-Afrikaner binne die Suid-Afrikaanse konteks gehad het. Haar oeuvre val saam met die postmodernisme en haar werk het wel kenmerke daarvan bevat, maar sy is veral onderskat as gevolg van haar warsheid van politieke betrokkenheid.

“Ek het êrens gelees dat iemand sê dat dit vandag die Afrikaanse skrywer se plig is om aandag te gee aan die groot probleem van ons tyd – die wit-swart-verhouding. Maar al gee ek dit toe, kan ek nie daarvoor skryf nie. Ek voel my aangetrokke om oor maatskaplike en menslike probleme te skryf.” (Baker in Scholtz, 1974:4)

Baker verkies om oor “(d)ie lotgeval van die individu ... as gevolg van die vervreemding wat daar tussen die mens en die wêreld rondom hom kom” te skryf (Scholtz, 1992:437). Deur te skryf wou sy graag hierdie wêreldbeskouing aan die wêreld oordra. Uit feitlik al haar tekste word dit egter duidelik dat haar gevoel en waarskynlik grootste vrees was: “(n)iemand het nog ooit na my geluister nie” (Baker, 1988:1).

Hierdie uiting, dat “(n)iemand het nog ooit na (haar wou) geluister (het) nie”, is ook die aanvangsin van Baker se teks *Die kwart-voor-sewe-lelie* (1988). Hierdie teks (Baker 2008) is vanaf 2009 een van die werke wat in die letterkundekomponent van Afrikaans Huistaal vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (Graad 12-) eksamen bestudeer kan word en word as sodanig deur duisende Suid-Afrikaanse leerders as lesers gelees.

Alhoewel hierdie teks saam met verskeie ander van Baker se tekste (soos hierbo aangedui) reeds sowat twintig jaar gelede verskyn het, gebeur dit nou 'n geruime tyd later dat 'n vorm van “literêre waarde” daaraan toegedig word. Uit die resepsie-ondersoek, soos ook tydens die voorafstudie gedoen, word dit duidelik dat Baker as 'n sprekende voorbeeld van 'n miskende vroueskrywer binne die Afrikaanse literatuursisteem beskou kan word. Hierdie miskening het dit dikwels vir haar moeilik gemaak om haar “boodskap” oor te dra. Gedurende die tagtigerjare maak Brink (1986) reeds die volgende opmerking:

“Daar sal gebloos word oor dié skryfster.”
(Brink, 1986:15)

Met verontwaardiging word kommer deur Brink uitgespreek oor die optrede van die kritici as hekwagters binne die literêre veld van die tagtigerjare. Daar word ook gesuggereer of die moontlikheid gestel dat Baker die literêre prestige ontnem word wat haar eintlik toekom. Hierdie minagting het waarskynlik daartoe bygedra dat Baker óók gevoel het “(n)iemand het nog ooit regtig na my geluister nie”. Desondanks was “skryf” Baker se lewe en het sy dit tot haar dood as haar passie uitgeleef:

“Niks en niemand het nog ooit tussen my en my skryfwerk gekom nie. Dwarsdeur alles – kinders kry, verhuis, onthaal – het ek bly skryf. Ek moet skryf.”
(Baker in Beyers, 2000:61)

5.2 ASPEKTE RAKENDE DIE MARGINALISERING VAN DIE SKRYWER

“Dit is gewoon ’n skande: die manier waarop die kritiek besig is om, bedoeld of onbedoeld, Eleanor Baker dood te swyg.”
(Brink, 1986:15)

Volgens die “vierhoekige meganisme van intersistemiese diskoers” (kyk 3.4 & 3.5) sou die marginalisering van Baker veronderstel dat dit wat sy deur haar skryf-werk “gesê” het, “onaanvaarbaar” was of dat die manier waarop sy dit gesê het, op daardie tydstip onaanvaarbaar was. Daarom het haar werk dikwels “buite” die grense geval van die literatuur wat op ’n spesifieke tydstip as gekanoniseerde literatuur beskou was. Willemse (1999:9) wys op “(d)rie sferes” wat met die konstruksie van Afrikaanse letterkunde op die rand uitgestoot is, naamlik:

- die “literatuur van marginale sosiale groeperinge”, waar die vroulike geslag hier as die gemarginaliseerde in die patriargale verhouding bewys is (kyk hoofstuk 4);
- “populêre literatuur”, waarby sowat vyf-en-dertig werke uit die pen van Baker tuishoort (kyk Van Zyl, 2006:201);
- “die Afrikaanse mondelingse tradisie” (Willemse, 1999:4), waarby Baker nie betrokke was nie en hierdie “sfeer” dus nie op dié studie van toepassing is nie.

Die miskenning as skryfster en die gepaardgaande marginalisering sou dus veronderstel dat Baker se werk as deel van die buite-kanonieke literatuur beskou is. Dit kon dus inhou dat die resepsie van haar werk of tekste eerstens plaasgevind het vanuit ’n gestereotipeerde persepsie rakende haar vroulike geslag (kyk 3.5) en tweedens, dat haar keuse om ook tekste aan die populêre lesersmark te rig, moontlik haar aansien binne die literêre veld kon benadeel. Die marginalisering of miskenning van Baker en die bewustheid dat haar werk ook “dikwels gemarginaliseer” of “waarskynlik onbevredigend gekanoniseer is in die meeste geskrewe letterkundes en opgetekende literêre geskiedenis” (Van Niekerk, 1999:305), sou dus uitsluitlik binne dié “sfeer” van vroueskrywers as sosiale groepering of van populêre leesstof as nie-kanonieke literatuur plaasvind. Baker stel haar egter aan ’n mate van dubbele marginalisering bloot omdat “(v)roueskrywers (...) deur geskiedskrywers en kritici konvensioneel as populêre skrywers gekategoriseer” is (Roos, 1998:106; kyk ook hoofstuk 4).

Met die publikasie van *Perspektief en profiel 1* (1998), *Perspektief en profiel 2* (1999) en *Perspektief en profiel 3* (2006) word daar wel pogings aangewend om die

nodige regstellings of herwaardering van dit wat as buite-kanonieke aktiwiteite beskou is, te maak en wel deur die daarstelling van 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis wat “polifonies van aard is” (Van Coller, 2006:x). Baker word hierdeur geraak en as voorheen benadeelde (kyk 3.6) nou erken deurdat 'n profiel in deel 3 van dié literatuurgeskiedenis aan haar gewy word. Erkenning is wel in die monolitiese geskiedskrywing van Kannemeyer (1983) aan haar gegee deur 'n kort gedeelte aan haar af te staan. In sy 2005-uitgawe sluit Kannemeyer 'n meer oorsigtelike bespreking in wat op die inhoudelike van al die tekste in haar oeuvre gerig is (kyk Kannemeyer, 2005:443-447).

Alhoewel sy oor 'n tydperk van dertig jaar publiseer, word sy eers gedurende die laaste dekade as deel van uitgebreide besprekings in literatuurgeskiedskrywing(s) ingesluit. Roos (1998) noem haar veral as deel van die “stem van die hedendaagse vrou” (Roos, 1998:101-102) in *Perspektief en profiel 1* (1998), terwyl Van Niekerk (1999) in 'n kort bespreking (Van Niekerk, 1999:416-418) van vroueskrywers as gemarginaliseerde groepering in *Perspektief en profiel 2* (1999) 'n klein gedeelte aan haar wy. Dit is egter eers in *Perspektief en profiel 3* (2006) dat 'n volwaardige profiel aan haar afgestaan word (kyk Van Zyl, 2006:201-218).

Waar die toekenning van pryse dikwels ook 'n aanduiding van die literêre prestige is wat 'n skrywer geniet, wil dit voorkom of die toekennings wat Baker ontvang het, eerder gerig was op die ontspanningswaarde as op die literêre waarde van haar werk. Vir *Weerkaatsings* (1984) – bedoel as een van haar ernstige tekste – ontvang sy wel 'n toekenning, maar op grond van die ontspanningswaarde daarvan (kyk 5.1). In die Afrikaanse liefdesverhale-afdeling ontvang sy twee keer die Ela Spence-medalje: in 1995 vir *Die ontbrekende helfte* en in 1996 vir *Verskuilde liefde*. Vir een van haar jeugverhale, *Daar is spore op die maan* (1991), ontvang sy die Scheepersprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Binne die kanon vir jeugliteratuur tree sy wel in 'n mate op die voorgrond deurdat van haar jeugtekste op skool voorgeskryf word. Hierdie jeugtekste neem egter nie op daardie tydstip so 'n prominente plek in die voorgeskrewe sillabus in soos byvoorbeeld Dalene Matthee se “bos”-boeke nie (kyk 4.7). In die laat negentigerjare word *Verbeelde werklikheid* (1996) op die kortlys van die M-Net-boekprys – 'n prestigeliterêre prys – geplaas. Tot op hierdie stadium van haar skrywersloopbaan sou dit as haar grootste literêre prestasie beskou kon word.

Die polemie oor die term middelmoottliteratuur/triviaalliteratuur/goeie gewilde prosa sou kon verklaar waarom sy sedert die tagtigerjare verkies het om skuilname te gebruik vir die tekste wat sy nie as ernstige literatuur beskou het nie. Nogtans getuig heelwat van haar romans onder haar eie naam dat sy wel meer populêre konvensies bewustelik begin ontgin het. André P. Brink, wat veral in die tagtigerjare haar invloedrykste kampvegter was, het egter in dié periode die insig geopenbaar dat Baker juis as postmodernistiese skrywer binêre opposisies soos dié tussen die populêre en die ernstige ophef en dat digtheid kan “rym met gewildheid” (Brink, 1988:102; kyk ook Lourens, 1997:227-307).

“Met die gewilde en bekroonde *Weerkaatsings* (1984) bereik Baker se uitbuiting van populêre patrone en motiewe ’n hoogtepunt. Die roman verskyn onder haar eie naam, hoewel dit as oënskynlike liefdesverhaal met ’n gelukkige einde op die oog af eerder ’n Christine le Roux-tek is.” (Van Zyl, 2006:208)

Brink (1984:17) beskou *Weerkaatsings* as “een van die substielste prosawerke wat lank (sic) in Afrikaans verskyn het”. Hy beskryf dit egter ook as een van die mooiste, met ’n “baie-baie lekker storie”. Dit wil voorkom of haar beoefening van beide letterkunde en populêre literatuur aanleiding gegee het tot ’n verwarrende situasie rakende beide die resepsie/ontvangs van haar werk en haar posisionering as skrywer binne die literêre veld van die tyd (kyk 5.4).

Tog word dit ook duidelik dat Baker bewus was van die heersende literêre opvattinge wanneer sy haar werk op so ’n manier strategies klassifiseer.

“Sy was heilig op haar reputasie as ernstige skrywer en wou nie dat die ligter boeke haar reputasie skend nie.

“Dit het Eleanor ontstel dat byna elke roman onder die naam Eleanor Baker deur baie resensente gemeet of beskou is as middelmoot. En ja, by tye het sy haarself as misken beskou.”

(Baker, 2004:a & b)

Baker blyk ’n skrywer te wees wie se werk uit vele dimensies bestaan. Dit het egter tot resepsieprodukte gelei waarin daar voortdurend gedebatteer is oor die moontlike literêre waarde van haar werk – enersyds populêre werk en andersyds dié wat as literêr geag kon word. Dit het veroorsaak dat daar voortdurend ’n wolk van minderwaardigheid oor haar werk gehang het. Baker se werk is dikwels as middelmoottliteratuur bestempel. Op grond hiervan word sy onder andere deur Roos (1998:106) saam met GG- (goeie gewilde prosa-) skrywers gegroep:

“Die verhale van Eleanor Baker, Margaret Bakkes en Maretha Maartens, soos ook Dalene Matthee se jongste romans, is in die eerste plek ontspanningsverhale. Verhale waarin die tradisionele plek van en blik op die vrou in ’n groot mate bevestig word, maar verhale wat in elke geval goed gestruktureer en onderhoudend geskryf is.”

Terwyl sy as vroulike skrywer tot die vroulike geslag as gemarginaliseerde groepering behoort, word slegs een van haar tekste uit ’n manlike perspektief vertel. Hierdie sterk, duidelik afleesbare vroulike perspektief (kyk 5.4) is egter van sodanige aard dat dit in die sosiologiese bestel van die tyd of die verskillende periodes waarin sy geskryf het, moontlik vir sommige resensente aan onaanvaarbare feministiese denke kon grens. Of geslag bewustelik of onbewustelik verskans word of as deel van Baker se kulturele produksie voorkom, haar vroulike geslag bly ’n onveranderlike realiteit. Deur haar eie toedoen kon dit wel gebeur dat die etiket van “dames wat op ’n ongeërgde dons-maar-op-manier sentimentele toneeltjies aanmekaar ryg” om haar nek gehang word. Alhoewel haar “meer ernstige tekste” tog beskou word as “prosa waarin daar binne ’n goed gestruktureerde en sinvolle samehang oortuigend vertel word” (Roos, 1998:85), vertoon dié meer ernstige tekste steeds ’n sterk toeganklike aard. Dit is veral die feit dat sy self kies om ook populêre of ontspanningsliteratuur te skep wat haar waarskynlik by die kategorie van “dames wat op ’n ongeërgde dons-maar-op-manier sentimentele toneeltjies aanmekaar ryg” plaas (Schoonees, 1950:1; kyk ook 4.4, 4.5 & 5.4). Haar keuse vir die romanse, die liefdesverhaal, het haar dus gestigmatiseer omdat dit as “vrouestories” of verstrooiing gesien is.

Baker skryf in ’n tydperk wat deur veranderende sosiopolitieke omstandighede gekenmerk word (kyk 4.5 – 4.7). Daarby word haar sowat dertig jaar van aktiewe betrokkenheid by skryf – vanaf die sewentigerjare tot vroeg in die nuwe millennium – ook gekenmerk deur veranderende tendense rondom literêre merkers binne die Afrikaanse literatuursisteem. Gedurende hierdie periodes van verandering word ’n duidelike filosofiese oorgang of paradigmaskuif onder Afrikaanse skrywers aangetref – ’n wegbeweeg van die modernisme na die postmodernisme (kyk 4.6 – 4.9).

Baker word veral gedurende die tagtigerjare ’n tipiese slagoffer van resensente se onsekerheid ten opsigte van literêre merkers. In verskeie resensies word dit duidelik dat resensente sukkel om te onderskei tussen dit wat as die literêre kriteria van die periode geag word en dit wat daarbuite val. Met die ontvangs van *Weerkaatsings* (1984) verklaar Anna van Zyl dat “(d)ie boek (...) ’n illustrasie (is) van die stukkie literêre teorie dat (sic) die *hoe* en nie die *wat* nie, bepalend is vir ’n boek

se literêre waarde, met ander woorde 'n gewone liefdestema wat deur die skryfstyl en die strukturering, die inkyk in die mens en die opsom van menslike verhoudings, hom onderskei van onoortuigende verstrooiingsliteratuur en 'n lawwe liefdesverhaal" (Van Zyl, 1984:6). Resensies as resepsieprodukte na aanleiding van *Weerkaatsings* (1984) bevat seker een van die grootste debatte rakende die oorskryding van literêre grense binne die Afrikaanse literatuursisteem.

"Dit is nou al geruime tyd wat Afrikaanse kritici aan't strye is oor Eleanor Baker se posisie binne die prosa. Vir sommige is sy gewoon 'n 'populêre skrywer van damesromannetjies, terwyl ander van mening is dat haar tekste – veral *Weerkaatsings* – eerder postmodernistiese ekskursies is." (Hambidge, 1989:10)

Met die verskyning van hierdie teks verklaar Brink (1984) dat "Eleanor Baker (...), kort en klaar, een van die fynste romanskrywers in die jonger Afrikaanse literatuur" is, maar dat sy tot op daardie stadium van die literatourgeskiedenis "ook een van die mees miskende" skrywers binne die Afrikaanse literatuursisteem (Brink, 1984:17) was. Die teenwoordigheid van toeganklikheid maar óók diepgang plaas Baker in die middelpunt van besprekings ten opsigte van literêre prestige al dan nie.

Sedert die sestigerjare het N.P. van Wyk Louw die toon aangegee ten opsigte van in- en uitsluiting van die literêre kanon (kyk 3.2). In *Vernuwing van die prosa* (1961) dui Louw vier maniere van vernuwing aan: woordgebruik, tema, bou en wêreldbeskouing. Alhoewel Baker dit self duidelik maak dat sy haar nie aan literêre modes steur nie (kyk 1.2), was kriteria soos daargestel deur Van Wyk Louw as kanoniseerder 'n bepalende faktor ten opsigte van Baker se in- of uitsluiting van die literêre kanon.

"Die jong skrywer se aanvalle het min kans om te slaag indien daar niks in die plek gestel kan word van die voorgangers wat aangeval word nie. 'Vernuwing' in die een of ander vorm is derhalwe 'n vereiste van (...) 'n strewe na erkenning. Verder het (...) 'n skrywer ondersteuners nodig in sy beplande aanslag: ander herskrywers (byvoorbeeld kritici) wat óók die 'nuwe' aanhang." (Van Coller, 2006:247)

5.3 'N RESEPSIE-GESKIEDENIS VAN DIE SKRYWER

Eleanor Baker debuteer in 1972 met *Wêreld sonder einde*, die eerste van haar vyftien ernstiger werke. Hierdie teks is aanvanklik deur die uitgewer afgekeur. Slegs enkele resensies verskyn as resepsieprodukte na aanleiding van dié teks, maar dit word tog oorwegend met “gunstige kritiek ontvang”. *Splinterspel* (1974) en *Mørketiden* (1975) volg vinnig na *Wêreld sonder einde* (1972). In resensies wat hierna verskyn, lyk dit of dié tekste vanweë hulle vinnig opeenvolgende verskynings as ’n trilogie geresenseer en saam as haar debuut beskou word. In verskeie resensies word dit as sodanig hanteer (kyk Scholtz, 1974:4). Deur ’n vergelykende werkwyse te volg, identifiseer kritici swak punte wat in bykans al drie die tekste na vore kom. Negatiewe kritiek oor Baker se aanwending van karakterisering en haar taalgebruik staan voorop (kyk Azar-Luxton, 2003:14).

Hierdie kritiek vertoon ’n mate van dubbele standaarde. Terwyl karakterontwikkeling reeds met haar debuut as ’n uitstaande (positiewe) kenmerk van haar werk geïdentifiseer word, word daar terselfdertyd dikwels van die standpunt uitgegaan dat karakters in karikature en selfs sepie-agtige stereotipes ontaard (Van Zyl, 2006:203), en dat karakters net té onrealisties raak. Reeds in haar eerste teks word die een karakter (mev. Bildendyk) beskryf as te “dik aangeplak” (M.C., 1973), terwyl die uitbeelding van ’n ander karakter in dieselfde teks (Rocky) volgens resensente van sodanige aard is dat die teks wel “tot suiwer letterkunde” behoort:

“Die skryfster se deernis met haar karakters kom deurgaans, maar veral hier, tot suiwer letterkunde. Gedagtes word treffend vergestalt.”
(A.v.Z, 1973)

Baker se talent vir fyn karakterisering, wat as (eerste) “indruk van haar debuutboek” geskep word, word ’n uitstaande kenmerk van haar skrywersloopbaan (Van Zyl, 2006:203). Karakterisering vorm egter nie net deel van die struktuurering in die prosatekste van haar hele oeuvre nie, maar word (hierna) feitlik altyd as kriterium aangewend in die beoordeling van haar ernstiger prosatekste. Deur dikwels gebruik te maak van bisarre beeldingstegnieke of ’n “ontdekkingsreis in (die) menslike gees” (A.v.Z, 1975:3), skep Baker soms die indruk van ’n ingewikkelde teks. Sodanige karakterisering veroorsaak dat die tekste volgens resensente eerder gerig word “op die meer ernstige leser” (A.v.Z, 1975:3), veral omdat dit “leke-lesers in die duister kan dompel” (Johl, 1978:7; kyk ook 5.4). Negatiewe persepsies ten opsigte van

karakterisering kom egter ook na vore. Later in haar oeuvre skyn dit of resensente verwys na “dun karakterisering” (Grobler, 1989:2) of selfs dat “karakterverdieping” nie plaasvind nie (Eksteen, 1982:13). Sommige resensente is van mening dat van haar tekste “feitlik net uit dialoog” (Eksteen, 1982:13) bestaan. Hierdie opmerking sou weer veronderstel dat die teks eerder aan die leke-leser gerig word of dat dit as ligte ontspanningsleesstof gesien moet word en as gevolg van die karakterisering nie vir die ernstige lesers geskik is nie. Die oordeel volgens dubbele standaarde wat uit resensies na vore kom, was dus dikwels gegrond op die teenwoordigheid van sowel literêre as populêre merkers in een en dieselfde teks.

Aan die een kant veroorsaak die wyse waarop Baker karakterisering as deel van die betekenisstruktuur van haar tekste toepas dat sy ’n slagoffer van mistasting rakende die literêre waarde van haar tekste word. Aan die ander kant is dit juis debattering rakende karakterisering in haar tekste wat aanleiding gee tot verwarring ten opsigte van die literêre merkers van die periode (kyk 5.2). Hierdie verwarring dui volgens Brink (1984) op die onbevoegdheid van die resensente as kritici wat Baker se werk moes beoordeel. Brink (1984:17) verwys hierna as “modelstukke” wat hy kan gebruik om vir sy studente “te demonstreer hoe om NIE ’n roman te ontleed nie (in die mate waarin daar van ontleed hoegenaamd sprake is)”.

Aspekte rakende die taalgebruik in haar tekste vertoon ook ’n dualiteit wat haar tekste se aanspraak op literariteit kon verklein. Van Zyl (2006:215) plaas die skuld vir “die oorhaastige indruk en onafgerondhede”, met ander woorde, ook ’n beeld van ’n onafgewerkte teks, op die feit dat Baker geweldig produktief was (veral sedert die tagtigerjare); dat sy teenoor die normale skrywerstempo, geweldig vinnig ’n teks kon skryf en dikwels reeds met ’n volgende een begin het nog voordat die vorige een klaar was.

“(...) ek het nie inspirasie nodig nie, die stories stroom nimmereindigend deur my kop (...). Teen die tyd dat een boek so driekwart klaar is, raas die volgende storie klaar so hard dat ek ongeduldig word om daarmee te begin.”

(Baker in Azar-Luxton, 2003:14-15)

Omstredenheid rakende dit wat dikwels as swak taalgebruik en onnodige taalfoute beskou is, kom reeds in haar debuut na vore. Aanvanklik was die kritiek uitsluitlik op swak taalgebruik gerig. Alhoewel kriteria dikwels mag verskil, wil dit voorkom of dié verskillende opvattinge Baker tot nadeel kon strek. Die negatiewe beoordeling wat (oënskyklik) deur die loop van haar oeuvre voorkom, het blywende

gevolge gehad. Baker se taalgebruik word egter deur sommige resensente as 'n positiewe bydrae en as “skitterend” beskou. Ongelukkig gebeur dit telkens dat haar skryfstyl en taalgebruik ook beskryf word as stram en housterig, “soms boeikerig en uit pas met die karakters”, selfs as “onnatuurlike taalgebruik” (Van Zyl, 2006:203). Dit het waarskynlik daartoe aanleiding gegee dat die karakters nie altyd “oortuigend” (A.v.Z, 1974:26) oorkom nie. Selfs in die latere stadiums van haar skrywersloopbaan maak resensente dit duidelik dat daar “(t)e dikwels haper (...) aan taalgebruik” en dat dit veroorsaak dat 'n boek doodeenvoudig “met een woord” en dit is “beroerd” (J.L, 1985:15) beskryf word.

Alhoewel die uitgewers gewoonlik ook verantwoordelik gehou word vir spel-foute, taalfoute en selfs woorde wat, soos sommige resensente dit stel, nie sommer in die Afrikaanse woordeboek sou voorkom nie, word daar dikwels hiervan melding gemaak in resensies oor haar werk. Uitgebreide debattering oor hierdie aspek het veroorsaak dat onversorgde taalgebruik té dikwels voor Baker se kop gegooi is. Nie net wys resensente gedurig op “setfoute” (De Vries, 1975:19) of “hinderlike stilistiese mankemente” (Brink, 1975:15) nie, maar beskrywings van haar teks word deur uitdrukkings soos “ten spyte van tekortkominge” (Van Zyl, 2006:204) of “(n)ieteenstaande gebreke” (A.v.Z, 1974:26) te vroeg in haar loopbaan in te veel resensies aangetref. Ongeag die bestaan van sodanige taalfoute, kon 'n gekibbel oor die taalgebruik in haar tekste nie tot haar voordeel gestrek het nie.

Verder wil dit voorkom of Baker se keuse van uitgewer, naamlik Perskor-uitgewery, as uitgewers van al drie tekste – *Wêreld sonder einde* (1972), *Splinterspel* (1974) en *Mørketiden* (1975), wat saam as haar debuut dien – ook nie altyd haar reputasie bevorder het nie. Perskor het skynbaar die reputasie gehad van 'n uitgewery wat boeke nie goed versorg nie. De Vries (1975:19) meld pertinent dat “(o)ndanks setfoute (...), *Mørketiden* 'n mooi publikasie is, waarmee Perskor 'n slag gelukkigwens moet word”.

Veral in haar debuutteks(te) poog Baker oënskynlik om 'n gekompliseerde karakter te skep met woordkeuses of woordgebruik wat van so 'n aard is dat dit volgens resensente nie altyd in pas met die karakter(s) is nie. Dit gebeur reeds vroeg in haar loopbaan, veral met die gebruik van die titel *Mørketiden*, wat dit besonder vreemd op die oor val.

“Hoe purgerend dit ook al mag wees, 'n psigo-drama is nie sonder meer goeie woordkuns nie.”
(De Vries, 1975:19)

Weereens bestaan die moontlikheid dat Baker as skepper van haar tekste deur die gebruik van 'n spesifieke tipe woordeskat of gesofistikeerde taal, haar teks tot die ernstiger of selfs intelligenter leser wou rig en selfs op so 'n wyse "verdieping" (J.L, 1985:13) in haar tekste wou bring. Die vraag ontstaan of sodanige taalgebruik en selfs die tekens van Engels wat voorkom, nie moontlik te doen kon hê met die werklikheid waaraan sy op daardie stadium van haar lewe blootgestel was nie. Het Baker baie Engels gebruik vanweë haar man se werk? Kan dit nie verklaar waarom sy met praattaal gesukkel het nie? Ook dit word in 'n mate 'n altyd teenwoordige of blywende negatiewe persepsie omtrent Baker wat in latere resensies telkens na vore kom, soos met die verskyning van *Dossier van 'n gyseling* (1985).

"Eleanor Baker se voorliefde vir hoë (sic!) woorde is egter steeds daar. So wemel die werk van woorde soos 'miskonsepsie', 'nervuus', 'statuur', en 'deprimerende gedagtes'. En dit is almal woorde wat sy mense in spreektaal laat gebruik! Ook het sy nog nie die stywigheid in haar skryfstyl heeltemal afgeskud nie. Tog is daar 'n verdieping in die werk wat nie in haar vorige boeke opgeval het nie."
(J.L, 1985:13)

Gedurende die negentigerjare word daar egter steeds vermeld dat haar werk tekens van 'n "gebrek aan versorging" (Cilliers, 1992:5) toon. Negatiewe beoordeling soos hierdie het nie tot voordeel van die betrokke teks, in dié geval *In die middel van die Karoo* (1992) (uitgegee deur Human & Rousseau), of tot literêre prestige vir Baker as die skepper daarvan gestrek nie.

"Daar is ander tekens van 'n gebrek aan versorging: hinderlike teenstrydighede (...). Daar is ook te veel voorbeelde van onaanvaarbare taal- en woordgebruik (waar is die hand van die uitgewer dan?) (...). Setfoute bly ook nie uit nie. Onnodig puntenerig? Ek glo nie. Eleanor Baker het 'n uitsonderlike vermoë om interessante karakters te skep met interessante binnewêrelde. Maar hierdie gebrek aan versorging dien die boek nie. En dit is tog jammer."
(Cilliers, 1992:5)

Baker se keuse van die eksperimentele roman het veral gedurende die sewentigerjare 'n negatiewe invloed op haar literêre loopbaan gehad omdat dié roman die dekade van sestig oorheers het en betrokkenheid in die sewentigerjare voorop gestel is. Hierdie eksperimentele aanslag het dus buite die literêre merkers van die sewentigerperiode geval. Baker se tekste word kulturele produkte waarin die "dikwels onversoembare vervreemding tussen mens en werklikheid" verbeeld word en waar die "mens as resultaat van historiese invloede" gesien word (kyk hoofstuk 2).

Baker poog waarskynlik om “die sentrale rol van die onderbewussyn in die diepte-psigologie (W. James, S. Freud & C.G. Jung), en die fenomenologiese en eksistensiële strominge in die filosofie” in haar tekste in te werk ten einde ’n “outentieke weergawe van die innerlike van die individu” weer te gee (Scholtz, 1992:438, 442 & 443).

Reeds in *Wêreld sonder einde* (1972) kry die leser te doen met die eksentrieke “ou eensame vroutjie, mev. Bildendyk” en Rocky, ’n “verwilderde tipe jongmens” (A.v.Z, 1973), wat afwykings van die normale (op daardie stadium van die samelewing of maatskappy) toon. In *Splinterspel* (1973) draai die vertelling om “geestelik min of meer verwronge” mense (Brink, 1974:13) en *Mørketiden* (1975) word ’n “ekskursie deur die donker kamers van die bewussyn”. Ongelukkig vir Baker word haar keuse van die sogenaamde “eksistensialistiese mens” op hierdie stadium as ’n uitgediende tendens binne die literêre veld beskou omdat daar “al soveel” hieroor “geskryf (is dat) dit reeds ’n cliché geword het” (S.E.v.Z, 1976:2).

“Die roman, wat deur die stofomslag beskryf word as “n ekskursie deur die donker kamers van die bewussyn’ adem geur wat wissel (...) en behandel ’n tema wat werklik teen hierdie tyd al bietjie déjà vu geword het.”
(Brink, 1976:2)

Volgens Brink (1976:2) is dit juis die eksistensiële tema wat veroorsaak dat haar teks as “oudmodies” voorkom, veral ook omdat hierdie tema “eintlik vroeg in die jare sestig behoort te verskyn het” (Brink, 1975:15; kyk 5.1).

“Die afwykende karakter skep vanselfsprekend sy eie probleme én norme by beoordeling.”
(Smuts, 1978:10)

Deur ’n gekompliseerde karakter of selfs surrealisme te gebruik, kom Baker ook op ’n kompeterende vlak met die grotes binne die Afrikaanse literêre kanon (van die tyd) te staan. Alhoewel Brink (1975) meen dat Baker “ten opsigte van die surrealisties makabere wel deeglik teen elkeen haar man kan staan” (Brink, 1975:2), lyk dit tog of die gebruik van surrealisme in dié roman haar moontlike “literêre loopbaan” onder druk geplaas het. Komplisering van die teks, die integrasie van verskeie strukturelemente, die psigologies-oortuigende hantering van karakters en die gebruik van humor as strategie, word as belangrike kenmerke van Baker se werk beskou. Die wyse waarop sy hierdie kenmerke in haar tekste aanwend, het nie altyd by resensente byval gevind nie. So het haar debuut negatiewe indrukke gelaat wat met die verskyning van haar latere prosatekste blywend van aard geblyk te wees het.

“Daar is ook iets soos ’n versadigingspunt in die letterkunde. Ek reken ons is dié punt ten opsigte van die eksistensialistiese roman ook in Afrikaans reeds verby.”

(Brink, 1975:2)

Met die verskyning van *Splinterspel* (1973) by Perskor, Baker se tweede roman, lewer Brink in *Boeke-Rapport* (1974:13) die volgende kommentaar:

“Dié boek word ’n aanklag teen die uitgewer. Min boeke krap my meer om as dié wat wesenlik ingestel is op ’n tydskrifferrige ontspanningsmark, maar dan aangebied word met literêre pretensie. In ’n geval soos dié van Eleanor Baker se *Splinterspel* word dit ’n aanklag eerder teen die uitgewer wat ’n aaklige uitgawe begelei met ’n flapteks wat jou iets laat verwag wat die skryfster self (hopelik) nooit kon bedoel nie.”

(Brink, 1974:13)

Nieteenstaande die wyse waarop hierdie resensie aangebied word, word dit duidelik dat Brink hier wil aandui dat die teks nie aan die literêre kriteria van die sewentigerperiode voldoen nie. Alhoewel die skuld vir die misplasing van ’n teks (weereens) voor die deur van die uitgewer gelê kan word, word *Splinterspel* (1973) ook deur die uitgewer Perskor, wat dus as keurder optree, gepubliseer. Dit word egter duidelik dat André P. Brink ’n sleutelfiguur in die posisionering van Baker as skrywer in die Afrikaanse literêre kanon was. Sy optrede as resensent van die sewentigerjare vertoon uiteenlopende uitsprake, wat ’n blywende uitwerking op Baker se loopbaan kon hê. Op hierdie stadium van die literatuurgeskiedenis het ook Brink as opkomende kanoniseerder ’n bepalende rol in die kanoniseringsproses begin speel (kyk 4.6):

“Uiteindelik is *Mørketiden* dan tog nie werklik bevredigend nie. Maar dit is ’n mislukking met opwindende momente, waaruit ’n onmiskenbare talent en komposisievermoë blyk.”

(Brink, 1975:18)

Alhoewel Brink *Mørketiden* (1975) as ’n mislukking beskryf, wys hy terselfdertyd ook op die positiewe aspekte omtrent Baker as skrywer van die toekoms. Dit is onvermydelik dat kritiek deur so ’n sleutelfiguur binne die literêre veld ook op die kritiek van ander resensente ’n effek kon hê. Met die oorloop van die sestigs na die sewentigs en gedurende die sewentigerjare, speel Brink as Sestiger ’n dinamiese rol in die vernuwingsproses binne die Afrikaanse literatuursisteem, as beide skrywer en rolspeler in die literêre veld. Reeds in hierdie tydperk bevind hy hom as “redakteur van *Rapport* se boekeblad in ’n magtige kanoniserende posisie” (Van Zyl, 2006 203). Wanneer Brink die teks *Splinterspel* (1973) egter met ander tekste vergelyk, naamlik

Keerweer (1946) van C.J.M. Nienaber en *Die son struikel* (1964) van Dolf van Niekerk, poog hy om die literêre meriete van Baker se teks te vergelyk met dit wat op hierdie stadium deur rolspelers binne die literêre veld as hoog aangeskrewe literêre tekste beskou is.

“Naas die versplintering van Diederik in *Die son struikel*, of bowenal nog dié van die verteller in Nienaber se *Keerweer*, is *Splinterspel* naïef en oppervlakkig; en naas ’n indringende ‘gevallestudie’ – met gebreke en al – soos die onlangse *A life to live* deur Yvonne Burgess, word die leser gekonfronteer met vlak, geykte karakterisering in ’n verbeeldinglose styl. Nee wat. Selfs die tydskrifleser sal min behae hieruit put.”
(Brink, 1974:13)

Alhoewel dit duidelik blyk dat Baker met hierdie teks “meer eksperimentele, ernstige” letterkunde lewer (Van Zyl, 2006:204), weeg sy as gevolg van dié vergelyking egter nie op teen die grotes van die periode nie. Ongeag die literariteit al dan nie van *Splinterspel* en of Brink se kras beoordeling korrek was of nie, is dit tog (ter wille van Baker se literêre loopbaan) “jammer dat hierdie roman op ’n gevoelige stadium van haar skrywersloopbaan so sterk onderskat is deur (...) Brink” (Van Zyl, 2006:204).

Met die verskyning van Baker se derde teks, *Mørketiden* (1975), gebeur die ironiese en dui Brink aan dat Baker as skrywer(-ster) onbekend is aan hom en dit nadat hy feitlik (indien nie wel) haar literêre loopbaan deur uitlatings in die vorige resensie sterk negatief beoordeel het.

“Ek ken Eleanor Baker se ander werk nie – *Mørketiden* word aangekondig as haar derde publikasie – maar met die roman dwing sy die aandag van die ernstige leser af.”
(Brink, 1976:18)

Brink se kritiek vertoon ook dubbele standaarde, want hy dui in dieselfde resensie aan dat “Afrikaans (...) ’n ernstige nuwe skryfster bygekry (het), wat met haar jongste roman, haar derde, groot belofte toon” (Brink, 1975:18). Ook word dit duidelik dat Brink (as kanoniseerder en deur sommige beskou as omstrede skrywer gedurende die periode), met die verskyning van sy resensie van *Splinterspel* (1973) ook nie van die bestaan van *Wêreld sonder einde* (1972) bewus was nie. Sodanige ontkenning en optrede van Brink is nie net ’n teken van slordige evaluering nie, maar getuig ook van onprofessionaliteit, wat blywende negatiewe gevolge vir Baker se reputasie as skrywer en haar literêre loopbaan kon hê.

Baker se eerste drie romans, *Wêreld sonder einde* (1972), *Splinterspel* (1973) en *Mørketiden* (1975), vertoon egter ook spesifieke eienskappe ten opsigte van die strukturele en tekstuele samestelling. In al drie hierdie tekste maak sy gebruik van die ek-verteller of personale vertelsituasie (kenmerkend van die eksistensialistiese roman) en vertoon die tekste wel ooreenkomste met die modernisme, wat in die sewentigerjare nog die aard van die literêre veld bepaal het.

Gedurende die sewentigerjare bevind Baker haar in 'n kompeterende situasie binne die literêre veld, onder andere deurdat Brink (1975) met die verskyning van *Mørketiden* (1975) reken dat Baker moontlik as “skryfster (...) geselskap vir (...) Elsa” (Joubert) kan raak (Brink, 1975:18). Baker skep wel 'n gekompliseerde teks, wat alreeds met haar debuut van die funksionele integrasie van sekere elemente en oortuigende psigologiese hantering getuig, maar Joubert skryf vanuit 'n suiwer modernistiese aanslag en sluit ook aan by die literêre merkers in die literêre veld van die periode deur te skryf soos die mans wat literêre aansien geniet het. Aangesien beide Joubert en Baker in dié periode publiseer, word Joubert die norm/kriterium waarvolgens Baker as vroueskrywer binne die heersende literêre veld gemeet word.

Baker plaas haarself egter buite die literêre sfeer, maar ook in direkte literêre kompetisie met 'n vrou en skrywer soos Elsa Joubert, wat in die sewentigerjare in 'n epogmakende hoedanigheid van betrokke literatuur binne die Afrikaanse literatuursisteem opgetree het (kyk 4.6). Vroeg in haar skrywersloopbaan en wel by die verskyning van haar tweede roman, *Splinterspel* (1973), verklaar Baker dat sy 'n spesifieke keuse maak omtrent dit waaroor sy nie wil of soos sy dit self stel, kon skryf nie. Dit ongeag die feit dat kritici se verwagtinge juis politieke betrokkenheid was. Wanneer Baker in 'n onderhoud dit prontuit stel dat sy nie oor “die groot probleem van ons tyd – die wit-swart-verhouding” kan en ook nie wil skryf nie, maar eerder “oor maatskaplike en menslike probleme” (Scholtz, 1974:4), kies sy self teen betrokke literatuur (kyk 5.1).

Dit wil voorkom of sy hiermee by die meer populêre literatuur aansluit deur oor die verhoudings van die gewone mens of die alledaagse bestaan van die mens te skryf, maar dit kan ook lyk of sy die politieke realiteit (wat baie rolspelers in die literêre veld graag in prosatekste wou sien) vermy. Dit kon selfs wees dat sy haar by 'n spesifieke groep in die literêre veld, naamlik die “establishment”, skaar en dus nie by die Sestigters, wat op hierdie stadium vir vernuwing binne die Afrikaanse literatuursisteem verantwoordelik was, nie (kyk 4.5 & 4.6).

Deur nóg suiwer modernisties nóg betrokke literatuur te skep, het Baker op hierdie stadium van haar skrywersloopbaan oënskynlik met haar keuse om nie oor die politiek van die dag te skryf nie – deur die wit-swart-kwessie te vermy – haar onderskatting self veroorsaak. Het sy nie dalk oor temas geskryf wat haarself meer geraak het nie? Dalk kon of wou sy vanweë haar man se werk nie sodanige Afrika-gerigte tekste skryf nie. Haar afwesigheid uit Suid-Afrika en haar verpligtinge as eggenoot saam met haar man in die buiteland (veral in Teheran), was omstandighede wat haar as buitestander ten opsigte van die Suid-Afrikaanse samelewing geplaas het. Sou haar onbetrokkenheid in Suid-Afrika die rede wees waarom sy nie (Suid-Afrikaans) betrokke kón skryf nie? Tog kan twyfel oor die literêre waarde van betrokkenheid as tendens binne 'n literatuursisteem ook nie buite rekening gelaat word nie – veral nie wanneer 'n skrywer soos Baker beoordeel word nie.

Betrokkenheid word egter duidelik weerspieël in *As 'n pou kon vlieg. 'n Verblyfboek oor Teheran* (1980). Alhoewel die verblyfboek nie as 'n prosateks, of dan fiksie, beskou word nie, dui Baker nie net aan dat sy wel betrokke kan skryf nie, maar slaag sy ook daarin om met woorde “op 'n uitmuntende wyse (...) die atmosfeer van die stad, die opbouende oproer, die geleidelike aftakeling, die toenemende haat en ontevredenheid onder die minder gegoedes, die armes en die uitgebuite inwoners van die land uit te beeld” (Goosen, 1980:25). Hierdie werk kon netsowel 'n beskrywing van 'n Suid-Afrikaanse stad en sy gebeure (byvoorbeeld Soweto) gedurende die middel sewentigerjare wees. Weens haar persoonlike verpligtinge en haar verblyf in die buiteland beskik Baker nie oor “konkrete ervaring” (A.v.Z, 1983) of eerder konkrete Suid-Afrikaanse ervaring nie. Op hierdie stadium van haar lewe was sy verbind tot 'n ander politieke blootstelling as die Suid-Afrikaanse sosiopolitieke gebeure. Persoonlike omstandighede en die omgewing waarin sy haar bevind het, kon dit vir haar moeilik maak om Afrikagerig te skryf.

Alhoewel hierdie teks (*As 'n pou kon vlieg*) as 'n “outobiografiese weergawe van (haar) eie ervarings” (Van Zyl, 2006:202) gesien word, beskryf sy wel gebeure wat binne 'n wêreldkonteks as betrokke beskou kan word, maar nie binne die Afrikaanse literatuursisteem as betrokke realiteit ervaar óf beskou is nie. Weideman (1982:3) gee 'n goeie bondige uiteensetting van *littérature engagée* deur aan te dui “dat betrokkenheid in die eerste plek verband hou met die individu se verantwoordelikheid vir die aard van die gegewe situasie; 'n verantwoordelikheid wat meebring dat die skrywer aantastings van die waardigheid van die mens aan die lig bring en

bewustelik daarteen rebelleer om so deur sy solidariteit met die onderdrukte, die waarheid en die vryheid te dien” (kyk Roos, 1998:77). Teen die agtergrond hiervan, het Baker tog daarin geslaag om, veral dan in hierdie teks (*As ’n pou kon vlieg*), betrokke te skryf.

Ondanks die feit dat *As ’n pou kon vlieg* nie as fiksie beskou word nie, slaag Baker daarin om haar belewenis van die stad Teheran en sy mense nie net vir die leser “versigbaar” te maak nie, maar word dit so gedoen dat die leser die mense “ontmoet” (A.v.Z, 1980:2). Oor hierdie lewensomstandighede waarin sy haar bevind het, het sy dus betrokke geskryf. Haar uitbeelding van die werklikheidskonteks waarin sy haar bevind het, maak dit vir die leser moontlik om ook ’n “besoek (...) aan die vreemde en verre land (te bring) waar mense ontdek dat hulle ’n stem het om mee te protesteer” (A.v.Z, 1980:2). Uit resensies lyk dit of die wins van die teks geleë is in Baker se vermoë om aan te dui hoe (oënskynlik) gewone mense deel word van ’n “vloedgolf van haat” (Muller, 1980:15) – hoe die onwerklike deel word van die werklikheid en omgekeer.

“Dit is veral die beskrywing van hierdie gebeure soos wat dit deur die buitelanders beleef is, wat aan die boek ’n besondere aktualiteit gee en dit meer as bloot ’n vertelling oor die stad, sy mense en hulle gebruike maak. Die oorweldigende indruk van hierdie mense was: Is al die bloedvergieting en vernieling regtig nodig? Van daar ook die versugting: ‘as ’n pou kon vlieg’, wat in die titel uitgespreek word.”
(Muller, 1980:15)

Hierdie teks word nie net in wêreldkonteks nie, maar ook in Suid-Afrikaanse konteks aktueel, want “(a)s daar nou een plek is waaroor die wêreld aan’t gis is, is dit Teheran, hoofstad van Iran, vorige woonplek van die Sjah van Persië en tans bloedbad onder aanvoering van die militante studente” (Goosen, 1980:25). Wanneer dit verder as “een van die tydigste tekste” deur Goosen (1980) beskryf word, verkry die teks ook vir die (Suid-) Afrikaanse leser ’n joernalistieke funksie. Alhoewel Baker daarin slaag “om ’n wye verskeidenheid ondervindings, waarnemings en feite so te organiseer dat (...) die boek as geheel ’n goed gestruktureerde indruk maak” (Muller, 1980:15), sluit die teks (ongelukkig) nie aan by die sosiopolitieke realiteit van die rolspelers in die literêre veld wat haar tekste sou beoordeel nie.

Baker dui self aan dat die “moeilikste deel van die skryfwerk was om te besluit in watter vorm om die boek aan te bied” (Baker in De Beer, 1980:11). Hoewel dus nie-fiksie, vertoon die vertelling ’n “fyn waarneming van klein-menslike optredes en interaksie” (Van Zyl, 2006:206) en word dié verblyfboek wel so aangebied dat Baker

“aantastinge van die waardigheid van die mens” aan die lig bring (Weideman, 1982:3) al is ’n buitelandse milieu ter sprake.

“Die belangrikste is dat ‘spreek en skryf altyd persoonlik is’, dat daarmee terselfdertyd ’n verstandhouding met sy leser geskep word en dat (die skrywer) as spreker sy belangstelling, sy kyk op sake ‘verraai’.”
(Van Coller, 2001:135)

Van Zyl (2006) dui aan dat ook Baker se “skrywerskap (...) daadwerklik (...) deur haar omstandighede” (Van Zyl, 2006:201) beïnvloed is – die invloed van die fisieke wêreld word soms bewustelik, soms onbewustelik of as gevolg van beide, deel van die konteks. Hierdie kontekstuele ondersoek toon dan ook aan dat sy nie vrygespreek kan word van die inmenging van haar persoonlike of konkrete ervarings tydens die skeppingsproses nie. Reeds in haar eerste teks, *Wêreld sonder einde* (1972), wat as ’n “(v)oortreflike roman oor jeugprobleme” (A.v.Z, 1973) beskryf word, word dit “duidelik dat die skryfster kennis het van die verwilderde tipe jongmens” (’n goeie beskrywing van Rocky, die jong seunskarakter in die teks). Sodanige gegewe kon Baker gebaseer op die ondervinding wat sy as jong onderwyseres aan ’n Engelse seunskool opgedoen het. Haar tweede teks speel af op ’n kleinhoewe buite die stad, wat ook wys op Baker se grootwordtuiste, “’n plaas so ’n agt kilometer buite Pretoria” (Scholtz, 1974:4).

Dit is egter haar wedervaringe as getroude vrou van veral die buitelandse ruimte waarin Baker ’n groot deel van haar lewe (wat dus ook haar skrywersloopbaan insluit) deurgebring het, wat ook in haar fiksie waargeneem word. Vir Baker was die konkrete werklikheid ook die “beginpunt van (haar) artistieke kreatiwiteit” (Van der Elst, 1992:417).

“Saam met haar eggenoot, Walter Baker, met wie sy in 1969 getroud is en wat in die diplomatieke diens was, het sy later tydperke van ongeveer drie jaar per keer deurgebring in verskillende groot wêreldstede, naamlik Teheran (...) (1975-1979); Den Haag (1982-1985); Montreal (1985-1987) en Brussel (1990-1994), afgewissel deur periodes in Pretoria.”
(Van Zyl, 2006:201)

Alhoewel ’n paar van Baker se tekste wel in Suid-Afrika as ruimte afspeel, is dit opvallend dat sy meestal van ’n buitelandse milieu gebruik maak. Wanneer Roos (1998:85) opmerk “(d)at die verhale so dikwels in ’n (geromantiseerde) buitelandse milieu afspeel” en dat Baker se tekste as gevolg hiervan ’n “minder outentieke toon”

het, wil dit dus voorkom of dié werklikheid nie altyd tot voordeel van haar posisionering in die sisteem was nie.

“Die vaagheid met betrekking tot ander aspekte (raak) myns insiens hinderlik, aangesien die leser te min kry om aan vas te knoop, om homself te oriënteer ten opsigte van veral die nie-Suid-Afrikaanse figure (...) gebeure word beskryf (...) wat laat dink aan ’n Suid-Europese mentaliteit. In die prosas boet die werk geloofwaardigheid in.”
(Van Zyl, 1982:23)

Dit is opvallend hoe resensente en spesifiek Van Zyl (2006:201-217) telkens in die profiel van Baker aandui wat die ruimte-gegewe van ’n betrokke teks onder bespreking is, maar dikwels ook waar die teks fisies (deur Baker as skrywer) geskryf is. Eensaamheid, veral “eensaamheid in die buiteland” (Fourie, 1995:26) was dikwels vir Baker die inspirasie om te skryf. Aan die een kant kon die skryfaksie ongestoord plaasvind as gevolg van die konkrete afsondering wat sy daardeur ervaar het (aanvanklik weg van haar bekende), terwyl dit aan die ander kant waarskynlik ’n manier was om die eensaamheid wat sy ervaar het, te verdryf. Verder word hierdie eensaamheid as “die afgronde van menslike eensaamheid en nood” (Brink, 1986:15) onder invloed van die ervaring van die konkrete werklikheid ook in haar tekste vervat (kyk 3.5).

Die “materiële werklikheid” (Coetzee, 1992:174) word letterlik en figuurlik as “herkenningskodes” (kyk Althusser, 1977:163-164) in Baker se tekste aangetref. So word byvoorbeeld aangedui dat *Monica* (1975) “in Suid-Afrika” afspeel, maar “geskryf (is) in Teheran” (Van Zyl, 2006:205); dat *’n Geslote boek* (1981) “volgens Walter Baker (2004a) die enigste roman (is) wat Eleanor geskryf het oor die diplomatieke diens (in die roman die firma genoem) en die tipe lewe wat die diplomate in die buiteland, hier spesifiek in Irak, lei” (Van Zyl, 2006:206); dat *Weerkaatsings. ’n Sprokie* (1984) “in Nederland geskryf” is, maar afspeel in “België en Italië, hoewel die plekke nie verder gespesifiseer word nie en ietwat vaag bly” (Van Zyl, 2006:208) en byvoorbeeld dat die Amsterdam van die sewentiger- en tagtigerjare ’n “herkenbare sosiaal-historiese vertrekpunt” (Van Zyl, 2006:208) van die “baie realistiese teks” (Van Zyl, 2006:208), *Dossier van ’n gyseling* (1985), is.

Die gebruik van buitelandse ruimtes lei dus daartoe dat Baker die “wit-swartkwessie”, met ander woorde, die sosiopolitieke omstandighede van die Suid-Afrikaanse samelewing van die sewentiger- en tagtigerjare, vermy en nie deel is van die betrokke literatuur wat veral sedert die sewentigerjare die Afrikaanse

literatuursisteem kenmerk nie. Na haar dood dui haar man aan dat “die fel kritiek op politieke gebied” (Walter Baker, 2004a) “haar ondergekry” (Van Zyl, 2006:209) het. Binne die Afrikaanse literatuursisteem wil dit dus voorkom of Baker se gebruikmaking van die buitelandse milieu as ruimte nie altyd byval by die rolspelers in die literêre veld van die (Suid-) Afrikaanse literatuursisteem gevind het nie.

“In die lig van haar emosie oor die politiek is dit interessant dat haar volgende twee Eleanor Baker-romans die naaste kom daaraan om die kleurpolitiek te ontgin.”
(Van Zyl, 2006:209)

In beide *Die kwart-voor-sewe-lilie* (1988) en *In die middel van die Karoo* (1991) blyk hierdie pogings van Baker volgens die meeste resensies onsuksesvol te wees. Resensies as resepsieprodukte dui egter aan dat ’n mate van betrokkenheid wel later in haar skrywersloopbaan of oeuvre voorkom – alhoewel dit toe reeds té laat was, gesien in die lig van die sosiopolitieke omstandighede op daardie tydstip van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

In *Die kwart-voor-sewe-lilie* (1988) lyk dit of “(d)ie apartheidproblematiek” te “lig aangepak” word “deurdat die ma kleurverskille gewoon ignoreer en die huishoudster Johanna (...) ook ’n bevoorregte gesinsvriendin is. Die feit dat Iris van die rassistiese Suid-Afrika kom, lei in Amerika tot komiese en bisarre situasies” (Van Zyl, 2006:209). Baker se beskrywing van New York as “verre plekke” en dus ’n buitelandse milieu, word gesien as “eg” en word “vermoedelik (gebruik) vanweë die skryfster se vele reise en verblyf in die buiteland” (Hambidge, 1989:10). Die teks word egter “die dissekering van die huwelik as instelling” (Van Zyl, 1989:15). Die lewe van Iris (die hoofkarakter) se twee susters word twee teenoorgestelde pole. Daarmee word twee karakters, twee lewens en ook twee ideologieë teenoor mekaar geplaas: aan die een kant word verwys na Elsa, wat die deursnee “Afrikaanse vrou se droom (man/huis/kinders/oorsese reise)” verteenwoordig, en aan die ander kant na Kara “met die eksotiese naam wat haar nie deur haar Afrikaanse herkoms en Suid-Afrikaanse indoktrinasie op politieke vlak (laat) beïnvloed wanneer sy Claude (’n bruin man) in die vreemde (Frankryk) ontmoet” nie (Grobler, 1989:2). Dit is onder andere Kara wat “kindertjies van alle kleure van die reënboog wil hê” (Van Zyl, 1989:15). Karakterisering word gebruik om twee uiteenlopende lewensvisies teenoor mekaar te stel: een vrou (Elsa) leef binne die beperkinge van die patriargale bestel, terwyl die ander een buite die beperkinge van die Afrikanervrou optree Selfs hulle

name, Elsa versus Kara, verteenwoordig die gewone/normale teenoor die ongewone/abnormale, wat mag en wat nie mag binne die gegewe van die Suid-Afrikaanse samelewing op daardie stadium nie.

Deur dus haar kennis en beleving van die (toe nog ou) Suid-Afrikaanse/Afrikanerkonteks sowel as haar kennis oor die vryer gees van die buitelandse konteks deel van haar bewustelike karakterisering van Elsa en Kara te maak, plaas Baker die patriargale bestel teenoor feminisme. Dit wil egter voorkom of Baker duidelik bewus is van die Suid-Afrikaanse vrou se agterstand ten opsigte van feministiese neigings elders in die wêreld.

Die “aard en omstandighede” van Baker as “produksie-instansie” (Spies, 1997:57) kom duidelik in haar vroulike perspektief na vore. Paglia (1990) se siening: “(b)ehind every book is a certain person with a certain history” (Paglia, 1990:34), word hiermee in Baker se produksie weerspieël (kyk 3.5). Dat die sosiopolitieke omstandighede van die tyd wel ’n invloed gehad het op hoe Baker as skrywer die werklikheid ervaar het en dat dit in *Die kwart-voor-sewe-lemie* (1988) uitgebeeld word, word duidelik. Hier is sprake van meer politiek as wat op die tydstip van ontvangs van die teks in die literêre veld besef is, want die sosiopolitieke aard van die literêre veld van die tyd sou vanselfsprekend ’n invloed op die resepsie van die teks hê.

Dit is ook wat met *In die middel van die Karoo* (1991) gebeur. Dit wil egter voorkom of dié teks deur ongunstige resensies oorskadu word, maar dit kan ook moontlik geregverdigde negatiewe opmerkings wees. Dit is wel waar dat resensies soos dié van Cilliers (1992:5) as ’n omstrede resensent, maar terselfdertyd óók invloedryk, die klem plaas op dié teks as swak versorg (Cilliers, 1992:5). Hoewel dit as gebrekkige taalgebruik beskou word – veral omdat taalsuiwerheid op hierdie stadium steeds deur kritici vooropgestel is – wil dit tog voorkom of Baker sekere onduidelikhede met hierdie taal binne die teks wil skep. Dit blyk egter nie geslaag te wees nie: ’n “(G)ebrek aan noodwendigheid in die romanopbou” word ervaar en dit gebeur waarskynlik dat ’n “te vinnige tempo die karakterisering” benadeel. Volgens Van Zyl (2006) oortuig “die hantering van die kleuraspek, naamlik die feit dat Danie bruin is”, nie en wil dit voorkom of Baker te min sosiopolitieke kodifisering in die teks gebruik, wat veroorsaak dat die onthulling van die karakter Danie se anderskleurige identiteit en “sy eie identiteitsoeke” feitlik aan die einde van die verhaal “onverwags is en nie op psigologies-realistiese vlak oortuig nie” (Van Zyl, 2006:210). Ook Hattingh (1991:45) toon aan dat Baker “die sosiopolitieke teks waarin die verhaal ingebed

staan (...) ongelees laat". Volgens hom dui dit verder op die "onvermoë van 'n wit skrywer om die psige van 'n bruin landgenoot toereikend te verwoord".

Miskien was Baker met hierdie teks in 'n mate haar tyd vooruit. *In die middel van die Karoo* (1991) kom neer op 'n "soort landelike psigologiese realisme" (Britz, 1992:29), 'n teks wat duidelik reeds postkoloniale tekens toon (kyk 4.9). Hierdie teks sluit aan by die Suid-Afrikaanse konteks van die einde tagtigs, begin negentigs, waar dit volgens Wybenga (1992:8) gaan "oor die universele soeke van die mens na 'n sinvolle bestaan, waarin 'n sinvolle verhouding met 'n ewemens wel 'n belangrike plek het". Resensies wys daarop dat die "Karoo-ruimte (...) tematies 'n goeie keuse" is en wel omdat dit "die waarheid tot op die been blootlê", maar dit wil voorkom of die sosiopolitieke omstandighede voor 1994 ook veroorsaak het dat die teksgegewe van Baker nog nie as realiteit gesien en ervaar is deur rolspelers binne die Afrikaanse sisteem van die vroeë negentigs nie. Moontlik het Baker ook (net soos Schreiner) 'n slagoffer van literatuurkritiek as politieke instrument geword, veral in die lig daarvan dat dit verder 'n "onomstootlike feit (is) dat kanons direk geraak word deur politieke gebeure en selfs 'n politieke instrument kan wees" (Van Coller, 2003:3).

"Die karakters worstel met ingewikkelde probleme rakende hulle menslike verhoudings, hulle verledes, hulle identiteit en hulle staat van volwassenheid en onafhanklikheid, maar doen dit binne 'n toeganklike verhaal en 'n populêre dekor – in dié geval 'n Karoo-kontrei."
(Britz, 1992:20)

In sy resensie, "Sou 'n haan in die Karoo dan nie kraai?" (Britz, 1992:20), wys Britz daarop dat die karakterontwikkeling nie op die soeke na identiteit van die individu alleen fokus nie, maar 'n identiteitskrisis word ook gekoppel aan die individuele verhouding met ander individue. Hierteenoor behaal Baker veel meer ongekwalfiseerde sukses met haar bekroonde jeugboek, *Daar is spore op die maan* (1991), moontlik omdat daar op dié stadium binne die Afrikaanse literatuursisteem in die kinder- en jeuglektuur veel langer reeds erkenning gegee is aan die kombinasie van toeganklikheid en literêre gehalte.

Baker ervaar uitsluiting uit hierdie eksklusiwiteit van die sisteem en produseer as skrywer op die periferie ook op grond van dit wat sy bewustelik (en dikwels ook onbewustelik) uit die werklikheid of haar eie "konkrete ervaring(s)" (Goosen, 1980:25) kies. Sodoende speel sy as skrywer self 'n rol 'n die ontstaan van die estetiese objek.

“As dit gaan om die sosiologiese en algemeen kulturele situasie waarin skrywers hulle bevind het in die ontstaanstyd van sekere werke, is dit wel ter sake, omdat dit dan gaan om die ontstaanskonteks van die werk, wat wel agterhaalbaar is uit allerlei literêre, sosiologiese, historiese en ander bronne.”

(Cloete, 1992:266)

Met die gebruikmaking van spesifieke ruimtes wil Baker eerder die uitwerking van ’n spesifieke ruimte as bepalende faktor van die mens se belewenis van die werklikheid aandui, maar ook dat dit ’n bepalende faktor in sy verhouding met ander mense is. Baker self verklaar dat die “hoe” van haar eie omstandighede dikwels nie net die “wat” van haar tekste nie, maar ook die “hoe” van haar tekste bepaal het.

Wanneer Baker heelwat later (in haar lewe en skrywersloopbaan) in *Verbeelde werklikheid* (1996) T.S. Eliot aanhaal – “Humankind cannot bear very much reality” – wil dit voorkom of haar werklike konkrete ervarings en die weerspieëling daarvan in haar tekste betekenis verkry.

“Hierdie roman is inderdaad ook ’n pleidooi vir die bestaansreg van ’n ander waarheid as net die een wat ons met hoor en sien ervaar.”

(Wybenga, 1992:10)

Uit hierdie resepsie-ondersoek word dit duidelik dat dit nie net die ruimte is wat neerslag vind in Baker se tekste nie, maar veral haar ervaring van mense en hul verhouding met mekaar. Ook met *In die middel van die Karoo* (1992) gaan dit nie noodwendig om ’n “aktuele sosiopolitieke konteks” (Van Zyl, 2006:216) nie, maar “eerder om die interaksie tussen mense” en word haar tekste ’n “delikate ontginning van menslike verhoudinge” (Brink, 1984:17). Deur die kontekstuele gebruik van gewone mense en gewone mens(like) verhoudinge wil Baker “die universele ooreenkoms tussen mense” benadruk; aandui dat “die grens tussen normaal en abnormaal saamhang met ’n graad- eerder as ’n wesensverskil; en dat die werklikheid dikwels onherkenbaar opgesluit lê in die alledaagse”. Baker lewer kommentaar op die “mens en menswees, met die klem op hoe ongewoon die gewone is” (Van Niekerk, 1999:417).

Baker skep deur haar produksie van ernstiger tekste ’n verband tussen “die som van die mens se oortuiging omtrent die werklikheid” en die resepsie daarvan as “die wyse waarop lesers reageer op dit wat ’n leser uit ’n teks kan aflei as die siening van waarheid wat uit die teks spreek” (Steenberg, 1992:260). In haar teks *Verbeelde werklikheid* (1996) is die realiteit waaroor Baker op hierdie stadium kies om te skryf, dié van haar alledaagse lewe, dit wat aan haar bekend is – die “huislike kring”:

“Dit word egter, soos dikwels in haar oeuvre, vertel vanuit ’n vroulike perspektief, met gepaardgaande tematiek van afgeslotenheid binne die sleur van ’n benouende huislike kring.” (Van Zyl, 2006:204)

Baker wend hierdie spesifieke lewensbeskouing – *Humankind cannot bear very much reality* – bewustelik aan om aan die waarheid gestalte te gee. Sodoende word haar siening van haar werklikheid in haar ernstiger tekste ingesluit. Literatuur is vir Baker betrokkenheid by die alledaagse – haar *littérature engagée* wat “in die eerste plek verband hou met die individu se verantwoordelikheid vir die aard van die gegewe situasie; ’n verantwoordelikheid wat meebring dat die skrywer aantastings van die waardigheid van die mens aan die lig bring en bewustelik daarteen rebelleer om so deur sy solidariteit met die onderdrukte, die waarheid en die vryheid te dien” (Roos, 1998:77; kyk ook Weideman, 1982:3 & Steenberg, 1992:260-262).

Alhoewel Baker in ’n onderhoud dit duidelik stel dat sy haarself as ’n gelukkige mens beskou, maar ook erken dat syself nie noodwendig van die werklikheid of dit wat die lewe bied, hou nie, wou en kon sy hieroor skryf. Hierdie keuse wat sy maak, die *hoe* én die *wat*, het telkens ’n groot rol gespeel by haar resepsie in die literêre veld, met ander woorde, ten opsigte van haar uitsluiting van die literêre kanon (al dan nie). Die vraag ontstaan: Het die feit dat Baker nooit deel van literêre “groepies” was nie (kyk Van Coller & Odendaal, 2005), altyd buite Suid-Afrika was, altyd “buite” modes was, nie grootliks tot haar groot gebrek aan status bygedra nie?

Met hierdie resepsie-ondersoek word dit duidelik dat die belangrikste punte van kritiek ten opsigte van haar oeuvre veral gerig was op karakterisering, “houterige” taal, hoogdrawendheid, pretensieusheid, foute in baie van haar tekste en haar gebrek aan aktualiteit oftewel betrokkenheid. Positiewe aspekte kom wel na vore: die feit dat sy toeganklike tekste met diepte skeep, het wel in haar guns getel. Verder vertoon haar werk psigologiese insig in veral vrouekarakters en wend sy die sprokie-element en humor suksesvol in haar skryfwerk aan. Dit is veral laasgenoemde twee aspekte wat na vore kom in haar uitbeelding van menslike verhoudinge en wel vanuit die perspektief van ’n vrou. Alhoewel laasgenoemde aspek uiters suksesvol aangewend word, ontstaan die vraag wel of sodanige “feministies geïnspireerde blik” altyd tot haar voordeel ten opsigte van haar literêre prestige gestrek het.

“Sy was buite die raamwerk van erkenning en die groot pryse, omdat haar fyn sin en aanvoeling vir mense se romantiese gevoel by mekaar waarskynlik baie van haar ernstige lesers verbygegaan het. Haar herkenning en kennis van dié integrale deel van menslike weefwerk is dalk misverstaan.” (Botha, 2002)

5.4 UITBEELDING UIT DIE PERSPEKTIEF VAN 'N VROU

“Baker was 'n elegante vrou, maar 'n warm mens wat eerlikheid en weerloosheid met dieselfde ontsag bejeën het.”
(Lombaard, 2002:4)

Met die uitsondering van een van haar ernstiger tekste, *Mørketiden* (1976), vind alle vertellings deur 'n vroulike verteller plaas of vanuit 'n vroulike perspektief. Behalwe Clinton in *Mørketiden*, is die hoofkarakters altyd vroue. Alreeds gedurende die sewentigerjare stel Baker vroue as vertellers aan die woord. Daar word nie net vanuit 'n vroulike perspektief vertel nie, maar vroue word ook karakters wat ontvlugting uit emosioneel-ontwrigtende situasies soek. 'n Vraag wat telkens by vroulike karakters ontstaan, is of “haar alledaagse bestaan” haar “lot” is; of dit “haar” – die vrou se – ware werklikheid is. Die vertellings deur vroulike vertellers word 'n spel tussen die “saaie werklikheid en 'n amper makabere moontlike werklikheid” (I.v.Z, 1978:2).

Nie net deur 'n vroulike perspektief nie, maar meestal as deel van die vertelling van 'n vrou self (as vroulike karakter) dui Baker aan dat die ongewone deel is van die gewone alledaagse bestaan; dat die ongewenste alledaagse bestaan noodsaaklik is; dat die grens tussen die werklike en onwerklike en dié tussen die normale en die abnormale moeilik onderskeibaar is; dat die mens (en dus ook die vrou as mens) altyd in verhouding met ander (en spesifiek 'n man of mans) staan, maar veral dat 'n man en 'n vrou se uitkyk of lewensbeskouing oor al hierdie bogenoemde aspekte verskil. Literatuur soos geskep deur Baker, word sodoende 'n produk van geslag as sosiopolitieke konstruksie (kyk 3.6).

Baker skryf oor “die soort lewe wat baie vrouens lei” (Grobler, 1996:5). Dit gaan vir Baker nie slégs maar om die emansipasie van die vrou nie, maar in veel beduidender sin veral oor die emansipasie van die vrou as mens binne haar alledaagse verhoudings.

“In *Monica* het Eleanor Baker haar doelbewus die veeleisende taak opgelê om met uiters skraal en selfs ‘onbelowende’ gegewe 'n eng raamwerk op te stel waarbinne sy indringend en sekuur die nagmerrie in die hart van die *alledaagse* kon ontgin – so naartig en kompromisloos soos enige ontdekkingsreisiger.”
(Brink, 1978:17)

Grobler (1978:20) verklaar dat *Monica* (1978) 'n “(u)itvloeiende van ('n) stroming wat (die) wêreld op loop het”, is. Deur die toedoen hiervan gebeur dit dat “die vrou en

die situasie waarin sy haar histories en tradisioneel bevind taamlik baie aandag trek sodat talle publikasies oor die reaksie van die vrou op haar spesifieke situasie handel". Hiermee betree ook Baker dus meer as slegs 'n "sintaktiese neerslag van vroulikheid" (Brink, 1989), en dui ook sy die bestaan aan van 'n ideologiese grondslag van die vroulike blik en belewenis deur dit wat sy skryf (en dus vertel).

Binne die Afrikaanse literatuursisteem is dit egter 'n vroeë betreding van dié tendens, veral aangesien "geslagspolitiek" (Van Niekerk, 1999:308) binne dié sisteem eers sedert die tagtigerjare werklik inslag vind. Volgens Roos (1998:102) is "feministiese werke of verhale waarin die feministiese denke eksplisiet uitgedra word, (...) nie 'n algemene verskynsel in Afrikaans (...) nie" en is die stem van die vrou eers sedert die tagtigerjare, maar veral gedurende die negentigerjare, hoorbaar gemaak. Baker se betrokkenheid by "geslagspolitiek" alreeds gedurende die sewentigerjare met *Monica* (1978), sluit eerder aan by 'n "Europees-Westerse feministiese oplewing" (De Jong, 1992:127). Hierdie vroeë gebruikmaking van "geslagspolitiek" kan ook wees vanweë haar konkrete buitelandse blootstelling hieraan. De Jong (1992) dui aan dat "daar (waarskynlik tot op daardie stadium) geen Afrikaanse feministiese beweging ten opsigte van die literatuur (bestaan) nie en (...) geen Afrikaanse feministiese *literêre* tradisie nie". Binne die Afrikaanse literatuur-sisteem, so wil dit voorkom, word die vroulike perspektief van die vroueskrywers wat wel literêre prestige geniet het, eerder gesien as "pro-vrou as feministies" (De Jong, 1992:127).

"'n Afrikaanse vrouekultuur in die vorm van 'n verenigingslewe (Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, Vroue Landbou-unie, Transvaalse Vrouefederasie en andere) is, soos 'n tradisie van literêre uitbeelding van die vrou (Eybers, Van Wyk Louw) deur beide geslagte aantoonbaar, maar kan as patriargaal en fallosentries beskou word, ook in die geval van vroueskrywers (vergelyk ook Audrey Blignault). Nuwer werk bly wesenlik onfeministies, hoewel daar 'n opmerklike sterker en bewuste aandag vir die vrou as vrou opgeëis word (Antje Krog: *Otters in bronslaai*; Lettie Viljoen: *Klaaglied vir Koos*; Elsa Joubert: *Die swerfjare van Poppie Nongena*)." (De Jong, 1992:127)

Hierdie standpunt sluit ook aan by die sosiopolitieke omstandighede van die laat tagtigerjare (kyk 4.6). Die teenwoordigheid van sodanige pro-vrou of vrouïsme eerder as feminisme – waar laasgenoemde binne die sosiokulturele aard van die maatskappy steeds as ongehoord beskou is – is eerder verbind met 'n "Suid-Afrikaanse lokaal-politieke feminisme wat verskil van die populêre Europees-Westerse" vorm daarvan (De Jong, 1992:127). Baker was dus ook ten opsigte van

die toepassing van haar vroulike perspektief haar tyd vooruit, want feministiese tekste word eers gedurende die negentigerjare werklik 'n tendens binne die Afrikaanse literatuursisteem (kyk 4.8).

“In middelmoet Afrikaanse vroueskryfwerk oorheers 'n kultus van tipiese vroulike waarteen die *feminisme* ageer.”
(De Jong, 1992:127)

Of Baker se werk suiwer feministies van aard is of nie, dit word duidelik dat menslike verhoudinge 'n sentrale tema in haar werk is. Met die teks *Monica* raak Baker 'n lewenswaarde of lewensbeskouing van haarself aan. Baker wil die vrou se posisie in die menslike verhouding bevestig deur die gebruikmaking van die motto: *Humankind cannot bear very much reality* – of wou sy dalk sê: *Womankind cannot bear very much reality?*

Alhoewel “verhale wat oor vroue handel; binne familie- en liefdesverhoudings, huwelike en egskeidings; as werkende en alleenlopende vroue, enkelouers; verhale waarin die verhouding met mans dikwels sentraal staan” (Roos, 1998:105) as populêr of hoogstens middelmoet geklassifiseer word – ongeag die degradering van menslike verhoudinge as kontekstuele materiaal vir die inhoud van haar tekste – word dit haar (Baker se) skryfmateriaal. Met *Monica* (1978) gryp Baker ook “terug na die realistiese”, na die realiteit van die alledaagse (sleur van 'n vrou se bestaan) en weerspieël of “reflekteer die roman die engheid in 'n gemeenskap wat vroue as ontmagtigdes opvoed aan die hand van starre konvensies en die Bybel” (Van Zyl, 2006:205).

“Die verhaal is dié van 'n eensame huisvrou vasgevang tussen die verveeldheid van haar daaglikse bestaan en haar byna obsessionele vrees vir ledigheid, vir die moontlikheid dat haar ma se geskiedenis in haar herhaal kan word en uiteindelik vir die lewe én leef self.”
(Johl, 1978:7)

Hiermee bevraagteken Baker die patriargale posisie van die vrou se realiteit binne die tradisionele rol as vrou en die beperkinge wat haar rol as huisvrou vir haar as mens inhou. Vir Baker is dit 'n realiteit wat sekere vorme van abnormaliteit ten opsigte van die werklikheid buite die beperkinge van die huis vir dié deel van haar vrouwees vertoon. Die ironiese gebeur egter – die “huisvrou wat uit die sinloosheid van haar bestaan deurbreek tot wat die filosowe outentisiteit sou noem” (Brink, 1978:17). Die huisvrou keer eerder terug na “die veiligheid van haar huis”; sy kom tot

die “besef dat sy in die veiligheid van haar huis wil bestaan, haar lot wil aanvaar” (Johl, 1978:7). Hiermee word die huis as die vrou se skuiling aangedui, maar is dit ook ’n aanduiding van die besef dat vrouwees (of haar posisie in die huwelik) ’n menslike skuiling vir die vrou as mens kan bied (’n realiteit wat Baker ook later in haar oeuvre aandui). Met die inagneming van Winterbach se *Karolina Ferreira* en Marita van der Vyver se *Griet skryf ’n sprokie*, wat gedurende die negentigerjare eers/ook tot dié slotsom kom, word bevestig dat Baker wel haar tyd ten opsigte van hierdie aspek vooruit was (kyk 4.8). Die vraag ontstaan egter of die vrou haar rol as huweliksmat en moeder, as huisvrou/vrou van die huis, as tradisioneel of as die realiteit van vrouwees moet sien.

Brink (1978) wys daarop dat hierdie vorm van realiteit op daardie stadium deel van menslike verhoudinge en die tradisionele rol van die vrou binne die Suid-Afrikaanse konteks is.

“(...) die daaglikse sleur van Monica se lewe (word) inderdaad ’n eksistensiële ervaring, ’n kamee van die menslike kondisie, ’n variant van Sisuphos. En dit word aangevul deur ’n byna terloopse maar hoogs betekenisvolle ‘plasing’ van één vrou se verhaal in die konteks van ’n Suid-Afrika wat dieselfde patroon herhaal: ‘Ons is almal jare lank bang vir wat kan gebeur, en almal voorspel al jare lank dat die hele situasie gaan ontplof en niemand het ooit iets gedoen nie, (...)’”
(Brink, 1978:17)

Monica (1978) is dus slegs die begin van die ontginning van ’n realiteit wat Baker vroeg in haar lewe self ontdek het en slegs deur toekomstige ervaring (self) tot volwaardige werklikheid die waarheid omtrent vrouwees kon blootlê. Dit is veral wanneer die teks in samehang met twee latere tekste, naamlik *Verbeelde werklikheid* (1996) en *Die ander Marta* (2002) gelees word, dat die ooreenkoms met die sosiokulturele en sosiopolitieke verandering as gevolg van veranderde magstrukture, ’n duidelik veranderende posisie van die vrou binne die patriargale bestel (ook binne Baker se werk) aantoon (vergelyk later in dié bespreking).

In *’n Geslote Boek* (1981) maak Baker weereens van ’n vroulike (ek-)verteller gebruik, maar word dit volgens die meeste resensente ’n cliché van die huisvroulike bestaan (Pienaar, 1982:10). Alhoewel die titel van die teks “aanvanklik verwagtinge van ’n kunsteoretiese aanpak” skep, dui dit “op die aard van die mens” (Van Zyl, 1982:23) wat ’n “baie moeilike tema” is, naamlik: “mense is vir mekaar geslote boeke” (Eksteen, 1982:13). Die bybring van ’n “humoristiese inslag” dra veral by tot die populêre trekke wat haar tekste sedertdien vertoon. “(B)eide die intrige en die

skryfstyl” van dié teks “dui op ’n (blywende) koersverandering by Baker in ’n doelbewuste ligter, meer toeganklike rigting” (Van Zyl, 2006:207).

“Al dra die teks, in aansluiting by die titel, die ernstige boodskap oor dat mense wesenlik vir mekaar geslote boeke bly, word humoristiese strategieë soos ironie, sarkasme, innuendo, die absurde, sinisme en kontras vir die eerste keer ingespan ter karakterisering en in die satiriese ontbloting van diskrepansies en misverstande.”
(Van Zyl, 2006:207)

Die humoristiese sowel as die swaarwigtige tema van die teks, dat mense selfs binne ’n (huweliks-) verhouding – man tot vrou – geslote of selfs onbekend vir mekaar bly, word hierna egter ’n blywende faset van Baker se oeuvre én dui in werklikheid ook ’n ironiese deel van die menslike verhouding of selfs verbintenis tussen ’n man en ’n vrou in die alledaagse samelewing aan (kyk 5.5).

“Beide die humoristiese inslag en die sterk populêre trekke in haar roman onder die naam Eleanor Baker sou lei tot langdurige misverstande met resensente wat toeganklikheid met triviaalliteratuur sou gelyk stel, iets wat Baker as degraderend ervaar het.”
(Van Zyl, 2006:207)

Baker het moontlik veral misken gevoel omdat sy nie noodwendig deel was van ’n bewustelike “(o)ndermyning van die estetiese ideaal” (Roos, 1998:101) nie. Asof Baker eers oor die situasie van die vrou binne die menslike verhouding met die man wil besin, skep sy ’n sprokie, naamlik *Weerkaatsings* (1984). Hiermee word die “tradisionele tema” van die verhouding tussen ’n man en ’n vrou aanvanklik op ’n afstand gehou en geleidelik deur dié ”tema in (die) sprokie prikkelend verdiep” (Van Zyl, 1984:6).

“Die skryfster kyk met begrip na die mens in ’n bepaalde situasie, en handelswyse en optrede word van ver al gemotiveer. Dit is dus nie net ’n intrigeverhaal nie, maar eerder ’n onpretensieuse gestaltegewing aan ’n moontlike werklikheid waarin twee unieke, maar oortuigende karakters figureer. Die waarhede van menslike verhoudings word laag vir laag onthul met ’n besondere trefsekerheid.”
(Van Zyl, 1984:6)

Wat gesien word as ’n liefdesverhaal, is nie eintlik ’n liefdesverhaal nie en wat gesien word as ’n huwelik, is nie eintlik ’n huwelik nie. Die verhouding tussen die manlike en vroulike karakters is soos ’n beplande saketransaksie – dit word ’n sprokiesagtige weergawe van die ware verbintenis tussen twee mense, ’n man en vrou binne die huwelik, ’n weerkaatsing van wat die huwelik nie eintlik is nie. Die man

is die droomman, hy het oorgenoeg geld en hy onthef sy vrou (sy is te siek om eintlik regtig vrou te wees) van alle huislike verantwoordelikhede. Hierdie sprokie bestaan uit oppervlakkige weerkaatsings wat nie tot die wese deurdring nie, die werklikheid kan nie uitgekien raak nie. Eers aan die einde wanneer die liefde oorwin “gee sy haar oor aan hom” (Baker, 1984:189). Die vrou dring daarop aan om haar verantwoordelikhede as vrou ook in die huis na te kom; nou eers is daar sprake van ’n huwelik, verkry hulle saam ’n “vreemde dubbele weerkaatsing” (Baker, 1984:190). Deur die oë van die derdepersoonsverteller – dus nie ’n (vroulike) ek-verteller nie – word (aanvanklik op ’n afstand deur ’n sprokie) aangedui dat dit wat dikwels as die ideale in die huwelik gesien word, nie altyd die ideaal hoef te wees nie, dat die onwerklike deel is van die werklikheid en dat die alledaagse ’n noodsaaklike deel van die werklikheid is.

“Ten slotte, wanneer die mees sprokiesagtige moment bereik word – die *happily ever after* by die see (een van die kardinale elemente van die sprokie) – dit ook die ‘grootste werklikheid’ word. En omgekeerd.”
(Brink, 1984:17)

Die sprokie word met dié slotgegewe verander in “die grootste werklikheid” (Brink, 1984:17), maar gelukkig eindig dié teks net daar en bly dit ’n sprokie. Hierdie “verdeling tussen werklikheid en verbeelding” word ter wille van die sprokie beëindig – so eindig die fantasie net-net (en so ook die storie) betyds en word die storie “op daardie punt van oorgawe gevries” (Viljoen, 1996:38).

“Wat dit fantasie maak, is bloot die feit dat dit betyds ophou. Alle jong pare voel soos hierdie karakters; as hulle lewe op daardie punt van oorgawe gevries kon word, was hulle ongetwyfeld na aan die ideaal.”
(Sophia die ‘skryfster’, die karakter geskep deur Baker in die roman *Verbeelde werklikheid*, aangehaal deur Viljoen, 1996:38)

Asof Baker die noodsaak van so ’n slot vir *Weerkaatsings* (1984) wil bevestig, skep sy ongeveer ’n dekade later die “ontvlugtingsroman” (Viljoen, 1996:38), *Verbeelde werklikheid* (1996). Dit is veral hierin dat Baker daarin slaag om ’n “boeiende verhouding tussen fiksie en werklikheid” te skep (Kannemeyer, 1996:31).

“In die geval van hierdie roman vind die metafiksionele tematiek gestalte in die onderhoudend-vertelde verhaal van Sophia wat die rol van huisvrou kombineer met dié van skrywer van populêre ontspanningsromans.”
(Viljoen, 1996:38)

“(D)ie ideaalwêreld” vir die vrou soos daargestel deur ’n fiktiewe vroueskrywer word die “weerkaatsing” van die “prosaïese werklikheid” van die vrou se alledaagse bestaan. Alledaagse verantwoordelikhede word alledaagse bestaanskrisisse wat vroue as ma’s se lewens reël en die verbeelde romanheldin-bestaan speel gelyktydig in hierdie roman af. Sophia, die hoofkarakter in dié teks, is ’n ma en skrywer wat van haar daaglikse bestaan ontvlug deur die lewe van Elizabeth Linder, die hoofkarakter in die roman wat sy, Sophia, besig is om te skryf. Die roman funksioneer op twee vlakke, naamlik die sosiale werklikhede waarmee vroue te doen kry en dit wat as ’n meer literêre saak beskou moet word – die ervaring van skeidslyne tussen werklikheid en fiksie. Hierdeur word fiksie en werklikheid nie net weerkaatsings van mekaar nie, maar gebeur dit dikwels ook dat daar deur die skepper van die geskepte teks “inbreuk op die werklikheid” gemaak word en “dit wat in die roman as fiksie aangebied word” vertoon “dikwels trekke van die realiteit” (kyk Van Zyl, 2006:212 & Kannemeyer, 1996:31).

Beide stories wat tot stand kom – fiksie en werklikheid – word dus op die een of ander vlak ’n weergawe van “die soort lewe wat baie vrouens lei” (Grobler, 1996:5). Ook word die spel tussen fiksie en werklikheid ’n duidelike aanduiding dat “(v)roulikheid en manlikheid (...) tot die verwikkelde en nooit enkelvoudig-verklaarbare verhouding tussen die werklikheid en die teks, die lewe en die kuns”, behoort (Spies, 1997:50). Dit wat die manlike karakter, Gert, as die werklikheid beskou en die werklikheid volgens Sophia, blyk twee heeltemal verskillende realiteite te wees.

*“Gert verwyf haar loskop gedrag en sê: ‘Jy dryf deur die lewe sonder om kennis te neem van die harde werklikheid.’
‘Dis nie waar nie,’ sê sy seergemaak. ‘Ek verswelg in die werklikheid.’”
(Skrywers en Boeke, 26.06.96)*

Hiermee wil dit voorkom of die vroulike geslag nie grense om die “werklikheid” wil trek nie; of die verbeelding ’n ontvlugting uit die daaglikse werklikheid raak, soos Baker dit in hierdie teks deur die woorde van Sophia stel. Soos Baker op ’n stadium in ’n onderhoud erken, erken sy met die teks self deur die metateks en deur Sophia dat sy/eintlik hulle, nie van die werklikheid hou nie. Daarom word die literatuur gebruik om ’n ander werklikheid in fiksie te skep. Met hierdie teks, so wil dit voorkom, dui Baker in werklikheid nie net haar fyn spel met die eeue oue beginsel van *imitatio* en *aemulatio* (hoofstuk 2) aan nie, maar bevestig dit ook.

“Baker self is die Scheherazade, wat haar deur die gekose motto lewensbeskoulik verbind aan T.S. Eliot (‘... humankind / Cannot bear very much reality’ – *Burnt Norton*), en met humor en verfynde vaardigheid haar leser, tyd en ruimte vergetend, in haar vertelkuns meevoer.”
(Botha, 1996:12)

Hierdie teks word dus ’n “geheime kykie” (Grobler, 1996:29), nie net na hoe Sophia as skryfster te werk gaan nie, maar ook hoe Baker haar skryfwerk benader. Deur van die “metaroman” gebruik te maak, word Baker se lesers hierdeur ’n aktiewe deel van haar skryfproses – ook van haar persoonlike lewensbeskouing. Metafiksie, “naamlik die skryf oor die aard van die skryfproses” (Viljoen, 1996:38), lei die lesers “in ’n kamer van spieëls” (Hambidge, 1992:294) sodat “die vrou se lewe in ’n spieël gesien” (Van Biljon, 1996:11) word.

“As ek *Verbeelde Werklikheid* ’n vroueboek noem, is dit geensins met die doel om af te kam nie. Maar haar insigte is sonder twyfel op die vrou gerig, hoewel mans die boek met vrug kan lees.”
(Van Biljon, 1996:11)

Hierdie teks van Baker word, in teenstelling met haar vroeëre ernstige tekste, uitsonderlik goed ontvang: eerstens omdat die postmodernistiese spel tussen fiksie en realiteit effektief aangewend word en tweedens raak dit duidelik dat resensente verskillende hiërargeringsstrategieë toepas. Eie aan die postmodernistiese filosofie van die negentigerjare word die teks deur sommige resensente bloot as ’n populêre teks beskou, terwyl dit vir ander tussen ’n populêre en ’n ernstiger teks lê. Volgens Viljoen (1996) is “die kundige wyse waarop hierdie roman die aard van die ontvlugtingsroman ondersoek, ’n duidelike aanduiding (...) dat Eleanor Baker lank reeds die deur van die ontspanningsliteratuur (hoe nodig en plesierig dit ook al mag wees) agter haar togetrek het” (Viljoen, 1996:38). Derdens is dit die eerste keer dat Baker rég tref, omdat dié dekade gekenmerk word deur ’n tendens van tekste wat deur en oor vroue geskryf word. Sy sluit dus nou/uiteindelik aan by die literêre gebeure/tendens van die dekade of by haar sosiale groepering, wat deur Britz (1991) as “rebellious women” getipeer is:

“En gedurende die afgelope dekade is dit veral hierdie ‘rebellious women’ (Britz 1991) wat elke faset van hulle tydgenootlike sosiokulturele spektrum op aantoonbaar *anderse* manier beskou en verwoord.”
(Roos, 1998:102)

Alhoewel die “metafiksionele tematiek” volgens Viljoen (1996:38) “in hierdie stadium reeds holrug gery is”, sluit Baker hiermee aan by ’n tendens waar vroueskrywers bewustelik aanspraak maak op gelyke beregtiging binne die maatskappy. Die ontbloting van die waarheid, die werklikheid ook van die vrou se bestaan – iets waarmee Baker eintlik sedert haar debuut in die sewentigerjare (soos hierdie bespreking aandui) – besig was, is nou ook binne ’n meerstemmige Afrikaanse literatuursisteem relevant (kyk 4.9). Met *Groot duiwels dood* (1999) sluit Baker volgens Van Zyl (1999:18) “in ’n mate aan by die hedendaagse vroueliteratuur”. Aanvanklik wil dit voorkom of Baker, soos Scholtz in ’n onderhoud met haar dit stel, “saamry op die Anglo-Boereoorlog herdenkingswa” (Scholtz, 1999:26), maar vanuit ’n hoofsaaklik vroulike perspektief dui sy “die wesenlike onbegrip tussen manlike en vroulike beleving van die werklikheid” (Lategan, 1999:8) aan. Dit gaan dus “liewer oor mense as gebeure” (Baker in Scholtz, 1999:26). Ironies genoeg, gebruik Baker Hanna as vroulike karakter om die wesenlike onbegrip tussen manlike en vroulike beleving van die werklikheid uit te druk:

“Saam met tant Hanna se uitspraak van ‘mag is reg’ dui dit die rigting van die roman aan; dat groot duiwels helaas dikwels aan die realiteit van oorlog ontsnap; dit is die kleintjies wat vir dekades en langer die vernietigende en wrang vrugte van verwoesting pluk.”
(Lategan, 1999:8)

Alhoewel dit eers in ’n latere teks, *’n Ou begin* (2001), opval “dat die meeste voorstellings van mans verband hou met die onreg wat mans vroue aangedoen het” (Coetzer, 2001:9), wil dit voorkom of *Groot duiwels dood* (1999) wel feministiese uitsprake bevat. Dit kan trouens juis beskou word as ’n weerspieëling van die uitwerking van sosiopolitieke magstrukture teen die einde van die eeu:

“Scholtz: ‘Is oorlog net iets wat mans doen?’
Baker: ‘Oorlog was in 1899 inderdaad iets wat net mans gedoen het, maar Milner en Kitchener – twee ongetroude mans, die een ’n geboekstaafde vrouehater – het die reëls verander en vir die eerste keer ’n reeds oneerlike oorlog (vraatsug na goud) geswaai tot ’n immorele een wat teen vroue en kinders gevoer is in ’n poging om die mans tot oorgawe te dwing.’”
(Scholtz, 1999:26)

Volgens Van Zyl (1999) definieer die woorde wat teen die einde in die mond van tant Hanna gelê word, “kennelik die vernaamste doel van die boek” (Van Zyl, 1999:18), naamlik “*n (v)olk wat nie sy eie storie ken nie, sal verarm*”. Dit lyk selfs nou

of Baker ook reken dat 'n vrou of selfs elke vrou wat nie haar eie storie ken nie, ook armer sal wees daarsonder. Daarom kan met reg gesê word dié roman “stuur aan op 'n feministies getinte slot” (Van Zyl, 1999:18), waar tant Hanna die vroulike geslag verteenwoordig en sy aandring “sy wil erkenning hê vir haar groei as vrou en nie weer onderdanig gemaak (mag) word nie” (Van Zyl, 2006:212).

“Julle het van my vereis om sterk te wees, nou mag jy my nie weer verswak nie!”

(Baker, 1999, aangehaal deur Van Zyl, 1999:18)

'n Ou Begin (2001) word 'n eeu later, na gebeure van 'n honderd jaar vroeër, as 'n weerspieëling van die invloed van sosiopolitieke magstrukture op die samelewing aangebied. Die uitwerking van verandering van magstrukture soos dit deur 'n verskeidenheid vroue vanaf die vroegste tye tot by die hedendaagse vrou ervaar is, word refleksies of weerkaatsings van mekaar.

“Die brief is geskryf deur 'n tante wat Hannie se ma bygestaan het met Hannie se geboorte. Sy vertel van Hannie se geboorte. Dit troos Judith dat Hannie gebore is, daar was dus nie net 'n einde nie. Sy noem dit 'n ou begin, maar onteenseglik 'n begin. Sy kan vir die res van haar lewe die briewe lees en alles weer voor begin en eindig. Almal is nou reeds dood, maar hulle hét gelewe en elkeen kan iets daaruit leer. Judith besef ook dat as ons vandag nie meer briewe skryf nie, wat gaan ons kinders en kleinkinders eendag van ons weet? Wat laat ons vir hulle na? Briewe is dus 'n belangrike deel van ons verlede.”

(McKnight, 2003:16)

Vroue se lewenswyse van honderd jaar gelede – hier deur die karakter van tant Hannie – word beskryf. Hierdie vertelling, wat deel vorm van beskrywings soos gevind in briewe, help die hedendaagse vrou (hier Judith) om perspektief op haar eie lewe te kry (kyk 4.9). Die vraag ontstaan of Baker daarin slaag om die hedendaagse leser, en veral die vroulike leser, tot insig in haar eie omstandighede te bring.

“Die briewe van voormoeder Hannie speel definitief 'n belangrike rol in die reis na selfontdekking. Behalwe vir interessante inligting wat gegee word oor die lewenswyses van honderd jaar gelede, dra dit ook die boodskap oor dat swaarkry nie mense uitmekaar laat skeur nie, maar eerder nader aan mekaar gebring het. Die verlede van die voorgeslagte interesseer vroue die meeste: Judith het dit aan Judith gegee om te lees en Judith se dogter, Deirdre, wil dit ook lees.”

(McKnight, 2003:17)

Op 'n Karoodorpie (opvallend kies Baker wéér hierdie ruimte vir afsondering) word Judith gedwing om langer te vertoef as beplan. As deel van 'n wegbreek van

huis en haard – die alledaagse, maar ook ’n gebroke huwelik – leer sy ook ander mense ken, veral vroue. Sy kom gou agter dat “almal ’n storie het om te vertel” (McKnight, 2003:17) (kyk 4.9). Deur ook na ander se stories te luister, word aangesluit “by Baker se bekende dictum dat ’n mens deur die interaksie met ander mense tot ’n volledige menslikheid kan groei” (Kannemeyer, 2005:447).

Die lewe van geslagte van vroue se vroue word spieëlbeelde of weerkaatsings van mekaar, maar ook ’n ontbloting van waarhede oor vroue binne die tradisionele patriargale bestel – vanuit ’n kolonialistiese tot ’n postkoloniale bestaan. Uit hierdie navorsing wil dit dus voorkom of Baker met hierdie teks binne ’n klimaat van identiteitskrisisse daarin slaag om aan te sluit by die postkoloniale teks soos eie aan die Afrikaanse literêre veld vroeg aan die begin van die een-en-twintigste eeu (kyk 4.9).

“Vrou-wees in ons tyd word beskryf en deur Judith se herinneringe en indrukke herken lesers ook hulle eie lief en leed.”
(McKnight, 2003:17)

“(D)ie herbesoek aan gebeure van die verlede” word deur Baker “intens verweef (...) met die belewenis van die hede” (Roos, 2006:78). Sodoende verkry dié (*n*) *Ou begin* terapeutiese waarde vir die lesers, maar het dit ook sodanige waarde vir Baker as skryfster gehad, want met hierdie teks word dit duidelik “hoe aktueel die verwikkelde en problematiese verhouding tussen die verlede en die hede steeds binne die Afrikaanse prosa is” (Roos, 2006:57; kyk 4.9).

n *Ou begin* (2001) ontbloot die wese van die vrou as dié van ’n gewone mens. Die noodsaaklikheid van die alledaagse bestaan kry weer betekenis vir Judith wanneer sy wil wegkom om te kyk wie sy is as sy nie ma en vrou is nie.

“Die verantwoordelikhede waarvan sy wou wegkom, raak egter gou weer deel van Judith se lewe, sy besef dit is die moedergeen: sy moet altyd versorg. Sy besef dat natuurlike, eenvoudige en noodsaaklike dinge soos skottelgoedwas, ook belangrik is.”
(McKnight, 2003:16)

n *Ou begin* ontbloot egter ook die wese van die man as ’n gewone mens. Deur die teks posisioneer Baker die vrou “in die onderskrywing van houdings en waardes oor die huwelik, gesin en gemeenskap” (Coetzer, 2001:9). Nie net word beelde van die dominante magposisie as die intellektueel-elitistiese groepering van die verlede

opgeroep nie, maar word die fokus ook geplaas op die hedendaagse vrou, veral op haar problematiese verhouding met dié (soort) man.

“Ook die neigings van sommige mans om onbedagsaam en terselfdertyd veeleisend in ’n verhouding met ’n vrou op te tree, vind sy (Judith) in die dorp.”
(Britz, 2001:7)

Binne die polifoniese aard (kyk 4.9) en waarskynlik binne ’n demokratiese bestel word dit vir Judith moontlik om selfs so ver te gaan en te sê: ‘*mans is varke*’. Judith (*’n Ou begin*) vra saam met Hanna (*Groot duiwels dood*): Met verloop van sosiologiese verandering het omstandighede óns verander, maar het julle – mans – verander?

‘Julle is oorlog toe en het vir ons gesê om die leisels oor te neem ... En ons het. Ons het. Julle het gesê ons moet sterk wees en ons was. Ek het Groenkop aan die gang gehou, ons het in grotte gewoon, ons is soos vendusiefee aangejaag na die kampe waar ons sterker moes wees as wat julle voorsien het. Ek is nie meer die vrou wat jy drie jaar gelede gegroet het nie, Johannes.’
(Baker soos aangehaal in Lategan, 1999:8)

Volgens Lategan (1999:8) word ’n belangrike element in *Groot duiwels dood* (1999), en duidelik ook in *’n Ou begin* (2002), geaktiveer, naamlik “die wesenlike onbegrip tussen manlike en vroulike belewing van die werklikheid” (Lategan, 1999:8). Hierdie aspek neem Baker verder. Asof sy die “verskillende skakerings van menslike verhoudings” (Lategan, 2003:40) binne die huwelik as patriargale instelling wil uitklaar, skep sy *Die ander Marta* (2002) – ironies is dit ook haar laaste roman. In hierdie teks word die waarhede oor die sprokiesagtige einde van “soetsappige liefdesverhale” onthul – dit wat van ’n sprokie ’n sprokie maak: “and they lived happily ever after”. *Die ander Marta* (2002) vertel “wat in sulke boeke verswyg word, naamlik die storie van die held en heldin meer as dertig jaar na die troudag” (Jansen, 2003:9).

Van Zyl (2006) wys daarop dat “Baker se laaste ‘ernstiger’ roman” *Die ander Marta* (2002), “ligvoets (beweeg) (...) met ’n populêre aanslag” en dat dié teks “nogmaals oor kardinale sake” handel, “hier veral die kwade gevolg van chauvinistiese mans se gestereotipeerde perspektief op vroue”:

“Marta (soos telkens by Baker intelligent en gegraduateerd) is soos haar Bybelse dienswillige naamgenoot vasgevang in ’n verstikkende huishoudelikheid, asook in ’n afbrekende verhouding met die starre

Hendrik, maar ook deur haar verterende ellende oor die dogter wat sy moes afstaan en haar uitdyende figuur. Dit lei tot 'n wegbreek en tot die opbou van 'n nuwe lewe en vriendekring aan die Weskus wat haar perspektief op verhoudings verruim. Die roman gee 'n baie herkenbare en oortuigende beeld van hoe die keurslyf van konvensies en tradisies binne verhoudinge vroue in teennatuurlike rolle kan inforseer en illustreer effektief hoe verbale mishandeling 'n vrou se selfbeeld kan afbreek en haar oor jare haar selfvertroue, onafhanklikheid en identiteit kan ontnem." (Van Zyl, 2006:214)

Die vrou as die dienende Marta word al van generasie tot generasie deur vroue beskryf, in 'n poging "om die verborge totaliteit van die lewe te onthul" (Scholtz, 1992:437). Soos reeds in hierdie studie aangedui, strek die leitmotief/leidende gedagte van die dienende Marta binne die Suid-Afrikaanse literatuur en die Suid-Afrikaanse konteks so ver terug as Schreiner se *The Story of an African Farm* (1883) – 'n teks wat as beginpunt dien van baie weergawes van wat beskou kan word as feitlik dieselfde storie soos deur verskillende vroue vertel:

"Lyndall's story (...) (is) the same story, linked by (the) awareness that any preordained fate removes an element of free will, individual choice, and liberty of movement." (Kyk 3.5)

Liefde as bindingsmiddel van die huwelik word gelykgestel aan dienslewering deur die vrou aan haar man, kinders, huis (en die kerk): "*Her idea of love was only service*" (Schreiner in herdrukke uitgawe, 2004:168). "Wanneer outeurs soos Hettie Smit en M.E.R. (wel) op die voorgrond begin tree" en binne die Afrikaanse literatuursisteem "deur geskiedskrywers erken word, is dit opmerklik dat hul verhale die siening van die vrou as ondergeskikte, 'n *dienende Marta* (...) as emosionele slagoffer oorheers, of dat hulle vroulike karakters die basiese konvensies van die Afrikaner-establishment van die tyd steeds onderskryf" (Roos, 1998:102). Soos reeds aangedui (kyk 3.6 & hoofstuk 4), word hierdie siening voortgesit deur vele Afrikaanse vroueskrywers. Na aanleiding van die herdrukke uitgawe van Marie Heese se *Die uurwerk kantel* (1976), beskryf Greeff (2006:4) hierdie teks steeds as 'n roman wat "tereg in bepaalde Afrikaanse kultuurkringe as 'n *classic* bestempel" word. Heese (2006) beskryf die vrou se onderdanige posisie binne die patriargale verhouding as die dienende Marta:

"*May you each and every one have this ambition above all: to be of service*."

(Heese, 1976:61, 62) (kyk ook 3.6 & hoofstuk 4)

Die vraag ontstaan of die Marta wat Baker skep, maar net nog 'n uitbeelding van hierdie dienende vrou is. In *Die ander Marta* (2002) word dit duidelik dat Marta ook deel van 'n geslag vroue is wat deur sekere organisasies en die kerk gebreinspoel is om hul plek te ken. In 'n "opheffende praatjie van die VLV leer sy die deugde van 'n goeie vrou: selfontkennend, altyd die mindere wat nie argumenteer of rusie maak of haar laat geld nie. Die vrou leer dat mans voor in die motor sit en die vrou agter. Mans mag maar op hulle vroue skreeu en met hulle praat asof hulle dom is. Dit is die vrou se plig om dit maar af te lag" (Jansen, 2003:9). Binne die raamwerk van dié roman word weereens aangedui hoe die minderwaardige posisie van die vrou binne die huwelik nog altyd as vanselfsprekend aanvaar is. Stereotipering van vrouwees en stereotipering van manwees oor beide geslagte, bestaan dus by beide geslagte, maar word gewoonlik ook deur beide geslagte self oorgedra.

"'Mans hou nie van beterrweterige meisies nie. 'n Wysneus. Jy moet altyd die mindere wees, hom goed laat voel.'

'Hoekom?'

'Jy is die een wat baat. As hy goed voel, hanteer hy jou mooi.'"

(Baker, 2002:22)

"'Jy het 'n goeie brein aan jou,' het haar ma voortgegaan. 'Dis belangriker as 'n wulpse lyf.'

'Ek dog Ma sê nou net ek moet my brein wegsteek,' het sy liggies spottend gesê.

Haar ma was onthuts. 'Nee, dis nie ... ja, wel, ek het net gesê jy moenie daarmee te koop loop nie. Mans wil nie minderwaardig voel nie. Jy moet hom te alle tye laat dink dat hy die sterkste en slimste is.'"

(Baker, 2002:23)

"'Martie,' het haar ma gesug. 'Wat is dit vanaand met jou? Ek probeer jou raad gee. Dis nodig vir jou toekomstige geluk dat jy verstaan hoe dit werk. As jy eendag geluk wil vind, moet jy nou al leer om die mindere te wees.' Die gesprek het Mart verwar en frustreer. Haar ma het geïmpliseer dat seuns en mans op die een of ander wyse gestremd is. Hulle het spesiale behandeling nodig; die erkenning van iets so basies, so eenvoudigs as dat 'n vrou ook 'n brein het, kan hulle van balans afgooi.'

(Baker, 2002:23, 24)

In *Die ander Marta* (2002) poog die karakter Marta om versoen te raak met waarhede wat 'n huwelik van dertig jaar met haar man, Hendrik, vir haar blootlê. Na dertig jaar saam, verbind binne die huwelik, wettiglik en voor God – tot die dood hulle sal skei – is die enigste wegkomkans uit hierdie menslike verhouding vir Marta, selfmoord (wat met die aanvang van dié teks in besonderhede beskryf word).

“Eleanor Baker se nuwe roman het as tema die ‘dienende Marta’ wat met al haar verborge verlangens en vrese aanhou om haar rol gediensig te vervul, maar dan deur ’n groot ingryping (hier grootliks deur haarself geïnisieer) geleidelik bevry word.”
(H&R, 2002)

Dit is egter nie net deur ’n onsuksesvolle verdrinking as selfmoordpoging alleen dat Marta ’n tweede geleentheid op die lewe kry nie. Binne ’n “kleurlinggemeenskap” aan die Weskus verruim haar “perspektief op verhoudings” (Van Zyl, 2006:214). Die leser kom egter gou tot die insig dat hier sprake van ’n *ander Marta* is. Binne ’n bevryde sosiologiese bestel word dit vir hierdie Marta moontlik om haarself te red (letterlik en figuurlik). Baker slaag met hierdie roman daarin om op ’n eenvoudige wyse die noodsaaklikheid van menslike verhoudinge (betrokkenheid by mekaar se alledaagse bestaan) nie net te beklemtoon nie, maar ook aan te dui hoe gunstige sosiale omstandighede dit moontlik maak om bo die realiteite van menswees uit te styg.

Die leser kry hier te doen met ’n moderne vorm van Romantiek. Pereira (1992:447-451) verwys na ’n “nuwe dimensie” waar “emansipasie van die vrou” deel vorm van die Romantiek. Baker slaag daarin om as deel van ’n veranderde Suid-Afrikaanse samelewing die eeue oue “kenmerkende verskille tussen die gees van die vrou en dié van die man” na vore te bring, maar nou binne ’n moderne betekenisstruktuur. Ook vind “die propagering van ’n volmaakte en harmonieuse eenwording, na gees en liggaam, van die geslagte” plaas (Pereira, 1992:451). In ’n poging om “ons oënskynlik ondramatiese klein bestaan” (Lategan, 2003:4) te verstaan, verwoord Baker die opvolg van die sprokie soos dit binne “die tydgenootlike sosiokulturele spektrum” (Roos, 1998:102) ervaar word. Baker vertel nie net vanuit ’n derdepersoonsvertelling nie, maar skep ook ’n derde persoon, die karakter Dead Ice, wat op ’n regterlike wyse die patriargale verhouding aanskou, beskou en binnedring en geregtigheid binne dié huwelik bewerkstellig.

“Teen wil en dank moet Hendrik leer hoe mans en vroue se koppe ‘deesdae’ werk, en Dead Ice (oftewel Marina) toon geen genade nie.”
(Lategan, 2003:4)

Soos die uitwerking van ys op gekneusde weefsel, bring sy verligting van pyn en selfs genesing binne ’n voos huwelik deurdat “die onwaarskynlike verhouding tussen Hendrik en Dead Ice ook sy vooropgestelde idees oor vroue en verhoudings” (Van Zyl, 2006:214) verander. Dead Ice, ’n tipiese kind van die nuwe bedeling (’n

nuwe Suid-Afrika), slaag daarin om “die grense van sy idee van geslagsrolle” hopelik “onherroeplik (te) verskuif” wanneer sy hom ’n “dure les” leer, naamlik “dat manlike meerderwaardigheid, die oortuiging waarmee hy sy huwelik met Marta ingegaan het, nie bestaan nie en dat alle mense gelykwaardig is” (Kannemeyer, 2005:447).

“Huisdiere,’ sê hy en daar is soebat in sy oë. ‘Nes jy altyd wou hê. Hulle slaap voor die stoof, lê op ons skote in die televisiekamer.’

‘Voor die stoof.’

‘Tot hulle geleer is,’ sê hy. ‘Ek het ’n opening gemaak in die agterdeur dat hulle kan in en uit.’

‘My,’ sê sy. ‘Jy’t ook verander, Hendrik.’

Hy steek sy hand uit en sit dit bo-op hare. ‘Kan ons nie weer probeer nie, Mart?’

Sy kyk af na sy hand en die trouing wat sy dertig jaar gelede aan sy vinger gestee het. ‘Die woord ‘weer’ is reg,’ sê sy langsaam. ‘Soort van. Eintlik moet jy sê van nuuts af. Van voor af.’

‘Ek is nou ’n ander Marta. Nie meer ’n dienende een nie, verstaan jy? ’n Ander een. Ek laat my nie meer voorsê of vertrap nie; as daar nou voete gewas word, is dit myne.’”

(Baker, 2002:247)

Die invloed van “eietydse sosiale impulse” (Willemse, 1999:4) op Baker se werk word duidelik wanneer haar oeuvre in ’n kontekstuele benadering soos hierdie in oënskou geneem word. Alhoewel Baker gebruik maak van ’n vroulike verteller, word dit duidelik dat daar veel meer as bloot ’n vroulike perspektief agter die vertelling skuil. Met die vertelling ontbloot Baker waarhede oor die lot van die vrou aan die leser as deel van “verskillende skakerings van menslike verhoudings” (Lategan, 2003:4), maar ook binne veranderende sosiale omstandighede. Ontwikkeling in die patriargale verhouding vanuit ’n minderwaardige tot ’n gelykwaardige posisie vir die vrou, word oor ’n tydperk van drie dekades (ironies ook die tydperk van Baker se skrywersloopbaan) as kleiner sisteem teen die agtergrond van sosiopolitieke en sosiokulturele veranderinge van die Suid-Afrikaanse konteks as groter sisteem waargeneem (kyk 3.1 & 4.5 – 4.9).

Met haar eerste teks wat meer as slegs ’n vroulike perspektief toon, naamlik *Monica* (1978), is Monica, ’n “eensame huisvrou”, se enigste wegbreek “uit die verveeldheid van haar daaglikse bestaan” slegs maar geleë in “ontvlugting in haar herinneringswêreld” in. Monica is nie soseer abnormaal nie, maar word geteken as ’n besonder ingeperkte selfgesentreerde figuur met analitiese trekke. Haar saai, leë huislike milieu of haar tradisionele chauvinistiese (hoewel redelik simpatieke) eggenoot lê Monica nie aan bande nie, maar haar depressie weens ’n minderwaar-

digheidskompleks oor haar eie onvermoëns (verwys na Van Zyl, 2006:205) veroorsaak dat haar huis en haar drome haar “veilige geborgenheid word” (Kannemeyer, 2005:443). Dit gebeur dus dat sy doodeenvoudig “haar situasie as haar kruis” (Johl, 1978:7) aanvaar.

“Alles wat sy vandag doen, moet môre weer gedoen word. Dit hou nooit op nie en dit sal nooit ophou nie. Dit sal aanhou van nou af tot in ewigheid. Amen’.”

(Baker, 1978 soos aangehaal deur Johl, 1978:7)

Sowat ’n dekade later waag Baker dit om die Suid-Afrikaanse vrou se agterstand ten opsigte van emansipasie teenoor die Europese vrou in *Die kwart-voor-sewe-lilie* (1989) met mekaar te vergelyk. Iris se twee susters word teenoor mekaar gestel. Iris self, die hoofkarakter, word beskryf as ’n “jong vrou op soek na iets wat ’n bietjie meer buitengewoon is as die afgestompte bestaan van ’n voorstedelike huisvrou”. Sy word ook geskets as ’n vrou “wat haar wil emansipeer van die hinderlike beperkinge van die middelklas, maar nie die moed het om dit deur te voer nie”. Iris se “hoë verwagting van ’n bevrydende liefde” eindig maar weer as dié van ’n “getroue eggenote wat haar plek in die familie en die gemeenskap vol staan soos van haar verwag word” (Pakendorf, 1989:6).

“Haar dagdrome het opgedroog (...). Die alledaagse roetine het dus die hunkering na die buitengewone verdring, en Iris het geleer dat die lewe nie ’n storieboek is nie en maar net ’n naam.”

(Pakendorf, 1989:6)

Binne ’n veranderende Suid-Afrikaanse bestel waag Baker dit nog ’n dekade later om met *Verbeelde werklikheid* (1996) ’n teks te skep waarin duidelike teenkanting deur ’n vrou, Sophia, teen die patriargale konvensies van die huwelik voorkom. As deel van ’n metateks, word die onreg wat binne die huwelik aan vroue gedoen word, oopgeskryf. Nie net werklikheid en fiksie word teenoor mekaar gestel nie; ook die binnekant van die huis teenoor dit wat in die wêreld daar buite aangaan, die lewe van ’n vrou vasgevang binne die patriargale bestel teenoor die lewe van een wat haarself daaruit bevry het. Hierin staan ook ’n sosiologiese bestel steeds onder druk van ’n chauvinistiese manlike magstruktuur teenoor ’n demokratiese bestel, waar geslagsgelykheid as moontlikheid gestel word, maar slegs as deel van ’n storie – of ’n nuwe soort sprokie wat in ’n ander storie vertel word. Dit gebeur dus dat die waarheid oor die werklikheid/realiteit van vrouwees steeds verskuil moet bly en in ’n storie verhuil moet word.

Eers met *Die ander Marta* (2003) word daar (letterlik en figuurlik) weggebreek van die tradisionele konvensies van die huwelik, loop die vrou weg en ontwikkel vir haarself 'n nuwe lewe. Om “*nuutgebore*” (Baker, 2003:249) te raak is dit volgens Marta ook nodig om vryheid van spraak te kan hê, want “(a)an die wortel van hierdie verhoudinge lê die onvermoë om genoegsaam en toereikend te kommunikeer” (Lategan, 2003:4) en word “Marta se keelseer simbolies van wat met vroue gebeur wat swyg: die liggaam rebelleer” (Jansen, 2003:9).

“Ek weet ek moes gepraat het. Teruggepraat het. My sê gesê het in plaas daarvan om my mond toe te stop met kos. Ek het gedink 'n goeie vrou doen dit nie en ek was verkeerd.’

‘Jy moet verstaan dat ek kan dink en besluit, ek is nie net aan jou sy om altyd die minste te wees nie.’
(Baker, 2003:248)

Deur die waarheid omtrent die werklikheid van die sogenaamde sprokies-huwelik te ontbloot, kan Baker nou die stilswye verbreek en wel omdat die sosiologiese omstandighede van die tyd dit (ook vir haar as skrywer) moontlik maak (kyk 5.5). Binne 'n nuwe Suid-Afrika, waar daar vir geslagsgelykheid geveg word, geld Schreiner (1885) se woorde: *‘The difficulty is not to speak; the difficulty is to keep silence’*, waarskynlik nie meer nie.

“(V)ersoening van binêre opposisies” (Van Zyl, 2006:214) – tussen die manlike en vroulike geslag – is volgens hierdie teks geleë in die demokratiese reg tot vryheid van spraak, die oop kommunikasiekanale ook binne die patriargale bestel.

‘Jy weet nou alles.’

‘Dis nie waar nie, Hendrik. Ek weet nie alles nie, nes jy dit ook nie weet nie, maar tussen ons, as ons die saak uitpraat, kom ons dalk agter wat die regte ding is om te doen.’

(Baker, 2003:248)

Baker dui hiermee aan dat sosiologiese verandering dit vir die vrou van die nuwe millennium moontlik maak om nie net te droom van 'n ander lewe buite die huis nie, maar bevry te raak om as 'n ander Marta terug te keer na haar huis. In *As 'n pou kon vlieg* beskryf Baker hoe sy by die lessenaar in die een hoek van die kombuis aan *Monica* (1978) gesit en skryf het. Die teks *Monica* (1978) (kyk 5.3) was slegs maar die begin van die ontginning van 'n realiteit wat Baker vroeg in haar lewe self ontdek het. Verder was dit sekerlik slegs deur toekomstige ervaring van ongeveer dertig jaar se getroude lewe dat waarhede rondom die realiteit van vrouwees ook vir haar, Baker, ontbloot sou word.

Deur haar “bemoeienis met die onderdrukkende posisie waarin die vrou in die algemeen” (Du Plooy & Viljoen, 1992:34) gedurende veral die laaste drie dekades van die twintigste eeu haar steeds bevind het, het Baker saam met baie ander vroueskrywers haar ook aangesluit by ’n “poging om ’n hele stuk eietydse vroulike, Suid-Afrikaanse bestaanskrisis te beheer” (Marais, *Die Transvaler*, 25.8.87). Met die gebruikmaking van die emansipasie van die vrou as deurlopende leitmotief, bereik Baker se oeuve ’n hoogtepunt met *Die ander Marta* (2002). In hierdie teks word tot ’n slotsom gekom – die bevryding van die individu is binne ’n bevryde gemeenskap moontlik. Vanuit haar eie lewensbeskouing bevestig Baker hiermee dat, indien die waarheid rondom menslike verhoudinge nie ontbloot word deur daarvoor te kommunikeer nie, dit vir individue moeilik is om met die realiteite van die lewe saam te leef.

Ontwikkeling rondom vryheid van spraak en die realiteit van wat vrouwees werklik vir die vrou inhou, word binne Baker se oeuve waargeneem, dus asof deel van ’n kousaliteitsverskynsel. Die geleidelike verandering omtrent vryheid van spraak oor die posisie van die vrou binne die patriargie kan in ooreenstemming met die verandering rondom vryheid van spraak vir vroue soos dit geleidelik binne die Afrikaanse literatuursisteem plaasvind, gesien of geplaas word. Laasgenoemde het weer plaasgevind as gevolg van sosiologiese verandering wat gevolg het op sosiopolitieke verandering of magsverandering binne die Suid-Afrikaanse sosiologiese bestel of maatskappy (kyk 3.5 & hoofstuk 4).

Die geleidelike verslapping van norme en waardes rakende patriargale konvensies wat onder druk van veranderde sosiopolitieke magstrukture in die Suid-Afrikaanse samelewing vanaf die sewentigs tot vroeg in die nuwe millennium plaasgevind het, word in haar oeuve weerspieël. Aan die einde van Baker se skrywersloopbaan wil dit voorkom of sy doodeenvoudig skryf wat sy wil en soos sy wil – én ook vir wie sy wil (kyk 5.5). Ironies genoeg word hierdie teks, *Die ander Marta* (2002), aan die begin van die nuwe millennium as populêre literatuur gekategoriseer, maar terselfdertyd óók as een van Baker se ernstiger tekste beskou.

“Ook hier is dus sprake van die dubbele bodem: die doelbewuste keuse van ’n populêre vorm om te illustreer dat ons dalk maar almal so is. *Die ander Marta* wil daardeur, soos heelwat van Baker se romans, dieper lewenswaarhede ligweg oordra. Juis die herhaalde keuse vir ’n ligter tred, selfs op die vooraand van haar dood, gee aan Eleanor Baker se roman (soos aan haar oeuve) ’n heel besondere dimensie – naas ’n viering van

die lewe en die positiewe. Dit maak ook haar werk by uitstek toeganklik en genietbaar vir 'n ruim publiek.”
(Van Zyl, 2006:214)

5.5 “ANGELS CAN FLY BECAUSE THEY TAKE THEMSELVES LIGHTLY”

“There is only one thing that you write for yourself, and that is a shopping list. It helps to remember what you have to buy, and when you have bought everything, you can destroy it, because it is (of) no use to anybody else. Every other thing that you write, you write to say something to someone.”
(Eco, 2005:334)

In die mees resente Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing, *Perspektief en profiel 3* (2006), beklemtoon Van Zyl (2006:202) dat Baker 'n “uitmuntende storieverteller en karakteriseerder (is) wie se werk waarskynlik nog lank gelees sal word deur 'n breë en waarderende groep ondersteuners”. Baker slaag daarin om die kommunikatiewe model te (laat) voltooi. Haar tekste word vandag steeds gelees. Sekerlik dui dit op die bereiking van 'n doelwit – dat dit wat deur die skrywer geskryf word, wel gelees sal word. Baker se werk was “besonder gewild by leeskringe”. Dit is juis die (konkrete) teenwoordigheid van dit waarin Baker geglo het en van dit wat sy was, wat in haar werk as konstantes voorkom, wat die ontmoeting tussen Baker en haar lesers moontlik gemaak het (kyk Van Zyl, 2006:202 & 216).

“Sy was in baie opsigte presies soos haar boeke (...)’
‘Pretensieloos met 'n baie fyn humorsin; 'n meester met mense.’”
(Pelser, 2002:6)

Dit is ook hierdie eienskappe wat as hoofkenmerke in haar tekste voorkom, wat “in die proses 'n versoening plaas tussen die toeganklike en die ernstige, met verworpenhede van beide: die teks is leesbaar, toeganklik en boeiend, maar verwikkeld eerder as oppervlakkig of simplisties” (Van Zyl, 2006:216).

“Terwyl die leser gerig op ontspanning die boeiende storie geniet, kan die intellektueel gerigte leser veel behae put uit byvoorbeeld die skerp insig in die menslike kondisie, die tegniese grepe, die ironiese perspektief.”
(Van Zyl, 2006:216)

Humor is 'n kenmerkende “strategie” (Van Zyl, 2006:217) waardeur Baker haar kyk na delikate verhoudings tussen mense in gemaklike leesstof omskep. Sodoende word dieper lewenswaarhede ligweg oorgedra. As “implisiete outeur” maak Baker

suksevol gebruik van literatuur – haar tekste – om sekere lewensbeskouinge aan haar implisiete leser(s) oor te dra. Baker se humoristiese aanslag vorm ’n ingeweepte deel van haar vroulike perspektief op die alledaagse, wat dit weer vir die leser moontlik maak om “die siening van ‘waarheid’ wat uit die teks spreek” af te kan lei (Steenberg, 1992:260 & 262).

Alhoewel die teks *Die kwart-voor-sewe lelie* (1988) deur die meeste resensente as haar mees humoristiese teks gereken word, vorm humor ’n funksionele strukturelement wat bydra tot die uitwys van die ironie as “jukstaposisie van teenstrydighede” (Pretorius, 1992:190) in Baker se oeuvre. Hiermee kom ’n deurlopende “leitmotief in haar werk” tot stand, naamlik die “onwaarskynlikheid van wat kan gebeur” (Pelser, 2002:6), maar ook die “onkenbaarheid van die werklikheid en die onvoorspelbaarheid van die toekoms” (Van Zyl, 2006:209).

“Baker se romanwêreld is inderwaarheid ’n romanwêreld.”
(De Vries, 1975:19)

Dat Baker se romans nie bloot net ’n “kopie van die daaglikse lewe is nie”, maar dat haar leser(s) te doen het met die dikwels onwerklike van die werklikheid, word moontlik gemaak deur die skep van “kontras en konflik tussen die nugtere realisme en ’n droomwerklikheid” (Van Zyl, 2006:209). Haar lesers word telkens herinner dat dit wat hulle lees, ’n “roman is en nie die realiteit wat dit voorgee om weer te gee nie” (Pretorius, 1992:192). Met ’n deurlopende humoristiese aanslag veroorsaak Baker dus ’n “konstante wisselwerking (...) tussen die skyn van die lewe en die realiteit van die kuns” (Pretorius, 1992:192).

Wanneer Baker dan G.K. Chesterton aanhaal: “Angels can fly because they take themselves lightly” en as motto van *Die kwart-voor-sewe-lilie* (1988) gebruik, staan sy waarskynlik ook as “kunstenaar apart van (haar) werk”, maar probeer sy ook “terselfdertyd om (haar) bewustheid van (haar) ironiese posisie in die werk te inkorporeer” (kyk Pretorius, 1992:190-192).

“Maar Baker was wyd bekend om haar humorsin, en dit het goed weerklank gevind in *Die kwart-voor-sewe-lilie* (1988). Die boek is in die isolasiejare geskryf en hierin spot sy fyn met haar landgenote en die situasie.”
(Lombaard, 2002:4)

Daar is veel meer verskuil agter die humor en ironie as bloot net nog ’n ligte “damesromannetjie”. Hambidge (1989) dui aan dat “Baker (...) bedrewe (goël) met

konvensies”, maar sien ook in dat Baker se “damesroman met ironiese sousie imponeer” (Hambidge, 1989:10). Hiermee word beklemtoon dat Baker veel méér betrokke literatuur geskep het as wat daar deur rolspelers besef of selfs erken is. Verder gee die teenwoordigheid van humor as strukturelement aanleiding tot ’n minder aggressiewe beskrywing rakende die posisie-inname van die vrou in die patriargale verhouding. Daarby verskuil sy haar lewensbeskouing binne ironie as strukturelement soos dit in feitlik al haar tekste voorkom. Tog lyk dit of van haar tekste, veral dié sedert die tagtigerjare, wel aansluit by die “rebellious women” (Britz 1991) wat “elke faset van hulle tydgenootlike sosiokulturele spektrum op aantoonbaar anderse manier beskou en verwoord” (Roos, 1998:102).

“Wie de dichtersessen chronologisch achter elkaar leest ziet een beeld van een traditie, van voortbouwen op elkaar, van thematisch, formele en intertekstuele verwantschappen.”
(Meijer, 1988:7)

Dit kan dus binne ’n kommunikatiewe model gebeur dat net ’n sekere gedeelte van die werklike lesers (waarskynlike lesers) wat wel haar tekste lees of geles het, ontvangers van sodanige tekste (kan) raak of geraak het.

“In verband met die sogenaamde binêre opposisie wat in die tagtigerjare onderskei is tussen populêre en ernstiger tekste en die waardeoordele wat daarmee verbind is, is dit begryplik maar jammer dat Baker haar in so ’n mate gesteur het aan resensies en kritiek eerder as om bloot daaruit te neem wat sy relevant vind en die res te ignoreer. Veel belangriker is kriteria soos die komplisering van die teks, die integrasie van elemente, die psigologies-oortuigende hantering van karakters of die gebruik van humor as strategie.”
(Van Zyl, 2006:207)

Dit is juis die toepassing van humor wat dit vir Baker moontlik maak om “populêre en literêre elemente tot sintese (te) bring” (Van Zyl, 2006:213). Van Niekerk (1999:437) dui aan dat die bestaan van “‘tipies vroulike’ temas (...) wat byvoorbeeld handel oor liefde, ouerskap, ensovoorts (...) ’n (g)evaarlike suggestie” is, veral omdat “‘universele temas’ (...) soos digterskap” as teenpool van die vroulike gestel word. Hiervolgens word dus geïmpliseer dat “verskillende estetiese objekte uit dieselfde artefak tot stand gebring kan word” (Steenberg, 1992:262) en dat erkenning gegee word aan verskillende werklike lesers – sommige waarskynlik gerig op vroulike aspekte en ander gerig op wat as universele aspekte onderskei kan word.

“Vroulikheid en manlikheid behoort tot die verwickelde en nooit enkelvoudig-verklaarbare verhouding tussen die werklikheid en die teks, die lewe en die kuns.” (Spies, 1997:50)

Die feit dat Baker as vrou die vroulike geslag verteenwoordig en verder die feit dat sy die lot van die vrou, die waarheid en die werklikheid van haar alledaagse lewe of gesleur ontbloot, sou noodwendig veronderstel dat nie alle werklike lesers implisiete lesers van haar tekste kan wees nie. Die waarskynlikheid dat vroue eerder haar implisiete lesers sal wees, is groot, wat nie noodwendig beteken dat manlike lesers sodanige tekste nie sal verstaan nie. Dit wat deur vroulike lesers in of uit sodanige tekste van Baker ontsluit word, is egter nie noodwendig “die (vanselfsprekende) verwagtingshorison waarop begrip van die teks berus nie, maar wel die visie van die implisiete outeur” (Steenberg, 1992:262), dus van Baker se eie lewensbeskouing.

In ’n resensie deur Hambidge (1989): “Baker goël bedrewe met konvensies”, dui Hambidge ook haar posisie binne die kommunikatiewe model aan. Wanneer sy na haarself verwys as “hierdie leser” moet besef word dat sy as leser egter binne die literatuursisteem eintlik op twee vlakke lees: eerstens as individu, en tweedens as rolspeler in die literêre veld van die periode, met ander woorde as resesent of kritikus. Hierdie dubbele lesersrol vind geleidelik plaas wanneer die resesent lees, omdat hy/sy lees met die oog daarop om ook ’n resensie as literêre produksie te skep na aanleiding van ’n spesifieke teks (of opdrag), waar die hoof funksie van sodanige lees is om die mate van literariteit of die teenwoordigheid daarvan in ’n teks te bepaal.

“Beide die humoristiese inslag en die sterk populêre trekke in haar roman onder die naam Eleanor Baker sou lei tot langdurige misverstande met resesente wat toeganklikheid met triviaalliteratuur sou gelyk stel, iets wat Baker as degraderend ervaar het.”
(Van Zyl, 2006:207)

Die beoordeling van Baker se tekste was veral in die sewentigs en begin tagtigs steeds onderhewig aan die stereotipering van die Afrikaanse literêre kanon “as ideologiese konstruksie(s) wat sosiale groepe in stand hou uit selfgesentreerde oorwegings, soos om hul eie identiteit uit te druk” (Van Coller, 2003:2), dus as ’n manlike konstruksie (kyk hoofstuk 4). Binne die Afrikaanse literatuursisteem is bewys dat “sosiokulturele faktore” (Cloete, 1992:269) ook ’n kardinale rol by die bepaling van die leserspubliek gespeel het.

“Die ontspanningsleesstof uit daardie tyd word dikwels gekritiseer as van swak literêre waarde. Hierdie literatuur speel tog ’n belangrike rol in die oorgang van ’n funksioneel-dokumentêre literatuur na ’n kreatiewe literatuur van Afrikaanse vroueskrywers, en bowendien aktiveer dit ’n groter leserspubliek, wat ’n stimulerende invloed op die Afrikaanse letterkunde het.”

(Van Niekerk 1994:14)

Die gevaar van institusionalisering of sosiale groepsvorming (kyk 2.5) word duidelik in resensies oor die werk van Baker gelees. Daar word nie net voortdurend na haar damesroman(s) verwys nie, maar terselfdertyd ook na die geslag van haar lesers, naamlik “haar” vroulike lesers. Baker se werk het veral as gevolg van haar “altyd vars en onverwagse humor en werklike nuwe kyk na ons oënskynlike ondramatiese klein bestaan” (Lategan, 2003:10), haar nie net verbind tot ’n spesifieke groep skrywers of eerder skryfsters binne die Afrikaanse literatuursisteem nie, maar het waarskynlik ook veroorsaak dat “the code designed by a group of writers often belonging to a particular generation, literary movement or current, and acknowledged by their contemporary and later readers” (Fokkema, aangehaal in Levie 1991:265), haar met ’n spesifieke leserspubliek verbind het.

Hierdie optrede van resensente kon nie altyd tot Baker se voordeel binne die verbruikersmark strek nie. Baker wou met die vyftien romans wat onder haar eie naam gepubliseer is, kennelik ’n ander leeservaring bewerkstellig. Die liefdesromans, wat sy self as resepmatig beskou het, het wel ’n bepaalde invloed op haar werk uitgeoefen sedert sy dit in die tagtigerjare in groot getalle begin skryf het. Skryf was egter ook noodsaaklik vir Baker, omdat dit ’n ekonomiese behoefte in haar lewe moes vervul. Haar bekendheid as produktiewe skryfster van ook speurverhale en ligte liefdesromans is sekerlik ’n bewys dat sy, soos haar eggenoot na haar dood dit gestel het, sy “soms skraal inkomste wou aanvul met skryfwerk” (kyk Van Zyl, 2006:206). Met haar ernstiger tekste sou sy dit ook kon doen (veral as haar produksie vergelyk word met dié van Matthee, wat dit wel kon regkry), indien daar nie soveel miskenning van hierdie tekste en dus ook van haar as skrywer was nie.

“En eenmaal gepubliseer, is die boek uitgelewer aan ekonomiese magte, word dit ’n verbruikersprodukt, dikwels geskryf vir die oomblik of die mode.”
(Viljoen, 1992:548)

In die vryemarkstelsel is dit teenswoordig ’n algemene verskynsel dat skrywers dikwels die uitgee en bemaking van hul tekste self hanteer, maar die mees aanvaarbare werkswyse was nog altyd dat die uitgewer as middelman tussen die

skrywer en die leserspubliek optree. Alhoewel dit voorkom of Baker oor die algemeen 'n baie goeie verhouding met haar uitgewers gehad het, dui resensies as resepsie-produkte van Baker se tekste tog aan dat die uitgewers dikwels óók 'n aandeel gehad het in die mistastings rondom die literêre status van haar tekste (kyk 5.3). Behalwe dat resensente dikwels vra waar die hand van die uitgewer dan was ten opsigte van spel-, taal en setfoute, gebeur dit ook dat die stofomslag van 'n publikasie tot bevraagtekening van die literariteit lei. So dui Hambidge (1989) aan dat sodanige insprake van die uitgewer dikwels aanleiding tot die degradering van Baker se tekste gegee het.

“Hierdie leser gaan akkoord met Brink se siening van Baker se posisie ('n nogal ongemaklike een). Veral na die lees van *Dossier van 'n gyseling* is 'n mens bewus gemaak van die skryfster se vermoë om te kan goël met die konvensies van die sogenaamde populêre of ontspanningsverhaal. Soos John le Carré in *The Spy Who Came In From The Cold* óf die Smiley-verhale méér maak van die *thriller* en as't ware voortborduur, doen Baker dit in *Dossier van 'n gyseling*.

Dieselfde geld vir *Die kwart-voor-sewe-lilie*. Ook hiér gebeur méér as in die Tryna du Toit- of Dricky Beukes-verhaal. Maar nou: Waarom dan tog die Tryna du Toit-agtige omslag, wil hierdie leser weet? 'n Mens mis in Tersius Wessels se stofomslag-illustrasie 'n ironiese blik op die tema! Dit terwyl die verhaal al tong-in-die-kies vertel. 'n Leserverwagting begin immers by die stofomslag, nie waar nie? Geen wonder lesers dink Eleanor Baker is somer maar net nog 'n *bitterkelk*-nommertjie nie!”
(Hambidge, 1989:10)

Dit is tog seker die uitgewer wat die idee vir 'n illustrasie gee of ondersteun en die finale goedkeuring hiervoor gee. Die illustrasie op die voorblad van *Die ander Marta* (2002) kan waarskynlik ook die rede wees waarom dié teks in resensies uitsluitlik as 'n populêre teks beskou word, alhoewel die illustrasie of voorbladontwerp hiér volgens Lategan (2003) aandui dat Marta “iemand (is) wat uiteindelik haar arms oopgooi vir die lewe” (Lategan, 2003:4). Hierdie illustrasie dra dus by tot dit wat Baker deur die teks by die voornemende leser wil tuisbring, naamlik die wegbreek van hierdie vrou uit haar tradisionele omstandighede en in 'n poging tot bevryding van haarself binne die sosiologiese konteks van die tyd. Ondanks die sterk populêre strekking van die teks (soos deur resensente as lesers bepaal), word dié teks onder haar eie naam gepubliseer en word dit dus as die vyftiende en laaste van haar ernstige tekste getel.

Alhoewel daar alreeds sedert die sestigerjare “doelbewus in die kunste gepoog (is) om die gaping tussen ernstige en populêre kultuur uit te wis” (Malan, 1992:242),

gebeur dit eers een die einde van die tagtigerjare binne die Afrikaanse literatuursisteem dat die sisteem onder die invloed van die postmodernisme met sy verwerping van legitimasië, 'n topologiese aard (slegs maar) begin vertoon. Dis in 'n mate te laat vir Baker, wat reeds in die sewentigerjare debuteer en wie se werk sedertdien sodanige aard vertoon. Teen die tyd dat die Afrikaanse roman na vernuwing begin uitreik (het), was die etiket van "'n gemengde dis" ongelukkig alreeds om Baker se nek gehang, veral deur resensente as hekwagters, dus óók as lesers.

"Self het Baker sterk gevoel oor letterkunde wat té eksklusief is. 'Die Sestigters het die Afrikaanse letterkunde elitisties gemaak.'
(Lombaard, 2002:4)

Dit wat Brink "al in die jare tagtig gesê het", naamlik "dat Eleanor Baker (...) een van Afrikaans se beste skrywers (is) en dat dit jammer is dat baie Suid-Afrikaners dit dalk nooit, of te laat, gaan agterkom" (Lombaard, 2002:4), het so gebeur. Dit kon wees dat Baker soms misken is omdat haar tekste nie in die literêre veld van die spesifieke periode byval gevind het nie, omdat haar eie lewensbeskouing nie noodwendig ooreengestem het met dié van alle werklike lesers nie, maar ook dat sodanige miskenning dikwels ook gegrond was op "geslag as sosiokulturele konstruksie" (De Jong, 1992:125). Aan die einde van haar skrywersloopbaan, na haar dood, word Baker tog as "ons *cantadora*" beskou, waar "ons" hopelik na die Afrikaanse letterkunde of die literêre kanon verwys:

"Sy het die koms van die hygroman gesien as iets wat Afrikaanse leesstof kon bevry en toegankliker maak. Met *Weerkaatsings* (1984) wou sy dan ook die liefdesverhaal legitimiseer – die stigma dat sulke romans nie noodwendig goeie letterkunde is nie, die nek inslaan."
(Lombaard, 2002:4)

Na Baker se dood (2002) is dit veral prof. Elize Botha wat aandui dat "Baker se unieke manier van omgaan met die liefdesverhouding (...) 'n leemte" laat (kyk Lombaard, 2002:4).

"Nou het ek geleer dat daar is twee maniere van liefhê. Jy klou vas of jy laat los.'

Na jare se onderdrukte vrese en verlangens klim Marta op 'n dag in haar motor en ry weg. Weg van haar man Hendrik, weg van haar lewe op die plaas. Aan die Weskus vind sy 'n tydelike heenkome in 'n klein vissersgemeenskap. Die genesende waarde van die eenvoudige lewe by

Koster en sy mense, die herwinning van selfvertroue en eiewaarde, maak van Marta 'n ander mens. En selfs Hendrik kom geleidelik tot nuwe insigte deur die ontydige besoek van 'n jong familielid.

'n Meesleurende roman waarin die metamorfose van 'n emosioneel verwaarloosde vrou met menslikheid en humor weergegee word.

Die ander Marta is Eleanor Baker se vyftiende en laaste roman. Sy is op 1 Julie 2002 oorlede.”

(Agterblad *Die ander Marta* (2002), Human en Rousseau)

In hierdie teks word lewenswaarhede nie meer onder die deklaag van ironie verkuil nie, word die waarheid oor werklikhede binne die huwelik nie agter 'n sprokie versteek nie. Hierdie teks dui nie net aan dat mans en vroue se opvattinge oor sake soos die huis, opvoeding en die huwelik, verskil nie maar ook hulle opvattinge oor algemene sosiokulturele en ekonomiese omstandighede. Die man se aandeel in die vrou se minderwaardige posisie in die patriargale bestel word bevestig; ook die miskenning van die “kreatiwiteit, intelligensie, onafhanklikheidstrewe en individualiteit van die vrou” deur die man word ontbloot (De Jong, 1992:124).

Hierdie ontbloting word 'n humoristiese aanslag wat bevestig dat “(a)ngels can fly because they take themselves lightly”. Daarom word dit vir Marta (as verteenwoordiger van die vroulike geslag) moontlik om deur ander mense (wat soos engele in haar lewe inkom) te genees en terug te keer na haar man, haar huis en die huwelik as die moreel korrekte waardesisteem. Deur die gebruik van haar altyd teenwoordige humor, ook in *Die ander Marta* (2002), kry Baker dit nou reg om die (Suid-) Afrikaanse vrou te oortuig om na haar “te luister”; om te beseef dat “dié vrou se mindere posisie in Suid-Afrika dikwels haar eie skuld is”, omdat sy “klou aan haar tradisionele rol” en daarom “nie verby haar grense (kan) kyk nie” (Baker in Krüger, 1986; kyk 5.1). Enersyds maak die sosiale omstandighede – die Suid-Afrikaanse demokratiese bestel, die vryheid van spraak en die vooruitsigte van geslagsgelykheid – dit vir Baker moontlik om hierdie “boodskap” suksesvol oor te dra. Andersyds was dit binne 'n (nuwe) polifoniese Afrikaanse literatuursisteem (nou) ook vir Baker moontlik om te “skryf wat sy wou, hoe sy wou en wanneer sy wou” (kyk 1.2).

“Haar prosa was 'n sonderlinge kombinasie van skeppingskrag en lewenswerklikheid, omdat sy werklik aan die lewe geglo het.

Presies twee maande voor haar dood het ek vir haar geskryf ek het vir haar kappertjies voor my studeerkamervenster geplant.

Sy het teruggeskryf: ‘Hou my kappertjies nat, en glo in die positiewe krag van plante. En skryf.’”

(Lombaard, 2002:6)

Hierdie resepsie-ondersoek dui aan dat prosatekste deur Baker wat dikwels as nóg populêre nóg literêre, maar as “ernstige” tekste beskou is, die elitistiese kanon op verskeie vlakke gekruissubsidieer het. Sodoende is ’n toeganklike kanaal geskep waardeur die gewone leser ook die literêre kanon kan betree. Hiermee slaag Baker daarin dat dit wat sy geskryf het, wel wyd gelees is en vandag steeds gelees word.

“One writes only for a reader. Whoever says he writes only for himself is not necessarily lying. It is just that he is frighteningly atheistic. Even from a rigorously secular point of view. Unhappy and desperate the writer who cannot address a future reader.”

(Eco, 2005:334)

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING VAN DIE STUDIE

6.1 OPSOMMING

Dit het duidelik uit die ondersoek geblyk dat uitsluiting, dit wil sê, die marginalisering van skrywers en die plasing van tekste buite die hiërargie van tekste wat op 'n bepaalde tyd as literêr beskou is, 'n stremmende effek op die literatuursisteem van Afrikaans gehad het. Waar kommer oor die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die Afrikaanse prosateks as deel van 'n oop sisteem uitgespreek is, is daar gepoog om faktore wat sodanige stremmende effek tot gevolg kon hê, na te vors. Die uitskakeling van foute wat in die verlede begaan is, sal in die toekoms bydra tot die voortbestaan van die Afrikaanse prosateks. Daarom was dit nodig om die ontstaan en bestaan van dié teks in die verlede deur 'n historiese lees na te vors.

Om dit te kon doen, is gebruik gemaak van sisteemteoretiese insigte soos gegrond op teoretisering omtrent sosiale groeppvorming – “literaire circuits” – en intersistemiese interaksie – die “square mechanism of inter-systemic discourse”.

“One effect of this approach is that those texts and literary figures that are marginalized in any ‘big story’ could come into their own in a circuit.”
(Van Coller, 2008:163)

Om die Afrikaanse literatuursisteem binne 'n groter sisteem, naamlik die Suid-Afrikaanse samelewing en sy veranderende sosiopolitieke aard, te plaas, is 'n funksioneel-gerigte model van ondersoek gebruik. Hierdeur is 'n sosiale funksionele werkwyse gevolg waardeur 'n duidelike beeld van die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis as geskiedenis van die sisteem verkry kon word. Deur die bestudering van die resepsie van skrywers en hul tekste waar hulle in hul historiese konteks geplaas is, was dit moontlik om die kanoniseringsproses sowel as periodes te identifiseer en as deel van die kanoniseringsproses te verklaar.

Sodoende was dit moontlik om die diskoers of literêre gesprek wat tussen sisteementiteite en selfs tussen verskillende sisteme binne 'n groter sisteem bestaan, na te volg. Enersyds kon “diachronie en sinchronie gelyktydig aan die orde gestel” word; andersyds kon “vaste, gekarteerde en problematiese waarde-oordele en kanoniserende beskouings ter syde gestel word ter wille van 'n verskuivende en verplasende benadering waarin dit die kragte in die sisteem self is wat die opteken van die literêre gesprek, en die manifestering daarvan, beteken” (De Wet, 1992:46).

“One important balance is between diachrony and synchrony, in which a careful sketch of literary evolution also provides a topographical map of Afrikaans literature at any particular time.”

(Van Coller, 2008:162)

Uit die navorsing het dit duidelik geword dat elke historiese epog of literêre geslag sy eie kanonmakers, agente en hekwagters, asook herskrywers, oplewer wat as rolspelers in die literêre veld dit wat op daardie stadium as die literêre kanon dien (of gedien het), in terme van “nuwe sosiale of literêr-historiese eise” (Willemse, 1999:4) as’t ware herskryf, verander en aanvul. Sodoende is normverskuiwings waargeneem en kon daar vanuit literatuursosiologiese benadering(s) aangetoon word hoe evaluering met verloop van sosiale en literêre omstandighede verander, maar ook watter invloed eietydse sosiale impulse op die literêre kanon gehad het.

Die studie het bevestig dat “die Afrikaanse literêre kanon ’n hoogs geselekteerde gegewe is” (Willemse, 1999:16). As gesagskonstruksie was die literêre kanon op ’n stadium van die geskiedenis daarvan in ’n groot mate uitsluitlik ’n kulturele produk van sosiopolitieke dimensies van mag. Waar ons vandag midde-in ’n proses van demokratisering staan, het sosiologiese verandering steeds ’n impak op wat vandag as die literêre kanon beskou word, want “die ideologie en mag en hiërargisering wat in die kanon ingeskryf is, (is) onkrities aanvaar. Die potensiële omvang van die kanon, die menslike ervaring, die kollektiewe geheue wat in die literatuur opgesluit lê, word daardeur verskraal, veral ook deur die patriargale leesgewoontes waaraan mens jou lewe lank al blootgestel is” (Viljoen, 1992:197). Deur die studie is “die kanon nie net krities benader nie”, maar is ’n “verantwoordbare verklaring aangebied vir die wyse waarop waardevorming plaasgevind het” en is “die leser se rol as sosiale agent duideliker (...) omskryf” (Willemse, 1999:16).

Uit die ondersoek rakende die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon, het dit duidelik geblyk dat elke leser ’n produk van ’n gemeenskap of sosiale groepering is. As “medeskrywer/herskrywer” omskep dié leser dit wat gelees word in ’n produk/resepsie-produkte wat sy of haar sosiale omstandighede weerspieël. Literêre evolusie is as een van die mees uitstaande kenmerke van die Afrikaanse literatuursisteem uitgewys.

“Today it is generally accepted that, although one cannot see the past as unformed chaos, and that the historian has verifiable matter and evidence that he and others must respect, any history remains a story that is only

partly true. The corollary is that various histories of any event are possible.”
(Van Coller, 2008:163)

Deur 'n historiese lees van die literêre kanon is aangedui hoe vernuwing, verandering en die bevryding van vroueskrywers as sosiale groepering deel van die Afrikaanse literatuursisteem kon word. Net soos die posisie van die vrou in die samelewing 'n aanduiding van die ideologiese aard van daardie gemeenskap is, is die posisie van vroueskrywers in die literatuursisteem 'n aanduiding van die aard van die intersistemiese diskoers van die literatuursisteem. Deur die insluiting van die kontroleteks, *The Story of an African Farm*, is aangedui dat die teks as sisteem ook 'n veranderlike is – enersyds afhangende van die sosiaal-historiese konteks waarin dit gelees word en andersyds onder invloed van die poëtikale opvattinge van die tyd. Dit het duidelik geword dat “oordeel oor wat goed en belangrik in die letterkunde is, weer en weer in die loop van die tyd deur lesers en kritici gewysig” word (Roos, 1992:51).

Die Suid-Afrikaanse gemeenskap het vanaf die vroegste tyd vir 'n unieke literêre kultuur gesorg, waarvan die Afrikaanse literatuursisteem ook 'n produk is:

“In Suid-Afrika het apartheid, 'n liberale humanisme, swart bewussynsteorieë, sosialisme en ander ideologieë vir bepaalde kulturele diskoerse gesorg. Een van die duidelikste voorbeelde is die Afrikaner se kultuurstryd, waarin politieke, sosiale, kulturele en ander oorwegings in eie kringe vir 'n meesleurende diskoers en suksesvolle kultuurstrategieë gesorg het.”
(Malan, 1992:241)

As deel van die literêre kultuur van Afrikaans het drie aspekte van Afrikanerdenke 'n onbetwisbare en waarskynlik ook 'n onuitwisbare uitwerking op die Afrikaanse literatuursisteem gehad, naamlik die nasionalistiese groepsidentiteit van eksklusiwiteit, die tradisionele geslagsrolle van die manlike én vroulike sosiale groeperings en hulle Christelike geloofsoortuigings – dus “nationalistic patriarchal Christianity” (Van der Merwe, 1994:52). Teen die agtergrond hiervan kon die posisie-inname van vroueskrywers in die literêre kanon, op die kantlyn en selfs buite die hiërargie van prosatekste, verklaar word. Vanuit 'n literatuursosiologiese benadering tot die literatuurgeskiedenis van Afrikaans het dit duidelik geword waarom daar waarskynlik steeds sekere stereotipering in die literatuur in Afrikaans bestaan. Die Afrikaanse literatuur word onder andere gesien as “written by arch-conservatives, oppressors, pretentious producers of high art and imported concepts. They seem as

a group to collectively suffer from Calvinist guilt and agonizing soul-searching” (Van Vuuren, 1997:1).

Aan die ander kant is egter ook aangedui “hoe waardevol kultuur kan wees in die proses van verandering” (Coetzee, 1990:68). Vandag word daar, as deel van ’n demokratiseringsproses waar dit gaan om “die najaag van inklusiwiteit, die handhawing van diversiteit en die strewe na nasionale eenheid (...)” binne ’n nuwe Suid-Afrika (Du Plessis, 2005:17), waarskynlik eerder gevra:

- Hoe word demokratisering in die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die Afrikaanse prosateks weerspieël?
- Wat is die impak van demokratisering op literatuur in Afrikaans – hoe kan dit help om die volhoubaarheid van die Afrikaanse prosateks in die hand te werk?
- Watter rol het Afrikaanse literatuur te speel in kwessies rakende die behoud van Afrikaans binne ’n diverse Suid-Afrikaanse samelewing?

In **hoofstuk 1** is ’n studieplan as inleiding tot die navorsing uiteengesit. Wedersydse beïnvloeding tussen literatuur as sisteem en die samelewing as sosiologiese bestel/groter sisteem, is as die navorsingsfokus aangedui. ’n Ondersoek na sosiopolitieke verandering soos dit enersyds in die literatuur as skepping van die mens as sosiale wese weerspieël word, en andersyds ook in resepsie-produkte van rolspelers in die literêre veld voorkom, is in die vooruitsig gestel. Marginalisering, ’n uitvloeisel van die kanoniseringsproses, is as probleemarea ten opsigte van die ontstaan, bestaan en voortbestaan van prosatekste geïdentifiseer. Die hipotese dat uitsluiting uit die literêre kanon kritieke gevolge vir die voortbestaan van die Afrikaanse prosateks kan hê, is as deel van die inleiding tot die studie geformuleer.

In **hoofstuk 2** is literatuurwetenskaplike benaderings wat die noue verband tussen literatuur en die samelewing aandui, bespreek. As deel van ’n teoretiese analise is daar gefokus op die siening dat literatuur as literêre betekenisproses in die interaksie tussen mense ingebed is. Dit was nodig om die konsep “literêre kultuur” te bespreek, omdat literatuur as ondergeskik aan groter sisteme soos kulturele, politieke en ekonomiese aktiwiteite in die samelewing beskou word. Voortspruitend hieruit is literatuursosiologiese benaderings en meer spesifiek die empiriese literatuur-wetenskap as ’n moderne resepsie-onderzoekmetode geïdentifiseer. Slegs deur ’n empiriese ondersoek sou dit moontlik wees om aan te dui hoe

betekenistoekenning in veranderende sosiopolitieke omstandighede en as deel van die individuele leesproses kan plaasvind. Hedendaagse literatuurwetenskaplike benaderings tot die sosiaal-funksionele aspek van literatuuronderzoek, naamlik die sosiale sisteemteorie en die literêre veldteorie, is bespreek om as 'n teoretiese basis vir die navorsing te dien.

In **hoofstuk 3** is 'n konseptuele analise van aspekte rakende die insluiting by en uitsluiting van die Afrikaanse literêre kanon gedoen. Vanuit die siening dat Afrikaans as taal oor 'n duidelik onderskeibare literatuursisteem beskik, is die veranderende aard van die sisteem – literêre evolusie, bespreek. Voortspruitend hieruit, maar ook in aansluiting by die teoretiese basis wat in die vorige hoofstuk gelê is, is die kanon as studie-objek benader deur op die verklaring van aspekte van die kanoniseringsproses te fokus. In die konseptualisering hiervan is aangedui hoe daar ook binne die Afrikaanse literatuursisteem wegbeweeg is van 'n teksgerigte na 'n institusionele benadering en empiriese studies wat meer sosiaal ingestel is. Periodisering is geïdentifiseer as die historiese ordening van literêre tekste tydens literatuurgekiedskrywing. Hierdie bespreking het getoon dat normverskuiwings dikwels deur die toedoen van kanoniseerders of spilfigure voorkom wat as sisteementiteite inisiërend en genererend optree. Dit het geblyk dat kragte wat tussen sisteementiteite bestaan, aanleiding gee tot 'n literêre gesprek/diskoers waar strydende literatuuropvattinge op die spits gedryf word. Daarom is die konsep van sistemiese interaksie breedvoerig bespreek. Hiervolgens dui literêre prestige op die mees dominante posisie/plek in die literêre kanon, terwyl die miskennis van skrywers op 'n vorm van marginalisering dui. Dit was noodsaaklik om die verband tussen ideologiese voorveronderstellings en stereotipering aan te toon, omdat ideologieë en literatuuropvattinge sentraal in die kanoniseringsproses staan. Deur die konseptuele analise was dit moontlik om tot begrip te kom van die konsep 'posisie-inname/plek', wat in die volgende hoofstuk ondersoek is.

In **hoofstuk 4** is die uitsluiting van vroue uit die Afrikaanse literêre kanon as nawerking van sosiale mag en smaak ondersoek. Hierdie ondersoek is gegrond op die ideologiese stereotipering van die vroulike én manlike geslag as sosiale groeperinge wat as deelsisteme binne die Afrikaanse literatuursisteem funksioneer. Die impak van sosiokulturele en sosiopolitieke prosesse, soos kolonialisme, dekolonisasie, patriotisme, nasionalisme, demokratisering en postkolonialisme as gemeenskaplike sosiale werklikhede van beide groeperinge, is gevolg deur 'n

historiese lees. Met die toepassing van die vierkant van intersistemiese diskoers as ondersoekmodel, was dit moontlik om op die dinamiese, interaktiewe en prosesmatige relasies wat tussen sisteementiteite bestaan, te fokus. Sodanige resepsie-ondersoek, waar resensies as resepsie-produkte van verskeie vroueskrywers sowel as seminale tekste deur spesifieke vroueskrywers as voorbeelde van sekere tydvakke of periodes bestudeer is, het dit moontlik gemaak om die verhoudings wat daar tussen verskillende sisteme bestaan – te ondersoek, te beskryf en te verklaar. Deur die gebruik van dié ondersoekinstrument is die marginalisering, vernuwing, verandering en bevryding van die vroulike geslag as sosiale groepering in die literatuursisteem van Afrikaans waargeneem, gevolg en bevestig.

In **hoofstuk 5** is deur middel van 'n kontekstuele analise aangedui hoe die werk van 'n skrywer soos Eleanor Baker as miskende vroueskrywer, die produk van transhistoriese evaluasie word. 'n Herwaardering van sodanige posisie binne die literatuur is as 'n moontlikheid gestel, omdat sosiale verhoudings tussen die skrywer as produsent, die geskrewe teks, die uitgewer en verspreider, en die leser as ontvanger, resipiënt of verbruiker, vandag algemeen voorkom. Die bestaan van buite-kanonieke praktyke wat aanleiding gee tot die marginalisering van sekere sosiale groeperinge – in die geval die vroulike geslag – maar ook van die populêre teks as sosiokulturele produk hoofsaaklik geskep deur vroue, is ook as deel van die kommunikatiewe praktyk ondersoek. Die sosiale sowel as historiese ingebedheid van hierdie tekste mag nie ontken word nie, ook nie die miskening van die skrywers as skeppers daarvan nie. Deur hierdie tekste word betekenis gegee aan die alledaagse sosiale bestaan as werklikheidskonteks. Deur die erkenning van sosiale verhoudings, ook van individue en gemeenskappe, is 'n allesinsluitende, allesomvattende benadering tot die literatuur van Afrikaans as sisteem deur die kontekstuele analise moontlik gemaak.

Die ontstaan, bestaan en voortbestaan van enige geskrewe teks wat daarop aanspraak maak om as prosateks geklassifiseer te word, moet binne 'n literêre sisteem geregverdig word. Binne 'n kommunikatiewe raamwerk sluit dit vanselfsprekend die skrywer as skepper en die leser as ontvanger in. Daarom word daar as afsluiting van die studie in hierdie hoofstuk gefokus op die voortbestaan van die Afrikaanse prosateks. Die leser as sosiale agent, maar ook as verbruiker van literatuur binne die kommunikatiewe proses, word betrek. Met die fokus op die

waarskynlike leser, asook die klem op die ekonomiese volhoubaarheid van die middelmoet- en selfs meer populêre tekste, word die studie buite die grense van die konvensionele letterkunde geneem en ook geplaas binne die kader van 'n ekonomiese verbruikerstelsel as deel van 'n volhoubare literêre sisteem.

6.2 GEVOLGTREKING

“Ons het almal bang geword vir Afrikaans. Afrikaanse skrywers skryf waaroor hulle wil skryf. Letterkunde in Suid-Afrika het vir my in elk geval iets soos godsdienstig geword – 'n storie wat nêrens heen lei nie.”
(Goosen aangehaal deur Engelbrecht, 2004:6)

Sosiologiese verandering soos teweeggebring deur 'n proses van demokratisering, het die afgelope dekade ondanks sekere vooruitsigte en verwagtings gesorg vir 'n periode van enorme sosiopolitieke oorgang waarvan die einde waarskynlik nog nie in sig is nie. Onsekerheid seëvier op alle vlakke van die samelewing – op sosiopolitieke, sosiokulturele asook op sosio-ekonomiese vlak. Literatuur se afhanklikheid van hierdie werklikheid veroorsaak vrese rondom die ontstaan, bestaan en veral die voortbestaan van die Afrikaanse prosateks.

Hiermee saam het die literêre teks soos dit veral gedurende dié tydperk daar uitgesien het, vorm aangeneem binne 'n “globale en binnelandse toneel van onsekerheid, verandering en verwagtinge” (Roos, 2006:99) en is feitlik gedwing om afstand te doen van die gemaklike van eksklusiwiteit wat in die verlede in 'n groot mate die ontstaan, bestaan en voortbestaan daarvan verseker het. Daar word vandag dikwels gevra:

“Is dit hoegenaamd die moeite werd om nog in Afrikaans te skryf?”
(Fourie, 2004:214)

Hierdie vraag word veral gegrond op die “verlies van Afrikaans se ideologiese bevoorregte posisie” (Roos, 2006:53) as nawerking van die proses van demokratisering. Alhoewel daar volgens empiriese gegewens wel 'n toename in “titels” is, vertoon die Afrikaanse literatuur duidelik 'n “kreeftegang” (Malan, 2003:17) en is dit 'n “gegewe (...) dat boekproduksie binne die nuwe regeringsbestel, en veral boekproduksie in Afrikaans, merkwaardig afgeneem het”. Faktore binne die verbruikersmark wat hiervoor blameer word, is onder andere die afskaling van die voorskryfmark, die kompetisie van die Internet en televisie, asook die kleiner akademiese ondersteuningsbedryf; 'n afname in biblioteekbestellings en selfs die

groot uittog na die buiteland deur Suid-Afrikaners wat as Afrikaanse lesers gereken word, (kyk Roos, 2006:53; Malan, 2003:17; Smuts, 2000:3; Galloway, 2002:222).

“Daarbenewens het die publikasie van spesifieke letterkundige prosa, in vergelyking met populêre leesstof, dramaties verminder; (...).”
(Roos, 2006:53)

Dit wil dus voorkom of die populêre teks (weereens) teen die literêre teks te staan kom. Fourie (2004:214) vra of dit dalk is waar die knoop lê:

“Daar is Afrikaanse skrywers wat die wêreld aan hul voete het en oorsese literêre pryse wen. Maar met die ander Afrikaanse skrywers gaan dit broekskeur.”
(Fourie, 2004:214)

Hierteenoor het die veranderende toestande in Suid-Afrika tog grootliks bygedra tot die uitbou “aan die voller beeld van die omvang, diversiteit en duursaamheid van die Afrikaanse letterkunde” (Botha, 2006: Agterblad van *Perspektief en profiel. ’n Literatuurgeskiedenis* 3) deur ’n meer polifoniese literatuurgeskiedenis as kanoniserende aktiwiteit vir die Afrikaanse literatuursisteem daar te stel. Deur sodanige herwaardering word dit duidelik dat “(d)ie dinamiek van verandering in die literêre veld (...) aan die hand van aanpassings van die literêre kanon” (Van Coller, 2002:70) goed geïllustreer kan word. Dit wat vandag waarskynlik as die (huidige) literêre kanon beskou word, moet onder druk van ’n steeds veranderende samelewing egter steeds as ’n onstabiele konstruksie beskou en hanteer word.

“In ’n samelewing met uiteenlopende agtergrond, diverse etiese en kulturele waardes volg dit dat die hegemonesse waardes gepriviligeer word as synde ‘universeel’. Onder omstandighede waar hegemonesse waardes egter in twyfel getrek word, ontwikkel ’n groter bewustheid van die uiteenlopende voorkeure van mense, wat in sommige gevalle aanleiding gee tot kritiek teen ondermyning van die kanon.”
(Willemse, 1999:16)

Die toeganklikheid en waarde van literatuur vir almal betrokke by die kommunikatiewe literêre proses – skrywers én lesers – asook die ekonomiese volhoubaarheid daarvan, het van kardinale belang geword. Die klem wat wêreldwyd op die ekonomiese volhoubaarheid van entiteite geplaas word, kan binne die kader van die literatuur ook nie misgekyk word nie. Vrese rondom die voortbestaan van die Afrikaanse boek kan waarskynlik ook geleë wees in die in- óf uitsluiting van die populêre teks by dit wat tans as die literêre kanon beskou kan of selfs moet word.

Binne die Afrikaanse literatuursisteem het die “verset teen populêre kultuur” vroeg in die twintigste eeu hoofsaaklik by vooraanstaande skrywers en letterkundiges begin. Die “Afrikaner se kultuurstryd” is egter vir dekades as ’n ideologiese verskansing binne die Afrikaanse literatuursisteem as kulturele produk en wel in die vorm van die sogenaamde literêre teks aangetref – maar waar het dit hom vandag gebring? Terwyl dit veral literatuur soos geskep deur vroue en literatuur wat oorwegend as populêre leesstof beskou is wat die leserspubliek alreeds vroeg in die ontwikkelingstadium van die sisteem nie net aan die lees gekry het nie, maar vandag ook aan die lees hou. Dit is tans algemeen dat die gewone mense vir hulself ’n plek op alle terreine van die samelewing opeis. Daarom bestaan daar tans ’n “weselik nuwe perspektief (...) op wat die aard en sin van kultuur in die algemeen en van letterkunde in die besonder is” (Roos, 1998:98).

As deel van die kommunikasiemodel sal die snobistiese sender, eksklusiewe kanaal en geïdealiseerde ontvanger van die verlede, waarskynlik plek moet maak vir ’n meer toeganklike sender, ’n oop kanaal waarin pragmatiese relasies nooit dieselfde bly nie en ’n waarskynlike ontvanger wat as maatstaf gebruik kan word om die noodwendige deurbreking van norme binne ’n nuwe benadering aan te dui. Gedurende die vroeë negentigerjare dui Malan (1992:242) aan dat “(o)mvangryke ondersoeke (...) bevind (het) dat populêre literatuur nie deurgaans konserwatief van aard is en op ‘gemiddelde waardes’ inspeel nie; dat dit hoegenaamd nie noodwendig esteties swak is omdat dit kommersieel gerig is nie; dat lesers nie daardeur ’n minderwaardige smaak aangeleer word nie, omdat selfs gesofistikeerde lesers verskillende soorte lektuur waardeer; en dat literatuur nie as gevolg van die vermeerdering van massalektuur skade ly nie”.

Deur die loop van hierdie studie is telkens aangedui dat die toeganklike/selfs populêre teks dikwels die elitistiese literêre kanon op verskeie vlakke kruissubsidieer. Die waarde van veral die toeganklike teks behoort nie deur skrywers, lesers, kritici of uitgewers as agente, hekwagters of selfs herskrywers vir moontlike insluiting in die literêre kanon onder verdenking geplaas te word nie. Alhoewel die literatuur van die dag steeds herken word aan die “komplekse kulturele en linguïstiese diversiteit” (Van Niekerk, 1997:38), wil dit tog voorkom of hierdie diversiteit ’n saambindende faktor kan word tussen tekste wat as populêr of as meer toeganklik, of dan as literêr, geklassifiseer is.

“Die kontemporêre Afrikaanse letterkunde is (...) veel meer ‘divers’ (...) as in enige tyd van sy ontwikkeling. Die verhale van gemeenskappe wat soms uiteenlopend van mekaar verskil, maak nou intrinsiek deel uit van die letterkunde. Net so heterogeen is die vorme waarin hierdie stories na die Afrikaanse leser en ondersoeker van die letterkunde kom.”
(John, 2006:205)

Dit word duidelik dat teorieë wat na aanleiding van dié diverse Afrikaans geskrewe tekste binne die Afrikaanse literatuursisteem voorkom, by die bestaande teorieë aansluit, maar ook alreeds tekens van ’n nuwe vitaliteit vertoon. Uitlopers van sodanige diverse tekste bied “die basis (...) waarop die Afrikaanse literêre kritiek ontwikkel kan word”. Hierdie vitaliteit wat nou deel vorm van die Afrikaanse literatuursisteem, vertoon ook alreeds uitlopers wat “op ’n manier (...) die uitdagings van die kontemporêre Suid-Afrika kan beantwoord en die basis kan lê vir ’n gesonde ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde en kultuur in die toekoms” (John, 2006:206).

’n Besliste herbesinning oor die waarde van populêre leesstof ter wille van die literêre moontlikhede daarvan, is tog uiters noodsaaklik. Die waarde van sodanige literatuur moet vandag ter wille van die ekonomiese volhoubaarheid vir die skrywers sowel as die algemene Afrikaanse boekhandel, as oorweging gestel word. Selfs “(h)oë literatuur is (...) afhanklik van blitsverkopers, aangesien dit daardeur gefinansier word. Ook ten opsigte van ander soorte populêre kultuur en kunsvorms het dit duidelik geblyk dat die populêre kultuur dikwels sonder goeie gronde negatief gestereotipeer word en geen bedreiging vir elite-kultuur inhou nie” (Malan, 1992:243).

Demokratisering as sosiale verskynsel maak aanspraak op die erkenning van meerstemmigheid, ook in die Afrikaanse literatuursisteem as kultureel-literêre produksie. Volgens Willemse (1999) werk sodanige “erkenning van die meerstemmigheid van Afrikaanse kultureel-literêre produksie” (Willemse, 1999:3) eerder ’n duideliker “begrensing” van die kanon in die hand. Sonder die ontkenning van die kanon as gesagskonstruksie, is dit nodig om weg te beweeg van absolutisme en rigiditeit. Ter wille van die volhoubaarheid van die Afrikaanse literatuursisteem, maak ’n demokratiese bestel ’n gebalanseerde grondslag waar die regte van almal binne die kommunikatiewe literêre situasie in ag geneem moet word, moontlik.

Sodanige literêre verandering is hoofsaaklik gesetel in die leser as verbruiker van literatuur. Ter wille van die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die Afrikaanse

taal, plaas Preller (1875-1943), vader van die Afrikaanse literatuurkritiek, alreeds sowat honderd jaar gelede sy hoop op die gebruikers – verbruikers – van die Afrikaanse taal: “dit moet die gevolg wees van ’n erkende toestand, nie ’n middel tot ’n doel nie” (Dekker, 1947:44).

“Van buite kan ons g’n verandering verwag nie, dit moet uit ons self kom; en dit sal ook kom: met die bewussijn van ’n eige Afrikaans nasionale beskawing. Maar, daar is in ons land op hierdie terrein buitendien nog ’n groter oer-Publiek, en dis hoofsaaklik op die steun en uiteindelijke waardering van dié publiek wat ons staatmaak.”
(Voorwoord in *Oost en Ou’Daniel*, 1907, aangehaal in Dekker, 1947:203)

Binne ’n nuwe demokratiese bestel word daar volgens Van Coller (2005), voorsitter van ’n “nuwe, inklusiewe Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns” (kyk ook na Malan, 2005:2) “sentreer rondom Afrikaans, wat die taal is van die Afrikane, Afrikaanses én Afrikaners”. Alle gebruikers van Afrikaans, en nie slegs dié wat steeds kultureel sterk daartoe verbonde voel nie, maar almal wat Afrikaans wil praat, wil lees en wil skryf voel egter bedreig omdat vrese rondom Afrikaans as taal van hierdie nuwe “Afrikaanse mens” binne ’n diverse Suid-Afrikaanse samelewing wel bestaan.

“Wanneer ’n gerespekteerde Afrikaanse prosaskrywer ’n werk publiseer met die titel *Die laaste Afrikaanse boek*, soos wat Karel Schoeman inderdaad in 2002 doen, kan dit lesers skaars verkwalik word dat hulle vrees dat daar maer jare in die literêre toekoms voorlê. Die jare wat hierdie ‘laaste Afrikaanse boek’ onmiddellik voorafgegaan het, kan ook nie sonder meer ‘vet’ genoem word nie. Breyten Breytenbach verklaar in hierdie periode dat hy ‘dood’ is vir die Afrikaanse letterkunde, en Antjie Krog se bekendste prosawerk tot nog toe skryf sy in Engels en gee dit die veelseggende titel *Country of my Skull* (1998). Die berigte dat die Nobelpryswenner J.M. Coetzee hom gevoeg het by die emigrasiestroom, en spekulasie of hierdie weggaan verband hou met die misnoeë vanuit regeringsgesinde kringe omtrent die ‘pessimistiese strekking’ van Coetzee se veelbekroonde *Disgrace* (1999), dra verder by tot ’n sfeer van literêre *umheimlichkeit*.”
(Roos, 2006:43)

Binne die literatuursisteem van Afrikaans word die impak van demokratisering dus duidelik waargeneem deurdat “gewysigde magsverhoudings en die persepsie van ’n marginalisering van Afrikaans neerslag gevind het” (Roos, 2006:99) ook in die prosa. Kultuurpessimisme vier hoogty in die nuwe Afrikaanse wêreld en word “juis met direkte verwysings na die stand van die Afrikaanse prosa gerelativeer” (Roos,

2006:43). By die verskyning van Kannemeyer (2006) se jongste en dikwels omstrede monolitiese literatuurgeskiedskrywing, vra Coetzee (2006) of dié geskiedskrywing 'n "grafskrif" vir Afrikaanse letterkunde' is.

“(...) impliseer dit miskien 'n eindigheid; 'n samevatting vir 'n einde van die Afrikaanse letterkunde: *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. En klaar.”
(Coetzee, 2006:4)

Ons leef in 'n vinnig veranderende wêreld. Aan die begin van hierdie studie is verwys na 'n algemeen aanvaarde stelling wat alreeds gedurende die onstuimige sewentigerjare gemaak is – dat die Afrikaanse wêreld “(i)n die loop van honderd jaar se geskiedenis (...) onherkenbaar verander” het en daarmee saam “ook die Afrikaanse mens” (Grové, 1978:3; kyk 1.1). Sowat dertig jaar later verklaar Giliomee (2004:xv) dat “die gestaltes van Afrikaner-wees” – wat waarskynlik veral sedert die proses van demokratisering in werking getree het – “radikaal verander” het. Sedertdien is die grootste bestaanskrisis van die 21ste-eeuse “Afrikaanse mens” die marginalisering van Afrikaans as nawerking van sosiologiese verandering soos teweeggebring deur die proses van demokratisering. Die vraag is nou: Is daar 'n uitkoms? En watter rol het die literatuur van Afrikaans daarin te speel?

“In die postdemokratiese vrese rondom die voortbestaan van Afrikaans groei daar ook 'n toenemende bewustheid dat Afrikaanse literatuur kan help met die behoud van die taal indien dit in alle literêre behoeftes voorsien en toeganklike literatuur bied wat nie ingestel is op klein elitistiese intellektuele groepe nie, maar deur 'n breër publiek waardeur en beoefen kan word.”
(Van Niekerk, 1999:309)

6.3 UITKOMS

“Die vertrekpunt hiervoor is die aanvaarding dat daar 'n wêreld in Afrikaans is wat buite die leefwêreld van apartheid lê. Dit is daardie verruimende wêreld wat (...) neerslag moet vind.”
(Gerwel, 1988:12)

Ongeag pogings om ook die “taalgebruik en skeppende aktiwiteite van die ‘gewone’ mens (...) naas dié van geleerdes en groot kunstenaars” (Malan, 2005) te stel, bestaan daar in hierdie verruimde wêreld, juis as oop sosiale sisteem, vrese rondom die voortbestaan van Afrikaanse literatuur. Suid-Afrikaanse skrywers soos Brink en Gordimer “is ongetwyfeld diep onder die indruk van die skrywer se betreklike magteloosheid in 'n land soos Suid-Afrika waar die leserspubliek bitter klein is”; aan

die een kant “weens ongeletterdheid en armoede” en aan die ander kant “vanweë mededinging met die elektroniese media” (Marais, 2006:4). Afrikaans staan voor ’n uitdaging om deur “massa gewone mense” opgeneem te word. Morris (2005:1) meen dat dit moontlik is, want “(d)aar is seker geen taal in Suider-Afrika wat so vindingryk en inheems is soos Afrikaans nie”.

Volgens Giliomee (2004:xiv) lê die “toekoms van Afrikaners en Afrikaans as taal (...) in veelvuldige lojaliteite: Afrikaner én Suid-Afrikaner, Afrikaner én Afrikaans, Afrikaner én Westerling, Afrikaner én wêreldbürger”. Die mens – die gebruiker van die taal Afrikaans – het ’n nuwe betekenis gekry:

“Dit beteken nie meer om deel te wees van ’n gemeenskap wat die land vir homself toe-eien en op ander mense trap nie. Dit beteken nou ’n vrye, mobiele en soms virtuele gemeenskap, wat mekaar op kuns- en musiekfeeste vlugtig ontmoet, op die internet met mekaar in aanraking bly en moeite doen om Afrikaans in die huisgesin en op skool en universiteit lewend te hou.”
(Giliomee, 2004:xv)

Dié nuwe Afrikaanse mens maak aanspraak op ’n taal wat hom/haarself binne ’n nuwe, inklusiewe demokrasie kan handhaaf, want die Suid-Afrikaanse samelewing waarvan die mens deel is, word steeds gekenmerk word deur sy komplekse kulturele en linguistiese diversiteit. Hierdie Afrikaanse Suid-Afrikaanse burger staan voor ’n nuwe uitdaging:

“Hul uitdaging is om hul geskiedenis reguit in die oë te kyk, om hul liefde vir hul taal en hul land te koester en te vernuwe, en om hul kulturele erfenis aan ’n volgende geslag oor te dra. As hulle hierdie uitdaging aanvaar, sal hulle deel word van ’n nuwe, demokratiese Suid-Afrika op hul eie, besondere manier.”
(Giliomee, 2004:635)

Hierdie studie het egter getoon dat daar ’n ineengestremde verhouding bestaan tussen Afrikaanse literatuur en die Suid-Afrikaanse samelewing as die groter sisteem waarvan dit en die nuwe Afrikaanse mens ’n produk is. Alhoewel die Afrikaanse mens verander het en die Afrikaanse literatuursisteem daarmee saam met verloop van beide se geskiedenis sekere veranderings ondergaan het, het dit uit hierdie studie duidelik geblyk dat wat egter nie verander het nie, die funksie van literatuur is.

Carlos Fuentes (1928-) is ’n Mexikaanse skrywer wat homself as “produk” van ’n rewolusie beskou. Volgens Fuentes het dit die Mexikane bykans ’n eeu geneem

“om hulle gemengde wortels te aanvaar en om hulle samelewing as instelling op Mexikaanse werklikhede en nie meer op ‘Europese fabels’ te bou nie”. Fuentes “onthou hoe mense in sy jeugjare reeds gekla het dat radio en rolprente die einde van die literatuur gaan beteken, maar die einde het nooit aangebreek nie, omdat die skryf van literatuur “n essensiële menslike aktiwiteit’ is” (Marais, 2006:4).

Literatuur is en bly deel van menslike gedrag. Daarom het die funksie van literatuur nie verander nie – funksionaliteit is nie histories nie, maar antropologies van aard. Literatuur is en bly deel van ’n proses wat die mens gebruik om vir hom-/haarself voorstellings te vorm en wel met die uitsluitlike doel om vir hom of haarself betekenis aan die wêreld, betekenis aan sy of haar omgewing én betekenis aan hom- of haarself te gee. Daarom word literatuur nie net as talig of as ’n ervaring beskou nie, maar ook as ’n produk van die verbeelding (kyk 2.1).

“Omdat met literatuur de culturele werklikheid van betekenisprocessen in taal wordt nageboots, kunnen we in ieder geval stellen dat de samehang tussen maatschappij en literatuur er een is van verbeelding. Met literatuur wordt, naast de persoonlijke ervaring ook de sociale werklikheid verbeeld.”

(Van Heusden, 2001:183)

Dit is waarskynlik juis literatuur se noue verbintenis met die mens, die lewe en die werklikheid wat aan die skrywer (en dus ook die leser) ’n keuse gee waarby hy of sy betrokke wil raak, want ’n skrywer het nie ’n inherente sosiale verantwoordelikheid nie:

“Die skrywer se enigste verpligting is teenoor die taal en die verbeelding. Wanneer ’n skrywer sy sout werd is, verander hy die kopermunte van gewone woorde in goud, verwek hy dooie woorde tot nuwe lewe. Die krag en waarde van ’n skrywer se werk lê (...) altyd in die gehalte van die taalgebruik en die oorspronklikheid van die skrywer se verbeelding.”

(Marais, 2006:4; kyk Degenaar 1985; Benjamin, 1936/1977 & Sontag, 1964)

Van Coller (1995) dui gedurende die negentigerjare waarskynlik juis rondom vrese wat die sosiologiese verandering van ’n nuwe demokratiese bestel vir die Afrikaanse literatuursisteem sou inhou aan dat “Afrikaanse letterkunde (nie) die gevolg is van wat gerieflikheidshalwe ‘die Suid-Afrikaanse geskiedenis’ genoem word nie” (Van Coller, 1995:197):

“Hoewel dit bykans vanselfsprekend is dat letterkunde ‘nie die gevolg is van waardevrye idees nie, maar ingebed in ons sosiale lewe’, volg dit nie

daarom net so logies dat die Afrikaanse letterkunde die gevolg is van wat gerieflikheidshalwe 'die Suid-Afrikaanse geskiedenis' genoem word nie.”
(Van Coller, 1994:197)

Demokratisering en die meegaande verandering wat dit alreeds teweeggebring het, berus egter steeds op die verlede; daarom is dit nie 'n ongewone verskynsel dat die veranderingsindroom sy teenhang vind in die opvatting dat alles in die verlede nie noodwendig sleg en verkeerd was nie en dat daar ook in die Suid-Afrikaanse samelewing oor die jare heen dinge tot stand gekom het wat die onbevange toets van die tyd sal deurstaan.

“Die Afrikaanse prosa van die afgelope jare het vir Afrikaans veel gegee om trots op te wees: eerlike besinning oor ons bestaan in hierdie land en hierdie wêreld, met 'n verskeidenheid en diepgang selde geëwenaar in ons ryke prosatradisie.”
(Van Coller, 1995:278)

Vandag vorm die literatuursisteem van Afrikaans as kulturele produksie steeds 'n onvernietigbare verbinding met die “nuwe verruimde Afrikaanse wêreld” en kan die verlede daarvan nie net geïgnoreer of selfs uitgewis word nie. By die bekendstelling van *Perspektief en profiel. 'n Literatuurgeskiedenis 3* – volgens Botha (2006:agterblad) 'n weerspieëling van “(d)ie tydloosheid van die literêre kunswerk” – dui Van Coller (2006) aan dat die “(a)andrag op Afrikaans as wetenskaptaal (...) niks met ras te make (het) nie”. Dit is intendeel noodsaaklik vir die ontstaan, bestaan en voortbestaan van die prosateks, maar ook vir die volhoubaarheid van die Afrikaanse literatuursisteem, dat almal binne die diverse Suid-Afrikaanse samelewing moet aanvaar dat die “(a)andrag op Afrikaans nie (meer) 'n raskwessie” (Van Coller, *Die Bult* Maart 2006) (invoeging deur navorser) is nie.

“Since 1990, South Africa has raised the banner of reconciliation and presented itself as the rainbow nation. Traditional divisions have been consciously dismantled. These political and ideological transformations – the impulses towards unity – have also had repercussions on the Afrikaans literary terrain.”
(Van Coller, 2008:154)

Is dit vandag dus moontlik dat die Afrikaanse prosateks as deel van die Afrikaanse literatuursisteem vir sy Afrikaanse taalgemeenskap, binne die Suid-Afrikaanse samelewing, relevant en funksioneel kan wees?

“Vandag bied Afrikaans in sy literatuur, veral wat betref fiksie en biografieë, merkwaardig baie vir ’n relatief klein taalgemeenskap, maar die uitdaging bly steeds groot. Van Wyk Louw het gewaarsku dat die taal eweseer bedreig word deur ’n gebrek aan dit wat ‘die honger van die verstand versadig’ as deur politieke gevare.”
(Giliomee, 2004:634)

Deur hierdie studie is ook bevestig dat “Afrikaans se status as literêre en wetenskapstaal (...) een van sy belangrikste sterk punte” is (Malan, 2005:2). Vandag kom Afrikaans as ’n klein taal waarskynlik saam met sy ander Afrika-boeties en -sussies weereens teen Engels te staan. Sonder om “anti-Engels” te wees, dring Afrikaans nou aan op Afrikaans as kwaliteit wetenskaptaal. Die geskiedenis het ook bewys “(...) kwaliteit ken nie grense nie en het niks met grootte te make nie” (Van Coller, *Die Bult* Maart 2006), want “(h)ierdie hoër funksies van enige taal onderskraag sy bestaansreg en status” (Malan, 2005:2). Die toekoms van Afrikaans as skryftaal, leestaal en gebruikstaal lê daarom nie net in die gebruikers daarvan se veelvuldige lojaliteite (alleen) nie.

“Wanneer ’n mens soms moedeloos raak oor die doelbewuste pogings om Afrikaans te ondermyn en sy verlies aan status, vergeet ’n mens gou van sy prestasies. Oplaas is gehalte in die wydste sin ’n waarborg vir voortbestaan.”
(Van Coller, 1995:278)

Deur die loop van hierdie studie is weereens bevestig dat literatuur nie slegs ’n produk is van die sosiologiese bestel waarvan dit ’n deelsisteem is nie, maar dat dit ook as sosiopolitieke aktiwiteit en sosiokulturele produk in stand gehou moet word. Gedurende 2006 dui John ’n “nuwe” Afrikaanse literêr-kritiese paradigma aan:

“In conclusion, John passionately pleads for a return to aesthetic criteria.”
(Van Coller, 2008:162)

Terwyl Van Coller (1995) in ’n tydperk toe die demokrasie nog jonk was, gehalte Afrikaanse literatuur as die antwoord op volhoubaarheid beskou, doen John as’t ware ’n beroep op “a return to the esthetic valuation of literary texts, rather than the subordination of literature to social and political issues” (John, 2006:204). Vir die toekoms van die Afrikaanse literatuursisteem is dit noodsaaklik om na ’n gebalanseerde sisteem te streef – ’n sisteem waar waarde “nie bloot ’n intrinsieke eienskap van objekte (is) nie, maar die verhouding tussen die klassifisering van ’n objek en die funksies wat dit moet vervul”, insluit (Van Coller, 2006:244). Sodoende

word nie net die voortbestaan van Afrikaanse literatuur en die Afrikaanse prosateks verseker nie, maar Afrikaanse literatuur van gehalte kán ook die voortbestaan van die taal Afrikaans waarborg:

“Above all, literature keeps language alive as our collective heritage.”
(Eco, 2005:2)

BIBLIOGRAFIE

- A.B.B. 1957. Elise Muller het Hertzogprys verdien. *Die Burger*, 7 Oktober:9.
- Altieri, Charles. 1983. An idea and ideal of a literary canon. *Critical Inquiry*, 10:37-60.
- Altieri, Charles. 2005. From "An idea and ideal of a literary canon", *Canons and Consequences* (1990). In: Morrissey, Lee (ed.). *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 162.
- Althusser, L. 1971. *Lenin and philosophy and other essays*. Transl. Ben Brewster. New York: Monthly Review Press.
- Althusser, L. 1977. *For Marx*. Transl. Ben Brewster. London: NLB.
- Anbeek, T. 1990. *Geschiedenis van de Nederlandse literatuur*. Amsterdam: Uitgeverij De Arbeiderspers.
- Angyal, A. 1972. A logic of systems. In: Emery, F.E. (ed.). *Systems Thinking: Selected readings*. Harmondsworth: Penguin.
- Anker, J. 1984. Bespreking: Die Uurwerk Kantel – Marie Heese. *Die Unie*, Mei:299-301.
- Anker, Robert ... [et al.]. 1985. *De regels van de smaak*. Amsterdam: Nijzen.
- Antonissen, R. 1956. *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel/Tafelberg.
- Antonissen, R. 1982. Die Afrikaanse letterkunde van 1906 tot 1966. In: Nienaber, P.J. (red.) *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. 5de hersiene uitgawe. Johannesburg: Perskor. 35-164.
- Ashcroft, Bill; Griffiths, Gareth & Tiffin, Helen. 1989. *The empire writes back. Theory and practice in post-colonial literature*. London: Routledge.
- Azar-Luxton, Grizell (samest.). 2003. Eleanor Baker. *Kaapse Bibliotekaris*. Jan/Feb.
- Bachtin, Michael. 1982. Discourse in the novel. Transl. Caryl Emerson & Michael Holquist. In: Bachtin, M.M., *The Dialogic Imagination. Four essays*. Austin: University of Texas Press.
- Bachtin, Michael. 1989. Discourse in the novel. Fragment opgenomen in: Richter, David H. (ed.). *The Critical Tradition. Classic texts and contemporary trends*. New York: St. Martin's Press. 781-791.
- Bachtin, Michael. 2001. Het thema van de sprekende persoon. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 123-137. Vert. H. van Gorp.
- Baker, Eleanor. 1972. *Wêreld sonder einde*. Johannesburg: Perskor.
- Baker, Eleanor. 1973. *Splinterspel*. Johannesburg: Perskor.
- Baker, Eleanor. 1975. *Mørketiden*. Johannesburg: Perskor.
- Baker, Eleanor. 1978. *Monica*. Kaapstad: Tafelberg.
- Baker, Eleanor. 1980. *As 'n pou kon vlieg. 'n Verblyfboek oor Teheran*. Kaapstad: Tafelberg.
- Baker, Eleanor. 1981. *'n Geslote boek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Baker, Eleanor. 1981. *Mens en Meester. Biografie oor D.F. Malherbe*. Pretoria: Juventus.
- Baker, Eleanor. 1984. *Weerkaatsings: 'n sprokie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Eleanor. 1985. *Dossier van 'n gyseling*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Baker, Eleanor. 1988. *Die kwart-voor-sewe-lilie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Eleanor. 1991. *In die middel van die Karoo*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Eleanor. 1996. *Verbeelde werklikheid*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Eleanor. 1998. *Groot duiwels dood*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Eleanor. 2001. *'n Ou begin*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Eleanor. 2002. *Die ander Marta*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Eleanor. 2008. *Die kwart-voor-sewe-lilie*. Skooluitgawe. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Baker, Walter. 2002. Ongepubliseerde toespraak oor Eleanor. NALN se vierde Nasionale Leeskring-indaba. Woordfees 2002: Stellenbosch. 13 Maart.
- Baker, Walter. 2004. E-posbriefwisseling, 28 & 29 Februarie, 2 & 3 Maart.
- Baradat, L.P. 1979. *Political ideologies. Their origins and impact*. New Jersey, Prentiss-Hall.
- Barnard, Riana. 1994. Eleanor Baker 'ken haar storie' in elfde roman. *Volksblad*, 1 Augustus:6.
- Barnard, Riana. 1998. *Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem: die rol van N.P. van Wyk Louw*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Barnard, Riana. 2005. *Die uitdaging van volhoubare groei; 'n kritiese ondersoek na uitgewerstrategieë*. MBA-studie: Universiteit van Stellenbosch.
- Barthes, Roland. 1989. From work to text. In: Richter, David H. (ed.). *The Critical Tradition. Classic texts and contemporary trends*. New York: St. Martin's Press. 1006-1010.
- Barthes, Roland. 2001. Van het werk naar de teks. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). 2001. *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 279-287. Vert. Jan Baetens & Peter Zeeman.
- Benade, Therese. 2004. *Anna, dogter van Engela van Bengale*. Claremont: New Africa Books.
- Benjamin, Walter. 2001. De verteller. Beschouwingen bij het werk van Nikolaj Ljeskov. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). 2001. *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 35-53. Vert. Sytze Steenstra.
- Bennett, T. 1981. *Culture, Ideology and Social Process: A Reader*. London: Ohen.
- Bennett, T. 1986. Marxism and popular fiction. In: Humm, P., Stigant, P. & Widdowson, P. (eds.). 1986. *Popular fiction: essays in literature and history*. London and New York: Methuen. 237-265.
- Berkman, Joyce Avrech. 1989. *The healing imagination of Olive Schreiner. Beyond South African colonialism*. Oxford: Plantin Publishers.
- Beukes, Marthinus & Gouws, Tom. 1998 & 1999. Ginogenese as diskoers van mag – gestaltegewing van die Nuwe Vrou in *Griet skryf 'n sprokie* (Marita van der Vyver). *Tydskrif vir Letterkunde*, 36(4) 1998 November & 37(1) 1999 Februarie: 8594.
- Beyers, Susanne. 2000. Eleanor kom huis toe. *Sarie*, 28 Junie:60-61.
- Bisschoff, Anna-Marie. 1992a. L'art pour l'art. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 15.

- Bisschoff, Anna-Marie. 1992b. Artefak en estetiese objek. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 15.
- Bisschoff, Anna-Marie. 1992c. Blitsverkoper (Literêre). In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 45-47.
- Bisschoff, Anna-Marie. 1992d. Konkretisering. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 235.
- Bisschoff, Anna-Marie. 1992e. Triviaalliteratuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 542-543.
- Bloemhof, François. 1995. Boek van Evas storie by uitstek. *Die Burger*, 10 Oktober:8.
- Blom, André. 1995. Nou soek Matthee die 'Vrou'. *Insig*, November: 34.
- Blom, Onno. 1996. Prostituee voor volk en vaderland. *Kairos. Trouw*, 4 April.
- Bloom, H. 1973. *The anxiety of influence: a theory of poetry*. London: Oxford University Press.
- Bloom, Harold. 2005. Harold Bloom (1930-) from "An Elegy from the Canon," *The Western Canon: The Books and the School of Ages* (1994). In: Morrissey, Lee (ed.). *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 241-257.
- Boelhower, William Q. 1980. *Method in the Sociology of Literature*. Translated and edited by Goldmann, Lucien. Oxford: Telos Press.
- Bosman, D. 1936. Die vrou van Suid-Afrika sou wonderlike kon doen om 'n groot kultuurvolk te help opbou. *Die Moderne vrou*, Oktober.
- Botha, Amanda. 2001. 'n Brief aan sy bruid. *Insig*, November: 66, 67.
- Botha, Elize. 1973. Ter nagedagtenis aan Hettie Smit. *Tydskrif vir Letterkunde*, November: 68-70.
- Botha, E. 1980. Prosa. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 319-559.
- Botha, Elize. 1982. N.P. van Wyk Louw en die Afrikaanse prosa. N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, nr. 12. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Botha, Elize. 1996. Baker voer leser mee met humor, verfynde vaardigheid. *Beeld*, 26 Augustus: 12.
- Botha, Elmari. 1998. Lig skyn deur lyding. *Kruispunt*, 25 Oktober:8.
- Botha, Johann. 1992. 'Griet' kom lang pad aan onderdeur die sekelmaan. *Die Burger*, 13 April:15.
- Botha, Johann. 1992. Griet se dinge wil hulle hê. *Die Burger*, 16 Mei: 4.
- Bourdieu, P. 1983. The field of cultural production, or: economics reversed. *Poetics* 12:311-356.
- Bourdieu, P. 1984. *Distinction: a social critique of the judgement of taste*. Transl. Richard Nice. Cambridge, Massachusetts: Harvard.
- Bourdieu, P. 1986. The market for symbolic goods. Transl. R. Swyer. *Poetics*, 14(1/2).
- Bourdieu, P. 1993. *The Field of Cultural Production. Essays on Art and Literature*. Cambridge: Polity Press.
- Bourdieu, P. 1994. *De regels van de kunst. Wording en structuur van het literaire veld*. Amsterdam: Van Gennep. Vert. Rokus Hofstede.

- Bourdieu, Pierre. 2005. Pierre Bourdieu (1930-2002) from "The Field of Cultural Production, Or: The Economic World Reversed," *The Field of Cultural Production* (1983). In: Morrissey, Lee (ed.). 2005. *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 103-110.
- Bouwer, Alba, Rothmann, Anna & Van Reenen, Rykie. 1977. *M.E.R. 'n Kosbare erfenis. Briewe van M.E.R., 1916-1975*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brem, Hugo. 1988. De relatie tussen de Nederlandse en de Vlaamse literatuur. De teller en de noemer. *Tijdschrift over Nederlandse Letterkunde*, 5(1), Januarie/Februarie:34-38.
- Brem, Hugo. 2006. *Altijd weer vogels die nesten beginnen. Geschiedenis van de nederlandse literatuur 1945-2005*. Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.
- Breytenbach, Phillippa. 1992. Grote Griet, dié reaksie is soos 'n sprokie! *Transvaler*, 20 Mei:7.
- Brink, André P. 1967. *Aspekte van die nuwe prosa*. Pretoria & Kaapstad: Academica.
- Brink, André P. 1974. Dié boek word 'n aanklag teen uitgewer. *Rapport*, 24 Maart:3.
- Brink, André P. 1975. Dié skryfster kan geselskap word vir Berta, Elsa. *Rapport*, 26 Oktober:18.
- Brink, André P. 1976. 'n Lewensblye klein roman. *Rapport*, 31 Oktober:19.
- Brink, André P. 1978. 'n Bevestiging van die reg om te droom. *Rapport*, 18 Junie:17.
- Brink, André P. 1982. Die jongste tydvak: 1967-1977. In: Nienaber, P.J. 1982. *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Perskor. 165-216.
- Brink, André P. 1984. Plays, poetry, and production: The Literature of the Garment Workers. *South African Labour Bulletin* (8):32-53.
- Brink, André P. 1984. Só trap resensent darem nie modder op goeie, lekker boek nie! *Rapport*, 11 November:18.
- Brink, André P. 1985a. *Klaaglied vir Koos van die beste prosa in jare*. *Rapport*, 20 Januarie:14.
- Brink, André P. 1985(b). Samisjdat, tamisjdat, lamisjdat. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 52-67.
- Brink, André P. 1985c. Afrikaans en oorlewing. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 161-169.
- Brink, André P. 1986a. Daar sal gebloos word oor dié skryfster. *Rapport*, 12 Januarie:15.
- Brink, André P. 1986b. 'n Novelle vol uitdagings vir die ernstige leser. *Rapport*, 21 Desember:16.
- Brink, André P. 1988. Populêre en hogere literatuur. *De Kat*, Oktober:102.
- Brink, André P. 1989. Purposeful plays, prose and poems: The writings of the Garment Workers, 1929-1945. In: Clayton, Cherry. (ed.). *Women and writing in South Africa. A critical anthology*. Cape Town: Human & Rousseau. 107-127.
- Brink, André P. 1990. 'Man made woman: gender, class and the ideology of the *Volksmoeder*'. In: Walker, C. (red.) *Woman and gender in Southern Africa to 1945*. Kaapstad: David Philip.
- Brink, André P. 1991a. *Afrikaans: Op pad na 2000*. Tiende D.F. Malherbe- gedenklesing, 15 Mei 1991. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

- Brink, André P. 1991b. Op pad na 2000: Afrikaans in 'n (post)koloniale situasie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 29(4):1-12.
- Brink, André P. 1992. Betrokke literatuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 38-41.
- Brits, Frans. 2001. 'n Skoon kop in die Karoo. *De Kat*, Junie:86-87.
- Britz, Ettienne. 1990. Die belemmeringe van Lettie Viljoen. *Rapport*, 16 Desember:27.
- Britz, Ettienne. 1991. Wagterend op Geelgert. *Rapport*, 17 Maart:16.
- Britz, Ettienne. 1992. Sou 'n haan in die Karoo dan nie kraai? *Rapport*, 26 Januarie:20.
- Britz, Ettienne. 1992. 'n Sprokie oor die hart se seer en die lyf se lekker. *Rapport*, 12 April:13.
- Britz, Ettienne. 2001. Onder leesbaarheid lê diepte. *Die Burger*, 2 April:7.
- Britz, Ettienne & Pienaar, Delene. 2002. Die representasie van die vrou in die verse van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. *Stilet*, 14(2) September:217-225.
- Bronzwaer, W.J.M; Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, E. (reds.). 1980. *Tekstboek Algemene Literatuurwetenskap*. Baarn: Amboboeken.
- Brouwer, L. 1995. The colour of the sign: Feminist semiotics. In: Buikeman, R. & Smelik, A. (eds.). *Woman studies and culture*. London: Zed. 148-161.
- Burdett, Carolyn. 2001. *Olive Schreiner and the progress of feminism. Evolution, Gender, Empire*. New York: Palgrave.
- Burger, Willem. 2001. Matthee se lyn styg. *LitNet*, <http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/pieternella.asp>: Maart 2001.
- Burger, Willem (red.). 2006. *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
- Buursink, Marijke; Huppertz, Karel; Lichter, Edmund; De Roo, Koos & Schbnau. 1978. *De wetenskap van het lezen*. Assen, Amsterdam: Van Gorcum.
- Buys, Junita. 2005. Wat het geword van Hettie Smit? *Kakkerlak* Uitgawe 4:58-62.
- Carstens, W.A.M. 1991. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Cattell, Karin. 2000. Die konstruksie van Afrikaner-nasionalisme, met spesifieke verwysing na N.P. van Wyk Louw. *Stilet*, 12(2). September:138-152.
- Celliers, A.C. 1937. Bespreking: *Sy kom met die sekelmaan*. *Die Burger*, 12 Junie.
- Cilliers, Cecile. 1991. Hantering van tienerseks verfrissend. *Insig*, November:B5.
- Cilliers, Cecile. 1992. Baker se Karoo-boek swak versorg. *Insig*, Februarie:B5.
- Cilliers, Cecile. 1995. Jubel saam met die heidendogters. *Insig*, Junie:40.
- Cilliers, Cecile. 2000. Insidente, karakters bly in geheue. *Volksblad*, 22 Mei:6.
- Cilliers, Cecile. 2002. Greeff bedrewe, oortuigend. *Volksblad*, 30 September:6.
- Cilliers, Christo. 1995. Bespreking: *Die heidendogters jubel*. Boek van die Maand Klub. Junie: NALN Kr1266/95.
- Chapman, M. 1996. *Southern African literature*. London & New York: Longman.
- Clayton, Cherry. 1985a. Introduction. In: Schreiner, Olive. *The Story of an African Farm*. First published in 1883 by Chapman & Hall, London. Jeppestown: AD Donker. 7-20.

- Clayton, Cherry. 1985b. *Olive Schreiner (1855-1920). Olive Schreiner's thoughts about women: extracts from 'The story of an African farm' and 'Dreams'*. Pretoria: The State Library.
- Clayton, Cherry. (ed.). 1989. *Women and writing in South Africa. A critical anthology*. Cape Town: Human & Rousseau.
- Clayton, Cherry. 1989. Olive Schreiner and Katherine Mansfield: artistic transformation of the outcast figure by colonial women writers in exile. *English Studies in Africa*, 32(2):109-119.
- Clayton, Cherry. 1997. Father-empire and mother-right: the sexual politics of narrative. In: *Olive Schreiner (Twayne's World Authors Series; 865)* (edited by Clayton, Cherry.) New York: Twayne. 18-39.
- Clayton, Cherry & Scanlon, Paul A. 2000. Olive Schreiner. In: *South African writers (Dictionary of literary biography; v. 225)* (Edited by Scalon, Paul A.) Farmington Hills, MI: The Gale Group. 395-407.
- Cloete, E. 1992. 'Afrikaans identity: culture, tradition and gender. In: *Agenda* 13.
- Cloete, T.T. 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Cloete, T.T. 1992a. Literatuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 256-260.
- Cloete, T.T. 1992b. Literatuurgeskiedenis. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 262-270.
- Cloete, T.T. 1992c. Literatuurkritiek. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 270-273.
- Cloete, T.T. 1992d. Nasionale literatuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 333-337.
- Coetser, Johan. 2000. Rassisme tussen swart, bruin beskryf. *Beeld*, 18 Desember:11.
- Coetser, Johan. 2001. Met 'n vaardige hand beskryf. *Beeld*, 28 Mei:4.
- Coetzee, Ampie. 1984. *Die kremetartekspedisie: 'n Marxistiese dekonstruksie*. *Standpunte*, 37(3). Junie:39-49.
- Coetzee, A. 1988. *Marxisme en die Afrikaanse letterkunde*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Coetzee, Ampie. 1990. *Letterkunde en krisis. 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme*. Bramley: Taurus.
- Coetzee, Ampie. 1992. Ideologiesekritiek. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.173-177.
- Coetzee, Ampie. 1997. Inleiding. In: De Jager, F. 1995. *Hettie de la Queillierie – 'n Huldeblyk deur Queillierie-skrywers aan Hettie Scholtz*. Kaapstad: Queillierie. 1-6.
- Coetzee, Ampie. 2001. Nancy se nagmerrie. *De Kat*, Februarie:83, 84.
- Coetzee, Ampie. 2002. Swart Afrikaanse skrywers: 'n diskursiewe praktyk van die verlede. *Stilet*, 14(1):149-166.
- Coetzee, Ampie. 2006. Kannemeyer 'n grafskrif vir Afrikaanse letterkunde. *Rapport*, 22 Januarie:4.
- Coetzee, Ampie & Polley, James (eds.). 1990. *Crossing Borders. Writers Meet the ANC*. Bramley: Taurus.

- Coetzee, A., Smith, J. & Willemsse, H. 1990. Die Afrikaanse letterkunde: klas en apartheid. In: Malan, Charles & Jooste, G.A. (reds.). *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele konteks*. ALV-Publikasiereeks 4. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 59-71.
- Coetzee, C. 1990. Women in writing: herhaling van ou patrone. *Die Suid-Afrikaan*, 28 Augustus:28.
- Coetzee-Van Rooy, Susan. 1997. Bespreking: *Verbeelde werklikheid* (Eleanor Baker). *Tydskrif vir Letterkunde*, 2 Mei:94-95.
- Conradie, Elizabeth J.M. 1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika: 'n kultuur-historiese studie. Deel I (1652-1875)*. Pretoria: De Bussy.
- Conradie, Elizabeth J.M. 1949. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika: 'n kultuur-historiese studie. Deel II (1875-1905)*. Kaapstad/Pretoria: De Bussy/HAUM.
- Conradie, P. 1996. Redefining identity: A survey of Afrikaans women writers. *Alternation*, 3(2):67-75.
- Crous, Marius. 1996. Stem van swart vrou steek 'n grens in Afrikaans oor. *Die Burger*, 18 Desember:14.
- Crous, Marius. 2002. Die diskoers van Antjie Krog se *Lady Anne* (1989). Ongepubliseerde D. Litt.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Daniel, Raefford. 1986. White Africa seen in wife's trauma. *The Star*, 11 Augustus:3.
- De Beauvoir, S. 1972. *The second sex*. Harmondsworth: Penguin. Transl. H.M. Parshley.
- De Beer, Diane. 1980. 'n Afrikaanse besoek aan Iran. *Oggendblad*, 18 Julie:11.
- De Beer, Karin. 1992. Sy wil ordentlik beroemd wees, sê beskeie Dalene. *Die Burger*, 22 Oktober:10.
- De Geest, Dirk. 1996. *Literatuur als sisteem, literatuur als vertoog. Bouwstenen voor een functionalistiese benadering van literaire verskijnselen*. Leuven: Uitgeverij Peeters.
- De Geest, Dirk. 1997. System theory and discursivity. *Canadian Review of Comparative Literature*. 161-175.
- De Geest, Dirk. 2001. Genres. 'Wie zegt dat ik na veertien regels zwijg?' Lotgevallen van het sonnet als genre in de recente Nederlandse literatuur. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). 2001. *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. Inleiding:28-30.
- Degenaar, J.J. 1985. Ideologie, vervreemding en woordkuns. In: Malan, Charles & Smit, Bartho. 1985. *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 123-136.
- Degenaar, J.J. 1989. Marxism and deconstruction. *Journal of Literary Studies*, 5(2).
- Degenaar, J.J. 1992a. Eksistensialisme in die literatuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 91-93.
- Degenaar, J.J. 1992b. Ideologie. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 171-173.
- De Jager, F. 1995. *Hettie de la Queillerie – 'n Huldeblyk deur Queillerie-skrywers aan Hettie Scholtz*. Kaapstad: Queillerie.
- De Jong, Marianne. 1992a. Feminisme. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 123-128.

- De Jong, Marianne. 1992b. Leserrol. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 248-250.
- De Jong, Marianne. 1992c. Verwagtingshorison. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 568-569.
- Dekker, G. 1937. Prof. Dekker oor Smit-roman: 'Vernuwing in ons prosa'. *Die Burger*, 29 Mei.
- Dekker, G. 1947. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Vierde bygewerkte druk. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Dekker, G. 1967. *Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Twaalfde uitgawe, bygewerk tot 1966. Kaapstad: Nasou.
- Dekker, G. 1974. 'Vernuwing in ons prosa' – Prof. Dekker oor Smit-roman, eerste druk van die tweede uitgawe. *Die Burger*, 30 Mei.
- De Klerk, W.J. 1985. Die kragte agter sensuur. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). 1985. *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- De Klerk, W.J. 1961. Bespreking: *Die vrou op die skuit*. *Patrys*, 8(101), Augustus:36
- De Klerk, W.J. 1964. Bespreking: *Die vrou op die skuit*. *Patrys*, 12(135), Junie:38.
- De Kock, W.J. (red.). 1960. *Biografiese Woordeboek*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- De Lange, Johann. 1992. Exclusive communiqué. Griet se sprokie. *Weekly Mail*, 30 April – 7 Mei:4.
- De Lange, Margaret. 1997. *The muzzled muse. Literature and censorship in South Africa*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins.
- De Nooy, Wouter. 2002. The dynamics of artistic prestige. *Poetics* 30:147-167.
- De Villiers, A. 1934. *Die Hollandse taalbeweging in Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- De Villiers, A. 1949. 'Dr. Elizabeth Conradie, Lewenskets'. In: Conradie, Elizabeth J.M. 1949. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika: 'n kultuur-historiese studie. Deel II (1875-1905)*. Kaapstad/Pretoria: De Bussy/HAUM. xv-xxii.
- De Villiers, A.J.D. 1960. Conradie, E.J.M. In: De Kock (red.): *Biografiese Woordeboek*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel. 190-191.
- De Villiers, H. 1991. Die lostorring van 'n Penelope-weefsel. *Transvaler*, 21 Februarie:8.
- De Villiers, Heidi. 2003. 'n *Stringetjie blou krale* (E.K.M. Dido): kulturele identiteit en hibriditeit in 'n postapartheidskonteks. *Stilet*, 15(1):167-179.
- De Villiers, Heidi. 2005. *Hanna* (Rachelle Greeff): "Fluit-fluit, die storie is uit." *Stilet*, 17(1):150-163.
- De Villiers, Heidi. 2006. Profiel: E.K.M. Dido (1852-). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* 3. Pretoria: J.L. van Schaik. 289-302.
- De Vries, A.H. 1975. 'n Gemengde dis. *Die Burger*, 13 November:19.
- De Vries, A.H. 1986. *Tendense in die Afrikaanse kortverhaal 1867-1984*. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- De Vries, Anastasia. 2005a. 80 jaar amptelik ... en die antie dans nou eers. *Rapport*, 29 Mei:1.

- De Vries, Anastasia. 2005b. 'Ons is maar net Afrikaanse Afrikane.' *Rapport*, 30 Oktober:2.
- De Wet, Karen. 1994. *Eiendoms onbeperk: die onvoltooide groot gesprek met D.J. Opperman in die Afrikaanse poësie*. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif. Mmabatho: Universiteit van Bophuthatswana.
- De Wet, Karen. 1997. Die spilfiguur: genererende entiteit in die literêre sisteem – die moontlikheid vir herwaardering. *Stilet* 9(2):40-47.
- Dido, E.K.M. 1997. *Rugdraai en stilbly*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Dido, E.K.M. 2000. *'n Stringetje blou krale*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Dido, E.K.M. 2003. *Die onsigbares*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Dijkstra, Katinka. 1989. Canonvorming in de literaire communicatie: Indicatoren voor de analyse van de literair-kritische canon. *Spektator tijdschrift voor Neerlandistiek*, 18(3), Januarie:159-168.
- Dorleijn, G.J. 1996. "Daarginds kent men u door Coster!" Paul van Ostaijen in het Nederlandse literaire veld. In: Peeters, Patrick en Spinoy, Erik (reds.). *Het vouwbeen van de lezer. Over literatuuropvattingen*. Leuven: Uitgeverij Peeters, Paul van Ostaijen Instituut. 51-70.
- Dorleijn, G.J. & Van Rees, C.J. 1999. *Literatuuropvattingen in het perspectief van het literaire veld*. Den Haag: Now.
- Dowling, W.C. 1984. *Jameson, Althusser, Marx: An Introduction to the political unconscious*. London: Methuen.
- Du Plessis, I.D. 1937. Credo. *Die Huisgenoot*, 14jl.
- Du Plessis, Hans. 1993. Dis goed, dis gewild, dis Eleanor Baker ... *Rapport*, 5 September:20.
- Du Plessis, J.W. 1991. *Feminisme in die oeuvres van enkele Afrikaanse vroueprosaïste na Sestig*. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Du Plessis-Swart, Maritha. 2004. Vroue kan vlerke kry. *Landbouweekblad*, 24 September:74-75.
- Du Plessis, Tim. 2005. Die 'nuwe' Mbeki en Afrikaans. Geleentheid wink vir moedertaal-sekerheid. *Rapport*, 3 Julie:17.
- Du Plessis, Tim. 2005. Wit Afrikane sal meer 'Afrikaan' moet word. *Rapport*, 20 November:20.
- Du Plooy, Heilna. 1992. No big deal, dog sê Griet iets. *Woord en Daad*, 32(3). Junie:31.
- Du Plooy, Heilna. 1992a. Fiksie. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 129-130.
- Du Plooy, Heilna. 1992b. Kunstgreep. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 244-245.
- Du Plooy, Heilna. 1992c. Paradigma en sintagma. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 368-369.
- Du Plooy, Heilna. 1992d. Vervreemding. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 567-568.
- Du Plooy, Heilna. 1996. Populêr, maar op die grens met die ernstige. *Volksblad*, 14 Oktober:6.

- Du Plooy, Heilna & Viljoen, Hein. 1992. Benaderingswyses in die Literatuurwetenskap. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 25-38.
- Du Preez, Max. 2005. *Oranje blanje blues. 'n Nostalgieuse trip*. Kaapstad: Zebra Press.
- Du Toit, Z.B. 2005. Bruin en wit verskil oor Afrikaans. *Rapport*, 24 Julie:2.
- Duvenhage, André. 1994. *Die transformasie van politieke instellings in oorgangstye – 'n rekonstruksie, interpretasie en evaluasie van S.P. Hutington se teoretiese bydrae*. Ongepubliseerde proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Eagleton, T. 1983. *Literary theory*. Oxford: Basil Blackwell.
- E.B. 1999. Skrywer toor met woord en beeld. *Volksblad*, 12 April:8.
- Eco, Umberto. 1976. *A theory of semiotics*. Bloomington: Indiana University Press.
- Eco, Umberto. 2005. *On literature*. London: Secker & Warburg. Transl. Martin McLaughlin.
- E.F.E. 1937. Ontluiting van 'n vrou ... (Artikel verskaf deur NALN).
- Eksteen, L.C. 1982. *Geslote boek te ligtelik opgeneem*. *Oggendblad*, 29 Januarie:13.
- Ellis, J.M. 1974. *The Theory of Literary Criticism*. Londen: University of California Press.
- Eliot, T.S. 1965. The frontiers of criticism. In: Eliot, T.S., *On Poetry and Poets*. London. Faber & Faber.
- Emery, F.E. (ed.). 1972. *Systems Thinking: Selected readings*. Harmondsworth: Penguin.
- Engelbrecht, Theunis. 1993. 'Afrikaners nie volwasse op seksuele gebied'. *Beeld*, 11 April: 4.
- Engelbrecht, Theunis. 1994a. 'Ek is die heelyd aan die soek na iets.' *Beeld Kalender*, 5 Mei:5.
- Engelbrecht, Theunis. 1994b. Lettie Viljien skryf haar agtermiddae vol. *Die Burger*, 11 Mei: 4.
- Engelbrecht, Theunis. 2004. Boekmense gebelg oor Afrikaanse skrywers 'beskeie presteer'. *Rapport*, 5 September:11
- Engelbrecht, Theunis. 2004. 'Spring in en doen iets om Afrikaanse boeke te laat gedy'. *Rapport*, 28 November:6
- Erasmus, Mabel. 1995. Heidendogters nie geslaag as roman. *Volksblad*, 4 Desember:8.
- Ester, H. 1985. Intrigerende klaaglied van Lettie Viljoen. *Zuid-Afrika*, Mei:107.
- Ester, H. 1992. Een thuishoof by Eleanor Baker. *Zuid-Afrika*, Junie:114.
- Ester, H. 1995. Tot die kern van Zuid-Afrika. *Zuid-Afrika*, September:150.
- Esterhuyse, Willie. 2005. Afrikaners moet wêér voortrekkers word. *Rapport Perspektief*, 10 Julie:2.
- Even-Zohar, I. 1979. Polysystem theory. *Poetics Today*, 1(102):287-310.
- Even-Zohar, I. 1990. Polysystem studies. *Poetics Today*, 11(1):27-44.
- February, Vernon. 1998. Klein begin is aanhou wen. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 3-20.
- Ferreira, Annelie. 2003. Die siel lê tussen vrede en foeter. *Die Burger*, 23 Junie:11.

- Feyt, Christelle. 1999. Resensie – Onse Angeltjie 1(2).
<http://www.ut.ac.za/arts/afrik/amok/angel2a.htm>.
- Fish, Stanley. 1980. Interpreting the Variorum. *Critical Inquiry*, 2(3).
- Fiske, J. 1989. *Understanding popular culture*. Boston: Unwin Hyman.
- F.J.B.M. 1957. Boekbeskouing: *Die vrou op die skuit*. *Die Kerkbode*, 108(7), 13 Februarie:285.
- Fokkema, D.W. 1981. Vergelykende literatuurwetenskap en het nuwe paradigma. *Forum der Letteren*, 23:179-194.
- Fokkema, D.W. 1985. Empiriese literatuurwetenskap. In: Segers, R.T. (red.). *Vormen van Literatuurwetenskap*. Groningen: Wolters-Noordhoff. 251-263.
- Fokkema, D.W. (Gasredacteur). 1985-1986. Literatuurgesiedenis en canonvorming. *Spektator tijdschrift voor Neerlandistiek*. 15(1) September.
- Fokkema, D.W. 1986. De canon als kritisch en didactisch instrument: een historische analyse. *Spektator tijdschrift voor Neerlandistiek*, 15(1), September:1-15.
- Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, E. 1978. *Theories of literature in the twentieth century: structuralism, Marxism, aesthetics of reception, semiotics*. London: Hurst.
- Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, E. 1992. *Literatuurwetenschap & cultuuroverdracht*. Muidenberg: Coutinho.
- Foster, R. & Viljoen, L. (samest.). 1997. *Poskaarte. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.
- Foster, R. 2002. Postmodernisme en poësie – 'n uitnodiging tot kritiese dialoog. *Stilet*, 14(2):186-216.
- Fourie, Corlia. 2004. Die Afrikaanse skrywer: Is daar 'n toekoms? *Rooi Rose*, September:214-217.
- Foucault, Michel. 1986. *The archaeology of knowledge*. London & New York: Tavistock Publications. (Vertaling van *L'Archéologie du savoir*, 1969. Parys: Editions Gallimard.)
- Foucault, Michel. 1989. 'What is an author?' In: David H. Richter (ed.). *The Critical Tradition. Classic texts and contemporary trends*. New York: St. Martin's Press. 978-988.
- Foucault, Michel. 2001. Wat is een auteur? In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 259-277. Vert. Reine Meylaerts.
- Fowler, A. 1979. Genre and the literary canon. *New Literary History*, 11:97-120.
- Fowler, A. 1982. *Kinds of literature: An introduction to the theory of genres and modes*. Oxford: Clarendon Press.
- Fowler, A. 1985. *Kinds of literature*. Oxford: Clarendon Press.
- Franken, J.L.M. 1938. *Duminy-dagboeke*. Kaapstad: Die Van Riebeeck-Vereniging.
- Friedlander, Zeldá (ed.). 1967. *Until the heart changes. A garland for Olive Schreiner*. Kaapstad: Tafelberg.
- Galloway, Francis. 2002. Statistical trends in South African book publishing during the 1990s. *Alternation*, 9(1):87-116.
- Gerwel, G.J. 1985. Afrikaner, Afrikaans, Afrika. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). 1985. *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr 40-51.

- Gerwel, Jakes. 1988. Besinning oor die vestiging van alternatiewe Afrikaans op hoërskool. In: Van den Heever Randall (red.). *Afrikaans en bevryding*. Kasselsvlei: KPO.
- Gilfillan, J.M. 1994. *Griet skryf 'n sprokie*: Van stilswye tot kreet. *Stilet*, 6(2), September:97-105.
- Gilfillan, Rita. 1984. Eleanor Baker is in staat tot veel meer. *Die Vaderland*, 17 Oktober:12.
- Giliomee, Hermann, & Schlemmer, Lawrence. 2001. *Kruispad*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, Hermann. 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Glorie, Ingrid. 1995. Lot van 'Susters van Eva' belig in Dalene Matthee se nuwe roman. *Rapport*, 12 November:19.
- Goldmann, Lucien. 1980. *Method in the Sociology of Literature*. Oxford: Telos Press. Translated and edited by William Q. Boelhower.
- Goosen, Jeanne. 2004. Boekmense gebelg oor Afrikaanse skrywers 'beskeie presteer'. Aangehaal deur Engelbrecht in *Rapport*, 5 September:6.
- Gordimer, Nadine. 1980. "The Prison-house of Colonialism": Review of Ruth First and Ann Scott's *Olive Schreiner*. *The Times Literary Supplement*, London. 15 August 1980. In: Berkman, Joyce Avrech. 1989. *The healing imagination of Olive Schreiner. Beyond South African Colonialism*. Oxford: Plantin Publishers. 95-98.
- Gouws, Amanda. 2006. Onvleiend, dog eerlike skets van Wit Afrikane. *Rapport*, 26 Maart:5.
- Gouws, Tom. 1991. Tienerboek in die kol. *Transvaler*, 19 Desember:6.
- Gouws, Tom. 1993. 'n Halfwegstasie op pad van ons transformasie. *Beeld*, 15 November:10.
- Gouws, Tom. 1996. Eva se susters verdien dit – verdien mans dit? *Beeld*, 11 Desember:12.
- Greeff, Rachelle. 1990. *Die rugkant van die bruid*. Kaapstad: Tafelberg.
- Greeff, Rachelle. 1993. "No angst whatsoever". *Sash*, 35(3), Januarie:42.
- Greeff, Rachelle. 1994. Die versugting van 'n banneling. *De Kat*, Augustus:82-84.
- Greeff, Rachelle. 1996. Groot Madeleine. *De Kat*, Junie:60-62.
- Greeff, Rachelle. 1997. *Al die windrigtings van my wêreld*. Queillierie.
- Greeff, Rachelle. 2002. *Hanna*. Kaapstad: Tafelberg.
- Greeff, Rachelle. 2006. Aromat in Afrikaans en ander opkickers. *Rapport Perspektief*, 28 Mei:4.
- Greeff, Rachelle. 2006. Welkome boekgebak van die Woordplaas. *Rapport Perspektief*, 13 Augustus:4.
- Gregory S. Jay & Miller, David L. (eds.). 2005. *After Strange Texts* (1985).
- Greimas, A.J. 1987. *On meaning. Selected writings in semiotic theory*. Minneapolis: University of Minnesota.
- Grenz, F. 1992. Marxisme en die literatuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 283-285.
- Grobbelaar, Madelene. 1995. Verskyningsvorme van estetisme en dekadensie in *Sy kom met die sekelmaan* en *Kaapse rekwisiete*. *Literator*, 16(1). April:51-65.
- Grobler, Hilda. 1978. *Monica*: Uitvloeisel van stroming wat wêreld op loop het. *Hoofstad*, 24 Augustus:20.
- Grobler, Hilda. 1980. Baker se jongste 'n besondere reisboek. *Hoofstad*, 31 Julie:25.

- Grobler, Hilda. 1985. Dié blokboek waardevol. *Hoofstad*, 29 Mei:30.
- Grobler, Hilda. 1989. Méér as 'n leesbare, ligte roman ... *Transvaler*, 17 April:2.
- Grobler, Hilda. 1996. 'Verbeelde werklikheid' is heerlike boek. *Vrydag*, 19 Julie:5.
- Grobler, Hilda. 1997. Instink lei tot lekkerlees boek. *Vrydag*, 3 Oktober:2.
- Grobler, Hilda; Van der Merwe, Anneri; Van Niekerk, Annemarie & Lessing, Margeret. 1994. South African women's writing into the 1990s. In: Lessing M. (ed.). *South African Women Today*. Pinelands: Maskew Miller Longman. 292-303.
- Grové, A.P. 1978. *Dagsoom. Letterkundige opstelle uitgegee by geleentheid van die skrywer se sestigste verjaardag op 10 Junie 1978*. Kaapstad: Tafelberg. 3-18.
- Grové, Henriëtte. 2000. Gevatte taalaanwending in 'Pieternella van die Kaap' bekoor. 'n Menslik oortuigende roman. *Beeld*, 19 Junie:9.
- Guillory, John. 1987. Canonical and non-canonical: a critique of the current debate. *ELH*. John Hopkins University Press. 54(3)3. Fall:483-527.
- Guillory, John. 1990. *Canon*. In: Lentricchia, F. & McLaughlin, T. (eds.). *Critical terms for literary studies*. Chicago: University of Chicago Press. 233-249.
- Guillory, John. 1993. *Cultural capital: the problem of literary canon formation*. Chicago: University of Chicago Press.
- Guillory, John. 2005. John Guillory from 'Preface' and Canonical and Noncanonical: The Current Debate, *Cultural Capital: The Problem of Literary Canon Formation* (1993). In: Morrissey, Lee (ed.). 2005. *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 207-214.
- Haarhoff, T.J. 1967. Olive Schreiner was a prophet. In: Friedlander, Zelda (ed.). *Until the heart changes. A garland for Olive Schreiner*. Kaapstad: Tafelberg. 17-18.
- Hall, J. 1979. *The Sociology of Literature*. London: Longman.
- Hall, S., Hobson, D., Lowe, A. & Wills, P. (eds). 1980. *Culture, Media, Language*. London: Hutchinson.
- Hambidge, Joan. 1981. D.F. Malherbe: Mens en Meester. *Hoofstad*, 17 Augustus:6.
- Hambidge, Joan. 1985. Om boodskap en aanbod 'n belangrike prosawerk. *Vaderland*, 4 Februarie:11.
- Hambidge, Joan. 1989. Baker goël bedrewe met konvensies. *Beeld*, 24 Februarie:10.
- Hambidge, Joan. 1990. Hoë en populêre boeke verskil g'n. Alles hang van die leser af. *Insig*, Mei:4.
- Hambidge, Joan. 1992a. Algemene Literatuurwetenskap. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 5-7.
- Hambidge, Joan. 1992b. Metaroman. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 293-295.
- Hambidge, Joan. 1992c. 'n Boeiende verslag van 'n versmade vrou. *Die Burger*, 21 April:11.
- Hambidge, Joan. 1992d. 'n Ritslose gerits in Afrikaans? *Beeld*, 7 Mei:3.
- Hambidge, Joan. 1993a. *Karolina* is 'n ryk, komplekse verhaal. *Insig*, Desember:10.
- Hambidge, Joan. 1993b. Baker verklap die geheim te gou. *Insig*, 30 Mei:8.
- Hambidge, Joan. 1995. 'Heidendogters' is 'n literêre ramp. *Beeld*, 27 Julie:4.
- Hambidge, Joan. 1997. Is daar fout met trefferlys? *Beeld*, 12 Augustus:9.
- Hambidge, Joan. 1998. Die dun grens tussen fiksie en werklikheid. *Beeld*, 10 Februarie:4.

- Hamilton, M.B. 1987. The elements of the concept of ideology. *Political Studies*, 35.
- Hattingh, Marion. 1991. Wat sê die stiltes in die middel van die Karoo? *Karring* 4, Winter:44-45.
- Hattingh, S.C. 1956. Bespreking: *Die vrou op die skuit en ander verhale*. *Helikon*, 6(26). Desember:21, 22.
- H.E. 1996. Bespreking: *Griet skryf 'n sprokie*. ALV-kongres in Bloemfontein. 18-20 September.
- Heese, Marié. 1976. *Die uurwerk kantel*. Kaapstad: Tafelberg.
- Heese, Marié. 1971. Bespreking: *Die vrou op die skuit*. *Die Huisvrou*, September:9 & 40.
- Henderson, W.J. 1992. Klassieke literatuurstudie: Grieks-Romeinse Literatuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 207-214.
- Hendriks, Debbie. 1997. Skrywer sonder naam. *De Kat*, 12(7). Januarie:83, 84.
- Hernstein-Smith, Barbara. 1984. Contingencies of Value. In: Von Hallberg, R. *Canons*. Chicago: University of Chicago Press: 5-39.
- Hernstein-Smith, Barbara. 1988. *Contingencies of Value*. Cambridge: Harvard University Press.
- Hernstein-Smith, Barbara. 2004. Contingencies of Value. In: Morrissey, Lee (ed.). *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 153-156.
- Herrmann, Anne C. & Stewart, Abigail J. 1994. *Theorizing Feminism: Parallel Trends in the Humanities and Social Sciences*. University of Michigan: Westview Press.
- Hirsch, E.D. 1967. *Validity in Interpretation*. New Haven: Yale University Press.
- Hirsch, E.D. 1972. Three Dimensions in Hermeneutics. *New Literary History*, 3.
- Hough, Barrie. 2000. Dalene Matthee terug met nuwe verrassings. *Rapport*, 16 April:3.
- Hugo, D.J. 1987. Hettie Smit se B.Ed.-verhandeling as aanleiding vir *Sy kom met die sekelmaan*. *Tydskrif vir Letterkunde*, November:45-54.
- Hugo, D.J. 1992. Histories-sosiologiese benadering. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 167-168.
- Hugo, Daniel. 2008. Audrey Blignault leef voort in die harte van haar lesers. *Die Burger*, 3 Oktober:5
- Human & Rousseau. 2002. *Die ander Marta*. Eleanor Baker. <http://www.humanrousseau.com>.
- Humm, P., Stigant, P. & Widdowson, P. (eds.). 1986. *Popular fiction: essays in literature and history*. London and New York: Methuen.
- Huigen, Siegfried. 2006. Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* 3. Pretoria: J.L. van Schaik. 3-42
- Isaacson, Maureen. 1992. Frankly, this tale has a lot more to it than sex. *Sunday Star*, 31 May:3.
- Iron, R. 1883. Preface to the second edition. In: Schreiner Olive, 2004: 23-24.
- Iser, Wolfgang. 1998. *Prospecting. From Reader Response to Literary Anthropology*. Baltimore: John Hopkins University Press
- Iser, Wolfgang. 2001. Het leesproses. Een fenomenologiese invalshoek. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire kultuur. Tekstboek*.

- Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 220-243. Vert. Ine van Linthout & Barend van Heusden.
- Jacobs, Jaco. 2003. Verhaal slinger koersloos tussen tonele. *Volksblad*, 4 Augustus:8.
- Jakobson, Roman & Tynjanov, Joeri. 1928. Vraagstukken met betrekking tot de bestudering van literatuur en taal/*Readings in Russian Poetics. Formalist and Structuralist Views*. Cambridge, Mass.: MIT Press. Vertaling L. Matejka & K. Pomorska, 1971:79-81.
- Jakobson, R. 1960a. Linguistics and poetics. In: Sebeok, T.A. (ed.) *Style in Language*. New York: MIT Press.
- Jakobson, R. 1960b. Closing statement: Linguistics and poetics. In: Sebeok, T.A. (ed.) *Style in Language*. Cambridge Mass: MIT Press. 350-358
- Jakobson, R. 2001. Linguïstiek en poëtica. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 23-33. Vert. René M. Ftanquinet.
- Jansen, Ena. 1990. Gekwelde stories vir madams én masters. *Vrye Weekblad*, 12 Oktober:15.
- Jansen, Ena. 1993. 'n Goeie storie. *De Kat*, Julie:88.
- Jansen, Ena. 1995. Onbeholpe debuut. *De Kat*, Julie:115, 116.
- Jansen, Ena. 1997. 'Windrigtings' te anekdoties. *Beeld*, 3 Maart:6.
- Jansen, Ena. 1998. Profiel: Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach (1948-). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 733-745.
- Jansen, Ena, & Veltkamp-Visser, Sief. 2003. Elizabeth Conradie (1903-1939) – 'n Terugblik op haar lewenswerk. *Stilet*, 15(2). September:1-20.
- Jansen, Valda. 2006a. Lewe is 'n voortdurende reddingspoging. *Die Burger*, 14 April:9.
- Jansen, Valda. 2006b. Is Afrikaanse resensente te vitterig? *Rapport*, 3 September:4.
- Jauss, H.R. 1967. Literatuurgeskiedenis als een provocatie voor de literatuurwetenskap. In: Buursink, Marijke; Huppertz, Karel; Lichter, Edmund; De Roo, Koos & Schbnau. 1978. *De wetenskap van het lezen*. Assen, Amsterdam: Van Gorcum.
- Jauss, H.R. 1970. Literary history as a challenge to literary theory. *New Literary History*, 2(1).
- Jauss, H.R. 2001. Literatuurgeskiedenis als uitdaging aan de literatuurwetenskap. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 185-218. Vert. Sytze Steenstra.
- J.J.K. 1937. *Sy kom met die sekelmaan*: Vereniging vir die Vrye Boek se eerste uitgawe. *Volksblad*, 24 April.
- JL. 1985a. Skryfstyl van sprokie 'houerig'. *Oosterlig*, 28 Maart:15.
- JL. 1985b. Verdieping val op in Baker-boek. *Oosterlig*, 24 Oktober:13.
- Johl, Ronél. 1978. Monica 'n 'oop' leesavontuur vir lekelees. *Transvaler*, 1 Julie:7.
- Johl, Ronél. 1986. *Kritiek in krisis: Vryheid vir die teks*. Durban: Butterworth.
- Johl, Ronél. 1992a. Fiktiwiteit. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 130.

- Johl, Ronél. 1992b. Verwysing in die literatuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 569-571.
- John, Philip. 1989. Die Afrikaanse prosa, 1918-1926: Bloudruk vir 'n nuwe bewussyn. Hersiene en verkorte weergawe van 'n referaat gelewer by die *Groen Kongres*, 26-30 Maart, RGN, Pretoria.
- John, Philip. 1994a. Literatuurgeskiedskrywing en diskoers: die 'begin' van die Afrikaanse Letterkunde. *Literator*, 15(1).
- John, Philip. 1994b. O, my kuns! 'n Semiotiese analise van die estetiese problematiek in *Onder bevoorregte mense* deur Marie Linde. *Tydskrif vir Letterkunde*, 32(2). Mei:12-24.
- John, Philip. 1998. Afrikaans literature and (metropolitan) postcolonial theory: interrogation from the margin. *Journal of Literary Studies*, 14(1/2). June:18-35.
- John, Philip. 2006. 'n 'Nuwe' Afrikaanse literêr-kritiese paradigma? *Stilet* 18(1). Maart:204-207.
- Johnson, Randall. 1993. Editor's Introduction. Pierre Bourdieu on Art, Literature and Culture. In: Bourdieu, P. *The Field of Cultural Production. Essays on Art and Literature*. Cambridge: Polity Press. 1-25.
- Jooste, G.A. 1998. Profiel: Dalene Matthee (1938-). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 672-683.
- Jordaan, Stienie. 2002. Van sekel- tot volmaan. *Insig*, Briewe. 10 April:10.
- Joubert, Dian. 1985. Ons politieke werklikheid. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 84-94.
- Joubert, Elsa. 1978. *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Elsa. 1985a. 'n Klein bietjie geestesenergie., Charles & Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 137-140.
- Joubert, Elsa. 1985b. Rassekonflik: hoe dit my werk raak. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 200-206.
- Joubert, Elsa. 1995. *Die reise van Isobelle*. Kaapstad: Tafelberg.
- Joubert, Elsa. 2002. *Twee vroue*. Kaapstad: Tafelberg.
- J.v.B. 1934. Boekbesprekings: *Onder bevoorregte Mense*. *Die Kristelike Skoolblad*, 21-24.
- Kannemeyer, J.C. 1965. *Die stem in die literêre kunswerk*. Nasou Beperk.
- Kannemeyer, J.C. 1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987*. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.
- Kannemeyer, J.C. 1993. 'Belemmerende' gang van vorige werk afgeskud. *Rapport*, 28 November:30.
- Kannemeyer, J.C. 1995. Die bevryding van 'n vreeslose vrou. *Rapport*, 28 Mei:35.
- Kannemeyer, J.C. 1996. Dié roman is ragfyn beplan. *Rapport*, 30 Junie:31.
- Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse Literatuur 1652-2004*. Kaapstad Pretoria: Human & Rousseau.
- Kannemeyer, John. 2000. Dirk Opperman, Hettie Smit en die Mapogger meisie. *Die Burger*, 7 Oktober:IV.

- Kaplan, Carey & Rose, Ellen Cronan. 1990. *The Canon and the Common Reader*. Knoxville: The University of Tennessee Press.
- Katz, D. & Kahn, R.L. 1966. *The social psychology of organization*. New York: John Wiley.
- Katz, D. & Kahn, R.L. 1972. Common characteristics of open systems. In: Emery, F.E. (ed.). *Systems Thinking: Selected Readings*. Harmondsworth: Penguin.
- Kernan, Alvin. 2005. Alvin Kernan (1923-) from "Introduction: The death of Literature," *Death of Literature* (1990). In: Morrissey, Lee (ed.). *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 165-169.
- Kemp, Regina. 2002. *Facials op 'n vliegtuig*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Keyser, Gawie. 1998. 'Griet' stof toe Nederlandse boeke goed uit. *Die Burger*, 24 Februarie:4.
- Kolodny, Annette. 2005. Annette Kolodny (1941-) from "A Map for Rereading: Or, Gender and the Interpretation of Literary Texts," *New Literary History* (1980). In: Morrissey, Lee (ed.). *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 150-156.
- Kombuis, Koos. 2000. *My mamma is 'n taal*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kramer, N.J.T.A. & De Smit, J. 1977. *System thinking: concepts and notions*. Leiden: Martinus Nijhoff.
- Krog, Antjie. 2004. Só maak die taaldebat wel saak. *Rapport*, 19 September:V.
- Kruithof, J. 1973. Literatuur en lectuur. In: *Raam 1973*; 96. Uitgeverij Orion, Brugge.
- Kruger, Joan. 1981. Huldeblyk aan Malherbe. *Transvaler*, 2 Junie:10.
- Krüger, L. 1986. 'n Kop vol boeke. *De Kat*, Augustus:80.
- Krupat, Arnold. 2005. Arnold Krupat (1941-) from "The Concept of the Canon," *The Voice in the Margin* (1989). In: Morrissey, Lee (ed.). *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 157-162.
- Kuhn, T. 1977a. *The Essential Tension*. Selected studies in scientific tradition and change. Chicago & London: The University of Chicago Press.
- Kuhn, T. 1977b. *The Structure of Scientific Revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.
- Laermans, Rudie. 1994. Een té grote sociologische borstel? Kanttekeningen bij Pierre Bourdieu's *Les règles de l'art*. *Boekmancahier*, 19:6-25.
- Laermans, Rudie. 1996. Complexiteit als opgawe. Bourdieu's veldanalyse in sisteemteoretiesk perspektief. *Boekmancahier*, 30:435-447.
- Lakoff, G. 1987. *Women, fire and dangerous things*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lategan, F.V. 1960. 'n Besondere bydrae tot die Afrikaanse kortverhaal. *Naweekpos*, Augustus:42, 43.
- Lategan, Leana. 1999. Duiwelse oorlog waarop Baker oopkop skryf. *Volksblad*, 15 Februarie:8.
- Lategan, Leana. 2001a. Baker steeds 'n gunsteling by lesers. *Volksblad*, 16 Julie:16.
- Lategan, Leana. 2001b. Skerp kyk na delikate verhoudings. *Volksblad*, 23 April: 8.
- Lategan, Leana. 2001c. Emosies sensitief namens leser verwoord. *Volksblad*, 1 Oktober:6.
- Lategan, Leana. 2003. Baker se laaste roman staan kop en skouers bo haar ander werk. *Volksblad*, 6 Januarie:4.

- La Vita, Murray. 1992. Vrou se bevryding. *Transvaler*, 11 Junie:6.
- Lees, Edith. 1915. Olive Schreiner and her relation to the Woman Movement. *Book News Monthly*, New York, Vol. 33 (February 1915). In: Berkman, Joyce Avrech. 1989. *The healing imagination of Olive Schreiner. Beyond South African Colonialism*. Oxford: Plantin Publishers. 46-47.
- Lentricchia, F. & McLaughlin, T. (eds.). 1990. *Critical terms for literary studies*. Chicago: University of Chicago Press.
- Le Roux, André. 1985. Goed begin en baie gewin. *Die Burger*, 18 April:10.
- Le Roux, André. 1991. Berg-op wag die leser, en wag en wag. *Insig*, April:47.
- Le Roux, André. 1994. Marita en Griet-se-sprokie en daai ding. *Boekewêreld*, 17 November:1.
- Le Roux, Marina. 1990. Eleanor Baker se boek vol probleme is aangename leesstof vir jonges. *Die Burger*, 31 Desember:7.
- Le Roux, Marina. 1998. Resensie: Rugdraai en stilbly. *Radiosondergrense: Skrywers & Boeke*, 12 April
- Lessing M. (ed.). 1994. *South African Women Today*. Pinelands: Maskew Miller Longman. 292-303.
- Leverere, A. 1986. Power of the canon, or: How to write an author into a classic. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 2(2).
- Liebenberg, Otto. 1998. Dr. Bettie Conradie (1903-1939) se erflating. Ongepubliseerde referaat. Bloemfontein: NALN.
- Lindenberg, E. 1956. Bespreking: *Die vrou op die skuit en ander verhale*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 6(4). Desember:90, 91.
- Linde, Marie. 1925. *Onder bevoorregte mense*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Lippmann, Walter. 1922. *Public opinion*. New York: Macmillan.
- Lombaard, Sonnette. 2002. Baker was ons 'cantadora'. *Die Burger*, 18 Julie:4.
- Loock, Irma. 1997. Bring nuwe perspektief op die verlede, sonder bitterheid. *Volksblad*, 3 November:8.
- Loock, Irma. 1998. Lewer positiewe bydrae tot gewilde prosa. *Volksblad*, 3 Augustus:8.
- Loots, Sonja. 2003. Bedrywig en bedrewe. *Rapport*, 31 Augustus:24.
- Loots, Sonja. 2004. Zoid-hulle in jong digters se plek. *Rapport*, 10 September:2.
- Loots, Sonja. 2005a. 'Ek skryf maar my boekies'. *Rapport*, 24 Julie:5.
- Loots, Sonja. 2005b. Klappe én komplimente. *Rapport*, 6 November:4.
- Lotman, Joeri. 1976. The Content and Structure of the Concept of Literature. In: *PTL. A Journal for Descriptive Poetics and Theory of Literature*. 339-356.
- Lotman, Joeri. 1977. *The structure of the artistic text*. Ann Arbor: University of Michigan Press. Transl. Ronald Vroom.
- Lotman, Joeri. 2001. De inhoud en structuur van het begrip literatuur. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 152-166. Vert. H. van Gorp.
- Loubser, Andries. 1992a. Freud sou Marita ook bekroon. *Beeld*, 19 April:2.
- Loubser, Andries. 1992b. Neerhalend en niksseggend. *Beeld*, 17 Junie:4.
- Lourens, A. 1998. Resensie: *Poskaarte*. *Radiosondergrense: Skrywers en Boeke*. 1 Februarie.

- Lourens, Amanda. 1999. Twee vroulike stemme in Afrikaanse ballingskapliteratuur. *Tydskrif vir Letterkunde*, 36/37(4/1):106-109.
- Lourens, Vanessa. 1997. Regina werp lig op 'ander sy' van ma-wees. *Die Burger*, 24 Junie:7.
- Louw, Anna M. 1976. Eersteling-roman, 'n storie van 'elke-vrou'. *Die Burger*, 14 Oktober:19.
- Louw, Anna M. 1975. *Kroniek van Perdepoort*. Kaapstad: Tafelberg.
- Louw, Elretha. 2005. Huldeblyk Dalene Matthee: Vriende bring hulde. www.huisgenoot.com. 3 Maart.
- Louw, Jorda. 1984. 'Stramheid' en anglisismes hinder in sprokie. *Oosterlig*, 26 Oktober:20.
- Louw, N.P. van Wyk. 1961. *Vernuwing in die prosa*. Pretoria & Kaapstad: Academica.
- Louw, W.E.G. 1958. Haas en Skilpad het besluit om resies te ja en toe ... *Die Burger*, Woensdag, 2 April.
- Lubbe, Hansie & Wiehahn, Rialette. 2000. Die Afrikaanse plaasroman in die twintigste eeu. *Stilet*, 12(1):153-167.
- Lukács, Georg. 2001. Voorwoord bij 'Balzac en het Franse realisme'. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire kultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 10-21. Vert. Sytze Steenstra.
- Luhmann, N. 1973. *Zweckbegriff und Systemrationalität*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Luhmann, N. 1984. *Sosiale Systeme*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Luhmann, N. 1995. *Die Kunst der Gesellschaft*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Maartens, Hennie. 1996. Scheepers se grens het hier geen grense nie. *Die Kerkbode*. 26 Januarie:12.
- Maatje, F.C. 1977. *Literatuurwetenskap. Grondslagen van een theorie van het literaire werk*. Utrecht: Bohn, Sheltema & Holkema.
- Malan, Charles. 1982. Die Suid-Afrikaanse letterkunde en sy sosiale konteks aan die begin van die jare tagtig. *SP 160*, Derde reeks, 35(4). Augustus:48-67
- Malan, Charles. 1985. Skrywer versus politikus: ter wille van lojale verset. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 117-122.
- Malan, Charles. 1990. Literatuuargeskiedskrywing as 'n Suid-Afrikaanse kulturele diskoers. In: Malan, Charles & Jooste, G.A. (reds.). *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele konteks*. ALV-Publikasiereeks 4. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. 43-58.
- Malan, Charles. 1991. Neef Chrisjan wat so lag. *De Kat*, Julie:88.
- Malan, Charles. 1992a. Kultuurkritiek. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 241-244.
- Malan, Charles. 1992b. Pure grietse tragedie! *Vrye Weekblad*, 26 Junie:22.
- Malan, Charles. 2003. Die Afrikaanse boek loop 'n kreeftegang. *Rapport*, 16 Maart:17.
- Malan, Charles. 2005a. Die mal Don is dood, lank lewe die mal Don. *Rapport Perspektief*, 10 April:1.

- Malan, Charles. 2005b. Hoe nuut gaan 'n nuwe akademie wees? *Rapport Perspektief*, 22 Mei:2.
- Malan, Charles. 2005c. Die skrikbewind van die boekvreter. *Rapport Perspektief*, 3 Julie:1.
- Malan, Charles. 2005d. Die wag voor jou mond. *Rapport Perspektief*, 17 Julie:1.
- Malan, Charles. 2005e. Die Bose is aantreklik, sexy en in ons almal. *Rapport*, 23 Oktober:2.
- Malan, Charles. 2008. Hoe die Afrikaanse pen magtiger as die swaard was. *Rapport*, 5 Oktober:4
- Malan, Charles & Viviers, André. 1978. *'n Inleiding tot die Studie van die Letterkunde*. Bloemfontein: P.J. de Villiers.
- Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). 1985. *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Malan, Charles & Jooste, G.A. (reds.). 1990. *Onder andere. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele konteks*. ALV-Publikasiereeks 4. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Malan, Regina. 1992. Intertekstualiteit. In: Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 187-189.
- Malherbe, F.E.J. 1937. Van die mooiste prosa in ons Letterkunde. *Die Suiderstem*, 8 Mei:6
- Malherbe, F.E.J. 1937a. Prosa van gebrokenheid. *Die Huisgenoot*, 7 Mei:25, 109.
- Malherbe, F.E.J. 1937b. Nuwe roman van Sophie Roux. Talent suiwerder en soepeler. *OEB*, Julie-September.
- Malherbe, F.E.J. 1940. *Aspekte van die Afrikaanse literatuur*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Malherbe, F.E.J. 1948. *Wending en inkeer. 'n Beskouing oor die nuwere Afrikaanse Letterkunde*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- Marais, Danie. 2006. Taal en verbeelding al skrywersplig – Mexikaanse meester. *Rapport Perspektief*, 26 Februarie:4.
- Marais, René. 1988. Vrouwees: Perspektiewe in die meer onlangse Afrikaanse poësie en prosa. *Literator*, 9(3). November:29-43.
- Marais, René. 1991. Waarhede sonder preek oorgedra. *Rapport*, 24 November:17.
- Maritz, Lorraine. 2007. Die Afrikanervrou as volksmoeder. Manlik gemanipuleer of vroulik geïnisieerd? Bylae by *Die Burger*, 29 Januarie:5
- Masselli, Anna E. & Carter, Janet. 1992. Klassisisme. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 214-219.
- Mathewson, Lorraine. 2003. Leeskring: 'n Stringetjie blou krale. *Kaapse Bibliotekaris*, Maart/April:21.
- Matthee, Dalene. 2000. *Pieterella van die Kaap*. Kaapstad: Tafelberg.
- Matthee, Dalene. 1995. *Dogters van Eva*. Kaapstad: Tafelberg.
- M.C. 1973. Dié boek beeld tydsgees uit. *Vaderland*, 12 Januarie:10
- McClintock, Anne. 1993. The Angel of Progress: Pitfalls of the Term 'Post-colonialism'. In: Williams, Patrick & Chrisman, Laura (eds.): *Colonial Discourse and Post-Colonial Theory. A Reader*. New York: Harvester Wheatsheaf. 291-304.
- McKnight, Ronél. 2003. 'n Ou Begin. *Boekewêreld, Kaapse Bibliotekaris*. 47(1). Jan/Feb.

- Medewerker. 2001. Ware slot onthul van 'Sekelmaan'. *Die Burger*, 27 Oktober:4.
- Meese, Elizabeth. 2005. Elizabeth Meese (1943-) from "Sexual Politics and Critical Judgement". In: Gregory S. Jay & Miller, David L., (eds.), *After Strange Texts* (1985).
- Meiring, E. 1992. Nouvelle Critique. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 347-351.
- M.E.R. 1972. *My beskeie deel*. Kaapstad: Tafelberg.
- Meyer, P.S; Swanepoel, W.J; Kempen, W. & Van der Merwe, C.P. 1983. *Ons Moedertaal*. Vyfde uitgawe. Goodwood: Nasou Beperk.
- Miles, John. 1985. Afrikaans: sy gebruikers en manipuleerders. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds). *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 95-105.
- Miller, Hillis J. 2002. *On Literature*. London & New York: Routledge.
- Mischke, Anne-Marie. 1998. 'n Pittige versameling agter-stories. *Rapport*, 15 November:18.
- Mittner, Esmé. 1996. Lente van die liefde (*Verbeelde werklikheid*). *Sarie*, 11 September:8.
- Mooij, J.J.A. 1979. *Tekst en lezer: Opstellen over algemene problemen van de literatuurstudie*. Amsterdam: Polak & Van Genneep.
- Mooij, J.J.A. 1979. Wat is literatuur? In: Mooij, J.J.A. *Tekst en lezer: Opstellen over algemene problemen van de literatuurstudie*. Amsterdam: Polak & Van Genneep.
- Mooij, J.J.A.1985. Noodsaak en moegelykhede van canonvorming. *Spektator*, 15:281-291.
- Mooij, J.A.A. 1987. *De wereld der warden. Essays over kultuur en sameleving*. Amsterdam: Meulenhoff.
- Morris, Michael. 2005. Aangehaal in: De Vries, 80 jaar amptelik ... en die antie dans nou eers. *Rapport Perspektief*, 29 Mei:1.
- Morrissey, Lee (ed.). 2005. *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan.
- Muller, Elise. 1956. *Die vrou op die skuit en ander verhale*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Müller, M. 1992. Postmodernisme. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 397-400.
- Muller, Martie. 1993. Die Afrikaanse roman reik uit na vernuwing. *Stilet*. September: 143-154.
- Muller, Petra. 1992. Sê dag vir Griet! *Insig*, Mei:3.
- Muller, Sarah. 1980. *As 'n pou kon vlieg* is 'n boek vol kleur. *Vaderland*, 25 September:15.
- Mukarovský, Jan. 1936. *Aesthetic Function, Norm and Value as Social Facts*. Ann Arbor: Department of Slavic Languages and Literature, University of Michigan.
- Mukarovský, Jan. 1970. *Aesthetic Function, Norm and Value as Social Facts*. Ann Arbor, Michigan: Michigan Slavic Publications
- Mukarovský, Jan. 1977a. *The Word and Verbal Art*. New Haven: Yale University Press.
- Mukarovský, Jan. 1977b. The individual and literary development. In: *The Word and Verbal Art*. New Haven: Yale University Press.

- Mukarovský, Jan. 2001. De kunst als semiotische feit. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. Vert. J. Verbaas
- Nel, Adèle. 1998. Eerlik, met insig geskryf. *Beeld*, 9 Maart:8.
- Nel, Jo. 1991. Dié roman kan lesers beloon. *Beeld*, 20 Mei:6.
- Nell, Linda. 1997. Resensie: Al die windrigtings van my wêreld. *Radiosondergrense: Skrywers & Boeke*. 27 Mei.
- Nethersole, Reingard. 1987. Literary history after Foucault? *Journal of Literary Studies*, 3(2):8-10.
- Nethersole, Reingard. 1992. Hermeneutiek. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 158-165.
- Nienaber, P.J. 1951. *Perspektief en profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Nienaber, P.J. 1965. *Die Hertzogprys vyftig jaar*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J. (red.) 1982. *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. 5de hersiene uitgawe. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber, G.S. 1982: Die eerste letterkundige pogings in Afrikaans. In: Nienaber, P.J. (red.) *Perspektief en Profiel. 'n Geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde*. 5de hersiene uitgawe. Johannesburg: Perskor.
- Nienaber-Luitingh, M. 1998. Profiel: M.E.R. (1875-1975). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 684-693.
- Nieuwoudt, Stephanie. 2000. 'As mense mekaar maar net wil verstaan'. *Beeld Plus*, 29 November:8.
- Nieuwoudt, Una. 1992. Marita se Griet het almal aan't praat. *Die Burger*, 26 Mei:8.
- Nieuwoudt, Una. 1998. Viva die Afrikaanse boek! Drie nuwe skrywers, vele nuwe stories. *Sarie*, 28 Januarie:48, 49.
- Nieuwoudt, Una. 1996. 'n Kop vol stories. *Sarie*, 18 Desember:119.
- Ohloff, Heinrich. 1993. Kanon en instansies – 'n Afrikaanse perspektief. SAVAL-kongres 12: Waardes in die letterkunde. SAVAL: Potchefstroom.
- Ohloff, Heinrich. 1999. Perspektief op die Afrikaanse poësie: die poësie van voor 1900 tot 1960. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. 21-243
- Ohmann, R. 1984. The shaping of a canon: U.S. fiction 1960-1975. In: Von Hallberg, R. *Canons*. Chicago: University of Chicago Press. 377-401.
- Olivier, Fanie. 1997. Verskuilde potensiaal word nie verwesenlik. *Beeld*, 20 Januarie:8.
- Olivier, Gerrit. 1980. Wette en taboes. *Standpunte*, 33(1):33-64.
- Olivier, Gerrit. 1993. 'n Eienaardige eeuwending. *Vrye Weekblad*, 22 Julie:36.
- Olivier, Gerrit. 1994. Die begeerte na liefde. *Vrye Weekblad*, 13 & 25 Januarie:34.
- Olivier, Gerrit. 1995. Afrikaans and South African literature. *Journal of Literary Studies*, 11(2), Junie:38-48.
- Olivier, Rika. 1997. 'n Maatstaf vir môre. *Insig*, Maart:31.
- Onbekend. 1987. Hettie Smit se B.Ed.-verhandeling as aanleiding vir *Sy kom met die sekelmaan*. *Tydskrif vir Letterkunde*, November:45-54.
- Opperman, D.J. 1974a. *Naaldekoker*. Kaapstad: Tafelberg.

- Opperman, D.J. 1974b. Dolosgooier van die woord/A.P. Grove. Kaapstad: Tafelberg.
- Oversteegen, J.J. 1982. *Beperkinge, metodologiese resepte en ander voorveronderstellings en vooroordelens in die moderne literatuurwetenskap*. Utrecht: HES Uitgevers.
- Pakendorf, Gunter. 1988. Blomtyd, maar Iris wil nie blom nie. *Die Burger*, 30 Maart:6.
- Pakendorf, Gunter. 1991a. Die sterk kant van die vrou. *Die Burger*, 5 Julie:9.
- Pakendorf, Gunter. 1991b. Belemmering, maar dit is 'n leeservaring. *Die Burger*, 14 Mei:7.
- Pakendorf, Gunter. 1992. Nog van die beskeie boeke, asseblief! *Die Burger*, 21 Januarie:7.
- Pakendorf, Gunter. 1992. Politiek, werklikheid en seks – as 'n sprokie. *Die Suid-Afrikaan*. Junie-Julie:52.
- Pakendorf, Gunter. 1995. Die konflik van rolverskuiwing nog nie bevredigend opgelos. *Die Burger*, 7 Junie:6.
- Pakendorf, Gunter. 2006. Sterk roman. Bedrieglik beskeie. *Rapport*, 12 Februarie:17.
- Pakendorf, Gunter. 2006. Herinnerings aan tyd op die plaas. *Rapport Perspektief*, 24 September:5.
- Parker, Elize. 2001. 'Ek het 'n ding oor die dom vrou'. *Sarie*, Augustus:192-194.
- Parker, Elize. 2003. Boekdinge: *Die ander Marta*. *Sarie*, Maart:164.
- Parker, Elize. 2003. Boekdinge: *Niggie*. *Sarie*, Maart:164.
- Parker, Elize. 2003. Boekdinge: *Facials op 'n vliegtuig* deur Regina Kemp. *Sarie*, Augustus:196.
- Parker, Elize. 2003. Bly verantwoordelik. *Die Burger*, 12 Junie:14.
- Paterson, A.B. 1900. "An Interview with Olive Schreiner". *The Sydney Morning Herald*, Sydney (17 February 1900). In: Berkman, Joyce Avrech. 1989. *The healing imagination of Olive Schreiner. Beyond South African Colonialism*. Oxford: Plantin Publishers. 56-57.
- Pelser, Waldimar. 2002. Talle verslae oor Eleanor Baker se dood. *Volksblad*, 3 Julie:6.
- Pereira, E. 1992. Romantiek. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 447-452.
- Philip, John. 2006. 'n 'Nuwe' Afrikaanse literêr-kritiese paradigma? *Stilet* 18(1). Maart.
- Pienaar, Dalene. 1992. Waar lê die grens tussen kuns en pornografie? *Kerkbode*, 12 Junie:8.
- Pienaar, D.V. 1937. Literatuur in die huis: *Sy kom met die sekelmaan*. *Moderne vrou*, Junie.
- Pienaar, Hansie. 1981. Boek bly geslote. *Die Oosterlig*, 15 Februarie:10.
- Potgieter, Annaliese. 1993. Metateks in boeiende storie. *Die Burger*, 28 Julie:10.
- Potgieter, F.J. 1977. *Die stad van die mens – dienaar of meester?* Wetenskaplike bydrae van die PU vir CHO, Potchefstroom. Reeks F: Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, Studiestuk 120:7.
- Pretorius, Celestine. 1998. *Al laggende en pratende*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Pretorius, J.C. 1977. *Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806*. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

- Pretorius, Willem. 1992. Uitdagend erotiese roman kafeel lekker met Afrikaans. *Beeld*, 16 April:2.
- Pretorius, Willem. 1992. Griet se verdriet ook Griet s'n. *Volksblad*, 22 Mei:22.
- Prinsloo, Koos, Hattingh, Ryk. 1991. Rachel het berou (wat van generaal De Wet). *De Kat*, Junie: 94-97.
- Prinsloo, K. 1993. Skryf is soos naaldwerk doen. *De Kat*, Junie:90.
- Rabe, Lizette. 2000. Resensie: *Pieterella van die Kaap*. *Sarie*, 14 Junie:16.
- Raidt, Edith. 1963. Voorgeskrewe werke: *Die vrou op die skuit*. *Kriterium* 1(1), April:40-46.
- Reader's Digest. 1981. *South Africa's Yesterdays*. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa.
- Reader's Digest. 1993. *The Best of South African Short Stories*. Cape Town: The Reader's Digest Association South Africa.
- Renders, L. 1994. In de ban van de geschiedenis: verleden, heden en toekomst in enkele hedendaagse Afrikaanse prozawerke. Ongepubliseerde referaat gelewer op die kongres oor 'Afrikaans in een veranderende context'. Amsterdam, 19-21 Januarie.
- Renders, L. 1996. Contemporary Afrikaans Literature and the Legacy of Apartheid: the Afrikaner in Search of a New Identity. In: Shetter, William Z., Van der Cruysse, Inge (eds.). *Contemporary explorations in the culture of the low countries*. Lanham, MD: University Press of America. 249-261.
- Richards, I.A. 1924/1950. *Principles of Literary Criticism*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Richter, David H. (ed.). *The Critical Tradition. Classic texts and contemporary trends*. New York: St. Martin's Press. 1006-1010.
- Robinson, Marguerite. 1995. Sy het die uitdaging aangegryp. *Beeld*, 15 Junie:7.
- Rocwell, N. 1977. Aangehaal uit toespraak tydens Presidensiële Medalje-toekenning.
- Roodt, D.F. 1988. Oor die koloniale drempel heen. SA literêre diskoerse van die afgelepe 30 jaar. *Restant*, 16(1):37-64.
- Roodt, Dan. 2004. Maak Afrikaanse letterkunde braaivleiskultuur. *Rapport*, Julie.
- Roodt, P.H. 1992. Verrassings, humor op tog deur donker woud. *Beeld*, 8 Junie:6.
- Roodt, P.H. 2001. Greeff 'n vernuftige verteller. *Beeld*, 29 Oktober:9.
- Roos, Henriëtte. 1979. Bespreking: *Die Uurwerk Kantel* (Marié Heese). *Tydskrif vir Letterkunde*, XVII, November:128-141.
- Roos, Henriëtte. 1985. Verhaal en suksesverhaal, of: op soek na goeie, gewilde prosa. *Standpunte*, 38(5):19-27.
- Roos, Henriëtte. 1992a. "Drie damesromans". *Tydskrif vir Letterkunde* 30: 2 Mei:41-52.
- Roos, Henriëtte. 1992b. Die oorfloedige man en die vroulike teenkultuur. *Die Suid-Afrikaan*, (38):73-74.
- Roos, Henriëtte. 1994. Literêre geskiedskrywing en/as persoonlike perspektief. *JLS/TWS*, 10(3/4):331-346.
- Roos, H. 1996. *Dáárom letterkunde, dáárom Afrikaanse letterkunde*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

- Roos, H. 1997. 'n Vrou in die kolonies: oor die grens van die tyd. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 1:63-76.
- Roos, H. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 21-117.
- Roos, Henriëtte. 2006. Die Afrikaanse prosa 1997 tot 2002. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 3*. Pretoria: J.L. van Schaik. 43-104.
- Rosenthal, Jane. 1994. Beyond boerewors. *Mail & Guardian*, 28 February:34.
- Rosenthal, Jane. 2000. Heaven and hell. *Mail & Guardian*, 20-27 April:8.
- Rossouw, Mabel A. 1991. *Ideologie en taalhandelinge in enkele Afrikaanse romans sedert 1980*. Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Rossouw, Mabel A. 1992. Kompetensie (Literêr). In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 229-230.
- Rossouw, Mabel A. 1992. Leserstipe. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 250-255.
- Rossouw, Mabel A. 1992. Resepsieteorie. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 427-429.
- Roux, Sophie. 1937. *Fyn en broos*. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Rust, Winnie. 2004. *Martha. 'n Verhaal oor Martha Solomons, Countess of Stamford*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- Ryan, P. 1991. A woman's place: motherhood and domesticity in literature. *Unisa English Studies*, 29(1). April:24-34.
- Sartre, J-P. 1948. *Situations II*. Paris: Gallimard.
- Schalkwyk, D. 1989. Elsa Joubert. *Poppie Nongena*. In: Clayton, Cherry. (ed.). *Women and writing in South Africa. A critical anthology*. Cape Town: Human & Rousseau. 254-274.
- Scheepers, A. 1939. Werkers se houding teenoor nasionalisme. *Garment Workers/Klerewerker*, Augustus:3.
- Scheepers, Anne. 1995. *Griet skryf 'n sprokie* as rapture on patriarchal ideology. *Karring*, Tien/Somer:30-33.
- Scheepers, Anne. 1998. Belangrike sosiale kritiek. *Karring*, Veertien/Winter:44-45.
- Scheepers, Riana. 1992. Gefladder in die hoenderhok. *SA Literary Review*, 2(3). September:13.
- Scheepers, Riana. 1995. *Die heidendogters jubel*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Schmidt, Siegfried. 1983. The Empirical Science of Literature ESL: A new paradigm. *Poetics*, 12:19-34.
- Schmidt, S.J. 1985. On Writing Histories of Literature. Some Remarks from a Constructivist Point of View. *Poetics* 14:279-302.
- Schmidt, S.J. 1996. A System-oriented Approach to Literary Studies. *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1), March:119-136.
- Schoeman, P.G. 1975. *Aspekte van die Wysgerige Pedagogiek*. Bloemfontein: Sacum Beperk.
- Schoeman, P.G. 1975. *Grondtrekke van die fenomenologiese pedagogiek in Suid-Afrika*. Bloemfontein: Sacum Beperk.

- Schoeman, K. 1989. *Olive Schreiner: 'n Lewe in Suid-Afrika (1855-1881)*. Kaapstad: Juta & Co.
- Scholes, R. 1974. *Structuralism in Literature*. New Haven: Yale University Press.
- Scholtz, G.D. 1979. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel VII, 1924-1939*. Johannesburg: Perskor.
- Scholtz, Hettie. 1974. Eleanor se kinderdae omgeskryf. *Transvaler*, 4 Februarie:4.
- Scholtz, Hettie. 1999. Dit reën groot duiwels dood. *De Kat*, Februarie:26-27.
- Scholtz, Hettie. 2001. Dis ons Dido daai ... *Insig*, Januarie:70, 71.
- Scholtz, Hettie. 2001. Eleanor Baker, 'n perfekte tien. *Insig*, Junie:76.
- Scholtz, M.G. 1992. Roman. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. HAUM-Literêr. 437-446.
- Schoonees, P.C. 1934. Radiopraatjie oor 'Onder Bevoorregte Mense' van Marie Linde. *Die Saamwerk*, September.
- Schoonees, P.C. 1939. *Die prosa van die Tweede Afrikaanse Beweging*. Pretoria, Kaapstad: J.H. de Bussy & HAUM.
- Schoonees, P.C. 1950. *Tien jaar prosa*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Schoonees, P.C. 1956. Bespreking: Verhale van Elise Muller. *Die Huisgenoot*, 24 Desember:23.
- Schreiner, Olive. 1883. *The Story of an African Farm*. London: Chapman & Hall.
- Schreiner, Olive. 1991. The Hunter. In: *Reader's Digest*. South Africa's Yesterdays. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa. 9-15.
- Schreiner, Olive. 2004. *The Story of an African Farm*. First published in 1883 by Chapman & Hall, London. Jeppesestown: AD Donker
- Schutte, Hannie. 1974. Splinterspel – lekker leesure. *Transvaler*, 4 Februarie:4.
- Schutte, H.J. 1992. Periodisering. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. HAUM-Literêr. 373-375.
- Sebeok, T.A. (ed.). 1960. *Style in Language*. New York: MIT Press.
- Segers, R.T. 1978a. The Evaluation of Literary Texts. *Studies in Semiotics*, 22.
- Segers, R.T. 1978b. *Receptie-esthetika: grondslagen der theorie en toepassing*. Amsterdam: Huis van de Drie Grachten.
- Segers, R.T. 1980. *Het lezen van literatuur: een inleiding tot een nieuwe benadering*. Baarn: Ambo Basisboeken.
- Segers, R.T. (red.) 1985. *Vormen van Literatuurwetenschap*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Shafto, Michael. 1992. Fuss over bestseller fazes frank Marita. *The Star*, 7 September:8.
- Shetter, William Z., Van der Cruysse, Inge (eds.). 1996. *Contemporary explorations in the culture of the low countries*. Lanham, MD: University Press of America.
- Shipley. 1962. *Dictionary of World Literature*. Literary critics. 83.
- Showalter, Elaine. 1975. Review essay: Literary criticism. *Signs*, 1.
- Showalter, Elaine. 2005. Elaine Showalter (1941-) from "The female Tradition," *A Literature of Their Own* (1977). In: Morrissey, Lee (ed.). *Debating the canon: A reader from Addison to Nafisi*. New York: Palgrave MacMillan. 87-91.
- Sjklovski, Viktor. 1982. De kunst als priom. In: *De paardesprong. Opstellen over literatuur*. Met een inleiding van Karel van het Reve. Haarlem (De Haan):17-37.

- Sjklovski, Viktor. 2001. De kunst als priom. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire kultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 104-121. Vert.: Tine Stuurman & Sijfra Herschberg.
- Slabbert, Coenie. 1996. Dido vertel van 'n ander stryd teen onreg. *Rapport*, 24 November:36.
- Smit, Bartho. 1985. Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde. In: Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.). 1985. *Skrywer en Gemeenskap. Tien Jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM-Literêr. 3-21.
- Smit, Hettie. 1937. *Sy kom met die sekelmaan*. Kaapstad: Nasionale Pers, vir die Vereniging vir die Vrye Boek.
- Smith, Matilda. 2000. Kulture met deernis geskets. *Volksblad*, 20 November:8.
- Smith, Matilda. 2003. Vroueverhale aandoenlik beskryf. *Volksblad*, 10 November:6.
- Smuts, J.C. 1967. General J.C. Smuts on Olive Schreiner. In: Friedlander, Zeld (ed.). *Until the heart changes. A garland for Olive Schreiner*. Kaapstad: Tafelberg. 19.
- Smuts, J.P. 1962. Uit ons voorgeskrewe literatuur. Elise Muller: *Die vrou op die skuit. Die Unie*, 1 April:543, 544.
- Smuts, J.P. 1978. Nie ver genoeg bo die tydskrifmatige nie. *Die Burger*, 27 Julie:6.
- Smuts, J.P. 1993. Die hemel help ons. *New Contrast*, 21(1):65-69.
- Smuts, J.P. 1994. *Karolina Ferreira* hoogtepunt. *Volksblad*, 2 Mei:6.
- Sötemann, A.L. 1985. "Vier poeticas". In: *Over poetica en poëzie*. 119-130.
- Sontag, Susan. 1964. *Against Interpretation and Other Essays*. New York: Octagon Books.
- Sontag, Susan. 2001. Tegen interpretasie. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). 2001. *Literaire kultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 289-300. Vert. P.H.H. Hawinkels.
- Spies, L. 1976. Die vrou se lewenswêreld roerend geskets. *Oggendblad*, 23 Desember:1.
- Spies, L. 1996. Die bydrae van die Afrikaanse digteres: 'n Eie literatuurgeskiedenis? In: *Stilet*, 9(2), September.
- Stander, C. 1991. Die stryd van die vrou en die vrou in die stryd. In: *Karring Drie/ Somer*.
- Stander, Christell. 1994. Wellus en stilte. Bylaag tot *Die Suid-Afrikaan*, Februarie/Maart:6-7.
- Steenberg, D.H. 1992. Literatuur en lewensbeskouing. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 260-262.
- Steenberg, Dawie. 1993. Die sprokie wat Griet geskryf het. *Literator*, 14(1). April:117-120.
- Steenberg, Elsabe. 1983. Bespreking: *Die uurwerk kantel* (Marié Heese). *Tydskrif vir Letterkunde*, XXI:I, Februarie:119-126.
- Steenberg, Elsabe. 1991a. Bekende skrywer se eerste jeugverhaal. *Beeld*, 4 November:6.
- Steenberg, Elsabe. 1991a. Baker se eerste jeugverhaal tienerfiksie van gehalte. *Volksblad*, 11 November:6.

- Steyn, J.C. 1995. Afrikaans in 'n nuwe bedeling: terugslae, groei en reaksies op bedreigings. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 35(4). Desember: 280-292.
- Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 2004. *Die 100 jaar van M.E.R.* Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, Suzaan. 1993. Die moeilike tweede een. *Die Burger*, 23 Augustus:4.
- Strauss, D.F.M. 1985. Sisteemteorie en die sosiologie. *S.A.Tydskrif vir Sosiologie*, 16(1):1-8.
- Strauss, D.F.M. 1989. Onderliggende eenheid binne sosiologiese paradigma-verskeidenheid? *S.A.Tydskrif vir Sosiologie*, 20(2):127-135.
- Strydom, L. 1992. Literatuurteorie en Komparatisme. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 280-281.
- Stubbs, Luke. 2002. A story of fragile beauty and hope. *Cape Times*, 20 September:10.
- Swanepoel, Eduan. 1991. Viljoen skiet ons literêre landskap oop. *Vrye Weekblad*, 19 & 25 April:23.
- Swanepoel, Eduan. 1996. Bespreking: *Die heidendogters jubel*. *Karring Tien/Somer*: 50.
- Swanepoel, Eduan. 1998. Profiel: Jeanne Goosen (1940-). In Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 456-463.
- Terreblanche, Christelle. 1992-1993. 'n Vryheidsvegter? Griet! *Vrye Weekblad*, Desember-Januarie:8.
- Tynjanov, Joeri. 1980. 'Het literaire feit'. In: Bronzwaer, W.J.M; Fokkema, D.W. & Kunne-Ibsch, E. (reds.). *Tekstboek Algemene Literatuurwetenschap*. Baarn: Amboboeken. 260-265.
- Tynjanov, Joeri. 1982. 'Over literaire evolucie'. In: *Russies formalisme. Teksten van Sjklovski, Jakobson, Eichenbaum en Tynjanov*. Marxisme en kultuur. Lektuur 3, onder redaksie van Sjef Bogman, Yves van Kempen, Anthony Mertens en Jacques Vogelaar. *Sunschrift 182*, Nijmegen (Socialistiese Uitgeverij Nijmegen): 87-104.
- Tynjanov, Joeri. 2001a. 'Het literaire feit'. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). 2001. *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. Vert. Karina de Kort.
- Tynjanov, Joeri. 2001b. 'Over literaire evolucie'. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). 2001. *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 87-102. Vert. Wilfred Oranje.
- Van Beek, Peter. 1996. Eindelijk kunnen we in onze boeken vrijen. *HN Kairos*, 6 Januarie:26, 27.
- Van Beek, Pieta. 2002. De Nederlandse bron van 'n Stringetjie blou krale. *Zuid-Afrika*, Januarie/Februarie:10, 11.
- Van Biljon, Madelein. 1996. Die vrou se lewe in 'n spieël gesien. *Die Burger*, Julie: 11.
- Van Biljon, Madelein. 1996. Waar was Matthee? *De Kat*, Februarie: 86.
- Van Coller, H.P. 1983. Enkele opmerkings rondom die begrip 'literêr'. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 23(2):103-112.
- Van Coller, H.P. 1984. Teoretiese benaderings van belang vir Afrikaanse navorsing. *SA Letterkundenaanvorsing*, SENSAL-publikasies nr. 11:121-131.

- Van Coller, H.P. 1992a. Grensliteratuur. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 153-156.
- Van Coller, H. P. 1992b. Siklus in die prosa. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 482-485.
- Van Coller, H.P. 1992c. Beproof gerus Griet se resep! *Volksblad*, 27April:6.
- Van Coller, H.P. 1993. Die politieke magspel rondom taal en letterkunde in die nuwe Suid-Afrika. ATKV-Gedenklesing. Universiteit van die Vrystaat. 2 November 1993.
- Van Coller, H.P. 1995a. Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika. *Stilet*, 7(2):22-31.
- Van Coller, H.P. 1995b. Tussen nostalgie en parodie: die Afrikaanse prosa in die jare negentig (Deel I). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. September:197-208.
- Van Coller, H.P. 1995c. Tussen nostalgie en parodie: die Afrikaanse prosa in die jare negentig (Deel II). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Desember:271-279.
- Van Coller, H.P. 1996. Susters kry plek tussen knap romans. *Volksblad*, 1 April:6.
- Van Coller, H.P. 1997. Die waarheidskommissie in die Afrikaanse letterkunde: die Afrikaanse prosa in die jare negentig. *Stilet*, 9(2):9-21.
- Van Coller, H.P. 1998a. Die verslag van 'n postkolonialistiese reisiger: *Die reise van Isobelle* deur Elsa Joubert. *Literator*, 19(3). November:53-68.
- Van Coller, H.P. (red.). 1998b. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. 1998c. Woord vooraf. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. vii-x.
- Van Coller, H.P. (red.). 1999a. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. 1999b. Woord vooraf. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. ix-xi.
- Van Coller, H.P. 1999c. *Die dieper dors* viristies bekyk. In: Van der Berg, D.Z.J. (red.). *Oorbrugging: 'n Huldigingsbundel vir Wilfred Jonckheere*. Howick: Brevitas Uitgewers.
- Van Coller, H.P. 2001a. N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder (Deel 1). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 41/1:63-71.
- Van Coller, H.P. 2001b. N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder (Deel 2). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 41/1: 133-147.
- Van Coller, H.P. 2001c. Some margin notes to the writing of an Afrikaans literary history. *Stilet*, 13(2):1-13, June.
- Van Coller, H.P. 2002a. Die saamstel van bloemlesings as kanoniserende handeling: Deel 1. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(1):66-77.
- Van Coller, H.P. 2002b. Die saamstel van bloemlesings as kanoniserende handeling: Deel 2. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(2):117-127.
- Van Coller, H.P. 2003. Kanonisering en standaardisering. *LWS*, 212:1-7.
- Van Coller, H.P. 2004. Is Leroux 'n vergete skrywer? *Stilet*, 15(1). Maart:1-31.
- Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 3*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. 2006b. Inleiding. In: Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 3*. Pretoria: J.L. van Schaik. ix-x.

- Van Coller, H.P. 2006c. Profiel: Marita van der Vyver (1958-). In: Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* 3. Pretoria: J.L. van Schaik. 481-506
- Van Coller, H.P. 2006d. Aangehaal in: Aandrang op Afrikaans 'nie 'n raskwessie'. *Die Bult*, Maart:17.
- Van Coller, H.P. 2006e. N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder. In: Burger, Willem (red.). *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: LAPA. 243-265.
- Van Coller, H.P. 2008a. The peregrination of Afrikaans prose fiction from farm to city. *AUMLA*, no. 109. May:27-46.
- Van Coller, H.P. 2008b. Recently published South African literary histories. *English in Africa; book history*, 35(1):151-175.
- Van Coller, H.P., Odendaal, Bernard. 2005s. S.J. Pretorius: 'n miskende digterskap? *Stilet*, 17(1). Maart:1-21.
- Van Coller, H.P., Odendaal, Bernard. 2005b. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme Deel 1: Oorweging vir 'n beskrywende model. *Stilet*, 17(3). September:1-17.
- Van Coller, H.P. & Odendaal, Bernard. 2005c. Die verhouding tussen die Afrikaanse en Nederlandse literêre sisteme. Deel 2: 'n Chronologiese oorsig. *Stilet*, 17(3). September:18-46.
- Van Coller, H.P., Steyn, J.C. 2001. The status of Afrikaans gains and losses. *Stilet*, 13(2):158-174.
- Van den Akker, Wiljan; Dorleijn, Gillis. 1999. Consensus & conflict. Over de literatuurgeschiedschrijving van Nederland en Vlaanderen. *Nederlandse letterkunde*, 4(2):191-210.
- Van den Heever, C.M. 1937. 'n Waardevolle aanwinst vir ons prosa-literatuur. (Artikel deur NALN verskaf).
- Van den Heever, Randall (red.). 1988. *Afrikaans en bevryding*. Kasselsvlei: KPO.
- Van der Berg, D.Z.J. 1993. *Elsa Joubert: 'n kommunikatiewe benadering*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pietermaritzburg: Universiteit van Natal.
- Van der Berg, D.Z.J. (red.). 1999. *Oorbrugging: 'n Huldigingsbundel vir Wilfred Jonckheere*. Howick: Brevitas Uitgewers.
- Van der Elst, J. 1992. Realisme. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 417-419.
- Van der Elst, J. 2005. SA Akademie lank nie meer so stoer. Briewe in *Rapport*, 29 Mei:12.
- Van der Merwe, Chris. 1992. Veel meer as seks in *Griet*. *Die Kerkbode*, 12 Junie:10.
- Van der Merwe, Anneri. 1992. Dalene Matthee – haar eie mens. *De Kat*, November:102-104.
- Van der Merwe, C.N. 1988. Anna M. Louw. In: *Sirkel en Sfeer*. Opstelle oor literatuur en werklikheid. 107-121
- Van der Merwe, C.N. 1994. *Breaking Barriers. Stereotypes and the changing of values in Afrikaans writing. 1875 – 1990*. Amsterdam, Atlanta, GA: Radopi.
- Van der Merwe, Chris. 1994. *Karolina Ferreira*. Afrikaans stereo: Vrouefokus Boekerubriek: 31 Augustus.
- Van der Merwe, Chris. 2001. 'n Verskeurde mens se soeke na heling en gemoedsrus. <http://www.mweb.co.za/litnet/seminar/bloukraledido.asp>. Februarie.

- Van der Merwe, C.N. & Minnie, Lewis. 2001. Elise Muller: Die verrassende in die skynbaar doodgewone. *Literator*, 22(1) April:221-229.
- Van der Merwe, Chris N. & Viljoen, Hein. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik
- Van der Merwe, Jeanne. 2000. Colonial tale is lush, but no easy read. *Cape Argus*, 26 Junie:10.
- Van der Spuy, Alicia, Van Vuuren, Helize. 2007. Elsa Joubert as postkoloniale skrywer: 'n herwaardering. *Stilet*, 19(1). Maart:115-132.
- Van der Vyver, Marita. 1992. *Griet skryf 'n sprokie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Walt, P.D. 1974. 'Splinterspel' kundig en treffend. *Transvaler*, 20 Mei:4.
- Van der Walt, P.D. 1975. Nuwe roman weg van realisme. *Transvaler*, 15 November:10.
- Van Eeden, Johanna. 2004. Totale transformasie. Sedebewakers van ouds word 'n federasie vir almal. *Rapport*, 1 Augustus:8
- Van Gorp, H. 1985. De utopie van een omvattende literatuurgeschiedschrijving, of hoe het zou moeten kunnen en toch net echt kan ... *Spieghel der letteren* 27(4):245-262.
- Van Gorp, H. (red.). 1986. *Lexicon van literaire termen*. Leuven: Wolters.
- Van Gorp, H. (red.). 1991. *Lexicon van literaire termen*. Leuven: Wolters.
- Van Heusden, B. 2001. *Literaire cultuur. Handboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN.
- Van Heusden, Barend, Duyvendak, Lizet (reds). 2001. *Literaire cultuur. Casusboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN.
- Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). 2001. *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN.
- Van Jaarsveld, F.A. 1982. *Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle 1886-1976*. Johannesburg: Perskor.
- Van Jaarsveld, F.A. 1982. Sosiaal-ekonomiese strukture en kultuurhistoriese perspektiewe. In: Van Jaarsveld, F.A. *Die Afrikaners se groot trek na die stede en ander opstelle 1886-1976*. Johannesburg: Perskor. 135-225.
- Van Luxemburg, Jan; Bal, Mieke; Wetsteijn, Willem G. 1983. *Inleiding in die Literatuurwetenskap*. Derde hersiene uitgawe. Muiderberg: Continho.
- Van Manen, Mariëtte. 1995. Met tekkies én met respek op die spoor van Eva. *Beeld*, 31 Desember:2.
- Van Manen, Mariëtte. 2000. Deeglike navorsing skep belewenis van 'n tydperk. *Die Burger*, 24 Mei:9.
- Van Niekerk, A. 1990. Raising the blinds. *A century of South African women's stories*. Parklands: Ad Donker.
- Van Niekerk, A. 1993. Feminist aesthetics: aspects of race, class and gender in the constitution of South African short fiction by women. *Journal of Literary Studies*, 9(1). April:69-79.
- Van Niekerk, A. 1994. Vroueskrywers as miskende groepering. *Die Suid-Afrikaan*, 47. Februarie/Maart. Bylaag:2.
- Van Niekerk, Annemarie. 1994. *Vrouevertellers 1843-1993*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van Niekerk, Annemarie. 1997. Voorstelle by die herwaardering van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis. *Stilet*, 9: 2 September:32-39.

- Van Niekerk, Annemarie. 1999. Die Afrikaanse vroueskrywer – van egotekste tot postmodernisme (18de eeu-1996). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. 305-443.
- Van Niekerk, Annemarie. 2002. Van pyn en heling. *Insig*, Oktober:75.
- Van Peer, Willie. 1996. Canon Formation: Ideology or Aesthetic Quality? *The British Journal of Aesthetics*, 36(2). April.
- Van Rees, K. 1983. How a literary work becomes a masterpiece: on the threefold selection practised by literary criticism. *Poetics*. November:397-417.
- Van Rees, K. 1985. Consensusvorming in de literatuurkritiek. In: Anker, R. ... [et al]. *De regels van de smaak*. Amsterdam: Nijsen.
- Van Rees, C.J. 2005. How reviewers reach consensus on the value of literary works. *Poetics*, 16: 275-294.
- Van Rees, C.J. & Dorleijn, G.J. 1993. *De impact van literatuuropvattingen in het literaire veld. Aandachtsgebied literatuuropvattingen van die Stichting Literatuurwetenskap*. 's-Gravenhage: Stichting Literatuurwetenskap.
- Van Rees, Kees & Dorleijn, Gillis. 1994. Literatuuropvattingen in het literaire veld; over de integratie van twee benaderingen. *Spektator, tijdschrift voor Neerlandistiek*, 23(2):91-114.
- Van Rensburg, F.I.J. 1992. Interpretasie. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 184-186.
- Van Rensburg, F.I.J. 1996. Miskende boek wat hom nie laat misken nie. *Volksblad*, 17 Julie:4.
- Van Rensburg, M.C.J. 1981. *Aspekte van Afrikaans. Deel 1*. AFN 115. Departement van Afrikaans en Nederlands: UOVS Bloemfontein.
- Van Rooyen, Nenette. 1996. *Verbeelde werklikheid: Eleanor Baker. Afrikaans Stereo* Skrywers & Boeke: 27 Junie.
- Van Vuuren, Helize. 1992a. Invloed (Literêr). In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 189-190.
- Van Vuuren, Helize. 1992b. Komparatisme: sy terrein. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 228-229.
- Van Vuuren, Helize. 1996. Aanbeveel. *De Kat*, Desember:99.
- Van Vuuren, Helize. 1997. *Southern African Literatures* – Michael Chapman: Panel Discussion. 21 February. Unisa.
- Van Vuuren, Helize. 1998. Profiel: Marlene van Niekerk (1954 -). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik. 709-721.
- Van Vuuren, Helize. 1999. Profiel: D.J. Opperman. (1914-1985). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. 447-471.
- Van Wyk, J. 1991. Die tematiek van die werker binne die Afrikaanse werkers- en nasionalistiese literatuur. *Stilet* 3(2):51-62.
- Van Wyk, Johan. 1992. Vry vir die Springbokspan. *Volksblad*, 5 Mei:8.
- Van Zyl, Albert. 2005. Sidderend eerlik. *Rapport*, 23 Oktober:4.
- Van Zyl, Anna. 1973. Voortreflike roman oor jeugprobleem. *Volksblad*, 26 Junie.
- Van Zyl, Anna. 1974. Roman boeiende verhaal. *Volksblad*, 21 Mei:26.
- Van Zyl, Anna. 1975. Ontdekkingsreis in menslike gees. *Volksblad*, 19 November:3.

- Van Zyl, Anna. 1980. Teheran in sy toe en tans prikkelende beeld. *Volksblad*, 25 Junie:2.
- Van Zyl, Anna. 1981. 'n Ideale boek vir take. *Volksblad*, 25 Junie: 6.
- Van Zyl, Anna. 1984. Tradisionele tema in sprokie prikkelend verdiep. *Volksblad*, 27 Oktober: 6.
- Van Zyl, Anna. 1985. 'n Akkurate dossier met diepe insig. *Volksblad*, 24 Augustus:10.
- Van Zyl, Anna. 1989. Dié werk pak jou beet en voer jou mee. *Volksblad*, 11 Februarie:15.
- Van Zyl, Dorothea. 1982. Oud word nooit nuut nie. Mense en afwykings van normale. *Die Burger*, 25 Februarie:6.
- Van Zyl, Dorothea. 1993. Storie en pitkos gelyk. *Die Burger*, 21 Desember:10.
- Van Zyl, Dorothea. 1996. Susters van Eva – 'n psigologiese speurroman. *Karring Twaalf/Herfs*:42.
- Van Zyl, Dorothea. 1996. *Die retorika en die Afrikaanse historiese roman*. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-proefskrif: UNISA .
- Van Zyl, Dorothea. 2001. Dié briefroman spin 'n leesbare webstorie. *Rapport*, 8 Julie:17.
- Van Zyl, Dorothea. 2002. Greeff al hoe prominenter. *Die Burger*, 7 Oktober:11.
- Van Zyl, Dorothea. 2003a. Eleanor Baker se laaste roman. *Literator*, 24(2):152-154.
- Van Zyl, Dorothea. 2003b. Gespanne oppervlak. E.K.M. Dido beur steeds teen grense. *Die Burger*, 27 Oktober:9.
- Van Zyl, Dorothea. 2006. Profiel: Eleanor Baker (1944-2002). In: Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 3*. Pretoria: J.L. van Schaik. 733-745.
- Van Zyl, Dorothea. 2006. Profiel: Reza de Wet (1953-). In: Van Coller, H.P. (red.). 2006. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 3*. Pretoria: J.L. van Schaik. 264-288
- Van Zyl, Ia. 1978. *Monica*: Vol waarde vir romanliteratuur. *Die Suidwester*, 10 Julie:2.
- Van Zyl, Ia. 1982. Baker stel teleur. *Die Suidwester*, 15 Februarie:2.
- Van Zyl, Ia. 1985. Ander boeke: *Weerkaatsings*. *Die Suidwester*, 22 Februarie:14.
- Van Zyl, Ia. 1986. Nuwe boek. *Die Suidwester*, 24 Januarie:10.
- Van Zyl, Ia. 1992. Vars op die boekrak: *Griet skryf 'n sprokie*. *Die Republiein*, 25 September:5.
- Van Zyl, Ia. 1996. Boekbespreking: *Susters van Eva*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 34(4) November:104-106.
- Van Zyl, S.E. 1976. Tema van dié boek ietwat oud-modies. *Die Suidwester*, 26 Januarie:2.
- Van Zyl, Wium. 1999. Knap oorlogsroman vir die breë leserspubliek. *Rapport*, 28 Februarie:18
- Van Zyl, Wium. 1999. Venster op die sekelmaan. *Die Burger, Woonburger*, 4 September:11
- Venables, Michael. 1986. 'Klaaglied' puts the woman's point of view. *The Citizen*, 12 August:17.
- Venter, L.S. 1986. 'n Prestasie in die jonger prosa. *Volksblad*, 18 Januarie:10.

- Venter, L.S. 1992a. Outeur (Epiek). In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 359-361.
- Venter, L.S. 1992b. Strukturalisme. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 510-512.
- Venter, L.S. 1992c. Russiese Formaliste. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 458-460.
- Venter, L.S. 1995. Teks is nie verruimend. *Beeld*, 29 Mei:8.
- Venter, L.S. 2002. 'Hanna' 'n roman van wisselende gehalte. *Beeld*, 7 Oktober:11.
- Venter, Rudi. 2007. Inventing an alternative through oppositional publishing: Afrikaans alternative book publishing in apartheid South Africa – Publishing house Taurus (1975-1991) as a case study. *Innovation*, 35:92-116.
- Verboord, Marc. 2003. Classification of authors by literary prestige. *Poetics* 31:259-281.
- Verdaasdonk, H. & Rekvelt, K. 1981. De kunstsociologie van Pierre Bourdieu. *De Revisor*, 8(3).
- Verdaasdonk, H. 1985. Literatuursociologie. In: Segers, R.T. *Vormen van Literatuurwetenskap*. Groningen: Wolters-Noordhoff. 120-129
- Viljoen, Hein. 1986. Die Suid-Afrikaanse Romansistiem Anno 1981: 'n Vergelykende Studie. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Departement Sentrale Publikasie.
- Viljoen, Hein. 1992a. Evaluering (literêre). In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 110-116.
- Viljoen, Hein. 1992b. Kanons en Kanonvorming. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 196-199.
- Viljoen, Hein. 1992c. Literatuursosiologie. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 275-280.
- Viljoen, Hein. 1992d. Outonomie van die literêre werk. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 363-367.
- Viljoen, Hein. 1992e. Sistiem (Literêre). In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 495-497.
- Viljoen, Hein. 1992f. Verandering. In: Cloete, T.T. (red.): *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 547-549.
- Viljoen, Lettie. 1984. *Klaaglied vir Koos*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, Lettie. 1986. *Erf*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, Lettie. 1993. *Karolina Ferreira*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, Lettie. 1990. *Belemmering*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Viljoen, Lettie. 1994. 'Ek is heelyd op soek na iets'. (Onderhoud met Theunis Engelbrecht). *Die Burger*, 5 Mei.
- Viljoen, Louise. 1995. Nuwe bydrae tot die oorlogliteratuur. *New Contrast*, 23(3). September:86-90.
- Viljoen, Louise. 1995. Disruptie en appropriasie in Lettie Viljoen se *Karolina Ferreira*. *Stilet*, September, 7(2):32-45.
- Viljoen, Louise. 1996. Postkolonialisme en die Afrikaanse letterkunde: 'n Verkenning van enkele gemarginaliseerde diskoerse. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 3(2):158-175.
- Viljoen, Louise. 1996. Baker trek 'n deur toe. *Insig*, Augustus:38.

- Viljoen, Louise. 1999. Knap oorlogroman vir die breë leserspubliek. *Rapport*, 28 Februarie.
- Viljoen, Louise. 1999. Profiel: Riana Scheepers (1957-). In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. 598-606.
- Viljoen, Louise. 2001. Digterlike verhale geaard in die lyf. *Die Burger*, 10 September:9.
- Viljoen, Louise. 2003. Dido-romans kan nuwe Afrikaanse leser wen. *Rapport*, 9 November:24.
- Viljoen, Louise. 2004. *Die 100 jaar van M.E.R.* Eerlike biografie is dié vrou gewis waardig. *Rapport Perspektief*, 13 Junie:17.
- Visagie, Andries Gerhardus.1995. *Visies op die geskiedenis in die postmodernistiese literatuur, met verwysing na Etienne van Heerden se Casspirs en campari's en Louis Ferron se Turkenvespers*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Von Hallberg, R.1984. *Canons*. Chicago: University of Chicago Press.
- Vosloo, Johan. 2004. 'Niggie' was harde werk, sê wen-skrywer. *Rapport*, 28 Maart:11.
- Walker, C. (red.). 1990. *Woman and gender in Southern Africa to 1945*. Kaapstad: David Philip.
- Wasserman, H. 1997. Vroulike belewenis vorm kern. *Die Burger*, 19 Februarie:10.
- Wasserman, Herman. 1998. Vaardige roman nie krities genoeg. *Die Burger*, 2 Desember: 14.
- Wasserman, Herman. 2001. Identiteit steeds in spanningsveld. *Die Burger*, 17 Januarie:6.
- Webb, V.N. (red.). 1991. *Afrikaans na Apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Weideman, G. 1982. Die teks as korrektief. Enkele gedagtes oor 'betrokkenheid' en 'universaliteit' in die literatuur en die literatuurstudie. *Logos*, 2(1):1-8.
- Weideman, George. 1995. Bespreking van *Karolina Ferreira*. Verskaf deur NALN: 26 Januarie.
- Wellek, R. 1963. *Concepts of Criticism*. New Haven & London: Yale University Press.
- Wellek, R.1963. The crisis of comparative literature. In: Wellek, R. *Concepts of Criticism*. New Haven: Yale University Press.
- Wellek, R. & Warren, A. 1963. *Theory of Literature*. London: Harcourt, Brace & World.
- Wellek, R. & Warren, A. 1980. *Theory of Literature*. Harmondsworth: Penguin.
- Wellek, R. & Warren, A. 1980. Literature and Society. In: Wellek & Warren. *Theory of Literature*. Harmondsworth: Penguin.
- Wiehahn, Rialette. 1965. *Die Afrikaanse poësiekritiek; 'n historiese poësiekritiek; 'n historiese teoretiese beskouing*. Kaapstad: Academica.
- Wiehahn, Rialette. 1985. Gyseling het heelwat literêre meriete. *Transvaler*, 12 September:3.
- Williamse, H. 1990. Die Afrikaanse letterkunde: Klas en apartheid. In: Malan, Charles & Jooste, G.A. (reds.). *Onder andere*. Die Afrikaanse letterkunde en kulturele konteks. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. ALV-Publikasiereeks 4:59-72 .
- Willemse, Hein. 1996. Merkwaardig, met leemtes. *Insig*, Desember:30.

- Willemse, Hein. 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse Literatuurgeskiedenis 2*. Pretoria: J.L. van Schaik. 3-20.
- Williams, Patrick & Chrisman, Laura (eds.). 1993. *Colonial Discourse and Post-Colonial Theory. A Reader*. New York: Harvester Wheatsheaf.
- Williams, R. 1977. *Marxism and Literature*. Oxford: Oxford University Press.
- Winterbach, Ingrid. 2002. *Niggie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Woolf, Virginia. 1925. "Olive Schreiner": Review of the Letters of Olive Schreiner. *The New Republic*, London, Vol. 42 (18 March 1925). In: Berkman, Joyce Avrech. 1989. *The healing imagination of Olive Schreiner. Beyond South African Colonialism*. Oxford: Plantin Publishers. 93-94.
- Woolf, Virginia. 1929. 'Shakespeare's Sister'. In: *A Room of One's Own*. London: Hogarth Press.
- Woolf, Virginia. 1958. *Een kamer voor jezelf*. Amsterdam: Van Oorschot:52-71.
- Woolf, Virginia. 2001. Shakespeares zuster. In: Van Heusden, B., Steffelaar, W., Zeeman, P. (reds). *Literaire cultuur. Tekstboek*. Nijmegen: Open Universiteit Nederland, Heerlen & Uitgeverij SUN. 245-257. Vert. C.E. van der Waals-Nachenius.
- Wybenga, Gretel. 1992. Soeke na sinvolle bestaan. *Volksblad*. 13 Januarie:8.
- Wybenga, Gretel. 1993. Dié roman 'beur met 'n vaart altyd vooruit'. *Beeld*, 12 Julie:6.
- Wybenga, Gretel. 1995. Bespreking van *Karolina Ferreira*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 33(1):102-106.
- Wybenga, Gretel. 1995. Bespreking van *Die nes*. *Tydskrif vir Letterkunde*, Mei:108-109.
- Wybenga, Gretel. 1998. Manlike ego het hier traumatiese gevolge. *Rapport*, 11 Januarie:14.
- Wybenga, Gretel. 2001. Derde uit Dido se pen toon 'n verbetering. *Rapport*, 14 Januarie:17.
- Wybenga, Gretel. 2002. Dié papiermense is ons familie, bure. *Beeld*, 9 Desember:13.
- Wybenga, Gretel. 2003a. 'n Andersoortige 'polisieroman'. *Beeld*, 27 Oktober:13.
- Wybenga, Gretel. 2003b. Speelse en spulse storie oor vroue. *Beeld*, 7 Julie:7.
- Wyngaard, Heinrich. 2005. Media kort meer swart Afrikaanses. *Rapport*, 23 Oktober:11.
- Young, R. (ed.). 1981. *Untying the Text: A Post-structuralist Reader*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Young, Robert J.C. 1995. *Colonial Desire. Hybridity in Theory, Culture and Race*. London & New York: The Athlone Press.
- Zelig, H. 1987. Feministiese perspektiewe. *Die Vaderland*, 27 April:15.
- Zima, P.V. 1981. *Literatuur en maatschappij: Inleiding in de literatuur- en tekstsociologie*. Assen: Van Gorcum.
- Zima, Peter. 1997. *Moderne/Postmoderne Gesellschaft, Philosophie, Literatur*. Tübingen: Francke.
- Zima, Peter V. 1999. *The Philosophy of Modern Literary Theory*. London and New Brunswick NJ: The Athlone Press.

OPSOMMING

Marginalisering het in die verlede 'n stremmende effek op die Afrikaanse literatuursisteem gehad. In hierdie studie word daar van die hipotese uitgegaan dat uitsluiting van die literêre kanon as gevolg van sosiale groepsvorming, ernstige gevolge vir die voortbestaan van die Afrikaanse prosateks kan hê. Die uitskakeling van die foute van die verlede sal in die toekoms tot die voortbestaan van die Afrikaanse prosateks bydra.

In die studie word daar gefokus op die verhouding tussen literatuur en die samelewing. 'n Resepsie-ondersoek na sosiopolitieke verandering soos weerspieël in literatuur as skepping van die mens, maar ook in resepsieprodukte, was 'n noodsaaklike deel van die proses. Op grond van sisteemteoretiese insigte van sosiale groepsvorming en die vierkant van intersistemiese interaksie, word 'n sosiaal-funksionele werkwyse gevolg deur die Afrikaanse literatuursisteem binne die Suid-Afrikaanse samelewing met sy veranderende sosiopolitieke aard te plaas.

Voorts word deur 'n konseptuele analise bepaalde aspekte rakende in- en uitsluiting van die Afrikaanse literêre kanon bespreek. Daar word aangedui dat ideologieë en literatuuropvattinge sentraal binne die kanoniseringsproses staan. Die ideologiese stereotipering van die vroulike én manlike geslag as sosiale groeperinge wat as deelsisteme binne die Afrikaanse literatuursisteem funksioneer, word deur 'n historiese lees ondersoek. Die impak van sosiokulturele en sosiopolitieke prosesse soos kolonialisme, dekolonisasie, patriotisme, nasionalisme, demokratisering en postkolonialisme as gemeenskaplike sosiale werklikhede van beide geslagte op die literatuursisteem, word ondersoek. 'n Kontroleteks word gebruik om aan te dui hoe poëtikale opvattinge met verloop van tyd deur lesers en kritici gewysig word.

As gevallestudie word deur 'n kontekstuele analise getoon hoe Eleanor Baker, 'n miskende vroueskrywer, die produk van "transhistoriese evaluasie" word. 'n Herwaardering van sodanige posisie word as 'n moontlikheid gestel, omdat sosiale verhoudinge tussen die skrywer as produsent, die geskrewe teks, die uitgewer en verspreider, en die leser as ontvanger, resipiënt of verbruiker vandag algemeen voorkom.

Die toeganklikheid en waarde van literatuur vir almal betrokke by die literêre kommunikatiewe proses word as van kardinale belang beskou. Vrae wat ten slotte beantwoord moet word, is of Afrikaanse literatuur bloot 'n produk van die sosiologiese bestel is waarvan dit 'n deelsisteem is, én hoe dit as sosiopolitieke aktiwiteit en sosiokulturele produk in stand gehou kan word.

ABSTRACT

In the past marginalising had a hindering effect on the Afrikaans literary system. The hypothesis in this study is that exclusion from the literary canon owing to social group formation may have serious results for the survival of the Afrikaans prose text. The elimination of errors of judgment of the past will contribute to ensuring the future of Afrikaans prose texts.

The focus in this study is on the relationship between literature and society. A reception study with regard to socio-political change as reflected in literature as human creation, but also in reception products, was an essential part of the process. On the basis of insights gained from a systems theory with regard to social group formation and the square mechanism of inter-systemic discourse, a socially functional method was followed by placing the Afrikaans literary system within South African society with its changing socio-political scene.

By means of a conceptual analysis certain aspects with regard to inclusion and exclusion from the Afrikaans literary canon are discussed. It is indicated that ideologies and literary views are central to the canonising process. The ideological stereotyping of the female and male sexes as social groupings that are part systems functioning within the Afrikaans literary system, is investigated by means of a historical reading. The impact of socio-cultural and socio-political processes, such as colonialism, decolonisation, patriotism, nationalism, democratisation and post-colonialism as common social realities of both sexes on the literary system, are investigated. A control text is used to indicate how poetical notions are altered by readers and critics in the course of time.

An Afrikaans woman writer, Eleanor Baker, who is regarded as having received less than the recognition due to her, is used as a case study to show how a female writer became the product of "transhistorical evaluation". A possible re-evaluation of this position is proposed, as social relationships between the writer as producer, the written text, the publisher and distributor, and the reader as recipient or consumer commonly occur in the present day.

The accessibility and value of literature to all parties involved in the literary communicative process are considered to be of cardinal importance. In conclusion the questions that remain to be answered are whether Afrikaans literature is merely a product of the sociological dispensation of which it is a part system, and how it can be maintained as socio-political activity and socio-cultural product.

- relationship between literature and society
- reception study
- functional method
- social systems theory
- social group formation
- square mechanism of inter-systemic discourse
- canonizing
- literary prestige
- marginalizing
- ideological stereotyping